UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

DIE GESKIEDENIS VAN DIE BERLYNSE SENDINGGENOOTSKAP IN TRANSVAAL, 1860–1900

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis

Onder redaksie van die Direkteur van Argiewe en die Argiefkommissie

Ses-en-Veertigste Jaargang – Deel I

Lede van die Argiefkommissie:

Prof. dr. J. S. du Plessis (Voorsitter), prof. dr. J. A. Benyon, prof. dr. A. M. Davey, dr. J. H. Esterhuyse, prof. dr. N. G. Garson, J. F. Koekemoer, prof. dr. C. F. J. Muller, W. H. L. Oosthuizen, J. F. Preller (Direkteur van Argiewe), dr. F. J. Snijman, prof. dr. E. L. P. Stals, dr. P. S. van der Merwe, prof. dr. M. C. E. van Schoor, prof. dr. D. J. van Zyl, D. J. J. Smith (Sekretaris)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die geskiedenis van die Berlynse Sending-genootskap in Transvaal, 1860–1900

D. W. van der Merwe

Die Staatsdrukker, Pretoria 1984

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In sy oorspronklike vorm goedgekeur as skripsie vir die
graad Magister Artium aan die Universiteit van Pretoria,
April 1975
Promotor: W. A. Stals

Die inhoud, taal en styl van die verhandeling
wat in hierdie publikasie opgeneem is, is die
verantwoordelikheid van die skrywer.

Die Argiefkommissie beskou prof. P. J. van der Merwe se *Die Bronnelys en Voetnote* as
'n voorbeeld van 'n logiese stelsel wat nagevolg kan word, maar aanvaar ook enige
ander erkende stelsel wat duidelik, konsekwent en beknop is.

Gedruk deur Printpak (Kaap) Bpk., Dacreslaan, Epping, Kaap,
vir die Staatsdrukker, Pretoria, en verkrygbaar
by die Publikasie-afdeling, Staatsdrukkery,
Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

INHOUD

Bladsy

VOORWOORD ix

HOOFSTUK 1
OORSIG OOR DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE BERLYNSE SENDINGGENOOTSKAP 1
1. Die Stigting van die Berlynse Sendinggenootskap 1
2. Die Berlynse Sendinggenootskap onder Wallmann en Wangemann . . 3

HOOFSTUK 2
DIE SENDINGBELEID VAN DIE ZUID-AFRIKAANSCHE REPUBLIEK 9

HOOFSTUK 3
DIE BESTUUR, ORGANISASIE EN BELEID VAN DIE BERLYNSE SENDINGGENOOTSKAP IN TRANSVAAL 16
1. Die Tydperk van Direkte Beheer, 1860–7 16
2. Die Tydperk van Indirekte Beheer 17
3. Die Superintendent 18
4. Die Sinode 20
5. Die Gesamentlike Sinodes van 1885 en 1895 22

HOOFSTUK 4
DIE VESTIGING VAN DIE SENDINGWERK IN TRANSVAAL TYDENS DIREKTE BEHEER, 1860–7 25
1. Waarom Transvaal as Sendingveld?. 25
2. Die Mislukte Swazi-sending 26
3. Die lotgevalle van Gerlachshoop – Eerste Sendingstasie van die B.S.G. in die Zuid-Afrikaansche Republiek 28
4. Tydelike Sukses van die Sendingwerk onder die Bapedi 32
5. Einde van die Sendingwerk onder die Bapedi 34
6. Bothšabêlo – Die "Toevlugsoord" 40
7. Die verdere Uitbreiding van die Sendingwerk van die B.S.G. in Transvaal tydens Direkte Beheer 41
8. Die Arbeidsveld van die B.S.G. word vasgepen; Stigting van die Sendingstasies Tshuaneng en Modimulle 45

HOOFSTUK 5
DIE SUPERINTENDENTSKAP VAN A. MERENSKY, 1867–81 . . 48
1. Algemene Vestigingsprobleme van die B.S.G. in Transvaal . . . 48
(*a*) Materiële Probleme 49
(*b*) Geestelike Probleme 50
2. Uitbreiding van die Sendingwerk gedurende die Superintendentskap van Merensky. 52
(*a*) Stigting van die Stasies Potchefstroom en Heidelberg . . . 52
(*b*) Vestiging van die Sendingwerk onder die Ba Venda: Oprigting van die Stasies Ha Schewasse, Tšhakoma en Georgenholtz 54
(*c*) Die Hervestiging van die Berlynse Sendinggenootskap in Sekhukhuneland: Die Sendingstasies Patametšane, Arkona en Thaba Mossegu . 57
3. Bothšabêlo word die Middelpunt van die B.S.G. in Transvaal . . . 59

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4. Oorsig oor die Ontwikkeling en Uitbreiding van die Sendingstasies gedurende Merensky se Superintendentskap van die Sinodale Streek Transvaal, 1867–78 61
(*a*) Pretoria en Distrik 61
(*b*) Die Sendingstasies van Waterberg: Modimulle, Makapaanspoort, Thutloane en Xa Matlala 65
(*c*) Malakong, Blauberg, Makabêng en Lydenburg 67
5. Merensky verlaat Bothšabêlo en Transvaal 69

HOOFSTUK 6
DIE SINODE SUID-TRANSVAAL, 1878–1900 72
1. Superintendentskap van C. T. Nauhaus 72
2. Uitbreiding van die Sendingwerk onder Nauhaus 72
3. Die Bapedi-Afskeiding, 1890–2 73
(*a*) Toestande wat die Afskeiding bevorder het 74
(*b*) Die Afskeiding en sy Gevolge 80
4. Oorsig oor die Ontwikkeling en Uitbreiding van die Sendingstasies in Suid-Transvaal, 1878–1900 83
(*a*) Bothšabêlo en Lydenburg 83
(*b*) Die Sendingwerk in Sekhukhuneland 88
(i) Thaba Mossegu 88
(ii) Patametšane 88
(iii) Kchalatlolu 89
(iv) Arkona 90
(v) Lobethal (Marišhane) 91
(*c*) Heidelberg 92
(*d*) Woyenthin 94
(*e*) Die Sendingstasies Potchefstroom en Johannesburg 95
(*f*) Die Sendingwerk in Pretoria en Omgewing 98
(i) Sendingstasie Pretoria 98
(ii) Wallmannsthal 100
(iii) Die Stasie Neu-Halle (Maripjane) 101

HOOFSTUK 7
DIE SINODE NOORD-TRANSVAAL, 1878–1900 105
1. Superintendentskap van C. Knothe 105
(*a*) Mp'hôme as Sinodale Hoofkwartier 105
(*b*) Uitbreiding van die Sendingwerk onder Knothe 106
(*c*) Die Einde van Knothe se Superintendentskap 109
2. Superintendentskap van O. Krause, 1891–1908 110
(*a*) Pietersburg word die Sinodale Hoofkwartier van Noord-Transvaal, 1896 110
(*b*) Uitbreiding van die Sendingwerk onder Krause 110
3. Oorsig oor die Ontwikkeling en Uitbreiding van die Sendingstasies in Noord-Transvaal, 1878–1900 111
(*a*) Modimulle, Makapaanspoort en Xa Matlala 111
(*b*) Thutloane, Malokong, Makabêng en Blauberg 115
(*c*) Moletše 120
(*d*) Tšhakoma, Ha Schewasse en Georgenholtz 123
(*e*) Mp'hôme (Kratzenstein) en Medingen 126

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 8
DIE VERHOUDING TUSSEN DIE B.S.G. EN DIE OWERHEID IN TRANSVAAL, 1860–1900 133
1. Die B.S.G. en die Z.A.R., 1860–1900 133
2. Die B.S.G., die Sekhukhune-oorlog, die anneksasie van Transvaal en die Engelse Tussenbewind, 1876–81 135
3. Die Kommissieverslag van 1882 139
4. Die B.S.G. en die Plakkerwette, 1887–96 142

HOOFSTUK 9
PROBLEME IN VERBAND MET DIE KERSTENING VAN DIE BANTOES 145

HOOFSTUK 10
DIE B.S.G. EN ANDER KERKE EN SENDINGGENOOTSKAPPE IN TRANSVAAL 151
1. Die Nederduitse Hervormde Kerk 152
2. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 152
3. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk se Sending 154
4. Die "La Suisse Romande"-Sending 156
5. Sending van die Anglikaanse en Wesleyaanse Kerke 157
6. Ander Kerke en Christelike Denominasies 159

SLOTBESKOUING 162

ENGLISH SUMMARY 165

BRONNE 167

REGISTER 172

KAART . . . . . Teenoor bladsy 72

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

VOORWOORD

Die ontdekking van 130 sketse van dr. H. T. Wangemann, toenmalige direkteur van die Berlynse Sendinggenootskap, in die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum in Pretoria het vir my as spoorslag gedien om die geskiedenis van dié Genootskap na te vors. Dit het egter spoedig geblyk dat 'n algemene geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Suid-Afrika te omvangryk sou wees om binne die bestek van 'n verhandeling weer te gee; gevolglik het ek besluit om slegs die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in die Transvaal vanaf 1860–1900 in hierdie verhandeling te behandel. 'n Besluit wat deur twee faktore beïnvloed is, naamlik eerstens die feit dat ek in Transvaal woonagtig is en daarom redelik maklik die Berlynse stasies in Transvaal sou kon besoek en tweedens omdat ek enige neerslag van die Berlynse Sendinggenootskap in die Staatsargiefbewaarplek in Pretoria sou kon terugvind.

Met die uitsondering van drie, het ek al die sendingstasies van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal besoek. Hoewel die meeste stasies reeds vervalle is, het ek nietemin op twee, naamlik Bothšabêlo en Edendale, waardevolle dokumente ontdek wat vrugbaar in hierdie verhandeling gebruik kon word. Die dokumente wat ek op Bothšabêlo ontdek het, verkeer in 'n swak fisiese toestand; nogtans kon ek waardevolle gegewens daaruit put. Die dokumente wat ek op Edendale aangetref het, verkeer in 'n beter toestand ofskoon die versameling veel kleiner is as dié op Bothšabêlo. Die Edendale-versameling is gedurende Maart 1975 na die Staatsargiefbewaarplek te Pretoria oorgeplaas. Die dokumentversameling op die sendingstasie Tšhakoma dateer uit die twintigste eeu en val dus buite die kader van hierdie verhandeling. Volgens biskop D. W. Giesekke het al die dokumente met betrekking tot die vroeë sendingwerk van die Berlynse Sendinggenootskap onder die Ba Venda uitgebrand. Die dokumentversameling van eerw. F. Reuter van Medingen, waaronder dele van sy dagboek, is na die dood van sy skoonseun, eerw. W. Krause, aan die Pietersburg-museum geskenk waar ek dit geraadpleeg het. Eerw. Otto Kahl van Neu-Halle se biblioteek, slegs sekondêre werke, word tans in die Arend Dipperink-museum op Potgietersrus bewaar. Die ander sendingstasies het geen dokumente opgelewer nie, met die uitsondering van Arkona en Kratzenstein waar ek enkele doopregisters aangetref het.

Hier te lande het ek ook daarin geslaag om enkele waardevolle dagboeke en dele van dagboeke van Berlynse sendelinge op te spoor. Sekerlik die belangrikste vonds in hierdie opsig is die dagboek van eerw. Albert Nachtigal in UNISA se biblioteek. Dié dagboek is onlangs deur die biblioteek aangekoop en die transkripsie is is deur dr. Heese onderneem. Origens het ek ook nuttige materiaal in die Staatsargiefbewaarplek in Pretoria teruggevind.

Hierbenewens het ek ook die argief van die Berlynse Sendinggenootskap in Oos-Berlyn, Oos-Duitsland, besoek. Hier het ek egter met ernstige struikelblokke te kampe gehad: afgesien van die geweldige finansiële uitgawes wat navorsing in Oos-Duitsland meebring, verbied die Oos-Duitse owerheid dit dat gedupliseerde argivalia uit die land geneem word. Deur bemiddeling van die hoof van hierdie argief, dr. Johannes Althausen, het ek nogtans daarin geslaag om waardevolle inligting in die vorm van uittreksels uit die persoonlike lêers van die sendelinge te bekom. Aangesien groot dele van die sendelinge se dagboeke en korrespondensie in die periodieke publikasie, *Berliner Missionsberichte*, gepubliseer is, het dit in ruim mate hierdie leemte oorbrug. Die onbenutte materiaal in Oos-Berlyn sou volgens dr. Althausen nie die balans van die ondersoek ongunstig beïnvloed nie. Die monumentale werk van dr. Julius Richter, toenmalige argivaris van die Berlynse Sendinggenootskap, *Geschichte der Berliner Missionsgesellschaft, 1824–1924*, het verdere leemtes oorbrug. Alles in ag genome voel ek oortuig dat hierdie verhandeling 'n duidelike beeld van die werksaamhede van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal bied.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tot dusver het weinig Suid-Afrikaanse historici aandag aan die Berlynse Sendinggenootskap geskenk. Dr. T. S. van Rooyen het die rol van Alexander Merensky in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek behandel. Die klem val in hierdie verhandeling hoofsaaklik op Merensky en laat sodoende die Berlynse Sendinggenootskap grootliks op die agtergrond. Nietemin is dit 'n bydrae in Afrikaans tot die geskiedskrywing van die Berlynse Sendinggenootskap. In sy verhandeling "Die Geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Pretoria en Omgewing" verleen J. S. Bergh meer aandag aan die Berlynse Sendinggenootskap. Ongelukkig behandel Bergh slegs die vier sendingstasies in Pretoriadistrik wat tot gevolg het dat sy behandeling daarvan soms te veel in isolasie met die res van die Genootskap se werksaamhede in Transvaal verval. 'n Mens mis 'n hoofstuk oor plaaslike bestuur en organisasie wat moontlik toegeskryf moet word aan die feit dat Bergh een van die belangrikste bronne oor die Berlynse Sendinggenootskap, naamlik H. T. Wangemann se gesaghebbende werk, *Motive und Erläuterungen zu der Missions-Ordnung der Berliner Gesellschaft zur Beförderung der evangelischen Missionen unter den Heiden*, nie geraadpleeg het nie. Indien Bergh die sendingstasies wat hy behandel het persoonlik besoek het, sou hy beslis die Edendale-argief ontdek het, daar Edendale een van sy belangrikste buiteposte is. In weerwil hiervan het Bergh nogtans 'n belangrike bydrae in Afrikaans tot die sendinggeskiedskrywing in Transvaal gelewer.

D. W. van der Merwe

"Darum gehet hin und lehret alle
Völker und taufet sie im Namen des
Vaters und des Sohnes und des heiligen
Geistes" – Matt. 28 : 19.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 1

OORSIG OOR DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE BERLYNSE SENDINGGENOOTSKAP

1. Die Stigting van die Berlynse Sendinggenootskap

Die stigting van 'n seminarie in Berlyn deur pastoor Johannes Jänicke in 1800 en waaruit die Gesellschaft zur Beförderung der evangelischen Missionen unter den Heiden op 29 Februarie 1824 ontstaan het, moet teen die agtergrond van 'n algemene godsdienstige herlewing in Europa gesien word. In Duitsland het hierdie herlewing reeds in die agtiende eeu sy ontstaan gehad in die Herrnhütter- en Halliese bewegings, met graaf N. L. von Zinzendorf as die sentrale figuur. Die doelstellings van hierdie bewegings was om daadwerklik uitvoering te gee aan die sendingopdrag van Christus in Matt. 28:19 en om sodoende die evangelie aan alle mense te gaan verkondig. Ten einde hierdie doelstelling te verwesenlik is daar oor die hele Europa sendinggenootskappe gestig. Gesien in die lig van die groot aantal genootskappe wat op hierdie wyse in die lewe geroep is, is die negentiende eeu op godsdienstige gebied al as "the great age of [Mission] societies" beskryf.[1]

Met sy seminarie het Jänicke beoog om hulp te verleen aan die sendinggenootskappe wat in Duitsland uit die Herrnhütter- en Halliese bewegings ontstaan het; hiervan was die Broedergemeente en die Oos-Indiese Sendinggenootskap die belangrikstes.[2] Ten einde hierdie seminarie van Jänicke finansieel te ondersteun, het August Neander[3] wat die sendingwerk, as gevolg van die Londense Sendinggenootskap se geskrifte,[4] baie goedgesind was in 1823 'n pamflet die lig laat sien waarin hy 'n oproep ter ondersteuning van sendingwerk gerig het. Die geld wat Neander gehoop het om op hierdie wyse in te samel sou gebruik word om finansiële steun te verleen aan die sendelinge wat deur Jänicke se seminarie opgelei was.[5] Neander se oproep het nie op dowe ore geval nie, en bydraes van oor die hele Noordoos-Duitsland het ingestroom. As gevolg hiervan het daar 'n behoefte ontstaan om in verskillende Duitse stede verenigings in die lewe te roep wat die insameling van die bydraes sou behartig en wat as skakel tussen Neander en diegene wat aan sy oproep gehoor gegee het, kon dien. Gevolglik het 'n hele aantal verenigings, wat as Hulpverenigings bekend gestaan het, tot stand gekom. Die belangrikste Hulpvereniging is in Stettin in die lewe geroep en die verenigings het só vermeerder dat daar in 1892 reeds 313 Hulpverenigings was.[6]

Alhoewel Neander van mening was dat dit onbillik teenoor Jänicke sou wees om 'n eie seminarie in die lewe te roep, het hy nietemin die ideaal gekoester om 'n eie sendinggenootskap te stig. Gevolglik het Neander en nege ander persone, waaronder genl. L. von Gerlach en Moritz von Bethmann-Hollweg, op 29 Februarie 1824 die Gesellschaft zur Beförderung der evangelischen Missionen unter den Heiden in Berlyn gestig.[7] In 1908 is die naam van hierdie Genootskap na die Berlynse Sendinggenootskap (B.S.G.) verander.

In die tussentyd het Jänicke egter ook 'n sendinggenootskap, nl. die Berlinische Missionsgesellschaft, gestig. Gevolglik is daar na Neander se genootskap verwys as

1. S. Neill: *A History of Christian Missions*, p. 251; J. Richter: *Geschichte der Berliner Missionsgesellschaft, 1824–1924*, p. 1.
2. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, pp. 35–6; Vgl. J. S. Bergh: Die Berlynse Sendinggenootskap in Pretoria en Omgewing, p. 1.
3. August Neander se regte naam was Dawid Mendel, 'n bekende Jood.
4. Kyk R. Gareis: *Geschichte der evangelischen Heidenmission: mit besonderer Berücksichtigung der deutschen*, p. 81.
5. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, pp. 35–6; Kyk ook T. S. van Rooyen: *Die Verhoudinge tussen die Boere, Engelse en Naturelle in die geskiedenis van die Oos-Transvaal tot 1882*, p. 110.
6. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte der Berliner Mission in Süd- und Ostafrika*, vierde uitgawe, 1893, p. 1.
7. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 1.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Berliner Mission I, in teenstelling met Jänicke se Genootskap wat vervolgens as Berliner Mission II bekend sou staan.[8] Ten spyte van Neander se volgehoue pogings kon hy nie daarin slaag om 'n vereniging tussen sý en Jänicke se genootskappe te bewerkstellig nie en gevolglik moes Neander self daaraan begin dink om 'n seminarie vir die B.S.G. tot stand te bring. Aangesien Neander op finansiële ondersteuning van die Hulpverenigings kon staatmaak, was die oprigting van 'n seminarie binne die bereik van die B.S.G.

Die B.S.G. se bestuur was in die hande van 'n gekose komitee wat uit 20–25 persone bestaan het. Die bestuur van die B.S.G. was verantwoordelik vir die formulering van die Genootskap se beleid, optrede, beheer en organisasie. Die Komitee was derhalwe die hoogste gesag van die B.S.G., en aangesien hulle 'n geslote kring gevorm het, kon die Komitee sy eie lede koöpteer. As eerste voorsitter van die Komitee is genl. Von Gerlach aangewys.[9]

Die Komitee het in 1829 besluit om self sendelinge op te lei en het vir dié doel 'n geskikte gebou gehuur.[10] Die finansiële steun wat die B.S.G. tot dusver aan Jänicke se seminarie verleen het, word hierna beëindig en neem die B.S.G. die karakter van 'n volwaardige en outonome genootskap aan.[11]

Seminariste is aan 'n streng keuring onderwerp en vir hierdie doel is 'n sendingreglement opgestel wat die voorwaardes vir die opname in die seminarie uiteengesit het. Die sendingreglement is in 1882 hersien en deur enkele veranderinge aan te bring, is gepoog om die sendingreglement te laat beantwoord aan die steeds groeiende eise wat die B.S.G. aan sy sendelinge gestel het.[12] Die belangrikste voorwaarde vir die toelating tot die seminarie van die B.S.G. was dat elke voorgenome seminaris inderdaad oor 'n "aufrichtig dem Herrn Jesu bekehrtes Herz und eine angemessene christliche Reife und Festigkeit" moes beskik.[13] Benewens die streng keuring waaraan die seminariste onderworpe was, het hulle verder 'n deeglike en uitgebreide opleiding ontvang. Bo en behalwe die feit dat seminariste 'n uiters grondige kennis van die Bybel moes besit, was 'n opleiding in moderne tale soos Engels en Nederlands 'n vereiste. Verder het die B.S.G. ook 'n kursus in "heidense tale" aangebied en is besondere aandag bestee aan die praktiese opleiding in handvaardighede, asook aan 'n elementêre kennis van die mediese wetenskap. Na voltooiing van die kursus, wat oor 'n tydperk van vier en 'n half jaar gestrek het, het die seminariste hulle finale eksamen afgelê voor 'n kommissie, wat bestaan het uit 'n lid of lede van die Komitee en 'n kommissaris van die Koninklike Pruisiese Konsistorium van die Evangeliese Lutherse Landskerk in Brandenburg.[14] Hierna is die seminariste na die sendingveld gestuur waar hulle na 'n tweejarige proeftermyn deur 'n senior sendeling, of op gesag van die Koninklike Pruisiese Konsistorium, geordeen is.[15]

Die eerste vyf seminariste het in 1833 hulle opleiding as sendelinge voltooi en kon die B.S.G. nege jaar na sy stigting reeds met sendingwerk begin. Hierdie vyf sendelinge is na Suid-Afrika gestuur, omdat Neander van die Londense Sendinggenootskap verneem het dat daar in Suid-Afrika, met sy duisende Bantoe-inwoners wat nog nooit die evangelie gehoor het nie, groot moontlikhede vir sendingwerk sou bestaan. In April 1834, enkele maande na die aankoms van die eerste vyf sendelinge aan die Kaap, is die eerste sendingstasie van die B.S.G. in Suid-Afrika, en wel onder die Koranas, aangelê.[16]

8. R. Gareis: *Geschichte der evangelischen Heidenmission*, p. 80.
9. H. T. Wangemann: *Maléo en Sekoekoeni*, p. 2.
10. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 2.
11. Kyk H. T. Wangemann: *Motive und Erläuterungen zu der Missions-Ordnung der Berliner Gesellschaft zur Beförderung der evangelischen Missionen unter den Heiden*, p. 10.
12. H. T. Wangemann: *Motive und Erläuterungen*, pp. 5–9.
13. Kyk *Berliner Missionsberichte, 1862*, pp. 34–5; H. T. Wangemann: *Motive und Erläuterungen*, p. 16.
14. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 3.
15. Kyk Edendale-Argief (E.A.): Ordeningsbriewe van onder andere O. R. Kahl, d.d. 21.8.1880; G. Mars, d.d. 20.1.1877; H. Kuschke, d.d. 17.9.1883.
16. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 5.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hoewel die beginjare op hierdie stasie, wat die naam Bethanie ontvang het, uiters moeilik was, het dit die Komitee geensins ontmoedig om in hulle taak te volhard nie; inteendeel, die Komitee het sy werksaamhede uitgebrei en 'n eie seminariegebou opgerig, sodat daar nie meer van die gehuurde gebou gebruik gemaak is nie.

2. Die Berlynse Sendinggenootskap onder Wallmann en Wangemann

Aangesien die lede van die Komitee van die B.S.G. hoofsaaklik uit staatsamptenare en diensdoende leëroffisiere van Pruise bestaan het, en hulle gevolglik aan voortdurende verplasing onderhewig was, het daar 'n behoefte ontstaan om ten minste een permanente en heeltydse komiteelid te benoem. Sodoende sou die werk van die Genootskap 'n eenheid vorm, en sou dit die Komitee in staat stel om 'n beleid te volg wat nie aan die voortdurende skommeling van komiteelede onderworpe was nie. So 'n komiteelid is in 1857 in die persoon van Johann Christian Wallmann gevind.

Wallmann is op 13 November 1811 in Quedlinburg in Sakse-Anhalt gebore. Na voltooiing van sy skoolopleiding het Wallmann, tussen die jare 1830 en 1834, Teologie aan die Universiteit in Halle gestudeer. Daar het hy onder die invloed van die vurige voorstander vir sendingwerk F. A. G. Tholuck gekom.[17] Onder die invloed van Tholuck het Wallmann hom in die Lutherse leerstukke verdiep en veral in die belydende aspekte daarvan.

Die mees voortreflike kenmerk van Wallmann se karakter was sy "peinliche Wahrheitsliebe und rücksichtslose Strenge gegen sich selbst und gegen andere".[18] Dit verklaar grootliks die feit waarom Wallmann nie dadelik na voltooiing van sy studies tot die bediening toegetree het nie, maar eers 'n pos as huisonderwyser by Ludwig von Gerlach in Frankfurt aan die Oderrivier aanvaar het. Gedurende sy verblyf by hierdie gesin is Wallmann se belangstelling in die sending verder gaande gemaak aangesien sowel die Von Gerlachs as hulle vriendekring in Frankfurt en in Berlyn, voorstanders van sendingwerk was.

Na 'n verblyf van vier jaar by die Von Gerlachs het Wallmann 'n beroep as predikant na sy geboortestad Quedlinburg aanvaar. Hy het egter nie sy belangstelling in die sending verloor nie, soos blyk uit die feit dat hy in Quedlinburg hulpverenigings tot stand gebring het soortgelyk aan dié wat Neander reeds sedert 1823 elders begin stig het.[19] Verder in 1846 het Wallmann twee belangrike publikasies oor sendingwerk die lig laat sien, naamlik *Die Mission der evangelischen Kirche* en *Missionsfreund*.[20] Die doel van Wallmann se publikasies was hoofsaaklik om die gewone publiek met die sendingaktiwiteite van sowel die verlede as die hede vertroud te maak. Daarbenewens het dit egter ook gehelp om hom aan die verskillende sendinggenootskappe in Duitsland bekend te stel. Gevolglik is Wallmann in 1848 as sendinginspekteur van die Rynse Sendinggenootskap na Barmen beroep.[21]

In Barmen, en later in Wupperthal waar Wallmann as sendinginspekteur opgetree het, is hy betrek in die stryd tussen die rasionele en belydende Lutherane. Aangesien hierdie stryd 'n nadelige invloed op Wallmann se swak gesondheidstoestand gehad het, het hy dit verwelkom toe die Komitee van die B.S.G. hom in 1857 as sendinginspekteur beroep het – 'n beroep wat Wallmann met vreugde aanvaar het.

As sendinginspekteur van die B.S.G. het Wallmann veral met twee probleme te kampe gehad: die opleiding van die sendelinge en die hersiening van die onderskeie pligte van sendinginspekteur. Omdat die opleiding van sendelinge aan die seminarie van die B.S.G. tot met Wallmann se aanstelling as sendinginspekteur waargeneem is

17. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 143.
18. Kyk E. Strassberger: *The Rhenish Mission Society in South Africa, 1830–1950*, p. 92.
19. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 143.
20. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 145.
21. E. Strassberger: *Rhenish Mission*, p. 92.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

deur teoloë soos die bekende Johannes Gossner,[22] wat self nie lid van die Komitee van die B.S.G. was nie, was Wallmann van mening dat hierdie uiters belangrike taak van die B.S.G. deur die Genootskap self behartig moes word. Die rede hiervoor was die feit dat Wallmann bevrees was dat die sendelinge, onder invloed van mense soos Gossner, te verstrik sou raak in die rasionele aspekte van die teologie. Dit kon tot gevolg hê dat die belydende aspekte te veel op die agtergrond sou raak.[23] Dit blyk duidelik uit die standpunt wat Wallmann ingeneem het dat die aksent in die opleiding sou verskuif van die teoretiese na die meer praktiese aspekte van die godsdiens. Dit was inderdaad vir Wallmann van die grootste belang dat sendelinge veel eerder die kern van die teologie, dit wil sê die drie ekumeniese simbole asook die Lutherse Kategismus en die belydenis van Augsburg, moes ken as die rasionele geformuleerde teologie wat hieruit voortgevloei het.[24]

Ten einde aan sy sienswyse uitvoering te kon gee, het Wallmann in 1859 self die opleiding van die sendelinge oorgeneem en het hy hierdie taak met soveel welslae behartig dat dit weliswaar as sy mees blywende bydrae tot die ontwikkeling van die B.S.G. beskou word.[25]

Die addisionele las wat die opleiding van sendelinge op Wallmann geplaas het, het tot gevolg gehad dat hy nie sy volle aandag aan die bestuur en administrasie van die Genootskap kon bestee nie. Gevolglik het die Komitee dit gerade geag om meer as een sendinginspekteur te benoem, asook om 'n direkteur aan te stel wat toesig moes hou oor al die aktiwiteite van die B.S.G.[26] Voordat die Komitee egter hieraan uitvoering kon gee, het Wallmann om gesondheidsredes as sendinginspekteur bedank en die funksies van sendinginspekteur, wat Wallmann graag wou hersien, het dus gedurende sy dienstydperk onveranderd gebly.

Wallmann se bedanking in 1863 het die Komitee met 'n hele reeks probleme op die Suid-Afrikaanse sendingveld gelaat. Die grootste probleem wat opgelos moes word, was die oorname van twee sendingstasies Amalienstein en Zoar van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se sending in die Kaapkolonie deur die B.S.G. Wallmann het nietemin die belangrikste probleem, naamlik die opleiding van sendelinge, opgelos. Hy het sendingwerk in Suid-Afrika 'n verdere stoot vorentoe gegee deur aan die twee jong sendelinge A. Merensky en H. Grützner toestemming te verleen om sendingwerk onder die Bakopastam in die Zuid-Afrikaansche Republiek te doen en die stasie Gerlachshoop te stig. Lank na Wallmann se uittrede uit die diens van die B.S.G. het die sendelinge wat onder sy leiding hulle opleiding ontvang het nog met groot lof van hom gepraat. Toe eerw. C. Knothe dus in 1869 'n sendingstasie ten noorde van Pretoria aangelê het, het hy die stasie ter ere van Wallmann, Wallmannsthal genoem.[27] Daar word selfs vertel dat eerw. August Prozesky van die sendingstasie Königsberg naby Newcastle in Natal, sou gedroom het dat hy Wallmann in die voorsale van die hemel gesien het.[28]

Aangesien die Komitee van die B.S.G. terdeë bewus was van die vele probleme wat daar op die sendingveld was, wou hulle as Wallmann se opvolger 'n persoon beroep wat reeds vooraf kennis van die sendingvraagstukke gehad het.[29] Gevolglik het die Komitee na 'n lang en deeglike soektog besluit om die rektor van die kerkskool in

22. R. Gareis: *Geschichte der evangelischen Heidenmission*, pp. 85–9.
23. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 3; R. Gareis: *Geschichte der evangelischen Heidenmission*, p. 140.
24. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 3.
25. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 149.
26. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 149.
27. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 246; R. Gareis: *Geschichte der evangelischen Heidenmission*, pp. 140–1; Vgl. J. S. Bergh: Die Berlynse Sendinggenootskap, p. 69.
28. R. Gareis: *Geschichte der evangelischen Heidenmission*, p. 141.
29. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 176.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Cammin, en ondervoorsitter van die sinode aldaar, H. T. Wangemann, te beroep.[30] Alhoewel Wangemann aanvanklik nie die beroep van die Komitee wou aanneem nie, omdat hy nie bereid was om sy redakteurskap van die Lutherse Kerkblad in Oos-Pruise prys te gee nie, het die Komitee na 'n verdere soektog besluit om Wangemann vir 'n tweede keer te beroep. Hierdie keer was hulle suksesvol en Wangemann het die beroep aangeneem.[31]

Hermann Theodor Wangemann is op 27 Maart 1818 in Bad Wilsnack, Brandenburg, gebore, waar sy vader, J. T. Wangemann, die plaaslike onderwyser was. Toe Wangemann drie jaar oud was, het sy familie na Demmin in Pommere verhuis.[32] Hier het Wangemann sy laerskoolopleiding deurloop, waarna sy ouers hom op veertienjarige ouderdom vir sy hoërskoolopleiding na Berlyn gestuur het. Wangemann het goed presteer in Hebreeus en Geskiedenis. Dit was veral tydens sy hoërskooljare dat Wangemann al hoe meer tot die Teologie as studierigting aangetrokke begin voel het. Danksy die feit dat hy 'n studiebeurs ontvang het, het Wangemann na voltooiing van sy hoërskoolopleiding aan die Universiteit van Berlyn in die Teologie gaan studeer.[33]

Tydens sy studentejare het Wangemann in noue aanraking met August Neander, professor in Kerkgeskiedenis gekom, en onder sy invloed het Wangemann 'n groot belangstelling in die sending ontwikkel.[34] In Berlyn het Wangemann die eerste en daarna in Stettin die finale teologiese eksamen met groot welslae afgelê.[35] In 1842 het hy ook aan die Universiteit van Halle die doktorsgraad in die Wysbegeerte verwerf.[36] Wangemann het na voltooiing van sy studies nie dadelik tot die bediening toegetree nie, maar aanvanklik 'n betrekking as privaatonderwyser in Bern, Switserland, aanvaar. Sy verblyf aldaar het hom met die Calvinisme in aanraking gebring waardeur Wangemann sy eie kennis verruim het.[37]

Met sy aanstelling as ondervoorsitter van die sinode en rektor van die kerkskool in Cammin het Wangemann 'n leidende rol in die openbare en kerklike lewe van sy tyd begin speel. Net soos Wallmann het Wangemann ook betrokke geraak in die stryd tussen die rasionele en belydende Lutherane.[38] Sy vurige drang na ware godvresendheid, het Wangemann laat kant kies vir die belydende saak en gevolglik het hy hom daarop toegespits om hierdie standpunt te bevorder. Tussen die jare 1853 en 1865 het 'n hele aantal handboeke vir Lutherse onderwysers en predikante uit Wangemann se pen verskyn. In 1858 is hy vanweë sy vaardigheid met die pen benoem tot redakteur van die *Monatschrift für die evangelisch-lutherische Kirche Preussens*. Binne 'n kort tydjie het Wangemann dwarsoor Pruise bekendheid verwerf as 'n skitterende organiseerder en besielende prediker, wat 'n groot invloed op die kerklike lewe uitgeoefen het.[39] Om hierdie rede was die Komitee van die B.S.G. van mening dat hulle geen beter persoon as Wangemann kon beroep om die leiding van hulle Genootskap op hom te neem nie.

Wangemann se aanvaarding van die beroep in 1865 kan tereg bestempel word as 'n belangrike keerpunt in die ontwikkeling van die B.S.G. Hy het dit onomwonde gestel dat hy slegs die beroep sou aanvaar indien die Komitee hom so gou doenlik na Suid-Afrika stuur, sodat hy die sendingveld kon besoek en persoonlik kennis kon maak met die probleme van elke sendingstasie.[40] Aangesien die Komitee geen ander keuse

30. *Berliner Missionsberichte, 1968*, p. 338; W. Braun: Die Berliner Missionsgesellschaft (J. Richter (red): *Das Buch der deutschen Weltmission*, p. 198).
31. H. Petrich: *Hermann Theodor Wangemann, Sein Leben und Wirken*, p. 13.
32. H. Petrich: *H. T. Wangemann*, p. 13; *Direktor Dr. Wangemann: ein Lebensbild dargeboten in dankbarer Erinnerung von seinem ältesten Sohne*, p. 1.
33. *Wangemann, ein Lebensbild*, pp. 46–7.
34. H. Petrich: *H. T. Wangemann*, p. 16.
35. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 177.
36. H. Petrich: *H. T. Wangemann*, pp. 16 en 18.
37. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 117.
38. H. Petrich: *H. T. Wangemann*, p. 30.
39. R. Gareis: *Geschichte der evangelischen Heidenmission*, p. 141.
40. *Berliner Missionsberichte, 1968*, p. 337.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gehad het nie is Wangemann as direkteur van die B.S.G. benoem en ontvang hy volmag om na goeddunke die bestuur en organisasie van die Genootskap, sowel in Duitsland as in Suid-Afrika, te kon verander. As direkteur van die B.S.G. sou Wangemann bygestaan word deur drie sendinginspekteurs, waarvan dr. Eduard Kratzenstein sekerlik die belangrikste en bekendste sendinginspekteur gedurende die direkteurskap van Wangemann was.[41] Met die oog op sy besoek aan die Suid-Afrikaanse sendingveld het Wangemann hom dadelik vol geesdrif aan sy nuwe amp gewy. Deur 'n noukeurige studie te maak van elke sendeling se leêr, wat in die sendinghoofkwartier gehuisves was, asook die dagboeke van die sendelinge, het Wangemann hom op die hoogte met al die probleme van die sendingwerk gestel. Terselfdertyd het Wangemann ook die redakteurskap van die B.S.G. se tydskrif *Missionsberichte* oorgeneem en daarvoor gesorg dat die hulpverenigings en die sendingvriende in Duitsland gereeld deur middel van hierdie tydskrif in die wel en weë van die B.S.G. kon deel.[42]

In Julie 1866 het Wangemann na Suid-Afrika vertrek waar hy gedurende 'n verblyf van bykans 13 maande al 15 stasies van die B.S.G. besoek het. Sy besoek was egter veel meer as 'n blote kennismaking met die sendelinge, hulle stasies en die ongeveer 12 000 nie-blanke Christene.[43] Dit het aan Wangemann die geleentheid gebied om deur noukeurige waarneming etlike struikelblokke uit die weg te ruim, soos byvoorbeeld die twis tussen eerww. J. L. Döhne en Wilhelm Posselt in Natal wat gedreig het om die sendingwerk van die B.S.G. daar te laat misluk.[44] Verder het Wangemann tot die gevolgtrekking gekom dat dit wenslik was om, vanweë die groot afstand tussen Suid-Afrika en Duitsland, 'n groter verantwoordelikheid op die sendelinge in Suid-Afrika te plaas. Hy het gevolglik besluit om plaaslike superintendente aan te stel wat slegs indirek deur die Komitee in Duitsland beheer sou word en as gevolg waarvan 'n stelsel van indirekte beheer dus in die lewe geroep is.

Na afloop van Wangemann se besoek aan Suid-Afrika het hy hom dit ten doel gestel om die verskillende hulpverenigings wat deur Neander in die lewe geroep is te reorganiseer, sodat 'n hegter eenheid tussen die verskillende hulpverenigings tot stand gebring kon word. Om hierdie rede het Wangemann die verskillende hulpverenigings in streke verdeel en die streke weer in gebiedseenhede. In elke gebiedseenheid is 'n voorsitter benoem wat 'n stem in die Komitee van die B.S.G. ontvang het.[45] Op hierdie wyse verseker Wangemann dat die B.S.G. geanker bly in die kerklike lewe van Noordoos-Duitsland en derhalwe op ondersteuning van die Evangeliese Lutherse Kerk kon staatmaak.[46] Wangemann het ook daarvoor gesorg dat die finansiële sy van die B.S.G. op 'n kerngesonde grondslag geplaas word. Sy opvolgers het dan ook aangevoer dat dit grootliks aan Wangemann se ywer om die finansies van die B.S.G. gesond te hou, toegeskryf moet word dat die B.S.G. so geweldig uitgebrei het.[47]

'n Verdere aangeleentheid waarvoor Wangemann hom na afloop van sy besoek aan Suid-Afrika beywer het, was die oprigting van 'n nuwe sendinghoofkwartier en seminarie vir die B.S.G. in Berlyn. Sy besondere veelsydigheid is met die oprigting van die nuwe sendinghoofkwartier (Missionshaus) weer eens beklemtoon, deurdat Wangemann die beoogde gebou self ontwerp het. Met die voltooiing van die gebou in 1873 teen 'n koste van ongeveer 200 000 Mark het die B.S.G. reeds die volle bedrag afbetaal.

41. H. Petrich: *H. T. Wangemann*, pp. 33–4.
42. R. Gareis: *Geschichte der evangelischen Heidenmission*, p. 141; W. Braun: Die Berliner Missionsgesellschaft (J. Richter (red.): *Das Buch der deutschen Weltmission*, p. 198).
43. R. Gareis: *Geschichte der evangelischen Heidenmission*, p. 141.
44. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 182.
45. R. Gareis: *Geschichte der evangelischen Heidenmission*, p. 143.
46. W. Braun: Die Berliner Missionsgesellschaft (J. Richter (red.): *Das Buch der deutschen Weltmission*, p. 198).
47. Bothšabêlo-Argief (B.A.): Lic. K. Axenfeld – Die Sendelinge van die B.S.G., d.d. Berlyn, 18.10.1913.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit was grootliks te danke aan die feit dat Wangemann onverpoos fondse vir die bouwerk ingesamel het.[48]

Ondanks die welvaart wat die B.S.G. beleef het, was daar tog sekere aangeleenthede wat Wangemann rede tot kommer gegee het. So het die vraagstuk oor die voortbestaan van die B.S.G. veel kommer gebaar. Wangemann was voortdurend gemoeid met die vraag of dit werklik wenslik en selfs bevorderlik vir die sendingwerk was om altyd aan 'n genootskap gebonde te wees. Hy het gevoel dat die onderskeie sendinggemeentes na selfstandigheid gelei moes word om mettertyd 'n dogterkerk met volle onafhanklikheid van die Kerk in Pruise te word: dit wil sê 'n outonome Evangeliese Lutherse Kerk in Suid-Afrika, bestaande uit die gemeentes wat deur die B.S.G. tot stand gebring is.[49] Hoewel Wangemann besef het dat so 'n ontwikkeling iets van die toekoms was, het hy nogtans begin met die aanvoorwerk in daardie rigting.

Die vyftigjarige bestaan van die sendingstasie Bethanie in die Oranje-Vrystaat in 1884 was 'n belangrike mylpaal in die ontwikkelingsgeskiedenis van die B.S.G. en derhalwe het Wangemann besluit om 'n tweede besoek aan Suid-Afrika te bring.[50] Dit was tydens hierdie besoek dat Wangemann die eerste groot stap in die rigting van selfstandigwording vir die sendinggemeentes geneem het, nl. toe hy tydens 'n gesamentlike sinodesitting van die sinodale streke Suid- en Noord-Transvaal die eerste twee Bantoe-evangeliste georden het. Vyf jaar later, in 1890, het een van die Bantoe-geestelikes, Martinus Sewušhane, egter sy bande met die B.S.G. verbreek. Dit het Wangemann tot die gevolgtrekking laat kom dat hy oorhaastig was om die selfstandigwording van die sendinggemeentes te bewerkstellig en daarom het hy voorlopig die *status quo* behou.

Wangemann se tweede besoek aan Suid-Afrika het egter sy gesondheid geknak en na 1885 tot en met sy dood op 18 Junie 1894, moes hy gereeld sy werk om gesondheidsredes onderbreek. Die ywer en toegewydheid waarmee hy die sendingwerk gedien het, het egter nooit verflou nie. Inteendeel, die tydperk sedert sy tweede besoek aan Suid-Afrika tot en met sy dood, was vir die B.S.G. 'n periode van besondere vooruitgang. Benewens uitbreiding op die Suid-Afrikaanse sendingveld, het die B.S.G. ook begin met sendingwerk in China (1882) en in Duits-Oos-Afrika (Tanzanië) (1891).[51]

Wangemann het onmiskenbaar sy stempel op die B.S.G. afgedruk. Die volmag wat hy in 1866 van die Komitee ontvang het, het hom in staat gestel om veel meer as sy voorganger, Wallmann, sy idees op die gebied van die sendingwerk uit te voer. Wangemann was verantwoordelik vir die aanstelling van superintendente en die opstel van die nuwe sending- en superintendentskapsreglement, wat die grondslag van die B.S.G. tot diep in die twintigste eeu gelê het.[52] Bykans al 64 sendelinge van die B.S.G. wat in 1894 in diens was, is deur Wangemann tot hulle ampte georden en aangesien Wangemann 'n aktiewe deel bygedra het tot hulle opleiding is sy stempel duidelik op elkeen van hulle afgedruk. Trouens, vir baie jare na sy dood het die B.S.G. in Oos-Pruise nog as die "Wangemannsche Mission" bekend gestaan. Wangemann se grootste gebrek het moontlik daarin opgesluit gelê dat hy te "einseitig Berliner Missionsmann" was, en gevolglik het hy nooit daarna gestreef om nouer samewerking met die talle ander sendinggenootskappe in Duitsland te bewerkstellig nie. Die B.S.G. of Die Berliner Mission I, het byvoorbeeld nooit met die Die Berliner Mission II verenig nie. Ten

48. R. Gareis: *Geschichte der evangelischen Heidenmission*, p. 143; E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, pp. 4–5.
49. *Berliner Missionsberichte, 1968*, p. 341.
50. H. T. Wangemann: *Ein zweites Reisejahr in Süd-Afrika*, p. iii.
51. *Berliner Missionsberichte, 1894*, p. 277.
52. W. Braun: Die Berliner Missionsgesellschaft (J. Richter (red.): *Das Buch der deutschen Weltmission*, p. 198).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

spyte hiervan word Wangemann beskou as een van die belangrikste sendingfigure wat Duitsland gedurende die negentiende eeu opgelewer het.

As gevolg van Wangemann se ywer en die stewige grondslag wat hy aan die B.S.G. gegee het, kon sy opvolger, Martin Gensichen, die weg wat Wangemann ingeslaan het feitlik onveranderd volg.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 2

DIE SENDINGBELEID VAN DIE ZUID-AFRIKAANSCHE REPUBLIEK

Oor die algemeen was die meeste Boere nie as sodanig teen sendingwerk gekant nie.[1] Dit is wel so dat die Boere die metodes van die Londense Sendinggenootskap (L.S.G.) veroordeel het en gevolglik besluit het om sendelinge van dié Genootskap in Transvaal te verbied.[2] Omdat die Boere nie teen die sending as sodanig gekant was nie, maar slegs teen die sendelinge van die L.S.G., het die Algemene Kerkvergadering wat in Augustus 1853 in Rustenburg vergader het, die Volksraad versoek om van die Morawiese (Duitse) sendelinge, met wie se werk die Boere in die Kaapkolonie kennis gemaak het, na die Transvaal te nooi.[3] Daar het egter niks van hierdie poging gekom nie en M. W. Pretorius is in 1856 weer eens versoek om iets in dié verband te doen, aangesien die Bantoe-opperhoof Sechele dringend om 'n sendeling gevra het.[4] Ten einde te verhoed dat Sechele op eie houtjie 'n sendeling kry, het die Regering bepaal dat so 'n versoek eers aan hulle gerig moes word.[5] 'n Mens sou dit as die eerste sendingbeleid van die Transvaalse regering kan beskou.[6] Met die opstelling van die grondwet van die Zuid-Afrikaansche Republiek in 1858, het die Regering onder meer bepaal: "Het volk laat de uitbreiding van het Evangelium toe onder de heidenen, onder bepaalde voorzorgen tegen gebrek of misleiding." [7] In aansluiting by die bepaling van die grondwet, het die Regering verder aan alle veldkornette opdrag gegee dat hulle moes toesien dat geen Bantoe-opperhoof 'n sendeling toestemming gee om in sy gebied met sendingwerk te begin, alvorens die Bantoe-opperhoof nie eers die toestemming van die veldkornet verkry het nie. Verder was geen veldkornet daarop geregtig om toestemming te gee sonder vooraf oorlegpleging met die Regering nie.[8]

M. W. Pretorius was beslis baie gretig dat Duitse sendelinge na Transvaal moes kom, en tydens sy toespraak met die opening van die Volksraadsitting in September 1857, het hy hom sterk ten gunste van Duitse sendelinge uitgespreek, daar "het veel nuttiger en wenschelyker voor land en volk moet zyn, wanneer wy de voorkeur, ja zelfs eene aanmoediging aan Moravische Zendelingen gaven, om onder de zwarte stammen binne onze grenspalen te komen arbeiden; want zy spreken onze taal niet alleen maar hebben een veel beter aanleg en grondbeginsel om de barbaren tot beschaving te brengen dan gewoonlyk door de Engelsche Zendelingen worden aangewend. Hunne grondstellingen in hunne scholen leggen het meest toe om de barbaren tot het arbeiden aan te moedigen, omdat zy eerst een begrip van de aardsche zegeningen zullen moeten hebben, voordat men voortgaat hun eene inlichting van de hemelsche te geven. Deze stelling heeft vele heidenen Gods genade en de kracht der godzaligheid leeren kennen; maar hoe is de stelling op de statien van Engelsche Zendelingen? De barbaren worden dadelyk bekeerd en leven in luiheid voort. Zy verbeelden sich dan geene dienstbaren meer te zyn, maar bazen; en denken dat het Evangelie verandere wat door Gods besckikkingen bestaat; dat hoop [lees: doop] en belydenes het eeuwige en zoo nood-

1. G. B. A. Gerdener: *Die Afrikaner en die Sending*, pp. 64–6.
2. J. D. Huyser: Die Naturellepolitiek van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1838–1877, pp. 230–1; T. S. van Rooyen: *Verhoudinge*, p. 122.
3. W. L. Maree: *Uit Duisternis Geroep*. (Die Sendingwerk van die Ned. Geref. Kerk onder die Bakgatlavolk van Wes-Transvaal en Betsjoeanaland.), p. 28.
4. W. L. Maree: *Uit Duisternis Geroep*, p. 28.
5. J. H. Breytenbach: *Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, III*, R930/55, artikel 311, p. 419.
6. W. L. Maree: *Uit Duisternis Geroep*, p. 28.
7. Z.A.R. 25: *Locale Wetten der Z.A.R.*, Grondwet, Art. 8, pp. 35–6.
8. Z.A.R. 25: *Locale Wetten der Z.A.R.*, Veldkornet-Instruksies, Artikel 38, p. 96.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

zakelyke verskil tusschen blanken en zwarten vernietige."[9] Pretorius se begeerte om Duitse sendelinge van die Hermannsburgse Sendinggenootskap na Transvaal uit te nooi, moet gesien word teen die agtergrond van die ervaring wat die Boere met die L.S.G. gehad het, en die vrees dat die L.S.G. 'n vastrapplek binne die grense van die Zuid-Afrikaansche Republiek (Z.A.R.) sou kry. Sendelinge van die L.S.G. het juis in daardie stadium aansoek gedoen om hulle sendingwerk by die opperhoof Sechele te hervat.[10] Deur aan die Hermannsburgse sendelinge toestemming te gee, kon die Engelse sendelinge dus uit Transvaal geweer word en kon Pretorius, wat na bewering van Duitse afkoms was,[11] sy Staat se deure vir sy stamgenote open. Gevolglik het Pretorius Sechele se versoek aan die Hermannsburgse Sendinggenootskap oorgedra. Hulle het egter nie hul weg oopgesien om na Sechele te gaan nie en het aanbeveel dat die Berlynse Sendinggenootskap genader word. Ook hulle het egter nie kans gesien om in daardie stadium na die Transvaal te gaan nie en het aanbeveel dat die Hermannsburgse Sendinggenootskap weer versoek moes word. Ten einde laas het die Hermannsburgse Sendinggenootskap wel die uitnodiging aanvaar.[12]

Die sendelinge van die Hermannsburgse Sendinggenootskap wat hulle by Sechele gevestig het, het hulle nooit met die politieke sake van Transvaal bemoei nie, en het gevolglik groot agting by die Regering afgedwing. Die Volksraad was selfs bereid om 'n beperkte aantal wapens en ammunisie aan Sechele te voorsien wat hy onder toesig van die sendelinge vir persoonlike doeleindes kon gebruik.[13] Daar het dus 'n gevoel van algemene tevredenheid met die Duitse sendelinge geheers, soos blyk uit 'n brief van 'n korrespondent in die Staatskoerant waarin onder andere berig word "Laten die Engelsche Zendelingen die onder de Kaffers het werk der bekering op sich genomen hebben, sich met niets anders dan van die hoogst vereerende taak kwyten en betoonen, gelyk zulks aan de Duitsche Zendelingen in deze Republiek geschied, die hunne roeping begrypen, en de ondersteuning van het Gouvernement in ruime maten genieten omdat zy sich met yver van hunne edele taak kwyten, en de eere naam van Zendeling onder de heidenen nimmer met die van ammunutie handelaars zullen willen verwisselen".[14]

Met die aankoms van eerww. Alexander Merensky en Heinrich Grützner, sendelinge van die B.S.G., in Transvaal in April 1860, het die sendingbeleid weer eens op die voorgrond getree, want hoewel die Republiek Lydenburg geen beswaar teen hulle koms gehad het nie, was die Lydenburgers, net soos die inwoners van die Zuid-Afrikaansche Republiek, van mening dat die sending in ooreenstemming met 'n vaste beleid moes geskied. Ofskoon Merensky en Grützner weliswaar van hulle Genootskap die opdrag ontvang het om 'n verkenningstog na die Swazi's te onderneem met die oog op die oprigting van 'n sendingstasie daar, het hulle dit nogtans gerade geag om die toestemming van die Lydenburgse Republiek te verkry, aangesien die Swazi's met die Lydenburgse Boere bevriend was.[15] Gevolglik het die sendelinge by die Uitvoerende Raad van die Lydenburgse Republiek aansoek gedoen om aan die B.S.G. toestemming te verleen om, naas die Swazi's, ook onder die Bantoes binne die grense van die Lydenburgse Republiek "schoolplatzen" te mag oprig. Indien die sendelinge die toe-

9. J. H. Breytenbach: *Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek* III, E.V.R. 105A, Aanspraak van M. W. Pretorius by die opening van die Volksraadsitting van Sept. 1857, pp. 491–2.
10. J. H. Breytenbach: *Notule van die Volksraad van die S.A.R.*, III, E.V.R. 105A, Aanspraak, Sept. 1857, p. 492.
11. T. S. van Rooyen: *Die Sendeling Alexander Merensky*, p. 114.
12. W. L. Maree: *Uit Duisternis Geroep*, p. 28.
13. J. H. Breytenbach: *Notule van die Volksraad van die S.A.R.*, III, E.V.R. 105A, Aanspraak, Sept. 1857, p. 492; W. Kistner: *Anti-Slavery Agitation*, p. 220, voetnoot 45.
14. *Staats Courant der Z.A.R.*, No. 78, deel II, d.d. 17.6.1859 (Brief).
15. T. S. van Rooyen: *Die Sendeling Alexander Merensky*, p. 111.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

stemming sou ontvang, sou hulle onderneem om hulle te onderwerp "aan de menschelyke ordeningen uwe maatschappij om des Heeren wil".[16]

Die plaaslike predikant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Lydenburg, ds. P. A. C. van Heyningen, het in die koms van hierdie sendelinge van die B.S.G. 'n gulde geleentheid gesien om die aantygings van die "Evangeliese Verbond" in Port Elizabeth, as sou die Boere bitterlik gekant wees teen sendelinge en sendingwerk, die nek in te slaan. Daarom het hy, ter ondersteuning van Merensky en Grützner se aansoek, die Regering versoek dat aan die sendelinge toestemming verleen moes word om by die Swazi's, en indien hulle sou weier, binne die grense van die Republiek, 'n sendingstasie te mag oprig.[17] Hoewel die Lydenburgse Regering ingestem het dat die sendelinge met sendingwerk onder die Swazi's mag begin, op voorwaarde "dat ons nooit gewere, kruit of lood daarheen sou invoer, of die invoer daarvan sou begunstig nie,"[18] was die saak nietemin nog nie afgehandel nie. Dit was te wyte aan twee faktore, naamlik die feit dat die Swazi's geweier het om die sendelinge toe te laat om daar 'n sendingstasie op te rig, en tweedens dat die Republiek Lydenburg op 4 April 1860 met die Z.A.R. verenig het en sodoende opgehou het om te bestaan.[19]

Merensky en Grützner, wat na hul terugkeer van die Swazi's in Mei 1860, haastig was om verlof te kry om met sendingwerk binne die grense van die Z.A.R. te begin, was derhalwe verplig om opnuut by die regering van die Z.A.R. aansoek te doen.[20] Die Uitvoerende Raad van die Z.A.R. was egter nie bereid om aan die sendelinge toestemming te gee nie en die hele aangeleentheid is deur die waarnemende president, J. H. Grobler, na 'n spesiale kommissie verwys wat bestaan het uit P. T. Coetzer, C. Viljoen, H. T. Bührmann en landdros C. Potgieter (landdros van Lydenburg). Daar is aan die kommissie opdrag gegee om die hele aangeleentheid in verband met die sendelinge te ondersoek en daarna hulle verslag by die volgende sitting van die Uitvoerende Raad ter tafel te lê.[21]

Ten gevolge daarvan het daar op 2 Julie 1860 in Lydenburg 'n ontmoeting plaasgevind tussen die lede van die kommissie, en op hulle uitnodiging, ook ds. Van Heyningen en die twee sendelinge van die B.S.G.[22] Met hierdie ontmoeting het die kommissie 'n tweeledige doel voor oë gehad: eerstens om die sendelinge vertroud te maak met sekere kardinale artikels in die grondwet van die Z.A.R.[23] (wat tegelyk ook as voorwaardes vir hulle toelating in die Republiek moes dien), en tweedens wou die kommissie, in oorleg met die sendelinge en ds. Van Heyningen, poog om "de zendingzaak zooveel mogelijk te bevorderen in deze Republiek en om dit goede doel te bevorderen wordt overeengekomen dat de genoemde W. E. W. Predikant en Zendelingen

16. S.S. 33: R3671/60, A Merensky en H. Grützner – Uitvoerende Raad Republiek Lydenburg, d.d. Lydenburg, 4.4.1860.
17. S.S. 33: R3673/60, P. A. C. van Heyningen – Die Lydenburgse Regering, d.d. Lydenburg, 4.4.1860; Kyk ook *De Oude Emigrant*, d.d. Potchefstroom, 3.4.1860. (Antwoorde van die Lydenburgse Republiek op die aantygings van die Evangeliese Verbond.)
18. A. Merensky: *Erinnerungen aus dem Missionsleben in Südost-Afrika (Transvaal) 1859–1882*, pp. 9–10.
19. Kyk Argief van die Republiek Lydenburg: L22, Ooreenkoms tussen die Republiek Lydenburg en die Zuid-Afrikaansche Republiek d.d. 4.4.1860.
20. S.S. 33: R3762/60, A. Merensky – Raadskommissie in Utrecht, d.d. Lydenburg, 24.5.1860.
21. S.S. 33: R3762/60, A. Merensky – Raadskommissie in Utrecht, d.d. Lydenburg, 24.5.1860, sien die naskrif; S.S. 34: R3840/60, Verslag van die Kommissie, d.d. Lydenburg, 7.7.1860.
22. S.S. 34: R3840/60, Verslag van die Kommissie, d.d. Lydenburg, 7.7.1860.
23. Dit gaan hier om artikels 6, 8 en 9 van die Grondwet, sien Z.A.R. 25: *De Locale Wetten der Z.A.R., 1849–1885*, pp. 35–68, Grondwet, artikel 6: Die grondgebied van die Z.A.R. staan vir enigiemand, wat hom aan die wette van die Republiek onderwerp, oop. Almal wat hulle op die eiendom van die Republiek bevind, het gelyke aanspraak op beskerming van die persoon asook van besittings. Artikel 8 bepaal dat die volk eis die grootste mate van maatskaplike vryheid, onderhewig aan die behoud van sy godsdienstige geloof, die nakoming van sy verbintenisse van sy ondergeskiktheid aan wet, orde en reg, en die handhawing daarvan. Die volk laat die uitbreiding van die evangelie onder die heidene toe, onder bepaalde voorsorg teen gebrek of misleiding. Artikel 9 bepaal: Die volk wil geen gelykstelling "van gekleurden met blanke ingezetenen toestaan, noch in kerk noch in staat".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Statuten zullen opstellen waaronder zij vermenen dat de zendingzaak overeenkomstig Gods Woord en den bepalingen in de genoemde artikelen der Grondwet voor het vervolg geregeld en op vasten en behoorlijken voet daargesteld en bevorderd kan worden".[24]

Daar is na afloop van hierdie ontmoeting besluit dat almal weer op 7 Julie 1860 sou ontmoet met die doel om die "statuten" wat deur Merensky en Grützner, in samewerking met Van Heyningen, opgestel moes word te bespreek. Die sendelinge en Van Heyningen het na aanleiding hiervan 'n lywige stuk bestaande uit 15 Artikels, wat as 'n "Voorlopig Reglement ter regeling van de verkondiging des Evangelies onder de heidensche bevolking der Z.A. Republiek" moes dien, opgestel.[25] Die aanvanklike bedoeling was dat hierdie "Reglement" slegs betrekking sou hê op die sendelinge van die B.S.G.,[26] maar soos later aangetoon sal word, is hierdie "Reglement" as basis vir die opstelling van 'n sendingbeleid van die Z.A.R. in die algemeen gebruik.

Die "Reglement" erken en onderskryf die reg van die Z.A.R. om sy eie wette te maak, en weliswaar nie slegs met betrekking tot sy eie grondgebied nie, maar eweneens met betrekking tot die woonplekke van die Bantoes wat aan die Z.A.R. onderdanig was. Gevolglik was elke sendeling van die B.S.G.gehoorsaamheid aan die wette van die Z.A.R. verskuldig.[27] Ingevolge hierdie reg van die Z.A.R. was die sendelinge van die B.S.G. terselfdertyd gebonde om die kwessie van kerklike gelykstelling tussen blank en nie-blank oor te laat in die hande van die Regering. Daarom het die sendelinge onderneem om geensins daarop aan te dring dat die nie-blankes toegang tot die Nederduitse Gereformeerde Kerk moes verkry nie. Die sendelinge van die B.S.G. sou hulleself hieraan gebonde voel ten minste vir solank as wat die Kerk die verbod op gelykstelling handhaaf.[28]

Verder erken die sendelinge van die B.S.G. in hierdie "Reglement" die jurisdiksie van die Z.A.R. oor elke sendingstasie wat deur hulle opgerig word en onderneem ook dat hulle hoegenaamd nie die handel in vuurwapens en ammunisie sou toelaat nie, inteendeel hulle sou dit verbied, aangesien dit in elk geval strydig met die amp van sendeling was. Dit wil dus blyk asof die sendelinge van die B.S.G. dit as volkome in ooreenstemming met hulle sendingtaak beskou het om die Staat, ook wat sy beleid ten opsigte van die nie-blankes betref het, met woord en daad te eerbiedig.[29] Benewens die erkenning van staatsgesag het die sendelinge in die "Reglement" voorgestel dat geen sendingstasie binne die grense van die Z.A.R. sonder die toestemming van die Regering opgerig moes word nie. Van sy kant af moes die Regering dan egter bereid wees om aan elke sendingstasie 'n stuk grond te gee vir saaidoeleindes, asook woonplek vir sulke nie-blankes, wat die sendelinge daarom vra, en verder toe te sien dat die sendelinge onbelemmerde besitreg van sulke gronde ontvang. Die sendelinge was verplig om wanneer hulle om een of ander rede die sendingstasie moes verlaat dit sonder versuim aan die Regering te rapporteer, waarna hulle aanspraak op die grond verval het.[30]

Indien omstandighede buite hulle beheer, soos byvoorbeeld in die geval van 'n oorlog, dit vir die sendelinge noodsaaklik sou maak om die sendingstasie te verlaat, moes die Regering hulle reg erken om op 'n latere tydstip weer na die sendingstasie te mag terugkeer. Indien die sendelinge onder dwingende omstandighede 'n sendingstasie verlaat, maar daar nog inwoners daarop agterbly, moes die Regering onderneem om

24. S.S. 34: R3840/60, Verslag van die Kommissie, d.d. Lydenburg, 7.7.1860.
25. S.S. 74: R77/66, Afskrif van die "Voorlopig Reglement ter regeling van de verkondiging des Evangelies onder de heidensche bevolking der Z.A. Republiek," d.d. Lydenburg, 28.1.1866.
26. Kyk A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 10.
27. S.S. 74: R77/66, Afskrif van die "Voorlopig Reglement", d.d. Lydenburg, 28.1.1866, Artikels 1–2.
28. S.S. 74: R77/66, Afskrif van die "Voorlopig Reglement", d.d. Lydenburg, 28.1.1866, Artikels 3–4.
29. S.S. 74: R77/66, Afskrif van die "Voorlopig Reglement", d.d. Lydenburg, 28.1.1866, Artikels 5–7.
30. S.S. 74: R77/66, Afskrif van die "Voorlopig Reglement", d.d. Lydenburg, Artikels 9 en 11.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sulke inwoners te beskerm.[31] Vervolgens het die sendelinge onderneem om geen nieblanke kinders, wat ooreenkomstig die inboekstelsel by blankes ingeboek was, op eie gesag na hulle tuistes te probeer terugneem nie, alvorens die inboektermyn nie eers verstryk het nie.[32] Ten slotte het Merensky en Grützner, as verteenwoordigers van die B.S.G.,[33] daarop aangedring dat die regering van die Z.A.R. twee belangrike sake moes waarborg; eerstens moes die Regering onderneem om geensins met die verkondiging van die evangelie as sodanig in te meng nie, en tweedens moes die Regering onderneem om, soos dit 'n Christelike owerheid betaam het, die sendelinge en hulle sendingstasies te beskerm.[34]

Nadat Merensky, Grützner en Van Heyningen tydens die tweede samespreking met die kommissie hulle "Reglement" ter tafel gelê het, en daarop die samespreking verlaat het, beveel die kommissie aan dat die sendelinge voorlopig toegelaaat sou word om solank met hulle sendingwerk te begin en dat die "Reglement" deur die kommissie aanvaar word.[35] Aangesien artikel 8 van die Grondwet van die Z.A.R. aanleiding tot allerlei foutiewe interpretasies en beskouinge kon gee, het die kommissie aanbeveel dat die 15 Artikels of "Reglement", in belang van die Z.A.R., as algemene landswet verklaar moes word. Gevolglik moes alle sendelinge wat in die toekoms die land binnekom onder hierdie voorgestelde wet, en ooreenkomstig artikel 6 van die Grondwet, toegelaat word om sendingwerk te mag doen.[36] Voorts het die kommissie dit wenslik geag dat sendelinge nouer by die belange van volk en staat betrek moes word. Gevolglik was dit noodsaaklik dat wetgewing aangeneem moes word wat voorsiening maak dat sendelinge wat hulle binne die Republiek vestig en hulle dus aan die "Reglement" onderwerp ooreenkomstig artikels 6 en 12 van die Grondwet, burgerskap van die Z.A.R. moes ontvang.[37] Ten slotte het die kommissie aanbeveel dat die Regering self geskikte gronde vir sendingstasies aankoop en dié grond as regeringsplase vir toekomstige sendingstasies in bewaring hou.[38]

Hierna is die kommissie se verslag aan die Uitvoerende Raad gestuur wat dit op 24 Julie 1860 in behandeling geneem het en besluit het om "de ingezonden stukken met de 15 Artikelen in zyn geheel goed te keuren en aan te nemen".[39] In September 1860 het die waarnemende Staatspresident, J. H. Grobler, die aansoek van Merensky en Grützner, tesame met die kommissie se verslag, aan die Volksraad oorhandig met die hoop dat hulle sy voorlopige toestemming aan die sendelinge sou bekragtig.[40]

Sekere gebeure het egter daartoe aanleiding gegee dat Grobler se aanbeveling nie dadelik deur die Volksraad bekragtig is nie, maar dat die Volksraad die aangeleentheid weer eens in behandeling geneem het. Toe die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitse Hervormde Kerk, Staatskerk van die Z.A.R., in September 1860 gehou is, is daar sekere besware teen die "Reglement" ingebring.[41] Die Kerkvergadering was van mening dat die "Reglement" só omskryf moes word dat sendelinge van die Rooms-Katolieke Kerk nie tot die Z.A.R. toegelaat sou kon word nie. Verder het

31. S.S. 74: R77/66, Afskrif van die "Voorlopig Reglement", d.d. Lydenburg, 28.1.1866, Artikels 12–13.
32. S.S. 74: R77/66, Afskrif van die "Voorlopig Reglement", d.d. Lydenburg, 28.1.1866, Artikel 10; Vir 'n bespreking van die inboekstelsel kyk W. Kistner: *Anti-Slavery Agitation*, pp. 226–35.
33. Kyk hieroor verder Hfst. 3.
34. S.S. 74: R77/66, Afskrif van die "Voorlopig Reglement", d.d. Lydenburg 28.1.1866, Artikels 14–15.
35. S.S. 34: R3840/60, Verslag van die Kommissie, d.d. Lydenburg, 7.7.1860.
36. S.S. 34: R3840/60, Verslag van die Kommissie, d.d. Lydenburg, 7.7.1860.
37. S.S. 34: R3840/60, Verslag van die Kommissie, d.d. Lydenburg, 7.7. 1860; Z.A.R. 25: *De Locale Wetten der Z.A.R.*, p. 30, art. 12, verbied die Rooms-Katolieke geloof.
38. S.S. 34: R3840/60, Verslag van die Kommissie, d.d. Lydenburg, 7.7.1860.
39. U.R. Band I: U.R.B. Artikel 2, d.d. 27.7.1860; S.S. 34: R3843/60, H. T. Bührmann – Uitv. Raad, d.d. Lydenburg, 9.7.1860.
40. J. H. Breytenbach: *Notule van die Volksraad van die S.A.R.*, IV, 1859–1863, V.R. 467/60, Verslag van J. H. Grobler, artikel 4, sonder datum, p. 334.
41. T. S. van Rooyen: *Verhoudinge*, p. 130.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hulle gemeen dat die Bantoes self die Regering moes versoek om sendelinge na hulle te stuur.[42]

Na aanleiding hiervan is die hele kwessie i.v.m. 'n sendingbeleid in September 1860 in die Volksraad ter tafel gelê. Op 24 September 1860 is M. W. Pretorius versoek om die vergadering by te woon ten einde teenwoordig te wees wanneer daar tot 'n behandeling van die sendingstasies oorgegaan word.[43] Die volgende dag is daar egter besluit dat die kwessie rakende sendingstasies so belangrik was dat daar 'n kommissie, bestaande uit drie lede, benoem moes word wat in oorleg met J. H. Grobler, Stephanus Schoeman en die Staatsprokureur die saak verder moes ondersoek, en so spoedig moontlik hulle bevindinge aan die vergadering voorlê. Ten einde hulle werk te bespoedig is al die betrokke stukke, d.w.s. die "Reglement" asook die kommissie se aanbevelings, tot hulle beskikking gestel.[44]

Nog dieselfde middag het die kommissie sy ondersoek bestaande uit sewe artikels betitel "Maatregelen van voorzorg tegen bedrog en misleiding by de uitbreiding van het Evangelie onder de Heidenen" ter tafel gelê. Die volgende oggend het die Volksraad hierdie sewe artikels verder behandel en besluit om dit goed te keur en as algemene landswet te verklaar.[45] Gevolglik is eerww. Merensky en Grützner onder hierdie nuwe wet, wat as amptelike sendingbeleid van die Z.A.R. gedien het, toegelaat om binne die grense van die Republiek met sendingwerk te mag begin.[46]

Kragtens die bepalings van die "Maatregelen", sou geen sendeling die reg hê om 'n sendingstasie binne die grondgebied van die Z.A.R. op te rig sonder die uitdruklike versoek van die Bantoe-opperhoofde self nie. Die Bantoe-opperhoofde was origens verplig om, indien hulle 'n sendeling wou hê, die Regering te nader om 'n sendeling na hulle te stuur. Dit het dus beteken dat die Regering vir hom die reg voorbehou het, om eers die wenslikheid van die saak te ondersoek en daarna 'n sendeling, wat aan die vereistes van artikel 21 van die Grondwet van die Z.A.R. voldoen het te beroep.[47] Hierbenewens het die Regering ook die reg voorbehou om die plek waar 'n sendingstasie opgerig mag word, aan te wys. Daarom kon die Regering te eniger tyd 'n sendingstasie verskuif, of selfs laat sluit, indien die belange in die Staat dit sou vereis.

Hierbenewens was sendelinge ook verplig om, kragtens die "Maatregelen", die toestemming van die Regering te verkry om 'n sendingstasie op te rig.[48] Voorts was elke sendeling verplig om hom nie net in ooreenstemming met die Grondwet van die Z.A.R. nie, maar ook alle ander landswette, en derhalwe ook wetgewing wat nog in die toekoms aangeneem sou word te gedra. Elke sendeling en Bantoe-opperhoof was verder verplig om op versoek enige persoon aan enige amptenaar wat dit eis aan die Staat uit te lewer. Gevolglik was dit die plig van elke sendeling om te sorg dat enige verdagte optrede of sameswering van die Bantoes teen die Regering, sonder versuim gerapporteer word. Sou 'n sendeling sy plig in dié opsig versuim, sou die Regering hom as medepligtige beskou en dienooreenkomstig behandel.[49]

Ofskoon hierdie "Maatregelen" wat as die amptelike sendingbeleid van die Z.A.R.

42. S.S. 8611: B.B. 241/60, J. H. M. Struben – D. van der Hoff, d.d. Pretoria, 8.9.1860; T. S. van Rooyen: *Verhoudinge*, p. 130.
43. J. H. Breytenbach: *Notule van die Volksraad van die S.A.R.*, IV, 1859–1863, E.V.R. 6, artikel 125, p. 74.
44. J. H. Breytenbach: *Notule van die Volksraad van die S.A.R.*, IV, 1859–1863, E.V.R. 6, artikels 127 en 128, pp. 74–5.
45. J. H. Breytenbach: *Notule van die Volksraad van die S.A.R.*, IV, 1859–1863, E.V.R. 6, artikels 131–3, pp. 75–6.
46. J. H. Breytenbach: *Notule van die Volksraad van die S.A.R.*, IV 1859–1863, E.V.R. 6, artikel 134, p. 76.
47. Z.A.R. 25: *De Locale Wetten der Z.A.R., 1849–1885*, "Maatregelen van voorzorg tegen bedrog en misleiding by de uitbreiding van het Evangelium onder de Heidenen", artikels 1–2, pp. 143–4. Kyk ook Z.A.R. 25: *Locale Wetten*, Grondwet van die Z.A.R. artikel 21, Geen Rooms-Katolieke Kerk word in die Z.A.R toegelaat nie, p. 37.
48. Z.A.R. 25: *De Locale Wetten der Z.A.R., 1849–1885*, "Maatregelen", artikels 3–4, pp. 143–4.
49. Z.A.R. 25: *De Locale Wetten der Z.A.R., 1849–1885*, "Maatregelen", artikels 5–7, pp. 143–4.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

beskou moet word, groot ontevredenheid onder voornemende sendelinge in die Z.A.R. uitgelok het – veral omdat die eerste artikel bepaal het dat Bantoe-opperhoofde self die Regering moes versoek om sendelinge na hulle te stuur – is hierdie bepaling nietemin nooit so streng in die praktyk toegepas nie.[50] Trouens, die B.S.G. het daarin geslaag om hierdie bepaling baie diplomaties te omseil deur die betrokke landdros of veldkornet in wie se gebied hulle van voorneme was om 'n sendingstasie te stig, se toestemming te verkry om 'n Bantoe-opperhoof te besoek, en dan by die Bantoe-opperhoof daarop aan te dring om die Regering te nader om 'n sendeling na sy gebied te stuur.[51] In die meeste gevalle kon die Bantoe-opperhoofde nie lees of skryf nie en die sendelinge het dan hulle aansoek om 'n sendeling vir hulle op skrif gestel.[52]

Ten slotte is J. Richter in 1924 van mening dat alhoewel hierdie "Maatregelen" aan die Boere die mag verleen het om die sendingwerk gevoelig aan bande te lê, daar nogtans 'n groot sendingonderneming ontwikkel het.[53]

50. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 81; W. L. Maree: *Lig in Soutpansberg*. (Die Sendingwerk van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Transvaal, 1863–1963.), p. 26.
51. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 82.
52. Kyk S.S. 61: R969/64, H. Grützner doen namens die opperhoof Mapela aansoek vir 'n sendeling, d.d. Mapela, 24.10.1864; B.A.: E. B. Beyer doen namens die opperhoof Matscheoko aansoek vir 'n sendeling, d.d. Blauberg, 23.3.1868.
53. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 215.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 3

DIE BESTUUR, ORGANISASIE EN BELEID VAN DIE BERLYNSE SENDINGGENOOTSKAP IN TRANSVAAL

1. Die Tydperk van Direkte Beheer, 1860–7

Die bestuursvorm wat in swang was toe die B.S.G. in 1860 met sendingwerk in Transvaal begin het, kan omskryf word as direkte beheer. Hiermee word verstaan 'n bestuursvorm waarvolgens die Komitee direk vanuit Duitsland die werksaamhede op die sendingveld beheer het. Ten einde hierdie bestuursvorm in die praktyk toe te pas, het Wallmann die Suid-Afrikaanse sendingveld in verskillende streke verdeel. So was daar onder andere die sendingstreke van Brits-Kaffraria (Transkei), Natal, Kaap en Oranje-Vrystaat. Elke sendingstreek het 'n konferensie (*Konferenz*) gevorm, en so 'n konferensie moes ten minste twee keer per jaar onder voorsitterskap van die streek se mees senior sendeling vergader.[1] Daar moet egter op gelet word dat hierdie konferensies geen bindende besluite kon neem nie. Ten spyte hiervan het die konferensies wel 'n belangrike funksie vervul. Dit het die Komitee in Duitsland vertroud gemaak met die bevindings en voorstelle van die sendelinge en hom in staat gestel om, na aanleiding van die sogenaamde konferensieprotokolle, 'n sendingbeleid te formuleer. Die protokolle het tegelykertyd vir die Komitee as barometer gedien aangesien dit grootliks 'n aanduiding van die vordering van die sendingwerk gegee het.[2]

Toe die sendingwerk na Transvaal uitgebrei het, is die direkte beheer as bestuursvorm ook daar van toepassing gemaak. In Transvaal is direkte beheer egter as gevolg van die groot afstand tussen Duitsland en Transvaal later as onprakties bewys. Merensky en Grützner het van die Komitee opdrag ontvang om 'n sendingstasie onder die Swazi's aan te lê,[3] maar skynbaar het die Komitee nooit rekening gehou met die moontlikheid dat die Swazi's kon weier om sendelinge te ontvang nie. Gevolglik het die Komitee nie 'n alternatiewe sendingveld aan die sendelinge toegewys nie. Merensky en Grützner was dus streng gesproke verplig om, indien die Swazi's verlof sou weier, te wag dat die Komitee hulle terugroep Duitsland toe, of 'n nuwe opdrag aan hulle gee.

Aangesien Transvaal net soos die ander streke 'n sendingkonferensiestreek gevorm het, kon die twee sendelinge wanneer hulle in konferensie gaan sekere aanbevelings aan die Komitee maak. Soos reeds daarop gewys, kon die Komitee egter die aanbevelings van die hand wys, en as gevolg hiervan kon die sendelinge vir alle praktiese doeleindes slegs binne die raamwerk van die Komitee se besluite en opdragte optree. Gesien in die lig hiervan is Merensky, wat as senior sendeling die voorsitter (*praesis*) van die konferensie in Transvaal was, vanweë die weiering van die Swazi's om sendelinge by hulle toe te laat, letterlik magteloos gelaat kragtens direkte beheer. Enige beslissing wat hy hierna sou neem, was onderworpe aan die goedkeuring van die Komitee en omdat briewe tussen Berlyn en Lydenburg in die Zuid-Afrikaansche Republiek, waar die sendelinge hulle na hulle mislukte Swazisending voorlopig gevestig het, vier maande geneem het om hulle bestemming te bereik, sou die sendelinge gevolglik vir ten minste agt maande moes wag op opdragte van die Komitee.[4]

Merensky het dus nou voor die situasie te staan gekom waar hy òf op eie verantwoordelikheid, en dus sonder toestemming van die Komitee, na 'n ander sendingveld kon soek en met hierdie optrede die Komitee voor 'n voldonge feit stel, òf by die Komitee kon aanbeveel dat hulle 'n ander sendingveld aanwys en dan wag vir 'n

1. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 157; Onderhoud gevoer met biskop D. W. Giesekke van die "Transvaal Regional Kirche" voorheen B.S.G.
2. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, pp. 156–61 asook pp. 173–5.
3. Kyk Hfst. 4, afd. 2.
4. H. T. Wangemann: *Maléo en Sekoekoeni*, p. 31.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

beslissing van die Komitee. Die tweede moontlikheid wat hier genoem word, sou trouens die mees korrekte en vir die Komitee aanvaarbare optrede wees omdat dit in ooreenstemming met die beleid van direkte beheer was. Merensky het egter besluit om op eie verantwoordelikheid 'n ander sendingveld te gaan soek en die Komitee daarna in kennis te stel.

Met die oog op die omstandighede soos hierbo uiteengesit sou verwag kon word dat die Komitee nie Merensky se optrede sou goedkeur nie, maar aangesien die voorsitter van die Komitee, Leopold von Gerlach, ten gunste van uitbreiding van die B.S.G. se werksaamhede na die Zuid-Afrikaansche Republiek was, is Merensky se optrede goedgekeur.[5] Onder direkte beheer kon die sendelinge hoegenaamd geen finale beslissings neem nie. Ondanks genoemde feite het die *praesis* van 'n konferensie tog 'n sekere mate van invloed gehad waarmee hy selfs die Komitee in Duitsland in 'n sekere rigting kon stuur. Daar moet in gedagte gehou word dat die Komitee, soos reeds daarop gewys is, hoë eise aan hulle sendelinge gestel het en gevolglik ook groot vertroue in hulle gehad het.[6] Daarom was die Komitee bereid om die menings van hulle sendelinge in ag te neem. Trouens, die sendelinge was die persone wat die toestande en omstandighede op die sendingveld die beste geken het, en sodoende ook in staat was om te kon oordeel oor wat gedoen moes word. Die Komitee het hiermee rekening gehou en hulle derhalwe deur die aanbevelings van die *praesis* laat lei. Direkte beheer het dus geensins geïmpliseer dat die Komitee eenvoudig 'n onbuigbare beleid vasgelê het wat deur die sendelinge gevolg moes word nie. Die grootste nadeel wat hierdie bestuursvorm ingehou het, was moontlik geleë in die feit dat dit die sendingveld te veel gedesentraliseer het. So byvoorbeeld was Merensky weliswaar *praesis* van die Transvaalse konferensiestreek, maar hy het hoegenaamd geen volmag van die Komitee ontvang om die geldsake van die Genootskap in Transvaal te behartig nie. Dit het meegebring dat hy telkens, wanneer daar geld nodig was, na Bethanie in die Oranje-Vrystaat moes reis, omdat eerw. Wuras die enigste sendeling was wat die geldsake van die B.S.G. in Suid-Afrika kon behartig.[7]

Direkte beheer het goed gefunksioneer toe die sendingveld klein was en daar slegs 'n paar sendelinge werksaam was. Vanweë die uitbreiding wat die B.S.G. in die tydperk 1860–7 ondergaan het, het dit wenslik geword om die bestuur en organisasie van die Genootskap by die uitbreiding te laat aanpas. Die een persoon wat hom die meeste daarvoor beywer het om die bestuur en organisasie van die B.S.G. te verander en as 't ware op datum te bring, was direkteur Wangemann.

2. Die Tydperk van Indirekte Beheer

Soos reeds aangetoon is, het Wangemann die beroep as direkteur van die B.S.G. aanvaar slegs op voorwaarde dat die Komitee hom so spoedig moontlik na Suid-Afrika sou stuur. Verder het Wangemann daarop aangedring dat hy besondere volmag tot optrede van die Komitee moes ontvang.[8] Na aanleiding hiervan het skrywers tot die gevolgtrekking gekom dat Wangemann reeds lank voordat hy as direkteur van die B.S.G. beroep is, ten gunste was van die stelsel van superintendente omrede Wangemann as ywerige voorstander van sendingwerk, nie slegs in noue voeling was met die sending in die algemeen nie, maar met die B.S.G. in besonder en dat dit, "lag [es] in der Struktur der in dem Kirchenboden der östlichen preussischen Provinzen wurzelnden Berliner Mission dass Wangemann geneigt war wieder an die Überlieferung Pehmöllers

5. Kyk S.S. 37: R4362/61, Komitee van die B.S.G. – Regering van die Lydenburgse Republiek d.d. Berlyn, 29.4.1861; H. T. Wangemann: *Maléo en Sekoekoeni*, pp. 1–2.
6. A. Nachtigal: Tagebuch I, 1861–1870, p. 49.
7. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 72.
8. H. T. Wangemann: *Motive und Erläuterungen*, p. 87.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

und Schultheiss' anzuknüpfen und Superintendenten auf dem Missionsfelde einzusetzen".[9]

Wangemann se besoek aan die Suid-Afrikaanse sendingveld het gevolglik meer as 'n blote inspeksiereis geword, want hy wou ter plaatse indirekte beheer as bestuursvorm instel en superintendente aanwys. Hierbenewens wou Wangemann 'n algehele hersiening van die bestuur en organisasie van die B.S.G. teweegbring. As grondslag vir die hersiening het Wangemann sy voorganger, Wallmann, se sendingreglement wat 'n superintendentskapsreglement ingesluit het, geneem.[10] Daarom het hy tydens sy besoek aan Suid-Afrika die *praesis* van elke konferensiestreek as superintendent benoem. Die uitbreiding van die sendingwerk in Suid-Afrika het dit onwenslik gemaak om slegs een superintendent vir die hele sendingveld te benoem en daarom het Wangemann vyf benoem.

In Transvaal het Wangemann tydens die vergadering van die konferensie van sendelinge, wat op 9 Julie 1867 op die sendingstasie Bothšabêlo gehou is, Alexander Merensky benoem as superintendent vir die konferensiestreek Transvaal, en Heinrich Grützner as vise-superintendent.[11] Die superintendent was 'n besondere skakel tussen die Komitee in Duitsland en die sendingveld. Gevolglik het die superintendent sekere magte van die Komitee ontvang wat hom in staat gestel het om na behore toesig te hou oor die werk van die Genootskap in sy bepaalde streek.

3. Die Superintendent

Aangesien die superintendent die skakel tussen die Komitee en die sendingveld was, was sy belangrikste taak gewis die feit dat hy te alle tye absoluut op die hoogte moes bly met elke vertakking van die sendingwerk in sy konferensiestreek. Dit kon hy alleenlik doen deur alle sendingstasies gereeld te besoek en hom sodoende op die hoogte van sake te hou. Hierbenewens moes die superintendent sorg dra dat hy, deur 'n studie te maak van al die sendelinge se dagboeke, kwartaal- en jaarverslae, die Komitee met voorstelle kon voorsien, wat dan deur die Komitee as riglyn vir die formulering van 'n behoorlike sendingbeleid gebruik kon word.[12] As skakel tussen die Komitee en die sendingveld was die superintendent ook verantwoordelik vir die sendelinge, en gevolglik het hy sekere magte van die Komitee ontvang wat hom in staat gestel het om sy taak na behore uit te voer.

Die superintendent was verantwoordelik vir die persoonlike gedrag van elke sendeling en kon, indien omstandighede dit geverg het, 'n sendeling voorlopig skors. Hierbenewens was die superintendent ook by magte om 'n sendeling, wat tydelik geskors was, se salaris met die helfte op te skort tot tyd en wyl die Komitee 'n beslissing met betrekking tot so 'n skorsing gemaak het. Sou die Komitee bevind dat 'n sendeling se skorsing opgehef moes word, was die superintendent verplig om dié gedeelte van 'n sendeling se salaris wat teruggehou was, weer uit te betaal.[13] Die superintendent was egter nie by magte om 'n sendeling uit die diens van die Genootskap te ontslaan nie; dit was die alleenreg van die Komitee,[14] maar desnieteenstaande het die superintendent 'n mandaat van die Komitee ontvang om oor sy belange op die sendingveld te waak. Dit lê dus voor die hand dat die optrede van superintendente nie altyd die volle goedkeuring van die sendelinge sou wegdra nie. So het die hersiening van die superinten-

9. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 186.
10. In 1859 het Wallmann 'n superintendentskapsreglement opgestel die sg. "Anweisung für Missionare", maar die betrokke stuk kon egter nie opgespoor word nie.
11. H. T. Wangemann: *Motive und Erläuterungen*, pp. 87–8; Kyk ook H. T. Wangemann: *Ein Reise-Jahr in Südafrika.* (Ausführliches Tagebuch über eine in den Jahren 1866 und 1867 ausgeführte Inspectionsreise durch die Missions-Stationen der Berliner Missionsgesellschaft.), p. 3.
12. H. T. Wangemann: *Motive und Erläuterungen*, p. 99; *Berliner Missionsberichte, 1880*, p. 168.
13. *Berliner Missionsberichte, 1880*, p. 169; H. T. Wangemann: *Motive und Erläuterungen*, p. 99.
14. H. T. Wangemann: *Motive und Erläuterungen*, p. 99.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dentskapsreglement in 1879 groot ontevredenheid onder sommige sendelinge in Transvaal uitgelok.

Die hersiene superintendentskapsreglement het in drie belangrike opsigte van die bestaande reëling verskil. Benewens die feit dat die nuwe reëling, as gevolg van die toenemende uitbreiding van die sendingwerk, voorsiening gemaak het vir 'n grootskaalse benoeming van superintendente, is daar bepaal dat die superintendent voortaan deur 'n sinode bygestaan moes word. Die sendelinge het ook die reg ontvang om na gelang van die behoefte die superintendent te versoek om 'n sinodesitting te belê.[15] Ofskoon hierdie veranderings ten opsigte van die superintendentskapsreglement belangrik was, kan dit nie as ingrypend beskou word nie, en daar is beslis geen verdere magte aan die superintendent opgedra nie. Nogtans het etlike sendelinge hulle teen hierdie nuwe superintendentskapsreglement verset en in Transvaal het vier sendelinge beswaar teen die nuwe reëling aangeteken. Die beswaar het voortgespruit uit die feit dat die superintendent vertroulike verslae aan die Komitee gestuur het en dat die sendelinge geen insae hierin gehad het nie.

Eerw. Otto Sachse, van die sendingstasie Neu-Halle, was die eerste sendeling wat geweier het om hom aan hierdie nuwe reglement te onderwerp. Sachse het beweer dat die aanvaarding van die nuwe reglement die sendelinge op 'n onwaardige wyse sou bind daar hulle nie insae in die verslae ontvang het nie.[16] Die feit dat die sinode die mag gehad het om enige besluit van die superintendent teen te staan in gevalle waar die sendelinge nie met die superintendent saamgestem het nie, het Sachse geensins tevrede gestel nie daar dit geen insae in die verslae verseker het nie en gevolglik het dit ook nie sy besware uit die weg geruim nie. Sachse het die standpunt bly huldig dat die sendelinge volgens die nuwe superintendentskapsreglement hoegenaamd geen vryheid van optrede sou hê nie. Sachse het daarop aangedring dat die superintendent se verslae oor die sendelinge, wat aan die Komitee voorgelê word, eers aan die betrokke sendeling voorgelê moes word alvorens dit na die Komitee deurgestuur word.[17] Die Komitee kon nie aan hierdie eis van Sachse voldoen nie, omdat die inligting wat die superintendent oor 'n bepaalde sendeling aan die Komitee gestuur het as vertroulik beskou is.[18]

Onder hierdie omstandighede het Sachse blykbaar nie sy weg oop gesien om langer in die diens van die B.S.G. te bly nie, en het hy sonder om enige verduideliking in verband met die nuwe superintendentskapsreglement van die Komitee te ontvang, vir superintendent Merensky in kennis gestel dat hy van voorneme was om die diens van die B.S.G. te verlaat.[19] Merensky het Sachse gemaan om nie 'n oorhaastige besluit te neem nie en om eers die nuwe superintendentskapsreglement deeglik te bestudeer, en dan te wag totdat hy en Merensky die hele aangeleentheid kon bespreek.[20] Of daar ooit 'n samespreking tussen Merensky en Sachse plaasgevind het, kan nie met sekerheid vasgestel word nie, en uit die beskikbare gegewens blyk dit slegs dat Sachse op 31 Oktober 1879 vrywillig uit die diens van die B.S.G. bedank het.[21] Gedurende die daaropvolgende jaar het ten minste nog twee sendelinge, eerww. E. B. Beyer van die sendingstasie Modimulle en T. Regler van Moletše om dieselfde rede as Sachse uit die diens van die B.S.G. bedank.[22]

Uit omstandigheidsgetuienis kom veral twee sake met betrekking tot hierdie nuwe superintendentskapsreglement na vore. Dit wil eerstens voorkom asof sendelinge soos Sachse en ander om een of ander rede gevrees het dat Merensky sy posisie as super-

15. H. T. Wangemann: *Motive und Erläuterungen*, p. 89.
16. *Berliner Missionsberichte, 1880*. p. 167.
17. *Berliner Missionsberichte, 1880*, p. 167.
18. *Berliner Missionsberichte*, 1880, pp. 167–8.
19. E.A.: A. Merensky – Medesendelinge, d.d. Bothšabêlo, 7.3.1879.
20. E.A.: A. Merensky – Medesendelinge, d.d. Bothšabêlo, 7.3.1879.
21. Berliner Missions Archiv (B.M.A.): Personalakten, O. Sachse; *Berliner Missionsberichte, 1880*, p. 167.
22. B.M.A.: Personalakten, T. Regler; E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 343.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

intendent tot hulle nadeel sou misbruik. In sy afskeidsbrief aan sy medesendelinge meld Merensky weliswaar die feit dat hy ten tye van die inwerkingstelling van die nuwe superintendentskapsreglement slegs die steun van enkele medesendelinge geniet het.[23] Die vermoede bestaan verder dat die noue familiebande tussen Wangemann en Merensky, hulle was swaers, 'n invloed op die sendelinge se houding ten opsigte van hierdie reglement gehad het. Daar kan egter geensins met sekerheid vasgestel word of dit wel die geval was nie.

Tweedens wil dit voorkom asof direkteur Wangemann deur die superintendente indirek sy eie gesag oor die sendelinge wou uitbrei, want volgens eerw. A. Nachtigal, wat reeds in 1875 uit die diens van die B.S.G. bedank het, sou hierdie nuwe superintendentskapsreglement aan sowel superintendent as direkteur feitlik onbeperkte magte gegee het. Hy het selfs van die reëling gepraat as 'n juk waaronder die sendelinge in die toekoms gebuk sou moes gaan.[24] Nachtigal beweer selfs dat superintendent H. Grützner van die Oranje-Sinode by geleentheid sou gesê het dat die nuwe superintendentskapsreglement aan Wangemann pouslike gesag sou gegee het.[25] Hoewel die rede waarom hulle met die reglement ontevrede was nie genoem word nie wil dit tog voorkom asof hulle dit teen die vertroulike verslae gehad het.

Desnieteenstaande hierdie besware het die instelling van superintendente tog op die lange duur die B.S.G. tot groot voordeel gestrek, want hierdie stelsel het die sendingveld gekonsolideer tot 'n groter eenheid as wat onder direkte beheer moontlik was.[26] Teoreties het die superintendent wel 'n posisie beklee wat tot misbruik van mag kon lei, maar dan moet onthou word dat die superintendent as sendeling en Christen sekerlik slegs die beste bedoelings vir die Genootskap en sy medesendelinge nagestreef het.

Die grootskaalse uitbreiding van die sendingwerk van die B.S.G. in Transvaal het tot gevolg gehad dat daar in Oktober 1878 'n tweede superintendent, eerw. Carl Knothe, benoem is.

4. Die Sinode

Ten spyte van die feit dat direkte beheer reeds in 1867 afgeskaf is, het Wangemann nie terselfdertyd met die konferensies van sendelinge weggedoen nie. Daarom het die konferensiesittings na 1867 nog steeds bly funksioneer, en kan daar tereg gesê word dat daar onder indirekte beheer nog sekere aspekte van direkte beheer bly voortbestaan het. Streng gesproke is daar slegs 'n geringe verskil tussen 'n konferensie en 'n sinode wat die bestuur en organisasie van die B.S.G. betref. Hoewel daar eers in 1875 sinodes ingestel is, het Wangemann reeds in 1867 na die konferensies as sinodes verwys. Die vermoede bestaan egter dat hy die term sinode slegs gebruik het om hom in sy onderhandelinge met die Zuid-Afrikaansche Republiek verstaanbaar te maak.[27]

Die sinode het op feitlik dieselfde wyse as die konferensie gefunksioneer. Die grootste verskil tussen die twee lê daarin opgesluit dat die status van die *praesis* na 1867 verander het. Met die instelling van indirekte beheer het die *praesis* van die konferensie ook die superintendent geword. Gevolglik was konferensie en sinode tot en met die instelling van die sinode in 1875 na regte sinoniem. Eers met die ontwerp van die nuwe sinodale reglement in 1878 het die sinode as sodanig 'n eie vorm aangeneem.[28] Daar moet egter op gelet word dat die sinodes van die B.S.G. nie dieselfde as die

23. Merensky het die diens van die B.S.G. aan die einde van 1881 verlaat. Kyk B.A.: Merensky se afskeidsbrief, d.d. Bothšabêlo, 28.12.1881.
24. A. Nachtigal: Tagebuch II, p. 159.
25. A. Nachtigal: Tagebuch II, p. 159.
26. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 187.
27. Kyk S.S. 89: R735/67, H. T. Wangemann – President en Uitvoerende Raad, d.d. Pretoria, 20.7.1867. Hier praat Wangemann nie van die konferensie van die B.S.G. nie, maar wel "van onze Sijnode in de Republiek".
28. H. T. Wangemann: *Motive und Erläuterungen*, p. 88.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sinodes van die Ned. Geref. of Ned Herv. Kerke was nie. Streng gesproke het die sinodes van die B.S.G. in die periode van ondersoek nooit die werklike betekenis van die woord, te wete die hoogste kerklike gesag, behels nie. Die rede hiervoor moet gesoek word in die feit dat die sinodes van die B.S.G. geen leke-element bevat het nie.

Die Komitee van die B.S.G. was, trouens, van mening dat, aangesien hulle 'n sendinggenootskap was en dus nog geen selfstandige kerk nie, die leke-element eers opgevoed moes word tot sinodale deelname. Gevolglik het slegs sendelinge die sinodesitting van die B.S.G. bygewoon en was die sinode dus eerder 'n liggaam vir die sendingkerk as wat dit 'n liggaam ván die sendingkerk was.[29] Hoewel Bantoegemeentelede die sendelinge na die sinodes vergesel het, was hulle nie toegelaat om aan die sinodesitting self deel te neem nie, en is slegs in staat gestel om van die sinodebesluite kennis te dra.[30]

Net soos in die geval van die konferensie, was dit ook die primêre doel van die sinode om aan die sendelinge 'n geleentheid te bied om oor gemeenskaplike aangeleenthede te beraadslaag. Die sinode het terselfdertyd ook aan die superintendent 'n geleentheid gebied om met sy medesendelinge oor algemene sake te gesels en aan hulle die beleid en opdragte van die Komitee bekend te maak. Verder het die sinode die reg gehad om enige besluit van die superintendent waarmee hulle nie saamgestem het nie teen te staan en of daaroor te stem. Sodoende "hat die Synode auch die Aufgabe dem Superintendenten eine Schranke zu sein".[31]

Sinodale besluite was nooit bindend alvorens die Komitee in Duitsland nie eers die besluite bekragtig het nie. In die praktyk het die Komitee die wense en behoeftes van die sinode in ag geneem en het sover moontlik uitvoering aan die wense van die sinode gegee. Die Komitee het egter sorg gedra dat alle beleidsake deur hulle behartig word.[32]

Die samestelling van 'n aparte sinodale komitee, wat bestaan het uit sendelinge wat die naaste aan die sinodale hoofkwartier werksaam was, het die taak van die superintendent vergemaklik deurdat hierdie komitee verhoed het dat die werksaamhede van die superintendent tussen die sinodesittings vertraag word.[33] Die sinodale komitee het ook verhoed dat 'n superintendent tussen die sinodesittings besluite op eie verantwoordelikheid neem. Die sinodale komitee het dus toegesien dat daar kontinuïteit in die werksaamhede van 'n sinodale streek was.

In Oktober 1878 is die sendingveld in twee sinodale streke verdeel.[34] Aangesien die grootste uitbreiding van die sendingwerk in Noord-Transvaal geskied het, het die Komitee besluit dat die sendingstasies vanaf Modimulle in die distrik Waterberg tot en met Georgenholtz in die distrik Soutpansberg, die sinodale streek Noord-Transvaal sou vorm. Die sendingstasies vanaf Xa Matlala, in die distrik Waterberg, suidwaarts tot by Potchefstroom sou die sinodale streek Suid-Transvaal vorm.[35]

Die verdeling van die Transvaalse sendingveld in twee sinodale streke het tot gevolg gehad dat elke streek grootliks onafhanklik van die ander streek gefunksioneer het. Hoewel die Komitee in Duitsland die sterkste saambindende faktor tussen die twee sinodale streke was, was daar tog ook probleme wat albei hierdie streke in gemeen gehad het en dit sou gevolglik volkome foutief wees om die verdeling as 'n algehele skeiding te beskou. Dit was veel eerder 'n blote bestuurs- en organisatoriese verdeling wat daarop gemik was om die sendingveld meer effektief te bestuur. Derhalwe is dit voor die hand liggend dat daar voorsiening gemaak is vir sinodesittings wat albei die streke bymekaargebring het. Met die uitsondering van die sendingstasie te Potchefstroom en die drie stasies onder die Ba Venda in Noord-Transvaal, het al die sende-

29. H. T. Wangemann: *Motive und Erläuterungen* p. 100.
30. H. T. Wangemann: *Ein zweites Reisejahr in Süd-Afrika*, p. 287.
31. H. T. Wangemann: *Motive und Erläuterungen*, p. 101.
32. H. T. Wangemann: *Motive und Erläuterungen*, p. 101.
33. H. T. Wangemann: *Motive und Erläuterungen*, p. 102.
34. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, pp. 268–9.
35. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, pp. 307 en 405; W. Gründler: *Hundert Jahre Berliner Mission*, p. 91.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

linge die evangelie aan die Bantoes deur 'n min of meer eenvormige Sotho-dialek verkondig.[36] Gesien in hierdie lig was dit feitlik vanselfsprekend dat die sendelinge voortdurend 'n behoefte gevoel het om onderling te konfereer.

Gedurende die tydperk 1878–1900 het daar twee gesamentlike sinodesittings plaasgevind wat juis hierdie behoefte tot onderlinge samewerking sterk beklemtoon het. Tydens hierdie sinodesittings het die klem op gesamentlike probleme geval wat sodoende die eenheid van die sendingwerk, ten spyte van die verdeling in twee sinodale streke, bevestig het. Die eerste van die twee gesamentlike sinodes, wat in 1885 plaasgevind het, was in die strengste sin van die woord veel meer as 'n sinodesitting, aangesien die direkteur van die B.S.G. teenwoordig was en as *praesis* opgetree het, en wel as *praesis* met uitvoerende mag aangesien hy volmag van die Komitee ontvang het. Daar kan dus gesê word dat die Komitee van die B.S.G., verteenwoordig deur sy direkteur, 'n sinodesitting belê en tegelyk die besluite van die sinode uitgevoer het. Streng gesproke was dit dus 'n afwyking van indirekte beheer. Die tweede gesamentlike sinode wat in 1895 plaasgevind het, het die karakter van 'n gewone sinodesitting gehad met dié verskil dat dit 'n gesamentlike sinodesitting van albei die sinodale streke was.

5. Die Gesamentlike Sinodes van 1885 en 1895

Tydens dr. Wangemann se tweede besoek aan Suid-Afrika in 1884 tot 1885 was die sendingwerk in Transvaal reeds so geweldig uitgebrei dat daar probleme met betrekking tot die hele Genootskap in dié gebied ontstaan het. Die grootste probleem waarmee die B.S.G. te kampe gehad het, het betrekking gehad op die posisie van die 26 Bantoe-evangeliste in diens van die Genootskap.[37] Die vraag het veral by Wangemann ontstaan of dit nie reeds die aangewese tyd was om hierdie Bantoe-evangeliste tot volwaardige pastore van die Evangeliese Lutherse Kerk te orden nie. Sommige van hierdie Bantoe-evangeliste, soos Timotheus Sello, het reeds op verskeie buiteposte van die Genootskap die werk van pastore verrig, maar omdat hulle nog nie georden was nie was hulle nie toegelaat om die sakramente te bedien nie. Die logiese weg, volgens Wangemann, was om etlike van hierdie evangeliste te orden, en op hierdie wyse nie slegs die taak van die sendelinge te vergemaklik nie, maar ook om te begin met die proses van selfstandigwording van die onderskeie sendinggemeentes.[38]

Hierbenewens was daar talle ander probleme waarmee die twee sinodale streke in Transvaal te kampe gehad het. Daar was die probleem van 'n eenvormige liturgie, die verhouding tussen die B.S.G. en die sending van die Nederduitse Gereformeerde en Wesleyaanse Kerke, die gebruik van "Kafferbier" deur gemeentelede van die B.S.G. en die probleem in verband met buitewerk en lewering van dienste, soos byvoorbeeld die landboubedryf en mediese beroep wat streng gesproke niks met die sendingwerk as sodanig te doen gehad het nie, maar wat wel deur sommige sendelinge beoefen is. Om hierdie probleme die hoof te kon bied, is daar besluit om vanaf 14 tot 22 Maart 1885 'n gesamentlike sinodebesitting op die sendingstasie Modimulle te belê.[39] Die probleme is in die vorm van referate op die sinode bespreek.

Ofskoon die sendingreglement bepaal het dat sendelinge vóltyds hulle aandag aan sendingwerk moes gee,[40] het dit nogtans voorgekom dat enkele sendelinge ook dienste as geneeshere verrig het, iets wat streng gesproke ingedruis het teen die bepaling van die sendingreglement. Aangesien hierdie dienste egter in baie gevalle die sendingwerk bevorder het, was die sinode van mening dat die toepassing van die sendingreglement

36. *Berliner Missionsberichte, 1895*, p. 343.
37. G. Sauberzweig-Schmidt: *Die Festwoche zu Waterberg-Modimulle*, p. 17; H. T. Wangemann: *Ein zweites Reisejahr*, p. 286.
38. G. Sauberzweig-Schmidt: *Festwoche*, p. 17.
39. *Berliner Missionsberichte, 1886*, pp. 363–4; B.A. *Stationschronik, Modimulle*, p. 4.
40. H. T. Wangemann: *Motive und Erläuterungen*, pp. 32–3.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

oordeelkundig moes geskied. Gevolglik moes toestemming tot die verrigting van mediese dienste, asook die oprigting van winkels op die sendingstasies, of ander pligte wat die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek die sendelinge mag oplê, verleen word.[41]

Wat betref 'n eenvormige liturgie wat tydens eredienste deur al die sendelinge van die Genootskap gebruik moet word, het die superintendent van Noord-Transvaal, C. Knothe, daarop gewys dat aangesien verskillende gemeentes verskillende liturgieë gebruik het, dit tot groot verwarring aanleiding gegee het. Gevolglik het die Sinode besluit dat daar in die toekoms 'n eenvormige liturgie, veral met betrekking tot die nagmaalviering, gebruik moes word. Wangemann sou by sy terugkeer in Duitsland die Komitee versoek om 'n eenvormige liturgie op te stel en aan die sendelinge beskikbaar te stel, waarna dit van alle sendelinge verwag sou word om hulle eredienste volgens die eenvormige liturgie te laat verloop.[42]

Die belangrikste aangeleentheid wat op die sinode ter sprake gekom het, het gehandel oor die vraag of dit wenslik sou wees om die getal Bantoe-evangeliste en -onderwysers uit te brei, en of sekere Bantoe-evangeliste georden moes word al dan nie. Aangesien die sendingwerk so geweldig uitgebrei het, dat dit vir 'n enkele sendeling haas onmoontlik was om die talle buiteposte van sy sendingstasie na wense te versorg, het die sinode ten gunste van uitbreiding besluit. Na aanleiding hiervan is verder besluit dat die tyd wel ryp was om die twee Bantoe-evangeliste, Timotheus Sello van Noord-Transvaal en Martinus Sewušhane van Suid-Transvaal, te orden.[43] Laasgenoemde besluit was nie slegs die belangrikste wat op die sinode geneem is nie, maar soos aangetoon sal word, was dit dié besluit wat die verreikendste invloed op die sendingwerk van die B.S.G. in Transvaal gedurende die negentiende eeu gehad het.[44]

Wat betref die verhouding tussen die B.S.G. en die sending van die Ned. Geref. Kerk, die Wesleyaanse Kerk, en, tot 'n mindere mate, die Hermannsburgse Sendinggenootskap, het die sinode besluit om aan eerw. Knothe, in sy hoedanigheid as superintendent van Noord-Transvaal, die opdrag te gee om alle wrywingspunte tussen die B.S.G. en die reeds genoemde sendinggenootskappe, wat onder andere oor die werksaamhede van die Bantoe-evangeliste gehandel het, sover moontlik uit die weg te ruim.[45]

Die gebruik van sterk drank onder die Bantoes, met inbegrip van die bekende Bantoebier, het 'n hewige debat in die sinode tot gevolg gehad. Trouens, oor hierdie punt was die sinode in twee duidelike kampe verdeel; aan die een kant was daar die groep wat die matige gebruik van Bantoebier tydens feesgeleenthede soos 'n bruilof as geoorloof beskou het, aan die ander kant was daar die groep wat gekant was teen die gebruik van alkoholiese drank van watter aard ook al – gevolglik ook Bantoebier.[46] Omdat daar geen eensgesindheid oor hierdie aangeleentheid verkry kon word nie het die sinode aan die hand gedoen dat Knothe die Bantoe-evangeliste se mening hieroor moes inwin. Op hierdie wyse is die Bantoes vir die eerste keer in die geleentheid gestel om indirek deel te neem aan 'n sinodesitting. Aangesien die meerderheid Bantoe-evangeliste ten gunste van 'n algehele verbod op die gebruik van sterk drank was, met inbegrip van Bantoebier, het Knothe hulle versoek om die gebruik van drank onder hulle gemeentelede sowel as die ander Bantoes te ontmoedig.[47] Na aanleiding van die standpunt wat die Bantoe-evangeliste ingeneem het, het die sinode 'n drieledige besluit met betrekking tot die gebruik van drank geneem. Die vervaardiging asook die gebruik van gegiste Bantoebier is heeltemal verbied en indien 'n gemeentelid hierdie verbod sou

41. G. Sauberzweig-Schmidt: *Festwoche*, p. 11; H. T. Wangemann: *Ein zweites Reisejahr*, p. 283.
42. H. T. Wangemann: *Ein zweites Reisejahr*, p. 284.
43. G. Sauberzweig-Schmidt: *Festwoche*, p. 17.
44. Kyk Hfst. 6, afd. 3.
45. H. T. Wangemann: *Ein zweites Reisejahr*, p. 285.
46. H. T. Wangemann: *Ein zweites Reisejahr*, p. 285.
47. H. T. Wangemann: *Ein zweites Reisejahr*, p. 287.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

oortree, sou hy onder kerklike tug geplaas word. Tweedens is daar besluit dat die matige gebruik van ongegiste Bantoebier wel toelaatbaar was; derdens het die sinode besluit dat die oormatige gebruik van ongegiste Bantoebier eweneens 'n oortreding was, en gevolglik sou kerklike tug ook in sulke gevalle toegepas word.[48]

Op Sondag, 22 Maart 1885, het die gesamentlike sinode op Modimulle sy hoogtepunt bereik toe die direkteur van die B.S.G. tydens die oggenderediens Timotheus Sello en Martinus Sewušhane as pastore van die Evangeliese Lutherse Kerk georden het en daarmee 'n belangrike mylpaal in die ontwikkeling van die B.S.G. bereik het.[49]

In teenstelling met die sinode van 1885, waartydens die hele wese en toekoms van die B.S.G. in Transvaal onder die soeklig geplaas is, het die gesamentlike sinode wat vanaf Mei tot Junie 1895 onder voorsitterskap van die Suid-Transvaalse superintendent, Carl Nauhaus, op Bothšabêlo gehou is, aangeleenthede van 'n suiwer huishoudelike aard bespreek. Veral twee sake het Nauhaus van die wenslikheid om 'n gesamentlike sinode te belê, oortuig. Eerstens was daar sterk sprake dat Wet no. 11 van 1887, die sg. Plakkerwet, op sendingstasies van toepassing gemaak sou word,[50] en tweedens het die wenslikheid om die sendingwerk na Transvaalse dorpe uit te brei dringende aandag geverg.[51]

Die belangrikste besluit wat hierdie sinode egter geneem het, en wat later deur die Komitee in Duitsland bekragtig is, was dat die twee seminaries, Bothšabêlo vir Suid-Transvaal en Mp'hôme vir Noord-Transvaal, in een seminarie omskep moes word. Die sinode was die mening toegedaan dat die Genootskap, en gevolglik ook sy sendingwerk, daarby sou baat om slegs een groot seminarie in plaas van twee klein seminaries te onderhou.[52]

Die sinode, die sinodale komitee en die superintendent kan beskou word as die kern waarom die bestuur en organisasie van die B.S.G. in Transvaal gedraai het. Ten spyte van die feit dat die Komitee in Duitsland die hoogste gesag beklee het, het die plaaslike bestuursmiddele sonder twyfel 'n belangrike aandeel in die ontwikkeling en groei van die B.S.G. gehad. In Transvaal het die superintendente Merensky, Nauhaus, Knothe en Krause deur organisatoriese aanleg die sendingwerk oor die hele Suid- en Noord-Transvaal uitgebrei wat die B.S.G. een van die sterkste en invloedrykste genootskappe in die gebied gemaak het.

48. G. Sauberzweig-Schmidt: *Festwoche*, p. 20.
49. H. T. Wangemann: *Ein zweites Reisejahr*, p. 292.
50. Kyk Hfst. 8, afd. 4.
51. B.A.: Sinodale Protokolle Suid-Transvaal, Protokol 23 Mei tot 7 Junie 1895.
52. B.A.: Sinodale Protokolle Suid-Transvaal, Protokol 23 Mei tot 7 Junie 1895; J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 270.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 4

DIE VESTIGING VAN DIE SENDINGWERK IN TRANSVAAL TYDENS DIREKTE BEHEER, 1860–7

1. Waarom Transvaal as Sendingveld?

Teen 1860 was die Berlynse Sendinggenootskap reeds geruime tyd onder die Kleurlinge in die Kaapkolonie, die Koranas in die Oranje-Vrystaat, die Zoeloes in Natal en die Xhosas in Brits-Kaffraria (Transkei) werksaam. Die sendingwerk onder die Kleurlinge en die Koranas het min vordering getoon, aangesien hierdie bevolkingsgroepe baie moeilik tot lewenskragtige gemeentes uitgebou kon word. Die werk onder die Xhosas en Zoeloes is bemoeilik as gevolg van twee faktore, te wete die onvermoë van die sendelinge om die stamverband te verbreek en sodoende met die evangelie tot die kern van die stam deur te dring. Tweedens, het daar so 'n sterk wedywering tussen die verskeie sendinggenootskappe ontstaan dat dit vir een sendinggenootskap feitlik onmoontlik was om sy besondere stempel op die sendingwerk af te druk of om alleen 'n besondere gebied as arbeidsterrein te bewerk.[1]

Hierteenoor het Transvaal as sendinggebied teen 1860 nog feitlik volkome braak gelê, en hoewel die B.S.G. bewus was van die groot sendingmoontlikhede wat Transvaal met sy talle Bantoestamme gebied het, het die Komitee nogtans gevoel "dass die Verhältnisse in Transvaal zu ungeordnet seien, um zum Beginn der Missionsarbeit einzuladen".[2]

Die aanwesigheid van etlike Bantoestamme ten noorde van die Vaalrivier is vir die eerste keer onder die aandag van die B.S.G. gebring deur Franse en Wesleyaanse sendelinge. Die Franse het nòg die geld nòg die mense gehad om daar met sendingwerk te begin,[3] en toe die Wesleyaanse Sendinggenootskap in 1844 met sendingwerk onder die Swazi's begin het, wou dit voorkom asof hulle poging met veel sukses bekroon sou word. Na drie jaar egter moes die Wesleyaanse sendeling, eerw. James Allison, as gevolg van die Swazi's se houding teenoor die sendingwerk, die poging om die Swazi's te kersten laat vaar en na Natal terugkeer.[4]

Die aanwesigheid van die Swazi's noord van Natal is gevolglik deur eerw. Allison onder die aandag van die B.S.G. gebring, en aangesien Allison berig het dat daar aan die oostekant van die Drakensberge "miljoene" Bantoes sou wees wat "ryp" was om die evangelie te ontvang, het die inspekteur van die B.S.G., J. C. Wallmann, 'n besondere belangstelling in die Swazi's ontwikkel, omdat hulle volgens Wallmann die naaste etniese verwantskap met die Zoeloes getoon het en dus die sterkste aanspraak op sendelinge van sy Genootskap gehad het.[5]

Eerw. Friedrich Prietsch van die sendingstasie Amalienstein in die Kaapkolonie het na aanleiding van die Skotse sendeling, David Livingstone, se reisbeskrywing *Missionary Travels in Southern Africa* eweneens 'n groot belangstelling in die Bantoes van die Transvaal ontwikkel, en hy het toe hy met verlof in Duitsland was, die Komitee van die B.S.G. versoek om hom op 'n verkenningstog na Transvaal te stuur met die doel om die moontlikheid van sendingwerk aldaar te ondersoek.[6] Wallmann het aan Prietsch se versoek voldoen, en gevolglik is daar besluit dat hy terselfdertyd 'n verkenningstog na die Transvaal sou onderneem en dan tegelyk ook Lydenburg en

1. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 208.
2. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 173.
3. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 173; H. T. Wangemann: *Maléo en Sekoekoeni*, p. 3.
4. J. M. Sales: *The Planting of the Churches in South Africa*, pp. 94 en 133; J. du Plessis: *Christian Missions*, p. 344; A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 11.
5. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, pp. 173–4.
6. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 173.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ohrigstad sou besoek.[7] Toe Prietsch later te kenne gee dat hy nie meer sy weg oop gesien het om so 'n verkenningstog te onderneem nie was Wallmann verplig om na 'n ander persoon te soek wat wel die reis sou onderneem. Wallmann nader Alexander Merensky, wat sedert 1858 in Natal was, en later ontvang Merensky en eerw. Heinrich Grützner opdrag van die Komitee om 'n verkenningstog na die Swazi's te onderneem, en indien moontlik daar met sendingwerk te begin.[8]

2. Die Mislukte Swazi-sending

In Desember 1859 vertrek Merensky en Grützner vanaf eerw. W. Posselt se sendingstasie Christianenburg, naby Durban, na Transvaal. Posselt, 'n uiters gesiene sendeling van die B.S.G., het hulle gemaan om te alle tye getrou aan hulle edele roeping te wees en hulle gewaarsku dat die Boere in Transvaal nie veel agting vir sendelinge gehad het nie, en dat 'n sendeling volgens die Boere "die onbruikbaarste mens wat op aarde leef" sou wees.[9] Hierop was die twee jong sendelinge grootliks voorbereid, aangesien Merensky reeds ten tye van sy aankoms in Kaapstad in 1858, feitlik dwarsdeur Suid-Afrika gereis het en sodoende nie slegs die Boere leer ken het nie, maar ook hul taal en gewoontes aangeleer het.[10]

Op 3 April 1860 het Merensky en Grützner in Lydenburg aangekom en aangesien hulle aankoms met die nagmaalsviering saamgeval het, het dit hulle in die geleentheid gestel om met 'n groot aantal inwoners van die dorp en distrik kennis te maak. Volgens Merensky was hulle aankoms dié gebeurtenis van die dag![11] In die plaaslike predikant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, ds. P. A. C. van Heyningen, het die sendelinge dadelik 'n geesgenoot gevind en aangesien, soos reeds daarop gewys is, ds. Van Heyningen die sendingwerk goedgesind was, het hy vir Merensky en Grützner met raad en daad bygestaan. Merensky is deur Van Heyningen uitgenooi om 'n diens in die Ned. Geref. Kerk waar te neem, en omdat Merensky Nederlands magtig was, het hy die uitnodiging aanvaar. Toe dit egter onder die gemeente bekend geword het dat 'n sendeling die diens in 'n kerkgebou vir blankes sou waarneem, het daar groot ontevredenheid onder sommige gemeentelede ontstaan. Enkeles sou selfs gedreig het om die kansel stukkend te slaan indien Merensky dit sou waag om die diens waar te neem.[12] Gevolglik het sowel Merensky as Van Heyningen dit raadsaam geag om hulle voorneme te laat vaar, waarop Merensky wel aan huis van landdros C. Potgieter 'n diens gelewer het vir diegenes wat die sending goedgesind was.[13]

Op 4 April 1860 het die sendelinge 'n aansoek om sendingwerk onder die Swazi's of omliggende Bantoestamme te mag doen aan die Uitvoerende Raad van die Lydenburgse Republiek gestuur.[14] Inmiddels het die regering te Lydenburg voorlopig aan die sendelinge toestemming verleen om na die Swazi's te mag gaan, op voorwaarde dat hulle geen wapens of ammunisie aan die Swazi's sou verhandel nie.[15] Die reis na die Swazi's se hoofkraal is vertraag as gevolg van die feit dat die Swazi's 'n aanval van die Zoeloes te wagte was, en gevolglik moes Merensky en Grützner by die kraal van die onderhoof Kapoena vertoef tot tyd en wyl die gevaar verby was. Umswaz', die Swazi-opperhoof, was in elk geval nie in sy hoofstat Hocho nie, aangesien hy uit vrees vir die Zoeloes die veiligheid van sy bergvesting opgesoek het.[16] Dit was eers aan die einde van

7. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 173.
8. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 174.
9. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 5.
10. *Berliner Missionsberichte, 1860*, p. 51; A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 4.
11. A. Merensky: *Erinnerungen*, pp. 8–9.
12. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 9.
13. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 9.
14. Kyk Hfst. 2, afd. 2.
15. S.S. 33: R3671/60, A. Merensky – U.R. van Republiek Lydenburg, d.d. Lydenburg, 4.4.1860; A. Merensky; *Erinnerungen*, p. 10.
16. A. Merensky: *Erinnerungen*, pp. 13–14; Vgl. T. S. van Rooyen: *Die Sendeling Alexander Merensky*, p. 116.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

April 1860 dat die reis vanaf Kapoena se kraal na Hocho voortgesit kon word.

Ten spyte van die feit dat Umswaz' hulle met die woorde "Morro Baas" begroet het, het hy meer ag geslaan op 'n skottel vleis wat vir sy honde neergesit is as op die besoekers.[17] Merensky wat Umswaz' nie tydens sy verkenningstog na die Swazi's in Desember 1858 ontmoet het nie, het kortliks die redes vir hulle besoek verduidelik. Umswaz' het egter nie veel van 'n God wat die Swazi's se sondes wou vergewe begryp nie en al wat hy wou weet was of die sendelinge deur 'n koning na hom gestuur is. Na aanleiding hiervan het Merensky aan Umswaz' probeer verduidelik dat die koning van Pruise hulle wel indirek deur die B.S.G. gestuur het, maar hiervan kon Umswaz' begryplikerwys baie min verstaan.[18] Ten einde verdere gewig aan sy betoog te verleen, het Merensky bygevoeg dat Umswaz' se vriende, die Lydenburgse Boere, die sendelinge na hom gestuur het.[19]

Die grootste beswaar wat Umswaz' teen Merensky se verduideliking gehad het, was dat Merensky aan hom presies dieselfde vertel het as wat eerw. Allison reeds tevore aan hom sou vertel het. Volgens Umswaz' was dit juis Allison se verduideliking dat God die Swazi's hulle sondes wou vergewe wat groot verdeeldheid in die Swazistamgeledere tot gevolg gehad het. Nogtans het Umswaz' aan die sendelinge toestemming verleen om naby sy hoofstat, 'n sendingstasie te mag aanlê, op voorwaarde dat hy kon toesien dat geen verdeeldheid teweeggebring word nie.[20]

Hiermee is die onderhoud afgehandel en is Merensky en Grützner na 'n hut begelei waar hulle kon oornag. Dit wil egter voorkom asof Umswaz' meer belangstelling in die sendelinge se gewere en perde getoon het as in hulle begeerte om die Swazi's te kersten, want later dieselfde aand het hy 'n boodskapper na die sendelinge gestuur met die versoek dat hulle hul perde aan hom moes verkoop. Merensky en sy medesendeling kon egter nie aan hierdie versoek voldoen nie, aangesien hulle self die perde nodig gehad het, maar het onderneem om vir Umswaz' perde te koop sodra hulle Lydenburg weer besoek.[21] In daardie stadium was Merensky en Grützner onbewus van die feit dat dit verbode was om perde aan die Bantoes te verkoop. Die volgende dag weer wou Umswaz' sy ou geweer verruil vir Grützner s'n. Hieraan kon eweneens nie voldoen word nie, daar die sendelinge die Lydenburgse Boere belowe het dat hulle geen vuurwapens of ammunisie aan die Bantoes sou verskaf nie. Dat Umswaz' woedend hieroor was, blyk uit die feit dat hy die sendelinge dadelik beveel het om sy land te verlaat en hulle selfs met die dood gedreig het. Merensky het tevergeefs gepoog om Umswaz' van sy voorneme, om hulle sy land te verbied, te laat afsien, en sodoende het hierdie poging van die B.S.G. om met sendingwerk onder die Swazi's te begin misluk.[22]

Die mislukking is benewens die sendelinge se weiering om aan Umswaz' se wense te voldoen, aan verskeie ander faktore te wyte. Merensky en Grützner se besoek het op 'n uiters ongeleë tydstip plaasgevind, aangesien die vrees dat die Zoeloes die Swazi's sou aanval nog steeds die aandag van die Swazi's in beslag geneem het. Dit mag ook wees dat, aangesien die sendelinge geweier het om perde en 'n geweer aan Umswaz' te gee, hy hoegenaamd geen voordeel in die koms van die sendelinge gesien het nie. Dat daar 'n God is wat Hom met die heil van die Swazi's wou bemoei, het geen indruk op Umswaz' gemaak nie, want as opperhoof was hy self 'n middelaar tussen sy stam en die voorouergeeste. Gevolglik sou die aanname van die Christelike godsdiens beteken dat Umswaz' sy eie middelaarskap moes prysgee. Omdat dit 'n vermindering van sy gesag oor die stam tot gevolg sou hê, het Umswaz' moontlik gevrees dat daar verdeeldheid in

17. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 16; H. T. Wangemann: *Maléo en Sekoekoeni*, p. 20; Vgl. T. S. van Rooyen: *Die Sendeling Alexander Merensky*, p. 116.
18. H. T. Wangemann: *Maléo en Sekoekoeni*, pp. 20–2.
19. H. T. Wangemann: *Maléo en Sekoekoeni*, pp. 20–2.
20. H. T. Wangemann: *Maléo en Sekoekoeni*, p. 23.
21. H. T. Wangemann: *Maléo en Sekoekoeni*, p. 24.
22. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 201.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die stam sou kom en sodoende sy eie posisie in gedrang sou bring.[23] Nog 'n faktor wat moontlik tot die mislukking van die sendelinge se poging bygedra het, kan gesoek word in die uiterlike voorkoms van Merensky en Grützner tydens hulle onderhoud met die Swazi-opperhoof. Die sendelinge was in gewone klere geklee en Merensky se Bantoetolk, Saul, het die feit betreur dat die sendelinge gedurende hul onderhoud met Umswaz' nie swart pakke gedra het nie, aangesien die Bantoes net soos die blankes aan die uiterlike voorkoms die status van hul besoekers beoordeel.[24] Dit mag ook wees dat Umswaz' gevrees het dat Merensky en Grützner verdeeldheid in die Swazistam teweeg sou bring. Hierdie vrees van Umswaz' was nie heeltemal ongegrond nie, aangesien Umswaz' se broer, wat graag in besit van die troon wou kom, destyds by Allison gaan skuiling soek het, en toe Allison geweier het om hom aan Umswaz' uit te lewer, het Umswaz' Allison daarvan beskuldig dat hy verdeeldheid in die hand gewerk het. Gevolglik het Umswaz' gevrees dat Merensky en Grützner ook verdeeldheid kon veroorsaak.[25]

3. Die Lotgevalle van Gerlachshoop – Eerste Sendingstasie van die B.S.G. in die Zuid-Afrikaansche Republiek

Omdat Umswaz' geweier het om aan Merensky en Grützner toestemming tot die oprigting van 'n sendingstasie in sy land te verleen, was hulle verplig om na Lydenburg terug te keer. Na hulle aankoms in Lydenburg het Merensky en Grützner op 'n konferensie besluit dat hulle voorlopig op eie gesag na 'n ander sendingveld sou soek. Aangesien die sendelinge nog geen antwoord van die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek ontvang het of hulle wel 'n sendingstasie binne die grense van die Republiek kon oprig nie, het Merensky daaraan begin dink om inmiddels 'n verkenningstog na die Va-Tonga- (Sjangaans) en Ba Venda-stamme in die Soutpansberggebied te onderneem en die moontlikheid van sendingwerk aldaar te ondersoek. As gevolg van die ongesonde klimaat in dié gebied moes daar egter van dié voorneme afgesien word.[26]

Die Bantoestamme van die Lydenburgse distrik, die Bapedi en Bakopa, het eweneens groot moontlikhede vir sendingwerk ingehou, daar enkeles uit hulle geledere reeds in die Kaapkolonie, waar hulle gaan werk het, met die evangelie in aanraking gekom het. Gevolglik het hulle op hul beurt die evangelie aan hulle eie mense begin verkondig. Merensky se Bantoetolk, Saul, was van mening dat die Bapedi en Bakopa "mak genoeg vir Gods Woord sou wees".[27] Op grond hiervan het Merensky besluit om eerder 'n verkenningstog na die omliggende Bantoestamme te onderneem. Hy wou graag die Bapedi-opperhoof Sekwati besoek, omdat hy verneem het dat Sekwati reeds in 1858 die Lydenburgse regering versoek het om 'n sendeling na sy gebied te stuur.[28]

Aan die begin van Julie 1860 het Merensky en Grützner met die hulp van twee Lydenburgers, Gert Schoeman en Hermanus Steyn, na Sekwati gereis, waar hulle baie vriendelik ontvang is. Sekwati het Merensky meegedeel dat hy en Grützner te eniger tyd 'n sendingstasie in sy gebied kon oprig,[29] maar aangesien die sendelinge op daardie tydstip nog geen antwoord op hulle aansoek, wat hulle aan die Regering gerig het, ontvang het nie, kon daar nie dadelik 'n sendingstasie by Sekwati aangelê word nie. Gevolglik het Merensky en Grützner intussen maar 'n onbewoonde huis op Lydenburg gehuur waar hulle 'n "aandskool" vir die blankes se werksvolk ingerig het. Hier-

23. T. S. van Rooyen: *Die Sendeling Alexander Merensky*, p. 117.
24. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 16.
25. J. du Plessis: *Christian Missions*, pp. 344–5.
26. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 23.
27. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 23.
28. G. B. A. Gerdener: *Boustowwe vir die Geskiedenis van die Ned. Geref. Kerk in die Transgariep*, p. 641, No. 160 Ds. P. Huet oor sy Transvaalse reis, d.d. Ladysmith, 20.10.1858; E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 205.
29. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 205.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

benewens het Merensky, wat weliswaar geen opgeleide geneesheer was nie, ook as geneesheer vir die inwoners van die dorp en distrik opgetree.[30]

In Junie 1860 het 'n regeringskommissie wat die sendelinge se aansoek om binne die grense van die Republiek sendingwerk te kon doen, moes oorweeg, voorlopig aan Merensky en Grützner toestemming verleen om met sendingwerk onder die Bakopastam in die Republiek te mag begin. Gevolglik het die kommissie aan kmdt. Piet Nel en veldkornet J. C. Holtzhausen opdrag gegee dat wanneer die sendelinge in hulle wyk arriveer, hulle na die Bakopa-opperhoof, Maléo, geneem moes word sodat hulle daar 'n sendingstasie kon oprig. Maléo was 'n onderdaan van die Z.A.R., en het in 'n lokasie wat deur die Regering vir hom aangewys is, gewoon.[31]

Die datum 19 Julie 1860 kan beskou word as die begin van die sendingwerk van die B.S.G. in Transvaal, aangesien die sendelinge op hierdie dag, vergesel van kmdt. Nel, veldkornet Holtzhausen en ds. Van Heyningen, by Maléo se lokasie aangekom het en 'n ooreenkoms met hom gesluit het. Volgens Richter het daarmee 'n tydperk vir die B.S.G. in Transvaal aangebreek wat soos dit later sou blyk "weitaus das wichtigste und aussichtsreichste Berliner Missionsfeld in Südafrika geworden ist, Rückgrat und Krone ihrer Arbeit, das Gebiet, (Transvaal) in dem sie am weitesten sich ausbreiten, am tiefsten im Boden einwurzeln und am planmässigsten den missionarischen und kirchlichen Betrieb entwickeln konnte".[32]

Die kennismaking met Maléo het vir die sendelinge baie vlotter verloop as in die geval van Umswaz', aangesien hulle vergesel was van regeringsamptenare wat Maléo goed geken het. Trouens, Nel het Maléo laat verstaan dat Merensky en Grützner met die volle goedkeuring van die Regering na hom gestuur is,[33] en volgens Wangemann sou Nel ook aan Maléo gesê het dat die Bakopa die sendelinge "nie die kleinste kwaad moes aandoen nie".[34] Maléo het onderneem om die sendelinge te beskerm, en daarna is 'n stuk grond aan die sendelinge gegee waarop die sendingstasie aangelê kon word.[35]

Op 14 Augustus 1860 het Merensky en Grützner hulle by Maléo gaan vestig, en die sendingstasie wat hierna opgerig is, ontvang ter ere van die ontslape voorsitter van die Komitee van die B.S.G., Leopoldt von Gerlach, die naam Gerlachshoop.[36] Aangesien Merensky en Grützner albei prakties aangelê was, Grützner was onder andere 'n slotmaker voor sy toetrede tot die B.S.G.,[37] was hulle eerste woning, van pale, reeds teen September voltooi.[38] Daar is ook dadelik met die sendingwerk begin, maar aangesien nòg Merensky nòg Grützner die Bakopa se taal magtig was, moes daar aanvanklik van die dienste van 'n tolk, Andries Sekoto, wat reeds in die Kaapkolonie tot die Christelike geloof bekeer is, gebruik gemaak word. Slegs tien maande na die stigting van Gerlachshoop is Andries Sekoto gedoop en in daardie stadium was daar reeds 'n aantal Christene wat saam met Grützner die nagmaal kon gebruik.[39]

Gedurende die eerste helfte van 1861 het Merensky die stasie verlaat om 'n tweede sendingstasie in Transvaal by Sekwati op te rig en Grützner het daarna alleen die werk op Gerlachshoop behartig. Hoewel die sendingwerk by Maléo goeie vordering gemaak het, het daar reeds aan die begin van 1861 'n verandering in Maléo se gesindheid teenoor die sendelinge ingetree. Dit kan aan verskeie faktore toegeskryf word; o.a. kon

30. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 24.
31. S.S. 34: R3840/60, Verslag van die Kommissie, d.d. Lydenburg, 7.7.1860.
32. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 208.
33. B.A.: Ooreenkoms met Maléo, d.d. Maléo se stat, 19.7.1860.
34. H. T. Wangemann: *Maléo en Sekoekoeni*, p. 40.
35. B.A.: Ooreenkoms met Maléo, d.d. Maléo se stat, 19.7.1860.
36. E.A.: *Stationschronik, Gerlachshoop; Berliner Missionsberichte, 1861*, p. 104; A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 49; Vgl. J. T. Jordaan: Die Ontwikkeling van die Sending van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Transvaal, p. 177.
37. Transvaal-Argief (T.A.): A491/1, Arndt-versameling, Lewensskets van Heinrich Grützner.
38. *Berliner Missionsberichte, 1861*, p. 104.
39. *Berliner Missionsberichte, 1861*, p. 105; *Berliner Missionsberichte, 1862*, p. 112.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Maléo hom geensins met die leerstellinge van die Christelike geloof versoen nie, en hom verset teen die Christelike beginsels van kuisheid, geregtigheid en die gedagte aan 'n laaste oordeel.[40]

Verder het die Regering verkies om 'n vreedsame beleid teenoor die Bantoes te volg en dit het by Maléo die indruk gewek dat die Regering te swak was om sy gesag met geweld oor die Bantoes te handhaaf, en daarom het hy sy onderdane aangemoedig om die Boere se vee te roof en om te weier om die jaarlikse belasting aan die Regering te betaal. Hierbenewens het Maléo vir kmdt. Piet Nel belet om sy onderdane vir belastingdoeleindes te tel.[41] In sy verset teen die Regering is Maléo verder aangehits deur sy naburige vriend Mabhogo (Mapoch), opperhoof van die Ndunzadeel van die Matebelestam.[42] Vanselfsprekend het Maléo se houding teenoor die Z.A.R. ook sy verhouding teenoor die sending beïnvloed.

Ten spyte van die feit dat die Regering dit verbied het dat Bantoes vuurwapens en ammunisie mag besit, het daar 'n grootskaalse onwettige handel in vuurwapens ontstaan. Merensky het beweer dat duisende gewere deur die Bantoes van Transvaal in die Kaapkolonie gekoop is. Ofskoon baie van hierdie gewere na Merensky se mening tot 200 jaar oud was, kon die meeste nog vuur.[43] Ook Maléo het op die wyse in besit van 'n aantal gewere gekom en besluit om die gewere deur 'n toordokter te laat toor, sodat almal wat dit sou gebruik onoorwinlik sou wees.[44] Hierop het Maléo al sy onderdane, insluitende die gemeente op Gerlachshoop, beveel om die seremonie waartydens geweer en gebruiker onoorwinlik gemaak sou word, by te woon. Toe Grützner tydens die seremonie etlike katkisante, in die teenwoordigheid van Maléo, gebied het om die seremonie te verlaat, het Maléo woedend geword en aan Grützner gesê dat hy ook met Grützner se gemeente se "seremonie" (erediens) sou inmeng.[45]

Maléo het sy dreigement nagekom, want die volgende Sondag het hy persoonlik 'n groep uitgesoekte lawaaimakers na Gerlachshoop vergesel om die erediens te gaan ontwrig, en terselfdertyd ook gedreig om die lidmate om die lewe te laat bring.[46] Kort hierna het Maléo aan sy onderdane opdrag gegee om die bouwerk aan die kerkie op die sendingstasie te vertraag. Maléo het in sy poging geslaag en Grützner het aan veldkornet J. C. Holtzhausen sy misnoeë teen Maléo se optrede te kenne gegee en Holtzhausen versoek om teen Maléo op te tree. Hoewel Holtzhausen, en later ook kmdt. Nel, Maléo verbied het om die bouwerk te vertraag het hy hom geensins aan hulle gesteur nie;[47] inteendeel, Maléo het uiters uittartend op Nel se bevel gereageer en laat weet – "zeg maar aan de leeraar hij moet baas Piet zeggen hij moet maar komen en mij de keel afsnyden, ik zal mijne woorden niet verandern".[48]

Die vyandige gesindheid wat Maléo teenoor Grützner en die gemeente op Gerlachshoop openbaar het, spruit voort uit die feit dat Maléo die aanwesigheid van Grützner gesien het as 'n poging van die Regering om op hom te spioeneer. Gevolglik het Maléo Grützner as 'n werktuig van die Regering beskou, en was hy bevrees dat die kerkgebou op die stasie as 'n skans deur die Boere in 'n oorlog teen hom gebruik sou word.[49] Hierop het Maléo ongeveer 30 man gestuur om die bouwerk op die sendingstasie te vernietig.[50] Die feit dat Grützner sy gemeente verbied het om aan die toorseremonie vir die gewere deel te neem, het heel waarskynlik Maléo se agterdog en

40. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 59.
41. T. S. van Rooyen: *Die Sendeling Alexander Merensky*, p. 133.
42. War Office: *The Native Tribes of the Transvaal*, pp. 86–7.
43. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 61.
44. H. T. Wangemann: *Maléo en Sekoekoeni*, p. 48; A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 62.
45. H. T. Wangemann: *Maléo en Sekoekoeni*, p. 51.
46. H. T. Wangemann: *Maléo en Sekoekoeni*, p. 51; A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 62.
47. S.S. 43: R403/62, H. Grützner – J. C. Holtzhausen d.d. Gerlachshoop, 24.11.1862.
48. S.S. 43: R403/62, H. Grützner – J. C. Holtzhausen d.d. Gerlachshoop, 24.11.1862.
49. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 62.
50. S.S. 43: R403/62, H. Grützner – J. C. Holtzhausen d.d. Gerlachshoop, 24.11.1862.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vyandigheid teenoor die sending gesterk. Trouens, hy het alles in sy vermoë gedoen om die gemeente te probeer oorhaal om die Christelike godsdiens af te sweer.[51]

Ten spyte van die feit dat Grützner hom herhaaldelik daarteen gewaarsku het,[52] wou Maléo nie sy vyandigheid teen die Regering laat vaar nie, met die gevolg dat die Regering aan die begin van Oktober 1863 'n kommando teen hom uitgestuur het.[53] Die oorlog wat hierop gevolg het, het die 33 lidmate van die gemeente op Gerlachshoop in 'n uiters moeilike posisie geplaas, aangesien hulle as onderdane van Maléo aan hom gehoorsaamheid verskuldig was, maar ook as gemeente van Grützner, met wie die Boere bevriend was, nie teen die Boere wou oorlog voer nie. Hulle pligsgevoel teenoor hulle opperhoof het egter geseëvier en gevolglik het hulle teen die Boere geveg.[54] Aangesien Maléo Grützner as 'n vyand beskou het, is hy deur die Boere na hulle laer geneem, vanwaar hy na Kchalatlolu, 'n sendingstasie wat Merensky reeds in September 1861 in die gebied van die opperhoof Sekwati aangelê het,[55] gegaan het.[56]

Omdat die Boere se aanval teen Maléo misluk het, en die gemeente hulle opperhoof in die oorlog gesteun het, is Grützner aan die begin van 1864 toegelaat om na Gerlachshoop terug te keer.[57] Grützner kon gevolglik sy sendingwerk hervat en met verloop van tyd het 23 Bantoes hulle vir die doop aangemeld.[58] Kort hierna het nuwe gevare en probleme die werk op die sendingstasie egter weer eens bedreig, aangesien die Regering 'n beroep op hulle vriende, die Swazi's, gedoen het om hulle teen Maléo te help. Op 10 Mei 1864 het die Swazi's Maléo se bergvesting aangeval en in die geveg wat gevolg het, het Maléo gesneuwel. Sy seun, Joshua Ramapudu, wat hom as opperhoof opgevolg het, was verplig om met sy volgelinge in die berge te gaan skuiling soek aangesien hulle nie by magte was om die Swazi's se aanval suksesvol af te weer nie.

Langsamerhand het die oorblyfsels van Maléo se volk hulle weer op Gerlachshoop gaan vestig en het Ramapudu sy begeerte om 'n onderdaan van die Republiek te word uitgespreek. Na aanleiding hiervan is kmdt. Piet Nel ontbied om 'n nuwe ooreenkoms namens die Z.A.R. met Ramapudu en sy volk te sluit.[59] Op 27 Junie 1864 is daar 'n ooreenkoms met Ramapudu gesluit waarkragtens hy as opperhoof van die Bakopa en onderdaan van die Z.A.R. erken is. Ramapudu is weer toegelaat om in die lokasie van Maléo te gaan woon terwyl Grützner deur die Regering versoek is om 'n wakende oog oor hom te hou.[60]

Onder hierdie omstandighede kon die Bakopa weer eens hulle normale lewe voortsit en Grützner was in staat om sy sendingwerk te hervat. Op 3 Julie 1864 is daar nege Bantoes gedoop, terwyl nagenoeg 70 persone Grützner meegedeel het dat hulle ook graag gedoop wil word.[61] Teen Augustus 1864 het daar egter weer vir Ramapudu en sy volk probleme begin ontstaan as gevolg van die feit dat die Bakopa se vyande die swak posisie waarin hulle verkeer het, begin uitbuit het. Mabhogo het sy volk na Ramapudu gestuur om koring te koop, en alhoewel die Diplomatieke Agent van die Republiek, Jan de Beer, Grützner versoek het om aan Ramapudu opdrag te gee om die koringverkope te staak, was Ramapudu nie by magte om aan hierdie opdrag uitvoering te gee nie, aangesien Mabhogo baie sterker as Ramapudu was en laasgenoemde gevrees het dat hy deur Mabhogo aangeval sou word as hy dit sou doen.[62] Mabhogo het verder

51. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 203; J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 218.
52. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 218.
53. Kyk T. S. van Rooyen: *Die Sendeling Alexander Merensky*, p. 134.
54. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 204.
55. Kyk Afdeling 4.
56. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 63.
57. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 204.
58. E.A.: *Stationschronik, Gerlachshoop.*
59. H. T. Wangemann: *Maléo en Sekoekoeni*, p. 71.
60. B.A.: Ooreenkoms tussen Ramapudu en die Z.A.R., d.d. Rietkloof, 27.6.1864.
61. H. T. Wangemann: *Maléo en Sekoekoeni*, p. 71.
62. S.S. 58: R645/64, H. Grützner – C. Potgieter d.d. Gerlachshoop, 24.8.1864.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

daarop aanspraak gemaak dat die Bakopa sy onderdane was, terwyl die Bapedi-opperhoof, Sekhukhune, op sy beurt weer beweer het dat die Bakopa sy onderdane was.

Sekhukhune en Mabhogo het gevolglik die lewe vir die Bakopa uiters onaangenaam gemaak. Sekhukhune se onderhoof, Maserumule, het die Bakopa geplunder en kort hierna het Mabhogo eweneens die Bakopa beroof.[63] Hierdie plunderinge het tot gevolg gehad dat die Bakopastam in drie groepe opgebreek het. Een groep het hulle onder die opperhoof Malok gaan vestig, 'n ander groep onder Sekhukhune, terwyl die nagenoeg 130 Bakopa-Christene[64] onder leiding van Joshua Ramapudu, hulle op die sendingstasie Bothšabêlo[65] gaan vestig het.[66] As gevolg van hierdie gebeure moes die sendingstasie Gerlachshoop wat, soos die naam aandui, soveel hoop vir die B.S.G. ingehou het, verlaat word. Die grond wat die Regering aan die B.S.G. toegeken het en waarop die sendingstasie opgerig was, het hulle eiendom gebly.[67] Met die verloop van jare het die sendingstasie in 'n uiters vervalle toestand geraak totdat Joshua Ramapudu en sy volgelinge in 1895 Bothšabêlo verlaat en na hulle ou woonplek teruggekeer het. Hierna is Gerlachshoop as buitepos van Bothšabêlo gebruik.[68]

4. Tydelike sukses van die Sendingwerk onder die Bapedi, 1861–4

Die Bapedi-opperhoof Sekwati wat, soos daarop gewys is, reeds in 1858 by die Lydenburgse regering aansoek gedoen het dat 'n sendeling hom in sy gebied moet kom vestig, het in Julie 1860 Merensky meegedeel toe dié hom kom besoek het dat hy te eniger tyd 'n sendingstasie in sy gebied kon oprig. Aangesien die Volksraad in September 1860, Merensky en Grützner se voorlopige toestemming om binne die grense van die Zuid-Afrikaansche Republiek met sendingwerk te begin, bekragtig het en die toestemming dus van permanente aard geword het wou Merensky so spoedig moontlik 'n sendingstasie by Sekwati oprig. Die rede waarom Merensky so haastig was om hier met sendingwerk te begin, moet gewyt word aan die feit dat die Komitee in Duitsland Merensky in kennis gestel het dat nog twee sendelinge, eerww. J. A. Nachtigal en C. Endemann, na die Transvaal gestuur is.[69] Dit sou beteken dat indien Merensky nie dadelik by Sekwati 'n sendingstasie kon oprig nie daar vier sendelinge tegelyk op Gerlachshoop moes arbei. Merensky wou egter 'n beter verspreiding van arbeidskragte hê.[70] Eerw. Johann Albert Nachtigal, wat uit Berlyn afkomstig was en wat in 1856 op aanbeveling van sy vriend, en later sy swaer, C. T. Nauhaus, sendeling geword het, het intussen in die Transvaal aangekom en het Merensky na Sekwati vergesel.[71]

Net soos in Julie 1860, toe Merensky Sekwati besoek het, is Merensky en Nachtigal ook baie vriendelik deur Sekwati ontvang en het hy aan die sendelinge 'n stuk grond naby die onderhoof Umzoet gegee waarop hulle 'n sendingstasie kon oprig.[72] Umzoet het eger botweg geweier om die sendelinge te ontvang en sowel Merensky as Sekwati het die Regering versoek om Umzoet vir sy optrede te straf en hoewel Sekwati belowe het om Umzoet te straf, het Merensky dit nietemin wenslik geag om eerder sy sendingstasie by 'n ander onderhoof van Sekwati, te wete Mametsi, te gaan oprig.[73] Die

63. S.S. 64: R31/65, C. Potgieter – Uitvoerende Raad van die Z.A.R. d.d. Lydenburg, 4.1.1865.
64. S.S. 74: R71/66, Opgawe van Ramapudu se volk d.d. Bothšabêlo 25.1.1866; H. T. Wangemann: *Maléo en Sekoekoeni*, p. 72.
65. Kyk verder Hfst. 4, afd. 4.
66. S.S. 66: R103/65, A. Merensky – Uitvoerende Raad van die Z.A.R. d.d. Olifantsrivier, 23.1.1865.
67. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 205.
68. E.A.: *Stationschronik, Gerlachshoop*; Kyk ook Hfst. 6, afd. 4(a).
69. S.S. 37: R4362/61, Komitee van die B.S.G. – Die Lydenburgse regering, d.d. Berlyn, 29.4.1861.
70. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 81.
71. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 205.
72. T.A.: Landdros Lydenburg (L.L.), Band 1: A. Merensky – C. Potgieter d.d. Sekwati, 1.9.1861.
73. L.L. Band 1: A. Merensky – C. Potgieter d.d. Sekwati, 9.9.1861; A. Nachtigal: Tagebuch I, p. 10; E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 205.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sendingstasie wat Merensky en Nachtigal op 2 September 1861 daar aangelê het, het die naam Kchalatlolu ontvang. Kchalatlolu, wat Olifantskloof beteken en soms Haraija genoem is,[74] het oor volop water, hout en landbougrond beskik en het gevolglik aan die mees noodsaaklike vereistes vir 'n sendingstasie voldoen.[75]

Reeds op 6 September kon Nachtigal die evangelie op Kchalatlolu begin verkondig,[76] en aangesien daar reeds twee bekeerdes, Jan Masadi en Jakob Mantladi, in die nabyheid woonagtig was, is die taak van evangelieverkondiging aansienlik vergemaklik.[77] 'n Rukkie later het 'n derde getroue ondersteuner van die sendelinge, Martinus Sewušhane, hom by die ander op Kchalatlolu aangesluit.[78] Aan die einde van September 1861 het Merensky, met die hulp van 'n tolk reeds sy eerste erediens op die nuwe sendingstasie gehou.[79] Daardie selfde dag het Martinus Sewušhane die sendelinge meegedeel dat Sekwati oorlede is, en hoewel die berig eers die volgende dag bevestig is, kon Merensky en Nachtigal op die aand van 22 September vanaf die sendingstasie die geween en jammerklag van 'n volk in rou hoor.[80] Onder hierdie omstandighede het Merensky en Nachtigal dit raadsaam geag om die paar gelowiges op Kchalatlolu toe te laat om, volgens die Bapedigewoonte, hulle koppe kaal te skeer en aan die algemene roubeklag deel te neem.[81]

Alhoewel die opvolgingskwessie na die afsterwe van Sekwati tot groot onrus en bloedvergieting onder die Bapedi aanleiding gegee het, is die vrede teen Oktober 1861 sodanig herstel dat die Bapedi die lewe normaal kon voortsit, terwyl die groepie Christene weer na Kchalatlolu kon terugkeer.[82] Kort nadat Sekhukhune sy vader Sekwati as opperhoof van die Bapedi opgevolg het, het hy die sendelinge na sy hoofstat ontbied. Hiermee wou Sekhukhune aan die sendelinge te kenne gee dat hy, net soos sy vader, die sendingwerk goedgesind was. Die sendelinge is dus uiters vriendelik deur Sekhukhune ontvang en hulle het selfs 'n hut, waarin hulle tydens besoeke aan die opperhoof kon oornag, in die hoofstat ontvang. Verder het Sekhukhune sy begeerte om alle werk op Sondae te verbied te kenne gegee.[83] Hoewel Merensky beweer het dat Sekhukhune se goeie gesindheid teenoor hulle toegeskryf moes word aan die feit dat hý die sendelinge in sy onderhandelinge met die Z.A.R. wou gebruik, was sowel Merensky as Nachtigal beïndruk met die goeie ontvangs wat hulle te beurt geval het. Onder hierdie omstandighede het die sendelinge gevoel dat die sendingwerk sonder teëstand van Sekhukhune uitgebrei kon word en derhalwe het hulle dadelik hul voorlopige woning met 'n drievertrekwoonhuis vervang. Die nuwe woning is voor Kersfees 1861 betrek.[84]

Die uitbreiding van die evangelie onder die Bapedi het eweneens tekens van bemoedigende vordering getoon. Hoewel die eredienste dikwels as gevolg van ondraaglike hitte of die toehoorders se sterk behoefte aan snuif onderbreek moes word, het daar tog soms tot 80 persone die eredienste bygewoon.[85] Tevergeefs egter het Merensky en

74. T. S. van Rooyen: *Verhoudinge*, p. 147; A. Nachtigal: Tagebuch I, p. 10.
75. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 205.
76. A. Nachtigal: Tagebuch I, p. 11.
77. H. T. Wangemann: *Lebensbilder aus Südafrika*, pp. 7–9; H. T. Wangemann: *Maléo en Sekoekoeni*, pp. 88–9.
78. A. Nachtigal: Tagebuch I, p. 21.
79. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 98.
80. A. Nachtigal: Tagebuch I, p. 21; A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 98; Vgl. D. R. Hunt: *An Account of the Bapedi*, p. 291.
81. H. T. Wangemann: *Maléo en Sekoekoeni*, pp. 89–90; A. Nachtigal: Tagebuch I, p. 22; A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 99.
82. Kyk D. R. Hunt: *Bapedi*, pp. 292–4; H. O. Mönnig: *The Pedi*, p. 25; A. Nachtigal: Tagebuch I, pp. 22–7.
83. A. Nachtigal: Tagebuch I, p. 37.
84. A. Nachtigal: Tagebuch I, p. 57.
85. A. Nachtigal: Tagebuch I, pp. 46 en 50.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Nachtigal die evangelie aan 'n groep Swazi's probeer verkondig wat naby Kchalatlolu, op grond wat Sekwati aan hulle gegee het, gewoon het.[86]

Aan die begin van 1863 verleen Sekhukhune, ten spyte van 'n merkbare verandering in sy gesindheid teenoor die sendingwerk, aan eerw. Carl Endemann[87] toestemming om in die nabyheid van die onderhoof, Maserumule, 'n tweede sendingstasie onder die Bapedi op te rig.[88] Die sendingstasie by Maserumule ontvang die naam Patametšane, wat letterlik beteken om vinnig vir water te grawe, en die sendingwerk het hier sulke goeie vordering gemaak dat daar by geleentheid tot 500 Bantoes die erediens bygewoon het.[89] Toe Endemann egter begin om 'n pad deur 'n nabygeleë kloof te maak, het die Bapedi agterdogtig geraak en gedink dat Endemann die pad vir die Boere maak, sodat hulle die Bapedi maklik kon aanval. As gevolg hiervan het die sendingwerk op Patametšane feitlik geheel en al tot stilstand gekom.[90]

As gevolg van 'n hewige koorsepidemie wat gedurende die herfs van 1864 in Sekhukhune se hoofstat, Thaba Mossegu, uitgebreek het, het Sekhukhune die hulp van Merensky en Nachtigal ingeroep en as beloning vir hulle mediese dienste het hy, ondanks sy vyandige houding[91] teenoor die sendingwerk, toestemming tot die stigting van 'n derde sendingstasie onder die Bapedi verleen. Hoewel Merensky eerder die sendingstasie in die hoofstat wou aanlê, was hy nogtans verheug dat hy wel naby die opperhoof, Sepeke, nagenoeg 'n uur te perd vanaf die hoofstat, 'n sendingstasie kon oprig.[92] Op Pinkstersondag 1864 het Merensky en eerw. Otto Sachse, wat in 1863 deur die B.S.G. na die Transvaal gestuur is,[93] by Sepeke aangekom waar hulle die sendingstasie Xa Ratau, wat beteken by die Leeuvader, aangelê het.[94] Voordat Merensky en Sachse egter met die verkondiging van die evangelie op Xa Ratau kon begin, het Sekhukhune die Christene op al drie die stasies begin vervolg, en wat ten einde laas die einde van die B.S.G. se geseënde sendingwerk onder die Bapedi sou beteken.

5. Einde van die Sendingwerk onder die Bapedi, 1864–6

Ofskoon Sekhukhune die sendelinge van die B.S.G. in 1861 in sy gebied verwelkom het, het daar gaandeweg 'n verandering in sy houding teenoor die sending ingetree totdat hy in die loop van 1862 in openlike vyandigheid teenoor die sendelinge en hulle Boodskap te staan gekom het. Blykbaar het Sekhukhune, net soos Umswaz', gevrees dat die evangelie 'n verwydering tussen hom en sy onderdane sou veroorsaak, want toe daar van Sekhukhune se familielede, waaronder sy halfbroer, Johannes Dinkwanyane, en een van sy vrouens, Modikischeng, die evangelie aangeneem het, het hy die verdere uitbreiding daarvan met agterdog bejeën.[95]

Reeds aan die begin van 1862, enkele maande na die stigting van Kchalatlolu, het Sekhukhune Merensky se Pedi-evangelis, Martinus Sewušhane, verbied om die evangelie aan die inwoners van die hoofstat Thaba Mossegu te verkondig, aangesien die singery hom sou gesteur het.[96] Kort hierna het Sekhukhune ook sy voorneme om die Christene te vervolg te kenne gegee met die gevolg dat die klompie katkisante in die

86. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 116; Kyk ook: L.L. Band 1: A. Merensky – C. Potgieter d.d. Khalatlolu, 26.10.1862.
87. W. Arndt: *Berliner Missionare*, p. 4.
88. H. T. Wangemann: *Maléo en Sekoekoeni*, p. 100.
89. H. T. Wangemann: *Maléo en Sekoekoeni*, p. 100.
90. H. T. Wangemann: *Maléo en Sekoekoeni*, p. 101.
91. A. Nachtigal: Tagebuch I, p. 192.
92. A. Merensky: *Erinnerungen*, pp. 203–4 en 213.
93. B.M.A.: Personalakten, O. Sachse.
94. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 213.
95. H. T. Wangemann: *Lebensbilder*, p. 143; A. Nachtigal: Tagebuch I, p. 90; T. S. van Rooyen: *Die Sendeling Alexander Merensky*, p. 136.
96. A. Nachtigal: Tagebuch I, p. 91; H. T. Wangemann: *Lebensbilder*, p. 55.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hoofstat bykans onmiddellik in getal begin afneem het.[97] Ten spyte hiervan het Sekhukhune nog aan Merensky die versekering gegee dat hy nie teen die sendelinge sou draai nie en het hy voorgegee dat hy Martinus Sewušhane verbied het om te preek omdat hy nie 'n blanke was nie.[98]

Toe Merensky in Junie 1862 by Sekhukhune pleit dat hy die lewe van sy halfbroer en mededinger om die Peditroon, Mampuru,[99] moet spaar, het Sekhukhune woedend geword en het daar 'n verandering in sy gesindheid teenoor Merensky begin intree. Later in dieselfde jaar het een van die gemeentelede op Kchalatlolu, Andries Moloi, 'n ibis wat deur die Bapedi as 'n heilige voël beskou is, geskiet en toe dit ook nie gereën het nie het Sekhukhune Andries die skuld daarvoor gegee.[100] Ofskoon Sekhukhune se raadgewers hom na aanleiding van hierdie gebeure aangeraai het om die Pedi-Christene uit die land te verjaag, het hy nogtans aan Nachtigal die versekering gegee dat hy nie die raad van sy raadgewers sou volg nie; en selfs toestemming tot die oprigting van Patametšane gegee.[101]

Ten spyte van Sekhukhune se toenemende vyandigheid teenoor die Pedi-Christene het die B.S.G. nogtans besluit om hulle sendingwerk voort te sit en gevolglik het daar aan die einde van 1863 nog drie sendelinge, naamlik Otto Sachse, Wilhelm Moschütz en Carl Knothe, in Sekhukhuneland aangekom.[102] Met die aankoms van eerw. H. A. Koboldt aan die begin van 1864[103] het die getal sendelinge in Sekhukhuneland op sewe te staan gekom. Soos reeds aangetoon, het Sekhukhune in April 1864 selfs die stigting van 'n derde stasie in sy gebied, Xa Ratau, toegelaat. Dit wil dus voorkom asof Sekhukhune sy vyandige houding teenoor die sendingwerk nie baie ernstig bedoel het nie. Moontlik wou hy slegs aan die Pedi toon dat hy, ten spyte van wat die sendelinge ook al mag verkondig het, steeds die oppergesag oor hulle gehad het.

'n Maand na die stigting van Xa Ratau het Sekhukhune se vyandigheid egter ernstige afmetings begin aanneem. Die rede hiervoor moet volgens sowel Merensky as Nachtigal in die feit dat twee rondloper Engelse Sekhukhune teen die sendelinge opgesteek het, gesoek word. Die Engelse sou aan Sekhukhune gesê het dat die sendelinge slegs Boerespioene was wat die gesag van Sekhukhune wou ondermyn. In teenstelling hiermee het die Engelse Sekhukhune verseker dat hulle sy vriende was en dat hulle vir hom kanonne sou vervaardig.[104] Toe Martinus Sewušhane weier om aan een van Sekhukhune se vertrouelinge medisyne te verskaf en sê dat dié self die medisyne by Merensky kon gaan haal, het Sekhukhune dit as verraad beskou. Hy het dit as bevestiging van die Engelse se verklaring dat die sendelinge sy gesag probeer ondermyn gesien.[105] Die feit dat Martinus Sewušhane aangevoer het dat die medisyne by Merensky afgehaal moes word, het Sekhukhune se ontevredenheid teenoor die sendelinge verder aangeblaas.[106]

Na aanleiding van Martinus Sewušhane se optrede het Sekhukhune bevel gegee dat geen Christen wat in die hoofstat gewoon het, toegelaat moes word om in hulle hutte te slaap nie, terwyl hy persoonlik twee Christene 'n afranseling gegee het. Die volgende dag het Sekhukhune beveel dat die Christen-vroue halflyf in die water van 'n nabygeleë watervoor moes gaan staan, en die daaropvolgende Sondag is die marteling voortgesit toe twee Pedi-Christene feitlik doodgeslaan is.[107] Sekhukhune het hierna die Christene

97. H. T. Wangemann: *Lebensbilder*, p. 55.
98. H. T. Wangemann: *Maléo en Sekoekoeni*.
99. Kyk H. P. van Coller: Mampoer in die Stryd om die Bapedi-troon, pp. 7–12.
100. A. Nachtigal: Tagebuch I, p. 114.
101. A. Nachtigal: Tagebuch I, pp. 91, 105 en 114.
102. W. Arndt: *Berliner Missionare*, p. 4; A. Nachtigal: Tagebuch I, p. 191.
103. B.M.A.: Personalakten, H. A. Koboldt; W. Arndt: *Berliner Missionare*, p. 4.
104. A. Merensky: *Erinnerungen*, pp. 207–8; A. Nachtigal: Tagebuch I, p. 192.
105. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 219; H. T. Wangemann: *Maléo en Sekoekoeni*, p. 109.
106. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 219.
107. H. T. Wangemann: *Lebensbilder*, pp. 35–40.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

uit sy hoofstat verjaag en hulle verbied om op Merensky se sendingstasie Xa Ratau, skuiling te gaan soek. Volgens Merensky sou Sekhukhune aan die Christene gesê het dat God nie bestaan nie en dat hý in der waarheid God was.[108]

Omdat Merensky ten tye van bogenoemde gebeure nie op Xa Ratau was nie het die meeste Christene in die berge gaan skuiling soek. Toe Merensky by sy terugkeer oor die gebeure in die hoofstat ingelig is, het hy besluit om sonder enige verdere versuim persoonlik met Sekhukhune te gaan praat. Sekhukhune het Merensky tot sy verbasing uiters vriendelik ontvang en hom weer eens die versekering gegee dat hy nie vyandig teenoor die sendelinge was nie. Sekhukhune het Merensky egter ernstig gewaarsku dat hy hom nie met die optrede van die opperhoof teenoor sy Christen-onderdane moet inmeng nie, want as hy dit sou doen, sal Merensky slegs die goeie verhouding tussen Sekhukhune en die sendelinge vertroebel.[109]

Met die oog op Sekhukhune se optrede teenoor sy Christen-onderdane, asook die wankelende, dog oënskynlike goeie verhouding tussen Sekhukhune en die sendelinge, het die sendelinge alles in hulle vermoë gedoen om Sekhukhune meer gunstig teenoor die sendingwerk te stem. So byvoorbeeld het hulle probeer om die sake wat hom gepla het reg te stel met die hoop dat dit tot vrede en voorspoed vir almal in sy land sou strek.[110] Op aandrang van die sendelinge het die Z.A.R. besluit om sy Diplomatieke Agent vir die Swazi's en Bapedi, J. de Beer, terug te roep omdat Sekhukhune baie ontevrede met hom was daar hy, volgens Sekhukhune, sy magte as Diplomatieke Agent oorskry het.[111] Ten spyte hiervan het Sekhukhune in sy vyandigheid teenoor die Pedi-Christene volhard en met die koms van die somer van 1864 het Sekhukhune aan sy vrou Modikischeng, wat 'n Christen was, gesê dat hy oorlog teen die Christene gaan verklaar.

Nadat Sekhukhune verneem het dat sy hoofvrou, Tlakale, haar vir katkisasieonderrig aangemeld het, het sy woede teenoor die Christene geen perke meer geken nie. Gevolglik het hy opdrag gegee dat Tlakale in haar hut toegesluit moes word en dat die Christene se koring en vee van hulle afgeneem moes word.[112] Hiermee het die vervolging van die Christene begin. Sekhukhune het opdrag gegee dat geen Christen in die hoofstat toegelaat moes word om water te drink nie, terwyl hulle verder ook van al hulle lewensmiddele beroof is. Op 15 November 1864 het die vervolging in die hoofstat 'n hoogtepunt bereik toe Sekhukhune opdrag gegee het dat die Christene met stokke en kieries geslaan word. Diegene wat nie betyds die berge kon invlug nie het gevolglik 'n geweldige marteling ondergaan. Verder het Sekhukhune die Christene beveel om sy land te verlaat.[113]

Toe 'n paar Christene dit tog gewaag het om hulle skuilplekke te verlaat om Merensky op Xa Ratau oor die gebeure in die hoofstat te gaan inlig, het Merensky besef dat, indien hy die Christene sou aanmoedig om Sekhukhuneland te verlaat dit 'n permanente breuk met Sekhukhune tot gevolg kon hê. Hy besluit dus om die wenslikheid hiervan eers met sy medesendelinge te bespreek. Daar is dus 'n sendingkonferensie op Xa Ratau belê om oor dié aangeleentheid te beraadslaag.

Op die konferensie is besluit dat Merensky en Nachtigal 'n laaste poging moes aanwend om Sekhukhune te probeer oorreed om van sy bevel dat die Christene sy land moes verlaat af te sien. Merensky en Nachtigal se poging was egter vrugteloos aan-

108. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 222; Kyk ook A. Nachtigal: Tagebuch I, p. 211.
109. H. T. Wangemann: *Maléo en Sekoekoeni*, p. 102.
110. Kyk S.S. 58: R565/64, C. Endemann – C. Potgieter d.d. Patametšane, 9.8.1864.
111. S.S. 58: R645/64, H. Grützner – C. Potgieter d.d. Gerlachshoop, 24.8.1864; S.S. 8615: B.B. 428/64, M. W. Pretorius – Sekhukhune, d.d. Pretoria, 24.9.1864.
112. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 226; A. Nachtigal: Tagebuch I, p. 236; H. T. Wangemann: *Maléo en Sekoekoeni*, pp. 119–20.
113. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 224; A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 228.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gesien Sekhukhune onder die invloed van drank was[114] en die sendelinge slegs beledig het. Verder het Sekhukhune beweer dat die sendelinge hom wou vergiftig.[115] Onder hierdie omstandighede het Merensky en Nachtigal besef dat dit tevergeefs was om Sekhukhune tot ander insigte te bring en daarom het hulle Sekhukhune versoek om ten minste die Christene se koring aan hulle terug te gee,[116] maar ook hiervan wou die koppige opperhoof niks weet nie.[117]

Die laaste poging om Sekhukhune se gesindheid te probeer verander het dus misluk en omdat Merensky homself verantwoordelik vir die Pedi-Christene beskou het, wou hy hulle nie herderloos die land laat verlaat nie. Gevolglik het hy besluit dat hy saam met hulle sal gaan en het hy Endemann en Nachtigal versoek om ook saam met hulle gemeentes Sekhukhuneland te verlaat en in Natal 'n veilige toevlugsoord te gaan soek.[118] Daarna het Merensky begin voorbereidings tref om Xa Ratau te verlaat en het onder andere Hermanus Steyn versoek om sy wa na die sendingstasie te stuur. Hoewel Nachtigal aan Merensky se versoek voldoen het en begin het om voorbereidings te tref om Kchalatlolu te verlaat, het hy nogtans sy gemeente versoek om nie oorhaastig die land te verlaat nie, maar om hulle voorlopig skuil te hou. Nachtigal het die hoop gekoester dat Sekhukhune sy gesindheid sou verander veral omdat hy besef het dat Sekhukhune nie vir Merensky as sendeling in die hoofstat wou hê nie, en dat Sekhukhune eerder Nachtigal daar wou hê. Merensky het egter daarop aangedring om self te gaan.[119]

Omdat Sekhukhune, kort na die laaste onderhoud met die sendelinge, 'n impie na Xa Ratau gestuur het om alle Pedi-Christene wat nie reeds die land verlaat het nie om die lewe te laat bring,[120] het Merensky toe vermoedelik gevoel dat die land so spoedig moontlik verlaat moes word, en hoewel geen Christen om die lewe gebring is nie het Merensky, sonder om sy medesendelinge in kennis te stel dat hy beslis die land gaan verlaat, op 23 November 1864 Sekhukhuneland met 85 volwasse Pedi-Christene, waaronder Johannes Dinkwanyane, en 30 kinders, verlaat.[121] Sachse, wat op Xa Ratau agtergebly het, was die enigste sendeling wat geweet het dat Merensky op 23 November die land verlaat het.

Toe Sekhukhune van Merensky en die Pedi-Christene se vlug verneem het, was hy erg ontstel en volgens Nachtigal was Sekhukhune baie spyt oor sy optrede. Hy het die blaam van die gebeure op twee van sy raadgewers, Mashupi en Kabu, geplaas en het hy Nachtigal asook die ander sendelinge versoek om nie ook sy land te verlaat nie.[122] Kort hierna het Nachtigal 'n besoek aan Sekhukhune gebring en by dié geleentheid was Sekhukhune woedend oor Merensky se vlug. Hy sou aan Nachtigal gesê het dat Merensky dadelik moes terugkeer sodat hy met hom kon onderhandel. Sekhukhune het aangevoer dat indien hy vooraf geweet het dat Merensky in die geheim en sonder om hom daarvan te verwittig die land sou verlaat, hy reeds lank gelede al die sendelinge sou verjaag het. Hierbenewens het Sekhukhune dit ook onder Nachtigal se aandag gebring dat hý nie die sendelinge toestemming gegee het om in sy land sendingwerk te doen nie maar dat dit Sekwati was en dat hy hulle slegs aanvaar het omdat sy vader ten gunste van sendingwerk was.

Uit die onderhoud tussen Nachtigal en Sekhukhune wil dit voorkom asof Sekhukhune gevrees het dat sy onderdane wat gevlug het 'n verswakking van sy opper-

114. A. Nachtigal: Tagebuch I, p. 244.
115. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 230.
116. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 231; A. Nachtigal: Tagebuch I, p. 244.
117. Kyk A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 231.
118. A. Nachtigal: Tagebuch I, pp. 1121–2.
119. Kyk A. Nachtigal: Tagebuch I, pp. 1128–9; A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 231.
120. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 233.
121. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 225; E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 211: Kyk ook die Suid-Afrikaanse *Panorama*, Desember 1961: Berig (Botchabelo: Toevlugsoord van Weleer).
122. A. Nachtigal: Tagebuch I, p. 250.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hoofskap tot gevolg kon hê, en daarom het hy Nachtigal versoek om die gelowiges wat in die land agterbly en hulle in die berge skuilgehou het, terug te roep sodat hulle koring en vee aan hulle terugbesorg kon word.[123] Hieruit kan afgelei word dat Sekhukhune spyt was. Sekhukhune het dus vir Nachtigal versoek om na Kchalatlolu terug te keer en om met sy sendingwerk voort te gaan. Gevolglik het Nachtigal ook vir Sachse versoek om op Xa Ratau te bly terwyl eerww. Endemann, Knothe en Koboldt dit eweneens as onwenslik beskou het om in daardie stadium die land te verlaat.[124] Merensky was dus die enigste sendeling wat Sekhukhuneland in daardie stadium verlaat het. Later het Merensky beweer dat Nachtigal aan hom geskryf het om te sê dat hy hoegenaamd nie daaraan moes dink om terug te keer nie, aangesien Sekhukhune nooit weer bereid sou wees om te onderhandel nie.[125] Nachtigal ontken dat hy ooit so 'n brief aan Merensky geskryf het en beweer dat Merensky die beweerde skrywe gebruik het om sy standpunt, waarom hy nie met Sekhukhune wou onderhandel nie, te regverdig.[126]

Dit wil voorkom asof Sekhukhune waarlik sy optrede teenoor die gelowiges betreur het, want nog voor Kersfees 1864 het hy toestemming gegee dat alle gelowiges in sy land na hulle krale moes terugkeer en ongehinderd hulle normale lewe voortsit.[127] Ten spyte hiervan het Sekhukhune egter die sendelinge verbied om die evangelie te verkondig en Nachtigal en Sachse was verplig om snags kerkdienste te hou. Bedags het Nachtigal en Knothe die gelowiges wat gevrees het om hulle skuilplekke te verlaat besoek en hulle gemaan om in die geloof te volhard[128] en hulle het die gelowiges steeds vermaan om nie die land te verlaat nie. Nachtigal het aan Grützner te kenne gegee dat hy van voorneme was om self solank as moontlik op Kchalatlolu te bly en waar die omstandighede dit toegelaat het die evangelie te verkondig.[129]

Aangesien die sendingstasie Patametšane ver van Sekhukhune se hoofstat geleë was, kon Endemann feitlik ongesteurd met die verkondiging van die evangelie voortgaan. Die vriendelike gesindheid van die onderhoof Maserumule het dit selfs vir Endemann moontlik gemaak om in Januarie 1865 na Natal te vertrek met die doel om daar in die huwelik te tree. Omdat Nachtigal met dieselfde doel na Natal vertrek het, het Sachse die werk op Patametšane en Knothe die werk op Kchalatlolu behartig. Met Endemann se terugkeer in Oktober 1865 was daar reeds 17 gedoopte Bantoelidmate en 36 katkisante op Patametšane.[130]

Ondanks die feit dat Nachtigal alles in sy vermoë gedoen het om te verhoed dat die nog agtergeblewe gelowiges Sekhukhuneland verlaat, het daar nietemin feitlik daagliks tog wel van hulle die land verlaat. Merensky het steeds geweier om met Sekhukhune te gaan onderhandel en gevolglik het die idee by Sekhukhune posgevat dat Nachtigal nie in staat was om die gelowiges wat gevlug het te laat terugkeer nie. As gevolg hiervan het Sekhukhune weer eens sy gesindheid teenoor Nachtigal begin verander.[131] Nadat Sekhukhune se twee gelowige vrouens, Modikischeng en Tlakale, uit die hoofstat na Kchalatlolu gevlug het, omdat hulle geweier het om aan sekere eise van Sekhukhune te voldoen, het Sekhukhune vir 'n tweede keer besluit om al die gelowiges uit sy land te verjaag.[132]

Gevolglik het Sekhukhune op 22 Desember 1865 sy gesant Windvogel of Mamariga

123. A. Nachtigal: Tagebuch I, pp. 253–4.
124. A. Nachtigal: Tagebuch I, p. 257; H. T. Wangemann: *Maléo en Sekoekoeni*, p. 142.
125. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 238.
126. A. Nachtigal: Tagebuch I, p. 1121.
127. A. Nachtigal: Tagebuch I, p. 264.
128. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 225; H. T. Wangemann: *Maléo en Sekoekoeni*, p. 142.
129. A. Nachtigal: Tagebuch I, p. 271.
130. H. T. Wangemann: *Maléo en Sekoekoeni*, p. 142; J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 225.
131. Kyk A. Nachtigal: Tagebuch I, p. 295.
132. S.S. 74: R63/66, Beëdigde verklaring van A. Nachtigal voor die landdros van Lydenburg, C. van der Leeuw, oor sy vlug uit Sekhukhuneland d.d. Lydenburg, 22.1.1866; A. Nachtigal: Tagebuch I, p. 274; H. T. Wangemann: *Maléo en Sekoekoeni*, pp. 142–3.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

na Kchalatlolu gestuur met die opdrag om Nachtigal in kennis te stel dat hy so spoedig moontlik die land moes verlaat. Windvogel is ook deur Sekhukhune aangesê om aan Nachtigal mee te deel dat laasgenoemde nog slegter was as Merensky aangesien hy te veel van Sekhukhune se onderdane, insluitende sy vrouens, van hom verwyder het. Voorts het Sekhukhune ook te kenne gegee dat hy dit nie langer sou duld dat sy mense "leer nie".[133] Aangesien Sekhukhune volgens Nachtigal soggens slegs tot ongeveer tienuur nugter was, het hy hom eenvoudig nie aan Windvogel se boodskap gesteur nie,[134] en het 'n boodskap aan Sekhukhune teruggestuur waarin hy hom meegedeel het dat hy nie sy stasie sou verlaat nie, aangesien Sekwati asook die "Afrikaansche Gouvernement" aan hom toestemming gegee het om op Kchalatlolu te bly.[135] Hoewel Nachtigal se antwoord op die oog af nie juis baie diplomaties voorkom nie, het hy nietemin 'n bepaalde doel daarmee gehad. Omdat dit die Pedigebruik was om die nagedagtenis van beroemde voorvaders, soos Sekwati, in hoë eer te hou, aangesien hulle geglo het dat sulke voorvaders die optrede van die stam ook na hulle afsterwe verder kon beheer,[136] het Nachtigal moontlik gedink dat dit die gewenste uitwerking op Sekhukhune se ingesteldheid kon hê. Die feit dat Nachtigal in sy boodskap aan Sekhukhune ook na die regering van die Z.A.R. verwys het, kon slegs die beoogde uitwerking op Sekhukhune hê indien hy, soos hy tevore te kenne gegee het, nog vrede met die Z.A.R. begeer het.[137]

Nachtigal was vasberade om, ten spyte van Sekhukhune se vyandigheid teenoor hom, op sy sendingstasie te bly terwyl die Christene eweneens nie van voorneme was om Kchalatlolu te verlaat voordat Sekhukhune nie ten minste eers 'n paar van hulle om die lewe laat bring het nie.[138] Sekhukhune was egter net so vasberade dat Nachtigal sy land moes verlaat en daarom het hy op 28 Desember 1865 weer met Windvogel 'n boodskap aan Nachtigal gestuur dat hy onverwyld die land moes verlaat. Ofskoon Nachtigal teen daardie tyd al moes besef het dat dit hom nie sou baat om hom langer teen die wense van Sekhukhune te verset nie het hy tog 'n laaste poging aangewend om Sekhukhune van sy voorneme te laat afsien deur daarop aan te dring dat hy die land slegs sou verlaat indien Sekhukhune die B.S.G. vir die gebou op die stasie sou vergoed.[139]

Nachtigal se standpunt het Sekhukhune net meer vasberade gemaak om van die sendelinge ontslae te raak en gevolglik het hy op 4 Januarie 1866 15 gewapende mans na Xa Ratau gestuur om toe te sien dat Koboldt onmiddellik die stasie verlaat. Indien Koboldt sou weier om aan die opdrag gehoor te gee moes hy om die lewe gebring word. Koboldt het die erns van die saak besef en aangesien hy geen tyd gehad het om 'n vervoermiddel te bekom nie was hy verplig om te voet na Kchalatlolu te gaan waar hy teen die aand aangekom het.[140] Die volgende dag het die manskap na Kchalatlolu vertrek en ook vir Nachtigal beveel om sonder versuim sy stasie te verlaat. Nachtigal, Koboldt en Knothe was onder hierdie omstandighede dus verplig om Sekhukhuneland te verlaat. 'n Paar dae later op 15 Januarie het Endemann en Sachse op Patametšane dieselfde opdrag ontvang. So het die B.S.G. se eerste poging om sendingwerk onder die

133. S.S. 74: R63/66, Beëdigde verklaring van A. Nachtigal voor C. van der Leeuw, d.d. Lydenburg, 22.1.1866; A. Nachtigal: Tagebuch I, p. 295.
134. A. Nachtigal: Tagebuch I, p. 296.
135. S.S. 74: R63/66, Beëdigde verklaring van A. Nachtigal voor C. van der Leeuw, d.d. Lydenburg, 22.1.1866.
136. Kyk H. O. Mönnig: *The Pedi*, p. 54.
137. Kyk S.S. 59: R802/64, A. Merensky – M. W. Pretorius d.d. Xa Ratau, 16.9.1864.
138. H. T. Wangemann: *Maléo en Sekoekoeni*, p. 145.
139. S.S. 74: R63/66, Beëdigde verklaring van A. Nachtigal voor C. van der Leeuw, d.d. Lydenburg, 22.1.1866.
140. H. T. Wangemann: *Maléo en Sekoekoeni*, p. 145.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bapedi[141] te doen tot 'n einde gekom. Tien jaar later egter in 1876 sou hulle weer die sendingstasies Patametšane en Kchalatlolu kon beset.

Die primêre rede waarom Sekhukhune teen die sendelinge gedraai het, lê bes moontlik daarin opgesluit dat: "Wenn das Wort Gottes nicht Seelen seines Volkes, seiner Familie ergriffen hätte, wenn die Menge derer die dem heidnischen Aberglauben dem Rücken wandte nicht zugenommen hätte in einer den König beängstigenden Weise so wären wir als kluge Europäer, deren Meinung er erkunden, deren Urteil er benutzen konnte vielleicht lange Jahre hindurch seine Freunde geblieben."[142]

6. Bothšabêlo – Die "Toevlugsoord"

Nadat Merensky op 23 November 1864 met sy 115 volgelinge sy sendingstasie, Xa Ratau, as gevolg van Sekhukhune se vyandige gesindheid verlaat het, het hy hom en sy gesin voorlopig aan huis van ds. Van Heyningen gaan vestig. Kort hierna het Merensky na Gerlachshoop vertrek om daar 'n sendingkonferensie te belê. Aangesien die toekoms van Gerlachshoop, as gevolg van Sekhukhune en Mabhogo se vyandigheid teenoor die Bakopa, eweneens in die weegskaal was, is daar besluit dat Grützner en Moschütz die moontlikheid van sendingwerk onder die stam van Mapela of Mankoapane moes gaan ondersoek, terwyl Merensky en Endemann die moontlikheid van 'n toevlugsoord vir sowel die vlugteling Pedi- as Bakopa-Christene, die volgelinge van Joshua Ramapudu, aan die Olifantsrivier sou ondersoek.[143]

Ongeveer drie dagreise van Sekhukhune af het Merensky 'n plaas aan die Olifantsrivier gekoop, wat hy as geskikte toevlugsoord beskou het.[144] Aangesien hy onderneem het om dadelik by die Regering toestemming te vra om met sy gelowige Bantoes op hierdie plaas te woon, het landdros C. Potgieter inmiddels verlof gegee dat Merensky en die Bantoes wel op die plaas kon gaan woon op voorwaarde dat "Uw Ew. zorg dragen dat die kaffers onder eene goedt tucht gehoude worden en niet onder de menschen rondlopen en de menschen lastig vallen met dieverij als andersins".[145]

Die sendingstasie wat op hierdie plaas aangelê is en as die toevlugsoord, Bothšabêlo bekend gestaan het, het aanvanklik, as gevolg van die feit dat die inwoners enige oomblik 'n aanval van Sekhukhune en Mabhogo te wagte was, meer die karakter van 'n militêre vesting as 'n sendingstasie getoon. Daar is 'n fort, wat Merensky ter ere van die Pruisiese koning, Fort Wilhelm genoem het,[146] opgerig wat ter verdediging van die sendingstasie moes dien. Die fort is tegelyk ook as woonplek vir die Bakopa- en Bapedi-Christene ingerig. Hierdie fort is nie net 'n seldsame mooi voorbeeld van Sotho-argitektuur nie, maar is ook 'n werklike fort in die Europese sin van die woord.[147] Die Regering het dit goedgekeur dat 'n aantal gewere aan die inwoners van Bothšabêlo gegee word, maar Merensky moes volle verantwoordelikheid vir die vuurwapens aanvaar en moes sorg dra dat dit weer later aan die Regering terugbesorg word.[148]

Alvorens Merensky met sy sendingwerk kon voortgaan, was dit noodsaaklik om eers 'n effektiewe bestuursvorm vir sy sendingstasie te ontwerp. Hierin moes die belange van sowel die Bakopa as die Bapedi in ag geneem word. Gevolglik het Merensky besluit om Ramapudu as opperhoof van die Bakopa en Johannes Dinkwanyane as

141. S.S. 74: R63/66, Beëdigde verklaring van A. Nachtigal voor C. van der Leeuw, d.d. Lydenburg, 22.1.1866; J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 226; H. T. Wangemann: *Maléo en Sekoekoeni*, p. 146.
142. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 197.
143. A. Nachtigal: Tagebuch I, p. 269; Kyk ook J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 233.
144. L.L. Band 2; No. 143, A. Merensky – C. Potgieter, d.d. Olifantsrivier, 20.1.1865; *The Star* d.d. 28.8.1972 (Berig oor Bothšabêlo).
145. L.L. Band 2: No. 160, C. Potgieter – A. Merensky, d.d. Lydenburg, 25.1.1865.
146. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 255.
147. Kyk Brosjure, *Fort Merensky*, uitgegee deur die 'Stigting Simon van der Stel'.
148. Kyk S.S. 67: R593/65, A. Merensky – M. W. Pretorius, d.d. Bothšabêlo, 20.5.1865; U.R. Band 2: U.R.B. 30.5.1865, artikel 10.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

opperhoof van die Bapedi te Bothšabêlo te erken. Verder is die inwoners toegelaat om alle gebruike en gewoontes van hulle onderskeie stamme, wat versoenbaar was met die beginsels van die Christelike geloof, te handhaaf.[149] Die hoogste gesag op die sendingstasie het egter by Merensky berus en derhalwe was die opperhoofde verplig om alle aangeleenthede vir finale goedkeuring aan Merensky voor te lê.

Die bestuur en organisasie van die sendingstasie was op 'n aantal regulasies wat deur Merensky opgestel was, gebaseer. Hierdie regulasies het onder andere bepaal dat geen nuwe intrekker die stasie sonder die toestemming van die betrokke sendeling kon bewoon nie. Alle gebruike wat teenstrydig was met die beginsels van die evangelie, soos bv. dronkenskap, dobbelary, owerspel, towenary, dolosgooi, reënmaakfeeste en die aankoop van vroue, is verbied. Oortreders van hierdie regulasies is òf van die sendingstasie weggewys òf 'n boete van £2 opgelê. Hierbenewens was alle inwoners verplig om ten minste een dag per maand in diens van die B.S.G. te wees en jaarliks een tiende van hulle inkomste aan die Genootskap te gee. Afgesien van die feit dat daar van die inwoners verwag is om lojaliteit aan die B.S.G. te betoon was hulle ook verplig om die landswette van die Z.A.R. te eerbiedig en gereeld hulle belastings aan die Regering te betaal.[150]

Die verkondiging van die evangelie het eweneens dadelik na die stigting van Bothšabêlo 'n aanvang geneem en sowat tien maande later is die eerste bekeerling op die nuwe toevlugsoord gedoop. Aan die einde van 1865 het Merensky die dogtertjie van Johannes Dinkwanyane, Anna, asook sy eie dogtertjie, Pauline, wat ten tye van Merensky se vlug uit Sekhukhuneland 'n pasgebore baba was, gedoop.[151] Toe direkteur Wangemann in April 1867 Bothšabêlo besoek het, was daar reeds 650 inwoners en het hy tydens sy verblyf aldaar 24 Bantoes gedoop en een evangelis, Zebedeus, in sy amp bevestig. Volgens Wangemann het die Bantoekatkisante op Bothšabêlo die Bybel beter geken as die katkisante in Duitsland.[152] Teen 1867, die jaar waarin direkte beheer vanuit Duitsland beëindig is, was Bothšabêlo die mees welvarende sendingstasie van die B.S.G. in Transvaal en toe Merensky in dieselfde jaar deur Wangemann as eerste superintendent van die Genootskap in Transvaal benoem is, is die status van Bothšabêlo verder verhoog.

7. Die Verdere uitbreiding van die Sendingwerk van die B.S.G. in Transvaal tydens Direkte Beheer

Hoewel die B.S.G. verplig was om as gevolg van Sekhukhune se vyandigheid teenoor die sendingwerk en die onveiligheid waarin die Bakopa onder Joshua Ramapudu verkeer het, die sendingstasies Gerlachshoop, Xa Ratau, Kchalatlolu en Patametšane te verlaat, is daar nietemin ander deure vir hulle geopen sodat die sendingonderneming in Transvaal ten spyte van die groot terugslae verder voortgesit kon word. Omliggende Bantoestamme het as gevolg van die sendingwerk onder die Bapedi en Bakopa ook sporadies met die werk van die B.S.G. in aanraking gekom en gevolglik wou hierdie stamme ook sendelinge hê. Die sendelinge van die B.S.G. het hiervan te hore gekom, en die Bantoestamme genader en hulle aangeraai om die Regering te versoek om sendelinge van dié Genootskap na hulle te stuur.

Mankoapane of Mapela, die opperhoof van die Matebelestam woonagtig in die Waterbergse distrik, het Grützner in Oktober 1864 versoek om namens hom by die Regering aansoek vir 'n sendeling te doen.[153] Hoewel Mankoapane se aansoek nie

149. W. Gründler: *Hundert Jahre Berliner Mission*, p. 36.
150. B.A.: Reëls en Regulasies van die Sendingstasie Bothšabêlo.
151. Kyk E.A.: Doopregister van die Sendingstasie Bothšabêlo, 1865–73.
152. H. T. Wangemann: *Reise-Jahr*, pp. 387–8.
153. S.S. 61: R969/64, H. Grützner doen namens Mapela (Mankoapane) aansoek by die Regering om 'n sendeling, d.d. Mapela, 24.10.1864.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dadelik deur die Uitvoerende Raad behandel is nie, was die Staatsekretaris van mening dat die Uitvoerende Raad geen beswaar sou hê teen Grützner se voorneme om by Mankoapane met sendingwerk te begin nie.[154] Dit wil egter voorkom asof Mankoapane se begeerte om Grützner in sy gebied te laat woon eerder 'n politieke as godsdienstige inslag gehad het.

Reeds ten tye van die eerste Basoeto-oorlog in die Oranje-Vrystaat in 1858 het Mankoapane oproerig teen die Z.A.R. geword en moes daar vanaf Potchefstroom 'n kommando teen hom uitgestuur word.[155] As gevolg hiervan het daar by Mankoapane die behoefte aan die dienste van 'n goeie tolk ontstaan wat hy in sy onderhandelinge met die Z.A.R. kon gebruik. Hierin sou die sendelinge juis kon voorsien en daarom het hy die Paryse Sendinggenootskap, wat in Lesotho werksaam was, genader om 'n sendeling na hom te stuur.[156] Omdat die Paryse Sendinggenootskap nie dadelik 'n blanke sendeling na Mankoapane kon stuur nie het hulle onderneem om voorlopig die dienste van een van hulle Bantoe-evangeliste aan hom beskikbaar te stel.[157] Nog voor Grützner toestemming van die Regering kon ontvang om na Mankoapane te gaan, het die evangelis van die Paryse Sendinggenootskap, Jesaja Séële, by Mankoapane aangekom. Daar het in daardie stadium juis weer Basoeto-onluste in die Oranje-Vrystaat uitgebreek en Mankoapane het weer eens tekens van verset teen die Z.A.R. begin toon. Onder hierdie omstandighede het die Regering toestemming aan Grützner verleen op die voorwaarde dat "zijn Eerwaarde zal alle krachten inspannen om Mapela zooveel mogelijk tot onderdanigheid aan het Gouvernement der Z.A. Republiek te brengen".[158]

Op 19 Mei 1865 het Grützner en Moschütz by Mankoapane aangekom, maar moes toe verneem dat Jesaja Séële reeds met sendingwerk daar begin het.[159] Hoewel die sendelinge van die B.S.G. in weerwil hiervan nogtans bereid was om hulle sendingwerk voort te sit wou Mankoapane hulle nie toelaat om 'n sendingstasie te stig nie. Hy was blykbaar bevrees dat Moshesh hom dit sou verkwalik indien hy Jesaja Séële weer na Lesotho sou terugstuur.[160] Dus het Grützner en Moschütz op uitnodiging van die opperhoof Matlala van die Bakonistam, woonagtig tussen Pietersburg en Piet Potgietersrus,[161] daarheen vertrek.

Enkele jare daarna het Jesaja Séële blykbaar nie sy weg oop gesien om verder die evangelie by Mankoapane te verkondig nie en die moontlikheid dat 'n blanke sendeling van die Paryse Sendinggenootskap spoedig die werk van Séële sou kon oorneem was bra skraal. Die Komitee van die B.S.G. het by die Paryse Sendinggenootskap navraag gedoen of hulle nog van voorneme was om 'n blanke sendeling na Mankoapane te stuur, waarop die Paryse Sendinggenootskap te kenne gegee het dat hulle nie van voorneme was om 'n blanke sendeling na Mankoapane te stuur nie en dat die B.S.G. dus welkom was om te eniger tyd die arbeidsveld daar te beman.[162] Hierna het Mankoapane homself weer eens bereid verklaar om 'n sendeling van die B.S.G. te ontvang en Moschütz het in November 1865 vir die tweede keer by sy hoofstat aangekom. Net soos die eerste poging was hierdie tweede poging om by Mankoapane 'n sendingstasie te stig ook 'n mislukking, aangesien Mankoapane geweier het om Moschütz toe te laat om met sendingwerk te begin. Die rede hiervoor moet waarskynlik gesoek word in die feit dat Mankoapane intussen verneem het dat die Basoeto's

154. S.S. 8615: B.B. 622/64, H. van der Linden – H. Grützner d.d. Pretoria, 7.12.1864.
155. Kyk F. A. van Jaarsveld: *Die Eenheidstrewe van die Republikeinse Afrikaners, 1836–1864*, Deel I, Pioniershartstogte, pp. 216–17.
156. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 309; J. du Plessis: *Christian Missions*, pp. 310–21.
157. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 309.
158. U.R. Band 2: U.R.B. d.d. 16.3.1865, artikel 3.
159. H. T. Wangemann: *Maléo en Sekoekoeni*, p. 172.
160. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 309.
161. Kyk War Office: *The Native Tribes of the Transvaal*, pp. 47–9.
162. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, pp. 245–6; E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 317; H. T. Wangemann: *Maléo en Sekoekoeni*, p. 173.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Boere in die Oranje-Vrystaat verslaan het,[163] en dat Mankoapane die mening toegedaan was dat die Bantoes in die Z.A.R. ook die Boere sou verslaan en dat hy onder die omstandighede nie meer die dienste van sendelinge sou nodig hê nie.[164]

Ten spyte van Mankoapane se volgehoue weiering om sendelinge van die B.S.G. te ontvang, het die B.S.G. nietemin die onderdane van Mankoapane met die evangelie bereik toe die Regering hulle goedkeuring vir die oprigting van 'n sendingstasie op die dorp Makapaanspoort verleen het.[165] Vir dié doel het die Regering drie erwe op die dorp aan die B.S.G. geskenk[166] en reeds in Desember 1865 kon Moschütz begin met die aanlê van die sendingstasie wat die naam Makapaanspoort ontvang het.[167] Eerw. E. B. Beyer is aan die einde van 1865 as hulpsendeling na Makapaanspoort gestuur, maar voordat die sendelinge met die oprigting van 'n woning kon begin, het die onderhoof van Mankoapane, Lekale, in wie se gebied die dorp en stasie geleë was, die sendelinge verbied om enige gebou op te rig en beweer dat dit sy eiendom was. Volgens Lekale dus het die Regering geen reg gehad om sy grond aan die B.S.G. te skenk nie.[168] Eers nadat M. W. Pretorius Lekale gewaarsku het om sy houding te verander kon daar met die oprigting en vestiging van hierdie stasie voortgegaan word.[169]

Omdat Mankoapane intussen besef het dat sy optimisme oor die welslae wat die Basoeto's in die Oranje-Vrystaat behaal het te ver gevoer was, het hy weer sy gesindheid teenoor die sendingwerk verander, sodat hy gedurende 1866 die B.S.G. uitgenooi het om sendelinge na sy gebied te stuur. As gevolg hiervan kon die B.S.G. gedurende die eerste helfte van 1867 twee sendingstasies in Mankoapane se gebied aanlê. Die stasie Thutloane is in Januarie 1867 deur eerw. Beyer gestig en in Mei 1867 het eerw. Carl Endemann, wat as gevolg van Sekhukhune se vyandige gesindheid sy stasie Patametšane moes verlaat, die stasie Malakong gestig.[170] Toe Wangemann Transvaal in 1867 besoek het, het hy aanbeveel dat Endemann sy stasie Malakong nader na die krale van Mankoapane se onderhoof, Modipane, moes verskuif sodat die inwoners makliker die stasie kon bereik.[171] Toe direkte beheer in 1867 afgeskaf is, het die B.S.G. twee sendingstasies in Mankoapane se gebied gehad en een stasie op Makapaanspoort wat ook die onderdane van Mankoapane met die evangelie bedien het.

Aangesien Mankoapane aanvanklik geweier het om 'n sendeling in sy gebied te ontvang, het Grützner op uitnodiging van sy buur-opperhoof, Matlala, na laasgenoemde se gebied vertrek waar hy met die toestemming van die Regering die sendingstasie Xa Matlala, d.w.s. by Matlala, gestig het.[172] Hoewel Grützner reeds aan die einde van 1866 die oprigting van 'n woning en kerkie voltooi het, kon die eerste Bantoe eers bykans 'n jaar later deur Wangemann gedoop word.[173]

Nadat Knothe aan die begin van 1866 verplig was om Sekhukhuneland te verlaat het hy met die toestemming van die Regering 'n sendingstasie onder 'n gedeelte van die Bapostam in die Waterbergdistrik gestig.[174] Ofskoon Knothe vriendelik deur die opperhoof ontvang is, sodat hulle feitlik dadelik met die oprigting van 'n kerk en woning kon begin, het Bapo egter binne enkele weke na Knothe se aankoms teen die

163. Kyk verder hieroor F. J. du T. Spies: *Hamelberg en die Oranje-Vrystaat*, pp. 260–72.
164. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 246.
165. Kyk S.S. 70: R1099/65; H. Grützner – N. J. Viljoen d.d. Matlala, 29.9.1865.
166. S.S. 72: R1373/65, W. Moschütz – M. W. Pretorius d.d. Makapaanspoort, 28.12.1865.
167. B.A.: *Stationschronik, Makapaanspoort*, p. 11.
168. S.S. 72: R1373/65, W. Moschütz – M. W. Pretorius d.d. Makapaanspoort, 28.12.1865.
169. B.A. *Stationschronik, Makapaanspoort*, pp. 12–13.
170. H. T. Wangemann: *Maléo en Sekoekoeni*, p. 174.
171. H. T. Wangemann: *Reise-Jahr*, p. 442.
172. S.S. 69: R977/65; H. Grützner – H. van der Linden d.d. Matlala, 25.8.1865; S.S. 8615: B.B. 1229/65, Klerk van die Staatsekretaris – H. Grützner, d.d. Pretoria, 19.5.1865.
173. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 246.
174. S.S. 75: R75/66, C. Knothe – Uitvoerende Raad van die Z.A.R. d.d. Bapo. 26.1.1866; Kyk War Office: *The Native Tribes of the Transvaal*, pp. 26–7; Native Affairs Department: *Short History of the Native Tribes of the Transvaal*, pp. 42–3.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sendingwerk begin draai. Gevolglik het Bapo die regeringskommissie, wat die grond vir die sendingstasie moes afmeet, versoek om hulle werk te staak daar hy geen leraar wou hê nie. Knothe het drie maande lank onverpoosd gepoog om die gesindheid van Bapo te verander.[175]

As gevolg van Knothe se volgehoue pogings om op die sendingstasie te bly het Bapo twee afgevaardigdes, Johannes en Adam, na die landdroskantoor op Nylstroom gestuur met die versoek dat die Regering moes toesien dat Knothe so spoedig moontlik sy gebied verlaat. Gevolglik het Johannes en Adam voor die vrederegter van Waterberg, G. J. Verdoorn, 'n beëdigde verklaring afgelê waarin hulle Bapo se redes waarom hy nie langer 'n sendeling wou hê nie verstrek het.[176] Uit die inhoud van hierdie verklaring blyk dit dat Bapo sou gevrees het dat 'n soortgelyke lot wat Maléo getref het hom ook sou tref indien hy 'n sendeling huisves. Bapo was so gretig om van Knothe ontslae te raak dat hy selfs gedreig het om geen werkvolk aan die Boere te verskaf nie indien die sendeling nie dadelik sy gebied verlaat nie.[177]

Dit wil ook voorkom asof sekere blanke inwoners van die Waterbergdistrik gekant was teen Knothe se sendingstasie by Bapo en sommige van hulle het selfs beweer dat die grond wat die Regering aan Knothe toegewys het vir die oprigting van sy sendingstasie hulle eiendom was. Ter wille van die algemene vrede onder die Bapostam, asook om die Boere tevrede te stel, het Verdoorn gevolglik aanbeveel dat die Regering Knothe moes versoek om Bapo te verlaat.[178] Onder hierdie omstandighede en omdat Bapo gedreig het om Knothe dood te maak, het Knothe dit raadsaam geag om liewer die sendingstasie te verlaat en na 'n ander plek te soek. In 1867 het direkteur Wangemann tevergeefs probeer om Bapo gunstig teenoor sendingwerk te stem.[179]

Omdat baie van Bapo en Mankoapane se onderdane in Pretoria gewerk het, het Merensky tydens 'n sendingkonferensie in 1866 voorgestel dat 'n sendingstasie aldaar aangelê moes word.[180] Hoewel M. W. Pretorius geen beswaar teen die B.S.G. se voorneme gehad het nie,[181] wou die Regering nie hulle toestemming tot die oprigting van 'n sendingstasie te Pretoria gee nie, aangesien die aansoek van die B.S.G. nie aan artikels 1 en 2 van die "Maatregelen van voorzorg tegen bedrog en misleiding by de uitbreiding van het Evangelium onder de Heidenen" voldoen het nie.[182] Aangesien daar geen Bantoe-opperhoof in Pretoria was wat vir 'n sendeling kon aansoek doen nie het M. W. Pretorius Merensky aangeraai om namens die Bantoewerkvolk in Pretoria aansoek te doen.[183] Hierop het die Regering wel aan die B.S.G. toestemming verleen om in Pretoria 'n sendingstasie op te rig, maar M. W. Pretorius het dit duidelik gestel dat die Bantoes in Pretoria "sich aan de Ingezeten hebben verhuurt om te werken en niet om onderweze te worden".[184]

Met hierdie waarskuwing kon Knothe, wat sedert 4 Augustus 1866 in Pretoria woonagtig was, die sendingstasie Pretoria aanlê. Agtien maande later het Knothe se

175. S.S. 74: R75/66, C. Knothe – Uitvoerende Raad van die Z.A.R. d.d. Bapo, 26.1.1866.
176. S.S. 74: R130/66, Beëdigde verklaring van Johannes en Adam afgelê voor vrederegter G. J. Verdoorn, d.d. Waterberg, 3.2.1866.
177. S.S. 74: R130/66, Beëdigde verklaring van Johannes en Adam afgelê voor vrederegter G. J. Verdoorn, d.d. Waterberg, 3.2.1866.
178. S.S. 75: R204/66, C. Knothe – M. W. Pretorius d.d. Bapo, 15.2.1866; S.S. 75: R185/66, G. J. Verdoorn – President en Uitvoerende Raad van die Z.A.R. d.d. Waterberg, 13.2.1866.
179. Kyk H. T. Wangemann: *Reise-Jahr*, pp. 424–6; S.S. 74: R75/66, C. Knothe – Uitvoerende Raad van die Z.A.R., d.d. Bapo, 26.1.1866.
180. S.S. 76: R451a/66, A. Merensky – M. W. Pretorius d.d. Bothšabêlo, 25.4.1866.
181. Kyk H. T. Wangemann: *Maléo en Sekoekoeni*, p. 177.
182. U.R. Band 2: U.R.B. d.d. 25.5.1866, artikel 45.
183. Kyk S.S. 79: R842/66, A. Merensky – M. W. Pretorius d.d. Bothšabêlo, 22.8.1866; S.S. 8615: B.B. 1713/66, M. W. Pretorius – A. Merensky, d.d. Pretoria, 23.8.1866.
184. S.S. 8615: B.B. 1713/66, M. W. Pretorius – A. Merensky d.d. Pretoria, 23.8.1866; Kyk ook H. T. Wangemann: *Maléo en Sekoekoeni*, p. 177.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gemeente reeds op 24 persone te staan gekom.[185] Aangesien Jan Kekana, opperhoof van die ba ga Kekanastam woonagtig aan die Pienaarsrivier sowat 40 km. noord van Pretoria,[186] ook sy begeerte om die evangelie in sy gebied te laat verkondig aan Knothe bekend gemaak het, kon Knothe aan die einde van 1867 reeds die buitepos Moretéle by Kekana oprig.[187] Tydens Wangemann se besoek aan Pretoria in 1867 het die werk van die B.S.G. daar sulke bemoedigende tekens van vooruitgang getoon dat Wangemann die Regering versoek het om 12 erwe, wat aan Pretoria gegrens het, aan die Genootskap te skenk.[188]

Nadat Nachtigal aan die begin van 1866 verplig was om sy sendingstasie Kchalatlolu te verlaat, het hy met 'n groot aantal Pedi-Christene na Lydenburg vertrek waar hy en sy volgelinge hulle met die toestemming van landdros C. Potgieter gevestig het. Omdat Lydenburg nader aan Sekhukhuneland was as Bothšabêlo het Nachtigal dit oorweeg om by Lydenburg 'n tweede toevlugsoord tot stand te bring. Dit sou meebring dat die Bapedi voortaan nog indirek met die evangelie in aanraking gebring kon word. Hierbenewens was Potgieter eweneens ten gunste van 'n sendingstasie net buite die dorp, aangesien dit aan twee behoeftes sou voldoen: eerstens kon die blankes gebruik maak van die dienste van die sendingstasie se inwoners en tweedens kon die inwoners van die sendingstasie help om die dorp teen moontlike aanvalle van die Bapedi te beskerm.[189] Sowel die Regering as die Komitee van die B.S.G. het geen beswaar teen die oprigting van so 'n sendingstasie op Lydenburg gehad nie en derhalwe kon Nachtigal op 'n erf wat hy van H. T. Bührmann gehuur het, die sendingstasie Lydenburg stig.[190] Die sendingwerk hier het vanweë die feit dat 'n groot aantal Bapedi uit Sekhukhuneland die stasie gereeld besoek het, groot belofte ingehou. Gevolglik het Wangemann tydens sy besoek aan Lydenburg besluit om persoonlik met Sekhukhune te gaan onderhandel in 'n poging om sy gesindheid teenoor die sendingwerk te verander. Sekhukhune het egter in weerwil hiervan in sy vyandigheid volhard[191] en derhalwe het Wangemann aan Nachtigal se Pedi-evangelis, Jonas Pudumo, die opdrag gegee "um mitten in den grossen Zorn hineinzugehen und Speise der Müden zu tragen".[192] Onder hierdie omstandighede het Wangemann dit dus as noodsaaklik beskou dat die sendingstasie Lydenburg 'n permanente toevlugsoord moes word.[193]

8. Die Arbeidsveld van die B.S.G. word vasgepen; Stigting van die Sendingstasies Tshuaneng en Modimulle

Gesien in die lig van die toenemende uitbreiding van die B.S.G. in Transvaal gedurende die tydperk van direkte beheer, het daar in 1867 by Wangemann die behoefte ontstaan om tussen die sendingstasies Makapaanspoort en Pretoria nog sendingstasies te stig sodat die stasies van die B.S.G. 'n aaneenskakelende netwerk kon vertoon. Die doel hiervan was om aan die sendelinge, wat as gevolg van die vyandigheid van Bantoe-opperhoofde hulle stasies moes verlaat, die geleentheid te bied om so spoedig moontlik 'n heenkome op 'n ander stasie van die Genootskap te vind. Andersyds sou die aaneenskakeling van stasies die noodsaaklike en gereelde byeen-

185. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 237.
186. Kyk N. J. van Warmelo: Union of S.A. Dept. of Native Affairs Ethnological Publications, No. 18, *The Ndebele of J. Kekana*, p. 13.
187. H. T. Wangemann: *Maléo en Sekoekoeni*, p. 178.
188. U.R. Band 2: U.R.B. d.d. 5.6.1867, artikel 4.
189. S.S. 74: R81/66, C. Potgieter – M. W. Pretorius d.d. Lydenburg, 20.1.1866.
190. A. Nachtigal: Tagebuch I, pp. 347–8; Kyk ook S.S. 79: R873/66, A. Nachtigal – C. Potgieter d.d. Lydenburg, 28.8.1866.
191. Kyk H. T. Wangemann: *Reise-Jahr*, pp. 500–8.
192. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 263 in voetnoot; W. Gründler: *Hundert Jahre Berliner Mission*, p. 86; E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 229.
193. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 231.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

komste van die sendelinge onderling vergemaklik.[194] Gevolglik was dit vir die B.S.G. noodsaaklik om tussen Makapaanspoort en Pretoria steunpunte te vind en sodoende sorg te dra dat geen ander sendinggenootskap hulle hier voorspring nie.[195]

Merensky het reeds in 1866 van die noodsaaklikheid van so 'n verbinding bewus geword en die Regering versoek om aan die B.S.G. toestemming te verleen om 'n sendingstasie by die opperhoof Saul van die Bakgatla ba ga Motshastam te stig, maar die Regering het om twee redes aan Merensky toestemming geweier. Eerstens omdat Merensky nie in sy aansoek gemeld het of hy die toestemming van Saul gehad het nie en tweedens omdat die Hermannsburgse Sendinggenootskap reeds aansoek gedoen het om by Saul 'n sendingstasie op te rig.[196] Ten spyte van die feit dat Merensky nie daarin kon slaag om Saul se toestemming te kry om 'n sendingstasie daar op te rig nie, het Wangemann nietemin die Regering in 1867 versoek om, in weerwil van Saul se weiering, aan die B.S.G. voorkeur te gee om daar 'n stasie op te rig. M. W. Pretorius het aan Wangemann se versoek voldoen, waarna Wangemann ook daarin geslaag het om Saul se toestemming te verkry.[197]

Wangemann was egter nog verplig om die aangeleentheid van 'n sendingstasie by Saul met die Hermannsburgse Sendinggenootskap te bespreek met die doel om tot 'n vergelyk te kom. Derhalwe het Wangemann vise-superintendent W. Behrens van die Hermannsburgse Sendinggenootskap op sy sendingstasie in die Rustenburgdistrik ontmoet. Behrens het geen beswaar teen die B.S.G. se voorneme om 'n verbinding tussen hulle stasie te verkry gehad nie en daar is terselfdertyd 'n ooreenkoms tussen Wangemann en Behrens gesluit waarvolgens die B.S.G. die gebied oos van die denkbeeldige verbindingslyn, Pretoria – Saul – Makapaanspoort, as sendinggebied ontvang het. Die Hermannsburgse Sendinggenootskap daarenteen sou die gebied ten weste van die verbindingslyn as arbeidsveld ontvang.[198] Met hierdie ooreenkoms het die twee belangrikste Evangeliese Lutherse Sendinggenootskappe in Transvaal hulle onderskeie arbeidsterreine vasgepen. Onder hierdie omstandighede kon Otto Sachse, wat uit Halle in Sakse-Anhalt afkomstig was, in Februarie 1868 die stasie Tshuaneng by die opperhoof Saul aanlê.[199]

Nog 'n belangrike skakel in die ketting van sendingstasies wat die B.S.G. gedurende die periode 1860–7 in Transvaal tot stand gebring het, was die stigting van die stasie Modimulle in die Waterbergdistrik in 1867. Op sy reis van Makapaanspoort af na Pretoria het Wangemann Gert Lottering wat naby Kranskop gewoon het, ontmoet. Gert Lottering was as gevolg van die prediking van 'n sendeling van die Ned. Geref. Kerk se sending, eerw. A. MacKidd, 'n groot sendingvriend. Trouens, die hele Lotteringfamilie was die sending uiters goedgesind en Gert se broers, Frans en Cornelis, het eerw. MacKidd versoek om sendingwerk onder die volgelinge van Michael Buys te doen.[200] Gert Lottering het reeds self begin om die evangelie aan sy Bantoe-arbeiders te verkondig en aangesien daar nagenoeg 300 Bantoehuisgesinne in die omgewing van Gert Lottering se plaas gewoon het, het hy aan Wangemann voorgestel dat die B.S.G. op sý plaas 'n sendingstasie moes oprig. Wangemann was dadelik vir so 'n voorstel te vinde aangesien Lottering se plaas 'n nuttige skakel in die verbindingslyn Pretoria – Saul – Makapaanspoort sou wees en terselfdertyd sou dit die volk van die vyandige Bapo indirek met die evangelie in aanraking bring daar Lottering se plaas op die grens van

194. Kyk H. T. Wangemann: *Maléo en Sekoekoeni*, p. 178.
195. H. T. Wangemann: *Reise-Jahr*, p. 473.
196. U.R. Band 2: U.R.B. d.d. 25.5.1866, artikel 45.
197. H. T. Wangemann: *Reise-Jahr*, pp. 382 en 473.
198. H. T. Wangemann: *Reise-Jahr*, p. 478; Kyk ook G. B. A. Gerdener: *Boustowwe*, No. 196, Verslag van ds. J. H. Neethling aan die Sendingkommissie, d.d. Desember 1871, p. 714.
199. Kyk B.M.A.: Personalakten, O. Sachse.
200. Kyk W. L. Maree: *Lig in Soutpansberg*, p. 35; S. Hofmeyr: *Twintig jaren in Zoutpansberg* (Een verhaal van Twintig Jarigen Arbeid onder de Heidenen in de Transvaal.), pp. 12–15.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bapo se gebied gelê het.[201] Lottering het 'n stuk grond van 100 × 50 meter regoor Kranskop of Modimulle, wat letterlik beteken God het geneem, aan die B.S.G. geskenk[202] en kort hierna, op 17 Augustus 1867, het Heinrich Adam Koboldt, afkomstig uit Niederdorla in Pruise, die sendingstasie Modimulle, soms ook Waterberg genoem, gestig.[203]

Te midde van die terugslae wat die B.S.G. gedurende die beginjare van sy werksaamhede in Transvaal ondervind het, was daar nietemin bemoedigende vordering met die sendingwerk en die oprigting van stasies soos Bothšabêlo, Lydenburg, Pretoria en Xa Matlala het die Genootskap baie optimisties oor die toekoms van Transvaal as arbeidsveld gestem. Die feit dat Wangemann in 1867 indirekte beheer ook op Transvaal van toepassing gemaak het, onderskryf die B.S.G. se vaste voorneme om Transvaal as 'n permanente sendinggebied te behou.

201. H. T. Wangemann: *Reise-Jahr*, pp. 466–7.
202. B.A.: *Stationschronik, Modimulle*, p. 1; Inligting van mej. Marie Krause.
203. B.M.A.: Personalakten, H. A. Koboldt; Kyk ook T.A.: Boedelstukke, No. 19682, H. A. Koboldt; B.A.: *Stationschronik, Modimulle*, p. 1.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 5

DIE SUPERINTENDENTSKAP VAN A. MERENSKY, 1867–81

Met die instelling van indirekte beheer in 1867 is Merensky deur sy swaer dr. H. T. Wangemann, direkteur van die B.S.G., benoem as eerste superintendent van die Genootskap in Transvaal.[1] As eerste, en tot Oktober 1878 die enigste, superintendent van die B.S.G. in Transvaal, het hy 'n belangrike rol in die vestigingsjare van die Genootskap aldaar gespeel. Die uitbreiding wat die sendingwerk van die B.S.G. tot 1878 ondergaan het, kan in die eerste instansie aan die ywer wat Merensky as superintendent aan die dag gelê het, toegeskryf word.

Alexander Anton Bertholdt Merensky is op 8 Junie 1837 in die Benede-Silesiese dorpie Panten naby Liegnitz gebore, waar sy vader, Albert Merensky, 'n senior bosboubeampte was.[2] Alex, soos Merensky later onder sy medesendelinge bekend gestaan het,[3] se moeder Pauline is tydens sy geboorte oorlede. Op sewejarige leeftyd het Merensky ook sy vader, wat intussen weer getroud is, verloor[4] en aangesien sy stiefmoeder nie in staat was om die groot familie te onderhou nie het sy Merensky na die destydse bekende Silesiese weeshuis, Schindler, gestuur waar hy sy skoolopleiding ontvang het.[5] Uit Merensky se dagboek, wat vanaf sy sestiende jaar dagteken, wil dit voorkom asof hy onder invloed van die vurige prediker Gustav Knak tot bekering gekom het.[6]

Onder invloed van Knak het Merensky besluit om sendeling te word en gevolglik het hy tot die diens van die Berlynse Sendinggenootskap in Berlyn toegetree. Na sy toetrede het Merensky eerw. C. F. Schultheiss, superintendent van die B.S.G. in Suid-Afrika, ontmoet en sodoende kennis gemaak met die vele probleme van die sending.[7] Na voltooiing van sy opleiding het Merensky in 1858 saam met sewe ander jong sendelinge, waaronder C. T. Nauhaus, A. Mönnig en C. Meyer, na Suid-Afrika vertrek. 'n Jaar later in 1859, ontvang Merensky en Grützner opdrag van die Komitee in Duitsland om sendingwerk onder die Swazi's te gaan doen. Aangesien die Swazi's geweier het om aan hulle toestemming tot die oprigting van 'n sendingstasie te gee, was die B.S.G. verplig om sy tentpenne binne die grense van die Zuid-Afrikaansche Republiek te gaan inslaan. Die oprigting van die stasie Gerlachshoop in 1860 onder die Bakopa was so suksesvol dat Merensky 'n jaar later 'n tweede sendingstasie, Kchalatlolu, onder die Bapedi opgerig het. Soos aangetoon, was Merensky verplig om, as gevolg van die Pedi-opperhoof Sekhukhune se vyandigheid teenoor die sendingwerk, sy stasie Xa Ratau in 1864 te verlaat waarna hy die stasie Bothšabêlo aangelê het.

1. Algemene Vestigingsprobleme van die B.S.G. in Transvaal

Hoewel die instelling van indirekte beheer die bestuur en organisasie van die B.S.G. in Transvaal op 'n stewiger grondslag geplaas het, aangesien die benoeming van 'n superintendent meer effektiewe beheer van die arbeidsveld tot gevolg gehad het, was daar nietemin talle plaaslike probleme wat nòg die Komitee in Duitsland nòg die plaaslike superintendent die hoof kon bied. Dit was inderdaad probleme wat slegs deur die bekwaamheid en vaardigheid van die onderskeie sendelinge opgelos kon word,

1. Kyk H. T. Wangemann: *Motive und Erläuterungen*, pp. 87–8; Inligting oor Wangemann en Merensky se familieverbintenis verkry van mev. Ilse von Dassel, kleindogter van Wangemann, van Troisdorf, Wes-Duitsland; Kyk ook Hfst. 3, afd. 2.
2. H. Petrich: *Alexander Merensky: ein Lebensbild aus der deutschen evangelischen Mission des letzten Jahrhunderts*, p. 10.
3. A. Nachtigal: Tagebuch I, p. 15.
4. H. Petrich: *Alexander Merensky*, p. 10.
5. H. Petrich: *Alexander Merensky*, pp. 17–22.
6. H. Petrich: *Alexander Merensky*, p. 24.
7. H. Petrich: *Alexander Merensky*, pp. 26–7.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aangesien hierdie probleme ten nouste met die daaglikse praktyk van die sendingwerk verband gehou het. Hierdie probleme het onder andere die oprigting van kerke, wonings, skoolgeboue en die aanlê van landerye behels. Die ordening van 'n Christelike gemeenskap op elke sendingstasie was egter seer sekerlik die grootste probleem waarmee elke sendeling te kampe gehad het. Hoewel sowel die Komitee in Duitsland as die superintendent sekere riglyne aan die hand kon doen waarvolgens hierdie probleme opgelos kon word, het die oplossing daarvan grootliks van die inisiatief van elke sendeling afgehang.

Die algemene vestigingsprobleme wat die Berlynse sendelinge in Transvaal moes oplos, kan in twee kategorieë verdeel word: eerstens die materiële probleme en tweedens die geestelike probleme. Onder materiële probleme word verstaan die oprigting, inrigting en funksionering van die sendingstasies, terwyl daar onder algemene geestelike probleme, dié probleme wat ten nouste met die uitbreiding van die evangelie verband gehou het, verstaan word.

(*a*) *Materiële Probleme*

Nadat 'n Bantoe-opperhoof aan 'n sendeling toestemming tot die aanlê van 'n sendingstasie verleen het, was die oprigting van 'n woning die sendeling se eerste probleem. So 'n woning moes aanvanklik, totdat die stasie op 'n meer permanente grondslag ingerig kon word, dien as onderdak vir die sendeling, asook die eerste kernpunt van waar die evangelie versprei kon word. Hoewel die meeste sendelinge binne enkele weke, sommige selfs binne enkele dae, reeds 'n rondawel opgerig het, het die oprigting van 'n voorlopige verblyfplek dikwels met 'n groot mate van vyandigheid aan die kant van die Bantoes gepaard gegaan. Ten spyte van die feit dat die meerderheid Bantoe-opperhoofde die sendelinge aanvanklik uiters vriendelik ontvang het, het die meeste Bantoes die vestiging van die sendelinge in hulle gebiede met groot agterdog gadegeslaan, met die gevolg dat die sendelinge geringe of selfs geen hulp van die Bantoes ontvang het nie.[8]

Die meeste Bantoe-opperhoofde het verwag dat die sendelinge hulle van wapens, of ten minste ander nuttige gebruiksware soos komberse, ysterpotte en koperdraad sou voorsien en derhalwe was hulle uiters teleurgesteld toe die sendelinge nie aan hulle verwagtings voldoen het nie. Die opperhoof Mankoapane het sy spyt teenoor eerw. W. Moschütz uitgespreek omdat hy nie eerder 'n handelaar na sy gebied ontbied het nie, aangesien 'n handelaar vir hulle groter voordeel as 'n sendeling sou ingehou het.[9] Eweneens was die opperhoof Matsheokoane (Malaboch) van Blouberg, wat in 1868 aan eerw. E. B. Beyer verlof gegee het om by hom die sendingstasie Blauberg aan te lê,[10] baie teleurgesteld met die sendeling toe Beyer geweier het om aan Matsheokoane se versoek om 'n geweer aan sy seun te gee te voldoen.[11] Na aanleiding hiervan het baie Bantoe-opperhoofde hulle aanvanklike goeie gesindheid teenoor die sendelinge verander en selfs geweier om die sendelinge van die nodige werkvolk te voorsien. Derhalwe was baie sendelinge verplig om eiehandig hulle eerste verblyfplekke op te rig.[12]

Afgesien van die Bantoe-opperhoofde se weiering om die sendelinge met die oprigting van hulle stasies te help, moes die sendelinge ook die probleem van die geografiese ligging van hulle voorgenome stasies die hoof bied. As gevolg van onkunde is etlike sendingstasies op uiters ongeskikte plekke aangelê. So is daar byvoorbeeld eers nadat 'n stasie aangelê is, vasgestel dat die watertoevoer na die stasie onvoldoende was of dat daar geen geskikte grond vir die aanlê van landerye was nie. Onder sulke omstandig-

8. Kyk *Berliner Missionsberichte, 1872*, pp. 252–3.
9. *Berliner Missionsberichte, 1872*, p. 98.
10. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 350.
11. *Berliner Missionsberichte, 1870*, pp. 278–9.
12. Kyk *Berliner Missionsberichte, 1872*, pp. 252–3.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hede moes die sendingstasie dan na 'n meer geskikte plek verskuif word. So byvoorbeeld was eerw. Gustav Trümpelmann, wat in 1870 die stasie Makabêng in die gebied van Matsheokoane opgerig het, verplig om sy rondawel te verskuif aangesien eers later uitgevind is dat die nabygeleë fontein nie standhoudend was nie.[13] Eerw. H. A. Koboldt van Modimulle was eweneens verplig om na 'n jaar se verblyf op sy stasie sy woning te verskuif aangesien die gevaar van malaria dit noodsaaklik gemaak het dat die stasie hoër op teen die berghang geleë moes wees.[14]

Hierteenoor was daar wel sommige sendingstasies wat meer gunstig geleë was sodat die aanvanklike vestiging met geringe probleme gepaard gegaan het. Hierdie stasies het gevolglik 'n veel sneller ontwikkeling getoon en gouer die karakter van 'n geordende Christelike gemeenskap getoon. Sulke stasies was hoofsaaklik op blanke dorpe of buite die gesagsgebied van Bantoe-opperhoofde geleë. Teen 1869 het die vestiging van die sendingstasie Pretoria die stadium bereik waar daar inderdaad van 'n gevestigde stasie gepraat kon word. Waar die meeste sendingstasies op daardie tydstip nog oor geen permanente kerkgebou beskik het nie kon die gemeente te Pretoria reeds hulle tweede kerkgebou in gebruik neem.[15] Op Bothšabêlo, wat eweneens buite die gesagsgebied van 'n Bantoe-opperhoof geval het, het die gemeente in 1868 hulle derde kerkgebou ingewy.[16] Aangesien eerw. Albert Nachtigal drie erwe namens die B.S.G. op die dorp Lydenburg aangekoop het, het sy stasie ook gouer gevestig geraak, omdat geen Bantoe-opperhoof die sendingwerk aan bande kon lê nie.[17]

Nadat die probleme ten opsigte van die oprigting van die sendingstasies opgelos was, kon daar aandag geskenk word aan die inrigting van die sendingstasies om aan 'n meerledige doel te beantwoord. Eerstens moes die sendingstasie as woonplek vir die sendeling dien. Tweedens moes die sendingstasie in baie gevalle tegelyk ook as woonplek vir die Bantoegemeente dien, soos in die geval van Lydenburg, Bothšabêlo, Modimulle en Pretoria. Hierbenewens moes die sendingstasies so ingerig word dat die Bantoe-inwoners aldaar 'n bestaan kon maak en derhalwe moes landerye aangelê word en weiding vir die vee gevind word. Laastens moes die sendingstasies voorsiening maak vir die opvoeding van die Bantoes tot Christelik beskaafde mense en gevolglik moes 'n skoolgebou op elke stasie opgerig word.[18]

Aangesien die sendingstasies dus die permanente woonplek van baie Bantoe-inwoners geword het, het die meeste sendingstasies na enkele jare die voorkoms van groot landelike samelewings getoon. Die Bantoes het in netjiese "dorpe," wat van strate voorsien was, gewoon[19] en daar is sorg gedra dat die sendingstasies nie 'n "Mekka" vir leeglopers geword het nie.[20] Hierin het die Berlynse sendelinge die voortou geneem en met hulle leuse van "werk en bid"[21] het baie sendingstasies tot groot landbouondernemings uitgegroei. Bothšabêlo het in die graanbehoeftes van die omgewing voorsien.[22]

(*b*) *Geestelike Probleme*

Net soos in die geval van die materiële probleme wat die sendelinge ondervind het, was daar eweneens geestelike probleme wat deur hulle die hoof gebied moes word en in verband waarmee die superintendent of die Komitee in Duitsland die sendelinge

13. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 360.
14. *Berliner Missionsberichte, 1870*, p. 76.
15. *Berliner Missionsberichte, 1870*, p. 25.
16. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 214.
17. B.A.: Koopbrief opgestel tussen A. F. Jansen en A. Nachtigal d.d. Lydenburg, 25.7.1867.
18. H. T. Wangemann: *Motive und Erläuterungen*, p. 63.
19. Kyk B.A.: *Stationschronik, Modimulle*, p. 2; *Berliner Missionsberichte, 1870*, p. 83.
20. T. S. van Rooyen: *Die Sendeling Alexander Merensky*, p. 150.
21. Kyk S.N. 31: S.R. 338/95 gevoeg by S.R. 1415/95, H. Düring – P. J. Joubert d.d. Woyenthin, 5.2.1895.
22. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 250.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hoogstens slegs van advies kon dien. Sekerlik die gewigtigste probleem wat opgelos moes word, was hoe om die evangelie aan die Bantoes te verkondig en hoe om by die Bantoes 'n gevoel van vertroue jeens die sendelinge te kweek. Gevolglik moes die sendelinge ten eerste 'n aanknopingspunt soek sodat daar kontak tussen hulle en die Bantoes bewerkstellig kon word. Dit was geensins maklik nie, omdat die sendelinge aanvanklik baie swak of selfs hoegenaamd glad nie in die onderskeie Bantoetale onderleg was nie. Van hulle kant af het die Bantoes ook nie kontak met die sendelinge gesoek nie omrede die Bantoes die sendelinge vanweë die feit dat hulle blank was as vreemdelinge en indringers beskou het.

Onder hierdie omstandighede moes die sendeling eerstens die Bantoes, onder wie hy sendingwerk wou doen, se taal aanleer en eers daarna kontak soek sodat hy die evangelie aan hulle kon verkondig. In gevalle waar daar reeds Bantoes was wat Engels of Nederlands kon praat, is die sendelinge se poging om kontak te maak aansienlik vergemaklik. Hoewel die Komitee van die B.S.G. sterk daarteen gekant was dat die sendelinge die Bantoes met geskenke moes probeer omkoop, was daar tog gevalle waar geskenke gegee moes word indien die sendingwerk enigsins wou vorder. Baie Bantoe-opperhoofde het slegs op voorwaarde dat hulle 'n geskenk ontvang toestemming tot die aanlê van sendingstasies gegee. Waar Bantoestamgebruike dus die gee van geskenke aan die opperhoof voorgeskryf het, was die sendelinge wel veroorloof om sulke geskenke te gee. Die sendelinge moes nietemin voortdurend daarteen waak dat die Bantoes, en veral die opperhoof, hulle nie gedurig afpers om geskenke te ontvang nie.[23]

Die verkeer met die Bantoes was 'n verdere probleem wat die Berlynse sendelinge moes oplos. Dit is byna vanselfsprekend dat die Bantoes nie uit eie beweging na die sendelinge sou kom nie, gevolglik moes die sendelinge die Bantoes in hulle tuistes gaan opsoek, maar omdat die Bantoes geen vertroue in die sendelinge gehad het nie was dit geen maklike taak nie. Deur egter hulle mediese dienste tot beskikking van die Bantoes te stel, het die sendelinge met verloop van tyd 'n brug van vertroue tussen hulle en die Bantoes gevorm. Daardeur het die sendelinge toegang tot die hutte van die Bantoes verkry en kon hulle met die evangelie tot in die kern van die Bantoesamelewing indring.[24]

Nadat 'n vertrouensverhouding tot stand gebring is, kon die sendelinge verder ook aandag skenk aan die algemene opvoeding van die Bantoes, asook die geleidelike ordening van 'n Christelike gemeenskap. Bantoes wat hulle vir die doopbediening aangemeld het, is na deeglike onderrig in die Christelike geloofswaarhede gedoop en sodoende het Christelike Bantoegemeentes langsamerhand hul beslag gekry. Verder is daar ook skole ingerig wat vir die opvoeding van die Bantoes moes sorg en elke sendeling was dus ook die onderwyser van sy gemeente. Hoewel die B.S.G. die onderrig van Bybelgeskiedenis as die belangrikste vak op hulle skole beskou het, is daar tog ook aandag aan vakke soos rekenkunde, geskiedenis en sendinggeskiedenis geskenk.[25]

Dit was gevolglik 'n voltydse en veeleisende taak om sendingwerk doeltreffend te verrig. Benewens die gereelde kerkdienste, wat aan die algemene voorskrifte van die Evangeliese Lutherse Kerk in Pruise moes voldoen, is daar van die sendelinge verwag dat hulle so dikwels moontlik huisbesoek moes doen en die Bantoes by hulle krale opsoek en gesprekke met hulle aanknoop. Aangesien die meeste Bantoegebiede groot en uitgestrek was, moes die sendelinge dikwels onder uiters moeilike omstandighede reise na die mees verafgeleë krale onderneem om daar die evangelie te verkondig. Met verloop van tyd is daar op afgeleë krale preekplekke en buiteposte opgerig. Waar die

23. H. T. Wangemann: *Motive und Erläuterungen*, p. 32.
24. H. T. Wangemann: *Motive und Erläuterungen*, p. 33.
25. H. T. Wangemann: *Motive und Erläuterungen*, p. 63.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sendeling se druk program dit toegelaat het, is van hom verwag dat hy sy tyd nuttig moet bestee deur hom byvoorbeeld verder in die Teologie te verdiep.[26]

Hoewel die sendelinge wat hulle vryetydsbesteding betref 'n groot mate van vryheid geniet het, was hulle nietemin verplig om te sorg dat hulle lewenswandel onberispelik verloop. Dit was, soos aangetoon, die taak van die superintendent om toe te sien dat die sendelinge hulle sendingtaak na behore uitvoer.

2. Uitbreiding van die Sendingwerk gedurende die Superintendentskap van Merensky

(*a*) *Stigting van die Stasies Potchefstroom en Heidelberg*

Tydens die sendingkonferensie in Junie 1871 het Merensky aan eerw. Moschütz, wat om gesondheidsredes verplig was om sy stasie Makapaanspoort te verlaat, opdrag gegee om die moontlikheid van sendingwerk op Potchefstroom te ondersoek.[27] Hierdie opdrag is gegee na aanleiding van die feit dat sekere Bantoe-inwoners van Potchefstroom eerw. Knothe van Pretoria reeds in 1870 versoek het om 'n sendeling na hulle te stuur.[28] Aangesien Potchefstroom streng gesproke buite die arbeidsveld van die Berlynse Sendinggenootskap geval het, was die B.S.G. verplig om eers noukeurig ondersoek in te stel na die wenslikheid om 'n stasie op Potchefstroom aan te lê.[29]

Eerw. Joseph Ludorf van die Wesleyaanse Sendinggenootskap was reeds sedert die jare vyftig van die vorige eeu met sendingwerk op Potchefstroom besig.[30] Dit het beteken dat indien die B.S.G. nou ook 'n sendeling soontoe sou stuur die twee Genootskappe baie maklik op mekaar se tone kon trap, gevolglik moes daar uiters versigtig te werk gegaan word. Toe Moschütz egter Potchefstroom in Augustus 1871 besoek het, het toestande vir die B.S.G. baie gunstig gelyk. Ludorf het intussen 'n beroep na 'n blanke gemeente aangeneem en aangesien die Wesleyaanse Sendinggenootskap ongeneë was om sendelinge na Transvaal te stuur sou Ludorf se Bantoegemeente dus herderloos agtergelaat word. Met die oog op hierdie verwikkelinge het Ludorf Moschütz versoek om sy gemeente oor te neem en aangesien Moschütz juis opdrag van Merensky ontvang het om die moontlikheid van sendingwerk aldaar te ondersoek, het hy ingewillig om Ludorf se gemeente oor te neem. Hierop het Ludorf 'n skrywe aan sy Bantoegemeente gerig waarin hy hulle meegedeel het dat Moschütz voortaan hulle leraar sou wees.[31]

Blykbaar het Ludorf sonder die toestemming van sy Genootskap opgetree aangesien eerw. George Blencowe, superintendent van die Wesleyaanse Sendinggenootskap, Merensky in kennis gestel het dat Ludorf eiemagtig opgetree het en terselfdertyd te kenne gegee dat sy Genootskap beslis van voorneme was om hulle sendingwerk op Potchefstroom voort te sit.[32] Intussen het Blencowe egter van Ludorf se brief verneem en gevoel dat dit onbillik teenoor die Bantoegemeente sou wees om hulle in die een of ander rigting te probeer dwing. Gevolglik het Blencowe aan Merensky voorgestel dat die gemeente self moes besluit of hulle 'n sendeling van die B.S.G. of van die Wesleyaanse Sendinggenootskap wou hê.[33]

Ofskoon 'n groot gedeelte van Ludorf se Bantoegemeente bereid was om deur die B.S.G. oorgeneem te word, was daar tog sommiges wat oorname teengestaan het. Die persoon wat die meeste hierteen gekant was, was 'n sekere Dawid Modibane, een van die eerste persone wat die evangelie in die Rustenburgdistrik verkondig het. Ds. P. D.

26. H. T. Wangemann: *Motive und Erläuterungen*, pp. 32–3 en 40.
27. *Berliner Missionsberichte, 1872*, p. 106.
28. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 259.
29. Kyk H. T. Wangemann: *Motive und Erläuterungen*, p. 35; E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 259.
30. W. L. Maree: *Uit Duisternis Geroep*, p. 27; T. S. van Rooyen: *Verhoudinge*, p. 122.
31. E.A.: J. Ludorf – Bantoegemeente te Potchefstroom, d.d. Potchefstroom, 11.9.1871.
32. E.A.: G. Blencowe – A. Merensky, d.d. 23.9.1871.
33. E.A.: G. Blencowe – A. Merensky, d.d. 24.9.1871.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

M. Huet het Dawid as 'n sonderlinge voorbeeld van vroomheid beskryf. Dawid het later na Potchefstroom verhuis waar hy gehelp het om 'n Bantoegemeente op te bou, en volgens ds. A. Hofmeyr het die Bantoes groot ontsag vir Dawid gehad en versigtig opgetree om te voorkom dat hulle deur Dawid bestraf word.[34] In teenstelling hiermee het die Duitsers Dawid egter nie in dieselfde gunstige lig beskou nie, want volgens Kratzenstein en Richter was hy "ein begabter aber eigenwilliger schwarzer Helfer".[35] Dawid en ongeveer die helfte van die Bantoegemeente, bestaande uit sowat 30 lidmate, het voet by stuk gehou en was nie bereid om deur die B.S.G. oorgeneem te word nie en hulle het derhalwe weggebreek om 'n eie onafhanklike gemeente te stig.

Ten spyte van hierdie verdeeldheid het Moschütz nietemin op 31 Maart 1872 die sendingstasie Potchefstroom met nagenoeg 14 volwasse Bantoelidmate gestig.[36] Hoewel Moschütz sy werk met volle toewyding verrig het, het sy gesondheid in so 'n mate verswak dat eerw. Bruno Köhler in 1874 vanaf Malakong na Potchefstroom gestuur moes word om Moschütz met die sendingwerk te help. Moschütz is weliswaar slegs enkele ure nadat Köhler op 5 Oktober 1874 op Potchefstroom aangekom het, oorlede.[37]

Hoewel die ou landdroskantoor op Potchefstroom, met die toestemming van pres. T. F. Burgers,[38] voorlopig as kerk en skool diens gedoen het, is daar reeds tydens Moschütz se bediening voorbereidsels getref om 'n kerk en skool op te rig. Hieraan kon egter eers uitvoering gegee word nadat Köhler in 1877 'n erf as geskenk vir sy Genootskap van die Potchefstroomse dorpsraad ontvang het. Met die inwyding van die kerkgebou kort daarna het die Bantoegemeente reeds tot 97 lidmate aangegroei. Kort daarna is die eerste buitepos, Boshoek naby Gatsrand, op versoek van die Bantoe-inwoners in die distrik, aangelê.[39]

'n Verdere belangrike uitbreiding in die werksaamhede van die B.S.G. tydens Merensky se superintendentskap was die stigting van 'n sendingstasie op Heidelberg. Net soos in die geval van Potchefstroom is hierdie stasie eweneens op aandrang van die Bantoe-inwoners gestig. Reeds 'n geruime tyd voor die stigting van die sendingstasie Heidelberg het die Bantoe-inwoners eerw. F. C. A. Grünberger van Pretoria versoek om 'n sendeling na hulle te stuur, maar aangesien daar nie dadelik aan hierdie versoek voldoen kon word nie het Grünberger gereeld een van sy gemeentelede, Josef, na Heidelberg gestuur om die evangelie daar te verkondig.[40] Op 25 September 1875 het eerw. Hermann Düring die sendingstasie Heidelberg gestig. Düring is baie vriendelik ontvang en toe hy geen woning te huur kon vind nie het hy voorlopig by landdros J. Maré ingewoon.[41]

Hoewel Düring se gemeente, wat hoofsaaklik uit Bantoe-arbeiders van Heidelberg bestaan het, bemoedigende tekens van groei getoon het, was daar nietemin ook gevoelige terugslae gewees. In 1876 moes 15 uit die 22 katkisante se voorstelling as lidmate uitgestel word aangesien hulle gedrag tydens Nuwejaar hulle aanneming onmoontlik gemaak het.[42] Met die sendingstasie Heidelberg as middelpunt het Düring die hele Heidelbergdistrik bearbei en onder andere ook 'n groep Bantoes onder hulle opperhoof Jan Séboko, wat tot die Bakgatla ba ga Motshastam van die opperhoof Saul behoort het, bearbei. Düring se arbeidsveld het tot aan die Vaalrivier, waar Jan

34. W. L. Maree: *Uit Duisternis Geroep*, pp. 29–31.
35. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 256; E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 261.
36. E.A.: *Stationschronik, Potchefstroom* (geen bladsynommers).
37. *Berliner Missionsberichte, 1876*, p. 119.
38. S.S. 168: R308/74, W. Moschütz – T. F. Burgers d.d. Potchefstroom, 22.2.1874.
39. *Berliner Missionsberichte, 1878*, pp. 211–13.
40. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, pp. 240 en 268.
41. *Berliner Missionsberichte, 1876*, p. 402.
42. *Berliner Missionsberichte, 1876*, p. 403.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Morachi en sy volgelinge gewoon het, gestrek. Jan Morachi is in 1878 gedoop en terselfdertyd is die sendingkerk op Heidelberg ingewy.[43]

In 1879 het Düring die plaas Rietspruit, naby Heidelberg, gehuur sodat die volgelinge van Jan Séboko en Jan Morachi hulle daarop kon gaan vestig. Mettertyd is daar ook op Rietspruit 'n kerk en skool opgerig[44] en Rietspruit het weldra tot 'n belangrike buitepos van Heidelberg ontwikkel.

(*b*) *Vestiging van die Sendingwerk onder die Ba Venda: Oprigting van die Stasies Ha Schewasse, Tšhakoma en Georgenholtz*

Reeds so vroeg as 1860, kort na die mislukte poging om onder die Swazi's sendingwerk te doen, het Merensky sy oë noordwaarts gerig op die stamme van die Soutpansberggebied, te wete die Ba Venda en Va Tonga.[45] Gevolglik het Merensky in 1862 'n verkenningstog na hierdie gebied onderneem en hoofsaaklik die Bantoes onder beheer van J. Albasini besoek.[46] Ofskoon Merensky vasgestel het dat die sendingwerk onder die Ba Venda groot moontlikhede ingehou het, kon daar vanweë die feit dat die gebied deur malaria geteister was voorlopig geen sendingstasie opgerig word nie.[47]

Met die stigting van die sendingstasies Xa Matlala (1865) en Blauberg (1868) het die B.S.G. weer met die Ba Venda in aanraking gekom. Onderdane van een van die Ba Venda-opperhoofde, Tšhivhase, het Grützner op Xa Matlala by twee geleenthede versoek om 'n sendeling na sy volk te stuur.[48] Weens 'n tekort aan opgeleide sendelinge kon daar op daardie tydstip nie aan Tšhivhase se versoek voldoen word nie.[49] Toe die sendingwerk van die B.S.G. in Sekhukhuneland aan die begin van 1866 laat vaar moes word, was enkele sendelinge sonder werksmoontlikhede gelaat en gevolglik kon die oprigting van 'n stasie by Tšhivhase weer eens oorweeg word.[50] Aan die einde van 1871 het eerw. Carl Beuster, afkomstig uit Liebenwalde in Brandenburg, Duitsland,[51] vergesel van eerww. Grützner en Beyer, die opperhoof Makhado, wat homself as opperhoof van al die Ba Vendas beskou het, besoek met die versoek om 'n sendingstasie by Tšhivhase te mag aanlê.[52] Op voorwaarde dat die grond waarop die B.S.G. 'n stasie by Tšhivhase sou oprig nooit hulle eiendom mag word nie het Makhado, wat self geen sendeling wou hê nie, aan die B.S.G. toestemming gegee om na Tšhivhase te gaan.

Op 8 November 1872 het Beuster by Tšhivhase aangekom en die oprigting van 'n sendingstasie onder die Ba Venda met hom bespreek.[53] Hoewel Tšhivhase Beuster vriendelik ontvang het, was hy nietemin ietwat agterdogtig. Gevolglik het Beuster opdrag ontvang om sy stasie, wat die naam Ha Schewasse, by Tšhivhase, ontvang het, naby die hoofkraal aan te lê.[54] Omdat Beuster die eerste Berlynse sendeling onder die Ba Venda was, moes hy eers Venda aanleer en aangesien geen ander sendeling enige kennis van Venda gehad het nie moes Beuster 'n woordeboek saamstel, sodat hy sy taalkennis kon uitbrei. Met die hulp van Johannes Motsheni van die stasie Blauberg kon daar mettertyd 'n liturgie in Venda opgestel word.[55]

Tšhivhase het egter spoedig sy gesindheid teenoor Beuster verander en op ver-

43. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, pp. 268–70.
44. *Berliner Missionsberichte, 1880*, p. 138.
45. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 23.
46. L.L. Band 1: A. Merensky – C. Potgieter d.d. Kchalatlolu, 9.7.1862.
47. A. Merensky: *Erinnerungen*, pp. 175–7.
48. *Berliner Missionsberichte, 1872*, p. 144; Kyk ook W. Gründler: *Geschichte der Bawenda-Mission in Nord-Transvaal*, p. 23.
49. *Berliner Missionsberichte, 1872*, p. 144; E. Kratzenstein, *Kurze Geschichte*, p. 386.
50. G. Sauberzweig-Schmidt: *Ha Schewasse*, Eine Hütte Gottes unter den Bawenda, p. 3.
51. B.M.A.: Personalakten, C. Beuster.
52. *Berliner Missionsberichte, 1872*, pp. 160–1; W. Gründler: *Bawenda-Mission*, p. 23.
53. G. Sauberzweig-Schmidt: *Ha Schewasse*, p. 8; Kyk ook J. du Plessis: *Christian Missions*, p. 349.
54. S.S. 171: R802/74, H. Grützner – Uitvoerende Raad van die Z.A.R. d.d. Bothšabêlo, 1.6.1874.
55. G. Sauberzweig-Schmidt: *Ha Schewasse*, pp. 8–9; W. Gründler: *Bawenda-Mission*, pp. 24–5.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

skillende maniere sy onderdane van die eredienste weggehou en hulle teen die sendingwerk opgesteek. Om Beuster in die verleentheid te stel, het Tšhivhase ook kortkort op 'n geskenk aangedring.[56] Ten spyte van die moeilike omstandighede waaronder Beuster die sendingwerk op Ha Schewasse aangevoor het, was daar tog tekens dat die sendingwerk onder die Ba Venda nie tevergeefs was nie. Reeds in 1873 het 'n ander Ba Venda-opperhoof, Madzivhandila, Beuster uitgenooi om by hom 'n sendingstasie te kom oprig. Dié uitnodiging het Beuster beskou as 'n gulde geleentheid om 'n tweede sendingstasie onder die Ba Venda aan te lê.[57]

Merensky en die Komitee in Duitsland het inderdaad van hierdie geleentheid gebruik gemaak en derhalwe het eerw. Erdmann Schwellnus, afkomstig uit Lutkomanscheit in Litaue, op 4 Mei 1874 die sendingstasie Tšhakoma, wat beteken om terug te keer, in die gebied van Madzivhandila aangelê.[58] Ofskoon Madzivhandila afsydig teenoor die evangelie gestaan het, was hy nietemin beïndruk met die feit dat hy as so belangrik beskou was dat daar spesiaal 'n sendeling vir hom gestuur is.[59]

Die sendingwerk op Tšhakoma en Ha Schewasse het as gevolg van twee faktore langsame vordering getoon. Eerstens het die sendelinge met teenkanting van die Ba Venda-opperhoofde te kampe gehad en tweedens moes hulle tegelykertyd by 'n uiters ongesonde klimaat aanpas. Tšhivhase en Madzivhandila het die sendelinge as "Lekoa" (Boere) beskou en hulle het gevrees dat die sendelinge hulle land aan die Boere wou uitlewer. Aangesien die Boere nie in 1867 daarin kon slaag om die Ba Venda met wapens tot onderdanigheid aan die Zuid-Afrikaansche Republiek te dwing nie, het die Ba Venda beweer dat die sendelinge deur middel van vrome woorde van broederliefde en van 'n Vader vir almal, hulle land wou verower.[60] Daarby het die Ba Venda-opperhoofde, net soos Umswaz' en Sekhukhune, geglo dat die evangelie verdeeldheid in die stamgeledere tot gevolg sou hê. Wat hierdie vrees betref moet bygevoeg word dat dit beslis nie ongegrond was nie, want baie onderdane van die opperhoof Madzivhandila wat sy guns verloor het, het wel hulle toevlug tot Tšhakoma geneem en sodoende die eenheid van die stam verbreek.[61]

Die geografiese faktor het ook in Vendaland 'n groter rol as op enige ander stasie in Transvaal gespeel. Tšhakoma en Ha Schewasse was albei in die bergagtige gebied van die Soutpansbergdistrik aangelê wat kontak met die ander stasies bemoeilik het. Gedurende die reënseisoen was die stasies by tye heeltemal van die buitewêreld afgesny en was daar terselfdertyd altyd die gevaar van malaria aanwesig. As gevolg hiervan was sowel Beuster as Schwellnus verplig om elk twee wonings op hulle stasies te bou. Die wonings wat in die somermaande bewoon is, was hooggeleë en dus buite die bereik van malaria en die winterwonings was in die valleie.[62] Malaria het 'n hoë tol geëis ook onder die bekeerlinge en gevolglik is die groei van die gemeentes merkbaar vertraag. Beuster moes tussen die jare 1872 tot 1901 toe hy daar sendingwerk gedoen het drie eggenotes weens malaria aan die dood afgee. Gründler beskou dit byna as 'n wonderwerk dat Beuster, wat in sy jeug so sieklik was dat geneeshere hom aangeraai het om liewer geen beroep te volg nie, dit tot en met sy dood in Vendaland kon uithou.[63]

Omrede Beuster en Schwellnus hulle sendingwerk onder uiters ongunstige omstandighede moes verrig, is nog twee jong sendelinge in 1876 as bykomende hulp na Vendaland gestuur. Tydens een van Beuster se talle verkenningstogte in Vendaland het hy 'n

56. G. Sauberzweig-Schmidt: *Ha Schewasse*, p. 9.
57. W. Gründler: *Bawenda-Mission*, p. 52.
58. Kyk G. Sauberzweig-Schmidt: *Festwoche*, p. 3.
59. *Berliner Missionsberichte, 1876*, p. 391.
60. G. Sauberzweig-Schmidt: *Ha Schewasse*, p. 12; Kyk ook D. M. Malan: *The Chair of the Ramabulanas*, pp. 152–67.
61. Onderhoud met biskop D. W. Giesekke; Biskop Giesekke was jare lank sendeling van die B.S.G. op Tšhakoma.
62. Onderhoud met biskop D. W. Giesekke; Kyk ook *Berliner Missionsberichte, 1876*, pp. 389–91.
63. W. Gründler: *Hundert Jahre Berliner Mission*, p. 98.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

derde Ba Venda-opperhoof, Mphafudi, ontmoet. Hoewel Mphafudi aan Beuster te kenne gegee het dat hy nie 'n sendeling in sy gebied sou toelaat nie, het sy seun, Makoarela, wel sy vader oorgehaal om aan die B.S.G. toestemming te gee om aldaar 'n stasie op te rig.[64] Die vermoede bestaan dat Makoarela sy vader oortuig het dat dit die status van hulle stam sou verhoog as hulle 'n sendeling in hulle gebied ontvang en dat Mphafudi op grond hiervan tot die koms van 'n sendeling ingestem het.[65] Hoewel die weg vir verdere uitbreiding onder die Ba Venda dus oop was, kon die B.S.G. nie in daardie stadium 'n derde sendingstasie oprig nie, aangesien daar 'n gebrek aan die nodige fondse daarvoor was.

Gelukkig vir die sending in Vendaland is daar juis in daardie stadium 'n bedrag geld aan die B.S.G. geskenk wat hulle in staat sou stel om hierdie sendingstasie aan te lê. Dit het telkens gebeur dat welgestelde sendingvriende in Duitsland geld aan die B.S.G. geskenk of testamentêr bemaak het. Dit was gewoonlik aan die voorwaarde gekoppel dat die sendingstasie of stasies wat daarmee opgerig sou word na die skenker vernoem moes word. So byvoorbeeld het die welgestelde Pommerse grondbesitter Georg Holtz en sy dogter die fondse vir die opleiding van 'n sendeling, asook die oprigting van 'n sendingstasie in 1876 op genoemde voorwaarde aan die B.S.G. geskenk.[66]

Die sendeling, Klaas Koen, wat bestem was om die derde sendingstasie onder die Ba Venda op te rig verg nadere beskouing aangesien Koen die eerste nie-blanke in die diens van die B.S.G. was. Die Kleurling Nicolaus Theunissen Koen is op 22 Mei 1852 op die Berlynse sendingstasie Anhalt-Schmidt, in die Kaapkolonie, gebore. Koen se ouers was ten tye van sy geboorte reeds geruime tyd op hierdie sendingstasie woonagtig. Aangesien Klaas, soos Koen algemeen bekend was, sy ouers op vroeë leeftyd verloor het en omdat Klaas so talentvol was, het eerw. F. Prietsch, sendeling te Anhalt-Schmidt, besluit om hom in sy huis te neem en later as onderwyser te laat oplei.[67]

Voordat Klaas met sy opleiding as onderwyser kon begin, het die noodlot egter in sy lewe ingegryp. In Duitsland het 'n sekere mev. Von Köcher, van die provinsie Oos-Priegnitz, by haar vriendin, 'n suster van mev. Prietsch, van Klaas die merkwaardige seun verneem. Mev. Von Köcher wat haar enigste seun verloor het, wou graag vir haar verlies kompenseer deur 'n weldaad aan 'n belowende nie-blanke te bewys en gevolglik is daar besluit dat Klaas op mev. Von Köcher se onkoste in Duitsland as sendeling opgelei moes word.[68] In 1868, het Klaas, vergesel van die negejarige Gabriel Sauberzweig-Schmidt wat later 'n sendinginspekteur geword het, na Duitsland vertrek.[69]

Na voltooiing van sy opleiding as sendeling is Koen, vergesel van eerw. Otto Kahl, na Vendaland gestuur en met die geld wat Holtz en sy dogter geskenk het, kon Koen op 26 Julie 1877 die stasie Georgenholtz naby die hoofkraal van Makoarela aanlê.[70] Met die stigting van Georgenholtz kon die B.S.G. die evangelie in die mees noordelike hoek van Transvaal verkondig. Hoewel die sendingwerk hier stadige vordering getoon het en Koen as ongetroude persoon dit moeilik gevind het om die vertroue van die Ba Venda, wat alle ongetroude persone as kinders beskou het, te wen, is daar desnieteenstaande die hoop uitgespreek dat Vendaland in die toekoms tot 'n groot sendinggebied sou ontwikkel.[71]

In 1878 het Koen ernstig siek geword en hoewel Makoarela Koen persoonlik ver-

64. G. Sauberzweig-Schmidt: *Georgenholtz im Lande der Bawenda*, p. 5; *Berliner Missionsberichte, 1876*, p. 400.
65. Kyk P. Heimbach: *Neu-Georgenholtz im Wenda-Lande*, p. 12.
66. P. Heimbach: *Neu-Georgenholtz*, p. 1; G. Sauberzweig-Schmidt: *Georgenholtz*, p. 4; E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 400; W. Gründler: *Bawenda-Mission*, p. 70.
67. B.M.A.: Personalakten, K. Koen, lêer II, No. 3/K7, F. Prietsch – Sendinginspekteur d.d. 26.4.1883.
68. P. Heimbach: *Neu-Georgenholtz*, p. 12; G. Sauberzweig-Schmidt: *Georgenholtz*, p. 3.
69. J. Hahn: *Gedenkschrift zur 100 Wiederkehr des Geburtstages unseres hochverdienten Missionsinspektors Pastor Gabriel Sauberzweig-Schmidt am 19. Juli 1959*, p. 2.
70. G. Sauberzweig-Schmidt: *Georgenholtz*, pp. 5–6.
71. G. Sauberzweig-Schmidt: *Georgenholtz*, p. 11; B.M.A.: Personalakten, K. Koen, lêer II, No. 3/K7.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

pleeg het, was hierdie goeie gesindheid teenoor hom maar van korte duur, want feitlik onmiddellik nadat die eerste bekeerling uit Makoarela se volk gedoop is, het hy teen die sendingwerk gedraai.[72] Toe Koen se gesondheidstoestand na enkele jare steeds verswak het, het hy hom verplig gevoel om in 1882 die Komitee in Duitsland te versoek om hom uit die diens te laat tree.[73] Daar die Komitee egter nie bereid was om op 30-jarige leeftyd Koen se emeritaat te aanvaar nie is eerw. Dietrich Baumhöfner as hulpsendeling na Georgenholtz gestuur.[74] Teen Januarie 1883 was Koen nie meer in staat om sy sendingwerk voort te sit nie en is hy 'n maand later op 10 Februarie 1883, oorlede. Ses weke later het die jong Dietrich Baumhöfner ook aan malaria beswyk.[75] Daarna het Beuster die werk op Georgenholtz, wat toe 'n gemeente van ses lidmate gehad het, behartig.[76]

(*c*) *Die Hervestiging van die Berlynse Sendinggenootskap in Sekhukhuneland: Die Sendingstasies Patametšane, Arkona en Thaba Mossegu*

Sedert dr. Wangemann aan Jonas Pudumo opdrag gegee het om hom oor die Pedi-Christene in Sekhukhuneland te ontferm, het daar 'n gereelde verkeer tussen die sendingstasies Bothšabêlo, Lydenburg en Sekhukhuneland ontstaan. Dat Sekhukhune steeds bly hoop het dat die vlugteling Pedi-Christene na hom sou terugkeer, blyk uit die feit dat hy in 1871 Nachtigal uitgenooi het om weer na Sekhukhuneland terug te keer.[77] Omdat Sekhukhune egter telkens te kenne gegee het dat hy Merensky as sy vyand beskou het,[78] wil dit volgens omstandigheidsgetuienis voorkom asof Merensky, in sy hoedanigheid as superintendent, die hervestiging van die sendingwerk in Sekhukhuneland teengestaan het terwyl Sekhukhune nog invloed gehad het. Toe dit met die uitbreek van die Sekhukhune-oorlog in Mei 1876 wou voorkom asof die mag van Sekhukhune as opperhoof deur die Boere gebreek gaan word, het Merensky blykbaar gemeen dat toestande vir die hervestiging van die B.S.G. in Sekhukhuneland meer gunstig was aangesien Sekhukhune se mag gebreek kon word. Die feit dat etlike onderhoofde van Sekhukhune die oorlog as 'n gulde geleentheid beskou het om van Sekhukhune ontslae te raak,[79] het Merensky se vermoede in hierdie opsig bevestig.

Gesien in die lig van die bogenoemde veranderinge het Merensky gevolglik op die sinode, wat in September 1876 vergader het, aan eerww. Otto Posselt en Ernst Schubert opdrag gegee om indien die oorlogstoestande in Sekhukhuneland dit toelaat, 'n verkenningstog daarheen te onderneem om te probeer vasstel of die B.S.G. weer hulle sendingstasies aldaar kon beset.[80] Aangesien die oorlog teen Desember 1876, toe Sekhukhune op vredesonderhandelinge begin aandring het, vinnig sy einde genader het, kon Posselt en Schubert aan die begin van 1877 hulle verkenningstog onderneem. Ten spyte van die feit dat Posselt op Fort Weeber afgeraai is om na Sekhukhuneland te gaan, aangesien daar gevrees is dat die oorlog weer hervat kon word, het hy nietemin besluit om onverwyld na die ruïnes van Patametšane te vertrek. Sekhukhune se suster, Legolwane, wou Posselt aanvanklik nie toelaat om hom weer op Patametšane te vestig nie, maar hy het haar wel spoedig oorreed om aan hom toestemming te gee om die stasie weer te mag beset.[81]

72. B.M.A.: Personalakten, K. Koen, lêer II, No. 3/K7.
73. B.M.A.: Personalakten, K. Koen, lêer II, No. 3/K7, K. Koen – H. T. Wangemann d.d. Georgenholtz, 23.6.1882.
74. W. Arndt: *Berliner Missionare*, p. 6.
75. B.M.A.: Personalakten, K. Koen, lêer II, No. 3/K7.
76. W. Gründler: *Bawenda-Mission*, pp. 73–9; E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, pp. 401–3.
77. A. Nachtigal: Tagebuch II, p. 54.
78. A. Nachtigal: Tagebuch II, p. 58.
79. Kyk S.S. 209: R1286/76, A. Nachtigal – T. F. Burgers d.d. Lydenburg, 30.5.1876; S.S. 217: R2691/76, A. Merensky – Uitvoerende Raad van die Z.A.R., d.d. Bothšabêlo, 4.10.1876.
80. Kyk Otto Posselt: Tagebuch, p. 2. (Ongepubliseerde dagboek, UNISA-biblioteek.)
81. O. Posselt: Tagebuch, pp. 3–6 en 7.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die gunstige ontvangs wat Posselt daarna by Legolwane te beurt geval het, het Merensky tot die gevolgtrekking laat kom dat daar nog meer sendelinge na die gebied van Legolwane, asook die onderhoof Maserumule, gestuur moes word. Derhalwe ontvang eerw. Gustav Mars in Junie 1877 opdrag om naby Patametšane nog 'n sendingstasie aan te lê. Kort hierna op 16 Julie 1877 het Mars die stasie Arkona, vernoem na die noordkaap van die Duitse eiland Rügen, in die gebied van Maserumule aangelê.[82]

Intussen is Transvaal op 12 April 1877 deur Engeland geannekseer en aangesien Sekhukhune bereid was om met die Engelse 'n vredesverdrag aan te gaan was Merensky daarvan oortuig dat die sendingwerk in Sekhukhuneland 'n rooskleurige toekoms tegemoetgegaan het.[83] Die sendingwerk op Patametšane en Arkona was inderdaad besig om goeie vordering te toon en op daardie tydstip het 64 persone hulle reeds aangemeld om, na voorbereiding, gedoop te word. Verder het daar nagenoeg 400 tot 600 Bantoes Sondae die eredienste op hierdie twee stasies bygewoon.[84]

Te midde van Merensky se optimisme oor die toekoms van die sendingwerk in Sekhukhuneland het daar egter opnuut onweerswolke begin saampak. Reeds aan die begin van 1878 het dit duidelik geword dat Sekhukhune nie bereid was om die vredesvoorwaardes na te kom nie.[85] Trouens, Sekhukhune was besig om weer eens die steun van sy onderhoofde, wat hulle in 1876 aan die Boere oorgegee het, te wen. Legolwane[86] in wie se gebied die stasie Patametšane geleë was, was een van die eerste onderhoofde wat Sekhukhune weer gesteun het. Gevolglik het Legolwane Sekhukhune opnuut gesteun. Weens die uitbreek van die Pedi – Engelse Oorlog moes Posselt en ook Mars hulle sendingstasies verlaat en na Bothšabêlo vertrek.[87] Eers aan die einde van 1878 kon Posselt en Mars weer na hulle sendingstasies terugkeer en 'n jaar later het Posselt reeds drie persone gedoop.[88]

Op 28 November 1879 het die Engelse onder aanvoering van generaal sir Garnet Wolseley Sekhukhune finaal verslaan en hom gevange geneem.[89] Hieruit het die B.S.G. groot munt geslaan aangesien Wolseley 6 000 akkers grond naby Sekhukhune se hoofstat, Thaba Mossegu, aan die Genootskap geskenk het. Die enigste voorwaarde wat Wolseley met betrekking tot die grondskenking gestel het, was dat die B.S.G. sonder versuim daar 'n sendingstasie moes oprig.[90] Met hierdie voorwaarde voor oë het Merensky en eerw. Johannes Winter aan die begin van Januarie 1880 na Thaba Mossegu vertrek.

Eerw. Winter, geskoolde teoloog en skoonseun van direkteur Wangemann,[91] het op 23 Februarie 1880 naby Sekhukhune se ou hoofstat die sendingstasie Thaba Mossegu aangelê. Hier het Winter met die hulp van die Pedi-evangelis, Martinus Sewušhane, 'n groot aantal Pedi-Christene, wat nie in 1866 Sekhukhuneland verlaat het nie, op die sendingstasie saamgetrek en in Junie 1880 is 16 persone gedoop.[92] In die lig hiervan het Winter die hoop uitgespreek dat die stasie Thaba Mossegu in die toekoms tot die geestelike middelpunt van die Pedi-Christene sou ontwikkel.[93] Aangesien die mag van Sekhukhune gebreek was, het niks die verdere uitbreiding van die evangelie in Sek-

82. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, pp. 282–3.
83. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 395.
84. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 283.
85. Kyk K. W. Smith: *The Campaigns against the Bapedi of Sekhukhune, 1877–1879*, p. 11.
86. T. S. van Rooyen: *Verhoudinge*, pp. 310–11.
87. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, pp. 281 en 284.
88. *Berliner Missionsberichte, 1880*, p. 162.
89. D. R. Hunt: *Bapedi*, p. 302; *Berliner Missionsberichte, 1880*, p. 114.
90. *Berliner Missionsberichte, 1880*, pp. 114 en 117; Ook by S.S. 2574: R14619/90, Komitee van die Berlynse Sendinggenootskap – Uitvoerende Raad van die Z.A.R. d.d. Berlyn, 2.9.1890.
91. W. Arndt: *Berliner Missionare*, p. 5; J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 264.
92. *Berliner Missionsberichte, 1880*, pp. 437–8.
93. *Berliner Missionsberichte, 1880*, p. 438.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hukhuneland in die weg gestaan nie en gevolglik kon Posselt gedurende 1880 ook weer die werk op Nachtigal se gewese stasie, Kchalatlolu, hervat.[94]

Aan die einde van 1881 kon die B.S.G. met nege nuwe sendingstasies spog wat deur Merensky se toedoen as superintendent opgerig is. Trouens, die sendingwerk van die B.S.G. het onder Merensky sulke groot afmetings begin aanneem dat die Komitee dit reeds in Oktober 1878 wenslik geag het om die Transvaalse sendingveld in twee sinodale streke te verdeel om sodoende Merensky se taak as superintendent te verlig.

3. Bothšabêlo word die Middelpunt van die B.S.G. in Transvaal

Verskeie faktore het daartoe bygedra dat die sendingstasie Bothšabêlo, wat Merensky in 1865 aangelê het, in die woorde van Richter die "Lebensmittelpunkt" van die bestuur en organisasie van die B.S.G. in Transvaal geword het.[95] Aangesien Bothšabêlo sedert 1867 die sinodale hoofkwartier van die sending in Transvaal was, was dit vanselfsprekend dat die kern van die Genootskap se werk in Transvaal daar gesetel sou wees. Nogtans het Merensky hom verder daarvoor beywer om van Bothšabêlo die modelstasie en die glanspunt van sy loopbaan te maak.[96] Met hierdie doel voor oë het Merensky hom dit ten doel gestel om oor sekere sake wat met sendingwerk in verband gestaan het, die uitsluitlike beheer te verkry.

Ten einde dus sy invloed te laat geld, het Merensky hom vir die oprigting van 'n seminarie vir die opleiding van Bantoe-evangeliste en -onderwysers te Bothšabêlo beywer, ten spyte van die feit dat sodanige opleiding deel van elke sendeling se sendingopdrag en taak gevorm het en elke sendeling dus op hierdie voorreg aanspraak kon maak. Hoewel dit toegegee moet word dat sommige sendelinge minder geskik was vir hierdie taak, was daar tog dié sendelinge, soos byvoorbeeld eerw. C. Knothe, wat 'n besondere aanleg in hierdie opsig aan die dag gelê het.

Gedurende die sitting van die sendingkonferensie in 1869 het Merensky, met die oog daarop om Bothšabêlo se status te verhoog, 'n voordrag gelewer waarin hy die oprigting van 'n sentrale seminarie vir die opleiding van Bantoe-evangeliste en -onderwysers te Bothšabêlo bepleit het. Hy het ondermeer voorgestel dat belowende jong Bantoekinders van hulle veertiende lewensjaar af na dié seminarie gestuur moes word. Hierdie voorstel van Merensky is eenparig deur die konferensie verwerp en daar is aangevoer dat die opleiding van Bantoe-evangeliste en Bantoe-onderwysers liefs die taak van elke sendeling moes bly, aangesien elke sendeling die behoeftes van sy stasie geken het en derhalwe bevredigend daarin kon voorsien. Terselfdertyd het die konferensie die vrees uitgespreek dat Bantoes wat van elders af na die seminarie gestuur sou word van hulle stam vervreemd kon raak en sodoende ongeskik sou wees vir die primêre doel waarvoor hulle opgelei sou wees, naamlik diens aan hulle eie stamgenote. Verder was die konferensie die mening toegedaan dat dit baie goedkoper sou wees as elke sendingstasie sy eie Bantoe-evangeliste en -onderwysers sou oplei, aangesien die oprigting van 'n sentrale seminarie ook geldelike uitgawes tot gevolg sou hê.[97] Merensky was gevolglik verplig om die oprigting van 'n sentrale seminarie op Bothšabêlo voorlopig op die lange baan te skuif.

Tien jaar later het die situasie egter heelwat anders daar uitgesien en het die oprigting van 'n seminarie vir die Suid-Transvaalse sinodale streek te Bothšabêlo 'n noodsaaklike uitvloeisel van die steeds groeiende sendingwerk in Transvaal geblyk te wees. So byvoorbeeld het Bothšabêlo in 1879 alleen reeds oor 400 skoolkinders beskik,[98] en dit met Timotheus Sello as die enigste Bantoe-onderwyser. In die lig van hierdie omstan-

94. *Berliner Missionsberichte, 1880*, p. 451.
95. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 238.
96. A. Nachtigal: Tagebuch II, p. 478.
97. A. Nachtigal: Tagebuch I, p. 825.
98. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 433.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dighede het die Komitee in Duitsland sy goedkeuring aan die oprigting van 'n sentrale seminarie vir die sinodale streek Suid-Transvaal verleen. Gevolglik kon eerw. J. Winter in 1879 in die woonkamer van sy woning op Bothšabêlo met die opleiding van Bantoe-onderwysers begin.[99] Die saak waarvoor Merensky hom beywer het, is met die oprigting van hierdie seminarie verwesenlik.

Die oprigting van 'n drukpers wat die hele Sothosprekende bevolking van Transvaal bedien het, het Bothšabêlo se posisie as middelpunt van die B.S.G. verder beklemtoon, en ofskoon dit goedkoper was om groot hoeveelhede drukwerk in Londen of Berlyn te laat doen, het Bothšabêlo steeds die verspreidingspunt van alle drukwerk gebly.[100]

Vanweë die ywer wat Merensky aan die dag gelê het, is die sendingstasie Bothšabêlo inderdaad uitgebou tot die modelstasie van die Genootskap in Transvaal. Toe eerw. S. Hofmeyr van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se sending in 1873 Bothšabêlo besoek het, was hy besonder beïndruk om "te zien hoe die statie aangelegd en bebouwd is. Eene nette kerk, groote school, vele huizen van klipsteenen, winkel enz. enz. Ja bijna van alles vindt men er wat. Ik geloof dat 't getal gedoopten op die Statie zoo wat 1,100 is."[101]

Vroeg in die sewentigerjare van die vorige eeu het 'n gevoelige slag egter die sendingwerk op Bothšabêlo getref. Daar het by die opperhoof van die Pedi-Christene op Bothšabêlo, Johannes Dinkwanyane, en sy volgelinge 'n begeerte ontstaan om van Merensky se gesag, wat in 'n geslote gemeenskap soos Bothšabêlo vir alle praktiese doeleindes hulle opperhoof was, weg te breek. Gesien in die lig van hierdie verset teen Merensky se gesag wil dit voorkom asof die Bapedi-inwoners op die stasie dit nie maklik gevind het om hulle aan die gesag van Merensky te onderwerp nie. Ten spyte van hulle kerstening het die Pedi-Christene nog altyd na Sekhukhune as hulle ware en enigste opperhoof opgesien.[102] Toenadering het tussen Dinkwanyane en Sekhukhune gekom na aanleiding van Mampuru, Sekhukhune se belangrikste mededinger om die Peditroon, se verblyf op Bothšabêlo. Toe Mampuru tydens sy verblyf die reëls en regulasies van die sendingstasie oortree het deurdat hy sy dolosse gegooi het, het Dinkwanyane die dolosse van Mampuru afgeneem en dit laat vernietig. Daarna is Mampuru aangesê om die stasie te verlaat.[103] Omdat Sekhukhune Dinkwanyane se optrede vertolk het as 'n openlike verwerping van Mampuru se aanspraak op die Peditroon het Sekhukhune hom grootliks met Dinkwanyane versoen.[104]

Na aanleiding van hierdie versoening tussen Sekhukhune en Dinkwanyane het laasgenoemde Merensky se gesag begin uittart deur sy volgelinge aan te moedig om hulle stamgebruike en seremonies, in stryd met die reëls en regulasies van die stasie, te eerbiedig en te beoefen. Op hierdie manier het hulle Merensky se gesag op die proef probeer stel. Dinkwanyane het onder andere ook die vrouens van sy kraal beveel om, in ooreenstemming met die Pedi-volksgebruik, hulle hare te laat skeer. Toe Merensky Dinkwanyane hieroor berispe het, het Dinkwanyane aan hom te kenne gegee dat hy en sy volgelinge van voorneme was om Bothšabêlo te verlaat.[105] Volgens Nachtigal het Dinkwanyane se verset teen Merensky se gesag ook die Bakopa-inwoners op Bothšabêlo in beroering gebring en was daar ook van hulle wat die stasie wou verlaat.[106]

Nieteenstaande Merensky se pogings om Dinkwanyane te probeer oorhaal om van sy voorneme af te sien, kon hy nie daarin slaag om 'n breuk tussen hom en Dink-

99. *Berliner Missionsberichte, 1888*, p. 319.
100. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 238.
101. S. Hofmeyr: *Twintig jaren in Zoutpansberg*, p. 129.
102. T. S. van Rooyen: *Die Sendeling Alexander Merensky*, pp. 151 en 159.
103. D. R. Hunt: *Bapedi*, p. 295; H. O. Mönnig: *The Pedi*, p. 28; H. P. van Coller: *Mampoer in die Stryd om die Bapedi-troon*, p. 9; A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 305.
104. H. O. Mönnig: *The Pedi*, p. 28.
105. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 353.
106. A. Nachtigal: Tagebuch II, p. 99.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wanyane te voorkom nie. Ten einde laas was Merensky genoodsaak om aan Dinkwanyane toestemming te gee om Bothšabêlo te verlaat.[107] In Augustus 1873 het pres. T. F. Burgers van Nachtigal verneem dat daar 'n plaas naby Lydenburg te huur was en gevolglik het Burgers aan Dinkwanyane en 230 volgelinge toestemming verleen om hulle op hierdie plaas te gaan vestig.[108] Later het daar nog 'n aantal van Johannes Dinkwanyane se volgelinge by hom aangesluit, sodat daar in totaal 334 Pedi-Christene Bothšabêlo verlaat het.[109]

Ofskoon die genoemde gebeure die sendingwerk op Bothšabelo 'n gevoelige terugslag toegedien het, het dit nietemin op die lange duur nie die groei van die stasie wesenlik beïnvloed nie. Selfs die stryd tussen die twee Bapedi-onderhoofde, Legolwane en Pokwani, wat die Bapedi-inwoners van Bothšabêlo in twee kampe verdeel het, en tot gevolg gehad het dat Merensky aan 'n aansienlike aantal inwoners toestemming moes gee om Bothšabêlo te verlaat en hulle op die Berlynse stasie Neu-Halle te gaan vestig, kon die vordering van die sendingwerk op Bothšabêlo nie stuit nie.[110] In 1880 was daar 1 480 inwoners op Bothšabêlo waarvan 1 213 gedoopte lidmate was.[111]

Nachtigal beweer dat daar gedurende die tydperk wat direk na die Sekhukhune-oorlog van 1876 gevolg het 'n groot geestelike insinking op Bothšabêlo te bespeur was, maar dat Merensky in sy hoedanigheid as superintendent daarin geslaag het om dit te verbloem.[112] Ter verdediging van Merensky moet daarop gewys word dat dit geen onnatuurlike tendens was nie, aangesien 'n geweldige geloofsoplewing, soos dit deur die Pedi-Christene ondervind is toe Sekhukhune hulle vervolg het, dikwels deur geestelike insinking en oppervlakkigheid in die godsdiens gevolg word. Wat wel beweer kan word, is dat Bothšabêlo teen 1880 beslis sy rol as toevlugsoord uitgespeel het, en daarom moontlik die geestelike verslapping. Ten spyte hiervan sou Bothšabêlo nog vir baie jare hierna die middelpunt van die B.S.G. bly en die rede hiervoor moet beslis aan die ywer van Merensky toegeskryf word.

4. Oorsig oor die Ontwikkeling en Uitbreiding van die Sendingstasies gedurende Merensky se Superintendentskap van die Sinodale Streek Transvaal, 1867–78

(*a*) *Pretoria en Distrik*

Gedurende die tydperk 1867–78 het die sendingwerk in Pretoria goeie vordering getoon, sodat daar in 1880 reeds 715 lidmate was teenoor die nagenoeg 45 in 1870.[113] Reeds in Oktober 1867 het eerw. C. Knothe op uitnodiging van die Ndebele-opperhoof Jan Kekana, wat langs die Pienaarsrivier ongeveer 40 km. noord van Pretoria gewoon het, die eerste buitepos, Moretéle, aangelê en in 1869 is Jan Kekana daar gedoop.[114] Gesien in die lig van hierdie vordering wat die sendingwerk in Pretoria getoon het, het die Komitee in Duitsland in 1868 'n tweede sendeling, eerw. Friedrich Carl Christoph Adolph Grünberger, na Pretoria gestuur.

Grünberger, seun van die Joodse egpaar Isaac en Eva Grünberger wat op 15 April 1838 in Godow, Bo-Silesië, gebore is en op jeugdige leeftyd tot die Christelike geloof bekeer is, het opdrag ontvang om die sendingwerk op Moretéle te behartig.[115] 'n Jaar na Grünberger se aankoms op Moretéle, het Merensky by die Komitee in Duitsland aanbeveel dat die B.S.G. die plaas waarop die inwoners van Moretéle gewoon het,

107. T.A.: Landdros Middelburg (L.M.) Band 1: A. Merensky – A. Joubert d.d. Bothšabêlo, 27.8.1873.
108. L.M. Band 1: No. 64, T. F. Burgers – A. Merensky d.d. Lydenburg, 8.9.1873.
109. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 219.
110. *Berliner Missionsberichte, 1880*, p. 154.
111. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 416; *Berliner Missionsberichte, 1880*, p. 154.
112. A. Nachtigal: Tagebuch II, p. 476.
113. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 243.
114. *Berliner Missionsberichte, 1870*, p. 24.
115. B.M.A.: Afdeling 2, Lêer 3/13a, Personalakten, F. C. A. Grünberger.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

moes aankoop aangesien Moretéle die belofte ingehou het om 'n tweede Bothšabêlo te word.[116] Die plaas was egter nie te koop nie, maar ene W. Boshof het sy plaas wat aan Moretéle gegrens het, te koop aangebied. Die B.S.G. het derhalwe Boshof se plaas gekoop en met die toestemming van die Regering[117] het die inwoners van Moretéle na Boshof se plaas verhuis. Die Regering het dit egter onomwonde gestel dat die Bantoes geen eiendomsreg op hierdie plaas kon bekom nie,[118] en gevolglik is die plaas op die naam van Merensky, as superintendent van die B.S.G., oorgedra. Hierna is die buitepos Moretéle tot 'n volwaardige sendingstasie, met die naam Wallmannsthal, ter ere van J. C. Wallmann, uitgebou. Teen 1870 het Wallmannsthal reeds 160 Bantoe-inwoners gehad.[119]

In Maart 1870 het Grünberger en Knothe gemeentes geruil en Knothe het hom op Wallmannsthal gevestig, terwyl Grünberger die werk op Pretoria oorgeneem het. Die vermoede bestaan dat Grünberger die behoefte gevoel het om tegelykertyd ook die Duitse inwoners van Pretoria geestelik te bedien, daarom dat hy verkies het om die sendingwerk in Pretoria te behartig.[120] Ten spyte van die feit dat Grünberger 'n groot gedeelte van sy tyd aan die Duitsers gewy het, het hy nogtans nie die sendingwerk in Pretoria verwaarloos nie en het hy sy taak met geesdrif uitgevoer. Die netjiese en ordelike wyse waarop die Bantoe-inwoners van die stasie hulle woonhuise en strate aangelê het, het T. F. Burgers, 'n huisvriend van Grünberger, so beïndruk dat Burgers onderneem het om in die toekoms meer na die belange van dié sendingstasie om te sien.[121]

Aangesien die sendingwerk op Pretoria goeie vordering gemaak het, wou Grünberger 'n plaas nagenoeg 30 km. oos van Pretoria vir die B.S.G. aankoop, sodat daar 'n buitepos opgerig kon word. Omdat die B.S.G. in daardie stadium nie oor die nodige fondse beskik het nie het Grünberger en eerw. Heinrich Kallenberg, van die Berlynse stasie Pniel in die Oranje-Vrystaat,[122] saam die plaas Edendale aangekoop.[123] Daarna het Grünberger Edendale as buitepos van Pretoria ingerig en een van sy getroue lidmate, Johannes, daar gestasioneer om die Bantoe-inwoners van Edendale te onderrig, terwyl Grünberger self een maal per maand daarheen gegaan het om die erediens waar te neem en die sakramente te bedien.[124]

Hoewel die anneksasie van Transvaal deur Engeland in 1877 deur die meerderheid Berlynse sendelinge verwelkom is, het die aanwesigheid van Engelse soldate in Pretoria die Bantoes op die sendingstasie in 'n verleentheid geplaas deurdat hulle die Bantoe-vroue van die stasie gemolesteer het.[125] Ten einde 'n einde daaraan te maak, was Grünberger verplig om die inwoners te belet om saans die stasie te verlaat. Voorts is die reëls en regulasies van die stasie so gewysig dat vreemdelinge nie langer as 'n dag sonder die skriftelike toestemming van Grünberger, op die stasie kon vertoef nie.[126]

Nadat die buitepos Moretéle tot 'n volwaardige sendingstasie, Wallmannsthal, uitgebou is, het Knothe deur toegewyde arbeid en besondere aanleg die sendingwerk

116. H. T. Wangemann: *Maléo en Sekoekoeni*, p. 178.
117. U.R. Band 3: U.R.B. 27.3.1869, artikel 51; Kyk ook S.S. 109: R174/69, C. Knothe – Uitvoerende Raad van die Z.A.R. d.d. Pretoria, 1.3.1869.
118. U.R. Band 3: U.R.B. 27.3.1869, artikel 51; Oor Bantoe-eiendomsreg op grond in Transvaal kyk, W. A. Stals: Die Kwessie van Naturelle-Eiendomsreg op Grond in Transvaal, 1838–1884, pp. 19–24 en verder.
119. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 247.
120. T. S. van Rooyen: Die Kronieke van Wallmannsthal (*Pretoriana*, Deel 3, no. 2), p. 17.
121. *Berliner Missionsberichte, 1878*, p. 342.
122. W. Arndt: *Berliner Missionare*, p. 4; Vgl. J. S. Bergh: Die Berlynse Sendinggenootskap in Pretoria en Omgewing, p. 49.
123. T.A.: S.N.A. 41: S.N.A. 346/1904, History of Edendale by C. Hoffmann, d.d. Edendale, 15.2.1904.
124. *Berliner Missionsberichte, 1878*, p. 343; E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 241.
125. *Berliner Missionsberichte, 1878*, p. 342; *Berliner Missionsberichte, 1880*, p. 146.
126. E.A.: Reëls en Regulasies van die Sendingstasie van die B.S.G. te Pretoria; Kyk veral reël no. 7, ongedat.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

na die beste van sy vermoë verder uitgebrei. Na skatting kon Knothe aan nagenoeg 3 000 Bantoes in die omgewing van Wallmannsthal die evangelie verkondig.[127] In 1873 het Knothe op versoek van pres. T. F. Burgers woonplek aan die opperhoof Selape en sy volgelinge op Wallmannsthal verskaf, maar ondanks Knothe se volgehoue pogings om die evangelie aan hulle te verkondig het dit geen inslag gevind nie en Selape het die stasie drie jaar later verlaat.[128]

Die aanwesigheid van Jan Kekana op die sendingstasie het vir Knothe dieselfde probleme geskep as wat Merensky op Bothšabêlo met Johannes Dinkwanyane ondervind het. Kekana het sy goeie gesindheid teenoor Knothe verander na aanleiding van 'n nuwe belastingwet wat die Regering in Junie 1870 aangeneem het. Volgens hierdie wet was alle Bantoes wat nie in diens van blankes was nie verplig om 'n hutbelasting van 10/- per jaar te betaal.[129] Hoewel Kekana en sy onderdane wat nie in diens van blankes was nie hierdie belasting betaal het, het hulle in verset teen Knothe se gesag gekom. Gevolglik het Kekana sy onderdane aangemoedig om in weerwil van die sendingstasie se regulasies hulle heidense seremonies te beoefen. Onder daardie omstandighede was Knothe verplig om Kekana in 1873 van die sendingstasie te verban.[130] Kekana en sy volgelinge het hulle op die plaas Leeuwkraal gaan vestig[131] maar hulle sou weer later in 1879 toenadering by die B.S.G. soek.

Te midde van die teëspoed wat die sendingwerk op Wallmannsthal te beurt geval het, was daar nietemin ook vrug op die arbeid te bespeur. In 1872 het een van Knothe se skoliere, Josef Kgogoentso, die onderwyserseksamen van Transvaal met welslae afgelê en vier jaar later het nog 'n leerling van Knothe, Timotheus Sello, voor die Sinode op Bothšabêlo die evangeliste-eksamen eweneens met welslae afgelê.[132] Toe Knothe Wallmannsthal in Desember 1878 moes verlaat, aangesien hy as superintendent van die Noord-Transvaalse sinodale streek benoem is, het hy daar 'n gemeente van 167 persone agtergelaat.[133]

Die ontwikkeling van die sendingstasie Tshuaneng in die Pretoriadistrik vorm op sigself een van die interessantste, maar tegelyk ook stormagtigste, hoofstukke in die geskiedenis van die B.S.G. in Transvaal. Met die stigting van hierdie stasie in Februarie 1868 het die B.S.G. sy kop onwetend in die spreekwoordelike bynes gesteek. Veral twee faktore was hiervoor verantwoordelik, naamlik die gesindheid van die Bakgatla ba-ga Motsha-opperhoof Saul of Tlale, soos sy onderdane hom genoem het,[134] teenoor eerw. Otto Sachse, stigter van die stasie, en die kwessie van eiendomsreg op die grond wat Saul se vader, Moëpi, by 'n boer gekoop het vir sy stam om op te woon.

Hoewel Saul sy toestemming tot die oprigting van 'n sendingstasie verleen het, was hy die sendingwerk geensins goedgesind nie. Hy het op allerlei maniere sy onderdane teen Sachse opgesweep.[135] By geleentheid het Saul Sachse selfs versoek om die sendingstasie te verlaat, maar aangesien Sachse, volgens sy medesendelinge, 'n uiters sterk persoonlikheid gehad het, is hy geensins deur Saul se optrede beïnvloed nie en het hy sy sendingwerk voortgesit.[136] Baie van Saul se onderdane het ook vir Sachse in die bresse getree en aan Saul te kenne gegee dat indien hy Sachse van die stasie verdryf, hulle die

127. A. Nachtigal: Tagebuch I, p. 881.
128. S.S. 218: R2945/76, C. Knothe – T. F. Burgers d.d. Wallmannsthal, 13.9.1876; S.S. 8629: B.B. 2243/76, Staatsekretaris – C. Knothe d.d. Pretoria, 22.9.1876.
129. Z.A.R. 25: *De Locale Wetten der Z.A.R.*, pp. 378–83, Wet No. 9 van 1870, kyk alle artikels.
130. *Berliner Missionsberichte, 1874*, p. 237; T. S. van Rooyen: Die Kronieke van Wallmannsthal II (*Pretoriana*, Deel 3, No. 3, April 1954), pp. 21–2.
131. N. J. van Warmelo: *The Ndebele of J. Kekana*, p. 17.
132. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, pp. 248–9; Vgl. J. S. Bergh: Die Berlynse Sendinggenootskap in Pretoria en Omgewing, p. 152.
133. *Berliner Missionsberichte, 1878*, pp. 243–4.
134. A. Nachtigal: Tagebuch I, p. 870.
135. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 253.
136. A. Nachtigal: Tagebuch I, p. 877.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sendeling sou volg. Hierdie houding wat die onderdane openbaar het, het Saul tot besinning gedwing en gevolglik het hy sy vyandigheid teenoor Sachse laat vaar. Aan die begin van 1870 is vyf van Saul se onderdane gedoop.[137]

Die tweede faktor wat Sachse se verblyf op die stasie bemoeilik het, het direk verband gehou met die eiendomsreg op die grond waarop Saul en sy onderdane woonagtig was. Volgens Saul het hierdie grond aan hulle behoort, aangesien sy vader dit van die oorspronklike blanke eienaar gekoop het. Die seun van hierdie blanke eienaar het egter ontken dat sy vader die grond verkoop het, en daar het gevolglik 'n stryd tussen Saul en die blankes in die omgewing oor die eiendomsreg ontstaan.[138] Hierdie stryd het verder daartoe aanleiding gegee dat die blankes en Saul se onderdane in voortdurende botsings betrokke was. Vee is oor en weer geroof of geskut en selfs Sachse se vee is by geleentheid deur 'n blanke geskut.[139]

Met die oog op hierdie omstandighede het Sachse alles in sy vermoë gedoen om Saul se opvolger, Andries Maubane Moëpi, te help om hierdie grondgeskil die hoof te bied. Reeds in Desember 1870 het Sachse die Regering versoek om aan Maubane 'n ander woonplek te gee, sodat die geskil tussen Maubane en die blankes vir goed uit die weg geruim kon word.[140] Omdat die Regering van die Z.A.R. nie bereid was om Bantoes toe te laat om self grond te koop nie en daar derhalwe volgens bestaande wetgewing geen eiendomsreg aan hulle verleen kon word nie,[141] het Sachse, met die toestemming van die Regering,[142] namens Maubane drie plase gekoop en sy sendingstasie daarheen verskuif. Die plase sou wel deur Maubane aangekoop word in die sin dat hy vir die koopprys verantwoordelik was, maar die eiendom sou op Sachse se naam geregistreer word. Maubane en sy volgelinge sou egter die grond permanent kon bewoon en daar sou weer later oor die kwessie van eiendomsreg besin word.[143]

Sachse het 'n gedeelte van die plaas Schilpadfontein self gekoop en vir die B.S.G. uitgehou sodat die sendingwerk wat op Tshuaneng begin is aldaar voortgesit sou kon word. Sodoende sou die Bakgatla ba-ga Motsha steeds binne bereik van die evangelieverkondiging bly.[144] Sachse moes sy nuwe sendingstasie wat hy Neu-Halle, ter ere van sy geboortestad Halle in Duitsland, genoem het[145] van nuuts af op Schilpadfontein aanlê. Al gou egter het die verhouding tussen Sachse en Andries Maubane uiters gespanne geword, aangesien Maubane geweier het om Sachse se eiendomsreg op Neu-Halle te erken. Maubane het telkens gedreig om Sachse van die sendingstasie te verdryf.[146] Verder het Maubane sy onderdane belet om Neu-Halle te besoek en gelas dat diegene wat op die sendingstasie woonagtig was, sy landerye vir hom moes bewerk.[147] Ten spyte van Maubane se gesindheid teenoor Sachse het die sendingwerk op Neu-Halle nietemin bemoedigende vordering getoon, sodat daar in 1878 reeds 'n gemeente van 80 persone was.

137. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 253.
138. Kyk S.S. 139: Supplementêre Stukke 1871, Vernieuwing van Contrak, d.d. Pretoria, 1.11.1870.
139. T.A.: Landdros Pretoria (L.P.) Band 3: O. Sachse – W. Skinner d.d. Saul, 9.12.1868.
140. S.S. 128: R1486/70, O. Sachse – Volksraad van die Z.A.R. d.d. Saul, 4.12.1870.
141. W. A. Stals: *Naturelle-Eiendomsreg*, p. 62.
142. U.R. Kladbesluite Band 24: U.R.B. d.d. 10.12.1870, artikel 5.
143. S.S. 156: R673/73, O. Sachse – President en Uitvoerende Raad van die Z.A.R. d.d. Ga Motsha, 10.5.1873; U.R. Band 5: U.R.B. d.d. 14.6.1873 artikels 31–32; S.S. 155: R416/73, J. C. Preller – President en Uitvoerende Raad van die Z.A.R. d.d. Pretoria, 14.3.1873; Die plase wat Sachse vir Maubane aangekoop het, was Schilpadfontein, Paay zijn pan, Middelkop en Klippan.
144. S.S. 156: R673/73, O. Sachse – President en Uitvoerende Raad van die Z.A.R. d.d. Ga Motsha, 10.5.1873.
145. B.M.A.: Personalakten, O. Sachse; Vgl. J. S. Bergh: Die Berlynse Sendinggenootskap in Pretoria en Omgewing, p. 128.
146. S.S. 164: R2066/73, O. Sachse – President en Uitvoerende Raad van die Z.A.R. d.d. Neu-Halle, 4.12.1873.
147. *Berliner Missionsberichte, 1876*, p. 309.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(*b*) *Die Sendingstasies van Waterberg: Modimulle, Makapaanspoort, Thutloane en Xa Matlala*

Kort nadat eerw. H. A. Koboldt in Augustus 1867 op die grond wat Gert Lottering aan Wangemann geskenk het, aangekom het, het hy tot die slotsom geraak dat die grond nie aan die vereistes van 'n sendingstasie beantwoord nie, aangesien dit te klein was.[148] Gevolglik het Koboldt sonder toestemming van die Komitee in Duitsland op eie verantwoordelikheid die plaas Middelfontein in die Waterbergdistrik vir £450 aangekoop.[149] Dit was Koboldt se voorneme om hierdie plaas aan die B.S.G. te verkoop sodra die Genootskap oor die nodige fondse beskik het.[150]

Aangesien Koboldt die plaas Middelfontein gekoop het, was hy verplig om, in weerwil van die Komitee se beleid dat sendelinge hulle volle aandag aan die sendingwerk moes bestee, baie van sy aandag aan die boerdery te gee sodat die fondse vir die delging van die koopsom van die plaas verkry kon word. Die gevaar het bestaan dat indien Koboldt nie die volle koopsom kon aflos nie die Komitee in Duitsland hom kon versoek om die diens van die Genootskap te verlaat.[151] Koboldt het nie die sendingwerk verwaarloos nie en toe die Komitee in 1872 die plaas van hom gekoop het, was die stasie reeds so gevestig dat nagenoeg 60 Bantoes[152] hulle alreeds permanent daar gevestig het. Die stasie wat Modimulle genoem is, het vanweë sy strategiese ligging, groot sendingmoontlikhede ingehou. Benewens die onderdane van Mankoapane (of Mapela) en Matlala wat hulle op die stasie gaan vestig het, kon 'n groot aantal onderdane van Bapo, wat die sending vyandiggesind was, ook deur middel van hierdie stasie bereik word.[153]

Die vreedsame vordering van die sendingwerk op Modimulle is aanvanklik egter aan bande gelê, omdat Mankoapane in Maart 1868 'n strooptog op die stasie laat uitvoer het waartydens nagenoeg 150 stuks vee van die stasie-inwoners, asook van Koboldt se vee, gebuit is.[154] Omrede Koboldt 'n tweede strooptog te wagte was, het hy die balke en dekgras van die kerk wat in aanbou was, laat verwyder ten einde te verhoed dat Mankoapane se onderdane dit aan die brand steek.[155] As gevolg van Mankoapane se volgehoue rooftogte in die Waterbergdistrik was die Regering in 1868 verplig om oorlog teen hom te verklaar. Mankoapane het 'n sterk impie van nagenoeg 5 000 man naby die dorp Makapaanspoort saamgetrek.[156] Toestande in hierdie distrik was inderdaad so gevaarlik dat Koboldt en Lottering 'n skans ter verdediging op Modimulle opgerig het.[157] Eers van 1869 af kon die sendingwerk weer ten volle voortgesit word.

Teen 1873 was daar reeds 50 gemeentelede op Modimulle woonagtig waaronder die getroue Paulus Makgoba wat Koboldt met die bestuur van die stasie bygestaan het.[158] Dit was Koboldt egter nie beskore om die vrugte van sy arbeid te pluk nie, aangesien hy op 22 Februarie 1874 na 'n kort siekbed in die teenwoordigheid van sy twee getroue vriende, eerww. O. Sachse en T. Regler, oorlede is. Koboldt is naby die pas voltooide fondament van 'n nuwe kerk ter aarde bestel.[159] Hierna is die stasie deur eerw. Emil Bernhard Beyer, afkomstig uit Volkmarsdorf naby Leipzig,[160] oorgeneem. Met die

148. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 255.
149. S.S. 92: R1118/67, G. Lottering – M. W. Pretorius d.d. Middelfontein, 3.11.1867; S.S. 92: R1134/67, H. A. Koboldt – M. W. Pretorius d.d. Middelfontein, 6.11.1867.
150. B.A.: *Stationschronik, Modimulle*, p. 1; G. Sauberzweig-Schmidt: *Die Festwoche zu Waterberg-Modimulle*, p. 6; Vgl. T.A.: Boedelstukke, boedel no. 19682, H. A. Koboldt.
151. G. Sauberzweig-Schmidt: *Die Festwoche*, p. 6.
152. S.S. 92: R1118/67, G. Lottering – M. W. Pretorius d.d. Middelfontein, 3.11.1867.
153. *Berliner Missionsberichte, 1872*, p. 71.
154. B.A.: *Stationschronik, Modimulle*, p. 1.
155. *Berliner Missionsberichte, 1870*, p. 76; B.A.: *Stationschronik, Modimulle*, p. 1.
156. Kyk War Office: *The Native Tribes of the Transvaal*, p. 106.
157. *Berliner Missionsberichte, 1870*, p. 76; B.A.: *Stationschronik, Modimulle*, p. 2.
158. B.A.: *Stationschronik, Modimulle*, p. 2; E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 342.
159. B.M.A.: Personalakten, H. A. Koboldt; T.A.: Boedelstukke, boedel no. 19682, H. A. Koboldt.
160. W. L. Maree: *Uit Duisternis Geroep*, p. 99.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hulp van die Bantoe-onderwyser, Timotheus Sello, het Beyer die stasie voortreflik uitgebou en in 1877 is die kerk ingewy. Aangesien die werk op Modimulle reeds van so 'n omvang was, is 'n tweede sendeling, eerw. Otto Posselt, daarheen gestuur.[161]

Mankoapane se opstandigheid in 1868 het wel geen langdurige uitwerking op die sendingwerk op Modimulle gehad nie, maar op die stasie Makapaanspoort net buitekant die dorp Makapaanspoort in die Waterbergdistrik, het dit die sendingwerk vir geruime tyd gedwarsboom en selfs tot stilstand gebring. Toe die oorlog tussen Mankoapane en die Boere in Junie 1868 uitgebreek het,[162] was eerw. Moschütz verplig om Makapaanspoort te verlaat en om voorlopig op Xa Matlala te gaan vertoef. Tydens sy afwesigheid het Mankoapane die sendingstasie laat afbrand daar hy bevrees was dat die Boere die kerk en woonhuis as skans kon inrig.[163] Mankoapane en Lekale het Moschütz vriendelik ontvang toe hy in November 1868 weer na Makapaanspoort kon terugkeer, maar aangesien die vrede tussen die Z.A.R. en Mankoapane eers in Februarie 1869 in Moschütz se woning gesluit is, kon die sendingwerk eers weer in dié jaar hervat word.[164]

In 1870 het die uitbreek van 'n ernstige malaria-epidemie die voortbestaan van die stasie bedreig, sodat Moschütz feitlik voltyds besig was om siekes te behandel. Te midde van hierdie epidemie, wat 'n grootskaalse blanke uittog uit die dorp Makapaanspoort tot gevolg gehad het, het Mankoapane sy houding teenoor Moschütz en die sendingwerk verander.[165] Hoewel Moschütz alles in sy vermoë gedoen het om Mankoapane gunstig met betrekking tot die sending te stem, het sy gesondheidstoestand hom genoodsaak om in 1871 die stasie te verlaat. Moschütz se opvolger, eerw. Theodor Regler, het tevergeefs geprobeer om die gesindheid van Mankoapane te verander, want as gevolg van Mankoapane se vyandigheid was daar in daardie stadium nog slegs tien gemeentelede op die stasie. Nadat Mankoapane een Sondag sover gegaan het om die gemeente tydens die erediens uit die kerk te laat verdryf, het die getal gemeentelede na sewe afgeneem. Na aanleiding van hierdie gebeure het Mankoapane, aldus Regler, beweer dat hy wou vasstel wie die heerskappy voer – die "Boek" of hy as opperhoof.[166]

In die lig van die swak vordering wat die sendingwerk as gevolg van Mankoapane se houding getoon het, is daar gevolglik in 1875 tydens die sinodesitting aanbeveel dat die werk op hierdie stasie laat vaar moes word. Die Komitee in Duitsland was egter nie daarvoor te vinde nie en het opdrag gegee dat eerw. Gustav Mars, in weerwil van Mankoapane se gesindheid, die sendingwerk moes voortsit.[167] Teen 1877 het dit duidelik geword dat Mankoapane geensins van voorneme was om sy vyandigheid te laat vaar nie en onder hierdie omstandighede het Merensky dit raadsaam geag om aan Mars opdrag te gee om die stasie te verlaat en in Sekhukhuneland die stasie Arkona te gaan stig.[168]

Die vyandigheid van Mankoapane jeens die sendingwerk het nie slegs tot die stasie Makapaanspoort beperk gebly nie. Op die sendingstasie Thutloane, in die lokasie van Mankoapane, het eerw. Robert Theodor Friedrich Kühl, afkomstig uit Ratz in Pruise,[169] eweneens met Mankoapane se vyandige houding te kampe gehad. Net soos Moschütz was Kühl ook verplig om tydens die oorlog tussen die Z.A.R. en Mankoapane Thutloane te verlaat en kon hy eers aan die begin van November 1868

161. B.A.: *Stationschronik, Modimulle*, p. 3; O. Posselt: Tagebuch, p. 2.
162. War Office: *The Native Tribes of the Transvaal*, p. 106.
163. *Berliner Missionsberichte, 1870*, pp. 91–3.
164. *Berliner Missionsberichte, 1870*, pp. 101–3; War Office: *The Native Tribes of the Transvaal*, p. 106.
165. *Berliner Missionsberichte, 1872*, p. 80; E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 320.
166. *Berliner Missionsberichte, 1872*, p. 108.
167. B.A.: *Stationschronik, Makapaanspoort*, pp. 34–5.
168. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 322.
169. T.A.: Boedelstukke, boedel no. 933, R. T. F. Kühl.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

daarheen terugkeer.[170] Omdat die stasie Thutloane 'n uitgestrekte gebied bedien het, is eerw. Ernst Traugott Schubert, afkomstig uit Röhrsdorf naby Franstadt in Posen,[171] in 1869 as tweede sendeling daarheen gestuur.[172]

Ofskoon daar in Mei 1869 reeds vyf Bantoes op Thutloane gedoop is,[173] het die sendingwerk nietemin as gevolg van Mankoapane se gesindheid stadig gevorder. So byvoorbeeld het Mankoapane besluit dat die groepie gelowiges verplig moes word om die stamgebruike en seremonies te eerbiedig.[174] Nadat Kühl die stasie in 1873 verlaat het, is Schubert, weliswaar vriendeliker deur Mankoapane behandel en gevolglik het die gemeente op 21 lidmate te staan gekom, terwyl tot 400 persone Sondae die eredienste bygewoon het.[175] Toe Mankoapane in 1877 ernstig siek geword het, het hy weer eens 'n vyandigheid teenoor Schubert begin openbaar en sy onderdane opdrag gegee om nie die eredienste by te woon nie. Hoewel hy Schubert na sy sterfbed ontbied het, is hy nogtans as verstokte heiden oorlede.

Ofskoon Mankoapane se opvolger, Hans Masibi, aanvanklik 'n vriendeliker gesindheid teenoor die sendingwerk geopenbaar het, was dit slegs tydelik van aard. Die rede vir hierdie ommeswaai moet gesoek word in die feit dat die knellende droogtes die Waterbergdistrik gedurende die jare 1877 en 1878 geteister het. Masibi het die oorsaak van die droogte aan Schubert en sy gemeente gewyt. Schubert was in 1881 verplig om weens waterskaarste Thutloane te verlaat.[176]

Van al die Berlynse sendelinge wat in die Waterbergdistrik sendingwerk gedoen het, het eerw. Grützner ongetwyfeld die grootste sukses op die stasie Xa Matlala behaal. Die rede daarvoor moet toegeskryf word aan die feit dat die opperhoof Matlala neutraal gebly het gedurende die oorlog tussen Mankoapane en die Z.A.R.[177] Aan die einde van 1871 was daar reeds 25 lidmate en toe Grützner die stasie in 1873 verlaat het om in Merensky se afwesigheid as superintendent waar te neem, het die gemeente tot 50 lidmate aangegroei.[178] In vergelyking met die stasies Thutloane en Makapaanspoort wat onderskeidelik 13 en tien lidmate gehad het, moes Xa Matlala gevolglik as een van die mees vooruitstrewende stasies in Waterberg gereken word.

(*c*) *Malakong, Blauberg, Makabêng en Lydenburg*

Die sendingwerk op die stasie Malakong, in die gebied van die onderhoof Modipane, het nie na wense gevorder nie en dit moet aan twee faktore toegeskryf word. Eerstens het Modipane gedurende 1868, toe Endemann as gevolg van die oorlog tussen Mankoapane en die Z.A.R. die stasie tydelik moes verlaat, die geboue op die stasie laat vernietig en tweedens was Endemann om gesondheidsredes verhinder om die evangelie aan Modipane se onderdane na wense te verkondig.[179] Onder hierdie omstandighede het Endemann derhalwe hoofsaaklik op literêre werk gekonsentreer en Duitse geestelike liedere in Sotho vertaal.[180] Ofskoon Endemann hiermee 'n waardevolle diens aan die B.S.G. gelewer het, het die sendingwerk nogtans skade gely en toe eerw. Bruno Köhler[181] in Junie 1870 as tweede sendeling na Malakong gestuur is, het Endemann die stasie as "die elendste Berliner Station in Transvaal" beskryf.[182] Endemann se beskry-

170. *Berliner Missionsberichte, 1870*, p. 123.
171. T.A.: Boedelstukke, boedel no. 16927, E. T. Schubert.
172. *Berliner Missionsberichte, 1870*, p. 124; A. Nachtigal: Tagebuch I, p. 820.
173. A. Nachtigal: Tagebuch I, p. 820.
174. *Berliner Missionsberichte, 1872*, p. 117; *Berliner Missionsberichte, 1876*, p. 336.
175. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 325.
176. *Berliner Missionsberichte, 1878*, pp. 250–3.
177. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 318.
178. *Berliner Missionsberichte, 1872*, p. 199.
179. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 328.
180. A. Nachtigal: Tagebuch I, p. 820.
181. W. Arndt: *Berliner Missionare*, p. 5.
182. *Berliner Missionsberichte, 1872*, p. 111.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wing som die toedrag van sake op die stasie treffend op as in gedagte gehou word dat daar op daardie tydstip slegs twee gedoopte lidmate op die stasie was. Trouens, albei hierdie lidmate het enkele maande nadat hulle gedoop is, die Christelike godsdiens versaak en weer tot die heidendom toegetree.[183]

Hoewel Köhler onverpoosd met die sendingwerk voortgegaan het, kon hy ten spyte van die feit dat vyf persone gedoop is nie daarin slaag om die aantal lidmate te vermeerder nie, aangesien slegs een uit die vyf gedooptes aan die Christendom getrou gebly het.[184] In 'n poging om die Bantoes by die evangelieverkondiging te betrek, het Köhler toestemming verleen dat die onderdane van Modipane water uit die fontein op die stasie kon kom haal. Hierdie toegewing het egter ook nie die gewenste uitwerking gehad nie, want alhoewel daar by geleentheid tussen 50 en 60 Bantoes water kom haal het, kon Köhler slegs omtrent die helfte ompraat om die eredienste by te woon.[185] Teen 1878 was daar nog geen vordering te bespeur nie en in daardie jaar het geen enkele persoon hom vir katkisasie-onderrig aangemeld nie.

Reeds in November 1867 het eerw. E. B. Beyer van die stasie Xa Matlala af 'n besoek aan die Malabochstam van Blouberg gebring met die doel om die moontlikheid van verdere uitbreiding van die sendingwerk te ondersoek.[186] Aangesien die opperhoof Matsheokoane nie 'n sendeling in sy gebied wou toelaat nie moes Beyer voorlopig die oprigting van 'n stasie te Blouberg op die lang baan skuif. 'n Jaar later het Beyer Matsheokane weer eens besoek en hierdie keer het hy wel toestemming ontvang om 'n sendingstasie daar te mag oprig.[187] Omrede die Nederduitse Gereformeerde Kerk se sending, wat inmiddels ook verlof tot die oprigting van 'n stasie te Blouberg ontvang het, geen sendeling vir die doel beskikbaar gehad het nie, het eerw. S. Hofmeyr toestemming verleen dat die B.S.G. 'n sendingstasie by Blouberg kon oprig.[188]

Hoewel Beyer kort na die stigting van die sendingstasie, wat Blauberg genoem is, in 1868 reeds ses persone kon doop, het die sendingwerk daar nietemin stadig gevorder, aangesien die gedooptes weer die Christendom versaak het en ook omdat die verkondiging van die evangelie na die familielede van Matsheokoane uitgebrei het. Laasgenoemde gebeurtenis het die gesindheid van die opperhoof sodanig verander dat hy selfs gedreig het om sy familie wat die evangelie sou aanneem om die lewe te laat bring.[189] Beyer se opvolger, eerw. Heinrich Christian Stech,[190] het ongetwyfeld groter sukses behaal en in 1876 kon hy benewens die oprigting van 'n skool, wat deur nege leerlinge besoek is, ook 'n buitepos naby die onderhoof Mapena oprig.[191] Teen 1878 het die gemeente op die stasie Blauberg reeds op 34 lidmate te staan gekom.[192]

Kort na die stigting van die stasie Blauberg het Beyer die moontlikheid van uitbreiding na die Makabêngstam ondersoek, en aangesien die opperhoof Monjebodi geen beswaar teen die vestiging van 'n sendeling in sy lokasie gehad het nie is die stasie Makabêng op 20 Februarie 1870 deur eerw. Gustav Trümpelmann gestig. Trümpelmann, afkomstig uit Brandenburg in Pruise, het egter nie lank op Makabêng gewerk nie, aangesien hy in 1871 na die Berlynse stasie Adamshoop in die Oranje-Vrystaat verplaas is.[193] Die werk is daarna deur eerw. Martin Baumbach[194] oorgeneem. Monjebodi het egter ook met verloop van tyd sy gesindheid teenoor die sendingwerk

183. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 328.
184. *Berliner Missionsberichte, 1872*, p. 199.
185. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 328.
186. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 350.
187. B.A.: Aansoek van Matsheokoana om 'n sendeling in sy gebied toe te laat d.d. Blaauwberg, 23.2.1868.
188. W. L. Maree: *Lig in Soutpansberg*, p. 74.
189. *Berliner Missionsberichte, 1872*, pp. 308 en 353.
190. W. Arndt: *Berliner Missionare*, p. 5.
191. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, pp. 354–6.
192. *Berliner Missionsberichte, 1878*, p. 249.
193. B.M.A.: Personalakten, G. Trümpelmann.
194. W. Arndt: *Berliner Missionare*, p. 5.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verander en Baumbach moes met veel moeite poog om die evangelie te verkondig, met die gevolg dat daar in 1878 slegs 17 lidmate op Makabêng was.[195]

Ten einde in voeling met die Pedi-Christene in Sekhukhuneland te kon bly, het Wangemann, soos reeds daarop gewys, aan eerw. J. A. Nachtigal in 1867 opdrag gegee om op Lydenburg 'n permanente sendingstasie tot stand te bring.[196] Die stasie Lydenburg moes net soos Bothšabêlo 'n toevlugsoord wees waarheen Pedi-Christene kon vlug indien Sekhukhune se optrede hulle tot so 'n stap sou dwing. Nachtigal het egter alles in sy vermoë gedoen om te verhoed dat die Pedi-Christene Sekhukhuneland verlaat, aangesien hy steeds die hoop gekoester het dat Sekhukhune weer sendelinge van die B.S.G. in sy gebied sou toelaat. Ondanks Nachtigal se pogings kon hy nie daarin slaag om die stroom vlugtelinge uit Sekhukhuneland te stuit nie en hierdie onvermoë het hy aan Merensky se toedoen toegeskryf. Nachtigal het beweer dat Merensky, ten einde Bothšabêlo te kon uitbrei, die Pedi-Christene aangemoedig het om hulle op Bothšabêlo te gaan vestig. Dit het egter die verwydering tussen Sekhukhune en die Berlynse sendelinge vergroot en dit het ook Nachtigal, wat Sekhukhune se vertroueling was, se taak as sendeling uiters bemoeilik, aangesien dit enige poging tot 'n versoening met Sekhukhune onmoontlik gemaak het.[197] Die feit dat die Pedi-Christene wat gevlug het die stasie Lydenburg gewoonlik as 'n tipe halfwegstasie op pad na Bothšabêlo beskou het, het verder tot Nachtigal se nadeel gestrek, daar Sekhukhune later beweer het dat Nachtigal die vlugtery goedgepraat het.[198]

In weerwil van die gespanne verhouding tussen Sekhukhune en Nachtigal het die stasie Lydenburg nogtans goeie vordering gemaak en hoewel die stasie in 1873 na 'n plaas, wat Nachtigal reeds in 1870 namens die B.S.G. aangekoop het, buitekant die dorp verskuif is,[199] en die ou stasie op Lydenburg hierna as buitepos ingerig is,[200] het die sendingwerk na wense gevorder.

Die sendingwerk op die stasie Lydenburg het sulke goeie vordering gemaak, dat daar in 1874 reeds 198 lidmate was. Hierdie uitbreiding is onder Nachtigal se opvolger eerw. Christoph Gottfried Bauling voortgesit wat tot gevolg gehad het dat daar in 1875 reeds nagenoeg 300 lidmate was.[201] Die vooruitgang het nietemin ook met groot onrus gepaard gegaan. Toe die opperhoof van die Pedi-Christene op Bothšabêlo, Johannes Dinkwanyane, in 1873 die stasie verlaat het, het hy met sy volgelinge naby die stasie Lydenburg gaan woon.[202] Dit het die B.S.G. in groot verleentheid geplaas, aangesien die Genootskap nie presies geweet het hoe om teen Dinkwanyane en sy volgelinge op te tree nie. Toe enkele van Dinkwanyane se volgelinge Lydenburg besoek het, het die B.S.G. hulle onder kerklike tug geplaas sodat die sakramente nie aan hulle bedien kon word nie. Dit was as gevolg van die feit dat hulle in verset teen die gesag van die B.S.G. gekom het en hulle gevolglik daarvoor gestraf moes word.[203] Uit wraak teen hierdie optrede van die B.S.G. het Dinkwanyane tydens die Sekhukhune-oorlog van 1876 die geboue op Lydenburg laat afbrand.[204] Ten spyte hiervan het die stasie nogtans goeie vordering getoon.

5. Merensky verlaat Bothšabêlo en Transvaal

Na die verdeling van Transvaal in twee sinodale streke in Oktober 1878 het Meren-

195. *Berliner Missionsberichte, 1878*, p. 249.
196. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 231; Kyk ook Hfst. 4, afd. 7.
197. A. Nachtigal: Tagebuch II, pp. 36–7.
198. A. Nachtigal: Tagebuch II, p. 97.
199. B.A.: Beëdigde verklaring van J. A. Nachtigal oor die eiendomsreg van die B.S.G. op grond in die Lydenburgdistrik d.d. Detmold, 27.5.1887.
200. *Berliner Missionsberichte, 1876*, pp. 305–7.
201. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, pp. 232–3.
202. Landdros Middelburg Band 1: No. 164, T. F. Burgers – A. Merensky d.d. Lydenburg, 8.9.1873.
203. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 358.
204. A. Nachtigal: Tagebuch II, p. 176; Vgl. ook S. P. Engelbrecht: *Thomas François Burgers*: 'n Lewenskets, pp. 198–9; A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 372.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sky, totdat hy Transvaal aan die einde van 1881 verlaat het, die amp as superintendent van die Suid-Transvaalse sinodale streek beklee. Sedert 1878 het Merensky se invloed egter slegs tot sy sinodale streek beperk gebly, maar in weerwil hiervan het Merensky nogtans 'n groot en belangrike rol in die geskiedenis van die B.S.G. in Transvaal gespeel. Alhoewel, soos reeds daarop gewys is, Merensky beslis nie al die krediet vir die uitbreiding van die sendingwerk van sy Genootskap kan ontvang nie, aangesien die Komitee in Duitsland die werklike dryfveer was en veral onder leiding van die uiters bekwame direkteur Wangemann meestal in staat was om die verskillende stasies finansieel in stand te hou, het Merensky se ywer en toewyding as superintendent veel tot hierdie sukses bygedra.

Ongelukkig het Merensky hom nie altyd net by sy sendingwerk gehou nie en dit was juis as gevolg hiervan dat hy in onguns by die Komitee in Duitsland, asook die meeste van sy medesendelinge gekom het. Met die uitbreek van die Sekhukhune-oorlog in 1876 het Merensky tot die arena van die politiek toegetree[205] en toe Engeland in 1877 die Transvaal geannekseer het, was Merensky een van die eerste persone in die Middelburgdistrik wat die anneksasie verwelkom het. Hierdie optrede het daartoe aanleiding gegee dat Merensky die vertroue van die Boere verloor het en gevolglik kon hy nie meer as skakel tussen sy Genootskap en die Regering optree nie. Die laaste ses jaar van Merensky se verblyf op Bothšabêlo het sy gesondheid, volgens hom, geknak en hierbenewens het die instelling van die nuwe superintendentskapsreglement in 1879 tot 'n botsing met sy medesendelinge aanleiding gegee. Onder hierdie omstandighede het Merensky dit raadsaam geag om in 1881 met verlof na Duitsland te vertrek om daar te besluit of hy weer na Transvaal moes terugkeer of nie.[206]

Volgens Nachtigal wil dit egter voorkom asof die redes waarom Merensky Bothšabêlo en die Transvaal verlaat het veel dieper gelê het as die redes wat Merensky verstrek het. Volgens Nachtigal was Merensky 'n persoon wat na eie eer en roem gestreef het. Toe Merensky op sy eerste sendingstasie Kchalatlolu was, sou hy aan Nachtigal gesê het: "dat hy nie kon stil sit nie. Hy moes voortdurend onbekende gebiede verspied, want roem was 'n man se lewe!"[207] In sy strewe na roem en eer het Merensky egter sy oë gesluit vir sy eie menslike tekortkominge. Bothšabêlo is aan die Duitse publiek as die kroon van die B.S.G. se werk in Transvaal voorgehou, maar in der waarheid was Merensky blind vir die werklike toedrag van sake op hierdie modelstasie. Nachtigal het beweer dat Merensky nooit bereid was om te erken dat die Bantoe-inwoners van Bothšabêlo, net soos dit die geval op die ander sendingstasies was, hulle aan luiheid en traagheid kon skuldig maak nie.[208]

Omstandigheidsgetuienis dui verder daarop dat Merensky inderdaad nie met verlof na Duitsland vertrek het nie, maar dat direkteur Wangemann hom laat terugroep het. Ter motivering van hierdie bewering kan daarop gewys word dat Merensky kort na sy aankoms in Duitsland die diens van die B.S.G. verlaat het en tot die diens van die Berliner Mission II toegetree het.[209] Daar word verder beweer dat Merensky en sy swaer Wangemann 'n ernstige botsing gehad het wat tot Merensky se bedanking uit die B.S.G. aanleiding gegee het. Daar bestaan egter geen sekerheid oor wat presies tot hierdie botsing gelei het nie. Die verhouding tussen dié twee is egter weer in 1886 herstel en Merensky het weer eens tot die diens van die B.S.G. toegetree.[210]

Hierna het hy 'n belangrike rol in die administrasie van die B.S.G. gespeel. In 1891 is

205. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 389.
206. B.A.: Eerw. A. Merensky se afskeidsbrief aan sy medesendelinge, d.d. Bothšabêlo, 28.12.1881.
207. A. Nachtigal: Tagebuch II, p. 473.
208. A. Nachtigal: Tagebuch II, pp. 474–5.
209. A. Nachtigal: Tagebuch II, p. 473.
210. H. Petrich: *Alexander Merensky*, p. 172.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die taak aan hom opgedra om die sendingwerk van die B.S.G. in Duits-Oos-Afrika te gaan aanvoor. Net soos in die geval van Transvaal 31 jaar tevore, was dit Merensky se voorreg om daar die eerste sendingstasie van sy Genootskap, Wangemannshöh, aan te lê.[211] Na die stigting van hierdie stasie het Merensky op pad terug na Duitsland weer 'n besoek aan Bothšabêlo en Pretoria gebring.[212]

'n Jaar na die afsterwe van Wangemann in 1894 is Merensky deur Martin Gensichen, die nuwe direkteur van die B.S.G., tot sendinginspekteur bevorder.[213] Tydens die viering van die 75-jarige bestaan van die B.S.G. in 1899 het die Friedrich-Wilhelm Universiteit in Berlyn 'n ere-doktorsgraad in die Teologie aan Merensky toegeken en vier jaar later was dit Merensky se voorreg om die Bantoe-evangelis, Abraham Serote, wat 37 jaar tevore deur Merensky op Bothšabêlo gedoop is, in Berlyn te orden. Op 22 Mei 1918 is Merensky in die ouderdom van 81 jaar aan sy woning in Berlyn oorlede.[214] Geen mens se loopbaan kan ooit as volmaak beskryf word nie, en dit geld beslis ook vir die lewe van 'n sendeling. Dat Alexander Merensky gedurende sy loopbaan as sendeling, superintendent en sendinginspekteur foute gemaak het, is sekerlik nie te betwyfel nie. Dit word nietemin allerweë erken dat Merensky 'n besondere intellek gehad het en dat hy goed toegerus was om baanbrekerswerk te verrig.[215] In die geskiedenis van die B.S.G. sal Merensky onthou word as 'n pioniersendeling wat dit waarin hy geglo het op onverskrokke wyse probeer bevorder het.

211. W. Gründler: *Hundert Jahre Berliner Mission*, p. 101.
212. H. Petrich: *Alexander Merensky*, pp. 182–4.
213. W. Gründler: *Hundert Jahre Berliner Mission*, p. 31.
214. H. Petrich: *Alexander Merensky*, pp. 194 en 210.
215. A. Nachtigal: Tagebuch II, p. 478.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 6

DIE SINODE SUID-TRANSVAAL, 1878–1900

1. Superintendentskap van C. T. Nauhaus, 1882–1903

C. T. Nauhaus is op 13 Junie 1882 as opvolger van Merensky en nuwe superintendent vir die Suid-Transvaalse sinodale streek benoem.[1] Carl Theodor Nauhaus is op 31 Januarie 1835 in Rathenow, Brandenburg, gebore waar sy vader F. W. Nauhaus die plaaslike skoenmaker was. Hoewel Nauhaus dieselfde beroep as sy vader beoefen het, was hy nooit werklik gelukkig in sy werk nie, aangesien hy reeds op jeugdige ouderdom 'n belangstelling in sendingwerk getoon het. Hy het van jongs af gereeld die sendingberigte van die Broedergemeente gelees en daar het gaandeweg by hom die idee posgevat dat dit sy plig was om die evangelie aan die heidene te gaan verkondig. Gevolglik het hy in 1854 in diens van die B.S.G. getree.

In 1860, twee jaar na Nauhaus na Suid-Afrika gekom het, het hy onder moeilike omstandighede die sendingstasie Stendal in Natal aangelê en aldaar tot 1864 sendingwerk gedoen. Gedurende sy verblyf op Stendal is daar nie 'n enkele persoon gedoop nie.[2] In 1864 het Nauhaus na Brits-Kaffraria (Transkei) vertrek waar hy twee sendingstasies, Emdiseni (1864) en Etembeni (1868) aangelê het.[3] Hy was tot April 1881 op laasgenoemde stasie werksaam waarna hy met verlof na Duitsland vertrek het. Dit was toe hy met verlof in Duitsland was dat die Komitee hom as Merensky se opvolger benoem het. Volgens Petrich, Merensky se biograaf, was dit vir Merensky 'n bron van bemoediging om te verneem dat sy vriend Nauhaus sy werk op Bothšabêlo sou voortsit.[4]

As sendeling op Bothšabêlo en superintendent van die Suid-Transvaalse sinodale streek het eerw. Nauhaus met oorgawe die werk van Merensky voortgesit en hoewel daar gedurende Nauhaus se superintendentskap slegs vier nuwe sendingstasies in sy sinodale streek gestig is, het hy nietemin die vestiging van die B.S.G. in Suid-Transvaal bevorder. So byvoorbeeld het die gesamentlike sinodesitting van 1895 op sy inisiatief plaasgevind en het hy verder aan die hand gedoen dat die seminaries van Mp'hôme en Bothšabêlo verenig moes word omdat een seminarie meer effektief sou wees. Nauhaus was 'n bekwame organiseerder en deur sy toedoen het die sendingwerk in Suid-Transvaal groot vooruitgang getoon, ten spyte van die feit dat 'n groep Bapedi-Christene in 1890 van die B.S.G. weggebreek het om hulle eie kerk te stig. Met Nauhaus se dood op 30 Januarie 1903 het die B.S.G. in Suid-Transvaal beslis sy bekwaamste superintendent, sedert die instelling van superintendente in 1867, verloor.[5]

2. Uitbreiding van die Sendingwerk onder Nauhaus

Benewens Woyenthin en Lobethal het daar nog vier belangrike sendingstasies gedurende die superintendentskap van Nauhaus tot stand gekom. Die eerste, asook die belangrikste van hierdie vier stasies, was die sendingstasie Johannesburg wat in 1887 deur eerw. Herman Kuschke gestig is.[6] Die ontdekking van goud aan die Witwatersrand het feitlik oornag tot die verrysing van die goudstad Johannesbrug aanleiding gegee. Van oor die hele Suid-Afrika het duisende mense, blank en nie-blank, na Johannesburg gestroom om daar in die goudmyne te werk.

Kuschke het reeds in Oktober 1887 ten tye van sy aankoms in Johannesburg melding

1. B.A.: Bekendstellingsbrief van C. T. Nauhaus, d.d. Berlyn, 25.9.1882.
2. B.M.A.: Personalakten, C. T. Nauhaus.
3. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, pp. 132 en 136.
4. H. Petrich: *Alexander Merensky*, p. 166.
5. B.M.A.: Personalakten: C. T. Nauhaus.
6. *Berliner Missionsberichte, 1888*, pp. 445–6; W. Arndt: *Berliner Missionare*, p. 6.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gemaak van 'n wêreldstad wat besig was om daar te verrys.[7] Aangesien baie lidmate wat tot die gemeentes van die B.S.G. behoort het na Johannesburg vertrek het om daar in die goudmyne te gaan werk, het die Genootskap hierdie stasie, wat tot 1887 'n buitepos van die stasie Heidelberg was, gestig met die uitsluitlike doel om hul gemeentelede in Johannesburg te versorg.

Tydens die sinodesitting van 1895 is daar besluit dat waar die geleentheid hom voordoen die sendingwerk sover moontlik ook na die Transvaalse dorpe uitgebrei moes word.[8] In ooreenstemming met hierdie besluit het sendingstasies aan die einde van die vorige eeu op die dorpe Ermelo, Krugersdorp en Middelburg tot stand gekom. Aanvanklik was die stasie Ermelo 'n buitepos van Bothšabêlo, maar die werk daar moes na verloop van tyd gestaak word vanweë 'n gebrek aan die nodige hulp. Gevolglik het die klein gemeente wat daar tot stand gekom het, feitlik heeltemal tot niet gegaan. Eers in 1899 kon die B.S.G. weer 'n blanke sendeling, eerw. J. Walter, na Ermelo stuur om met behulp van twee Bantoe-evangeliste, Hiskias Mampe en Job Thoke, die sendingwerk daar te hervat.[9]

Die stigting van die sendingstasie Ermelo het die B.S.G. na verloop van 40 jaar weer eens op die drumpel van sy eerste sendinggebied ten noorde van die Vaalrivier, Swaziland, geplaas. Een van Walter se belangrikste buiteposte in Swaziland was Mooiloop. Ongelukkig was hierdie buitepos baie ver van Ermelo af en dit het doeltreffende sendingwerk in Swaziland geheel en al onmoontlik gemaak aangesien Walter slegs een keer elke ses weke daar kon preek. Met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog teen die einde van 1899 het die sendingwerk op Ermelo feitlik tot stilstand gekom en as gevolg van die onrus wat die oorlog meegebring het, moes die oprigting van 'n kerk en skool voorlopig laat vaar word.[10] In 1901 het die Engelse Ermelo geplunder en Walter was verplig om die stasie te verlaat.[11] Die stasie is eers weer in 1904 beset en die sendingwerk voortgesit.

Die sendingstasie Krugersdorp het 'n maand na Ermelo tot stand gekom. Aanvanklik was Krugersdorp 'n buitepos van Johannesburg maar as gevolg van die snelle uitbreiding aan die Witwatersrand is dit gerade geag om nog 'n hoofstasie in daardie gebied te stig. Hierdie sendingstasie het 'n baie groot gebied, wat onder andere Randfontein en Roodepoort ingesluit het, bedien.[12] Eerw. Hermann Schloemann was tot 1912 in beheer van hierdie stasie.

Twee jaar voor Nauhaus se dood op 30 Januarie 1903, is daar 'n sendingstasie op die dorp Middelburg aangelê. Dit het die aantal stasies in die Suid-Transvaalse sinodale streek op 14 te staan gebring.

3. Die Bapedi-Afskeiding, 1890–2

Die vernaamste gebeurtenis gedurende die superintendentskap van Nauhaus was ongetwyfeld die Bapedi-afskeiding in 1890 toe 'n groot aantal Pedi-Christene onder leiding van die Pedi-evangelis Martinus Sewušhane en die Berlynse sendeling eerw. J. A. Winter hulle bande met die B.S.G. verbreek, en 'n onafhanklike Bapedi-Lutherse Kerk gestig het. Hoewel Nauhaus nie direk by hierdie afskeiding betrokke was nie, was dit nietemin een van die belangrikste gebeure tydens sy superintendentskap. Ofskoon die Bapedi-afskeiding grootliks die uitvloeisel van persoonlike bitterheid en onrealistiese toekomsvisioene van Winter en Sewušhane was, moet dit in 'n veel dieperliggende verband en ruimer agtergrond gesien word.

7. *Berliner Missionsberichte, 1888*, p. 446.
8. B.A.: Sinodale Protokolle, Suid-Transvaal, Protokol 23 Mei – 7 Junie 1895.
9. *Berliner Missionsberichte, 1900*, p. 554; *Berliner Missionsberichte, 1913*, p. 62; W. Arndt: *Berliner Missionare*, p. 6.
10. *Berliner Missionsberichte, 1900*, pp. 554–5.
11. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 367.
12. *Berliner Missionsberichte, 1900*, p. 297.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Bapedi-afskeiding moet in die eerste plek teen die agtergrond van die Ethiopiese beweging gesien word. Hierdie godsdienstige beweging was aan die einde van die vorige eeu dwarsdeur Suid-Afrika onder nie-blankes aan die orde van die dag. Die beweging het sy ontstaan gehad na aanleiding van Psalm 68 waarin daar gesê word dat Ethiopië binnekort "sy hande na God sal uitsteek". Die Ethiopiese beweging het hierdie woorde vertolk as sou dit beteken dat die kerke in Afrika deur die Bantoes regeer moet word.[13] Derhalwe was die beweging gekenmerk deur "a spirit of opposition, of distrust towards the White man".[14] Die eerste manifestasie van hierdie beweging was die stigting van die Nasionale Temboekerk deur Nehemia Tile in 1884, waarna die Bapedi-Lutherse Kerk in 1891 gevolg het.[15] Albei hierdie eerste kerke wat uit die Ethiopiese beweging ontstaan het, was nasionale kerke in die sin dat dit hoofsaaklik tot die Temboe en Bapedi beperk gebly het.

(*a*) *Toestande wat die Afskeiding bevorder het*

Sedert eerw. Nachtigal aan die begin van 1866 verplig was om sy sendingstasie Kchalatlolu, in Sekhukhuneland, te verlaat, het die Pedi-Christene wat nie gevlug het nie in groot mate 'n geïsoleerde bestaan in Sekhukhuneland gevoer. In weerwil van Wangemann se opdrag aan Jonas Pudumo in 1868 om sover moontlik in voeling met die Pedi-Christene te bly en na hulle geestelike welsyn om te sien, kon daar geen permanente kontak tussen die Pedi-Christene en die sendingstasies Bothšabêlo en Lydenburg bewerkstellig word nie. Gevolglik was die Pedi-Christene grootliks op hulleself aangewese wat 'n gevoel van onafhanklikheid in die hand gewerk het. Eers toe die B.S.G., soos reeds daarop gewys, weer hulle voormalige sendingstasies in Sekhukhuneland, te wete Patametšane en Kchalatlolu teen 1880 beset het, kon nouer kontak met die Pedi-Christene gesoek word. As gevolg van die goeie gesindheid van die Engelse Tussenbewind in Transvaal teenoor die B.S.G. het die Genootskap nog twee stasies, Arkona en Thaba Mossegu, in Sekhukhuneland aangelê. Die bekwame en getroue evangelis Martinus Sewušhane, wat sedert die stigting van Bothšabêlo op daardie stasie behulpsaam was, is reeds in 1877 na Sekhukhuneland gestuur om te help met die aanvoorwerk vir die hervestiging van die B.S.G. aldaar. Martinus Sewušhane het mettertyd 'n aansienlike gemeente by die onderhoof Marišhane vergader.[16] In 1884 het die Suid-Transvaalse sinode besluit om die hoofstasie in Sekhukhuneland, Arkona, na Martinus se buitepos te Marišhane te verskuif, aangesien Nauhaus na noukeurige ondersoek bevind het dat die gebied van Marišhane en dus dié buitepos beter as Arkona geleë was en gevolglik beter aan die doel van 'n hoofstasie beantwoord het. Die buitepos Marišhane, hierna bekend as Lobethal, het derhalwe die hoofstasie in Sekhukhuneland geword en is eerw. Carl Kadach as sendeling daarheen gestuur.[17] Intussen het eerw. Winter, wat in 1880 die stasie Thaba Mossegu op die ruïnes van Sekhukhune se ou stat aangelê het, van Martinus se dienste as evangelis gebruik gemaak en daar Martinus Winter met raad en daad bygestaan het, het daar mettertyd 'n goeie verhouding tussen hulle ontstaan.[18]

Na afloop van die Sekhukhune-oorloë (1876–7 en 1878–9) het 'n groot aantal van Johannes Dinkwanyane se volgelinge, wat Bothšabêlo in 1873 verlaat het, en na sy dood geweier het om na Bothšabêlo terug te keer, hulle in Sekhukhuneland gaan vestig.

13. J. M. Sales: *The Planting of the Churches in South Africa*, p. 140.
14. G. B. A. Gerdener: *Recent Developments in the South African Mission Field*, p. 191.
15. Kyk P. Hinchliff: *Die Kerk in Suid-Afrika*, p. 128; G. B. M. Sundkler: *Bantu Prophets in South Africa*, pp. 13–18; D. L. Makhathini: Our Relationship to the Separatist Churches of the Ethiopian Type (Our Approach to the Independent Church Movement in South Africa, Lectures of the first Missiological Course of the Missiological Institute at Lutheran Theological College, Mapumulo 30 Sept. – 6 Oct. 1965, p. 2, Lesing 13); R. H. W. Sheperd: *Lovedale, South Africa, 1824–1955*, pp. 59–60.
16. *Berliner Missionsberichte, 1913*, p. 68.
17. S.N. 9: S.R. 303/83, C. T. Nauhaus – A. Erasmus, d.d. Bothšabêlo, 1.10.1883 en 16.8.1883.
18. *Berliner Missionsberichte, 1880*, p. 427.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Baie van hierdie volgelinge het hulle nie slegs afsydig van die B.S.G. gehou nie, maar het openlik gepoog om die werksaamhede van die B.S.G. in Sekhukhuneland in die wiele te ry. In 1885 het 'n volgeling van Dinkwanyane selfs gepoog om die Bapedi-opperhoof, Kgolokoe (Geluk), te oorreed om aan Dinkwanyane se volgelinge toestemming te gee om onafhanklik van enige sendinggenootskap sendingwerk in sy hoofstat te mag doen. Kgolokoe het egter aan Kadach en Winter die versekering gegee dat hy nie aan hierdie versoek sou voldoen nie.[19] Die blote feit egter dat die volgelinge van Dinkwanyane met sulke gedagtes rondgegaan het, is genoegsame bewys dat daar reeds verdeeldheid onder die Pedi-Christene bestaan het en dat daar hoegenaamd geen eensgesindheid onder hulle was nie.

Die verdeeldheid is verder in die hand gewerk deur die toetrede van ander sendinggenootskappe tot Sekhukhuneland gedurende die laaste helfte van die sewentigerjare van die vorige eeu. Die belangrikste ander sendinggenootskap wat vanaf 1881 toegang tot Sekhukhuneland gesoek het, was die Weslane. In 1881 het eerw. Owen Watkins hom as superintendent van die Wesleyaanse Sending in Pretoria gevestig, en twee jaar later het hy 'n program uitgewerk wat onder andere daarop gemik was om met behulp van Bantoelekepredikers, hulpsendelinge en geordende predikante 'n vastrapplek in Sekhukhuneland te verkry.[20] Een van die Bantoelekepredikers met wie die Weslane kontak gehad het, was 'n sekere Lot of Loto wat homself by die onderhoof Marišhane, in die nabyheid van die Berlynse stasie Lobethal, gevestig het.[21] Ofskoon Lot die indruk probeer skep het dat hy onafhanklik van enige Genootskap sendingwerk gedoen het, het dit nogtans al gou geblyk dat hy wel kontak met die Weslane gehad het. In 1882 het 'n Wesleyaanse sendeling Winter meegedeel dat dit sý voorneme was om die volgelinge van Lot en Johannes Dinkwanyane by die Weslane in te lyf.[22]

Pogings van die B.S.G. om die optrede van Lot en die Weslane in Sekhukhuneland aan bande te lê, het hoegenaamd geen vrugte afgewerp nie,[23] aangesien Lot volgehou het om, strydig met die B.S.G., te verkondig dat die Bapedistamgebruike soos byvoorbeeld die aankoop van vroue, poligamie, en so meer wel met die Christelike godsdiens versoen kon word.[24] Aangesien die Weslane Lot hierin oënskynlik nooit teengegaan het nie, is die indruk onder die Pedi-Christene gewek dat die Bantoes, net soos die blankes, in staat was om hulle eie kerklike sake te behartig. Alhoewel Lot Marišhane in 1887 verlaat het,[25] het dit nog geensins die verdeeldheid onder die Pedi-Christene uit die weg geruim nie.

Die godsdienstige verwarring wat die optrede van Dinkwanyane se volgelinge en Lot se optrede in die gemoed van sekere Bantoe-evangeliste van die B.S.G., asook die Bantoepredikant, Martinus Sewušhane, gelaat het, was tot 1889 baie beslis nog sluimerend, en aanvanklik het dit voorgekom asof hierdie onsekerheid geen invloed op die sendingwerk van die B.S.G. sou hê nie. Presies die teenoorgestelde was egter die geval, aangesien 'n gebeurtenis wat in 1889 plaasgevind het hierdie sluimerende onsekerheid in 'n openlike opstand teen die B.S.G. laat uitbars het.

'n Maand nadat Martinus Sewušhane in Maart 1885 tydens die gesamentlike sinode op Modimulle deur Wangemann georden is, moes eerw. Kadach, wat sedert 1884 op Lobethal was, die stasie verlaat om eerw. Posselt se stasie Kchalatlolu oor te neem. Gevolglik moes Martinus die sendingwerk op Lobethal alleen behartig.[26] In Mei 1885 het die Naturelle-lokasiekommissie 'n lokasie vir die Bapedi opgemeet en daarvolgens

19. *Berliner Missionsberichte, 1886*, p. 149.
20. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 288; P. Hinchliff: *Die Kerk in Suid-Afrika*, pp. 108–9.
21. *Berliner Missionsberichte, 1885*, p. 357.
22. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 228.
23. P. Hinchliff: *Die Kerk in Suid-Afrika*, p. 109.
24. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 288.
25. *Berliner Missionsberichte, 1888*, p. 410.
26. *Berliner Missionsberichte, 1885*, p. 366.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sou die plaas Schoonoord, waarop Kchalatlolu aangelê was, binne die lokasie val.[27] As gevolg hiervan het superintendent Nauhaus die Regering versoek om 'n ander plaas aan die B.S.G. te skenk, sodat die stasie Kchalatlolu daarheen verskuif kon word en dus eiendom van die Genootskap bly.[28]

Voordat die Regering op Nauhaus se versoek kon reageer, het 'n sekere William Fraser aangevoer dat die plaas Schoonoord sy eiendom was, en dat Kchalatlolu onwettig op dié plaas aangelê was. Volgens Fraser was Schoonoord reeds in 1871 aan hom toegeken en gevolglik het hy 'n huur van £150 per jaar geëis vir 'n tydperk van 14 jaar, plus agt persent rente per jaar, asook 'n verdere £50 vir die huur van die geboue, plus agt persent rente per jaar.[29] Fraser het dus 'n totale bedrag van bykans £5 000 van die B.S.G. geëis. Nauhaus het egter Fraser se eis verwerp en aangevoer dat Kchalatlolu op die plaas Avontuur geleë was en nie op Schoonoord nie.[30]

Fraser het egter volgehou dat die sendingstasie wel op sy plaas geleë was en ten einde helderheid oor die hele aangeleentheid te kry, is daar aan die begin van November 1885 'n bakenkommissie laat kom om die plaas Schoonoord se bakens aan te dui. Die kommissie het bevind dat Kchalatlolu wel op Fraser se plaas Schoonoord geleë was, maar dat die plaas deur die Superintendent van Naturelle as 'n deel van die beoogde lokasie vir Kgolokoe, die Bapedi-opperhoof, uitgehou was. Die kommissie moes egter toegee dat hulle opmeting nie heeltemal korrek was nie, aangesien hulle as gevolg van die groot hoeveelheid magneetvelde in die gebied nie van 'n kompas gebruik kon maak nie.[31] Fraser het uiteraard met die bevinding van die bakenkommissie 'n sterk troefkaart in die hand gehad op grond waarvan hy die B.S.G. met regstappe gedreig het, indien hulle nie onmiddellik aan sy eise sou voldoen nie.[32] Volgens Nauhaus was Kchalatlolu nie op die plaas geleë nie en het hy ook aan regstappe teen Fraser begin dink.

Nauhaus het sy toevlug tot die Regering geneem en hulle ernstig versoek om die hele aangeleentheid te laat ondersoek ten einde tot 'n finale beslissing te kan kom.[33] Die saak het dwarsdeur die jaar 1886 tussen die B.S.G. en Fraser voortgegaan, en daar is oor en weer aanspraak gemaak op die besitreg van die plase Schoonoord en Avontuur. In September van daardie jaar het die B.S.G. se prokureurs bevind dat Avontuur beslis die plaas was wat aan die Regering behoort het en waarop Kchalatlolu in 1861 deur eerw. Nachtigal aangelê is. Terselfdertyd het die prokureurs ook bevestig dat die plaas Avontuur reeds in 1870 in die naam van eerw. W. Moschütz ten behoewe van die B.S.G. geregistreer is.[34]

Aan die einde van 1886, met die saak nog steeds onopgelos, het Fraser se geduld begin opraak en het hy aan Kadach 'n maand tyd gegee om Kchalatlolu te verlaat. Indien daar nie gehoor gegee word nie het hy gesê dat hy verplig sou wees om die hulp van die gereg in te roep ten einde Kadach van die stasie te verwyder.[35] Aangesien die B.S.G. egter nog steeds op hul plaas aanspraak gemaak het, het Fraser in 1888 besluit om die aangeleentheid na die hooggeregshof te neem vir 'n finale uitspraak. Die hof het

27. T.A.: L.A. 13, VI, 1908, Transvaal Original annexures to the Votes and Proceedings of the Legislative Assembly, No. 198: Verslag van die Naturellelokasiekommissie van 1905–1907, Verslag oor die lokasies van Malakutu, Marišhane en Mapholo; D. R. Hunt: *Bapedi*, p. 305.
28. S.S. 1087: R3672/85, C. Schultz – Eduard Bok, d.d. Lydenburg, 21.7.1885.
29. S.S. 1165: R510/86, W. Fraser – C. Kadach, d.d. Lydenburg, 8.8.1885.
30. S.S. 1165: R510/86, C. T. Nauhaus – W. Fraser, ongedat.
31. S.S. 1165: R510/86, Verslag van die Bakenkommissie bestaande uit D. J. Schoeman, H. Steenkamp en J. C. Jankowitz, ongedat; Kyk ook S.S. 1165: R510/86, W. Fraser – C. T. Nauhaus, d.d. 12.11.1885.
32. S.S. 1165: R510/86, W. Fraser – C. T. Nauhaus, d.d. 12.11.1885.
33. S.S. 1165: R510/86, C. T. Nauhaus – E. Bok, d.d. Bothšabêlo, 27.1.1886.
34. S.S. 1165: R510/86, Prokureurs Cooper en Marais – C. T. Nauhaus, d.d. Pretoria, 11.9.1886; Kyk ook B.A.: Komitee van die B.S.G. – C. T. Nauhaus, Betreffend die Besitztitel von Transvaal Süd, datum onleesbaar, vermoedelik Berlyn, 16.12.1886.
35. *Berliner Missionsberichte, 1887*, p. 408.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bevind dat die oorspronklike afbakening van die plase Avontuur en Schoonoord foutief was en dat Kchalatlolu wel op die plaas Schoonoord geleë was en dat dit die wettige eiendom van Fraser was. Die hof het ook gelas dat eerw. Kadach Kchalatlolu moes ontruim.[36] Ofskoon die Regering, nog voordat die hofsaak plaasgevind het, besluit het dat indien Fraser die saak sou wen die plaas Schoonoord in elk geval as lokasiegebied onteien sou word,[37] was die hofsaak nogtans 'n sege vir Fraser en het hy dadelik daartoe oorgegaan om sy besitreg oor die plaas te handhaaf.

Die B.S.G. was nou verplig om òf die plaas te verlaat òf om 'n huurooreenkoms met Fraser aan te gaan. Nauhaus was van mening dat aangesien die B.S.G. hom reeds so diep op Kchalatlolu ingegrawe het dit die moeite werd sou wees om 'n ooreenkoms met Fraser aan te gaan wat hulle in staat sou stel om die sendingwerk daar voort te sit. Gevolglik het Nauhaus die Regering versoek om op grond van die feit dat Schoonoord as lokasiegebied onteien sou word, aan die B.S.G. toestemming te verleen om hul sendingwerk intussen daar te mag voortsit. Die Regering het toegestem en het Fraser versoek om Kadach ongehinderd daar te laat bly.[38]

Nauhaus het dit blykbaar aan die Regering oorgelaat om Fraser van die besluit te verwittig, waarop Fraser vir Nauhaus daarvan beskuldig dat hy hom by die Regering verkla het. Fraser wou dus meer as ooit tevore sy besitreg oor sy eiendom handhaaf. Hy sou voortaan £240 huurgeld per jaar van die B.S.G. eis en van die Bantoebewoners op Kchalatlolu het hy £4 per persoon per jaar huurgeld gevorder.[39] Hierdie optrede van Fraser het groot ontevredenheid by sowel die B.S.G. as die Bantoe-inwoners tot gevolg gehad. Kgolokoe en sy onderdane het botweg geweier om die £4 huurgeld te betaal, waarop die Superintendent van Naturelle vir Abel Erasmus, die Naturellekommissaris in Kgolokoe se gebied, versoek het om die Bantoes mee te deel dat Fraser wel die reg gehad het om huurgeld te eis tot tyd en wyl die plaas as lokasie geregistreer was.[40] Ook die B.S.G. was verplig om £20 huurgeld per maand aan Fraser te betaal – 'n betaling wat hulle diep gegrief het, "because it is hard for a Mission Society to pay such a rent for a place which owes its present state only to Mission work".[41] Die B.S.G. het egter nie hulle weg oopgesien om die huurgeld aan Fraser te betaal tot tyd en wyl Schoonoord as lokasiegebied geregistreer was nie, en in Maart 1889 het Nauhaus Kadach opdrag gegee om die stasie Kchalatlolu te verlaat en na Lobethal, waar Martinus Sewušhane werksaam was, terug te keer.

Om te voorkom dat die sendingwerk op Kchalatlolu heeltemal tot niet gaan, het Nauhaus, met die goedkeuring van die sinode van Mei 1889, aan Martinus opdrag gegee om hom in die nabyheid van Kchalatlolu te gaan vestig en van daar die sendingwerk voort te sit.[42] Martinus het hom egter onmiddellik teen sy verplasing verset en dit terselfdertyd beskou as 'n openlike mosie van wantroue in sy versorging van die gemeente op Lobethal. Gevolglik het hy in sy preke sterk teen sy verplasing beswaar gemaak en dit wou selfs voorkom asof hy sy bande met die B.S.G. wou verbreek. Winter, wat in daardie stadium oënskynlik nog lojaal teenoor sy Genootskap was, het Martinus egter oorreed om die verplasing te aanvaar.[43] Aangesien Winter se sending-

36. B.A.: C. T. Nauhaus – Regering van die Z.A.R., d.d. Bothšabêlo, 14.11.1888.
37. S.S. 2022: R10597/88, C. T. Nauhaus – Regering van die Z.A.R. d.d. Bothšabêlo, 14.11.1888, kyk opmerking van W. J. Leyds gevoeg by hierdie brief.
38. S.S. 2022: R230/89, C. T. Nauhaus – Regering van die Z.A.R. d.d. Bothšabêlo, 4.1.1889; B.A. C. T. Nauhaus – Regering van die Z.A.R. ongedat.
39. B.A.: C. T. Nauhaus – Regering van die Z.A.R. ongedat; S.S. 1165: R636/86, A. Erasmus – P. J. Joubert, d.d. Lydenburg, 26.1.1889; S.S. 2333: S.R. 250/90 gevoeg by R6274/90, C. T. Nauhaus – Regering van die Z.A.R. d.d. Pretoria, 18.4.1890.
40. S.S. 1165: R636/86, A. Erasmus – P. J. Joubert, d.d. Lydenburg, 26.1.1889, kyk Joubert se opmerking.
41. B.A.: C. T. Nauhaus – W. Fraser d.d. Bothšabêlo, 25.1.1889.
42. S.S. 2333: S.R. 250/90 gevoeg by R6274/90, C. T. Nauhaus – Regering van die Z.A.R., d.d. Bothšabêlo, 18.4.1890; *Berliner Missionsberichte, 1890*, p. 320.
43. *Berliner Missionsberichte, 1890*, p. 321.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

stasie Thaba Mossegu en Kchalatlolu betreklik naby mekaar geleë was, het Winter en Sewušhane gereeld in voeling met mekaar gebly.[44]

Aangesien die plaas Schoonoord in 1890 'n deel van Kgolokoe se lokasie geword het, en die geleentheid om die sendingwerk op Kchalatlolu te hervat ontstaan het, wou die B.S.G. weer eens 'n blanke sendeling daarheen stuur. Nauhaus was van voorneme om eerw. Gustav Eiselen na Kchalatlolu te stuur. Dit sou meebring dat Martinus vir 'n tweede keer sou verplaas moes word. Martinus het egter hierteen in opstand gekom en besluit om sy bande met die B.S.G. te verbreek. Omdat hy afskeiding van die B.S.G. onder die Pedi-Christene gepropageer het, was Nauhaus in 1890 verplig om Martinus en nog vyf Pedi-evangeliste uit die diens van die B.S.G. te ontslaan.[45] Daarna het dit vir die eerste keer vir die B.S.G. duidelik geword dat eerw. Winter 'n groot aandeel gehad het in Martinus se besluit om afskeiding te propageer. Trouens, Winter en Abel Erasmus het albei 'n aandeel in Martinus se besluit gehad. Hoewel Erasmus se aandeel ongetwyfeld deur Winter se optrede beïnvloed was, het hy nietemin geen poging aangewend om die skeuring te verhinder nie.

Johannes Winter, die seun van die Berlynse sendeling eerw. A. W. Winter, van die sendingstasie Bethanie in die O.V.S., was een van die eerste Berlynse sendelinge wat in Suid-Afrika gebore is en tot die diens van die B.S.G. toegetree het.[46] Winter het egter nie die gewone sendingopleiding ontvang nie, maar is as Teoloog opgelei, met die gevolg dat hy tot aan die einde van die negentiende eeu die enigste opgeleide Teoloog in diens van die B.S.G. was wat sendingwerk gedoen het. Voordat Winter sy sendingloopbaan in 1872 op Bothšabêlo begin het, het hy met Elizabeth, die dogter van direkteur Wangemann, in die huwelik getree.[47] Soos aangetoon, het Winter die stasie Thaba Mossegu in 1880 aangelê en die werk daar het so goed gevorder dat daar in 1881 reeds 180 persone gedoop is.[48]

Dat Winter die "probleemkind" van die Komitee in Duitsland was, is hoegenaamd nie te betwyfel nie. Die Komitee het sedert 1882 telkens oor Winter se gedrag gekla[49] en verder het daar nooit 'n goeie verhouding tussen Winter en Merensky bestaan nie, soos blyk uit die feit dat Winter, aldus Nachtigal, verheug was om Bothšabêlo in 1880 te kon verlaat en dat hy oor sy verblyf op Thaba Mossegu opgemerk het "dat daar hier 'n ander lug waai".[50] Uit omstandigheidsgetuienis wil dit verder voorkom asof Winter beslis 'n taamlike eiewyse en onafhanklike persoonlikheid was.[51]

Sedert die stigting van Thaba Mossegu het Winter hom die lotgevalle van die Bapedi baie sterk aangetrek. Hy het hulle taal en gewoontes baie goed geken en sy kennis van Sepedi was so goed dat Erasmus dikwels van Winter se dienste as tolk gebruik gemaak het.[52] Winter het op 'n baie goeie voet met die Bapedi-opperhoof Kgolokoe verkeer. Nadat Kgolokoe in 1883 opperhoof geword het, het Winter hom besoek en op eg Pediwyse die nuwe opperhoof "gelukgewens met sy dapperheid en oorwinning oor Mampuru".[53] Tydens kraalbesoeke was Winter ook baie vriendelik deur die onderhoofde ontvang en by feitlik elke Bapedistat in sy sendinggebied is daar 'n spesiale hut aan hom toegesê.[54] Die hartlike en goeie samewerking tussen Winter en die Bapedi het geen

44. Die sendingstasies Kchalatlolu en Thaba Mossegu was in Kgolokoe se lokasie geleë terwyl Arkona en Lobethal in Pokwani se lokasie was. Die twee lokasies word deur die Loluberge van mekaar geskei, kyk D. R. Hunt: *The Bapedi*, pp. 324–5.
45. S.S. 2333: S.R. 537/91 gevoeg by R6274/90, J. A. Winter – P. J. Joubert, d.d. Thaba Mossegu, 2.5.1891.
46. W. Arndt: *Berliner Missionare*, pp. 2 en 5; G. Sauberzweig-Schmidt: *Die Festwoche zu Waterberg – Modimulle*, p. 4.
47. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 205.
48. A. Nachtigal: Tagebuch II, p. 478.
49. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 267, voetnoot.
50. A. Nachtigal: Tagebuch II, p. 478.
51. D. R. Hunt: *The Bapedi*, p. 318.
52. D. R. Hunt: *The Bapedi*, p. 318.
53. *Berliner Missionsberichte, 1885*, p. 353.
54. *Berliner Missionsberichte, 1886*, p. 173.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

paal of perk geken nie, daar Winter al hoe meer die gebruike van die Bapedi eerbiedig het en selfs gepoog het om dit met die Christelike leer te versoen. Kgolokoe het baie van een van Winter se minderjarige dogters gehou sodat die dogter selfs by tye alleen by Kgolokoe gaan besoek aflê het.[55] So ligsinnig het Winter geword dat hy selfs die dogter aan Kgolokoe as toekomstige vrou beloof het, maar gelukkig is Kgolokoe oorlede voordat Winter sy belofte gestand moes doen.[56]

Die groot invloed wat Winter op sowel die Christene as die heidene in Sekhukhuneland gehad het, kan die beste gesien word in sy verhouding met Martinus Sewušhane en die opperhoof Kgolokoe. In 1889 oorreed Winter vir Martinus om hom te onderwerp aan die sinodale besluit om hom op Kchalatlolu te gaan vestig.[57] 'n Jaar later slaag hy weer daarin om Kgolokoe oor te haal om die Regering te versoek om nie aan 'n ander blanke sendeling van die B.S.G. toestemming te verleen om in sy gebied sendingwerk te doen nie.[58]

Gesien in die lig van die voorafgaande, asook die besondere invloed wat Winter op Martinus gehad het, is dit byna voor die hand liggend dat Martinus, toe hy vir 'n tweede keer verplaas is, sy ontevredenheid eerstens teenoor Winter gaan lug het. Winter se reaksie op Martinus se ontevredenheid met die B.S.G. en sy voorneme om sy bande met die B.S.G. te verbreek, kan tereg beskou word as die "leitmotif" van die Bapedi-afskeiding. Nadat Kchalatlolu in 1890 finaal by Kgolokoe se lokasie ingelyf is, wou die B.S.G. weer eens 'n blanke sendeling na Kchalatlolu stuur wat, soos aangetoon, beteken het dat Martinus verplaas sou word. Martinus het beswaar aangeteken teen hierdie tweede verplasing en die B.S.G. daarvan beskuldig dat hy soos 'n hond behandel is.[59] Gerugsteun deur Winter wat openlik vir Martinus in die bresse getree het, het Martinus sy mede Pedi-evangeliste in Kgolokoe se lokasie oorreed om ook hulle bande met die B.S.G. te verbreek.[60] Martinus en Winter het die stigting van 'n eie onafhanklike Bapedi-kerk begin propageer en gevolglik was die Suid-Transvaalse sinode in 1890 verplig om Martinus en nog vyf Pedi-evangeliste uit die diens van die B.S.G. te ontslaan.

Die Komitee in Duitsland het alles in sy vermoë gedoen om Winter te oorreed om nie die voorgenome afskeiding te steun nie en het voorgestel dat hy onverwyld na Duitsland moes terugkeer. Winter was egter nie bereid om die voorstel van die Komitee te oorweeg nie, aangesien hy reeds self in terme van 'n onafhanklike Bapedi-kerk begin dink het. Gevolglik was alle pogings van die Komitee tevergeefs.[61] Winter het aan die Komitee laat weet dat enige sendinggenootskap op een of ander tydstip selfstandigheid aan sy gemeentes moes gee en dat indien 'n sendinggenootskap dit nie doen nie, hulle nie die naam sendinggenootskap waardig was nie.[62]

Indien die Komitee Winter kon oorreed om nie sy steun aan die afskeiding te gee nie en om na Duitsland terug te keer, kon dit moontlik die skeuring beperk het, maar wat die Komitee nie besef het nie was dat Winter in daardie stadium 'n sterk posisie beklee het, nie net onder die Bapedi nie, maar ook by Abel Erasmus en dat ten spyte van die feit dat Erasmus geen beswaar daarteen gehad het dat die B.S.G. 'n ander sendeling na Kgolokoe se lokasie stuur nie,[63] hy nietemin op versoek van Kgolokoe, gerugsteun deur Winter en Martinus, die Regering dringend versoek het om in te gryp om

55. *Berliner Missionsberichte, 1889*, p. 396.
56. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 268.
57. *Berliner Missionsberichte, 1890*, p. 321.
58. S.S. 2333: S.R. 83/91, gevoeg by R6274/90, Kgolokoe – J. A. Erasmus, d.d. Kgolokoe se stat, 10.1.1891.
59. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 305.
60. S.S. 2333: S.R. 537/91 gevoeg by R6274/90, J. A. Winter – P. J. Joubert, d.d. Thaba Mossegu, 2.5.1891.
61. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 268.
62. S.S. 2333: S.R. 537/91 gevoeg by R6274/90, J. A. Winter – P. J. Joubert, d.d. Thaba Mossegu, 2.5.1891.
63. S.S. 2333: S.R. 250/90 gevoeg by R6274/90, C. T. Nauhaus – Regering van die Z.A.R. d.d. Bothšabêlo, 18.4.1890.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sodoende te voorkom dat Martinus Kchalatlolu verlaat. Hy het hom dus ten volle met Kgolokoe se wens vereenselwig.[64] Erasmus het die houding wat hy teenoor die B.S.G. ingeneem het, gebaseer op die feit dat Kgolokoe baie tevrede was met die wyse waarop Martinus sy sendingwerk te Kchalatlolu verrig het, en dat Martinus se verplasing onnodige onrus onder Kgolokoe se hoofraadgewer, Salomo Motlane, wat self geen Christen was nie vir Martinus en Winter aangehits het om hulle invloed by Kgolokoe te laat geld. Kgolokoe wat eweseer geen Christen was nie se besorgdheid oor die verkondiging van die evangelie staan gevolglik sterk onder verdenking en terselfdertyd moet bygevoeg word dat Motlane reeds ten tye van die Dinkwanyane-afskeiding "de ziel der verzetting tegen geestelijke en wereldlijke overheid" was.[65]

Dit wil dus voorkom asof Erasmus hom deur Winter en Kgolokoe op sleeptou laat neem het. Dit kan Erasmus nouliks verkwalik word, aangesien hy immers uit die aard van sy amp as Naturellekommissaris alle beskikbare inligting oor gebeure van die gebied waarvoor hy verantwoordelik was in ag moes neem.

(*b*) *Die Afskeiding en sy Gevolge*

Die breuk tussen die B.S.G. aan die een kant en Martinus, Winter en hul volgelinge aan die ander kant het teen die einde van 1890 die laaste fase betree: 'n fase wat enige poging tot versoening tussen die twee partye feitlik onmoontlik gemaak het. Winter, nog in die diens van die B.S.G., het sonder enige opdrag van die Komitee die vyf Pedi-evangeliste, wat hulle aan die kant van Martinus geskaar het, georden en gevolglik was die Komitee verplig om Winter summier te ontslaan.[66] Afskeiding het hiermee 'n voldonge feit geword en sowat 500 van die 1 500 Bapedi-Christene in Sekhukhuneland het hulle aan die kant van Winter en Martinus geskaar[67] en op die stasies Kchalatlolu en Thaba Mossegu 'n tuiste gevind.

As gevolg van hierdie gebeure was die Komitee in Duitsland voor 'n *fait accompli* geplaas en al wat hulle nog in daardie stadium kon doen, was om te probeer voorkom dat die afskeiding momentum kry en na die twee ander sendingstasies, Arkona en Lobethal, van die Genootskap in Sekhukhuneland versprei. Hierop het die Komitee superintendent Heinrich Grützner van die Oranje-sinode en voormalige baanbreker-sendeling in Transvaal opdrag gegee om met die afgeskeidenes te onderhandel in 'n poging om hul invloed aan bande te lê.[68] 'n Versoening was buite die kwessie en al wat Grützner in werklikheid bereik het, was dat Martinus en sy volgelinge onderneem het om hul aktiwiteite tot die Bapedi te beperk.[69]

Aan die begin van 1891 het die Bapedi-Christene wat van die B.S.G. weggebreek het die Bapedi-Lutherse Kerk tot stand gebring, maar omdat hulle gevoel het dat hulle nog nie heeltemal selfstandig kon wees nie het hulle Winter tot hoof van hul kerk benoem. Die kerk het dadelik probeer om erkenning van die Regering te verkry en het verduidelik dat hulle van die B.S.G. weggebreek het omdat hulle nie langer onder die gesag van 'n superintendent wou staan nie, dat hulle nie langer die ondraaglike strenge tug wat die B.S.G. beoefen het, kon verdra nie en ten slotte dat Berlyn te ver weg was om die probleme waarmee hulle te kampe gehad het die hoof te kan bied.[70] Hierby het Winter nog 'n vierde rede vir die afskeiding gevoeg, naamlik die vrees dat Duitsland in

64. S.S. 2333: S.R. 220/90 gevoeg by R6274/90, J. A. Erasmus – P. J. Joubert, d.d. Lydenburg, 14.3.1890.
65. S.S. 2333: R12941/91 gevoeg by R6274/90, Komitee van die B.S.G. – Regering van die Z.A.R., d.d. Berlyn, 21.9.1891; *Berliner Missionsberichte, 1880*, p. 119.
66. Kyk S.S. 2574: R14619/90, Komitee van die B.S.G. – Uitv. Raad van die Z.A.R. d.d. Berlyn, 2.9.1890; S.S. 2333: R12941/90 gevoeg by R6274/90, Komitee van die B.S.G. – Regering van die Z.A.R. d.d. Berlyn, 21.9.1891; J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 267.
67. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 267; E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 305.
68. S.S. 2333: S.R. 537/91 gevoeg by R6274/90. J. A. Winter – P. J. Joubert d.d. Thaba Mossegu, 2.5.1891.
69. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 267.
70. S.S. 2333: S.R. 83/91, gevoeg by R6274/90, Job Pududo, Martinus Sewušhane en ses ander – P. J. Joubert d.d. 5.1.1891.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n oorlog betrokke kon raak wat tot gevolg sou hê dat alle geldelike steun van die Komitee beëindig kon word en dat die evangelieverkondiging in Transvaal daardeur in gedrang kon kom. Om so 'n toedrag van sake te voorkom was onafhanklikheid van die Komitee, volgens Winter, die enigste uitweg.[71]

Hierdie versoek tot amptelike erkenning wat die Bantoeleraars van die Bapedi-Lutherse Kerk aan die Regering gestuur het, is eers aan die Naturellekommissaris vir sy goedkeuring voorgelê. Erasmus het 'n brief aan die Superintendent van Naturelle gerig wat ter ondersteuning van die Bantoeleraars se versoek moes dien en waarin hy verklaar het, "dat ik volkomen overeenstemde met het verzoek der leeraars en ouderlingen".[72]

Om nog meer gewig aan hulle versoek te verleen, het die ses Bantoeleraars van die Bapedi-Lutherse Kerk gedurende Mei 1891 'n persoonlike onderhoud met Piet Joubert, die Superintendent van Naturelle in Pretoria, gevoer. Die Superintendent het weliswaar die breuk met die B.S.G. betreur, maar het bygevoeg dat solank as wat die Bantoeleraars van die Bapedi-Lutherse Kerk die wette van die land eerbiedig die Regering die stigting van 'n selfstandige Bapedi-Kerk in geen opsig aan bande sou lê nie en dat die Regering hierdie kerk onder sy beskerming sou neem.[73] In Oktober 1891 het die Regering amptelik aan Martinus Sewušhane berig dat hulle bereid was om "uw Kerkgenootschap onder hare hooge bescherming te nemen, opdat uwe Kerk, zoolang zij in de uitoefening harer Godsdienst de Wetten des lands eerbiedigt, door niemand gehindert of tegengewerkt worden".[74]

Die Komitee van die B.S.G. het hierdie optrede van die Regering diep betreur en het dit beskou as inmenging in hulle godsdienstige sake.[75] Die Komitee het dit verder ook betreur dat die Regering toegegee het aan Kgolokoe se versoek om nie 'n blanke sendeling toe te laat om op Kchalatlolu sendingwerk te doen nie. Deur aan opperhoofde die reg te gee om na eie goeddunke leraars in hulle gebiede aan te stel, was volgens die Komitee die ondermyning van die grondbeginsels van orde en gehoorsaamheid. Verder het die Komitee die Regering versoek om hom toe te laat om weer 'n sendeling na Kgolokoe se lokasie te stuur.[76]

Sover vasgestel kon word, het die Regering nie hierdie brief van die Komitee beantwoord nie, maar die Naturellekommissaris het wel 'n verslag wat op die inhoud van die Komitee se brief gebaseer was, opgestel. In sy verslag het Erasmus die aantygings van die Komitee dat die afskeiding en stigting van die Bapedi-Lutherse Kerk tot 'n ondermyning van orde en gehoorsaamheid sou aanleiding gee, weerlê. Volgens Erasmus sou die B.S.G. sy werksaamhede by Kgolokoe te eniger tyd kon hervat, indien hulle dit wou doen, maar dat Kgolokoe nie daarmee geneë sou wees nie. Gevolglik het hy aanbeveel dat die wens van Kgolokoe in hierdie verband eerbiedig moes word, aangesien die stasie Kchalatlolu per slot van sake in sy lokasie geleë was.[77] Die B.S.G. het onder hierdie omstandighede nie hul weg oop gesien om die sendingwerk op Kchalatlolu te hervat nie, en eerw. Eiselen is na Arkona gestuur.[78] 'n Poging van die Komitee om hul aanspraak op Thaba Mossegu deur die Regering erken te kry op grond van die feit dat sir Garnet Wolseley in 1879 6 000 akker grond in Sekhukhune-

71. S.S. 2333: S.R. 537/91 gevoeg by R6274/90, J. A. Winter – P. J. Joubert d.d. Thaba Mossegu, 2.5.1891.
72. S.S. 2333: S.R. 536/91 gevoeg by R6274/90, J. A. Erasmus – P. J. Joubert d.d. Lydenburg, 20.4.1891.
73. S.S. 2333: S.R. 547/91 gevoeg by R6274/90, Onderhoud tussen P. J. Joubert en die predikante van die Bapedi-Lutherse Kerk d.d. 20.5.1891.
74. B.A.: J. A. Erasmus – Martinus Sewušhane, d.d. Lydenburg, 24.10.1891.
75. S.S. 2333: R. 6242/90, Kyk opsomming van die hele aangeleentheid deur dr. W. J. Leyds, d.d. 22.11.1893.
76. S.S. 2333: R12941/91 gevoeg by R6274/90, Komitee van die B.S.G. – Regering van die Z.A.R. d.d. Berlyn, 21.9.1891.
77. S.S. 2333: R6274/90, J. A. Erasmus – P. J. Joubert, d.d. Lydenburg, 25.11.1891.
78. S.S. 2333: R6274/90, J. A. Erasmus – P. J. Joubert d.d. Lydenburg, 14.3.1890, *Berliner Missionsberichte, 1913*, p. 71.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

land aan die B.S.G. geskenk het, het ook misluk[79] en die Komitee was verplig om Thaba Mossegu aan Winter en die Bapedi-Lutherse Kerk af te staan.

In die eerste plek moet dit onomwonde gestel word dat die Bapedi afskeiding nie gesien moet word as 'n afskeiding wat primêr daarop gemik was om die gesag van die B.S.G. af te gooi nie. Dit was veel eerder 'n afskeiding wat wesenlik anti-blank gerig was en deel gevorm het van 'n groter beweging. Die idee het onder talle Bantoe-Christene posgevat dat die sendinggenootskappe te veel mag uit die hande van 'n bepaalde opperhoof en die stam geneem het.[80] Dit was dan ook inderdaad die primêre oorsaak vir die Bapedi-afskeiding, want wat die volgelinge van Martinus die meeste gegrief het, was die feit dat die B.S.G. deur sy tugmaatreëls die indruk by die Bapedi geskep het dat die Bapedi aan twee regerings, te wete die B.S.G. en die Z.A.R. gehoorsaamheid verskuldig was.[81] 'n Afskeiding en 'n strewe na onafhanklikheid t.o.v. kerklike sake kon volgens hulle die stam en die gesag van die opperhoof versterk, en juis om hierdie rede het so baie van die sogenaamde separatiste-kerke wat in die negentiende eeu onder die Bantoes posgevat het, gepoog om die Christendom met hul stamgebruike te versoen en om daaraan die karakter van 'n stamkerk te gee.[82] Die Bantoe wou dus geheel en al van die blanke sendelinge ontslae raak om sodoende hulle kerklike sake selfstandig te reël. In hierdie lig gesien, het die Bapedi Winter dus slegs gebruik om hul doel te bereik, waarna hulle hom as 'n indringer beskou en uiteindelik ontslaan het.[83]

Tweedens moet dit eweneens duidelik gestel word dat hoeseer die B.S.G. die afskeiding ook al betreur en probeer verhoed het, die Bapedi die volste reg gehad het om hulle van die B.S.G. af te skei en 'n eie kerk te stig. Die feit dat die Regering bereid was om die Bapedi-Lutherse Kerk te erken en te beskerm, lê hierdie idee myns insiens juis ten grondslag. Uit die onderhoud wat die Bantoeleraars van die Bapedi-Lutherse Kerk met die Superintendent van Naturelle gevoer het, blyk dit duidelik dat Joubert, net soos die B.S.G., die skeuring betreur het, maar tog aan die versoek voldoen het omdat "De hoogere kerk bestuur kan julle niet dwingen om onder hen te staan".[84]

Indien die Bapedi-Lutherse Kerk tot Sekhukhuneland beperk gebly het, sou die gevolge wat dit op die verdere werksaamhede van die B.S.G. gehad het moontlik nie so verreikend gewees het nie. Dit het egter nie tot die Bapedi beperk gebly nie en feitlik onmiddellik na die stigting van dié kerk het ontevrede elemente uit ander gemeentes van die B.S.G. 'n beroep op die Bapedi-Lutherse Kerk gedoen om aan hulle die doop en nagmaal te bedien.

Slegs tien dae nadat Joubert die Regering se beskerming aan die Bapedi-Kerk beloof het, het Martinus op uitnodiging van 'n sekere Elias Leballo van Neu-Halle daarheen vertrek om sy twee kinders te gaan doop aangesien eerw. Otto Kahl geweier het om Elias se kinders te doop op grond van die feit dat hy in 1886 laas sy kerkbydrae betaal het. Marthinus het aan die gemeente van Neu-Halle gesê dat sy kerk met die toestemming van die Regering rondgaan om persone te doop en die nagmaal te gebruik en het terselfdertyd die uitlating gemaak dat die tyd vir die Bantoes aangebreek het om die blanke sendelinge van hulle stasies te verdryf.

Binne enkele maande het die Bapedi-Lutherse Kerk 'n sterk gemeente op Nain, die

79. Kyk S.S. 2574: R14619/90, Komitee van die B.S.G. – Uitv. Raad van die Z.A.R. d.d. Berlyn, 2.9.1890.
80. J. M. Sales: *The Planting of the Churches in South Africa*, p. 139.
81. Kyk S.S. 2333: S.R. 536/91 gevoeg by R6274/90, J. A. Erasmus – P. J. Joubert d.d. Lydenburg, 20.4.1891.
82. Kyk I. Schapera: Cultural Changes in Tribal Life (I. Schapera (red.): *The Bantu-Speaking Tribes of South Africa*, p. 371).
83. P. Hinchliff: *Die Kerk in Suid-Afrika*, p. 128.
84. Kyk S.S. 2333: S.R. 547/91 gevoeg by R6274/90, Onderhoud tussen P. J. Joubert en predikante van die Bapedi-Lutherse Kerk d.d. 20.5.1891.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

buitepos van Neu-Halle, vergader van waar hulle hul vete teen die sendingstasies Neu-Halle en Wallmannsthal verder gevoer het. Kahl het alles moontlik gedoen om 'n skeuring in sy gemeente te voorkom en het die Bapedi-gemeente op Nain ernstig versoek om hul werk daar te staak totdat Kahl van die Regering kon verneem in hoeverre die Regering die Bapedi-Kerk se optrede op Nain goedgekeur het. Die antwoord wat Kahl van die gemeente te Nain ontvang het, som die hele gesindheid van die Bapedi-Kerk teenoor die B.S.G. treffend op: "we hebben ons den Satan tot leerar gekozen we zullen tot het avondmaal gaan".[85]

Indien die Regering aan Kahl se versoek sou voldoen, naamlik om die Bapedi-Kerk te belet om hul bedrywighede ook na ander gemeentes van die B.S.G. uit te brei, sou dit nie slegs die beskerming wat die Regering reeds aan die Bapedi-Kerk gegee het tot niet verklaar nie, maar sou dit ook die beginsel van godsdiensvryheid skend. Gevolglik het die Regering opdrag gegee dat eerw. Kahl in kennis gestel moes word dat die Regering dit nie kon belet wanneer gemeentelede vir hulle 'n ander leraar beroep nie.[86]

Uit die voorafgaande blyk dit in watter mate die Bapedi-Lutherse Kerk daarin geslaag het om die werk van die B.S.G. te rysmier. Deur hul optrede moes die B.S.G. 500 Bapedigemeentelede prysgee en nog veel meer gemeentelede op sy ander stasies in Transvaal, maar veral in die Suid-Transvaalse sinodale streek. Twee sendingstasies, naamlik Kchalatlolu en Thaba Mossegu, het deur die Bapedi-afskeiding in die slag gebly. 'n Bekwame sendeling, Winter, moes as gevolg van sy noue bemoeienis met die Bapedi-Kerk afgedank word en ses Bantoe-evangeliste se dienste het as gevolg daarvan vir die B.S.G. verlore gegaan. Die ontslag van Martinus Sewušhane het die aantal Bantoeleraars wat nog in diens van die B.S.G. was na slegs een laat daal. Die Bapedi-afskeiding het as 'n onherstelbare skok vir die bejaarde sendingdirekteur Wangemann gekom, des te meer omdat dit juis sy skoonseun was wat aan die hoof van die Bapedi-Kerk gestaan het.[87]

Die Bapedi-Kerk was egter self spoedig met hulle onafhanklikheid ontnugter. Waar die B.S.G. voorheen die Bantoe-evangeliste besoldig het, moes die Bapedi-Kerk dit voortaan self doen wat tot gevolg gehad het dat hulle evangeliste 'n karige salaris ontvang het. Waar hulle die B.S.G. voorheen van geldgierigheid beskuldig het, was hulle nou self in die posisie waar hulle geld moes insamel, want hulle moes erken dat daar sonder fondse min gedoen kon word. Ten slotte het die Bapedi-Lutherse Kerk juis as gevolg van sy streng nasionale karakter en diepe verbondenheid met die Bapedi later vir die Bapedi self 'n steen des aanstoots geword. In 1900 het Kgolokoe se opvolger, Sekhukhune II, die Engelse magte versoek om Winter uit sy gebied te verwyder omdat dié te veel met die Pedi se sake ingemeng het.[88] Daarna het die Bantoeleiers van die Bapedi-Kerk voortdurend onder mekaar getwis. Winter self is op 7 Maart 1921 as eensame en gebroke persoon oorlede.

4. Oorsig oor die Ontwikkeling en Uitbreiding van die Sendingstasies in Suid-Transvaal, 1878–1900.

(*a*) *Bothšabêlo en Lydenburg*

Aan die einde van die sewentigerjare van die vorige eeu is die geestelike lewe op die modelstasie Bothšabêlo deur 'n toenemende verslapping gekenmerk. Nauhaus wat die stasie in 1882 oorgeneem het, het alles in sy vermoë gedoen om hierdie geestelike agteruitgang teen te werk. In 'n poging om meer effektief kontrole oor die lewens van

85. S.S. 2333: S.R. 889/91 gevoeg by R6274/90, O. Kahl – P. J. Joubert d.d. Neu-Halle, 28.9.1891; S.S. 2333: S.R. 1070/91 gevoeg by R6274/90, O. Kahl – P. J. Joubert d.d. Neu-Halle, 28.9.1891.
86. S.S. 2333: R. 6274/90, Kyk opdrag van dr. W. J. Leyds – Superintendent van Naturelle d.d. 6.9.1891.
87. Kyk W. Gründler: *Hundert Jahre Berliner Mission*, p. 87.
88. D. R. Hunt: *The Bapedi*, p. 318.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Bantoe-inwoners op die stasie uit te oefen, het Nauhaus 'n regulasie opgestel wat elke inwoner wat elders wou gaan werk, verplig het om 'n pas van die sendeling te kry alvorens hy die stasie kon verlaat. Indien 'n persoon die stasie sonder 'n pas verlaat het, is hy nie toegelaat om weer na die stasie terug te keer nie. Aangesien baie inwoners hierdie regulasie beskou het as 'n poging van Nauhaus om hulle vryheid aan bande te lê en derhalwe juis as gevolg daarvan die stasie sonder 'n pas verlaat het, was Nauhaus verplig om die regulasie uiters oordeelkundig toe te pas.

'n Verdere regulasie wat eweneens tot veel ontevredenheid aanleiding gegee het, was die instelling van 'n verhoogde jaarlikse skoolfonds wat ongeveer 6d. per maand beloop het in Julie 1885. Ofskoon die inwoners twee jaar lank op hierdie heffing voorberei is, wou hulle dit nie aanvaar nie. Gevolglik het die skoolbesoek kort na die instelling van die heffing aansienlik afgeneem. Toe die heffing ingestel is, was daar 403 skoolkinders, waar daar teen November 1885 slegs 98 was.[89] Eers met verloop van tyd het die inwoners egter die heffing begin aanvaar, met die gevolg dat die skoolbesoek weer eens geleidelik toegeneem het.[90]

Ten spyte van die geestelike verslapping wat in die dekade 1880–90 op Bothšabêlo voortgeduur het, het die stasie se werksaamhede met verloop van tyd al wyer gespan totdat dit 'n groot aantal buiteposte ingesluit het. Onder die tweede geslag inwoners van Bothšabêlo was daar weliswaar ook bekwame en ywerige evangelie-arbeiders, en onder hulle staan die naam van Abraham Serote beslis uit. Sy vader was een van die vlugtelinge wat saam met Merensky in 1864 van Xa Ratau af gevlug het. Serote het op Bothšabelo opgegroei en is daar deur Merensky as evangelis opgelei. In 1903 het Merensky die voorreg gehad om Serote in Berlyn te orden.[91]

Die beginjare van die dekade 1890–1900 was gekenmerk deur aanhoudende droogtes en swak oeste wat die inwoners van Bothšabêlo in groot finansiële moeilikhede laat beland het.[92] Van 'n baie meer ernstige aard egter was die verset van die Bakopa-inwoners, onder hulle opperhoof Joshua Ramapudu, en hulle weiering om langer op Bothšabêlo te bly. Dat die Bapedi-afskeiding onder Martinus Sewušhane tot hierdie verset teen die gesag van die blanke sendelinge aanleiding gegee het, laat geen twyfel nie. Gevolglik het die Bakopa die wens uitgespreek dat hulle liewers onafhanklik van die sendingstasie wou wees en tot die Bapedi-Lutherse Kerk wou toetree.[93] Ramapudu het verder aangevoer dat die bevolking op Bothšabêlo so groot was dat daar nie genoeg bewerkbare grond vir almal was nie.[94]

Volgens 'n opname wat in 1910 oor die hoeveelheid landbougrond op die Berlynse sendingstasies gedoen is, was Ramapudu se argument beslis nie ongegrond nie, want alhoewel Bothšabêlo oor 15 000 morg (12 850 hektaar) grond beskik het, was die grootste gedeelte van hierdie grond in bergagtige gebied geleë en ongeskik vir landboudoeleindes.[95]

Ramapudu het die Regering in 1890 gevolglik versoek om hom toe te laat om na Rietkloof, die Bakopa se vroeëre woonplek en waar vroeër die sendingstasie Gerlachshoop was, te verhuis.[96] Die versoek is toegestaan op voorwaarde dat Rietkloof nie as lokasie verklaar word nie, aangesien die mineraleregte aan 'n mynmaatskappy

89. *Berliner Missionsberichte, 1886*, pp. 132–3.
90. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 226.
91. H. Petrich: *Alexander Merensky*, p. 194.
92. *Berliner Missionsberichte, 1895*, p. 286.
93. E.A.: *Stationschronik, Gerlachshoop*; E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 227.
94. T.A.: L.A. 13, VI, 1908, Transvaal Original annexures to the Votes and Proceedings of the Legislative Assembly, No. 198: Verslag van die Naturellelokasiekommissie van 1905–1907. Verslag oor lokasie van Joshua Ramapudu.
95. B.A.: H. Müller: Die Ausnutzung unseres Grundbesitzes in Südtransvaal, ongepubliseerde sinodale referaat d.d. 15.9.1910, pp. 11–12.
96. U.R. 10: U.R.B. artikel 103, d.d. 11.2.1890; E.A.: *Stationschronik, Gerlachshoop*; L.A. 13, VI, 1908: No. 198, Verslag oor lokasie van Joshua Ramapudu.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

behoort het.[97] In 1895 het Joshua en sy volgelinge Bothšabêlo verlaat en op Rietkloof gaan woon, waarna die ou stasie Gerlachshoop 'n buitepos van Bothšabêlo geword het.[98] Daarna het die Bakopa blykbaar afgesien van hul aanvanklike voornemens om tot die Bapedi-Lutherse Kerk toe te tree en in 1898 het Joshua alle gerugte dat hy besig sou wees om met Martinus Sewušhane te onderhandel, uitdruklik ontken.[99] Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog het 'n groot deel van die Bakopa tog tot die Bapedi-Lutherse Kerk toegetree, wat gedeeltelik verklaar kan word uit hoofde van die feit dat die B.S.G. nie aan Joshua se versoek om 'n blanke sendeling na hom te stuur kon voldoen nie.[100]

Selfs nadat die Bakopa Bothšabêlo verlaat het, was dit nog die grootste sendingstasie van die B.S.G. in Transvaal. Vanaf 1865 tot aan die einde van 1898 is daar altesaam 5 213 persone te Bothšabêlo gedoop, meer as op enige ander stasie van die B.S.G. in Transvaal.[101] Van die vyf sendelinge wat in 1898 op Bothšabêlo werksaam was, was Nauhaus, benewens superintendent, die mees senior sendeling op die stasie en gevolglik het hy ook as voorsitter van die stasie opgetree. Eerww. G. Trümpelmann en G. Eiselen was in beheer van die seminarie, terwyl eerww. W. Taurat en M. Markert die werk op die buiteposte behartig het.[102]

Na die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog het die sendingwerk op Bothšabêlo geheel en al tot stilstand gekom. Op 8 Julie 1900 het die Engelse al vyf die sendelinge in hegtenis geneem en na Middelburg gebring waar hulle later deur bemiddeling van die Duitse Konsul toegelaat is om by bekendes op die dorp in te woon. Aan eerw. Markert is vergunning verleen om na Bothšabêlo terug te keer ten einde toesig oor die stasie te hou. Die Bapedi- en Bakopa-bewoners van die stasie het die koms van die oorlog begroet as 'n geleentheid om onafhanklikheid van blanke gesag te verkry. Veral die Bapedi het planne beraam vir die stigting van hulle eie onafhanklike ryk en het gevolglik die idee versprei dat die sendelinge nooit weer na die stasie sou terugkeer nie. Die Bapedi het alle wapens in hul besit ter hand geneem, en toe Markert aan twee Boere herberg gegee het, het daar verskeie skermutselinge tussen die Boere en die Bantoebewoners van Bothšabêlo voorgekom. Pogings van Nauhaus om die Engelse te probeer oorreed om die stasie te beset en die bewoners te ontwapen om sodoende die stasie buite die oorlog te hou, het egter misluk.[103]

Die seminarie vir die opleiding van Bantoe-evangeliste wat in 1879 op Bothšabêlo tot stand gekom het, het weliswaar geen groot vordering getoon nie, soos blyk uit die feit dat eerw. Winter in 1879 met ses seminariste begin het en dat daar in Julie 1884, toe eerw. Gustav Trümpelmann die seminarie oorgeneem het, 'n aanwas van slegs vier kandidate was.[104] Die onderrig het veel geduld en inspanning geverg, maar was beslis nie tevergeefs nie, aangesien die eerste twee seminariste, Abraham Serote en Timotheus Leutlane, gedurende 1884 die kursus voltooi het en met hulle werksaamhede as evangeliste en onderwysers kon begin.[105]

Die opleiding wat hierdie seminariste ontvang het, was uiteenlopend van aard. Benewens die godsdienstige vakke soos Bybelkunde en kategetiese onderrig moes die seminariste ook Nederlands, rekenkunde, aardrykskunde, skrif, geskiedenis, sang en musiek as byvakke neem.[106] 'n Regeringskommissie wat Bothšabêlo in 1882 besoek het, was baie beïndruk met hierdie seminarie en het beweer dat die oefeningskrifte van

97. Sien U.R. 10: U.R.B. artikel 103, d.d. 11.2.1890.
98. *Berliner Missionsberichte, 1896*, p. 39: *Berliner Missionsberichte, 1899*, p. 218.
99. *Berliner Missionsberichte, 1899*, p. 218.
100. E.A.: *Stationschronik, Gelachshoop.*
101. A. Merensky: *Missions-Atlas*, p. 32; Kyk ook E.A.: Doopregisters, Bothšabêlo, bande I, II en III.
102. *Berliner Missionsberichte, 1900*, p. 286.
103. *Berliner Missionsberichte, 1901*, pp. 453–5.
104. *Berliner Missionsberichte, 1888*, p. 319; *Berliner Missionsberichte, 1885*, p. 348.
105. *Berliner Missionsberichte, 1885*, p. 349.
106. S.S. 647: R2445/82, Rapport van die Kommissie tot ondersoek van Sendelinge en Sendingstasies in die distrikte Middelburg, Pretoria en Rustenburg, d.d. Pretoria, 19.5.1882.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die seminariste goed met die van blanke kinders sou vergelyk. Hulle het die seminariste ook beleefd en welopgevoed gevind.[107]

In 1882 is daar besluit om 'n nuwe seminariegebou te Bothšabêlo op te rig, aangesien dit wou voorkom asof daar 'n groot toename in seminariste gaan wees. Vyf seminariste uit Pretoria het hulle in daardie jaar vir opleiding aangemeld, maar al vyf het aan die einde van die jaar weer die seminarie verlaat omdat hulle nie kans gesien het om hul studies voort te sit nie. Hoewel die genoemde vyf seminariste hul studies om persoonlike redes gestaak het, was die feit dat die onderrig hoofsaaklik in Sotho geskied het beslis 'n rede waarom ander hulle studies laat vaar het. As gevolg van die groeiende Kleurlingbevolking en die talle Bantoes wat by die een of ander Boer grootgeword het en sodoende Nederlands geleer praat het, was daar 'n behoefte aan onderrig deur die medium van Nederlands. So byvoorbeeld het ds. H. J. Neethling van die Ned. Geref. Kerk op Lydenburg 'n Bantoe wat Nederlands magtig was na die seminarie gestuur om as evangelis opgelei te word, maar aangesien hy nie Sotho kon volg nie[108] was hy verplig om sy studies te laat vaar. Trümpelmann was later verplig om 'n gedeelte van die onderrig deur middel van Nederlands te gee.

In 1887 kon die nuwe seminariegebou ingewy word, maar 'n jaar later was die B.S.G. verplig om hierdie seminarie tydelik te sluit weens die Bapedi-afskeiding daar die meerderheid seminariste hulle met afskeiding vereenselwig en die seminarie verlaat het. Aangesien slegs drie seminariste daarna hul voornemens om verder opgelei te word te kenne gegee het, was dit beslis nie die moeite werd om 'n blanke sendeling langer voltyds vir daardie doel af te sonder nie.[109] Gevolglik is die opleiding van seminariste eers weer in 1895 hervat toe die gesamentlike sinode van die sinodale streke Noord- en Suid-Transvaal besluit het om die seminaries van Mp'hôme en Bothšabêlo tot een seminarie te verenig. In 1899 het die B.S.G. besluit om die omvang en doel van die seminarie grondig te hersien. Benewens die primêre doel van die seminarie was die grootste verdienste wat dit opgelewer het sekerlik Trümpelmann se vertaling van die Bybel in Sepedi. In 1903 het Trümpelmann die voorreg gehad om saam met Abraham Serote self toesig te hou oor die druk van die Sepedi-Bybel in Berlyn.[110]

Die ontwikkeling van die sendingstasie Lydenburg het na die stormagtige jare, 1876–9, 'n meer rustige tydperk beleef. Die Pedi–Engelse Oorlog het die voortbestaan van die sendingstasie bedreig daar die Bapedi gedreig het om die stasie te verwoes. Gedurende 1878 is die stasie, wat intussen van 'n skans voorsien is, twee maal deur die Bapedi aangeval.[111] Hierdie toedrag van sake het soveel onrus gebaar dat eerw. C. Bauling verplig was om 'n tweede skans naby die stasie Lydenburg op te rig waar die gemeente in tye van gevaar skuiling kon soek.[112] Een van Bauling se getroue gemeentelede, Jeremias, is in 1879 deur die Bapedi vermoor onderwyl hy 'n boodskap van Bauling na die buitepos Krugerspost geneem het. Dit was 'n gevoelige slag vir die stasie aangesien Bauling van voorneme was om Jeremias as evangelis te laat oplei. Die posisie op Krugerspost was geensins gunstiger nie en die 17 families wat daar gewoon het, was genoodsaak om op die plaas van 'n nabywonende boer skuiling te gaan soek.[113]

Na afloop van die Pedi–Engelse Oorlog in November 1879 en die Eerste Vryheidsoorlog in 1881 kon die sendingwerk op Lydenburg voortgesit word en die gemeente het met rasse skrede gegroei. Hier en daar het die gedrag van sommige van die gemeentelede eerw. Bauling egter tot sterk optrede genoop; so byvoorbeeld moes hy in 1884 twee

107. S.S. 647: R2445/82, Rapport van die Kommissie, d.d. Pretoria, 19.5.1882.
108. *Berliner Missionsberichte, 1888*, pp. 320–2.
109. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 241; E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 228.
110. B.M.A.: Personalakten, G. Trümpelmann.
111. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 233.
112. *Berliner Missionsberichte, 1880*, p. 157.
113. *Berliner Missionsberichte, 1880*, p. 158.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

mans, vanweë hulle swak gedrag, verbied om langer op die stasie te bly.[114] Origens het Bauling weinig oor sy gemeentelede te kla gehad. Die sendingwerk op die buitepos Krugerspost, en later ook op die plaas Booizendal, het bestendig gegroei. Deur gereelde kraalbesoeke het Bauling die evangelie oor 'n geweldige groot deel van die Lydenburgdistrik uitgebrei.[115] Aan die einde van 1889 het die gemeentes van Lydenburg en Booizendal reeds op 942 lidmate te staan gekom.[116]

In 1885 is 'n belangrike stap geneem toe Bauling die klein Mapulanestam in die Blyderiviervallei besoek het met die oog op die oprigting van 'n buitepos aldaar. Ten spyte van die feit dat die meeste lede van die Mapulanestam nie veel ag op Bauling se besoek geslaan het nie was hy nietemin van mening dat dit die moeite werd sou wees om Mapulane gereeld te besoek. Gevolglik het Bauling die Komitee in Duitsland versoek om sy besoeke aan Mapulane finansieel te steun en mettertyd is daar ook by Mapulane 'n buitepos opgerig.[117] Van die Blyderiviervallei af het 'n verdere moontlikheid tot sendingwerk hom in die goudgebiede van Pelgrimsrust en Mac-Mac voorgedoen.[118] Ofskoon die nuwe goudvelde met sy talle inwoners groot moontlikhede vir sendingwerk ingehou het, was dit terselfdertyd vir Bauling ook 'n bron van kommer. Met die ontdekking van goud in die Barbertonse distrik het 'n groot deel van die gemeente te Lydenburg die stasie verlaat om 'n heenkome op die goudvelde te gaan soek.[119]

Wat die buiteposte van Lydenburg betref, was dit veral Booizendal en Watervalrivier wat die grootste belofte ingehou het en waar daar in 1889 klein kerkgeboutjies opgerig is.[120] Die kerkie op Watervalrivier is gereeld deur 'n aantal Knopneuse besoek wat baie aandagtig na die evangelie geluister het. Op Mapulane het die werk egter nie so goed gevorder nie en selfs die stasionering van 'n permanente evangelis, Paulus Kutumo, aldaar het die toestand geensins verbeter nie.[121]

In 1894 het Bauling na Duitsland vertrek en sowel Lydenburg as die buiteposte is 'n jaar lank herderloos gelaat. Na sy terugkeer was Bauling verplig om 16 persone weens onsedelike gedrag van die stasie Lydenburg te skors.[122] Te midde van hierdie terugslag kon Bauling egter sy 25-jarige ampsjubileum vier en aan die einde van dieselfde jaar is 'n verdere belangrike buitepos, Ventershoek, naby Mabhogo se vroeëre woonplek aangelê.[123]

Kort voor die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog het die Bapedi-Lutherse Kerk daarin geslaag om die helfte van die gemeente op Booizendal te oorreed om hulle bande met die B.S.G. te verbreek en by die Bapedi-Lutherse Kerk aan te sluit. Dié gedeelte wat aan die B.S.G. getrou gebly het, sou voortaan onder toesig van die evangelis Justinus Mabuse staan.[124]

Net soos in die geval van Bothšabêlo het die sendingwerk op Lydenburg gedurende die oorlogsjare feitlik volkome tot stilstand gekom. Die Engelse het Bauling in 1900 gevange geneem, hom van sy stasie verwyder en die stasie in 'n fort omskep.[125] Ofskoon Bauling later weer toegelaat is om na sy stasie terug te keer, het die Engelse hom steeds as 'n Boerespioen beskou. Toe hulle daarna verneem dat sy seun as burger van die Z.A.R. saam met die Boere in die veld was, het hulle hom weer gevange geneem en na Pretoria gestuur. Eers aan die einde van Julie 1902 kon Bauling weer na Lydenburg

114. *Berliner Missionsberichte, 1885*, p. 329.
115. Kyk *Berliner Missionsberichte, 1885*, pp. 330–2.
116. *Berliner Missionsberichte, 1889*, p. 380.
117. *Berliner Missionsberichte, 1886*, pp. 141–4; D. R. Hunt: *Bapedi*, p. 305.
118. *Berliner Missionsberichte, 1889*, p. 379.
119. *Berliner Missionsberichte, 1888*, p. 346.
120. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 236.
121. *Berliner Missionsberichte, 1888*, p. 348.
122. *Berliner Missionsberichte, 1896*, p. 49.
123. *Berliner Missionsberichte, 1896*, p. 534.
124. *Berliner Missionsberichte, 1900*, pp. 289 en 475–6.
125. *Berliner Missionsberichte, 1903*, p. 210.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

terugkeer,[126] waar hy sy sendingwerk hervat en tot met sy dood in 1912 onverpoosd voortgesit het.

(*b*) *Die Sendingwerk in Sekhukhuneland*

(i) *Thaba Mossegu*

Die sendingwerk op Thaba Mossegu, wat in 1880 op die ruïnes van Sekhukhune se vroeëre hoofstat aangelê is, het goeie vordering gemaak as gevolg van die feit dat daar reeds 'n aansienlike aantal Christene in Sekhukhuneland was wat by die stasie ingeskakel wou word. 'n Jaar na die stigting van die stasie het eerw. J. Winter reeds 180 persone gedoop,[127] terwyl Winter terselfdertyd uitgebreide kraalbesoeke onderneem het om sover as moontlik in voeling met die Bapedi te bly.[128] Baie volgelinge van Johannes Dinkwanyane wat Bothšabêlo verlaat het, het na Thaba Mossegu gegaan om daar verder deur Winter onderrig te word.[129]

Gedurende die tydperk 1881–3 het die sendingwerk in die hele Sekhukhuneland met veel onrus gepaard gegaan, as gevolg van die opvolgingstryd tussen Sekhukhune en sy halfbroer Mampuru. Die Transvaalse Regering was in 1882 verplig om oorlog te verklaar teen Mampuru se beskermheer, Niabel, van die Mabhogostam.[130] Niabel is in Julie 1883 verslaan en Mampuru is op 22 November 1883 in Pretoria tereggestel. Die daaglikse vrees en angs wat hierdie tydperk gekenmerk het, het die belangstelling in die evangelie op die agtergrond geskuif.[131] Nadat Sekhukhune se regent Kgolokoe egter as nuwe opperhoof van die Bapedi benoem is, het Winter heel gou sy vertroue volkome gewen.

Winter het spoedig een van Kgolokoe se mees intieme vertrouelinge geword en alhoewel Kgolokoe self, tot kort voor sy dood in 1893, geweier het om 'n Christen te word, het hy Winter nogtans toegelaat om in 1887 'n belangrike buitepos by sy hoofstat Maseleng op te rig. Die evangelis Job Pududo het die gemeente op Maseleng bedien.[132] Soos reeds daarop gewys, het Winter drome begin droom van 'n magtige onafhanklike nasionale Bapedi-Kerk en in 1890 het hy, op aandrang van Martinus Sewušhane, Job Pududo en Kgolokoe, homself bereid verklaar om hoof van die Bapedi-Lutherse Kerk te word. As gevolg hiervan het Thaba Mossegu in 1891 vir die B.S.G. verlore gegaan.

(ii) *Patametšane*

Die werk op hierdie stasie wat in 1863 gestig is, in 1866 as gevolg van Sekhukhune se vyandigheid verlaat is en weer in 1876 deur eerw. Otto Posselt beset is, is deur die oorloë teen Sekhukhune (1876–7 en 1878–9) erg aan bande gelê. Posselt het sedert hy weer die stasie beset het nooit werklik op dreef gekom nie, want hy moes telkens weens oorlog na Bothšabêlo of Modimulle uitwyk. 'n Onderlinge stryd tussen die onderhoof Legolwane en Sekhukhune het die posisie van die stasie telkens in gevaar gestel. Sekhukhune het selfs in 1878 'n impie gestuur om die stasie af te brand en dit was slegs die tussenkoms van Legolwane wat die stasie gered het.[133] In Oktober 1878 het die einste Legolwane haar egter vir dooponderig by Posselt aangemeld en later daardie selfde jaar is sy gedoop.[134] Daarna het 'n verdere 40 persone hulle vir dooponderrig aangemeld.

126. *Berliner Missionsberichte, 1903*, pp. 210–11.
127. A. Nachtigal: Tagebuch II, p. 478.
128. *Berliner Missionsberichte, 1880*, pp. 420–2.
129. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 301.
130. Kyk D. R. Hunt: *Bapedi*, pp. 304–5; War Office: *Native Tribes*, pp. 76–7.
131. O. Posselt: Tagebuch, p. 217.
132. *Berliner Missionsberichte, 1888*, p. 395.
133. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 281.
134. O. Posselt: Tagebuch, p. 12.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Aan die einde van 1878 het Posselt na Natal vertrek om in die huwelik bevestig te word en met sy terugkoms op Patametšane in Maart 1879 kon hy 17 persone by die nabygeleë onderhoofde, Moreoanes en Marišhane, doop. Aan die begin van 1880 het superintendent Merensky opdrag gegee dat Posselt hom op Kchalatlolu gaan vestig, waarna Patametšane 'n buitepos van Kchalatlolu geword het[135] en daarna is Patametšane nie weer deur 'n blanke sendeling bewoon nie.

(iii) *Kchalatlolu*

Eerw. Posselt het 18 Februarie 1880 – 14 jaar nadat eerw. Nachtigal verplig was om die stasie te verlaat – as die tweede begin van die sendingwerk op Kchalatlolu beskou. Aanvanklik het Posselt, benewens die werk op Kchalatlolu en sy ou stasie Patametšane, ook die stasie Arkona versorg,[136] aangesien eerw. Mars in 1879 na Bothšabêlo verplaas is om daar met die oprigting van die seminarie behulpsaam te wees. Posselt het ook die buitepos Marišhane, waar die evangelis Martinus Sewušhane sedert 1877 werksaam was, bedien en het reeds met sy eerste besoek aan Marišhane 43 persone gedoop.[137]

Die werk op Kchalatlolu het vinnig uitgebrei, sodat die kerkgebou binne enkele jare vergroot moes word om aan 150 persone sitplek te bied. Die voorreg sou egter nie vir Posselt beskore wees om die vrugte van sy werk te pluk nie, aangesien hy aan die einde van 1884, vanweë sy vrou se swak gesondheid, die Komitee in Duitsland om sy ontslag gevra het.[138] Sy opvolger, eerw. Carl Kadach,[139] het kort na sy oorname met byna onoorkomelike probleme op Kchalatlolu te kampe gehad. 'n Sekere William Fraser het aanspraak gemaak op die plaas Schoonoord, waarop die stasie geleë was, en het die lewe vir Kadach feitlik onhoudbaar gemaak. Voorts het 'n groep aanhangers van Johannes Dinkwanyane 'n teensending van stapel gestuur wat die vooruitgang van die sendingwerk op Kchalatlolu aan bande gelê het. Aan die einde van 1885 was daar op Kchalatlolu slegs 150 gedoopte lidmate teenoor die 275 op Arkona. Hierdie feit kan toegeskryf word aan die bedrewenheid waarmee die teensending van Johannes se volgelinge persone van die B.S.G. weggelok het.[140] Verder het Kadach teenkanting ondervind vanweë die jaarlikse besnydenisseremonie wat deel was van die inisiëringsproses wat alle jong Bapediseuns moes ondergaan. Die Bapedi het alles in hulle vermoë gedoen om te sorg dat die seuns wel besny word en hulle het selfs klein seuntjies begin besny uit vrees dat die evangelie die Bapedi so sou kon beïnvloed dat besnydenis heeltemal in onbruik sou raak.[141]

Ondanks die teenstand en terugslae wat die sendingwerk op Kchalatlolu ondervind het, kon Kadach deur toegewyde arbeid en met die hulp van Martinus Sewušhane mettertyd nie minder nie as nog vier buiteposte oprig, waarvan veral twee, Kabu en Pokwani, groot belofte ingehou het.[142] Die sendingwerk te Kchalatlolu moes egter in Maart 1889 opgesê word, aangesien die eienaar van die plaas waarop die stasie geleë was 'n aansienlike huurgeld van die B.S.G. gevra het indien hulle nog langer die stasie wou bewoon. Martinus Sewušhane, wat die werk in eerw. Kadach se plek moes doen, het egter kort daarna sy bande met die B.S.G. verbreek en aangesien die Bapedi-opperhoof Kgolokoe teen 'n latere hervestiging van 'n blanke sendeling op die stasie gekant was, het Kchalatlolu permanent vir die B.S.G. verlore gegaan. Die ongeveer 218 lidmate aldaar het hulle hierna in 1890 by die Bapedi-Lutherse Kerk aangesluit.

135. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, pp. 282 en 291.
136. *Berliner Missionsberichte, 1880*, pp. 451 en 453.
137. *Berliner Missionsberichte, 1880*, p. 454.
138. O. Posselt: Tagebuch, p. 274.
139. W. Arndt: *Berliner Missionare*, p. 6.
140. *Berliner Missionsberichte, 1886*, pp. 149 en 151.
141. *Berliner Missionsberichte, 1888*, p. 407.
142. *Berliner Missionsberichte, 1888*, p. 409.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(iv) *Arkona*

Arkona, wat in die gebied van die onderhoof Maserumule (Tšeke) geleë was, en wat in 1877 deur eerw. Gustav Mars aangelê is, het net soos die naburige stasie Patametšane in die Pedi–Engelse Oorlog vervleg geraak en Mars moes die stasie in 1878 tydelik verlaat. 'n Jaar later het hy die stasie permanent verlaat, waarna eerw. Posselt die gemeente op Arkona vanaf Kchalatlolu versorg het.[143] Met behulp van twee evangeliste, Andreas Matschie en Martinus Sewušhane, het Posselt die stasies Kchalatlolu en Arkona asook die buitepos Marišhane bedien.

In 1884 word Marišhane (later bekend as Lobethal) die hoofstasie in Sekhukhuneland en word Arkona, wat die hoofstasie was, 'n buitepos van Marišhane. In daardie stadium het die gemeente op Arkona reeds 199 lidmate getel.[144] Hoewel Arkona, streng gesproke, deur die verskuiwing tot 'n buitepos gereduseer is, het dit nietemin die karakter van 'n volwaardige stasie behou, aangesien daar van Arkona af etlike ander buiteposte aangelê is, terwyl die buiteposte Mankupane en Passoane direk vanuit Arkona bearbei is.[145]

Nadat Martinus Sewušhane in 1890 van die B.S.G. weggebreek het, en Kgolokoe geen blanke sendeling op Kchalatlolu wou toelaat nie, het die B.S.G. besluit om eerw. Gustav Eiselen, wat eintlik vir Kchalatlolu bestem was,[146] na Arkona te stuur.[147] Eiselen het met sy oorname van Arkona wat weer 'n volwaardige stasie word, 'n moeilike taak op hom geneem, want ten tyde van sy aankoms daar was die Bapedi-afskeiding reeds in volle swang. Die evangelis Elias Bodibe wat op die buitepos by die onderhoof Tišane werksaam was, is in so 'n mate deur die Bapedi-Lutherse Kerk beïnvloed dat hy en sy gemeente die kerkgebou op Arkona en die buiteposte Mankupane en Passoane wou verwoes.[148] Sy opstand teen die B.S.G. het verder uitgebrei en selfs die kerkraad op Arkona het hulle teen Eiselen verset. Gevolglik was hy verplig om al sy kerkraadslede uit hul ampte te onthef en 'n nuwe kerkraad te benoem.[149] Te midde van die vele terugslae wat die sendingwerk op Arkona ondervind het, was daar nogtans tekens van uitbreiding en die getroue evangelis, Jakob Phokanoka, kon aan die einde van 1893 na Bothšabêlo gestuur word om verder aan die seminarie aldaar opgelei te word.[150]

Gedurende die jare 1894–5 was Arkona, net soos al die ander stasies in Transvaal, deur droogtes en daarna deur plae sprinkane geteister en dit het Eiselen genoop om spesiale biddae in te stel.[151] Die dood van die getroue koster, Lukas Mahlare, wat sedert die stigting van die stasie die gemeente getrou gedien het, was 'n gevoelige slag vir die sendingwerk op Arkona.[152] Eiselen se opvolger, eerw. Carl Hoffmann,[153] het weer met 'n geweldige malaria-epidemie te kampe gehad wat baie van sy getrouste gemeentelede na 'n vroeë graf gestuur het.[154] Aan die einde van 1899 was daar 494 gemeentelede op Arkona en Hoffmann het met inbegrip van die buiteposte aan 635 persone nagmaal bedien. Onder toesig van Franz Modati het ongeveer 76 kinders die skool gereeld besoek.[155] Anders as wat die geval met die meeste ander stasies in

143. *Berliner Missionsberichte, 1880*, p. 161; *Berliner Missionsberichte, 1900*, p. 514.
144. *Berliner Missionsberichte, 1885*, p. 368.
145. Kyk *Berliner Missionsberichte, 1885*, p. 369.
146. S.S. 2333: S.R. 250/90 gevoeg by R.6274/90, C. T. Nauhaus – Regering van die Z.A.R. d.d. Bothšabêlo, 18.4.1890.
147. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 297.
148. Kyk *Berliner Missionsberichte, 1894*, p. 309; E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 297.
149. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 297.
150. *Berliner Missionsberichte, 1894*, p. 311.
151. *Berliner Missionsberichte, 1896*, pp. 74–6.
152. *Berliner Missionsberichte, 1898*, p. 496.
153. W. Arndt: *Berliner Missionare*, p. 7.
154. *Berliner Missionsberichte, 1899*, p. 521.
155. *Berliner Missionsberichte, 1900*, p. 293.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Transvaal was, was Arkona feitlik geensins deur die oorlog van 1899–1902 geraak nie, en Hoffmann kon dwarsdeur die oorlogsjare sy sendingwerk op Arkona voortsit. Trouens, toestande op Arkona was so rustig dat Hoffmann in staat was om by tye in die afwesigheid van eerw. Bauling, die gemeente op Lydenburg te gaan bedien.[156]

(v) *Lobethal (Marišhane)*

Van al die sendingstasies van die B.S.G. in Sekhukhuneland het Lobethal, wat in die gebied van die onderhoof Marišhane aangelê is, die mees stormagtige jare beleef. Dit kan verklaar word uit hoofde van verskeie faktore wat die vordering van die sendingwerk aldaar aan bande gelê het. Eerw. Kadach wat met die stigting van die stasie in 1884 gemoeid was, kon wel met behulp van Martinus Sewušhane die stasie op redelike vaste grondslag plaas, ten spyte van die feit dat 'n sekere Lot of Loto 'n baie sterk teensending daar in die lewe geroep het.[157]

Lot het die Bapediseremonies soos besnydenis en gebruike soos poligamie eerbiedig en dit volkome met die leer van die Christendom versoen. Daardeur het hy 'n geweldige groot aanhang opgebou en toe die Wesleyaanse Sendinggenootskap in 1882 die gebied van Marišhane betree het, het Lot toenadering tot hulle gesoek. Die B.S.G. het alles in sy vermoë gedoen om Lot aan bande te lê, maar was tot 1887 telkens onsuksesvol. In 1887 slaag superintendent Nauhaus wel daarin om Lot te oorreed om die onmiddellike gebied wat tot die invloedsfeer van Lobethal behoort het te verlaat, waarna Lot 'n nuwe gemeente sowat twee dagreise van Lobethal af gestig het.[158]

Kort daarna het 'n nuwe krisis, dié keer veel groter, die stasie getref. Martinus Sewušhane wat sedert 1885 die stasie Lobethal beheer het, moes verplaas word om plek te maak vir eerw. Kadach wat genoodsaak was om sy stasie Kchalatlolu te verlaat. Martinus het teen hierdie verplasing sterk beswaar gemaak en ten einde laas besluit om alle bande met die B.S.G. te verbreek. Martinus het daarna selfs verder gegaan en alles in sy vermoë gedoen om, sonder dat Kadach daarvan bewus was, sy voormalige gemeente in Lobethal te probeer oorreed om hulle eweneens van die B.S.G. af te skei. Hy kon nou wel nie daarin slaag nie, maar op die twee buiteposte Kabu en Pokwani het hy daarin geslaag om, waarskynlik deur middel van intimidasie, die twee evangeliste Petrus Tulloane en Thomas Selepe oor te haal om hom te volg.[158(a)] Die gemeentes het selfs geweier om Kadach verder te ontvang. Ofskoon 'n aantal gemeentelede later aan Kadach te kenne gegee het dat hulle aan die B.S.G. getrou wou bly,[159] het die hele aangeleentheid, soos reeds daarop gewys, in die Bapedi-afskeiding geëindig.

Kort na die Bapedi-afskeiding is die onderhoof Marišhane oorlede en sy opvolger, Nkopodi, het al gou met die Bantoeleraars van die Bapedi-Lutherse Kerk rusie gemaak. Die gevolg was dat etlike aanhangers van die Bapedi-Lutherse Kerk weer tot die B.S.G. toegetree het.[160] Die feit dat 'n naburige onderhoof, Sepeke, 'n ou vriend van Merensky, sy rug op die Bapedi-Lutherse Kerk gedraai en eerw. Kadach versoek het om 'n evangelis na sy gebied te stuur was bemoedigend vir die sendingwerk in Sekhukhuneland. Aan die einde van 1893 was daar, ten spyte van die Bapedi-afskeiding, 'n gemeente van 500 persone op Lobethal.[161]

Gedurende die tweede helfte van die laaste dekade van die negentiende eeu het die sendingwerk op Lobethal 'n besliste opbloei getoon en het die getal katkisante wat hul

156. *Berliner Missionsberichte, 1903*, p. 215.
157. *Berliner Missionsberichte, 1885*, p. 364.
158. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 297; *Berliner Missionsberichte, 1888*, p. 410.
158 (*a*). Kyk S.S. 2333: S.R. 83/91 gevoeg by R6274/90, Job Pududo, Martinus Sewušhane en ander – P. J. Joubert, d.d. 5.1.1891; *Berliner Missionsberichte, 1890*, p. 322; E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 298.
159. Kyk E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 298.
160. *Berliner Missionsberichte, 1894*, p. 308.
161. *Berliner Missionsberichte, 1894*, pp. 308–9.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

jaarliks aangemeld het steeds toegeneem.[162] Weens 'n malaria-epidemie, wat in een jaar 29 lewens geëis het, het die gemeentegetalle egter geen noemenswaardige styging getoon nie,[163] en was daar aan die einde van 1898 587 gemeentelede op Lobethal.[164] Net soos in die geval van Arkona het die Tweede Vryheidsoorlog feitlik geen invloed op Lobethal gehad nie. Gedurende die oorlogsjare was Kadach met tuisverlof in Duitsland en in sy afwesigheid het eerw. Hoffmann van Arkona die gemeente op Lobethal versorg. Daar het juis in hierdie jare 'n verslapping onder sommige gemeentelede posgevat en uit vrees vir die moontlike voordeel wat die Bapedi-Lutherse Kerk uit hierdie toedrag van sake kon trek, moes daar baie oordeelkundig met betrekking tot kerklike tug te werk gegaan word.[165]

Ten slotte kan daarop gewys word dat ofskoon die B.S.G. sedert 1860 sendingwerk onder die Bapedi gedoen het, en teen 1880 reeds vyf stasies in Sekhukhuneland gehad het, het hierdie Genootskap nie werklik daarin geslaag om die hele gebied effektief te bearbei nie. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat Sekhukhune die B.S.G. in 1866 uit sy land verdryf het, waarna hulle eers weer in 1876 hul arbeid daar kon voortsit.

Indien die B.S.G. in 1890, toe Martinus en Winter met 500 volgelinge hulle bande met die Genootskap gebreek het, die guns van Sekhukhune se opvolger Kgolokoe kon behou, sou dit hulle verder die geleentheid gebied het om met sendingwerk in Kgolokoe se lokasie voort te gaan. Aangesien die B.S.G. egter nie daarin kon slaag nie het die sendingwerk slegs tot Pokwani se lokasie beperk gebly, met die gevolg dat die B.S.G. in 1902 slegs sowat 1 500 gemeentelede in Sekhukhuneland gehad het, en as daar in gedagte hou word dat die Bapedi teen 1905 uit nagenoeg 28 500 siele bestaan het,[166] is dit duidelik dat die B.S.G. nie groot welslae behaal het nie.

(*c*) *Heidelberg*

Die sendingstasie wat op Heidelberg aangelê is, het hoofsaaklik die Bantoes van die dorpslokasie en die Bantoe-inwoners van die distrik as arbeidsveld gehad. Die lokasiebewoners het uit verskillende Bantoestamme bestaan en dit het die sendingwerk aansienlik bemoeilik, aangesien daar voortdurend twis tussen die verskillende stamme geheers het. Dit was veral die onderdane van Mankoapane wat vir grootskaalse onsedelikheid en wangedrag verantwoordelik was. Dit het eerw. Hermann Düring verplig om sy gemeente op die sendingstasie, wat in 1880 op 75 persone te staan gekom het, onder strenger regulasies te plaas. Tydens die Eerste Vryheidsoorlog is die dorp Heidelberg tydelik tot die hoofsetel van Transvaal verklaar en aangesien Düring bevrees was dat hy in die stryd tussen Boer en Brit betrek sou word, het hy dit gerade geag om sy stasie te verlaat en in Natal verblyf te soek tot tyd en wyl die oorlog weer verby was. Dit was beslis 'n ondeurdagte optrede, want tydens sy afwesigheid het algehele losbandigheid die lokasie en die gemeente in 'n wanordelike toestand laat beland.[167]

Teen 1885 het daar 'n kenteringsproses in die gemeentelike lewe van Heidelberg begin intree wat duidelik geblyk het toe direkteur Wangemann in daardie jaar die stasie besoek het. Heeltemal op eie inisiatief het die gemeente £9 by wyse van spesiale kollekte ingesamel en aan Wangemann oorhandig.[168] Terselfdertyd is die skool gereeld deur feitlik alle kinders van skoolgaande ouderdom besoek en volgens Kuschke was die

162. C. Kadach: Lobethaler Berichte, 1898–1903 (Gevoeg by O. Posselt: Tagebuch, pp. 275–9).
163. C. Kadach: Lobethaler Berichte, 1898–1903 (Gevoeg by O. Posselt: Tagebuch, p. 278); *Berliner Missionsberichte, 1898*, p. 526; *Berliner Missionsberichte 1899*, p. 530.
164. A. Merensky: *Missions-Atlas*, p. 32.
165. C. Kadach: Lobethaler Berichte, 1898–1903 (Gevoeg by O. Posselt: Tagebuch, p. 280).
166. War Office: *Native Tribes*, p. 78.
167. *Berliner Missionsberichte, 1880*, pp. 137 en 139; *Berliner Missionsberichte 1886*, p. 109; E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 271.
168. *Berliner Missionsberichte, 1886*, p. 115; Kyk ook H. T. Wangemann, *Ein zweites Reisejahr in Süd-Afrika*, pp. 302–6.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

skoolbesoek getrou en gereeld. Die werk op die buitepos Leeuwbank, sowat vier uur te perd oos van Heidelberg, en die preekplekke Doornhoek en Poortjie, het bemoedigende vordering getoon. Op Leeuwbank moes daar weliswaar van die dienste van 'n ongedoopte persoon, Jan Marachanye, gebruik gemaak word, maar sy kennis aangaande die evangelie was so goed dat selfs 'n gedoopte persoon die werk nie beter sou kon behartig nie.[169]

As gevolg van 'n sekere Willem Lesega se optrede is die rustige vordering van die sendingwerk op Leeuwbank egter groot skade berokken. Willem Lesega is deur die Berlynse sendeling eerw. F. Grünberger in Pretoria gedoop, maar kon oënskynlik op geen sendingstasie tot rus kom nie. Later het hy alle bande met die B.S.G. verbreek en as onafhanklike prediker oral gevestigde gemeentes tot sy standpunt probeer oorhaal. Waarskynlik het Lesega ook aansluiting by die Wesleyaanse Sendinggenootskap gesoek, aangesien hy tydens sy verblyf op Leeuwbank verkondig het dat die Duitse sendelinge slegs in die Bantoes se geld belang gestel het en dat die gemeente liewer 'n sendeling van die Wesleyaanse Sendinggenootskap moes beroep. Origens was hy die oorsaak daarvan dat talle katkisante in algehele onsekerheid oor die aard van die B.S.G. en die Lutherse leerstellinge verval het. Slegs die vinnige optrede van Kuschke het die onsekere situasie betyds gered.[170]

Kuschke se opvolger, eerw. J. Walter, kon egter nie daarin slaag om 'n skeuring in sy gemeente, as gevolg van die optrede van die Bapedi-Lutherse Kerk, te voorkom nie. Johannes Madinoane, een van die leiers van die Bapedi-Kerk,[171] het sonder die toestemming, of selfs wete van Walter, die gemeente op Heidelberg besoek en die katkisante wat graag gedoop wou word, versoek om op die buitepos Palmietfontein te vergader waar hy hulle dan sou doop. Tydens hierdie byeenkoms het hy 19 persone gedoop, waaronder 'n sekere Petrus Marumo, wat een van die sterkste aanhangers van die Bapedi-Kerk geword het. Petrus het later met behulp van Johannes 'n skeuring in die gemeente op Heidelberg veroorsaak en met 'n teensending begin.[172]

Ondanks vele terugslae het die gemeente tog 'n bestendige groei getoon sodat die kerkgebou in 1899 te klein geword het; en gevolglik het eerw. Hermann Müller besluit om sonder die finansiële steun van die Komitee in Duitsland 'n nuwe kerkgebou te laat oprig. Ten einde die nodige fondse te bekom, het hy bepaal dat elke gemeentelid £3 per jaar tot die boufonds moes bydra. Met 'n gemeente wat aan die einde van 1899 op 878 lidmate te staan gekom het,[173] sou die nodige fondse binne afsienbare tyd beskikbaar kon wees. Hoewel die grootste gedeelte van die boufonds teen 1900 ingesamel was, kon die nuwe kerk, as gevolg van die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog, nie opgerig word nie. Vroeg in 1900 was eerw. Müller verplig om die stasie te verlaat, ten einde sy skoonvader eerw. August Prozesky in Natal behulpsaam te gaan wees.[174] In sy afwesigheid het die gemeente so agteruitgegaan dat die evangelis, Daniel Phuphutu, uit sy amp ontslaan moes word.[175] Die Bapedi-Lutherse Kerk het terselfdertyd ook die geleentheid benut om verdere onrus in die gemeente te saai, met die gevolg dat baie van die gemeentelede gedurende die oorlogsjare by hulle aangesluit het. Om die toestand nog verder te verswak, is Müller se woning vernietig.[176]

169. *Berliner Missionsberichte, 1886*, pp. 114–15.
170. *Berliner Missionsberichte, 1888*, p. 327.
171. Kyk S.S. 2333: S.R. 83/91 gevoeg by R6274/90, Job Pududo, Martinus Sewušhane en ander, o.a. Johannes Madinoane – P. J. Joubert, d.d. 5.1.1891.
172. *Berliner Missionsberichte, 1894*, p. 300.
173. *Berliner Missionsberichte, 1899*, p. 516.
174. *Berliner Missionsberichte, 1900*, p. 293.
175. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 368.
176. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 368.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(*d*) *Woyenthin*

Soos reeds daarop gewys, het eerw. Düring benewens die Bantoes in die Heidelbergse dorpslokasie ook die Bantoes in die Heidelbergdistrik bearbei. Na aanleiding hiervan het Düring met 'n groepie Bakgatla ba ga Motsha van die opperhoof Saul, wat aan die Apiesrivier woonagtig was, in aanraking gekom. Hierdie groepie Bantoes het onder hulle opperhoof Jan Séboko in die Heidelbergdistrik gewoon. Aan die walle van die Vaalrivier het Düring ook die onderdane van Jan Morachi bearbei. Die volgelinge van sowel Séboko as Morachi het groot belangstelling in die evangelie getoon en in 1878 is Morachi gedoop.[177]

Ten einde aan Séboko en Morachi 'n permanente woonplek te verskaf, wat tegelykertyd as buitepos van Heidelberg kon dien, het Düring in 1879 die plaas Rietspruit naby Heidelberg gehuur. Séboko en Morachi het daarna met hulle volgelinge op Rietspruit gaan woon en na 'n geruime tyd is 'n kerk en skool daar opgerig.[178] Aangesien die sendingwerk op Rietspruit sulke goeie vordering getoon het, het die Komitee in Duitsland, met geld wat deur Georg Holtz van Manow in Pommere aan die Genootskap geskenk is, Rietspruit aangekoop en tot 'n selfstandige stasie verhef. Daarna het Rietspruit die naam Woyenthin ontvang, ter ere van Georg Holtz wie se landgoed Woyenthin geheet het.[179]

Die ontwikeling van die sendingwerk op Woyenthin het sterk ooreengestem met die ontwikkeling van die sendingwerk op die stasie Heidelberg. Nadat Woyenthin in 1884 as 'n selfstandige sendingstasie verklaar is, het Düring hom die wysiging van die stasie se regulasies as eerste taak gestel. Aangesien die Bantoedorp op Woyenthin, as gevolg van die onderskeie stamme wat daar woonagtig was, in 'n natuurlike bo- en onderdorp verdeel was, te wete die bo-dorp wat uitsluitlik deur die Bakgatla ba ga Motsha bewoon was en die onder-dorp wat weer hoofsaaklik deur die Bakhudu bewoon was, wou Düring die nuwe regulasie by hierdie verdeling laat aanpas.[180] Die ou regulasie waarvolgens Jan Morachi hoof van die dorp was, het volgens Düring nie by hierdie verdeling ingeskakel nie.

Met hierdie doel voor oë was Düring van voornemens om Jan Morachi en Jan Séboko as geestelike toesighouers van die onder- en bo-dorp onderskeidelik aan te stel. Hiebenewens sou elke toesighouer in die uitvoering van sy pligte ook deur vier ouderlinge bygestaan word. As sendeling sou Düring die hoogste gesag beklee en sowel Jan Morachi as Jan Séboko sou onder sy persoonlike toesig staan. Indien daar 'n geskil sou ontstaan, was die toesighouers verplig om dit in oorleg met Düring die hoof te bied.[181] Alhoewel Jan Séboko geweier het om die amp van toesighouer te aanvaar, aangesien hy nie sy amp as kerkraadslid wou prysgee nie, het die hele gemeente die nuwe regulasie verwelkom. Later was Düring egter verplig om Jan Morachi van die stasie te verban aangesien hy hom nie met die idee dat Düring die hoof van die stasie was, kon vereenselwig nie. Ten einde uitdrukking aan sy gevoel te gee, het Morachi die inwoners van die onder-dorp teen Düring opgesteek en is sy huisbediende aangerand op grond van die feit dat sy vir 'n blanke gewerk het.[182]

Aangesien Woyenthin op 'n plaas van 4 500 morge (3 850 hektaar) geleë was, het dit elke stasiebewoner vrygestaan om 'n stuk landbougrond teen £1 per jaar van die B.S.G. te huur.[183] Hierbenewens was die inwoners verplig om ook jaarliks 'n weidingsfooi van

177. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 268.
178. *Berliner Missionsberichte, 1880*, p. 138.
179. *Berliner Missionsberichte, 1885*, p. 319.
180. *Berliner Missionsberichte, 1885*, p. 321; War Office: *Native Tribes*, pp. 23 en 35.
181. *Berliner Missionsberichte, 1885*, pp. 321–2.
182. *Berliner Missionsberichte, 1886*, p. 141.
183. B.A.: H. Müller: Die Ausnutzung unseres Grundbesitzes in Südtransvaal, ongepubliseerde sinodale referaat d.d. 15.9.1910, p. 5.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1/- vir elke tien stuks vee te betaal.[184] Hoewel die inwoners met hierdie bepaling tevrede was, het 'n hewige golf van ontevredenheid egter die stasie getref toe Düring in 1887 bepaal dat elke skoolgaande kind 1/- vir die oprigting van 'n nuwe skoolgebou moes bydra. Die ouers het botweg geweier om dié bydrae te lewer en het te kenne gegee dat die onderwyser onder hierdie omstandighede liewer die stasie moes verlaat, aangesien hulle nie langer hulle kinders skool toe sou stuur nie. Nadat Düring egter die doel van die bydrae verduidelik het, het die gemeente ewe gewillig hulle bydrae betaal, gevolglik kon daar dadelik met die bouwerk begin word.

Die ontdekking van goud aan die Witwatersrand het die gemoedere op Woyenthin in beroering gebring veral nadat prospekteerders ook op Woyenthin goud ontdek het. Düring was egter van mening dat die ontdekking aldaar niks goeds vir die stasie ingehou het nie; dit het veel eerder sy voortbestaan bedreig. Gelukkig was die goudneerslae op Woyenthin egter te gering om lonend ontgin te word. Die ontdekking van 'n ryk steenkoolneerslag op die stasie daarenteen het egter vir Düring groot vreugde verskaf, aangesien hy daarvan oortuig was dat die oprigting van 'n steenkoolmyn nie dieselfde uitwerking op die stasie sou hê as die ontginning van goud nie. Die plaas kon verhuur word sonder dat die sendingstasie prysgegee hoef te word, terwyl die steenkoolmyn 'n goeie bron van inkomste vir sowel die B.S.G. as die Bantoe-inwoners sou wees.[185] Hoewel die plaas aan 'n sindikaat van 'n sekere dr. Mebus verhuur is en daar reeds in November 1887 met die ontginning van steenkool begin is,[186] moes die huurkontrak egter na enkele maande gekanselleer word, aangesien die sindikaat in gebreke gebly het om die huurgeld te betaal.[187]

Met die inwyding van die nuwe kerkgebou in Desember 1892 het Düring die uiterlike opbou van sy sendingstasie as afgehandel beskou. Met 696 gemeentelede kon die stasie ook nouliks aan nuwe intrekkers woonplek verskaf, aangesien al die bewerkbare grond reeds aan die inwoners verhuur was.[188] Düring het in 1894 onder blyke van groot belangstelling sy 25-jarige ampsjubileum herdenk.[189]

Die laaste jare van die negentiende eeu was vir Woyenthin jare van vooruitgang gewees. Die stasie het, soos alle stasies in Transvaal, die gevoelige uitwerking van droogtes, sprinkane en die runderpes ervaar, maar origens het geen ingrypende gebeurtenis die stasie in hierdie jare getref nie. Düring was baie tevrede met die geestelike groei van sy gemeente en die getal katkisante het jaarliks toegeneem.[190] Die Tweede Vryheidsoorlog het egter ook hier op Woyenthin die werk baie sterk beïnvloed en teen Januarie 1900 kon die gewone stasiewerksaamhede nie verder voortgesit word nie. Die Bantoemans van Woyenthin het die blanke vroue, wie se mans op kommando was, in die distrik op die plase gaan help en uit die aard van die saak was hulle nie bereid om die Bantoes vir 'n lang tyd na die stasie te laat terugkeer nie.[191]

Op grond van inligting wat die Engelse van 'n Jood verkry het, is eerw. Düring daarvan beskuldig dat hy kosvoorrade aan die Boere verskaf het. Hy is daarna gevange geneem en die sendingstasie, asook 140 Bantoewonings, is verwoes.[192] Na afloop van die oorlog kon die werk op Woyenthin weer hervat word.

(*e*) *Die Sendingstasies Potchefstroom en Johannesburg*

Teen 1879 het daar in die gemeentelewe van die sendinggemeente op Potchefstroom

184. *Berliner Missionsberichte, 1886*, p. 139.
185. *Berliner Missionsberichte, 1888*, pp. 342–3.
186. B.A.: H. Düring – C. T. Nauhaus, d.d. Woyenthin, 18.10.1887.
187. *Berliner Missionsberichte, 1889*, p. 353.
188. *Berliner Missionsberichte, 1894*, pp. 297–8.
189. *Berliner Missionsberichte, 1895*, p. 302.
190. *Berliner Missionsberichte, 1898*, p. 531.
191. *Berliner Missionsberichte, 1900*, p. 295.
192. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 367; *Berliner Missionsberichte, 1903*, p. 216.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n algemene verslapping ingetree. Die gemeente van ongeveer 97 persone het hoofsaaklik uit nie-blanke diensknegte wat Nederlandssprekend was, bestaan.[193] In teenstelling met die dorpsgemeente het die twee buiteposte, Gatsrand en Losberg, Köhler veel rede tot vreugde verskaf. So byvoorbeeld het die inwoners van Losberg Köhler verras deur uit hulle eie 'n skoolgebou op te rig.[194] Inmiddels kon Köhler nog 'n verdere vier buiteposte, Wilgeboom, Boshoek, Modderfontein en Witpoort, aanlê.[195]

Die grootste enkele beperking wat steeds op die gemeente, wat aan die einde van 1887 op 446 siele te staan gekom het, gelê is, was die optrede van die Anglikaanse Kerk wat intussen op Potchefstroom met sendingwerk begin het. Hulle evangelis, Jakob Apie, het dit sy hooftaak gemaak om Köhler se lidmate op Potchefstroom, asook dié op die buiteposte, te probeer oorreed om by die Anglikaanse Kerk aan te sluit. Deur hierdie poging van hom het Jakob Apie onder andere daarin geslaag om die Berlynse evangelis op Losberg te oorreed om by die Anglikaanse Kerk aan te sluit.[196]

In 1888 het die blanke inwoners van Potchefstroom teen die aanwesigheid van die Bantoelokasie in die middel van die dorp geprotesteer. Die B.S.G. het drie erwe in die lokasie besit wat reeds in 1884 ten behoewe van die Genootskap geregistreer was.[197] Gevolglik het die inwoners ook teen die sendingstasie protes aangeteken en beweer dat die lokasie die beste erwe in Potchefstoom beslaan het. Toe die munisipaliteit derhalwe in Mei 1888 die dorpslokasie tot buite die dorp verskuif het, het Köhler se gemeente 72 erwe ter bewoning ontvang.[198]

Gedurende die laaste tien jaar van die vorige eeu het die sendingwerk op Potchefstroom slegs met die alledaagse probleme te kampe gehad. Daar was die lig- en skadukante wat kenmerkend van enige sendingonderneming is. Deur sterk optrede het Köhler sy gemeente steeds vermaan om 'n streng Christelike lewenswandel te volg. So byvoorbeeld het hy die Bantoegemeentelede in Oktober 1893 verbied om aan 'n krieketwedstryd op Klerksdorp, ter viering van pres. Paul Kruger se verjaarsdag, deel te neem aangesien hy van mening was dat die Bantoes hulle na afloop van die wedstryd te buite sou gaan.[199] Toe Köhler in 1899 sy 25-jarige ampsjubileum herdenk het, het sy gemeente reeds op 937 lidmate te staan gekom, teenoor die 47 toe hy in 1874 die stasie by eerw. Moschütz oorgeneem het.[200]

Kort voor die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog het 'n ernstige geskilpunt in die sendinggemeente op Potchefstroom ontstaan as gevolg van die feit dat Köhler bepaal het dat elke lidmaat voortaan 1/- per maand as bydrae aan die B.S.G. moes afstaan. Die gemeente het teen hierdie bepaling beswaar gemaak en was meer ten gunste van die ou stelsel waarvolgens elke lidmaat 'n bydrae van 5/- per jaar aan die Genootskap gemaak het. Superintendent Nauhaus, wat te midde van hierdie ontevredenheid die stasie besoek het, het die gemeente daarvan oortuig dat 1/- per maand nie te veel was nie en dat die uitbreiding van die gemeente dit tewens noodsaaklik gemaak het. Die saak is daarmee in die reine gebring en die gemeente het daarna gereeld hulle bydraes betaal.[201] Net soos op al die ander sendingstasies van die B.S.G. in Transvaal kon die sendingwerk op Potchefstroom eers weer na afloop van die Tweede Vryheidsoorlog in 1902 normaal voortgesit word.

Van al die Berlynse sendingstasies in Transvaal het die stasie Johannesburg, wat in 1887 gestig is, beslis die grootste en moeilikste arbeidsterrein gehad. Die grootste

193. *Berliner Missionsberichte, 1878*, p. 211; *Berliner Missionsberichte, 1880*, p. 139.
194. *Berliner Missionsberichte, 1880*, p. 140.
195. *Berliner Missionsberichte, 1886*, p. 135; *Berliner Missionsberichte, 1888*, p. 323.
196. *Berliner Missionsberichte, 1888*, p. 324.
197. B.A.: J-Nr. 2711/13, Komitee van die B.S.G. – H. Schloemann, d.d. Berlyn, 8.11.1913.
198. *Berliner Missionsberichte, 1889*, pp. 349–51; *Berliner Missionsberichte, 1894*, p. 291.
199. *Berliner Missionsberichte, 1894*, p. 291.
200. *Berliner Missionsberichte, 1900*, p. 291.
201. *Berliner Missionsberichte, 1900*, p. 507.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

probleem waarmee eerw. H. Kuschke te kampe gehad het, was die feit dat die Bantoebevolking van Johannesburg uit 'n verskeidenheid van etniese groepe bestaan het. Aanvanklik het hierdie Bantoes ook geen vaste woonplek gehad nie en het gevolglik meestal naby die goudmyne gebly. Gedurende die week was daar geen sprake van sendingwerk nie aangesien die Bantoes in die myne werksaam was en sodoende nie bereik kon word nie. Gevolglik was Kuschke verplig om Sondae die Bantoes se woonplekke te besoek om sodoende met hulle kontak te probeer maak. Hy het bedags voortdurend deur die strate geloop met die hoop dat van die Bantoes hom sal sien en met hom sal praat. Hierdie pogings van Kuschke om met die Bantoes in voeling te kom het wel deeglik vrugte afgewerp, want reeds die eerste keer toe hy deur die strate gestap het, het 'n groepie jong mans afkomstig van Bothšabêlo asook 'n paar lidmate van die Hermannsburgse Sendinggenootskap, met hom in aanraking gekom.[202]

Die begin van die sendingwerk in Johannesburg is verder bemoeilik vanweë die feit dat daar in hierdie jare in Transvaal nie slegs 'n goudstormloop was nie, maar ook 'n "sendingstormloop". Bykans elke sendinggenootskap wat in daardie stadium in Suid-Afrika werksaam was, het in Johannesburg met sendingwerk begin en dit het uit die aard van die saak tot 'n mate van wedywering onder mekaar aanleiding gegee. Baie Bantoes wou opsluit niks met Kuschke te doen gehad het nie aangesien die B.S.G. nie 'n kerkgebou in Johannesburg gehad het nie. Volgens Kuschke het die ander sendinggenootskappe die Bantoes toegelaat om saam met die blankes in hulle kerke te mag sit.[203] Dit was egter nie vir Kuschke aanvaarbaar nie en hy het besef dat die enigste uitweg vir hom sou wees om 'n eie kerk vir die Bantoes te laat oprig. Dit was vir hom duidelik dat hy daarsonder nie 'n gemeente tot stand sou kon bring nie. Die B.S.G. het met 'n groot gesukkel 'n stuk grond teen £100 aangekoop,[204] en daar is feitlik onmiddellik met die oprigting van 'n kerkgebou begin. Aangesien dit egter maar net 'n klein kerkie was, moes daar teen 1890 reeds met 'n tweede kerkgebou begin word.[205]

Hoewel Kuschke die hoop gekoester het dat die sendingwerk aldaar vinnig sou vorder, het sy gemeente na twee jaar op slegs 177 siele te staan gekom.[206] Aangesien die B.S.G. nie oor die nodige fondse beskik het nie, kon hulle slegs een sendeling in Johannesburg stasioneer – teenoor die Wesleyaanse Sendinggenootskap wat 'n groot aantal evangeliste en lekepredikers in die veld gehad het. Die uitbreiding van die sendingwerk van die B.S.G. is verder aan bande gelê as gevolg van die feit dat die ander genootskappe, aldus Kuschke, die Bantoes teen die B.S.G. aangehits het en sou beweer het dat Kuschke slegs die Lutherse geloof wou bevorder.[207] Ten spyte hiervan was Kuschke nogtans van mening dat Johannesburg die sendingmiddelpunt van Suid-Afrika geword het, omdat daar op geen ander plek in Afrika aan soveel heidene die Woord van God verkondig kon word nie. Daarom moes Johannesburg as van die grootste belang beskou word.[208]

Benewens Kuschke se sendingwerk onder die Bantoes, het hy hom ook verplig gevoel om na die geestelike versorging van die Duitsers in Johannesburg om te sien. Dit was grootliks deur sy toedoen dat die eerste Duitse Evangeliese Lutherse Kerk reeds in 1890 ingewy kon word. Kuschke beweer dat hy juis in die Duitse Kerk 'n diens gelei het toe dr. Jameson op een van sy buiteposte, Champ d'Or Nime, gevange geneem is.[209]

202. *Berliner Missionsberichte, 1889*, p. 446.
203. *Berliner Missionsberichte, 1888*, p. 447.
204. B.A.: Inventar der Missionstation Johannesburg aufgenommen am 1 Januar 1921.
205. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 306.
206. *Berliner Missionsberichte, 1889*, p. 431.
207. *Berliner Missionsberichte, 1889*, p. 431.
208. *Berliner Missionsberichte, 1894*, pp. 294–5.
209. *Berliner Missionsberichte, 1896*, p. 78; Sover vasgestel kon word, was die buitepos Champ d'Or Nime buite Krugersdorp geleë. Jameson is egter naby Doornkop, buite Krugersdorp, gevange geneem. Aangesien die naam Champ d'Or Nime letterlik "veld van goud" beteken, mag dit hoogs waarskynlik wees dat Kuschke se buitepos naby Doornkop geleë was.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Superintendent Nauhaus, wat vir 'n tydlank die sendingwerk op Johannesburg behartig het, het met behulp van die evangelis, Joel Ntobong, die buiteposte Rietfontein, Jukskei en Krugersdorp gereeld besoek. Op aandrang van die Bantoegemeente te Rietfontein het die B.S.G. hierdie buitepos van die Hermannsburgse Sendinggenootskap oorgeneem.[210] Op die vooraand van die Tweede Vryheidsoorlog het die omvang van die sendingwerk so uitgebrei dat daar, met behulp van tolke, in sewe Bantoetale vir 'n gemeente van 717 lidmate gepreek is.[211] In 1899 is die buiteposte Rietfontein en Randfontein egter aan die nuutgestigte stasie Krugersdorp oorgedra. Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog het die stasie Johannesburg, wat kerkbesoek betref, 'n besondere tendens getoon. In 1900 het slegs 40–50 persone Sondae die eredienste bygewoon, teenoor die 1 000 besoekers Sondae in 1902.[212] Hoewel Kuschke aan die begin van die oorlog nie meer sy buiteposte kon besoek nie, was hy nietemin toegelaat om die Boerevroue en kinders in die konsentrasiekampe te besoek.[213]

(f) Die Sendingwerk in Pretoria en Omgewing

(i) *Die Sendingstasie Pretoria*

Met die aankoms van die eerste Anglikaanse biskop, H. B. Bousfield, in Pretoria in 1879 was die B.S.G. nie meer die enigste sendinggenootskap in Pretoria nie. Biskop Bousfield het eerw. Grünberger van Pretoria meegedeel dat hy van voorneme was om so spoedig moontlik met sendingwerk in Pretoria te begin.[214] In vergelyking met die B.S.G. het die Anglikane 'n agterstand van bykans 14 jaar gehad. Trouens, in 1879 het Grünberger se gemeente te Pretoria reeds 715 lidmate getel.[215] Selfs op die buitepos Edendale, wat streng gesproke nie tot die B.S.G. behoort het nie, daar die plaas waarop hierdie buitepos geleë was Grünberger se persoonlike eiendom was, het die sendingwerk goeie vordering getoon. In 1880 is die pas voltooide kerkgebou op Edendale ingewy, waarna Grünberger die gemeente daar gereeld besoek het.[216]

Die omvang van Grünberger se sendingwerk het sy kragte in so 'n mate uitgeput dat hy in 1885 verplig was om vir 'n tyd lank met verlof te gaan met die gevolg dat eerw. Hermann Kuschke intussen die sendingwerk op Pretoria behartig het.[217] Benewens die gemeentes te Pretoria en Edendale was Grünberger ook verantwoordelik vir die versorging van die Gevangenis, asook vir die Bantoes afkomstig uit ander dele van Transvaal wat deur die landdros van Pretoria aan sy sorg opgedra is.[218] Op Frischgewaagd, soos die sendingstasie Pretoria sedert die stasie se verskuiwing vanaf Skinnerstraat na Boomstraat in 1880 bekend gestaan het,[219] het die sendingwerk sulke goeie vordering getoon dat Grünberger in 1887 die Regering versoek het om die 12 erwe wat hulle in 1867 aan dr. Wangemann belowe het, aan hom toe te wys sodat hy sy stasie kon uitbrei. Grünberger het egter besef dat die moontlikheid dat hy hierdie erwe sou ontvang maar skraal was, aangesien die Regering reeds voorheen 'n soortgelyke ver-

210. *Berliner Missionsberichte, 1898*, p. 539.
211. *Berliner Missionsberichte, 1900*, p. 297.
212. *Berliner Missionsberichte, 1903*, p. 216.
213. *Berliner Missionsberichte, 1903*, p. 216.
214. *Berliner Missionsberichte, 1880*, p. 147.
215. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 243.
216. *Berliner Missionsberichte, 1880*, p. 151; B.A.: F. Grünberger – C. T. Nauhaus, d.d. Pretoria, 27.12.1883.
217. B.A.: F. Grünberger – C. T. Nauhaus, d.d. Pretoria, 1.10.1885.
218. T.A.: Landdros Pretoria, Band 33: L.P. No. 340, J. C. Krogh – F. Grünberger, d.d. Pretoria, 30.11.1878; S.S. 8649: R1016/80, Koloniale Sekretaris – F. Grünberger, d.d. Pretoria, 5.6.1880; *Berliner Missionsberichte, 1885*, p. 327.
219. Kyk P. K. E. Sack: 'n Persoonlike Herinnering. Skoolplaas (*Pretoriana* No. 46, Des. 1964, p. 28); Die stasie het ook as Skoolplaas bekend gestaan. Kyk T.A.: 87, M. S. D. Stahl-versameling: W. 87/B/2 Regulatien voor het Bestuur der Kafferlocatie of "Schoolplaats" Pretoria. Dié benaming is egter nooit in die *Missionsberichte* gebruik nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

soek van eerw. Knothe van die hand gewys het. Die Regering het dan ook Grünberger se versoek geweier en aangevoer dat hulle nie by magte was om 'n onderneming van die destydse Regering te bekragtig nie. Die Regering het nietemin op grond van Grünberger se waardevolle diens aan sowel blank as Bantoe 'n stuk grond wat aan die bestaande sendingstasie gegrens het aan die B.S.G. geskenk.[220]

Die sendingstasie Pretoria het teen 1888 ongeveer 45 akkers grond beslaan, waarop 500 mense woonagtig was. Die grond is in erwe verdeel en elke inwoner, wat 'n erf ontvang het, moes aan die B.S.G. £1 huur per jaar betaal. Op Pretoria het Grünberger 'n bekwame evangelis, Frans Mogobokoane, as onderwyser aangestel en onder sy leiding het die kinders wat die skool besoek het, en wat in 1887 op 350 te staan gekom het, 'n deeglike opleiding ontvang. Frans was veral lief vir musiek en het na verloop van tyd 'n puik koor tot stand gebring.[221]

So suksesvol was Grünberger met sy sendingwerk dat hy na 19 jaar se diens in 1888 met 'n gevoel van groot tevredenheid op sy werk kon terugkyk. Sy gemeente te Pretoria het toe op sowat 1 724 persone te staan gekom. Dit was altyd Grünberger se begeerte om sy volle aandag aan die bearbeiding van die Duitse gemeente wat hy vir die afgelope 15 jaar om hom versamel het te skenk.[222] Gevolglik het Grünberger by die Komitee in Duitsland aansoek gedoen dat eerw. Carl Sack van die sendingstasie Makabêng in die Noord-Transvaalse sinodale streek die stasie Pretoria moes oorneem.[223] Grünberger se versoek is toegestaan en in 1890 het hy pastoor van die Duitse Kerk te Pretoria geword. Hy het egter nog die sendingwerk op sy eiendom Edendale voortgesit.[224]

Te midde van die Bapedi-afskeiding in Sekhukhuneland het eerw. Sack die stasie Pretoria oorgeneem en uit vrees dat die Bapedi-Lutherse Kerk die gemeentes te Pretoria asook op die buiteposte Kalkberg, Bekane en Wonderboomspoort, tot hulle geloof kon oorhaal, het Sack die buiteposte dikwels besoek. Tot sy groot vreugde het hy daarin geslaag om te voorkom dat die Bapedi-Lutherse Kerk 'n skeuring in sy gemeentes veroorsaak.[225] Trouens, 'n bestendige groei het sy gemeentes gekenmerk en aan die einde van 1893 het die gemeentes gesamentlik reeds 1 682 lidmate getel.[226] Die sendingwerk is verder uitgebrei deur nuwe buiteposte te stig en talle preekplekke tot stand te bring.[227]

Ten spyte van Grünberger se pogings om die sendingwerk op Edendale onafhanklik van die B.S.G. voort te sit, het die omvang van sy werk hom aan die begin van die negentigerjare verplig om die gemeente aldaar aan die B.S.G. oor te dra.[228] Onder eerw. Sack het dié buitepos van Pretoria 'n geweldige groei getoon sodat die sendingwerk teen 1898 vir Sack te veel geword het. Die enigste oplossing was dus om daarop aan te dring dat 'n tweede sendeling na Pretoria gestuur moes word ten einde met die sendingwerk op die buitepos Edendale behulpsaam te wees. Sack was bevrees dat indien die Komitee in Duitsland nie 'n tweede sendeling na Pretoria stuur nie, die gemeente op Edendale na 'n ander sendeling sou soek. Die Komitee was egter nie bereid om 'n sendeling op Edendale te stasioneer nie aangesien die plaas, waarop Edendale geleë was, nie hulle eiendom was nie. Met die oog hierop het die B.S.G. met Grünberger en sy vennoot, eerw. Heinrich Kallenberg, begin onderhandel om die plaas waarop die stasie geleë was aan te koop; 'n transaksie wat eers na afloop van die Tweede Vryheidsoorlog afgehandel sou word.[229]

220. *Berliner Missionsberichte, 1888*, p. 354; *Berliner Missionsberichte, 1889*, p. 371.
221. *Berliner Missionsberichte, 1888*, p. 353.
222. *Berliner Missionsberichte, 1889*, p. 371.
223. *Berliner Missionsberichte, 1889*, p. 373.
224. S.N.A. 41: SNA 346/1904, History of Edendale by C. Hoffmann, d.d. Edendale, 15.2.1904.
225. *Berliner Missionsberichte, 1894*, pp. 303–4.
226. *Berliner Missionsberichte, 1894*, p. 306.
227. *Berliner Missionsberichte, 1896*, pp. 45–7.
228. S.N.A. 41: SNA 346/1904, History of Edendale by C. Hoffmann, d.d. Edendale, 15.2.1904.
229. S.N.A. 41: SNA 346/1904, History of Edendale by C. Hoffmann, d.d. Edendale, 15.2.1904.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Intussen het die Tweede Vryheidsoorlog die sendingwerk op die buiteposte van Pretoria erg aan bande gelê deurdat Sack nie toegelaat was om Pretoria te verlaat en sy buiteposte te besoek nie. Sack was van die gemeente op die buitepos Kaalfontein geheel en al afgesny sodat die meeste gemeentelede die buitepos verlaat het. Op die buiteposte Kalkberg en Bekane het die gemeentegetalle aansienlik gekrimp vanweë die talle persone wat as gevolg van die oorlog hierdie buiteposte verlaat het. In teenstelling met die buiteposte, het die gemeente in Pretoria getrou en gereeld die eredienste besoek sodat daar in 1902 reeds 2 628 lidmate was.[230] Na afloop van die oorlog het Sack die sendingwerk op Frischgewaagd voortgesit terwyl eerw. H. Schloemann, wat Nauhaus in 1903 as superintendent opgevolg het, die werk op Edendale oorgeneem het.

(ii) *Wallmannsthal*

Nadat eerw. Knothe in 1878 die sendingstasie Wallmannsthal verlaat het, is die sendingwerk aldaar deur eerw. Robert Kühl oorgeneem. Kort hierna het Jan Kekana sy vyandige en afsydige houding teenoor die B.S.G. berou en weer eens toenadering by Kühl gesoek. Hierdie versoening met Kekana het tot gevolg gehad dat die plaas Leeuwkraal, waarop Kekana hom gaan vestig het, 'n belangrike buitepos van Wallmannsthal geword het. Kühl het gereeld 'n evangelis daarheen gestuur om die kerkdienste waar te neem.[231] Kekana het tot met sy dood in 1887 getrou gebly aan die B.S.G. Op sy sterfbed het hy sy onderdane versoek om hom in die kerkhof te Wallmannsthal te begrawe sodat sy graf as 'n simbool van sý en sy nakomelinge se verbintenis met die B.S.G. sou dien.[232] Kekana se seun, Karl, wat hom in 1887 as opperhoof opgevolg het, wou nadat hy onder kerklike tug geplaas is, weliswaar tot die Wesleyaanse Sendinggenootskap oorgaan, maar toe Kühl hom die graf van sy vader en op dié se laaste wens gewys het, het Karl Kekana van sy voorneme afgesien en het hy tot met sy dood op 15 Mei 1916 aan die B.S.G. getrou gebly.[233]

Op Kalksloot waar Kühl ook 'n buitepos opgerig het,[234] moes die evangelis uit sy amp ontslaan word as gevolg van sy onvoorbeeldige lewenswandel. In sy plek het Kühl die evangelis Hiskia Ramasodi aangestel wat, soos dit weldra geblyk het, 'n baie goeie keuse was.[235] Op sowel Wallmannsthal as die buiteposte het die sendingwerk goeie vordering getoon, en hoewel daar steeds gewaak moes word teen die indringing van die Weslane en na 1890 die Bapedi-Lutherse Kerk, het Wallmannsthal aan die einde van 1893 'n gemeente van 617 lidmate gehad.[236]

Die laaste tien jaar voor die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog in 1899 moes die inwoners van Wallmannsthal 'n opdraande stryd teen die natuur voer. Droogtes, sprinkane, malaria-epidemies en die runderpes het hulle aandag grotendeels tot 'n stryd om bestaan gereduseer. Veral die malaria het baie lewens geëis en gedurende die eerste maande van 1897 moes Kühl feitlik daagliks 'n begrafnisdiens waarneem. Daar was selfs dae wat Kühl tot drie persone per dag begrawe het.[237]

Met die dood van eerw. Kühl op 6 Mei 1900[238] kon Wallmannsthal as gevolg van die Tweede Vryheidsoorlog nie weer dadelik deur 'n blanke sendeling beset word nie. Kort na Kühl se dood het verskeie gevegte tussen die Boere en Engelse naby Wall-

230. *Berliner Missionsberichte, 1903*, p. 210.
231. Kyk S.S. 647: R2445/82, Rapport van die Kommissie tot Ondersoek van Sendelinge en Sendingstasies, d.d. Pretoria, 19.5.1882.
232. *Berliner Missionsberichte, 1888*, pp. 357 en 425–7.
233. *Berliner Missionsberichte, 1889*, p. 433; Kyk ook B.A.: Johannes Trümpelmann: Tagebuch während der Kriegszeit, 2 August 1914 – 31 Oktober 1917.
234. *Berliner Missionsberichte, 1882*, p. 147.
235. *Berliner Missionsberichte, 1889*, p. 148.
236. *Berliner Missionsberichte, 1888*, p. 355; *Berliner Missionsberichte, 1894*, p. 307.
237. *Berliner Missionsberichte, 1898*, pp. 466–7.
238. T.A.: Boedelstukke, Boedel no. 933, R. T. F. Kühl; *Berliner Missionsberichte, 1903*, p. 212; Vgl. J. S. Bergh: Die Berlynse Sendinggenootskap, p. 74.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

mannsthal plaasgevind en was mev. Kühl verplig om met haar kinders na Pretoria te vlug. Kort daarna is die sendingstasie deur die Boere geplunder. Dit was die enigste geval waar die Boere gedurende die oorlog 'n Berlynse sendingstasie geplunder het; vermoedelik het veldkornet T. Pretorius, wat volgens die *Missionsberichte* reeds voor die oorlog vyandig teenoor die stasie gesind was, die plundering van stapel gestuur.[239] Dit het daartoe aanleiding gegee dat die inwoners dit sterk oorweeg het om Wallmannsthal te verlaat en 'n ander verblyfplek te soek. Die evangelis Johannes Nkoane, wat bevrees was dat die gemeente as gevolg van 'n verhuising heeltemal sou verbrokkel, het die gemeente egter oorreed om op die stasie te bly.[240]

Aangesien geen getalle oor Wallmannsthal gedurende die oorlog bekend is nie moet daar met die getalle soos dit in 1898 was, volstaan word. In daardie stadium was daar 1 088 gemeentelede.[241]

(iii) *Die Stasie Neu-Halle (Maripjane)*

Aan die einde van 1878 het eerw. Otto Sachse sy sendingstasie Neu-Halle of Maripjane soos die Bakgatla ba ga Motsha die stasie genoem het, beskryf as 'n plek van voortdurende vrees en opskudding. Hy het die opperhoof, Andries Maubane, daarvoor verantwoordelik gehou.[242] As gevolg van Maubane se gesindheid teenoor Sachse en die gemeente te Neu-Halle het Sachse 'n sterk vermoede gehad dat Maubane 'n aandeel aan Dawid se dood, een van Sachse se getroue lidmate, gehad het.[243]

Ofskoon Sachse, soos reeds daarop gewys, die nominale eienaar van die vier plase waarop Maubane en sy onderdane gewoon het en *de facto* eienaar van die helfte van die plaas Schilpadfontein was, het Maubane Sachse se verblyf so onaangenaam gemaak dat hy selfs daaraan begin dink het om die stasie te verlaat.[244] Omdat Sachse hom nie met die nuwe superintendentskapsreglement van sy Genootskap kon vereenselwig nie het hy in Oktober 1879 die diens van die B.S.G. verlaat.[245] Daarna het hy 'n prokureur in Pretoria benoem om oor die grondtransaksie tussen hom en Maubane toesig te hou.[246]

Sachse se opvolger, eerw. Otto Rudolph Kahl, wat die stasie in Julie 1880 oorgeneem het en uit Rawitsch in Posen, Duitsland,[247] afkomstig was, het nie slegs Maubane se vyandige gesindheid teenoor die sendingwerk geërf nie, maar terselfdertyd ook die hele grondkwessie. Gesien in die lig van die probleem wat daar in verband met die grondkwessie ontstaan het en die invloed wat dit op die sendingwerk op Neu-Halle gehad het, vorm dit vanselfsprekend een van die belangrikste hoofstukke in die geskiedenis van hierdie stasie. Die gemeente wat in 1882 uit sowat 30 huisgesinne bestaan het,[248] is voortdurend op een of ander wyse deur Maubane verhinder om hulle geloof te beoefen.[249]

In 1884 het die verhouding tussen Maubane en sy Christenonderdane 'n krisispunt bereik. Die Christene op sowel Neu-Halle as op Maubane se grond, altesaam ongeveer 400 persone, is deur Maubane verplig om, benewens hulle gewone belasting nog 'n

239. *Berliner Missionsberichte, 1903*, p. 212.
240. *Berliner Missionsberichte, 1903*, p. 212.
241. A. Merensky: *Missions-Atlas*, p. 33.
242. S.S. 318: R4401/78, Kyk M. Osborne se opmerking op brief van O. Sachse, d.d. Neu-Halle, 17.12.1878.
243. S.S. 318: R4401/78, O. Sachse – M. Osborn, d.d. Neu-halle, 11.12.1878.
244. S.S. 318: R4401/78, O. Sachse – M. Osborn d.d. Neu-Halle, 11.12.1878.
245. *Berliner Missionsberichte, 1880*, p. 167.
246. B.A.: Volmag gegee deur O. Sachse – J. Preller van die firma Preller en De Villiers, d.d. Louwsbaken, 4.12.1880.
247. B.M.A.: Personalakten, O. R. Kahl; E.A.: Ordeningsbrief van O. R. Kahl, d.d. Bothšabêlo, 21.8.1880; Vgl. J. S. Bergh: Die Berlynse Sendinggenootskap, p. 161; Bergh beweer dat Kahl reeds in 1873 op Neu-Halle was, hoewel Kahl eers in 1875 na Suid-Afrika gekom het.
248. S.S. 647: R2445/82, Rapport van die Kommissie tot Ondersoek van Sendelinge en Sendingstasies in die distrikte Middelburg, Pretoria en Rustenburg, d.d. Pretoria 19.5.1882.
249. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 258.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ekstra belasting aan hom te betaal. As rede hiervoor het Maubane aangevoer dat sy heidense onderdane benewens die gewone belasting wat hulle aan hom betaal, ook nog 'n bykomende hoeveelheid koring aan hom skenk uit dankbaarheid vir die feit dat die opperhoof gesorg het dat genoeg reën geval het. Aangesien die Christene nie aan Maubane koring geskenk het nie, omdat hulle dit as 'n reëndankoffer beskou het, wou Maubane hulle op hierdie wyse verplig om 'n bykomende belasting van 2/6 jaarliks te betaal.[250]

Toe Maubane besluit het om hierdie 2/6 belasting van die Christene in te vorder, was Kahl nie op die stasie nie[251] en omdat die Christene geweier het om die 2/6 te betaal, aangesien hulle dit as 'n reëndankoffer in 'n ander vorm beskou het, het Maubane Nauhaus meegedeel dat sy Christenonderdane weier om hulle belasting te betaal. Maubane het egter nie aan Nauhaus die volle waarheid meegedeel nl. dat dit oor die bykomende belasting gaan nie, en gevolglik was Nauhaus onder die indruk dat die Christene geweier het om aan Maubane enige belasting hoegenaamd te betaal. Gevolglik het Nauhaus die Christenonderdane van Maubane vermaan om hulle belasting te betaal. Maubane het later ook vir eerw. Kahl onder die indruk gebring dat die Christene geweier het om belasting te betaal, waarop Kahl eweneens die Christene vermaan het om hulle belasting, en dit wil sê ook die bykomende 2/6, aan Maubane te betaal.[252] Aangesien die Christene volhard het in hulle weiering om die bykomende belasting aan Maubane te betaal, het laasgenoemde hom weer eens tot Nauhaus gewend en hom versoek om so spoedig moontlik met die Christene op Neu-Halle te kom praat, daar hulle steeds in gebreke bly om hulle opperhoof te gehoorsaam.[253] As gevolg van hierdie gebeure het daar 'n groot verdeeldheid in die gemeente ontstaan. Een gedeelte was wel bereid om die bykomende belasting te betaal, in weerwil van die wete dat dit 'n reëndankoffer was, terwyl die ander gedeelte geweier het en selfs vir Nauhaus en Kahl daarvan beskuldig het dat hulle deur hulle optrede, naamlik om daarop aan te dring dat ook die bykomende belasting betaal moes word, besig was om die Christene weer na die heidendom terug te dryf. Aangesien Nauhaus weens sy menigvuldige verpligtinge nie dadelik die stasie kon besoek nie het die toestand op die stasie inmiddels feitlik daagliks verswak. Die gemeente het selfs geweier om nagmaal te gebruik en hulle het so 'n vyandige gesindheid teenoor Kahl openbaar dat hy besef het dat, indien die hele aangeleentheid nie dadelik tot 'n punt gedryf word nie, hy nie langer op Neu-Halle sou kon bly nie.[254]

Dr. Wangemann wat Neu-Halle tydens sy reis na Modimulle, waar die gesamentlike sinode van die Suid- en Noord-Transvaalse sinodale streke sou plaasvind, in 1885 besoek het, het die toestand so kritiek gevind dat hy bly was dat Nauhaus nog nie daar was nie, aangesien hy van mening was dat nòg Nauhaus nòg Kahl nòg hyself die werklike oorsake van die ontevredenheid begryp het. Nauhaus se teenwoordigheid kon sake dus moontlik net verder vertroebel.[255] Gevolglik het Wangemann besluit dat die hele aangeleentheid op Modimulle met die ander sendelinge en die Bantoe-evangeliste bespreek moet word om sodoende ook hulle advies in te win. Na deeglike bespreking is daar tot die slotsom gekom dat Andries Maubane se bykomende belasting van 2/6, wat die Christene moes betaal, beslis gelykstaande was aan die bykomende koring wat die heidene as reëndankoffer aan hom geskenk het. Die belasting van 2/6 was met ander woorde 'n reëndankoffer net in 'n ander vorm. Met hierdie gegewens tot sy beskikking

250. *Berliner Missionsberichte, 1886*, p. 166.
251. Kyk B.A.: O. Kahl – C. T. Nauhaus, d.d. Linokane, 6.11.1883; B.A.: O. Kahl – C. T. Nauhaus, d.d. Neu-Halle, 17.12.1883.
252. *Berliner Missionsberichte, 1886*, p. 166.
253. B.A.: Andries Maubane Mahoëpi – C. T. Nauhaus, d.d. Maripjane, 4.6.1884.
254. *Berliner Missionsberichte, 1886*, p. 167.
255. *Berliner Missionsberichte, 1886*, p. 167; H. T. Wangemann: *Ein zweites Reisejahr in Süd-Afrika*, pp. 271–9.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het Wangemann besluit dat hy self die aangeleentheid op Neu-Halle die hoof sal probeer bied.

Voortvloeiende daaruit het Wangemann 'n volksvergadering te Neu-Halle belê. Daar het dit toe duidelik geblyk dat die Christene wel hulle belasting getrou en gereeld aan Maubane betaal het, maar dat hulle slegs geweier het om die bykomende belasting te betaal, aangesien hulle dit as 'n reëndankoffer beskou het.[256] Maubane het by daardie geleentheid openlik erken dat hy die Christene en Nauhaus onder 'n valse indruk met betrekking tot die bykomende belasting gebring het. Die Christene het egter deur Maubane se plan gesien en derhalwe die weiering om te betaal en die gevolglike krisis. Die uiteinde van die saak was dat Wangemann aan Maubane opdrag gegee dat hy geen bykomende belasting van die Christene mag invorder nie. Verder het Wangemann bepaal dat alle inwoners op die eiendom van die B.S.G., dit wil sê op die helfte van die plaas Schilpadfontein, jaarliks 10/- grondbelasting aan die Genootskap moes betaal.[257] Ofskoon Maubane hom oënskynlik daarby berus het, het hy egter op ander maniere uiting aan sy ontevredenheid gegee. So byvoorbeeld het hy sy onderdane aangemoedig om geen hulp aan Kahl te verleen nie. Dit het egter nie die vooruitgang op Neu-Halle op enige noemenswaardige wyse beïnvloed nie en die bouwerk aan die nuwe kerkgebou en 'n huis vir die sendeling het goed gevorder.[258]

Die grondkwessie het kort daarna vir die B.S.G. 'n gunstiger wending geneem. Die plase wat Sachse vir Maubane gekoop het, is in trust vir Maubane en sy volk op die naam van die Superintendent van Naturelle as 'n lokasie getransporteer.[259] Maubane het weliswaar daarteen beswaar aangeteken en het aangevoer dat die plase sy persoonlike eiendom was.[260] Maubane het egter op een of ander wyse sy skuldbewys, wat Sachse aan hom uitgereik het, verlore laat gaan[261] met die gevolg dat Sachse, wat in 1879 die diens van die B.S.G. verlaat het, vir die agterstallige eiendomsbelasting verantwoordelik gehou was.[262]

Uiteraard het die geskil wat daar in verband met hierdie grond ontstaan het die B.S.G. in groot verleentheid geplaas, des te meer toe Sachse daarna vir die agterstallige grondbelasting verantwoordelik gehou is. Omdat Sachse egter nie meer in die diens van die Genootskap was nie het hy sy verantwoordelikheid ten opsigte van die belasting op die B.S.G. afgeskuif.[263] Om hierdie probleem die hoof te bied het die B.S.G. gevolglik hulle gedeelte van Schilpadfontein as lokasie vir Maubane laat verklaar en sodoende is die aanspreeklikheid van Sachse en dus ook die B.S.G. beëindig.[264]

Te midde van al hierdie probleme het Kahl se gemeente tog tekens van groei getoon. Die moeilikste jaar vir Kahl was ongetwyfeld 1888. Dwarsdeur die jaar moes Kahl na Maubane se onaangename verwyte en skeltaal luister wat hy, veral onder die invloed van drank, kwytgeraak het.[265] Hoewel Maubane by tye sy gesindheid teenoor Kahl en

256. *Berliner Missionsberichte, 1886*, pp. 167–8.
257. B.A.: Kennisgewing ter bevestiging van die Wangemann-bepaling met betrekking tot 10/- grondbelasting, d.d. Bothšabêlo 11.2.1891. Wangemann se bepaling was in hierdie geval slegs op Neu-Halle van toepassing.
258. B.A.: O. Kahl – C. T. Nauhaus, d.d. Neu-Halle, 16.9.1884; B.A.: O. Kahl – C. T. Nauhaus, d.d. Neu-Halle, 10.10.1885.
259. Kyk L.A. 13, VI, 1908: No. 198, Verslag oor A. Maubane se lokasie.
260. B.A.: C. T. Nauhaus – Landmeter-Generaal, ongedat.
261. B.A.: O. Sachse – C. T. Nauhaus, d.d. Pretoria, 12.4.1888; S.S. 1692: R7176/88, O. Sachse – President en Uitvoerende Raad, d.d. Louwsbaken, 4.8.1888.
262. Kyk B.A.: H. J. Kroep – O. Kahl, d.d. Waterberg, 15.7.1886; S.S. 2095: R10400/89, P. J. Joubert – W. J. Leyds, d.d. Pretoria, 31.10.1889.
263. B.A.: O. Sachse – C. T. Nauhaus, d.d. Pretoria, 12.4.1888.
264. B.A.: Prokureurs Cooper en Maré – C. T. Nauhaus, d.d. Pretoria, 11.6.1887; B.A. Koopbrief opgestel tussen C. T. Nauhaus (namens die B.S.G.) en A. Maubane Mahoëpi d.d. Maripjane, 27.6.1887; Dié aangeleentheid sou eers aan die begin van die twintigste eeu finaal opgelos word toe die hele plaas Schilpadfontein aan Maubane se volk as lokasie toegeken is. Kyk B.A.: O. Kahl – M. Gensichen, d.d. Neu-Halle, 14.2.1910.
265. B.A.: O. Kahl – C. T. Nauhaus, d.d. Neu-Halle, 4.12.1888.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die sendingwerk so verander het dat hy selfs by geleentheid die begeerte uitgespreek het om gedoop te word,[266] het hy nietemin oor die algemeen vyandig en afsydig teenoor die sendingwerk gestaan. Maubane het tot met sy dood in 1890 'n verstokte heiden gebly.

Maubane se dood het nog geensins al die probleme op Neu-Halle uit die weg geruim nie, want in dieselfde jaar waarin hy oorlede is, het die Bapedi-Lutherse Kerk met groot ywer op Neu-Halle toegeslaan. Kahl het alles in sy vermoë probeer doen om die Bapedi-Kerk van sy stasie en buiteposte weg te hou en het selfs die Regering versoek om in te gryp. Dit het egter alles niks gehelp nie en die Bapedi-Lutherse Kerk het daarin geslaag om die buitepos Nain in sy geheel oor te neem.[267] Dit het meegebring dat Kahl nagenoeg 70 gemeentelede verloor het. Nogtans het die gemeente op Neu-Halle wat aan die B.S.G. getrou gebly het aan die einde van 1893 op 544 siele te staan gekom uit 'n totale bevolking van sowat 3 000.[268]

Die laaste tien jaar van die negentiende eeu was vir Neu-Halle, op materiële gebied, moeilike jare. Maubane se moeder, Masekaseka, wat na sy dood as regentes opgetree het, het met dieselfde vyandige gesindheid teenoor die sendingwerk volhard as wat haar seun geopenbaar het en het haar onderdane opgesweep om te weier om die 10/- belasting aan die B.S.G. te betaal, aangesien sy die mening toegedaan was dat "de leeraar heeft geen land".[269] In April 1893 het die sprinkane die gesaaides verwoes en Maripjane het soos 'n woestyn gelyk. As gevolg van hierdie omstandighede het Kahl die Regering versoek om aan sy gemeentes op Neu-Halle en die buiteposte uitstel te gee om hulle jaarlikse hutbelasting aan die Regering te betaal.[270] Daarna het ook nog droogtes, pokke, malaria en runderpes die stasie getref met die gevolg dat daar aan die begin van 1898 reeds 460 persone op Maripjane gesterf het.[271]

Die enigste ligpunt wat daar vir Kahl in hierdie donker dae was, was die feit dat Maubane se opvolger, die jong opperhoof Robert Moëpi of Siwišh, gereeld die doop-onderrig bygewoon het en dat hy te eniger tyd die doop kon ontvang. Dit was slegs sy ouma, Masekaseka, wat steeds die datum uitgestel het.[272] Kort na die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog is Robert Moëpi gedoop, wat op sigself een van die grootste deurbrake was wat die evangelie op Neu-Halle gemaak het. Na 31 jaar van harde en opofferende werk kon Kahl ten einde laas die vrugte van sy arbeid begin pluk. Met die uitbreek van die oorlog is die sendingwerk tydelik onderbreek toe Kahl en sy gesin vir 18 maande lank in Pretoria deur die Engelse aangehou is. Die gemeente het hulle tydens Kahl se afwesigheid egter bo alle verwagting baie goed gedra en het uit eie beweging geld ingesamel om 'n wa te koop waarmee hulle Kahl en sy familie na die oorlog in Pretoria gaan haal het.[273] Met sy terugkoms op die stasie was daar 'n gemeente van 1 008 siele.[274] Kahl het tot in sy 80ste lewensjaar die sendingwerk op Neu-Halle behartig. Gedurende 46 jaar van getroue diens het Kahl in weerwil van lang siekbeddens, 2 700 persone van die Bakgatla ba ga Motsha-stam gedoop. Met die viering van sy 80ste verjaarsdag op 28 April 1926 het die Komitee van die B.S.G. in Kahl se lêer aangeteken, "In der Geschichte unserer Südafrikamission werden die Namen Neu-Halle und Otto Kahl allezeit aufs engste mit einander verbunden fortleben".[275] Otto Kahl is op 30 Julie 1926 oorlede en lê begrawe op die vlakte van Maripjane tussen diegene aan wie hy sy hele lewe gewy het en vir wie hy sy kragte opgeoffer het.

266. *Berliner Missionsberichte, 1889*, p. 406; *Berliner Missionsberichte, 1890*, p. 339.
267. *Berliner Missionsberichte, 1894*, p. 312; E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 259.
268. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 259; *Berliner Missionsberichte, 1894*, p. 315; S.S. 1609: R3652/88, O. Kahl – P. J. Joubert, d.d. Neu-Halle, 5.2.1888.
269. S.N. 36: S.R. 833/92, O. Kahl – C. E. Schutte, d.d. Neu-Halle, 4.8.1892.
270. S.S. 3800: R7597/93, O. Kahl – P. J. Joubert, d.d. Neu-Halle, 22.5.1893.
271. *Berliner Missionsberichte, 1889*, p. 240.
272. *Berliner Missionsberichte, 1900*, p. 292.
273. *Berliner Missionsberichte, 1903*, p. 214.
274. *Berliner Missionsberichte, 1903*, p. 215.
275. B.M.A.: Personalakten, O. Kahl.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 7

DIE SINODE NOORD-TRANSVAAL, 1878–1900

Aangesien die sendingwerk van die B.S.G. in Transvaal teen 1878 sulke geweldige afmetings aangeneem het, het die Komitee in Duitsland, soos reeds daarop gewys, besluit om Transvaal in twee sinodale streke, te wete 'n Suid-Transvaalse en Noord-Transvaalse streek, te verdeel. As eerste superintendent van die Noord-Transvaalse sinodale streek het die Komitee eerw. Carl Knothe van Wallmannsthal benoem. In Desember 1878 het Knothe, met die toestemming van die Engelse Tussenbewind in Transvaal, die stasie Mp'hôme op die Houtbosberge, nagenoeg 50 km. oos van Pietersburg, aangelê.[1] Mp'hôme sou tot in 1896 diens doen as sinodale hoofkwartier van die Noord-Transvaalse sinodale streek.

1. Superintendentskap van C. Knothe, 1878–92

Carl Knothe is op 6 Desember 1838 in Tomasov in die Russiese gedeelte van Pole gebore, waar sy Duitse ouers tot 1843 woonagtig was. Daarna het die Knothe-familie na Görlitz, Duitsland, verhuis, waar hy sy skoolloopbaan voltooi het. In 1859, "hörte Knothe den Ruf der Heiden: Kommt und helft uns", waarna hy tot die B.S.G. toetree om as sendeling opgelei te word.[2] In 1863 word Knothe na Transvaal gestuur waar hy aanvanklik as hulpsendeling op Kchalatlolu werksaam was. Later in 1866 en 1867 het eerw. Knothe onderskeidelik die sendingstasies Pretoria en Wallmannsthal gestig. Hy doen op laasgenoemde sendingwerk totdat hy, na sy benoeming as superintendent van die Noord-Transvaalse sinodale streek, op 12 Oktober 1878, na die stasie Mp'hôme wat hy in Desember 1878 aangelê het, verhuis het.

(*a*) *Mp'hôme as Sinodale Hoofkwartier*

Net soos in die geval van Bothšabêlo, wat die middelpunt van die Suid-Transvaalse sinodale streek was, het die sendingstasie Mp'hôme die middelpunt van die sendingwerk in die Noord-Transvaalse sinodale streek geword. As hoofkwartier van die superintendent sou Mp'hôme dieselfde taak vir Noord-Transvaal moes vervul as wat Bothšabêlo vir Suid-Transvaal vervul het. Gevolglik was Knothe verplig om in die eerste jare van sy verblyf op Mp'hôme te sorg dat die stasie in die behoeftes van die Noord-Transvaalse sinodale streek voorsien, en om dit te kon doen moes die stasie wat Knothe in 1878 aangelê het eers opgebou word.

Aanvanklik het eerw. Knothe met uiterste vyandigheid van die twee opperhoofde Mamabola en Dikgale (lg. wat tot die Matlalastam behoort het[3]), te kampe gehad. Hulle het hulle onderdane belet om Mp'hôme te besoek, en allermins om daar te woon. Nog lank voor die anneksasie van Transvaal in 1877, het Dikgale sy onderdane wat weinig belangstelling in die Christelike geloof getoon het, wreed vervolg, sodat die Naturellekommissaris vir Soutpansberg, Oscar Dahl, verplig was om aan daardie onderdane 'n woonplek naby Mpahlele op die grens van Sekhukhuneland aan te wys. Aangesien hierdie woonplek egter te ver van hulle oorspronklike woonplek, asook die sendingstasie Mp'hôme af was, het Knothe die plaas Zuiverfontein, sowat twee uur te voet vanaf Mp'hôme, aangekoop en die toestemming van die Engelse Tussenbewind verkry om die Bantoes daar te laat woon.[4] Op 25 Februarie 1879 kon Knothe op

1. S.S. 283: R1752/78 A. Merensky – M. Osborn, d.d. Bothšabêlo 27.5.1878; S.S. 327: R374/79, C. Knothe – H. C. Shepstone d.d. Woodbush-Mountain, 30.12.1878; B.M.A. Personalakten, C. Knothe.
2. B.M.A.: Personalakten, C. Knothe.
3. *Berliner Missionsberichte, 1880*, p. 388.
4. S.S. 327: R374/79, C. Knothe – H. C. Shepstone, d.d. Woodbush-Mountain, 30.12.1878.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Zuiverfontein 'n buitepos, Lešoane, oprig wat uiters sentraal geleë was daar dit naby die krale van Dikgale, Mamabola en Molepo geleë was.[5] Ongeveer 200 persone het hulle binne enkele maande op hierdie buitepos kom vestig. Knothe se Bantoe-evangelis, Timotheus Sello, wat hom na Mp'hôme vergesel het, het feitlik al die werk op die buitepos behartig en het onder meer die skoolonderrig, Bybelklasse en daaglikse godsdiensoefeninge waargeneem. Timotheus het elke tweede Sondag in die maand 'n preekbeurt ontvang, alhoewel hy nog nie amptelik as pastoor bevestig was nie. In die tweede helfte van 1879 kon Knothe nog twee buiteposte, te wete Moletlane en Botlokoa, aanlê.[6]

Onder hierdie omstandighede kon Knothe dus bykans al sy kragte aan die uitbouing van Mp'hôme as sinodale hoofkwartier wy. Die eerste en sekerlik ook die belangrikste taak wat op Knothe gewag het, was net soos in die geval van Bothšabêlo, die oprigting van 'n seminarie vir Bantoe-evangeliste en -onderwysers wat diens kon doen op die onderskeie buiteposte wat, namate die sendingwerk uitgebrei het, om elke stasie van die B.S.G. ontstaan het.

Knothe het oor 'n besondere vermoë beskik om Bantoe-evangeliste en -onderwysers op te lei soos blyk uit die werk wat hy reeds op Wallmannsthal in hierdie verband gedoen het. In 1881 het Knothe die seminarie vir Bantoes op Mp'hôme ingewy. Ofskoon die seminarie op Mp'hôme nooit groter as die een op Bothšabêlo sou word nie, het dit nietemin 'n baie waardevolle diens aan die Noord-Transvaalse sinodale streek gelewer, nie slegs vir die Bantoes nie, maar ook vir die jong sendelinge wat pas uit Duitsland aangekom het en wat bestem was om in hierdie streek sendingwerk te doen. Op Mp'hôme het hulle goeie ondervinding opgedoen, alvorens hulle na hul eie sendingstasies moes vertrek.

Kort na Knothe se dood in 1892 het die Komitee van die B.S.G. besluit dat die seminaries van Mp'hôme en Bothšabêlo verenig moes word aangesien daar gemeen is dat twee seminaries onnodig was en dat een groot seminarie beter aan die doel sou beantwoord.[7] Die seminarie van Mp'hôme het egter waardevolle diens gelewer, sy dit dan ook net dat Knothe tydens sy dienstermyn daar die Nuwe Testament, asook 'n "Geloofsleer vir Bantoe-evangeliste", in Sotho vertaal het.[8]

Mp'hôme was egter ook op 'n heel ander wyse vir die sendelinge tot groot diens gewees, want daar is o.a. deur Knothe se toedoen 'n skool vir die kinders van die sendelinge opgerig. Dié skool, wat onder Knothe se toesig was, het in 'n groot behoefte voorsien aangesien die sendelinge andersins genoodsaak was om hulle kinders òf Duitsland toe òf na Hollandse skole in die Republiek te stuur.[9]

(*b*) *Uitbreiding van die Sendingwerk onder Knothe*

Bykans onmiddellik na sy vestiging op Mp'hôme, aan die einde van 1878, het Knothe Merensky se eerste verkenningstog van 1862 na die Lobedu- of Balobedustam[10] opgevolg deur 'n tweede verkenningstog soontoe te onderneem. Tydens sy reis na die Balobedu in Junie 1879 het Knothe een van sy vroeëre gemeentelede, 'n sekere Christoph ontmoet, wat hy reeds vroeër van Wallmannsthal af na die Balobedu gestuur het om die evangelie daar te gaan verkondig.[11] Knothe het toe saam met

5. *Berliner Missionsberichte, 1880*, p. 390; Kyk ook S.N.1(a): N129/79, C. Knothe – H. C. Shepstone d.d. Woodbush-Mountain, 3.6.1879.
6. *Berliner Missionsberichte, 1880*, pp. 390–4.
7. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 270 in voetnoot.
8. B.M.A.: Personalakten, C. Knothe.
9. G. Sauberzweig-Schmidt: *Festwoche*, p. 15.
10. M. Beyer: *Geschichte der Missionstation Medingen*, p. 5; F. Büttner: *Medingen in Nordtransvaal eine Stadt auf dem Berge*, p. 4.
11. *Berliner Missionsberichte, 1880*, pp. 380–1; H. T. Wangemann: *Khaschane-Mamathepa, Ein Lebensbild aus Nord-Transvaal, Südafrika*, p. 8; G. Sauberzweig-Schmidt: *Medingen eine Missionstation im Lande der Heidenkönigin Motyatye*, p. 5; M. Beyer: *Geschichte*, p. 22.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Christoph die Balobedu besoek, en aangesien hulle vriendelik ontvang is, het Knothe 'n hele paar plekke vir die moontlike oprigting van 'n sendingstasie aldaar in gedagte gehou.[12]

Die stigting van 'n sendingstasie onder die Balobedu in 1881 is verhaas as gevolg van 'n belangrike gebeurtenis wat in die jare tussen 1860 en 1870 in die geledere van die een helfte van die Balobedukoningshuis plaasgevind het. Die Lobedukoninkryk was in daardie stadium in twee verdeel, te wete die gedeelte wat te Modubêng woonagtig was, en waar Khašhane I se seun Mamathepa geregeer het, en die ander gedeelte wat te Balobedu woonagtig was, en waar die geheimsinnige reënkoningin Modjadji die septer geswaai het.[13] Die koninkryk van Modubêng was egter veel meer 'n tipe vasalgebied van Modjadji[14] en derhalwe het Modjadji na regte die hele Balobedustam regeer.

Mamathepa se seun Khašhane, wat hom later as Khašhane II[15] sou opvolg, het opgegroei in 'n atmosfeer van liefde en vertroue.[16] Op ongeveer agtienjarige ouderdom het daar by Khašhane 'n onkeerbare drang ontstaan om 'n geweer te koop, maar aangesien die Z.A.R. dit verbied het dat Bantoes vuurwapens mag besit, en derhalwe dit ook nie aan hulle sou verkoop nie, sou Khašhane na Natal of die Kaapkolonie moes gaan om 'n geweer te koop.[17] Derhalwe verlaat Khašhane, vergesel van 'n aantal jong mans uit sy stam, tussen die jare 1860 en 1870 Modubêng om 'n geweer te gaan koop.[18] Die reis moes kort-kort onderbreek word, aangesien hulle geen passe gehad het nie en hulle dan eers 'n tydlank op Boereplase moes werk om geld te verdien sodat die fooi verbonde aan 'n buitelandse pas betaal kon word.[19]

Khašhane en sy geselskap het uiteindelik Oos-Londen bereik waar hulle in die Pieriewoud gaan werk het om sodoende die nodige geld vir die aankoop van 'n geweer te verdien. Volgens Khašhane moes hy 'n hut deel met twee mans wat saans die Bybel gelees en gebid het. Aangesien dit Khašhane nie aangestaan het nie, het hy wanneer hierdie twee Bantoes hulle Bybels gelees en gebid het, sy kombers oor sy kop getrek en sy ore toegedruk. Toe 'n sekere Peka Napondo op 'n dag vir Khašhane versoek het dat hy die evangelie aan sy eie mense moes gaan verkondig, was hy so met vrees vervul dat hy die woud ingevlug het waar hy vir drie dae gebly het.[20]

Khašhane was oënskynlik bewus van die feit dat indien hy hom tot die Christendom bekeer, dit vir hom uiters moeilik sou wees om die opvolger van sy vader te word,[21] maar die woorde wat hy aangehoor het en die drang om 'n Christen te word het getriomfeer en Khašhane sou volgens eerw. Krause, vir Peka Napondo gesê het: "daardie assegaai wat jy in my hart gesteek het, kry ek nie weer uit nie. Wys my nou die regte pad." Khašhane het hom daarna tot die Christendom bekeer en hy is later, volgens Wangemann en Krause, deur eerw. Kaiser van Knappshope gedoop.[22] Geruime tyd hierna het Khašhane, met 'n Nuwe Testament in plaas van 'n geweer, die lang reis na Modubêng onderneem.[23]

Alhoewel Khašhane ten spyte van die feit dat hy 'n Christen was, met sy terugkoms as opperhoof van die Balobedu te Modubêng ingesweer is, het hy hierna in toene-

12. *Berliner Missionsberichte, 1880*, pp. 383–6.
13. Kyk H. W. Grimsehl: *Onluste in Modjadjiland, 1890–1894*, p. 198.
14. H. T. Wangemann: *Khaschane-Mamathepa*, p. 3.
15. Daar sal voortaan slegs verwys word na Khašhane en nie na Khašhane II nie.
16. M. Beyer: *Geschichte*, p. 26.
17. H. T. Wangemann: *Khaschane-Mamathepa*, p. 4.
18. W. Krause: Herinneringe uit die Lewens van eerww. F. Reuter en W. Krause, die Grondleggers van die Sendingwerk van die Lutherse-Berlynse Sendinggenootskap op Medingen, in die Land van Koningin Modjadji, 1881–1962, p. 8.
19. W. Krause: Herinneringe, p. 8; Kyk ook Z.A.R. 25: *De Locale Wetten der Z.A.R.*, pp. 473–4, Paswet, artikels 1, 13 en 16.
20. W. Krause: Herinneringe, p. 9; M. Beyer: *Geschichte*, p. 27.
21. M. Beyer: *Geschichte*, p. 27.
22. W. Krause: Herinneringe, p. 9; H. T. Wangemann: *Khaschane-Mamathepa*, pp. 4–5.
23. H. T. Wangemann: *Khaschane-Mamathepa*, p. 5; M. Beyer: *Geschichte*, p. 28.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

mender mate van sy stamgebruike vervreemd geraak en veel eerder die evangelie aan sy mense verkondig. Sy vader, Mamathepa, het sy seun maar laat begaan en daar bestaan 'n sterk vermoede dat Mamathepa kort voor sy dood self ook die Christelike geloof aangeneem het. Ten einde die stamgebruike en tradisies nie in gedrang te bring nie het Mamathepa Khashane verbied om die "Boek" buite sy hut te lees, maar Khashane kon egter nie hieraan voldoen nie en sodoende het daar deur sy toedoen mettertyd 'n klein Christelike gemeente op Modubêng ontstaan.[24]

In April 1880 het Knothe en Christoph weer eens die Balobedu besoek, waar hulle Khashane te Modubêng ontmoet het. Khashane was so verheug om met eerw. Knothe kennis te maak dat hy sy bevooroordeeldheid teenoor die Evangeliese Lutherse Kerk laat vaar het,[25] en Knothe versoek het om so spoedig moontlik 'n sendeling van die B.S.G. na hulle te stuur.[26] Knothe het terselfdertyd ook van Modjadji toestemming verkry om in haar gebied 'n sendingstasie te stig, op voorwaarde dat die sendeling daar 'n blanke moes wees.[27] Onder hierdie omstandighede het eerw. F. Reuter op 13 Oktober 1881 die sendingstasie Medingen in die gebied van Modjadji aangelê. Die begin van die sendingwerk onder die Balobedu was volgens Richter, "waarskynlik die belangrikste enkele uitbreiding wat Knothe aan die sendingwerk gegee het".[28]

Die hervestiging van die B.S.G. op hulle voormalige sendingstasie, Makapaanspoort, kan ook grootliks aan Knothe se ywer toegeskryf word. Sedert 1877, toe eerw. Merensky aan eerw. Mars van Makapaanspoort opdrag gegee het om as gevolg van die vyandige gesindheid van die opperhoof Klaas Mankoapane liewer die stasie te verlaat, het die B.S.G. sy uiterste bes gedoen om die houding van Mankoapane jeens die sendingwerk te verander. Gedurende die jare 1877–88 is verskeie pogings aangewend om sendingwerk daar te hervat. So byvoorbeeld het eerw. O. Krause gereeld vanaf Modimulle na Mankoapane gereis om hom te probeer oorhaal om sy gesindheid teenoor die sendingwerk te verander, maar telkens sonder enige welslae.[29] Die dood van Mankoapane in Desember 1889 het die toestand vir sendingwerk op Makapaanspoort weer gunstig beïnvloed, aangesien hy op sy sterfbed aan sy onderdane te kenne gegee het dat indien hulle weer 'n sendeling in die gebied wou toelaat, hy geen beswaar daarteen sou hê nie.[30]

Gevolglik het Knothe in 1890 aan eerw. Hermann Schloemann[31] van Malokong opdrag gegee om die B.S.G. se eiendomsreg op die erf op die pasgestigte dorp Piet Potgietersrus, wat die Regering in 1867 aan hulle geskenk het, asook die erf wat eerw. Moschütz in 1869 gekoop het, te bevestig.[32] Omdat daar soveel onderdane van Mankoapane was wat in die Christelike godsdiens belang gestel het, het Knothe die Regering in 1891 versoek om nog 'n stuk grond wat aan die Bantoelokasie van Piet Potgietersrus grens aan die B.S.G. te skenk.[33] Op 29 September 1891 het eerw. Daniel Heese[34] weer die stasie beset en wel op die twee asook vier nuwe erwe wat die Regering an die B.S.G. geskenk het.[35] Deur hierdie optrede van hom het Knothe die sendingwerk in die Noord-Transvaalse sinodale streek verder bevorder.

In 1889 het die B.S.G. onder leiding van Knothe 'n baie belangrike stap geneem om

24. M. Beyer: *Geschichte*, pp. 30–2.
25. H. T. Wangemann: *Khaschane-Mamathepa*, p. 8.
26. W. Krause: Herinneringe, p. 9.
27. M. Beyer: *Geschichte*, p. 37; H. T. Wangemann: *Khaschane-Mamathepa*, p. 8.
28. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 271.
29. B.A.: *Stationschronik, Makapaanspoort*, pp. 35–6; E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 322; Kyk ook Hfst. 5, afd. 4(b).
30. B.A.: *Stationschronik, Makapaanspoort*, p. 36.
31. W. Arndt: *Berliner Missionare*, p. 6.
32. S.S. 2230: R1144/90, H. Schloemann – W. J. Leyds, d.d. Malokong, 18.1.1890.
33. S.S. 2807: R5017/91, C. Knothe – Uitv. Raad van die Z.A.R., d.d. Mp'hôme, 21.4.1891.
34. W. Arndt: *Berliner Missionare*, p. 7.
35. S.S. 3569: R14888/92, D. Heese – W. J. Leyds, d.d. Makapaanspoort, 15.12.1892.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hulle sendingwerk uit te brei. Eerww. Knothe en E. Schwellnus, lg. van Tšhakoma, het 'n uitgebreide verkenningstog ten noorde van die Limpoporivier onderneem om die moontlikheid van sendingwerk daar te ondersoek.[36] Toestande was so gunstig dat sekere Bantoe-evangeliste van Tšhakoma nog in dieselfde jaar met die verkondiging van die evangelie aldaar kon begin. In 1892, die jaar waarin Knothe oorlede is, kon die B.S.G. sy eerste heeltydse sendelinge ten noorde van die Limpoporivier stuur.[37]

(*c*) *Die Einde van Knothe se Superintendentskap*

Knothe se werksaamhede as sendeling en superintendent het in 1888 'n hoogtepunt bereik toe hy in daardie jaar die wrywing[38] tussen die B.S.G. en die Ned. Geref. Kerk se sending, asook die Wesleyaanse sending, grootliks uit die weg geruim het deur verskeie samesprekings wat hy met ds. Sam Helm van die Ned. Geref. Kerk en eerw. M. Lowe van die Wesleyaanse Sendinggenootskap gevoer het.

In 1888 het Knothe sy 25-jarige ampsjubileum as sendeling gevier. Die sinode wat op Mp'hôme vergader het, het terselfdertyd Knothe se jubileum luisterryk herdenk.[39] Eerw. Carl Beuster van Ha Schewasse het op versoek van die Komitee in Duitsland 'n huldeblyk aan Knothe voorgelees waarin die Komitee Knothe bedank het vir sy onbaatsugtige diens aan die Genootskap. Die Komitee het Knothe veral geloof vir sy werk met betrekking tot die opleiding van evangeliste en sy vertaling van belangrike godsdienstige werke in Sotho. Onder die talle geskenke wat Knothe ontvang het, was daar 'n nuwe kansel- en altaarkleed wat sy broer uit Rusland aan hom gestuur het.[40]

Na 1888 het Knothe se gesondheid begin verswak, en in 1890 was hy verplig om met verlof na Duitsland te vertrek, waar hy, ten spyte van sy swak gesondheid, aan talle sendingsfeeste deelgeneem het.[41] Tydens sy afwesigheid het eerw. O. Krause van Modimulle as superintendent van Noord-Transvaal waargeneem.[42] Met Knothe se terugkeer na Transvaal in 1891 het sy gesondheid geensins verbeter nie en was hy verplig om met die goedkeuring van die Komitee in Duitsland, die Noord-Transvaalse sinodale streek tydelik in twee dele te verdeel, naamlik 'n westelike deel, waar eerw. O. Krause as superintendent aangestel is, en 'n noordelike deel, waar Knothe sy werksaamhede as superintendent voortgesit het.[43]

In 1892 het 'n aantal Bantoe-evangeliste van Mp'hôme en die dertien buiteposte wat tot Mp'hôme behoort het 'n ernstige klag teen eerw. Knothe ingebring. Aangesien die sendelinge van Knothe se sinodale streek nie die aard van die klag teen hom kon vasstel nie het die Komitee in Duitsland 'n kommissie benoem om die aangeleentheid te ondersoek, maar nog voordat die kommissie sy ondersoek afgehandel het, is Knothe op 10 September 1892 oorlede, "und damit gelangte nach deutschem Brauch automatisch das gegen ihn schwebende Verfahren zum stillstand".[44]

Alexander Merensky het in 1892 tydens sy besoek aan Transvaal tevergeefs probeer vasstel wat die aard van die klag teen Knothe was.[45] Ten spyte hiervan sal Carl Knothe altyd 'n ereplek in die geskiedenis van die B.S.G. beklee as pioniersendeling, Sothotaalkenner en superintendent.

36. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 407; J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 278.
37. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, pp. 278–9.
38. *Berliner Missionsberichte, 1889*, p. 443; Kyk ook W. L. Maree: *Lig in Soutpansberg*, p. 112.
39. *Berliner Missionsberichte, 1889*, pp. 443–6.
40. *Berliner Missionsberichte, 1889*, p. 449.
41. B.M.A.: Personalakten, C. Knothe.
42. B.M.A.: Personalakten, O. Krause; S.S. 2338: R6533/90 C. Knothe – W. J. Leyds d.d. Mp'hôme, 22.4.1890.
43. B.M.A.: Personalakten, O. Krause; B.A.: *Stationschronik, Modimulle*, p. 4; E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 349.
44. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 271.
45. J. Richter; *Missionsgesellschaft*, p. 271.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2. Superintendentskap van O. Krause, 1891–1908

Oswald Krause is op 17 Julie 1846 in Polkwitz, distrik Glogau in Benede-Silesië, gebore, waar sy vader 'n weefstofvervaardiger was. Op twee en 'n halfjarige leeftyd het Krause albei sy ouers verloor en het ver langse familie hom grootgemaak. Hy is as skrynwerker opgelei, maar met die afsterwe van sy pleegvader in 1866 het hy doelloos begin rondswerf totdat hy later tot bekering gekom het en sy suster hom aangeraai het om sendeling te word. Tevergeefs het Krause se pleegmoeder hom probeer oorreed om van sy voorneme af te sien en het hy in diens van die B.S.G. getree.

In 1873 is Krause as hulpsendeling na Etembeni in Natal gestuur, waar hy eerw. Carl Nauhaus gehelp het totdat albei in 1880 na Bothšabêlo verplaas is.[46] In Desember 1880 is Krause na Modimulle gestuur om die sendingwerk aldaar by eerw. E. B. Beyer oor te neem.[47] Krause het tot 1892 op Modimulle sendingwerk gedoen waarna hy as superintendent van die Noord-Transvaalse sinodale streek benoem is en na Mp'hôme verhuis het. Krause is op 13 Desember 1915 in Pietersburg oorlede.[48]

(*a*) *Pietersburg word die Sinodale Hoofkwartier van Noord-Transvaal, 1896*

Met sy aanstelling as superintendent het Krause ook die beheer van die seminarie op Mp'hôme oorgeneem. Aangesien die gesamentlike sinodesitting van die sinodale streke Suid- en Noord-Transvaal in 1895 besluit het om voortaan slegs een seminarie te behou, te wete Bothšabêlo, is die stasie Mp'hôme tot 'n gewone sendingstasie gereduseer.

Die koue, vogtige klimaat te Mp'hôme wat Knothe as baie gesond beskou het, het egter geen byval by Krause gevind nie.[49] Gevolglik het hy besluit om die sinodale hoofkwartier na 'n ander sendingstasie in sy sinodale streek te verskuif en aangesien die gesamentlike sinode van 1895 aanbeveel het dat die sendingwerk na die Transvaalse dorpe uitgebrei moes word, het Krause die sinodale hoofkwartier in 1896 na die pas gestigte dorp Pietersburg verskuif,[50] aangesien Pietersburg 'n buitepos van die stasie Moletše, wat in 1877 deur eerw. T. Regler gestig is, was.[51]

(*b*) *Uitbreiding van die Sendingwerk onder Krause*

Met eerw. Krause se benoeming as superintendent het die sendingwerk van die B.S.G. in Noord-Transvaal feitlik sy maksimale uitbreiding bereik. Van Modimulle in die suide tot Georgenholtz in die noorde was daar 'n aaneenlopende ketting van 11 sendingstasies en elkeen van hierdie sendingstasies het 'n aantal buiteposte gehad, met die gevolg dat die vraag ontstaan het watter van hierdie talle buiteposte tot hoofstasies omskep moes word.

Tydens Krause se ampstermyn het daar, benewens Pietersburg, nog twee belangrike sendingstasies tot stand gekom waarvan die een, Makotopong, aanvanklik 'n buitepos van die sendingstasie Mp'hôme was.[52] Die rede waarom Makotopong tot hoofstasie verander is, lê daarin opgesluit dat Mp'hôme met dertien buiteposte en dertien preekplekke, te omvangryk geword het om deur een sendeling behartig te kon word.[53] Ofskoon 'n ander buitepos van Mp'hôme, Lešoane, in 1895 'n blanke sendeling, eerw. Robert Franz,[54] ontvang het en die stasie dus wel die karakter van 'n hoofstasie vertoon het, was dit nogtans nie as sulks beskou nie.[55] Desnieteenstaande het eerw. A.

46. B.M.A.: Personalakten, O. Krause; E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 142.
47. Kyk *Berliner Missionsberichte, 1913*, p. 78; B.A. *Stationschronik, Modimulle*, p. 3.
48. B.M.A.: Personalakten, O. Krause.
49. Onderhoud met mej. M. Krause; Kyk ook J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 363.
50. *Berliner Missionsberichte, 1900*, p. 298.
51. *Berliner Missionsberichte, 1900*, p. 298.
52. *Berliner Missionsberichte, 1900*, p. 555.
53. *Berliner Missionsberichte, 1898*, p. 24.
54. W. Arndt: *Berliner Missionare*, p. 7.
55. Vgl. gegewens in *Berliner Missionsberichte, 1896*, p. 82 en *Berliner Missionsberichte, 1898*, p. 24 met dié in *Berliner Missionsberichte, 1899*, p. 377.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Herbst van Mp'hôme die omvang van die sendingwerk te veel gevind en toe eerw. Franz in September 1896 na die stasie Blauberg verplaas is, het Herbst versoek dat die Komitee in Duitsland Makotopong so spoedig moontlik tot hoofstasie omskep en 'n blanke sendeling daarheen stuur.[56] Die Komitee kon egter eers in 1899 aan Herbst se versoek voldoen en het eerw. Christian Endemann[57] na Makotopong gestuur. Endemann het Makotopong se naam na Kreuzburg verander, die stad in Silesië waarvandaan hy afkomstig was.[58] Die sendingwerk op Kreuzburg het goeie vordering getoon en teen 1913 was daar 12 buiteposte en 1 747 lidmate.[59]

Hoewel die Ba Venda-opperhoof Tšhivhase toestemming verleen het dat sendelinge na sy gebied mag kom, en later ook die opperhoofde Madzivhandila en Makoarela, wou die opperhoof Makhado nooit toelaat dat 'n sendeling van die B.S.G. in sy gebied 'n sendingstasie oprig nie.[60] In 1895 is Makhado oorlede en hy is deur sy seun Mphephu opgevolg wat die beleid van sy vader, naamlik vyandigheid teenoor die Z.A.R. en sendingwerk, voortgesit het.[61] Mphephu se houding het die Z.A.R. in 1898 verplig om 'n kommando teen hom uit te stuur, waarna hy aan die Z.A.R. onderwerp is. Hierna was daar vir die evangelie nog 'n deur tot die Ba Venda geopen, en die B.S.G. het in 1899, op aanbeveling van kommandant S. P. E. Trichardt, 'n sendingstasie net buitekant die pas gestigte dorp Louis Trichardt aangelê.[62] Die stasie het die naam Gertrudsburg[63] ontvang en is deur eerw. E. Gottschling, voorheen van Georgenholtz, gestig.[64] Twee jaar na die stigting van die stasie kon Gottschling reeds dertien persone doop en teen 1913 was daar ses buiteposte, tien preekplekke en 233 gemeentelede.[65]

3. Oorsig oor die Ontwikkeling en Uitbreiding van die Sendingstasies in Noord-Transvaal, 1878–1900

(*a*) *Modimulle, Makapaanspoort en Xa Matlala*

Hoewel eerw. Beyer, wat die stasie Modimulle na eerw. Koboldt se dood in 1874 oorgeneem het, in 1879 geen statistieke oor die groei van die stasie kon verstrek nie, was hy nogtans baie tevrede met die vordering van die sendingwerk op daardie stasie. Die verhuising van Timotheus Sello na Mp'hôme om daar by sy leermeester Knothe aan te sluit was vir al die inwoners van die stasie 'n groot teleurstelling,[66] en die gemeente was nog meer teleurgesteld toe Beyer in 1880 die diens van die B.S.G. verlaat het.

Beyer se opvolger, eerw. O. Krause, wat in Desember 1880 die stasie oorgeneem het,[67] sou daar onverpoosd sendingwerk doen totdat hy in 1892 na Mp'hôme verhuis het om die superintendentskap vir Noord-Transvaal op sy skouers te neem. Krause se sendingwerk op Modimulle was besonder geseënd gewees en reeds twee jaar nadat hy daar begin sendingwerk doen het, is drie buiteposte, Sandfontein, Roodepoort en Warmbad, aangelê.[68] Op Warmbad het die sendingwerk egter stadiger as op die ander buiteposte gevorder, wat aan die voortdurende inmenging van die Wesleyaanse Sendinggenootskap toegeskryf moet word.

56. *Berliner Missionsberichte, 1898*, p. 24.
57. W. Arndt: *Berliner Missionare*, p. 7.
58. *Berliner Missionsberichte, 1900*, pp. 300 en 555; J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 363.
59. *Berliner Missionsberichte, 1913*, p. 78.
60. *Berliner Missionsberichte, 1900*, p. 694.
61. Kyk J. A. Mouton: *Genl. Piet Joubert in die Transvaalse Geskiedenis*, pp. 150–1; D. Malan: *Ramabulanas*, p. 195; W. L. Maree, *Lig in Soutpansberg*, pp. 150–1.
62. *Berliner Missionsberichte, 1900*, pp. 694–5.
63. Somtyds ook Gertrudsberg genoem, kyk *Berliner Missionsberichte, 1900*, p. 306.
64. *Berliner Missionsberichte, 1900*, p. 306.
65. *Berliner Missionsberichte, 1903*, p. 235 en *Berliner Missionsberichte, 1913*, p. 88.
66. *Berliner Missionsberichte, 1880*, pp. 163 en 166; Kyk ook Hfst. 5, afd. 4(b).
67. B.M.A.: Personalakten, O. Krause; B.A.: *Stationschronik, Modimulle*, p. 3.
68. B.A.: *Stationschronik, Modimulle*, p. 3.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die twee hoogtepunte van Krause se eerste tien jaar op Modimulle was eerstens die gesamentlike sinodesitting wat in 1885 hier plaasgevind het, en tweedens president S. J. P. Kruger se besoek aan die stasie in 1886. Volgens Krause het die sinodesitting 'n vrugbare uitwerking op die vordering van die sendingwerk op sy stasie gehad, aangesien die gemeente nog lank daarna oor die gebeurtenis gepraat het. Kersfees 1885 het Krause 67 persone gedoop en dit het die gemeente op 86 siele te staan gebring.[69]

In 1886 het president Paul Kruger tydens 'n staatsbesoek aan Noord-Transvaal op Modimulle oornag en hy was beïndruk met die sendingstasie se netjiese tuine en landerye. Krause, wat goed met die President bevriend was, het van die geleentheid gebruik gemaak om aan Kruger die vordering op die stasie te toon. Die gemeentekoor het onder andere vir die President 'n aantal godsdienstige liedere gesing.[70]

Naas die geestelike groei van die gemeente, was daar ook nog die skool op die sendingstasie wat eweneens goed gevorder het. Aan die einde van 1889 was daar reeds 117 ingeskrewe leerlinge in die skool wat in twee afdelings verdeel is, naamlik die laer en hoër afdeling. Eerw. A. Herbst wat in 1885 uit Duitsland op Waterberg aangekom het, het die skoolonderrig waargeneem.[71] Uit die 117 leerlinge het slegs gemiddeld 70 per dag in 1889 die skool besoek aangesien die ouers die kinders se hulp op die landerye nodig gehad het.[72]

Die ontwikkeling op Modimulle gedurende die jare 1890–1900 was deur afwisselende voorspoed en teëspoed gekenmerk. Die oorlog teen opperhoof Malaboch van Blauberg[73] in 1894 het die inwoners van Modimulle ook ten seerste geraak, aangesien die weerbare mans deur die Regering opgeroep is om diens te gaan doen tydens die veldtog.[74] Eerw. Rasmus Jensen[75] wat die stasie van Krause oorgeneem het, het die mans vermaan om steeds aan die Christendom getrou te bly en volgens die beginsel van die Christelike godsdiens op die slagveld op te tree. Veldkornet Lombard het Jensen meegedeel dat die mans van Modimulle hulle besonder goed gedra en dat hulle hul plig te alle tye getrou nagekom het.[76]

As gevolg van die geweldige droogtes en die sprinkaanplae, wat die hele Transvaal in die jare negentig getref het, moes talle inwoners van Modimulle die stasie verlaat om op ander plekke voedsel te gaan soek. Om die toestand op die stasie verder te vererger het daar in 1898 'n geweldige kinkhoesepidemie die kinders getref, en talle het beswyk. Te midde van al die rampe wat die stasie getref het, is daar nietemin in 1898 met die bou van 'n nuwe kerk begin.[77]

Op 7 Mei 1899 is die nuwe kerkgebou op Modimulle plegtig ingewy. Die gemeente het dit as 'n besondere eer beskou dat kommandant-generaal Piet Joubert, die verrigtinge bygewoon het. Die Kommandant-Generaal het die werk van die B.S.G. oor die algemeen, en die werk van Jensen van Modimulle in besonder, geloof.[78] Die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog in Oktober 1899 het die groei van die stasie wesenlik beïnvloed. Omdat daar geen wyn beskikbaar was nie kon die gemeente vir byna drie jaar lank (1899–1902) nie nagmaal vier nie. In April 1901 het die Engelse die hele Waterbergdistrik beleër. Jensen is deur die Engelse beveel om die sendingstasie te verlaat en hy moes gedurende die oorlog in Pretoria woon. Eers op 10 Julie 1902 kon Jensen weer na Modimulle terugkeer. Die gemeente daar het toe uit 1 061 persone

69. *Berliner Missionsberichte, 1886*, pp. 363–5.
70. Onderhoud met mej. M. Krause; Kyk ook E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 348.
71. W. Arndt: *Berliner Missionare*, p. 6; *Berliner Missionsberichte, 1890*, p. 366.
72. *Berliner Missionsberichte, 1890*, p. 366.
73. Kyk Rapport van die Superintendent van Naturellen 1892–1898 (Staatsbiblioteek Herdrukke No. 14, Pretoria, 1969), *Rapport over het jaar 1894*, p. 2.
74. *Berliner Missionsberichte, 1895*, pp. 324–6.
75. W. Arndt: *Berliner Missionare*, p. 6.
76. *Berliner Missionsberichte, 1895*, p. 326.
77. *Berliner Missionsberichte, 1899*, p. 580; B.A.: *Stationschronik, Modimulle*, p. 15.
78. *Berliner Missionsberichte, 1900*, pp. 558–61.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bestaan en hulle het hulle intussen, onder die omstandighede, goed gedra.[79]

Die sendingstasie Makapaanspoort wat in 1877 as gevolg van die opperhoof Klaas Mankoapane se vyandige gesindheid teenoor die sendingwerk gesluit moes word, kon weer in 1891 deur eerw. Karl August Daniel Heese, seun van eerw. Daniel Heese van Amalienstein in die Kaapkolonie, beset word.[80] Heese het die sendingwerk met groot ywer hervat sodat daar reeds teen die einde van 1891 weer 'n gemeente van vier lidmate was, terwyl 10 kinders die skool op die sendingstasie besoek het.[81] Deur soveel Bantoe-evangeliste as moontlik in die omgewing van die stasie uit te stuur het Heese gepoog om die omliggende Bantoes ook by die sendingwerk te betrek.[82] Aangesien die sendingwerk aanvanklik so bestendig gegroei het dat die gemeente aan die einde van 1893 reeds op 156 lidmate te staan gekom het, het Heese in 1894 'n groter kerkgebou opgerig. Tydens die inwyding van die nuwe kerk het meer as die helfte van die dorp Piet Potgietersrus se blanke inwoners ook aan die verrigtinge deelgeneem.[83]

Die groei van Makapaanspoort is egter deur droogtes, sprinkane en hongersnood aan bande gelê. In 1896 was daar hoegenaamd geen oes nie, en om die toestand te vererger het runderpes die stasie in 1897 getref. Goeie reëns gedurende dieselfde jaar het egter gedeeltelik vir die swaar veeverliese vergoed en na die reëns was Heese verplig om die skool tydelik te sluit sodat die kinders hulle ouers met die bewerking van die landerye kon help. Ten spyte van die teëslae het die gemeente nogtans gegroei en in 1899 was daar reeds 393 lidmate.[84]

Met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog in Oktober 1899 kon eerw. Heese sy sendingwerk, as gevolg van die Boere se goeie gesindheid, sonder enige onderbreking voortsit. Op versoek van pres. Paul Kruger het Heese tydens die eerste oorlogsjaar gereeld die Boerevroue op hulle plase besoek en bidure gehou.[85] Die sendingwerk op Makapaanspoort is dus ten spyte van die oorlog normaalweg voortgesit. Aan die begin van Augustus 1901 het Heese 'n Engelse vriend van hom, 'n sekere Craig, na Elim, die sendinghospitaal van die Switserse Sendinggenootskap naby Louis Trichardt, geneem. Tydens sy kort verblyf op Elim was Heese ooggetuie van 'n gebeurtenis wat uiteindelik tot sy eie dood aanleiding sou gee. Heese het naamlik gesien hoe 'n Engelse troepemag ses Boeregevangenes op die hospitaalterrein doodgeskiet het.[86] Daarna het die Engelse Heese gevange geneem, aangesien hy volgens hulle, vroeër die dag met die Boeregevangenes sou gepraat het. Heese het teen sy gevangeneming beswaar gemaak en gevolglik het kaptein Taylor, die bevelvoerende offisier te Fort Edward, opdrag gegee dat Heese vrygelaat moes word. Taylor het Heese egter gewaarsku dat hy sy terugreis na Makapaanspoort alleen moet onderneem, aangesien die Engelse 'n Boerekommando in die omgewing verwag het.[87] Heese het daaraan gehoor gegee en het verder ter beklemtoning van sy neutraliteit 'n wit vlag aan sy wa vasgebind en die terugreis so onderneem.

Tydens die terugreis is Heese op 23 Augustus 1901 naby Bandolierskop sonder enige waarskuwing deur 'n Engelse soldaat, Hancock, doodgeskiet, die bosse ingesleep en daar in 'n vlak graf begrawe. Later het superintendent Krause vasgestel dat Heese van al sy persoonlike besittings beroof was.[88] 'n Bantoevoetganger, wat Heese geken het, was die eerste persoon wat op die toneel afgekom, en aan superintendent Krause op

79. *Berliner Missionsberichte, 1903*, p. 219.
80. P. Gurr: *Daniel Heese: Ein Lebensbild aus der Mission in Makapaanspoort in Nord-Transvaal – Nach den Tagebüchern des Missionars und privaten Mitteilungen*, p. 10.
81. P. Gurr: *Daniel Heese: Ein Lebensbild*, p, 31.
82. *Berliner Missionsberichte, 1896*, pp. 129–31.
83. *Berliner Missionsberichte, 1895*, p. 366.
84. M. Gensichen: *Bilder*, p. 397; *Berliner Missionsberichte, 1898*, pp. 29 en 608.
85. P. Gurr: *Daniel Heese: Ein Lebensbild*, p. 120.
86. P. Gurr: *Daniel Heese: Ein Lebensbild*, p. 124.
87. M. Gensichen: *Bilder*, pp. 400–1.
88. P. Gurr: *Daniel Heese: Ein Lebensbild*, pp. 125–6; J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 367.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Pietersburg gerapporteer het. Hoewel Hancock geweier het om te erken dat hy Heese doodgeskiet het, het sy medesoldate volgehou dat hy wel skuldig was. Later is Hancock deur 'n militêre hof skuldig bevind aan etlike ander oortredings en ter dood veroordeel.[89]

Die dood van die jeugdige Daniel Heese was sonder twyfel een van die gevoeligste verliese wat die B.S.G. in Transvaal gely het. Na Heese se dood het eerw. C. Sonntag die gemeente op Makapaanspoort versorg tot tyd en wyl eerw. J. Neitz die stasie in 1904 oorgeneem het.[90]

Nadat eerw. Carl Richter in 1879 die sendingstasie Xa Matlala van eerw. Kühl oorgeneem het, het toestande op die sendingstasie feitlik daagliks verswak. Die oorsaak daarvoor moet in eerw. Richter se gesindheid teenoor die sendingwerk gesoek word. Dit is baie duidelik dat Richter hoegenaamd geen belangstelling in die sendingwerk getoon het nie. Trouens, die gemeente op Xa Matlala is deur sy optrede so verwaarloos dat daar van die 147 lidmate in 1879 na verloop van tyd nog slegs 27 gereeld die kerkdienste bygewoon het.[91] Op Lekurêng, die belangrikste buitepos van Xa Matlala, was toestande nog meer haglik. Daar het Richter se Bantoe-evangelis, Paulus, na eie goeddunke gehandel en het hy, in weerwil van sy eie poligamie, steeds die kerkdienste gelei. Hoewel Richter Paulus tydelik geskors het, het hy nie in sy optrede teen Paulus volhard nie.[92] Onder daardie omstandighede het drankmisbruik ook onrusbarende afmetings aangeneem. In 1884 het Richter aangevoer dat die sendingwerk op Xa Matlala te veeleisend geword het en gevolglik het hy uit die diens van die B.S.G. getree.[93]

As opvolger vir Richter het die Komitee in Duitsland eerw. Georg Parisius, afkomstig uit Dranse in die Oos-Priegnitz, na Xa Matlala gestuur.[94] Parisius het 'n uiterste moeilike taak voor hom gehad, aangesien hy reeds kort na sy aankoms op Xa Matlala vasgestel het dat daar van Christelike tug en dissipline geen sprake was nie. Verder het dit ook geblyk dat die meeste Bantoes van Matlala, as gevolg van voortdurende oorlog teen die buurstam van Moletše, die lokasie verlaat het. Volgens Parisius was die meeste Bantoestatte van Matlala verlate. Deur toegewyde arbeid het Parisius egter weldra daarin geslaag om die verstrooide gemeente weer op Xa Matlala byeen te bring. Baie Bantoes, waaronder die opperhoof Matlala, het egter slegs die dienste bygewoon omdat Parisius op Sondae aan die kerkgangers ontbyt verskaf het.[95]

Parisius wat 'n hardwerkende en toegewyde sendeling was,[96] het in 1887 met Matlala se toestemming 'n buitepos in die hoofstat opgerig en 'n evangelis, Paulus Motshoêre, daar gestasioneer.[97] Te midde van die sukses wat daar op Xa Matlala behaal is, het Parisius tegelyk ook 'n lang en moeitevolle stryd teen die heidense seremonies van Matlala se volk gevoer. Sy stryd is bemoeilik deur die pogings van die Bapedi-Lutherse Kerk om die gemeente van Xa Matlala tot sy sienswyse oor te haal.[98] Dit was veral Johannes Madingoane, een van die leiers van die Bapedi-Lutherse Kerk, wat alles in die stryd gewerp het om mense tot sy geloof te oorreed en dit was deur sy toedoen dat etlike Christene nie net van die B.S.G. afvallig geword het nie, maar selfs geheel en al weer tot die heidendom teruggekeer het.[99]

89. P. Gurr: *Daniel Heese: Ein Lebensbild*, p. 127.
90. W. Arndt: *Berliner Missionare*, p. 7; B.A.: *Stationschronik Makapaanspoort*, p. 46.
91. *Berliner Missionsberichte, 1886*, p. 295.
92. *Berliner Missionsberichte, 1886*, p. 298.
93. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 314.
94. B.M.A.: Personalakten, G. Parisius.
95. *Berliner Missionsberichte, 1886*, pp. 295–6.
96. C. Rae: *Malaboch or Notes from my Diary on The Boer Campaign of 1894 against the Chief Malaboch of Blaauwberg, district Zoutpansberg, South African Republic*, pp. 46–7.
97. *Berliner Missionsberichte, 1888*, p. 502.
98. *Berliner Missionsberichte, 1896*, p. 85.
99. M. Gensichen: *Bilder*, pp. 355–6.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die stryd teen die Bapedi-Lutherse Kerk te Xa Matlala het tydens die Tweede Vryheidsoorlog 'n hoogtepunt bereik. Die onderdane van Matlala het in die oorlog 'n geleentheid gesien om die gesag van die Z.A.R. omver te werp en gevolglik was hulle uiters vyandig teenoor die Boere. Hoewel Parisius alles in sy vermoë gedoen het om sy gemeente van 323 lidmate neutraal te hou kon hy nie volkome daarin slaag nie en was hy in 1900 verplig om as gevolg daarvan die doop van 37 persone uit te stel.[100] Johannes Madingoane het met die hulp van 'n sekere Jakobus die strydbyl teen die Boere en die B.S.G. opgeneem en in 'n skrif wat hulle opgestel het, het hulle die onderdane van Matlala teen die Boere en die B.S.G. opgesweep. As leiers van die Bapedi-Lutherse Kerk wou hulle graag hê dat die Engelse die oorlog moes wen en gevolglik het hulle die blanke sendelinge as Boere beskou wie se dienste nie langer nodig was nie.[101]

Aangesien Johannes en Jakobus sonder toestemming van die Regering in Matlala se lokasie kerkdienste gehou het, het Parisius sterk beswaar teen hulle teenwoordigheid aangeteken en het aangevoer dat hulle optrede tot 'n openlike opstand teen die Z.A.R. aanleiding kon gee.[102] Parisius het die Regering ook daarop gewys dat die Bapedi-Lutherse Kerk nie meer onder toesig van 'n blanke persoon gestaan het nie, aangesien eerw. J. A. Winter reeds deur dié kerk ontslaan was.[103] Hoewel die Regering bewus was van die feit dat daar 'n groot mate van naywer bestaan het tussen die Berlynse sendelinge en die Bapedi-Lutherse Kerk, het Oscar Dahl nogtans die optrede van Johannes en Jakobus in 'n ernstige lig beskou en het aanbeveel dat hulle uit Matlala se lokasie verwyder moes word.[104] Na aanleiding van Dahl se aanbeveling en omdat Johannes en Jakobus geen bewyse van regeringstoestemming om in Matlala se lokasie te preek kon voorlê nie is hulle uit sy lokasie verwyder.[105] Later was die Regering verplig om opperhoof Matlala ook gevange te neem as gevolg van sy sterk pro-Engelse gesindheid.[106]

(*b*) *Thutloane, Malokong, Makabêng en Blauberg*

Die ontwikkeling op die sendingstasies Thutloane en Malokong is ten nouste met mekaar verbonde as gevolg van die feit dat die stasie Malokong tot 1880 as 'n buitepos van Thutloane beskou was.[107] As gevolg van geweldige waternood wat op Thutloane ondervind is, het die Komitee in Duitsland opdrag gegee dat Malokong 'n hoofstasie bly en dat Thutloane 'n buitepos van Malokong moes word. Die posisie van die twee stasies is dus net omgeruil.[108] Oor die algemeen was die waterposisie op Malokong nie veel beter as op Thutloane nie, daar was egter wel 'n sterker fontein op Malokong gewees.[109] Eerw. Ernst Schubert wat die werksaamhede op hierdie twee stasies behartig het, het teen 1881 eenvoudig nie meer kans gesien om die stasies verder te behartig nie as gevolg van die aanhoudende waternood en die vyandigheid van Mankoapane se opvolger Hans Masibi. In 1881 het eerw. Hermann Schloemann dus die werk by Schubert oorgeneem.[110]

Schloemann sou voortaan die werk op Malokong behartig terwyl die evangelis Salomo Koata die werk op Thutloane sou doen.[111] Hoewel die eredienste op sowel

100. *Berliner Missionsberichte, 1903*, p. 217.
101. S.N. 74: S.R. 644/1900, G. Parisius – O. Dahl, d.d. Matlala, 25.2.1900.
102. S.N. 74: S.R. 644/1900, G. Parisius – O. Dahl, d.d. Matlala, 27.4.1900; S.N. 74: S.R. 644/1900, G. Parisius – O. Dahl, d.d. Matlala, 25.2.1900.
103. S.N. 74: S.R. 644/1900, G. Parisius – O. Dahl, d.d. Matlala, 25.2.1900.
104. S.N. 74: S.R. 644/1900, O. Dahl – Superintendent van Naturelle, d.d. 21.3.1900.
105. S.N. 74: S.R. 644/1900, Afskrif van die saak tussen die Staat en Johannes en Jakobus, d.d. Maliet-zieland, 14.5.1900.
106. M. Gensichen: *Bilder*, p. 358.
107. *Berliner Missionsberichte, 1881*, pp. 310–11.
108. Kyk E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 327.
109. *Berliner Missionsberichte, 1881*, p. 310.
110. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 329.
111. *Berliner Missionsberichte, 1886*, pp. 394 en 396.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Thutloane as Malokong goed bygewoon is, het Schloemann teen 1883 nog nie 'n enkele persoon gedoop nie.[112] Aan die einde van 1885 het die gemeente slegs 77 getel en was daar ongeveer 23 skoolkinders.[113]

Hans Masibi het hom al gou bewys as 'n bittere vyand van die sendingwerk, en het op allerlei maniere die lewe vir Schloemann en sy Bantoe-evangeliste so onaangenaam as moontlik probeer maak. 'n Gebeurtenis wat Masibi 'n stok in die hand gegee het om teen die sendeling te gebruik, was die sinodesitting van die Noord-Transvaalse sinodale streek wat in 1887 op Malokong plaasgevind het. Die sinodesitting het 'n geweldige invloed op Masibi se onderdane uitgeoefen en selfs hý was vriendeliker ingesteld, sodat hy die sinodale afgevaardigdes van vleis voorsien het. 'n Gedeelte van die afgevaardigdes het 'n besoek aan Masibi se moeder Mantutule gebring, waarop sy aan hulle sou gesê het dat sy haar oor die koms van die B.S.G. na Masibi se gebied verheug het. Sy het verder die hoop uitgespreek dat Masibi ook 'n Christen sou word. Die goeie ontvangs wat hulle by Mantutule te beurt geval het en die feit dat 'n dogter van Masibi die sendingfees wat na afloop van die sinodesitting gehou is, bygewoon het, het sy woede opnuut teen die sendingwerk laat ontvlam. Hy het sy moeder daarvan beskuldig dat sy hom wou vergiftig en het haar in so 'n mate te lyf gegaan dat daar vir haar lewe gevrees is.[114]

Daarna het Masibi allerlei buitensporige opdragte aan eerw. en mev. Schloemann gegee. So byvoorbeeld het Masibi van mev. Schloemann verwag dat sy vir al sy vrouens moes klere maak, en alhoewel mev. Schloemann bereid was om aan die versoek te voldoen, in die hoop dat dit Masibi se gesindheid teenoor die sendingwerk sou verander, het Schloemann geweier dat sy vrou aan Masibi se eise voldoen.[115] Daarop het Masibi beveel dat twee evangeliste, James Setlane en Daniel Massogu, sy lokasie moes verlaat. Nadat hy hulle egter laat mishandel en beroof het, het hy nietemin in April 1888 toegelaat dat hulle in die lokasie kon aanbly.[116] Hierdie toegewing was egter van korte duur, aangesien Masibi weer eens in Februarie 1880 aan Setlane en Massogu bevel gegee het om sy lokasie te verlaat. Hy het Schloemann ook beveel om vir hom vyf deure in sy woning te installeer.[117] Schloemann het aan die versoek gehoor gegee, met die hoop dat hy daarna vir Masibi sou kon ompraat om Setlane en Massogu weer in die lokasie toe te laat. Ongelukkig "hatte er reichlich Branntwein getrunken so dass die Unterhaltung nicht sehr ergiebig war".[118] Kort daarna het Schloemann weer met Hans Masibi probeer onderhandel en hom meegedeel dat Setlane en Massogu nie in staat was om weg te gaan nie aangesien hulle te siek was om te reis. Schloemann was daarop verplig om die volksgebruik te eerbiedig en 'n geskenk aan Masibi te gee in ruil vir die toestemming dat sy Bantoe-evangeliste daar mag aanbly. Aangesien die gee van 'n omkoopgeskenk teen die reglement van die B.S.G. was, moes Schloemann spesiale vergunning van superintendent Knothe verkry, waarop hy wel toegelaat is om £5 aan Masibi te betaal in ruil vir Setlane en Massogu se verblyf in die lokasie.[119]

Die een probleem was skaars uit die weg geruim toe 'n volgende een alweer opduik. Gedurende 1889 het 'n Xhosa, by name Hendrik, sy verskyning op Malokong gemaak en Masibi meegedeel dat hy gekom het om sy volk tot die Christendom te bekeer.[120] Daarop het Masibi beveel dat Schloemann se evangelis Salomo, in medewerking met Hendrik, die hoofkraal se kinders Engels en Nederlands moes leer, maar omdat Hen-

112. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 333.
113. *Berliner Missionsberichte, 1886*, p. 396.
114. *Berliner Missionsberichte, 1888*, pp. 485–8.
115. Vgl. *Berliner Missionsberichte, 1888*, p. 488 met *Berliner Missionsberichte, 1889*, pp. 486–7.
116. *Berliner Missionsberichte, 1888*, p. 490; *Berliner Missionsberichte, 1889*, p. 486.
117. *Berliner Missionsberichte, 1889*, p. 494.
118. *Berliner Missionsberichte, 1889*, p. 494; Kyk ook War Office: *Native Tribes*, p. 41.
119. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 338; *Berliner Missionsberichte, 1890*, p. 405.
120. *Berliner Missionsberichte, 1890*, pp. 405 en 407.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

drik net soos Masibi hom aan drankmisbruik skuldig gemaak het, het die gemeente, wat toe uit 124 lidmate bestaan het, hulle weinig aan Hendrik gesteur.[121]

Hans Masibi het homself in 1890 om die lewe gebring en dit het 'n opvolgingstryd tussen sy twee seuns Hans en Hendrik Backeberg ontketen.[122] Ten einde die probleem die hoof te kon bied, het die Regering albei broers as opperhoofde erken en die lokasie wat aan hulle vader Hans Masibi aangewys is tussen Hans en Hendrik Backeberg verdeel. Die Regering het daarna hoofsaaklik van die dienste van Schloemann gebruik gemaak daar hy verhoed het dat 'n burgeroorlog tussen die twee broers uitbreek. Terselfdertyd het die Regering ook 'n stuk grond aan die B.S.G. geskenk wat tussen die lokasies van Hans en Hendrik Backeberg geleë was.[123] Na die oplossing van die opvolgingskwessie het Schloemann in 1893 met verlof na Duitsland vertrek, waarop eerw. A. Herbst tydelik die werk op Malokong behartig het.[124]

Die tydperk vanaf Schloemann se terugkeer uit Duitsland aan die einde van 1894 tot en met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog is op Malokong gekenmerk deur 'n vreedsame uitbreiding van die sendingwerk. Hendrik Backeberg het Schloemann as raadgewer gebruik toe hy deur die Regering beboet is omdat hy nie gou genoeg sy manskappe gereed gekry het om aan die Malabochoorlog deel te neem nie. Schloemann het daarop aan hom gesê dat hy te alle tye die bevele van die Regering moes uitvoer.[125] Hoewel die werk goeie vordering getoon het, was Schloemann nie by magte om 'n evangelis na Hans Backeberg se hoofkraal te stuur nie, aangesien hy nie toestemming daartoe wou verleen nie. James Setlane het getrou op die buitepos Pusompe gewerk, terwyl Schloemann die werk op Malokong behartig het. As gevolg van 'n tekort aan evangeliste kon die buiteposte Khopeng, Motalane en Thutloane nie gereeld besoek word nie.[126]

Die swart N'Debele[127] was egter een van die moeilikste stamme om sendingwerk onder te doen, en nadat die B.S.G. dertig jaar lank onder hulle sendingwerk gedoen het, was daar slegs 313 gemeentelede.[128]

Met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog het die broedertwis tussen Hans en Hendrik Backeberg opnuut uitgebreek, aangesien hulle in die oorlog die geleentheid gesien het om alleenheerskappy van die hele gebied van Mankoapane te verkry. Eerw. C. Sonntag wat die stasie in 1899 van Schloemann oorgeneem het, het sy invloed probeer gebruik om die broedertwis te beëindig, maar sonder enige welslae.[129] Die gemeente van Malokong is ook in die twis betrek en drie Bantoe-Christene het in gevegte tussen Hans en Hendrik Backeberg se onderdane die lewe verloor, terwyl die meeste ander gemeentelede na die sendingstasies Xa Matlala, Moletše en Makapaanspoort gevlug het. Die orde is eers weer herstel nadat 'n Engelse kommando in Maart 1901 die twis tussen die broers Hans en Hendrik beëindig het.[130]

Net soos in die geval van Malokong en Thutloane kan die ontwikkeling op die sendingstasies Makabêng en Blauberg saam bespreek word, daar die lotgevalle van die twee stasies ten nouste met mekaar verbonde is. Eerw. M. Baumbach het in 1882 'n beroep na die sendingstasie Pniel in die Oranje-Vrystaat ontvang en omdat daar nie 'n sendeling beskikbaar was om sy werk op Makabêng oor te neem nie het dié stasie 'n

121. War Office: *Native Tribes*, p. 41; Native Affairs Department: *History of Native Tribes*, p. 56.
122. Kyk S.N. 17: S.R. 622/90, H. Schloemann – P. J. Joubert, d.d. Malokong, 29.5.1890; E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 339.
123. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 339.
124. *Berliner Missionsberichte, 1895*, p. 326.
125. *Berliner Missionsberichte, 1896*, p. 104.
126. *Berliner Missionsberichte, 1896*, p. 344.
127. Native Affairs Department: *History of Native Tribes*, p. 55; I. Schapera, *Bantu-Speaking Tribes*, pp. 53–4.
128. *Berliner Missionsberichte, 1900*, p. 562.
129. *Berliner Missionsberichte, 1903*, p. 220.
130. *Berliner Missionsberichte, 1903*, pp. 220–1.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

buitepos van die nabygeleë Blauberg geword.[131] Ten tyde daarvan was eerw. H. C. Stech van Quedlinburg in Sakse-Anhalt, die sendeling op Blauberg.[132]

Onderwyl Stech die werk op die stasie Blauberg behartig het, het hy die evangelis Mattheus na Makabêng gestuur waar dié, uit 'n beraamde bevolking van 7 000,[133] slegs ongeveer agt persone vir die evangelie kon wen. Op Blauberg het die sendingwerk eweneens stadige vordering getoon. Droogtes, hongersnood en twis onder die Malabochstam het verhinder dat die sendingwerk noemenswaardige uitbreiding getoon het. Weliswaar het dit op Blauberg veel beter as op Makabêng gegaan want teen 1886 was daar reeds 223 persone gedoop.

Die ontwikkeling op eerw. Stech se twee buiteposte, Quedlinburg en Derben, het met soveel storms en krisisse gepaard gegaan dat sommige van hierdie gebeure selfs gedreig het om die sendingwerk van die B.S.G. op Blauberg heeltemal tot stilstand te bring. In 1885 is 'n aantal mense op Quedlinburg vergiftig, en hoewel die opperhoof Mapene geweet het wie die skuldige persoon was, het 'n sekere Lazarus, ouderling van die gemeente op Quedlinburg, beweer dat die persoon wat vir die gifmoorde verantwoordelik sou gewees het, aan hom gesê het dat hy in 1886 al die Christene wou vergiftig.[134] Lazarus het met behulp van 'n ander ouderling, Abraham, die Christene beveel om Quedlinburg te verlaat. Indien Stech nie betyds daarin kon slaag om die Christene te keer nie, sou dit kon beteken dat die buitepos gesluit moes word; en dit sou die vertroue van Mapene se onderdane in die Christendom onherstelbaar skok. Stech het wel daarin geslaag om die Christene te oorreed om nie die lokasie te verlaat nie, maar hy kon nie vir Lazarus en Abraham sover kry om van hul voorneme om die lokasie te verlaat af te sien nie.[135]

Op die buitepos Derben, waar die evangelis Samuel Modibe die gemeente van ongeveer 50 persone versorg het, het 'n storm van 'n heel ander aard as op Quedlinburg, maar baie meer ernstig, losgebars. Samuel Modibe is in Pietermaritzburg deur eerw. J. Allison van die Wesleyaanse Sendinggenootskap gedoop, maar het later tot die Evangeliese Lutherse Kerk toegetree en sy dienste as evangelis aan Stech aangebied.[136] Stech het Samuel na deeglike onderwysing in die Lutherse leerstellinge as evangelis op Derben aangestel. Aangesien Samuel Modibe homself so goed van sy taak as evangelis gekwyt het, het Stech in 1885, 50 persone op Derben gedoop.[137] In 1886 het Stech besluit om Samuel saam met hom na die sinodesitting op Moletše te neem, waarna Samuel na 'n Wesleyaanse sendingkonferensie vertrek het. Tydens hierdie sendingkonferensie het Samuel besluit om weer tot die kerk waarin hy gedoop is terug te keer. Indien hierdie besluit van Samuel slegs hom persoonlik geraak het, sou daar sekerlik geen krisis ontstaan het nie, maar hy was van voorneme om die 50 gedoopte persone op Derben ook oor te haal om hul bande met die B.S.G. te verbreek en na die Wesleyaanse Sendinggenootskap oor te gaan.[138] Vermoedelik het die Weslane Samuel ook aangemoedig om die 50 Berlynse volgelinge te oorreed om hul bande met die B.S.G. te verbreek, deurdat eerw. M. Lowe van die Wesleyaanse Sendinggenootskap, Samuel as Wesleyaanse evangelis op Derben aangestel het. Omdat die 50 gedooptes graag hul "leraar" wou volg, het hulle almal tot die Wesleyaanse kerk toegetree, en gevolglik het Derben voorlopig vir die B.S.G. verlore gegaan.[139]

Dit het egter nie by die 50 persone gebly nie, want nadat Samuel en sy volgelinge van die B.S.G. weggebreek het, het hy voortdurend gepoog om sy aanhang te vergroot deur

131. *Berliner Missionsberichte, 1889*, p. 471; E. Kratzenstein, *Kurze Geschichte*, p. 364.
132. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 251.
133. S.N. 1(a): N. 129/79, C. Knothe – H. C. Shepstone, d.d. Woodbush-Mountain, 3.6.1879.
134. *Berliner Missionsberichte, 1886*, pp. 367–75.
135. *Berliner Missionsberichte, 1886*, p. 369; E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 358.
136. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 359.
137. *Berliner Missionsberichte, 1888*, p. 496.
138. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 359; *Berliner Missionsberichte, 1888*, p. 496.
139. *Berliner Missionsberichte, 1888*, p. 496.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nog meer aanhangers uit die geledere van die B.S.G. te werf. So byvoorbeeld het Samuel een van Stech se getrouste volgelinge, Abraham Lequapa, afgerokkel.[140] Stech het alles in sy vermoë gedoen om Samuel en sy volgelinge tot die B.S.G. te laat terugkeer, maar sonder enige welslae. In 1890 het Samuel en sy volgelinge Derben verlaat, waarna die B.S.G. alles in die stryd gewerp het om weer 'n gemeente daar op die been te probeer bring. Tot aan die einde van die negentiende eeu kon daar egter nog geen persoon op Derben gedoop word nie.[141]

Sedert 1882, toe Makabêng 'n buitepos van die stasie Blauberg geword het, het die opperhoof Monyebodi, Stech gereeld versoek om weer 'n heeltydse sendeling na sy gebied te stuur. In 1885, toe die B.S.G. nog steeds nie 'n sendeling daarheen gestuur het nie, het Monyebodi direkteur Wangemann, wat in daardie jaar 'n tweede sendingreis na Transvaal onderneem het, persoonlik gevra om tog so spoedig moontlik weer 'n sendeling daarheen te stuur.[142] Toe daar egter 'n jaar later nog geen sendeling op Makabêng opgedaag het nie, het Monyebodi eerw. A. Herbst, wat sedert 1886 as tweede sendeling na Blauberg gestuur is, meegedeel dat indien daar nie spoedig 'n sendeling opdaag nie, hy verplig sou wees om hom tot 'n ander sendinggenootskap te wend.[143] Na aanleiding hiervan het die B.S.G. twee jaar later vir eerw. Carl Sack as heeltydse sendeling na Makabêng gestuur. Sack wat in Desember 1889 die stasie tydelik moes verlaat, kon as gevolg van swaar reëns en vol riviere eers drie maande later weer na Makabêng terugkeer waar hy tot sy ontsteltenis moes vasstel dat al die houtwerk van die deure en vensters van sy woning intussen deur miere opgevreet is.[144]

Die tydperk 1890–4 op Blauberg is gekenmerk deur die onrus wat die Malabochoorlog van 1894 tot gevolg gehad en wat groot invloed op die groei van die sendingwerk te Blauberg in die tydperk gehad het. Die oorsake vir hierdie oorlog wat op 15 Junie 1894 uitgebreek het, moet gesoek word in die feit dat die twee sterkste opperhoofde van die Malaboch- of Bahananwastam,[145] te wete Malaboch en Kiwi, brutaal teen die Regering opgetreet het,[146] en onder andere geweier het om hulle belasting te betaal.[147] Die uitbreek van hierdie oorlog het daartoe aanleiding gegee dat die inwoners van die stasie Blauberg gedurende 1894 hoegenaamd geen geld kon verdien nie en dat hulle oeste slegs gedeeltelik ingesamel is.[148] Die oorlogstoestand het veel kommer gebaar en daar het selfs die vrees ontstaan dat die sendingstasie as gevolg van die oorlog gesluit sou moes word.[149] Eerw. Christian Sonntag wat in 1891 die stasie van Stech oorgeneem het, het homself al gou bewys as die aangewese tussenganger tussen Malaboch en die Regering van die Z.A.R. Sonntag het in Julie 1894 daarin geslaag om Malaboch te oorreed om sy bergvesting te verlaat en hom aan die Z.A.R. oor te gee.[150]

Na afloop van die Malabochoorlog het die Regering begin met die opmeting van die lokasies vir Malaboch se volk, en die B.S.G. het aansoek gedoen om in elk van die twee beoogde lokasies 'n stuk grond te ontvang vir die oprigting van nog twee buiteposte.[151]

140. *Berliner Missionsberichte, 1888*, p. 496.
141. *Berliner Missionsberichte, 1899*, p. 599.
142. H. T. Wangemann: *Zweites Reisejahr*, pp. 198–200.
143. *Berliner Missionsberichte, 1888*, p. 500; *Berliner Missionsberichte, 1889*, p. 471.
144. Kyk *Berliner Missionsberichte, 1890*, pp. 433–40.
145. War Office: *Native Tribes*, p. 53.
146. Kyk onder andere, S.S. 2338: R6538/90, B. Vorster – P. J. Joubert, d.d. Kalkbank, 16.4.1890; S.S. 2338: R6538/90, B. Vorster – P. J. Joubert d.d. Kalkbank, 22.4.1890; S.R. 286/90 by S.S. 2338: R6538/90, C. Stech – B. Vorster d.d. Blaauwberg, 15.4.1890.
147. Kyk J. A. Mouton: *Piet Joubert*, pp. 150–2.
148. S.N. 30: S.R. 754/95, C. Sonntag – B. Vorster, d.d. Blauberg, 3.4.1895; S.S. 5382: R5065/96, C. Sonntag – P. J. Joubert, d.d. Blauberg, 28.4.1896.
149. *Berliner Missionsberichte, 1895*, pp. 329–30.
150. Kyk *Berliner Missionsberichte, 1895*, p. 330; J. A. Mouton: *Piet Joubert*, p. 152; J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 361; N. C. Weidemann: *Die Malaboch-oorlog* (1894), pp. 75–6 en 86–7.
151. Kyk *Rapport van den Superintendent van Naturellen 1892–1898: Rapport over het jaar 1896*, p. 2; S.N. 30: 754/95, C. Sonntag – B. Vorster, d.d. Blauberg, 3.4.1895; N. C. Weidemann: *Malaboch-oorlog*, p. 95.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die sendingwerk kon dus na die oorlog weer normaalweg voortgesit word, alhoewel aanhoudende droogtes, sprinkaanplae en dreigende hongersnood remmende faktore was wat teen 1900 nog nie volkome die hoof gebied is nie.[152] In 1897 het Sonntag die stasie verlaat en hy is opgevolg deur eerw. Robert Franz wat die sendingwerk gedurende die moeilike oorlogsjare, 1899–1902, behartig het.

In 1890 het Carl Sack die buitepos Makabêng verlaat om die sendingwerk in Pretoria oor te neem. Daarna is die buitepos nie weer permanent deur 'n blanke sendeling beset nie, aangesien Sack se opvolger, eerw. A. Herbst, deur 'n Bantoe te lyf gegaan is en die Komitee in Duitsland gevolglik van mening was dat dit te gevaarlik was om 'n blanke sendeling op Makabêng te stasioneer.[153] Die Bantoe-evangelis, Timotheus Munye, het van toe af die werk op Makabêng behartig.[154] Net soos in die geval van Malokong het die volk van Malaboch die Christendom baie traag aangeneem en in 1902 was daar, na 35 jaar se sendingwerk, slegs 205 gemeentelede.[155]

(*c*) *Moletše*

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk se sending was die eerste om die moontlikheid van sendingwerk in die gebied van die Moletšestam in te sien, en reeds in 1868 het eerw. S. Hofmeyr die sendingstasie, Bethesda, in Malietseland aangelê. Die stasie was slegs enkele kilometers noordwes van die huidige Pietersburg geleë. As gevolg van twis en onenigheid wat daar tussen die Buyse, die volgelinge van Hofmeyr, en die volk van Moletše ontstaan het, was Hofmeyr verplig om in 1871 Bethesda te verlaat en na sy stasie Goedgedacht terug te keer.[156] Hofmeyr het egter by sy sendingkommissie aanbeveel dat die stasie nie heeltemal ontruim moes word nie, maar omdat daar geen sendeling beskikbaar was om die stasie by Hofmeyr oor te neem nie, het hy die Bantoe-evangelis, Salomon Motsoeri, by die hoofstat van die opperhoof Moloto in Malietseland geplaas.[157]

Vir die B.S.G. was die Moletšestam 'n belangrike skakel in hulle eie ketting van sendingstasies[158] maar daar Moletše in die sendingstreek van die Ned. Geref. Kerk se sending geval het, het die B.S.G. dit raadsaam geag om eers Hofmeyr se toestemming te verkry om daar ook 'n sendingstasie te mag aanlê. Aangesien Hofmeyr besef het dat geen sendeling van sy kerk in die nabye toekoms die stasie Bethesda sou kon oorneem nie, en daar die Franse Sendinggenootskap wat wel bereid was om die werk op Bethesda oor te neem tot op daardie datum nog nie opgedaag het nie, het Hofmeyr aan die B.S.G. toestemming gegee om in Malietseland met sendingwerk te mag begin.[159]

Die volk van Moletše, wat superintendent Knothe op ongeveer 9 000 siele geskat het,[160] was nie juis baie ontvanklik vir die verkondiging van die evangelie nie, soos ook duidelik uit Hofmeyr se pogings op Bethesda geblyk het, maar ten spyte daarvan het die B.S.G. tog in Augustus 1874 'n plaas naby die hoofstat van opperhoof Moloto aangekoop,[161] en op 26 Februarie 1877 het eerw. Theodor Regler, afkomstig uit Pasewalk, Duitsland, die sendingstasie Moletše (aanvanklik Eben-Ezer genoem) naby Moloto se hoofstat aangelê.[162]

Die stigting van hierdie stasie het op 'n uiters ongeleë tydstip plaasgevind, want

152. Kyk S.S. 5382: R5065/96, C. Sonntag – P. J. Joubert, d.d. Blauberg, 28.4.1896.
153. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 251 in voetnoot.
154. *Berliner Missionsberichte, 1899*, p. 376.
155. *Berliner Missionsberichte, 1903*, p. 221.
156. W. L. Maree: *Lig in Soutpansberg*, pp. 74–7; *Berliner Missionsberichte, 1888*, p. 482.
157. W. L. Maree: *Lig in Soutpansberg*, pp. 77 en 90.
158. *Berliner Missionsberichte, 1888*, p. 482.
159. W. L. Maree: *Lig in Soutpansberg*, p. 90; *Berliner Missionsberichte, 1888*, p. 482.
160. S.N. 1(a): N. 129/79, C. Knothe – H. C. Shepstone, d.d. Woodbush-Mountain, 3.6.1879; Vgl. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 368.
161. *Berliner Missionsberichte, 1888*, p. 483.
162. B.M.A. Personalakten, T. Regler.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dwarsdeur die jaar 1878 het Moloto gedreig om, in bondgenootskap met Sekhukhune, teen die Engelse Tussenbewind in Transvaal in opstand te kom. Regler het geen moeite ontsien om Moloto van sy voorneme te laat afsien nie, en hoewel Regler wel daarin geslaag het om Moloto tot ander insigte te bring het die uitbreiding van die sendingwerk as gevolg daarvan stadige vordering getoon en was daar in 1878 nog slegs vier persone op Moletše gedoop.[163]

Aan die begin van 1880 het Regler die diens van die B.S.G. verlaat en is tydelik deur eerw. Carl Richter van Xa Matlala en Rasmus Jensen opgevolg. In 1882 het eerw. E. T. Schubert die sendingwerk op die stasie Moletše oorgeneem. Dr. Wangemann, wat die stasie Moletše in Januarie 1885 besoek het,[164] was ongelukkig verplig om Schubert summier uit die diens van die B.S.G. te skors,[165] waarna eerw. R. Jensen die stasie oorgeneem het.

Die vordering van die sendingwerk op Moletše gedurende die jare 1882–92 was veral deur twee faktore beïnvloed. Eerstens het die gesindheid van Moloto teenoor Niabel (opperhoof van die Ndzundzastam) en Matlala die groei van die sendingwerk geraak, deurdat sy houding teenoor die genoemde opperhoofde tot baie onrus en opgewondenheid onder sy volk aanleiding gegee het. In 1882 was die Transvaalse Regering verplig om oorlog teen Niabel te verklaar omdat hy aan Mampuru skuiling gebied het nadat dié sy broer Sekhukhune vermoor het.[166] Moloto was baie gretig om die volgelinge van Mampuru en Niabel in hul stryd teen die Transvaalse Regering te gaan help en hy het sy volk aangehits om die stryd teen die Boere aan te knoop. Dit het baie van eerw. Schubert se tyd en oorredingsvermoë gekos om Moloto van oorlog teen die Transvaalse Regering te weerhou. Schubert het wel daarin geslaag, maar die feit dat Moloto oorlog teen sy naburige opperhoof Matlala verklaar het, kon Schubert nie verhinder nie. Moloto se onderdane het Matlala se beeste geroof en hierdie rooftogte het met baie bloedvergieting aan albei kante gepaard gegaan. Terwyl hierdie oorlog aan die gang was, het die onderdane van Moloto min belangstelling in die evangelie getoon.[167] Dit was eers nadat president Paul Kruger Moloto in 1887 ten strengste verbied het om die oorlog teen Matlala verder voort te sit, en na die afsterwe van Moloto in 1888, dat toestande vir die uitbreiding van die evangelie op die stasie Moletše meer gunstig geword het.[168]

Die tweede faktor wat die sendingwerk op Moletše beïnvloed het, was die verhouding tussen die B.S.G. en die sending van die Ned. Geref. Kerk. Teen die helfte van 1877 het Hofmeyr sy evangelis Salomon vanaf Moloto se hoofstat na Bethesda verskuif, met die gevolg dat die B.S.G. die hoofstat bearbei het. Die B.S.G. het weliswaar meer sukses as die Ned. Geref. Kerk behaal aangesien daar in 1887 reeds 74 lidmate was. Hierdie sukses van die B.S.G. het Hofmeyr laat besluit om weer 'n evangelis na die hoofstat te stuur. Oor die evangelis, Melgisedek Molot, wat eerw. Hofmeyr na Moloto se hoofstat gestuur het, bestaan daar meningsverskille. Volgens Maree het Melgisedek se benoeming as evangelis algemene byval in die hoofstat[169] gevind. Maar eerw. Rasmus Jensen, wat die stasie Moletše in 1885 van Schubert oorgeneem het, het beweer dat Melgisedek slegs onder Moloto se broer Seripa se volgelinge populêr was en dat Moloto telkens sou gesê het dat hy geen ander sendeling in sy gebied wou hê nie. Melgisedek het teen die wens van Moloto 'n huis in die hoofstat gebou. Maree beweer egter dat Moloto Melgisedek uitgenooi het om sendingwerk in die hoofstat te doen.[170]

163. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 370:
164. H. T. Wangemann: *Zweites Reisejahr*, pp. 194–8.
165. *Berliner Missionsberichte, 1886*, p. 301.
166. Kyk D. R. Hunt: *Bapedi*, pp. 303–5; Native Affairs Department: *History of Native Tribes*, p. 34.
167. E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 371.
168. *Berliner Missionsberichte, 1889*, p. 470.
169. W. L. Maree: *Lig in Soutpansberg*, p. 91; *Berliner Missionsberichte, 1888*, p. 483.
170. W. L. Maree: *Lig in Soutpansberg*, p. 91; *Berliner Missionsberichte, 1888*, p. 483.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die grootste beswaar wat eerw. Jensen teen Melgisedek gehad het, was dat hy nie kon lees of skryf nie, en dat sy metode van evangelisasie gebaseer was op, "Lügen, Verleumdungen, Geld und Geschenke".[171] Jensen het erken dat Melgisedek wel groot aanhang gehad het, maar het beweer dat geen persoon hom vir die doop aangemeld het nie.[172] Maree beweer dat Melgisedek teen 1892 reeds 'n groot nuwe kerkgebou ingewy, en dat omtrent 550 persone aan die inwydingsplegtigheid deelgeneem het en dat 130 lidmate die nagmaal gebruik het.[173] Jensen het herhaaldelik vertoë tot Hofmeyr gerig dat hy Melgisedek van Moloto se hoofstat af moet wegneem en 'n ander arbeidsveld aan hom moet toewys. Hofmeyr wou egter nie aan hierdie vertoë gehoor gee nie en Melgisedek het in die hoofstat aangebly.

Later het Melgisedek se volgelinge in twee groepe verdeeld geraak, naamlik die een groep onder 'n sekere Manka, wat nie die kerklike tug streng toegepas het nie, en 'n tweede groep onder Melgisedek wat wel op 'n strenge toepassing van die kerklike tug gestaan het. Hierdie uiteenlopende sienswyses het tot ernstige botsings tussen die twee groepe aanleiding gegee, en dit het ook 'n uitwerking op die B.S.G. gehad, aangesien die volk van Moletše in volkome onsekerheid oor die ware leerstellinge van die Christendom geraak het.[174] In 1897 het Hofmeyr en ds. Sam Helm besluit om die sendingwerk van die Ned. Geref. Kerk in Malietseland liewer heeltemal aan die B.S.G. oor te laat, omrede hulle geen blanke sendeling soontoe kon stuur nie.[175] Kort daarna het 'n blanke, by name Richardson, in die hoofstat van Moloto opgedaag om die evangelie aan sy mense te verkondig. Hy het beweer dat die gewese gemeente van Melgisedek hom as 'n leraar beroep het. Richardson het dadelik 'n aantal persone gedoop sonder om hulle vooraf in die leerstellinge van die Christelike geloof te onderrig, waarop die opperhoof Seripa die aanhangers van Richardson verbied het om verder na hom te luister en Richardson beveel het om Malietseland te verlaat.[176]

Die uiterlike groei van die sendingwerk op die stasie Moletše is gedurende die jare 1890 tot 1900 deur droogtes, sprinkaanplae, hongersnood en siektes aan bande gelê. Met die uitbreek van die Malabochoorlog in 1894 het die volk van Moletše gedreig om teen die Z.A.R. in opstand te kom, en eerw. H. Jonas[177] moes alles in sy vermoë doen om die volk van Moletše te oorreed om nie in die Malabochoorlog betrokke te raak nie.[178] Te midde van al die probleme wat op die stasie Moletše die hoof gebied moes word, was daar nietemin gedurende 1895 'n buitepos, Hartebeestfontein, opgerig en tydens die inwyding van die kerkie aldaar het twee huisgesinne wat in 1885 saam met Schubert die stasie verlaat het, na Hartebeestfontein teruggekeer en by die B.S.G. aangesluit.[179] In 1896 het superintendent O. Krause Moletše se ander buitepos, Pietersburg, tot hoofstasie en sinodale hoofkwartier verhef. Kort voor die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog is nog twee verdere buiteposte, Kalkbank en Kalkbult, gestig. Dit was te danke aan die feit dat Schubert in sy testament twee plase aan die B.S.G. bemaak het.[180]

Met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog in 1899 het Moloto se opvolger, die opperhoof Seripa, wat volgens Maree aanvanklik 'n opregte belangstelling in die evangelie getoon het,[181] homself as 'n "gedugte teenstander van die evangelie" bewys. Aan die einde van 1899 het Seripa eerw. Johannes Neitz, wat as plaasvervanger vir eerw.

171. *Berliner Missionsberichte, 1888*, p. 483.
172. *Berliner Missionsberichte, 1888*, p. 483; E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, pp. 371–2.
173. W. L. Maree: *Lig in Soutpansberge*, p. 91.
174. *Berliner Missionsberichte, 1896*, p. 343; Kyk ook W. L. Maree: *Lig in Soutpansberg*, p. 91.
175. W. L. Maree: *Lig in Soutpansberg*, p. 91.
176. *Berliner Missionsberichte, 1898*, p. 591.
177. W. Arndt: *Berliner Missionare*, p. 6.
178. *Berliner Missionsberichte, 1895*, p. 354.
179. *Berliner Missionsberichte, 1896*, p. 343; Kyk ook *Berliner Missionsberichte, 1903*, p. 225.
180. Kyk T.A.: Boedelstukke, No. 16927, E. T. Schubert; *Berliner Missionsberichte, 1903*, p. 225.
181. W. L. Maree: *Lig in Soutpansberg*, p. 91.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Jonas opgetree het, meegedeel dat die sendeling niks aan die volk van Moletše te sê gehad het nie. In weerwil daarvan het Seripa nogtans aan die einde van 1900 vir Neitz as sendeling aanvaar, maar hy het voet by stuk gehou dat Neitz nie die evangelie moes verkondig nie. Eers in April 1901 het Seripa weer aan sy onderdane toestemming gegee om kerkdienste by te woon. Aan die einde van 1902 het die gemeente op 222 persone te staan gekom.[182]

(*d*) *Tšhakoma, Ha Schewasse en Georgenholtz*

Die drie mees noordelike sendingstasies van die B.S.G. in Transvaal was, soos reeds aangedui, onder die Ba Venda aangelê. Die ontwikkeling van dié stasies gedurende die tydperk 1880–1900 stem in groot mate ooreen omdat hulle met soortgelyke probleme te doen gehad het. Die aanvanklike goedgesindheid wat die opperhoofde Madzivhandila en Tšhivhase teenoor die sendingwerk getoon het, het mettertyd begin verdwyn en plek gemaak vir 'n uiters vyandige houding teenoor die sendelinge en hulle werk. Die Ba Venda-opperhoof Makhado het homself egter as gedugte vyand van die sendingwerk bewys, en hierdie vyandigheid het Makhado ook oorgedra aan die ander Venda-opperhoofde. Volgens eerw. Erdmann Schwellnus van Tšhakoma het die nuus in 1879 dat die Engelse Sekhukhune verslaan en as gevangene na Pretoria geneem het Makhado verhinder om toé reeds al in opstand teen die Engelse Tussenbewind en dus ook die sendelinge in Ba Vendaland, te kom.[183]

Tydens die gebruiklike Ba Venda-besnydenisseremonie in Mei 1880, het Makhado opdrag gegee dat die gemeente op Tšhakoma ook aan die seremonie moes deelneem, en ofskoon Madzivhandila beveel het dat die Christene met rus gelaat moes word, kon hy nie verhoed dat die gemeente daarby betrokke raak nie. Gevolglik was die gemeente verplig om hulself te bewapen om sodoende hulle lewens en aardse besittings te beskerm.[184] Op Ha Schewasse het dit geensins beter gegaan nie, aangesien Tšhivhase al hoe vyandiger teenoor alle blankes geword het en dus, ten spyte van Sekhukhune se onderwerping, met sy beleid van uittarting jeens die Engelse regering volgehou het. Aan Beuster se vermaning dat hy en sy onderdane hulle belastings aan die Regering moes betaal, het Tšhivhase hom nie gesteur nie.[185] Teenoor Beuster persoonlik, het Tšhivhase egter deurgaans 'n uiters vriendelike gesindheid geopenbaar en hy sou volgens Sauberzweig-Schmidt by geleentheid toe die heidene die Christene van verdagte optrede beskuldig het, gesê het: "Wer mit Mynheer [Beuster] kämpft, kämpft mit mir; ich und Mynheer sind nur ein Mensch."[186] By 'n ander geleentheid sou Tšhivhase weer voor die hele volk en in die teenwoordigheid van Beuster gesê het, "Mynheer ist mein Mensch mit ihm sterbe ich, ja ich sage euch, mit ihm sterbe ich".[187]

Die persoonlike vriendskap tussen Tšhivhase en Beuster kan tereg as die hoeksteen van die suksesvolle vooruitgang van die evangelie in dié deel van Vendaland beskou word, want indien Tšhivhase, asook sy hoofvrou Pepiti, Beuster nie so goedgesind was nie, sou die sendingwerk daar op dieselfde ramp kon uitloop as wat dit in 1866 die geval in Sekhukhuneland was. Die evangelie het egter baie langsamerhand daar posgevat, want tydens direkteur Wangemann se besoek aan Ha Schewasse in 1884 was daar na twaalf jaar se onverpoosde sendingwerk op daardie stasie slegs 80 gemeentelede.[188]

Van al drie die stasies onder die Ba Venda het Georgenholtz gewis die meeste teëspoed beleef. Eerww. Klaas Koen en Dietrich Baumhöfner is onderskeidelik in

182. *Berliner Missionsberichte, 1903*, pp. 224–5.
183. *Berliner Missionsberichte, 1880*, pp. 402–3.
184. *Berliner Missionsberichte, 1880*, p. 403.
185. *Berliner Missionsberichte, 1880*, p. 405.
186. G. Sauberzweig-Schmidt: *Ha Schewasse*, p. 20.
187. G. Sauberzweig-Schmidt: *Ha Schewasse*, p. 20.
188. G. Sauberzweig-Schmidt: *Ha Schewasse*, p. 20; Kyk ook H. T. Wangemann: *Zweites Reisejahr*, pp. 158–69.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Februarie en April 1883 oorlede, en daar was geen blanke sendeling wat dadelik hulle plek kon inneem nie, met die gevolg dat Beuster die Christene op Georgenholtz vanaf Ha Schewasse moes bearbei. Die evangelis Frans het op die stasie gebly om sover moontlik die sendingwerk daar voort te sit en te probeer bevorder. Tydens sy besoek aan Georgenholtz in Desember 1884 het direkteur Wangemann aan die opperhoof Makoarela, wat kort voor Koen se dood teen die evangelie gedraai het, maar later weer die sending goedgesind geword het, beloof dat die B.S.G. so spoedig moontlik weer 'n sendeling na Georgenholtz sou stuur.[189] Voordat egter aan hierdie belofte uitvoering gegee kon word, het 'n tragiese ramp die sendingstasie in 1885 getref.

Gedurende die nag van 22 Julie 1885, onderwyl die evangelis Frans en sy gesin in die woonkamer van die sendelingwoning gesit het, het die wind 'n gordyn teen 'n brandende kers vasgewaai. Die gordyn het aan die brand geslaan en kort daarna het ook die grasdak in vlamme opgegaan. Hoewel Frans met die hulp van die stasie-inwoners alles in sy vermoë gedoen het om die vuur te blus kon die vlamme weens 'n gebrek aan water nie gekeer word nie. Volgens Anna Mavhušha het die woning binne enkele ure in puin gelê.[190] Hierdie brand was vir die sendingwerk onder die Ba Venda 'n groot ramp gewees en dit het die noodsaaklikheid om weer 'n sendeling na Georgenholtz te stuur sterk op die voorgrond geplaas.

In 1886 het die Komitee in Duitsland eerw. Reinhold Wessmann, afkomstig uit Guben in Duitsland, na Georgenholtz gestuur om die vervalle stasie weer van nuuts af op te bou. Wessmann se aankoms op Georgenholtz op 23 Julie 1886[191] was beslis 'n groot dag in die lewe van die jarelange herderlose gemeente, en die opperhoof Makoarela het selfs 'n os as welkomsgeskenk aan Wessmann gestuur.[192] Bo en behalwe die feit dat Wessmann die hele stasie moes herbou, moes hy ook uitgebreide verkenningstogte onderneem om kontak met die afgeleë krale te maak. Baie krale het sedert die dood van eerw. Baumhöfner nie weer met die evangelie in aanraking gekom nie, maar na die besoeke van Wessmann het die sendingwerk weer tekens van vooruitgang begin toon.

Wessmann se verkenningstogte het bemoedigende resultate opgelewer, en dit was veral die besoek aan die opperhoof Makhane, in die nabyheid van die Limpoporivier, wat groot beloftes vir die uitbreiding van die evangelie ingehou het. Makhane was die evangelie goedgesind en is op 3 Augustus 1890 gedoop; kort daarna is die buitepos Gertrudsburg opgerig.[193] Afgesien van hierdie verblydende tekens van groei het die evangelie oor die algemeen egter moeilik wortelgeskiet in die omgewing van Georgenholtz. Wessmann moes die stasie in 1894 verlaat om die werk van eerw. Schwellnus, wat na Litaue teruggekeer het, te gaan behartig.[194] Daarna het eerw. Carl Gernecke die stasie Georgenholtz oorgeneem.[195]

Die sendingwerk op Tšhakoma en Ha Schewasse het eweneens stadige vordering getoon wat hoofsaaklik aan die gesindheid van die Ba Venda-opperhoofde toegeskryf moet word. Die voortdurende oorloë tussen Tšhivhase en sy bure het die sendingsaak

189. G. Sauberzweig-Schmidt: *Georgenholtz*, p. 14.
190. *Berliner Missionsberichte, 1886*, p. 418; P. Heimbach: *Neu-Georgenholtz*, p. 21; Kyk E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, p. 403; Onderhoud met Anna Mavhušha wat in 1885 ongeveer vyf haar oud was, en in 1970 nog op Alt-Georgenholtz woonagtig was; Kyk oor haar ook P. Heimbach: *Neu-Georgenholtz*, p. 11.
191. B.M.A.: Personalakten, R. Wessmann; Vgl. G. Sauberzweig-Schmidt: *Georgenholtz*, p. 14.
192. G. Sauberzweig-Schmidt: *Georgenholtz*, p. 14; P. Heimbach: *Neu-Georgenholtz*, p. 21.
193. P. Heimbach: *Neu-Georgenholtz*, p. 22; G. Sauberzweig-Schmidt: *Georgenholtz*, pp. 18–19; E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte*, pp. 403–4; Die buitepos Gertrudsburg moet nie verwar word met die stasie Getrudsburg wat in 1899 gestig is nie.
194. B.M.A.: Personalakten, R. Wessmann; *Berliner Missionsberichte, 1895*, p. 347; J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 278.
195. W. Arndt: *Berliner Missionare*, p. 6.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nadelig beïnvloed, aangesien die gemeentes nooit seker was in hoeverre hierdie onderlinge oorloë die inwoners van die sendingstasies sou raak nie. Die feit dat die sendingstasies onder die Ba Venda in baie gevalle die toevlugsoord geword het van Venda-onderdane wat in hul opperhoofde se onguns geval het, het die uitbreiding van die evangelie onder die breëre volksgroep verhinder, juis as gevolg van die feit dat die sendingstasies daardeur grootliks geslote gemeenskappe gevorm het. Hierdie toedrag van sake sou so voortduur tot 1914 toe eerw. Gotthardt Westphal aan die Christene opdrag gegee het om weer onder die volk te gaan woon.[196]

Aangesien die magtige Ba Venda-opperhoof Makhado teen sendingwerk gekant was en dit teengestaan het, is die evangelie slegs aan 'n klein persentasie van die Ba Venda verkondig. Volgens 'n opname was daar in 1905 ongeveer 199 000 Ba Venda,[197] waarvan slegs sowat 492 Christene was.[198] Nadat Makhado se opvolger, Mphephu, in 1898 deur die Z.A.R. tot onderdanigheid gedwing is, het die toestand vir die uitbreiding van die evangelie in so 'n mate verbeter dat daar selfs in 1899 'n vierde sendingstasie, Gertrudsburg, opgerig kon word.

"Der Führer und die Seele der Bawendamission in ihren ersten drei Jahrzehnten war Carl Beuster."[199] Carl Beuster, wat op 7 Julie 1884 in Liebenwalde, Duitsland, die eerste lewenslig aanskou het en aanvanklik as bakker opgelei is, het as jong man so siek geword dat 'n geneesheer hom aangeraai het om liewer op te hou met werk. Op sy siekbed het Beuster egter besluit om sendeling te word en hy sou tot met sy dood op 5 November 1901 onverpoosd sendingwerk onder die Ba Venda doen.[200] Sy stasie Ha Schewasse was tot en met 1914 as die hoofstasie in Vendaland beskou, en sonder dat die Komitee in Duitsland Beuster as hoof van die sendingwerk onder die Ba Venda aangestel het, is hy deur sy medesendelinge in Vendaland as hulle leier beskou en geeneen het opgetree sonder om eers vooraf met Beuster te beraadslaag nie.[201] Beuster was die persoon wat die Christelike literatuur eerste in die Vendataal vertaal en geskryf het. So het hy onder andere groot dele van die Bybel in Venda vertaal,[202] 'n Venda-gesangboek opgestel en daarvoor gesorg dat die kategismus in Venda vertaal is.[203] Carl Beuster was so gewild en bemind onder die Ba Venda dat sy stasie Ha Schewasse se naam na sy dood deur eerw. Theodor Schwellnus, seun van Erdmann Schwellnus, na Beuster-sendingstasie verander is.[204]

Met die afsterwe van Carl Beuster in 1901 het eerw. O. Klatt[205] die sendingwerk op Ha Schewasse oorgeneem. Carl Gernecke wat Wessmann op Georgenholtz opgevolg het, moes in 1898 om gesondheidsredes die stasie verlaat en na Duitsland terugkeer, waarna eerw. E. Gottschling die stasie vir 'n tydjie versorg het totdat die Komitee in Duitsland hom opdrag gegee het om die nuwe stasie onder die Ba Venda, Gertrudsburg, aan te lê. Gernecke kon nie weer na Georgenholtz terugkeer nie omdat hy, as gevolg van die Tweede Vryheidsoorlog, nie deur die Engelse toegelaat was om Kaapstad te verlaat nie.[206] Gevolglik was die stasie Georgenholtz voorlopig nie deur 'n permanente sendeling beset nie, en Wessmann het sover as moontlik ook die stasie behartig.[207]

196. Onderhoud met biskop D. W. Giesekke.
197. War Office: *Native Tribes*, p. 63.
198. A. Merensky: *Missions-Atlas*, p. 37.
199. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 278.
200. B.M.A. Personalakten, C. Beuster; Kyk ook G. Sauberzweig-Schmidt: *Ha Schewasse*, p. 1.
201. Onderhoud met biskop D. W. Giesekke; Kyk ook J. Richter, *Missionsgesellschaft*, p. 278.
202. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 278.
203. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 278.
204. Onderhoud met biskop D. W. Giesekke; Kyk ook Nasko-Museum, Pretoria: N1/8/3/1, Bantoesake-kommissaris Sibasa – D. W. v. d. Merwe, d.d. Sibasa, 5.3.1969.
205. W. Arndt: *Berliner Missionare*, p. 8.
206. *Berliner Missionsberichte, 1903*, p. 235.
207. B.M.A.: Personalakten, R. Wessmann.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Tweede Vryheidsoorlog het nie die groei van die sendingwerk onder die Ba Venda benadeel nie omrede hulle eintlik weinig van die oorlog meegemaak het.[208] Beuster het voor sy dood deur sy taktvolle optrede die vrede bewaar[209] en op Tšhakoma het Wessmann eweneens al sy kragte ingespan om vrede en rus onder die Ba Venda te handhaaf. Aan die einde van 1899 het Wessmann die Regering meegedeel dat die Ba Venda van voorneme was om hulle gedurende die oorlog stil en rustig te gedra.[210]

Dit wil trouens voorkom asof die oorlog in werklikheid die uitbreiding van die evangelie positief beïnvloed het, aangesien daar gedurende die oorlogsjare 40 persone op Tšhakoma gedoop is, wat veel meer was as wat in die voorafgaande jare die geval was.[211] Gedurende die oorlog het 'n Engelse kommando wat die Ba Venda-gebied binnegeval het weliswaar gedreig om Wessmann om die lewe te bring, maar hy het gevlug en het later weer ongedeerd na Tšhakoma teruggekeer.[212] Die feit bly egter staan dat die sendingwerk onder die Ba Venda eers gedurende die eerste dekades van die twintigste eeu werklik met rasse skrede begin vooruitgaan het. Onder leiding van die sendelinge Ludwig Giesekke, Gotthardt Westphal en Theodor Schwellnus is die evangelie tot in die kern van die Ba Vendavolk ingedra.

(*e*) *Mp'hôme (Kratzenstein) en Medingen*

Die belangrikste ontwikkeling wat op die stasie Mp'hôme plaasgevind het, is reeds bespreek, en moet hier slegs aandag geskenk word aan die verdere ontwikkeling van die stasie vanaf 1896 nadat superintendent Krause die stasie verlaat het.

Ten spyte van die Makgoba-oorlog van 1894–5, wat tot baie onrus onder die gemeentes van Mp'hôme en sy dertien buiteposte aanleiding gegee het, het die sendingwerk op dié voormalige sinodale hoofkwartier goeie vordering getoon sodat daar aan die einde van 1896 reeds 612 gemeentelede op Mp'hôme was.[213] Op Lešoane, 'n buitepos van Mp'hôme waar die jong eerw. Robert Franz die leisels by die ontslape eerw. Timotheus Sello oorgeneem het, het die Magoeba-oorlog egter wel 'n invloed gehad. Na die onthoofding van Magoeba deur die Swazi's,[214] het talle van sy onderdane hulle toevlug tot Lešoane geneem en dit het by Franz die vrees laat ontstaan dat hierdie heidense onderdane van Magoeba 'n negatiewe uitwerking op die gemeentelike lewe sou hê.[215] Verder het droogtes en hongersnood die werk van Franz bemoeilik omdat hy baie meer tyd aan die materiële versorging van sy gemeente moes bestee. In 1896 moes Franz die stasie Lešoane verlaat om na die stasie Blauberg te gaan en eerw. A. Herbst moes weer eens dié buitepos vanaf Mp'hôme bearbei.[216]

'n Belangrike gebeurtenis in die geskiedenis van die stasie Mp'hôme was die verskuiwing van die stasie van die Houtbosberge, waar superintendent Knothe die stasie in 1878 aangelê het, af na die nabygeleë plaas Doornhoek, ongeveer 40 km. noord van Pietersburg. Die rede vir hierdie verskuiwing lê daarin opgesluit dat die klimaat ongesond was en verder het baie bejaarde kerkgangers dit moeilik gevind om die stasie te besoek omdat dit so hoog op die berg geleë was.[217] Na die verskuiwing van Mp'hôme is die naam van die stasie ook na Kratzenstein verander, ter ere van die ontslape sendinginspekteur Eduard Kratzenstein wat in 1896 oorlede is.[218]

208. *Berliner Missionsberichte, 1903*, p. 236.
209. *Berliner Missionsberichte, 1899*, p. 680.
210. *Berliner Missionsberichte, 1899*, p. 690.
211. B.M.A.: Personalakten, R. Wessmann.
212. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 369.
213. *Berliner Missionsberichte, 1896*, pp. 339–40.
214. L. S. Kruger: *Makgoba (Magoeba)-oorlog*, p. 103; *Berliner Missionsberichte, 1896*, p. 82.
215. *Berliner Missionsberichte, 1896*, p. 82.
216. *Berliner Missionsberichte, 1898*, pp. 24–5.
217. *Berliner Missionsberichte, 1898*, p. 21.
218. *Berliner Missionsberichte, 1913*, p. 83; Kyk ook W. Gründler: *Hundert Jahre Berliner Mission*, p. 30.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gedurende die eerste maande van die jaar 1899 het daar 'n vermeerdering in die getal lidmate op Kratzenstein plaasgevind wat tot in daardie stadium geen gelyke in die geskiedenis van die B.S.G. gehad het nie. In een jaar is 388 persone, waaronder 252 volwassenes, gedoop.[219] Hierdie geseënde groei is egter deur die Tweede Vryheidsoorlog onderbreek. Die opperhoof Mamabola het in die oorlog die geleentheid gesien om die gesag van die Z.A.R. af te werp, en na die besetting van Pietersburg deur die Engelse in 1901, het die oorlogsfront al hoe verder noordwaarts uitgebrei. Aan die einde van April 1901 het 'n Engelse kommando op aanbeveling van Mamabola Kratzenstein omsingel omdat eerw. Herbst 'n aantal Boere in sy woning sou versteek het.[220] Daarna het die Engelse op Herbst se woning begin losbrand. Hoewel Herbst en sy familie by daardie geleentheid ongedeerd daarvan afgekom het, het die Engelse Herbst in Oktober 1901 gevange geneem, omdat hy dit sou verbied het dat sy gemeente deur die Engelse bewapen word. Herbst is daarna sonder enige verhoor na Pretoria gestuur waar die Engelse hom wel toegelaat het om by eerw. Carl Sack op Skoolplaas te bly tot na afloop van die oorlog.[221]

Die laaste sendingstasie van die B.S.G. wat hier onder die soeklig val is Medingen wat op 13 Oktober 1881 onder die Balobedustam, wat volgens superintendent Knothe toe ongeveer 10 000 siele getel het, gestig is.[222] Die sendeling wat die B.S.G. na die beroemde reënkoningin Modjadji se land gestuur het, was 'n voormalige Pruisiese offisier, Friedrich Ludwig Reuter, wat op 22 Augustus 1848 in Löwenbruch naby Teltow, in die provinsie Brandenburg, die eerste lewenslig aanskou het. Friedrich of Fritz, soos hy algemeen bekend was, het reeds van jongs af 'n warme belangstelling in die godsdiens getoon – 'n belangstelling wat toegeskryf kan word aan die streng godsdienstige opvoeding wat hy in sy ouerhuis ontvang het.[223]

Reuter se vader was 'n grondbesitter en wou graag sien dat sy seun Fritz eendag die familie-oue boerderytradisie voortsit, en juis omrede Fritz se oudste broer geen belangstelling in die boerdery getoon het nie was vader Reuter des te gretiger om Fritz hierdie rigting te laat volg. Met daardie doel voor oë is Reuter dan ook na 'n landbouskool gestuur, maar "der Mensch denkt aber Gott lenkt," lui 'n ou Duitse spreekwoord, want in 1868 het Reuter se lewe 'n wending geneem wat hom baie ver van die boerdery af sou wegneem. In daardie jaar moes Reuter hom vir sy verpligte militêre opleiding aanmeld,[224] waar hy al gou die rang van kavalleris beklee het aangesien hy 'n perderuiter van faam was.[225]

Reuter se militêre opleiding was vir sy toekomstige loopbaan van deurslaggewende belang, daar die uitbreek van die Frans–Pruisiese Oorlog in 1870 sy lewe op 'n heel ander weg gestuur het. Reuter was verplig om aan hierdie oorlog deel te neem en op 16 Augustus 1870 het hy aan die Duitse aanval, bekend as die "doderit van Mars-la-Tour", ten weste van Metz, deelgeneem.[226] Dit was een van die bloedigste veldslae in die hele Frans–Pruisiese Oorlog, en teen 14h00, "every foot soldier and every gun had been put into battle . . . "[227] Reuter was een van sestien van sy regiment wat hierdie doderit van Mars-la-Tour oorleef het, en hy het beweer dat hy sy lewe aan sy wilde perd

219. *Berliner Missionsberichte, 1900*, p. 556; *Berliner Missionsberichte 1901*, p. 390; *Berliner Missionsberichte, 1903*, p. 228.
220. *Berliner Missionsberichte, 1903*, p. 229; J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 369.
221. *Berliner Missionsberichte*, 1903, p. 230.
222. S.N. 1(a): N. 129/79, C. Knothe – H. C. Shepstone, d.d. Woodbush-Mountain, 3.6.1879.
223. B.M.A.: Band I, No. 21, Lêer 3, F. Reuter – Th. Wangemann, d.d. Berlyn, 5.8.1875; G. Sauberzweig-Schmidt: *Medingen eine Missionstation im Lande der Heidenkönigin Motyatye*, p. 2.
224. B.M.A.: Band I, No. 21, Lêer 3, F. Reuter – Th. Wangemann, d.d. Berlyn, 5.8.1875; W. Krause: *Herinneringe*, p. 1.
225. W. Krause: *Herinneringe*, p. 1.
226. M. Beyer: *Medingen*, p. 38; G. Sauberzweig-Schmidt: *Medingen*, p. 2; W. Krause: *Herinneringe*, p. 1.
227. A. Horne: *The Fall of Paris: the Siege and the Commune 1870–1871*, p. 45.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Illo te danke gehad het.[228] Die aand na die slag het Reuter en 'n vriend weer eens die slagveld met sy dooies en gewondes besoek, waar Reuter diep getref was deur die feit dat die Algerynse huursoldate, waarvan Frankryk onder andere gebruik gemaak het, sonder kennis van God gesterf het. Gevolglik het Reuter aan God 'n gelofte gedoen dat, indien hy die oorlog sou oorleef, hy as sendeling na Afrika sou gaan.[229]

Na afloop van die oorlog het Reuter sy gelofte aan sy ouers bekend gemaak, maar albei was sterk teen sy voorneme gekant. Sy vader is kort daarna oorlede en Reuter moes teen sy sin die boerdery oorneem, daar sy moeder geweier het om aan hom toestemming te gee om sendeling te word.[230] Hy het homself probeer oortuig dat hy in elk geval nie 'n goeie sendeling sou uitmaak nie, maar toe 'n ernstige siekbed hom byna sy lewe gekos het, het hy weer aan sy gelofte gedink, en het hy in 1875 daarin geslaag om sy moeder se toestemming te kry om sendeling te word.[231]

Reuter is daarna as sendeling van die B.S.G. opgelei en hy het in 1880 op 30-jarige leeftyd in die Durbanse hawe aangekom. As gevolg van die Eerste Vryheidsoorlog kon hy nie dadelik na sy voorlopige bestemming, Mp'hôme, vertrek nie, met die gevolg dat hy eers gedurende die tweede helfte van 1881 op Mp'hôme aangekom het.[232]

Eerw. Reuter het op 13 Oktober 1881, vergesel van superintendent Knothe, by die hoofkraal van Modjadji aangekom, maar hulle kon haar nie te sien kry nie omdat die Balobedu juis toe besig was om die gebruiklike reënmaakfees te vier.[233] Die feit dat Modjadji na bewering die mag sou besit het om reën te maak, het aan haar en die Balobedu 'n reputasie besorg wat oor bykans die hele suidelike Afrika gestrek het, en besoekers het van oral vandaan gekom om van haar die gawe om reën te maak te ontvang, waarvoor hulle uiters duur moes betaal, in die vorm van uitsoekbeeste, ivoor, goud, jong Bantoemeisies en later selfs diamante.[234]

Daar is geglo dat Modjadji onsterflik was en dit het haar as die "Khifidula maru-a-Daja" (Vervormer van die Wolke) in die kleed van geheimsinnigheid en vrees gehul, wat verder versterk is deur die feit dat geen buitestaander toegelaat was om haar te sien nie.[235]

Omdat Knothe reeds tydens sy tweede besoek aan die Balobedu in 1880 toestemming van Modjadji ontvang het om in haar gebied 'n sendingstasie te mag oprig, was dit nie vir Reuter nodig om onverrigtersake na Mp'hôme terug te keer nie.[236] Aanvanklik was Reuter van voornemens gewees om hom naby Khašhane Mamathepa te Modubêng te gaan vestig, maar met die oog op die gevaar van malaria het Knothe aanbeveel dat die sendingstasie tussen Modubêng en Modjadji se hoofkraal op 'n berg aangelê moes word.[237] Reuter het met veel moeite die steil berg bestyg, waar hy langs die klein Khokanespruitjie sy sendingstasie aangelê het.[238] Hy kon egter eers ernstig met die bouwerk begin nadat hy Modjadji se hoofindoena, Poke, ontmoet het. Poke

228. W. Krause: *Herinneringe*, p. 1.
229. M. Beyer: *Medingen*, p. 41; W. Krause: *Herinneringe*, p. 1; G. Sauberzweig-Schmidt; *Medingen*, p. 1; Vgl. ook G. G. Munnik, *Kronieke van Noordelike Transvaal*, p. 118, Munnik beweer dat Reuter voor die slag die gelofte afgelê het. Volgens die ander bronne het hy die gelofte na die slag afgelê. Reuter se dogter, mev. W. Krause, het my meegedeel dat haar vader die gelofte na afloop van die slag gemaak het.
230. B.M.A.: Band I, No. 21, Lêer 3, F. Reuter – Th. Wangemann d.d. Berlyn, 5.8.1875.
231. Onderhoud met mev. W. Krause van Duiwelskloof.
232. F. Büttner: *Medingen in Nordtransvaal eine Stadt auf dem Berge*, p. 6.
233. B.M.A.: Band I, No. 21, Lêer 4, F. Reuter – Th. Wangemann, d.d. Khokane, 21.11.1881.
234. B. H. Dicke: Die Majatje-oorlog, 1890. (*Die Huisgenoot*, 13.6.1930); H. W. Grimsehl: *Onluste in Modjadjiland*, p. 193.
235. B. H. Dicke: Majatje-oorlog (*Die Huisgenoot*, 3.6.1930); E. J. Krige en J. D. Krige: *The Realm of a Rain Queen, A study of the pattern of Lobedu Society*, p. 2.; H. W. Grimsehl: *Onluste in Modjadjiland*, p. 193; W. Krause: Ein Aussergewönlicher Besuch bei der Königin Modjadji, p. 1.
236. M. Beyer, *Medingen*, p. 37.
237. B.M.A.: Band I, no. 21, Lêer 5, F. Reuter – Th. Wangemann, d.d. Khokane, 21.11.1881.
238. B.M.A.: Band I, no. 21, Lêer 5, F. Reuter – Th. Wangemann, d.d. Khokane, 21.11.1881; Kyk ook *Hoofstad*, 11.2.1970 (Berig oor E. Reuter).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het Reuter se vestiging onder die Balobedu verwelkom en het 'n uiters vriendelike gesindheid teenoor Reuter openbaar.[239]

Reuter wou baie graag sy sendingstasie na die slag van Mars-la-Tour vernoem, daar dit vir hom meer as net 'n eenvoudige Franse dorpie was; Mars-la-Tour was vir hom, trouens, 'n sinnebeeld van Gods genade.[240] Die direkteur van die B.S.G., dr. Wangemann, kon egter nie aan Reuter se versoek voldoen nie, daar die fondse waarmee die sendingstasie opgerig was, geskenk was deur 'n sekere mej. Charlotte von Meding, wat bepaal het dat die stasie wat met haar geld opgerig sou word na haar vernoem moes word.[241] Mej. Von Meding het uitdruklik bepaal dat die stasie Medingen genoem moes word, omdat sy dié gedeelte van haar familie wat Rooms-Katoliek was, en wat 'n klooster Medingen naby Ülzen in Benede-Sakse gestig het, wou wys dat die Protestantse gedeelte van die familie ook iets vir hulle geloof kan doen.[242]

Die begin van Reuter se werksaamhede op Medingen is treffend deur G. Kuschke opgesom: "His first and foremost task was to win the confidence of the native inhabitants. As he was the first White man to settle amongst them and was naturally regarded with suspicion and malice, this was not easy. He first of all had to overcome the linguistic barrier and learn their language so as to make contacts and explain to them the purpose and object of his coming. The gulf was soon bridged by rendering small acts of service, such as repairing their primitive tools, tending the sick and supplying of medicine and last but not least by offering presents."[243]

Reuter was nog nie eers 'n volle twaalf maande met sendingwerk onder die Balobedu besig nie toe die eerste krisis in sy werk in Julie 1882 ingetree het. Hierdie krisis kan aan twee gebeure toegeskryf word; in die eerste plek het die reën in 1882 weggebly en tweedens het Modjadji se hoofindoena Poke, wat Reuter goedgesind was, in daardie jaar te sterwe gekom. Die Balobedu het benoud begin dink dat Modjadji haar mag om reën te maak verloor het, en het geredeneer dat indien dit die geval was daar 'n oorsaak voor moet wees. Hulle het derhalwe na die persoon wat daarvoor verantwoordelik was begin soek en dit het Modjadji en haar indoenas nie lank geneem om 'n sondebok te vind wat tussen hulle en die reën gestaan het nie. Volgens hulle was die skuldige persoon Khashane wat met sy "Boek" die reën laat wegbly het.[244] Modjadji en haar nuwe hoofindoena, Ziekietie, het die Balobedu teen Khashane en eerw. Reuter begin opsweep. Sy het Reuter ook nog van hoogverraad teen die Boere beskuldig aangesien Reuter sou gedreig het om die Engelse uit te nooi om die Transvaal weer aan hulle gesag te onderwerp.[245]

Modjadji het by die Naturellekommissaris vir Spelonken, A. A. Albasini, 'n amptelike klag teen Reuter en Khashane ingedien.[246] 'n Regeringskommissie, onder leiding van Albasini, en in teenwoordigheid van eerww. Reuter, Rasmus Jensen, Johannes Winter, Erdmann Schwellnus, Gustav Trümpelmann en superintendent Carl Knothe, het op 26 Julie 1882 die aangeleentheid in oorleg met Modjadji se verteenwoordigers ondersoek.[247] Volgens bevinding van die kommissie was Modjadji se onderdane

239. M. Beyer: *Medingen*, pp. 54–6; F. Büttner; *Medingen in Nordtransvaal*, p. 10; G. Sauberzweig-Schmidt; *Medingen*, p. 10.
240. B.M.A.: Band I, No. 21, Lêer 4, F. Reuter – Th. Wangemann, d.d. Modjadji, 24.1.1882.
241. F. Büttner: *Medingen in Nordtransvaal*, p. 4; J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 272; W. Krause: *Herinneringe*, pp. 9–10.
242. W. Krause: *Herinneringe*, pp. 9–10.
243. G. Kuschke: Seventy years of Pioneer Mission work in the Low-Country, 1881–1951, p. 2.
244. E. J. Krige en J. D. Krige: *Rain Queen*, pp. 271–81; G. Sauberzweig-Schmidt: *Medingen*, p. 12; F. Büttner: *Medingen in Nordtransvaal*, p. 10.
245. G. Sauberzweig-Schmidt: *Medingen*, p. 15.
246. T.A.: Wypkema-versameling, W10/1, A. A. Albasini – Superintendent van Naturelle, d.d. Spelonken, 26.7.1882.
247. M. Beyer: *Medingen*, pp. 80–1; H. T. Wangemann: *Khaschane-Mamthepa*, p. 18; G. Sauberzweig-Schmidt: *Medingen*, p. 14.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bevrees dat die "Boek" wat Khašhane die land ingebring het, hulle sou verhinder om die seremonies van die Balobedu te eerbiedig. Ziekietie het Albasini verder meegedeel dat Khašhane hom nie langer aan Modjadji onderwerp het nie en dat hy derhalwe liewer die gebied moes verlaat. Khašhane het in sy verweer daarenteen aangevoer dat hy te alle tye bereid sou wees om hom aan Modjadji te onderwerp, "maar de boek zal ik niet laten staan".[248] Daarop het Albasini vir Ziekietie meegedeel dat die Regering ten gunste van die "Boek" was en dat Reuter en Khašhane om daardie rede met rus gelaat moet word, en verder dat indien daar weer 'n klagte oor Reuter en Khašhane se werksaamhede ontvang word, hy verplig sou wees om die Regering te versoek om teen die Balobedu op te tree.[249]

Modjadji het haar aanvanklik hierby berus, vermoedelik slegs om van die kans gebruik te maak om 'n ander taktiek te bedink hoe sy van Reuter en Khašhane ontslae kon raak. Sy het Reuter intussen aangesê om liewer die stasie te verlaat, maar sy antwoord daarop was om rustig voort te gaan met die uitbouing van sy sendingstasie[250] en in die loop van 1883 het hy die kerkgebou op Medingen voltooi. Modjadji het haar indoenas beveel om Khašhane en die ander Christene te Modubêng te beroof, te slaan en te mishandel om hulle sodoende te probeer dwing om hulle geloof prys te gee, maar sy kon nie in haar doel slaag nie.[251] Khašhane het egter ten spyte van hierdie terugslae getrou en ywerig voortgegaan om die evangelie te verkondig, sodat daar aan die begin van 1884 reeds 28 lidmate op Modubêng was, terwyl 'n verdere 22 persone hulle in die loop van 1884 vir die doopbediening aangemeld het[252] Reuter het eweneens die sendingwerk op Medingen onverpoosd voortgesit, en toe een van die inwoners op Medingen voorgestel het dat Reuter die stasie teen 'n moontlike aanval van Modjadji moes inrig, was sy antwoord: "Unsere Gebete sin unsere Gewehre mit denen wir gegen unsere Feinde ins Feld ziehen bis zum letzten Augenblick."[253]

In die vroeë oggendure van Goeie Vrydag 1884 het die wrywing tussen Modjadji en die Christene tot 'n openlike botsing gekom en wel op Modubêng. Die meeste Christen-mans was nie tuis nie daar hulle die nagmaalviering op Mp'hôme bygewoon het, en net Khašhane, die koster Dawid en nog 'n paar mans, waaronder die voor-aanstaande gemeentelid Johannes Nakampe, was op Modubêng. Kort na sonsopkoms het 'n impie van Modjadji Modubêng omsingel en geëis dat Khašhane hom aan hulle moes oorgee. Khašhane het egter geweier, waarop daar 'n geveg tussen die paar Christene en Modjadji se impie uitgebreek het. Khašhane en Dawid het albei gesneuwel, waarna die impie Modubêng aan die brand gesteek het.[254] Hierdie was die eerste en enigste geval in die geskiedenis van die B.S.G. in Transvaal waar martelaarsbloed gevloei het. Reuter, wat siek in die bed met malaria was, was verplig om op te staan om die getroue Khašhane en Dawid te gaan begrawe, en met behulp van Johannes Nakampe die verstrooide gemeente na Mamaila (die huidige Mokeetsi) te neem.[255] Die impie wat Khašhane en Dawid vermoor het, het Reuter op pad terug na Medingen agtervolg en wou hom om die lewe bring, maar omdat sommige van hulle nog nooit vantevore 'n perd gesien het nie het hulle die vreemde dier gevrees, en dit was aan

248. W10/1: Kommissie se Ondersoek insake Modjadji se klag teen Khašhane en eerw. Reuter, d.d. Spelonken, 26.7.1882.
249. W10/1: Kommissie se Ondersoek, d.d. Spelonken, 26.7.1882; Kyk ook H. T. Wangemann: *Khaschane-Mamathepa*, p. 19.
250. F. Büttner: *Medingen in Nordtransvaal*, p. 10.
251. F. Reuter: *Paulus Ndumbane, wie aus einem Saulus ein Paulus wird*, p. 4.
252. H. T. Wangemann: *Khaschane-Mamathepa*, p. 21.
253. F. Büttner: *Medingen in Nordtransvaal*, p. 10.
254. H. T. Wangemann: *Khaschane-Mamathepa*, pp. 23–7; W. Krause: *Herinneringe*, p. 11; Kyk ook S.S. 999: R5129/84, O. Dahl – Superintendent van Naturelle d.d. Spelonken, 1.11.1884; F. Reuter, *Paulus Ndumbane*, p. 4; *Berliner Missionsberichte, 1886*, p. 346.
255. W. Krause: *Herinneringe*, p. 12; *Berliner Missionsberichte*, 1886, p. 346.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hierdie vrees te danke dat eerw. Reuter ongedeerd daarvan afgekom het. 'n Perd het dus 'n tweede keer Reuter se lewe gered.[256]

Na die tragiese gebeure op Modubêng sou dit Reuter lank neem om weer die vertroue van Modjadji en haar mense te wen, maar hy het 'n slag gehad om met mense te werk, en slegs 'n jaar na Khašhane se dood het 'n ou verstokte heiden, aldus Büttner, aan Reuter, gesê: "Ek sien Mijnheer sal ons nog oorwin."[257] Teen die eerste helfte van 1885 was daar reeds 54 lidmate op Medingen.[258]

Modjadji het mettertyd van haar vyandige gesindheid teenoor Reuter afgesien, omdat haar onderdane haar meegedeel het dat hulle nog nooit tevore 'n mens soos Reuter gesien of leer ken het nie. Hulle kon dit eenvoudig nie begryp dat Reuter nooit moeg geword het om hulle te help nie.[259] Met die veranderde gesindheid van Modjadji het die Christene van Mamaila na Medingen verhuis en Medingen het vir die eerste keer sedert die stigting van die stasie die slagaar van die sendingaktiwiteite onder die Balobedu geword.

Die goeie verhouding tussen Modjadji en Reuter was maar van korte duur, want teen 1890 het sy weer 'n vyandige gesindheid teenoor Reuter en die ander blankes in haar gebied begin openbaar. Sy het die blankes die skuld gegee vir die knellende droogtes wat die Laeveld tussen die jare 1890 en 1894 geteister het. Volgens Modjadji het die blankes se wonings haar mag as "Vervormer van die Wolke" vernietig.[260] In 1894 het die toestand in Modjadjiland sulke ernstige afmetings aangeneem dat die Regering verplig was om 'n kommando na die gebied te stuur om Modjadji aan die gesag van die Staat te onderwerp.[261] Tydens die oorlog teen Modjadji het Reuter 'n belangrike rol as tussenganger tussen die Boere en Modjadji gespeel.

Na afloop van die veldtog teen Modjadji was die uitwerking van die droogte van daardie jaar op die Balobedu duidelik merkbaar. Die gevolge van die droogte sou tot ten minste 1897 sy nasleep hê.[262] Teen 1897 was die toestand so kritiek dat Reuter van opinie was dat ongeveer een derde van die Balobedu reeds 'n hongerdood gesterf het. Op Medingen self het reeds elf mense van honger omgekom.[263] Reuter het al sy kragte ingespan om die lot van die noodlydendes te verlig, en hy het sowel die Komitee in Duitsland as die Z.A.R. om hulp gevra. Die Regering het toegestem dat Reuter 50–100 sakke mielies teen 'n verlaagde prys van £1-10 per sak kon aankoop, op voorwaarde dat hierdie toegewing nie as 'n presedent beskou moes word nie.[264] Hoewel dit gehelp het, het die toestand steeds benard gebly, en R. Wessmann, wat tydelik die stasie bearbei het, het die Regering versoek om nie te eis dat Modjadji se volk hul belasting vir 1897 betaal nie, en dat daar aan hulle uitstel verleen word.[265]

In 1897, ten tye van die droogte en hongersnood, het 'n agent vir die Transvaal-uitstalling wat in Berlyn sou plaasvind, Reuter gevra of hy nie 'n aantal Balobedu na die uitstalling wou stuur nie. Die agent sou die reis- en ander koste betaal, en sodoende sou ten minste 'n groep Balobedu van 'n hongerdood gered word. Die aandag wat hulle op die uitstalling te beurt sou val en die geldelike voordeel wat daaruit getrek kon word

256. W. Krause: *Herinneringe*, p. 12.
257. F. Büttner: *Medingen in Nordtransvaal*, p. 12.
258. *Berliner Missionsberichte, 1886*, p. 348.
259. Kyk F. Büttner; *Medingen in Nordtransvaal*, p. 12.
260. W. Krause: *Herinneringe*, p. 12.
261. Kyk H. W. Grimsehl: *Onluste in Modjadjiland.*
262. Kyk G. Kuschke: *Seventy Years*, p. 5; Kyk ook Pietersburg-museum: F. Reuter, Tagebuch, Feb.–Maart 1897, pp. 1–10; *Berliner Missionsberichte, 1898*, pp. 13–14.
263. S.S. 6153: R1260/97, F. Reuter – Superintendent van Naturelle d.d. Medingen, 15.1.1897.
264. S.S. 6153: R1260/97, Minute, Onder-Staatsekretaris – Superintendent van Naturelle d.d. Medingen, 15.1.1897.
265. S.S. 6486: R8294/97, R. Wessmann – Regering van die Z.A.R. d.d. Pietersburg, 3.6.1897; S.S. 6486: R8294/97, M. P. A. Coetzee – Regering van Z.A.R. ongedat. gevoeg by brief van R. Wessmann, d.d. Pietersburg, 13.6.1897.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sou ook verseker dat hul families gevoed kon word. Hoewel Reuter aanvanklik nie juis vir so 'n voorstel te vinde was nie, het hy nietemin later ingestem, daar hy 'n tweeledige voordeel daarin kon sien, eerstens kon die sendingwerk eerstehands in Duitsland gepropageer word en tweedens kon etlike families van voedsel voorsien word.[266] Reuter het op eie risiko met 65 Balobedus (25 Christene en 40 heidene) na Berlyn vertrek,[267] aangesien die B.S.G. nie die verantwoordelikheid vir so 'n gewaagde onderneming kon aanvaar nie.[268] Die reis na en verblyf in Berlyn het 'n groot invloed op die Balobedus uitgeoefen, en veral die besoek aan die "Missionshaus" in Berlyn, waar direkteur M. Gensichen en sendinginspekteur A. Merensky hulle toegespreek het, het 'n blywende invloed op hul gemoedere gehad.[269]

Met die terugkoms op Medingen het die groep Balobedus wat voortaan as die "Berliner" bekend gestaan het 'n geestelike bloeitydperk ingelui. Die sendingwerk het daarna met rasse skrede voortuitgegaan en, benewens die 40 heidene wat Berlyn besoek het en daarna Christene geword het, het die gemeente in 1899 op 427 te staan gekom. Dit was meer as wat Reuter die vorige sestien jaar in totaal gedoop het. Aan die einde van 1899 het die gemeente op 742 te staan gekom.[270] Daarbenewens was daar reeds agt buiteposte en drie preekplekke.[271] Bo en behalwe Mamaila, wat sedert Khašhane se dood in 1884 as buitepos gedien het, was die belangrikste ander buitepos in Mamakobe se lokasie geleë, waar Philipus Modiba as evangelis opgetree het.[272] Aan die einde van 1901 was daar 200 skoolkinders op Medingen, met twee onderwysers, Joseph Mokitimi en Johannes Khašhane, seun van die martelaar Khašhane Mamathepa, terwyl Reuter se twee oudste dogters, Elizabeth en Martha, die sangonderrig waargeneem het asook die leerlinge Engels geleer het.[273]

Medingen was in alle opsigte naas Kratzenstein die mees vooruitstrewende sendingstasie in die hele Noord-Transvaalse sinodale streek. Reuter het hierdie stasie tot 'n modelstasie uitgebou, soos blyk uit die kommentaar van besoekers aan sy sendingstasie. Munnik het die volgende oor Medingen geskryf: "Mnr. Reuter het die plek in 'n klein paradijsie herskape. Die verskeidenste tropiese vrugte groei daar welig. Die sending kaffers woon in huisies deur behoorlike en gereelde strate van mekaar geskei."[274] Adolf Schiel het oor Medingen gesê: "Ich habe in Afrika schon viele Missionstationen gesehen, aber keine, wo bessere Ordnung, grössere Sauberkeit und mehr Zufriedenheit unter den Eingeborenen hersschte, als auf Herrn Reuters Station Medingen bei Modjadji."[275]

Die voorspoedige groei van Medingen is nie deur die Tweede Vryheidsoorlog onderbreek nie en hoewel 'n klein Britse troepemag by die stasie aangedoen het, het hulle Reuter en die inwoners in vrede gelaat.[276] Na die oorlog het Medingen vreedsaam uitgebrei.

266. Kyk F. Reuter: Tagebuch, Junie – Sept. 1897; F. Reuter, *Paulus Ndumbane*, p. 9.
267. F. Reuter: *Paulus Ndumbane*, p. 8; Kyk ook S.S. 6486: R8294/97, M. P. A. Coetzee – Regering van Z.A.R. ongedat.
268. F. Büttner: *Medingen in Nordtransvaal*, pp. 15–16; M. Gensichen: *Bilder*, p. 392.
269. F. Reuter: Tagebuch, Oktober, 1897; F. Reuter, *Paulus Ndumbane*, pp. 9–13.
270. *Berliner Missionsberichte*, 1900, p. 307.
271. *Berliner Missionsberichte*, 1899, p. 377.
272. S.N. 39: S.R. 29/95, F. Reuter – D. J. v. d. Merwe, d.d. Medingen, 2.12.1894; Kyk ook W10/1: D. J. van der Merwe – F. Reuter, d.d. Rhenosterspoort, 3.1.1895.
273. *Berliner Missionsberichte, 1901*, p. 456; Kyk ook E. Reuter, *Hoofstad*, 11.2.1970.
274. G. G. Munnik: *Kronieke van Noordelike Transvaal*, p. 119.
275. A. Schiel: *23 Jahre Sturm und Sonnenschein in Südafrika*, p. 256.
276. *Berliner Missionsberichte, 1903*, p. 226; Kyk ook F. Büttner: *Medingen in Nordtransvaal*, p. 20.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 8

DIE VERHOUDING TUSSEN DIE B.S.G. EN DIE OWERHEID IN TRANSVAAL, 1860–1900

1. Die B.S.G. en die Z.A.R., 1860–75

Soos reeds daarop gewys is, het die Berlynse Sendinggenootskap in 1860 hulle sendingwerk binne die grense van die Zuid-Afrikaansche Republiek met die goedkeuring van die Regering van die Z.A.R. begin. Daar kan sonder enige twyfel beweer word dat die Regering die B.S.G. in sy midde verwelkom het. Trouens, M. W. Pretorius het Wangemann in 1867 verseker dat die Regering alles in sy vermoë sou doen om die werk van die B.S.G. in die Z.A.R. te vergemaklik. Volgens Pretorius was die Berlynse sendelinge nuttige mense wat deur hulle onbaatsugtige diens aan sowel blankes as nieblankes die respek van die land se inwoners afgedwing het.[1]

Alhoewel die B.S.G. in groot mate die bepalings soos vervat in die "Maatregelen van voorzorg tegen bedrog en misleiding by die uitbreiding van het Evangelium onder de Heidenen" diep betreur het en dit beskou het as 'n poging van die Z.A.R. om hulle sendingwerk onnodig aan bande te lê, was hulle nietemin bereid om hierdie artikels te onderskryf en om op die voorwaardes daarin vervat hulle sendingtaak in die Z.A.R. te onderneem. Verder wou die B.S.G. slegs die evangelie van verlossing aan die Bantoestamme in die Z.A.R. verkondig en het hulle hulself slegs as rentmeesters en diensknegte van Christus beskou,[2] en was hulle ten volle bereid om hulle aan die wette van die Z.A.R. te ontwerp. Van hulle kant het die B.S.G. verwag dat die Z.A.R. die lewens en eiendom van die sendelinge in hulle diens sou beskerm, soos dit van 'n Christelike staat verwag was.[3]

Ofskoon die B.S.G. dus met die volle steun van die Z.A.R. hulle sendingwerk in Transvaal onderneem het, en gevolglik simpatiek deur die Regering behandel is, het baie Boere nietemin aanvanklik 'n vyandige gesindheid teenoor die sendelinge van die B.S.G. openbaar. Trouens, daar was selfs sommige amptenare in diens van die Staat wat sterk teen die aanwesigheid van die B.S.G. geprotesteer het. So byvoorbeeld was landdros C. P. Moll van Pretoria sterk teen die B.S.G. gekant en gevolglik het hy die stigting van 'n sendingstasie te Pretoria teengestaan.[4] In 1867 het M. W. Pretorius Wangemann dan ook aangeraai om nie oorhaastig sendelinge van sy Genootskap na die Soutpansbergdistrik te stuur nie, aangesien die Boere daar die sending oor die algemeen uiters vyandiggesind was.[5]

Omdat die sendelinge van die B.S.G. ook hulle mediese kennis geredelik tot beskikking van die Boere gestel het, het hulle gaandeweg daarin geslaag om 'n brug van vertroue tussen hulle en die Boere te slaan. Nadat eerw. O. Sachse van Pretoria landdros Moll geneeskundig behandel het, het Moll se gesindheid teenoor die Genootskap verander en het hy sy vyandigheid laat vaar.[6] Net so het die Boere wat naby eerw. F. Grünberger se sendingstasie Wallmannsthal woonagtig was hulle vyandigheid teenoor die B.S.G. laat vaar toe Grünberger hulle medies behandel het.[7] 'n Laaste voorbeeld wat genoem kan word, is dat 'n Boer van Makapaanspoort, wat volgens eerw. W. Moschütz die B.S.G. vyandiggesind was, heeltemal van houding verander het

1. H. T. Wangemann: *Reise-Jahr*, p. 382.
2. S.S. 33: R3671/60, A. Merensky en H. Grützner – Uitvoerende Raad, Republiek Lydenburg, d.d. Lydenburg, 4.4.1860.
3. Kyk S.S. 74: R77/66, Afskrif van die "Voorlopige Reglement ter regeling van de verkondiging des Evangelies onder de heidensche bevolking der Z.A. Republiek", d.d. Lydenburg, 28.1.1866, artikels 14–15.
4. H. T. Wangemann: *Reise-Jahr*, p. 383.
5. H. T. Wangemann: *Reise-Jahr*, p. 382.
6. H. T. Wangemann: *Reise-Jahr*, p. 383.
7. *Berliner Missionsberichte, 1870*, p. 36.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nadat hy ernstig siek geword het en Moschütz bereid was om hom op sy siekbed te besoek, en te behandel.[8]

Die bereidwilligheid van die B.S.G. om ook die Boere met raad en daad by te staan het grotendeels daartoe bygedra om die Boere se vooroordeel teenoor sendingwerk uit die weg te ruim. Ten spyte van die B.S.G. se pogings tot toenadering het 'n gedeelte van die Boerebevolking nogtans vyande van die sending gebly. Selfs na 35 jaar se sendingwerk in Transvaal het sommige Boere nog die B.S.G. onder andere daarvan beskuldig dat ook hulle sendingstasies slegs plekke was waar duisende Bantoes 'n lui en ledige lewe gevoer het.[9]

Hoewel die Regering die B.S.G. herhaaldelik verseker het dat dit sy opregte begeerte was dat die evangelie aan die Bantoes verkondig moes word[10] en hoewel hierdie begeerte van die Z.A.R. nie betwyfel word nie, wil dit nogtans voorkom asof die Regering benewens die kerstening van die Bantoes ook 'n ander voordeel in die koms van die B.S.G. gesien het. Dit lyk asof die Z.A.R. in die koms van Duitse sendelinge die geleentheid gesien het om die Z.A.R. in die buiteland as staat erken te kry. Tydens Wangemann se besoek aan Pretoria in 1867 het die Regering die geleentheid benut om 'n brief aan die Koning van Pruise te stuur waarin versoek word dat Pruise die Z.A.R. as staat moes erken. Voorts versoek die Z.A.R. die Koning van Pruise om 'n konsul vir die Z.A.R. in Pruise te benoem.[11] Hierdie versoek van die Z.A.R. het tot gevolg gehad dat daar in 1868 'n konsul vir die Z.A.R. in die Noord-Duitse Bond benoem is.[12] Deur bemiddeling van die B.S.G. het die Z.A.R. derhalwe daarin geslaag om diplomatieke betrekkinge met 'n belangrike buitelandse moondheid aan te gaan.

In aansluiting hierby wil dit ook voorkom asof die Z.A.R. besef het dat die B.S.G. hulle invloed by die Bantoestamme kon laat geld om die Bantoes aan die Z.A.R. te onderwerp.[13] Trouens, in ooreenstemming met artikel 7 van die "Maatregelen van voorzorg tegen bedrog en misleiding by de uitbreiding van het Evangelium onder de Heidenen" was alle sendelinge, derhalwe ook die B.S.G., verplig gewees om enige verdagte optrede of 'n sameswering van die Bantoes teen die Z.A.R. sonder verwyl aan die Regering of sy amptenare te rapporteer.[14] Die bedoeling van die Regering was beslis nie dat die sendelinge in die politieke aangeleenthede tussen die Z.A.R. en sy Bantoe-onderdane moes inmeng nie, maar veel eerder is van die sendelinge verwag om die Regering op die hoogte te hou van verwikkelinge onder die Bantoes.

Aangesien die sendelinge van die B.S.G. nougeset aan die voorwaardes van artikel 7 voldoen het, het daar mettertyd so 'n goeie verstandhouding tussen die Z.A.R. en die B.S.G. ontstaan dat die Superintendent van die B.S.G., A. Merensky, in 1873 die hoop uitgespreek het dat die "goede verstandhouding tusschen de regering en Berlynsche zendelingen voor altyd zal voortduren".[15] Die vertroue wat die Z.A.R. in die B.S.G. gestel het, het in 1875 verder geblyk uit die feit dat toe pres. T. F. Burgers in daardie jaar 'n vertroulike vraelys insake beweerde slawerny in die Z.A.R., die Z.A.R. se Bantoebeleid en die kwessie van beweerde slawehandel, uitgestuur het, hy dit aan sommige sendelinge van die B.S.G. gerig het. Eerww. Nachtigal, Grützner en Grünberger was by die vraelys betrek.[16] Die verhouding tussen die Z.A.R. en die B.S.G. tot

8. *Berliner Missionsberichte, 1870*, p. 101.
9. S.N. 31: C.B. 11/94, P. J. Joubert – Sendelinge in die Z.A.R., d.d. 27.12.1894.
10. S.S. 75: R264/66, H. Grützner – M. W. Pretorius, d.d. Xa Matlala, 24.2.1866.
11. S.S. 8616: B.B. 369/67, M. W. Pretorius – Koning van Pruise, d.d. Pretoria, 2.7.1867.
12. S.S. 8616: B.B. 549/68, M. W. Pretorius – Koning van Pruise, d.d. Pretoria, 9.9.1868.
13. Kyk S.S. 8615: B.B. 720/65, H. van der Linden – H. Grützner, d.d. Pretoria, 16.3.1865.
14. Z.A.R. 25: *Locale Wetten der Z.A.R.*, Maatregelen van voorzorg tegen bedrog en misleiding by de uitbreiding van het Evangelium onder de Heidenen, artikel 7, p. 144.
15. S.S. 162: R1762/73, A. Merensky – Uitvoerende Raad van die Z.A.R., d.d. Bothšabêlo, 6.11.1873.
16. Kyk S.S. 184: R310/75, F. A. Grünberger – T. F. Burgers d.d. Pretoria, 9.2.1875; S.S. 184: R436/75, H. Grützner – T. F. Burgers d.d. Bothšabêlo, 10.2.1875; J. T. Jordaan: Die Ontwikkeling van die Sending van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Transvaal, pp. 96–9.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in daardie stadium kan gevolglik tereg opgesom word as een van wedersydse samewerking en goeie verstandhouding.

2. Die B.S.G., die Sekhukhune-oorlog, die anneksasie van Transvaal en die Engelse Tussenbewind, 1876–81.

Die goeie verstandhouding tussen die Z.A.R. en die B.S.G. is met die uitbreek van die Sekhukhune-oorlog in 1876 aansienlik vertroebel en die gebeure wat daarna op die Sekhukhune-oorlog gevolg het, het die verstandhouding nog verder verswak. Dit was die optrede van superintendent Merensky voor en tydens die Sekhukhune-oorlog wat die B.S.G. sterk onder verdenking by die Regering en die inwoners van Transvaal geplaas het.

Ofskoon Merensky, soos reeds daarop gewys is, as gevolg van Sekhukhune se vyandige gesindheid teenoor die sending, aan die einde van 1864 sy sendingstasie Xa Ratau in Sekhukhuneland verlaat het en daarna Bothšabêlo gestig het, het hy nietemin nie sy bande met Sukhukhuneland verbreek nie. Dit het hom in staat gestel om die Regering gereeld op die hoogte van sake te hou met betrekking tot die optrede van Sekhukhune. Aangesien Sekhukhune sedert 1866 duidelik deur sy optrede getoon het dat hy nie van voorneme was om hom aan die gesag van die Z.A.R. te onderwerp nie het hy in toenemender mate die gesag van die Republiek op die proef gestel.[17]

Ooreenkomstig die voorwaardes van artikel 7 van die "Maatregelen" het Merensky en eerw. Nachtigal dus die Regering van tyd tot tyd oor die verwikkelinge in Sekhukhuneland verwittig.[18] Aangesien die Z.A.R. 'n beleid van vrede teenoor Sekhukhune gevolg het, is die indruk by Sekhukhune geskep dat die Boere nie by magte was om kragdadig teen hom op te tree nie.[19] Merensky het die Regering se beleid van vrede teenoor Sekhukhune eweneens as 'n onvermoë om kragdadig op te tree vertolk en as gevolg hiervan het Merensky sy gesindheid teenoor die Z.A.R. begin verander.

Reeds in 1873, dieselfde jaar waarin Merensky die hoop uitgespreek het dat die goeie verhouding tussen sy Genootskap en die Z.A.R. vir altyd sou voortduur, het hy die wens uitgespreek om Bothšabêlo te verlaat en in Natal onder die Engelse vlag 'n nuwe toevlugsoord te stig aangesien hy van mening was dat die Z.A.R. nie sy Bantoe-onderdane na wense beskerm het nie.[20] Uiteraard het die feit dat talle Bantoes jaarliks op die paaie van die Republiek deur vyandige Bantoes vermoor is sonder dat die Regering gepoog het om iets in hierdie verband te doen,[21] 'n negatiewe invloed op Merensky se gemoed as sendeling gehad.

Met die oog op sulke gebeure het Merensky en Nachtigal die Regering telkens versoek om meer kragdadig teen Sekhukhune op te tree sodat daar 'n einde aan die gevaarlike toestand in Sekhukhuneland en die distrikte Lydenburg en Middelburg gemaak kon word. Die feit dat die Regering nie sterk teen Sekhukhune opgetree het nie, het gevolglik die sendelinge van die B.S.G., en veral Merensky en Nachtigal, met antagonisme teen die Republiek vervul. So byvoorbeeld het Merensky kort voor die uitbreek van die Sekhukhune-oorlog in Mei 1876 die Regering te verstane gegee[22] dat, indien daar nie spoedig teen die Bantoes opgetree word nie, die hulp van die Engelse ingeroep sou moes word. Merensky het die hoop gekoester dat die Engelse die sendingwerk van sy Genootskap die beskerming sou gee wat die Boere in gebreke gebly het om

17. Kyk L.L. Band 2: No. 280, A. Nachtigal – C. Potgieter, d.d. Kchalatlolu, 26.12.1865.
18. Vir 'n volledige bespreking hiervan kyk T. S. van Rooyen: *Die Sendeling Alexander Merensky*.
19. T. S. van Rooyen: *Die Sendeling Alexander Merensky*, p. 153.
20. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 352.
21. Kyk o.a. S.S. 70: R1068/65, C. Endemann – P. Brits, d.d. Patametsane, 15.9.1865; L.M. Band 2: A. Merensky – O. C. Weeber, d.d. Bothšabêlo, 27.3.1876; L.L. Band 3: A. Merensky – A. F. Janssen, d.d. Bothšabêlo, 10.7.1871.
22. S.S. 208: R1009/76, A. Merensky – T. F. Burgers d.d. Bothšabêlo 2.5.1876; Kyk ook A. Nachtigal; Tagebuch II, p. 152.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

te doen. Trouens, Merensky het beweer dat juis as gevolg van die Boere se onvermoë om die Bantoes na behore te beskerm dit die gevaar ingehou het dat die sendingwerk op stasies soos Wallmannsthal en Bothšabêlo geheel en al tot niet sou gaan.[23]

Die goeie gesindheid tussen Merensky, en sodoende indirek ook dié van sy Genootskap en die Z.A.R., is in Desember 1876, toe Sekhukhune berig het dat hy bereid was om vredesonderhandelings met die Republiek aan te knoop, verder vertroebel. Aangesien Sekhukhune daarop aangedring het dat Merensky as tussenganger tussen hóm en die Z.A.R. in die voorgestelde vredesonderhandelings moes optree, het Merensky as Christen en sendeling dit as sy plig beskou om aan Sekhukhune se versoek te voldoen.[24] Op daardie wyse het Merensky daarin geslaag om Sekhukhune te oorreed om 'n Pedigesantskap na Pretoria te stuur ten einde die vredesvoorwaardes te verneem.[25]

Die aankoms van Sekhukhune se gesantskap te Pretoria op 16 Januarie 1877 was ongetwyfeld vir die Regering 'n groot oomblik van vreugde, aangesien pres. T. F. Burgers so spoedig moontlik vrede met Sekhukhune wou sluit om sodoende te probeer verhinder dat Groot-Brittanje 'n rede sou kon vind om in die huishoudelike sake van die Z.A.R. in te meng. Sir Theophilus Shepstone, Bantoe-administrateur van Natal, het die geheime opdrag van lord Carnarvon, Britse Minister van Kolonies, ontvang om Transvaal te annekseer, as die bevolking of 'n aansienlike deel daarvan of die Volksraad ten gunste daarvan was, en hiervan was Burgers moontlik bewus.[26]

Aan die begin van Februarie 1877 het die verteenwoordigers van Sekhukhune en die Z.A.R. mekaar in die skoolgebou op Bothšabêlo ontmoet om oor die vredesonderhandelings te beraadslaag. Hoewel Merensky die mening gehuldig het dat hy sy bydrae met betrekking tot die hele aangeleentheid reeds afgehandel het, is hy nietemin versoek om as onpartydige waarnemer die onderhandelings by te woon.[27] Alhoewel daar ooreengekom is dat Sekhukhune onder andere 3 000 beeste of £15 000 aan oorlogsvergoeding moes betaal en dat hy hom aan die gesag van die Z.A.R. moes onderwerp,[28] was die hele vredesverdrag, volgens Merensky, van die staanspoor af 'n groot klug omrede Sekhukhune se verteenwoordigers kort na die onderhandelings aan Merensky te kenne gegee het dat hulle slegs voorlopig wou vrede maak sodat die Bapedi hulle oes kon insamel[29] en daarna die oorlog hervat.

Met die oog daarop het Merensky dit as sy plig beskou om Burgers in kennis te stel dat Sekhukhune nie die vredesverdrag, wat intussen deur Sekhukhune onderteken is,[30] onderskryf het nie. Merensky was van mening dat sowel die Boere as die Pedi deur hierdie vredesverdrag onder 'n valse indruk gebring is; die Boere omdat hulle geglo het dat vrede met Sekhukhune gesluit is en die Pedi omdat hulle eweneens geglo het dat Sekhukhune die verdrag aanvaar het.[31] Aangesien Merensky bevrees was dat Burgers nie op sy skrywe met betrekking tot die vredesverdrag sou ag slaan nie het hy gevolglik besluit om ook vir Shepstone daarvan in kennis te stel.[32] Dieselfde dag, 21 Februarie 1877, wat Merensky aan Shepstone geskryf het, het Shepstone 'n skrywe aan Merensky

23. A. Merensky: *Erinnerungen*, pp. 443–4.
24. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 381.
25. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 385; D. R. Hunt: *Bapedi*, pp. 298–9; P. H. Bischoff: Die Rol van die Middelburgse en die Lydenburgse Vrywilligerkorpse in die Oorlog teen Sekukuni, p. 69.
26. D. W. Krüger (red.): *Geskiedenis van Suid-Afrika*, pp. 291 en 293; Kyk ook C. J. Uys: *In the Era of Shepstone, Being a Study of British Expansion in South Africa (1842–1877)*, p. 189 en verder.
27. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 386; P. H. Bischoff: Die Rol van die Middelburgse en Lydenburgse Vrywilligerkorpse, p. 71.
28. Kyk P. H. Bischoff: Die Rol van die Middelburgse en Lydenburgse Vrywilligerkorpse, p. 71; S. P. Engelbrecht: *T. F. Burgers*, p. 272; T. S. van Rooyen: *Die Sendeling Alexander Merensky*, p. 167.
29. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 387.
30. Kyk *De Volksstem*, 7.3.1877 (Berig); D. R. Hunt: *Bapedi*, p. 299; Vir verdere inligting i.v.m. die vredesverdrag kyk ook T. S. van Rooyen: *Verhoudinge*, pp. 287–90.
31. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 388; Oor die ondertekening van die vredesverdrag deur Sekhukhune kyk berig in *De Volksstem*, 7.3.1877.
32. C. 1776, p. 143, A. Merensky – T. Shepstone, d.d. Bothšabêlo 21.2.1877.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gerig waarin hy Merensky versoek het "if you would as soon as possible, and from time to time inform me of the true state of things with regard to the Sikukuni war or peace".[33]

Merensky se skrywe aan Shepstone en Shepstone se skrywe aan Merensky wat albei 21 Februarie gedateer was, het etlike skrywers[34] tot die slotsom laat kom dat Merensky en Shepstone reeds 'n geruime tyd in verbinding met mekaar was en dat die briefwisseling tussen hulle deel van 'n sameswering teen die Z.A.R. was. Daar bestaan myns insiens egter nie genoegsame gronde vir hierdie bewering nie. Belangriker egter is die feit dat Shepstone volgens Merensky, teen Merensky se medewete, later Merensky se brief laat publiseer het[35] en daardeur het Merensky as Superintendent van sy Genootskap 'n politieke skyf vir sowel die Boere as die Engelse geword. Die Boere het nie sonder rede nie Merensky daarvan beskuldig dat hy met die vyande van die Z.A.R. geheul het. Aan die ander kant het die Engelse Merensky daarvan beskuldig dat hy die vrede met Sekhukhune beplan het om sodoende die oorsaak vir hulle koms na die Transvaal uit die weg te ruim.[36]

Merensky se optrede het die B.S.G. in 'n moeilike situasie geplaas. Enersyds het dit die goeie gesindheid wat die Z.A.R. jeens die B.S.G. nagestreef het, geskaad en andersyds was die Komitee van die B.S.G. deur Merensky se optrede onregstreeks met die politieke toestand van die Transvaal gemoeid. As hoofverslaggewer van die *Missionsberichte* in Transvaal het Merensky sy siening aan hierdie tydskrif oorgedra sodat Merensky se standpunt met betrekking tot die gebeure in Transvaal ook die standpunt van die *Missionsberichte* geword het. Omdat die Berlynse sendelinge die anneksasie van Transvaal verwelkom het, het die *Missionsberichte* dit eweneens verwelkom.[37]

Die Berlynse sendelinge het die hoop gekoester dat die Engelse in staat sou wees om die gewenste orde en stabiliteit in Transvaal tot stand te bring, sodat die sendingwerk daardeur gunstig bevorder sou kon word. Derhalwe het Merensky die anneksasie verwelkom en aangevoer: *"Bei dieser Einsicht in die Lage des Landes mussten wir die Annexion um unseres Werkes, unserer Familien ja um der Bauern selbst willen mit Freude begrüssen."*[38]

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat die Berlynse sendelinge weinig simpatie met die groeipyne van die Z.A.R. gehad het. Die sendelinge was voortdurend, onwillekeurig besig om die politieke toestande in die Z.A.R. te veroordeel en met die eeue-oue gevestigde state van Europa te vergelyk.[39]

Derhalwe het verskeie sendelinge van die B.S.G. dan ook petisies onderteken waarin die Engelse versoek is om Transvaal te annekseer. In hulle verwelkoming van die Engelse het die Berlynse sendelinge nooit daaraan gedink dat die Boere hulle die anneksasie nie sou laat welgeval nie. Trouens, Merensky was van mening dat die anneksasie as permanent beskou moes word.[40] Met die anneksasie was Merensky slegs op een saak bedag naamlik dat sy Genootskap die volle steun van die Engelse bewind moes geniet. Gevolglik het Merensky dan ook die hysing van die Engelse vlag op Fort Wilhelm, te Bothšabêlo, as 'n eenmalige gebeurtenis beskou en kon hy hom eenvoudig nie die dag indink waarop hy daardie vlag weer sou moes stryk nie.

33. C. J. Uys (red.): *Shepstone Papers II*, p. 534, T. Shepstone – A. Merensky, d.d. 21.2.1877.
34. Kyk C. J. Uys: *In the Era of Shepstone*, p. 326; T. S. van Rooyen: *Die Sendeling Alexander Merensky*, p. 168; T. S. van Rooyen: *Verhoudinge*, pp. 289–90; K. W. Smith: *The Campaigns against the Bapedi of Sekhukhune, 1877–1879*, p. 9.
35. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 389; Kyk ook C. 1776, p. 143, A. Merensky – T. Shepstone, d.d. Bothšabêlo, 21.2.1877.
36. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 389; Kyk ook S. P. Engelbrecht: *T. F. Burgers*, p. 293.
37. *Berliner Missionsberichte, 1878*, p. 243.
38. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 444. My kursivering.
39. T. S. van Rooyen: *Die Sendeling Alexander Merensky*, p. 173.
40. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 444.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Toe Shepstone in Augustus 1877 Bothšabêlo besoek het, is hy uiters vriendelik en gasvry deur Merensky ontvang. Geweerskote, blombedekte paaie, kinderkore en die instelling van heildronke op die vorste van Groot-Brittanje en Duitsland het die grondslag vir 'n goeie verhouding tussen die B.S.G. en die Engelse regering in Transvaal gelê.[41] Die steun wat die B.S.G. aan die Engelse gegee het, het goeie samewerking verseker. In Sekhukhuneland en in die Houtbosberge het die Engelse Tussenbewind in 1878 en 1879 groot stukke grond aan die B.S.G. geskenk waarop twee belangrike nuwe sendingstasies, Thaba Mossegu en Mp'hôme, aangelê is. Op sy beurt het die B.S.G. die Engelse veldslae teen die Pedi gesteun en die inwoners van Bothšabêlo het tydens dié veldslae as wadrywers en posbodes opgetree.[42]

Hierbenewens het Merensky die Engelse regering in Transvaal op die hoogte gehou van die gesindheid onder die Bantoestamme, deur byvoorbeeld daarop te wys watter stamme die Engelse Tussenbewind moontlik vyandiggesind was.[43] Verder het Merensky ook die Engelse op die hoogte gehou van die Boere se gesindheid teenoor hulle nuwe owerheid.[44] In 1879 is Merensky deur die Engelse as vrederegter vir die Middelburgdistrik benoem,[45] en gevolglik het hy 'n eed van getrouheid aan die Engelse regering afgelê.

Dit het intussen geblyk dat die Boere nie bereid was om die onafhanklikheid van hulle land so maklik prys te gee nie, en hulle het gevolglik alles in die stryd gewerp om weer eens die beheer oor hulle land te verkry. Met die oog daarop het Merensky dit as sy plig beskou om die Transvaalse administrateur, Owen Lanyon, te waarsku dat die Engelse groot probleme met die Boere sou ondervind.[46]

Hierdie goeie gesindheid teenoor die Engelse sou beslis 'n nadelige invloed hê op die sendelinge se verhouding en goeie samewerking met die Boere wat reeds in daardie stadium deur die voorafgaande gebeure geknou was. Dit kan die Boere geensins verkwalik word dat hulle met 'n gevoel van vyandigheid teenoor die Berlynse sendelinge vervul was nie, veral na aanleiding van die feit dat verskeie Berlynse sendelinge die anneksasie van Transvaal verwelkom het, en hulle samewerking aan die Tussenbewind gegee het. So byvoorbeeld het Merensky selfs beweer dat die Boere gedreig het om hom om die lewe te bring.[47] Wat die Boere verder gedoen het, was om eerw. E. B. Beyer van die sendingstasie Modimulle mee te deel dat hulle van voorneme was om hom van sy sendingstasie te verdryf sodra hulle weer onafhanklik was.[48] In Pretoria sou die Boere, aldus eerw. F. Grünberger, gedreig het om alle Bantoes wat onder invloed van die sendelinge was te vermoor en daarna hulle eertydse regering te herstel.[49]

Gesien in die lig van die voorafgaande het die uitbreek van die Eerste Vryheidsoorlog in Desember 1880 die besef by die Berlynse sendelinge tuisgebring dat die Boere hulle onafhanklikheid kon herwin en as dit sou gebeur die sendingwerk weer eens van die Boere se gesindheid teenoor die B.S.G. afhanklik sou wees.

Dit was dus belangrik dat daar weer eens 'n gees van samewerking tussen die Boere en die B.S.G. verseker moes word, gevolglik het die meerderheid Berlynse sendelinge besluit om hulle sendingstasies gedurende die oorlog neutraal te verklaar. Dit was egter nie in alle gevalle moontlik nie, aangesien hulle hulself reeds in 'n groot mate van die Boere vervreem het. Dit was veral vir Merensky moeilik om feitlik sommer oornag

41. C. J. Uys (red.): *Shepstone Papers I, Miscellaneous Memoranda*, p. 88; A. Merensky: *Erinnerungen*, pp. 444–5.
42. Kyk S.N. 1(a): N. 66/79, A. Merensky – H. C. Shepstone, d.d. Bothšabêlo, 8.5.1879. S.N. 1(a): N. 72/79, A. Merensky – H. C. Shepstone, d.d. Bothšabêlo, 11.5.1879.
43. S.N. 5: Supplementêre Stukke, A. Merensky – M. Osborn, d.d. Bothšabêlo, 25.7.1877.
44. S.S. 288: R2152/78, A. Merensky – T. Shepstone, d.d. Bothšabêlo, 21.6.1878.
45. S.S. 374: R4202/78, A. Merensky – M. Osborn, d.d. Bothšabêlo, 1.12.1879.
46. A. Merensky: *Erinnerungen*, pp. 445–6.
47. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 445.
48. *Berliner Missionsberichte, 1880*, p. 163.
49. *Berliner Missionsberichte, 1880*, p. 147.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

weer om te swaai en met die Boere te simpatiseer. Hy was origens deur 'n eed van getrouheid aan die Engelse onder 'n verpligting om hulle te steun. Aangesien Merensky bevrees was dat die Boere sy sendingstasie sou aanval, het hy begin om skanse ter verdediging van die stasie te laat oprig.[50] Die implikasie hiervan is voor die hand liggend: Merensky het hom gereed gemaak om indien nodig teen die Boere te veg.

Gelukkig vir die B.S.G. het Merensky egter betyds tot ander insigte gekom en besef dat hy niks sou bereik om in 'n stryd teen die Boere gewikkel te raak nie en dat hy daardeur slegs sy Genootskap onherstelbare skade sou berokken. Die feit dat Merensky in Desember 1880 'n brief van P. J. Joubert, lid van die Driemanskap, ontvang het, waarin hy versoek is om die Engelse vlag op Bothšabêlo te stryk,[51] het Merensky laat besef dat hy aangewese was op die goeie gesindheid van die Boere en dus eerder samewerking met hulle moes nastreef.

Met die oog op hierdie gebeure het Merensky die Engelse vlag op Bothšabêlo gestryk en ook verklaar dat Bothšabêlo neutraal was.[52] Verder het Merensky daadwerklik pogings aangewend om sy verhouding met die Boere weer te normaliseer, en homself dus bereid verklaar om vrywilliglik na die Boerelaers te Ingogo en Laingsnek te gaan en sonder enige vergoeding die Boere te verpleeg.[53] Hy het egter nie daarin geslaag om die Boere se vertroue in hom weer volkome te herstel nie soos blyk uit die koel ontvangs wat hom na afloop van die oorlog by die Boereleiers te beurt geval het.[54]

Trouens, toe die Boere in Augustus 1881 die bewind van Transvaal weer oorgeneem het, het daar onder verskeie Boere die idee posgevat dat alles op die sendingstasies van alle sendinggenootskappe in Transvaal nie pluis was nie. Gevolglik het H. P. N. Pretorius in Oktober 1881 die Regering versoek om 'n kommissie van ondersoek te benoem wat die gesindheid van die sendelinge teenoor die Boere asook die algemene toestande op sendingstasies moes ondersoek.[55]

3. Die Kommissieverslag van 1882

Na aanleiding van Pretorius se versoek aan die Regering het die Volksraad in Oktober 1881 besluit[56] om 'n kommissie, bestaande uit Pretorius en Otto Sachse, wat die diens van die B.S.G. in 1879 verlaat het, te benoem. Voorts is daar besluit dat die Kommissie sy ondersoek na sendingstasies en sendelinge in die distrikte Middelburg, Rustenburg en Pretoria moes begin.[57] Weens ander verpligtinge het Pretorius egter kort na sy aanstelling as lid van die Kommissie nie sy weg oop gesien om daarin te dien nie en S. J. Prinsloo in sy plek benoem.[58]

Gedurende 19 April tot 19 Mei 1882 het die Kommissie 25 sendingstasies besoek waarvan vyf aan die B.S.G. behoort het, naamlik Bothšabêlo, Neu-Halle, Wallmannsthal, Leeuwkraal (wat streng gesproke slegs 'n buitepos van Wallmannsthal was) en Pretoria. Die Kommissie het 15 stasies van die Hermannsburgse Sendinggenootskap, drie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se sending, een van die Wesleyaanse Sendinggenootskap en een onafhanklike stasie, dié van eerw. Grünberger, besoek.[59]

50. A. Merensky: *Erinnerungen*, pp. 450–1.
51. K.G. 188: P. J. Joubert – A. Merensky, d.d. 22.12.1880.
52. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 450.
53. Kyk S.S. 573: R4585/81, A. Merensky – S. J. P. Kruger d.d. Bothšabêlo, 24.10.1881; A. Merensky: *Erinnerungen*, pp. 459–78.
54. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 483.
55. Kyk U.R. 6: U.R.B. artikel 83, d.d. 3.3.1882.
56. E.V.R. 22: V.R.B. artikel 201, d.d. 17.10.1881; Kyk ook *De Volksstem*, d.d. 14.6.1882.
57. U.R. 6: U.R.B. artikel 83, d.d. 3.3.1882.
58. U.R. 6: U.R.B. artikel 95, d.d. 14.3.1882.
59. S.S. 647: R2445/82, Rapport van die Kommissie tot Ondersoek van Sendelinge en Sendingstasies in die distrikte Middelburg, Pretoria en Rustenburg, d.d. Pretoria, 19.5.1882.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Weens 'n gebrek aan trekdiere moes die voorgenome besoek aan die Hermannsburgse stasie, Emmaus, gekanselleer word.[60]

Die eerste stasie wat die Kommissie besoek het, was Bothšabêlo. Hoewel die stasie 'n buitengewone goeie indruk op die Kommissie gemaak het, het hulle nietemin bevind dat die Bantoe-inwoners oor die algemeen lui en traag was om te werk, terwyl die paaie na die stasie in 'n uiters swak toestand was. Die boere in die omgewing van Bothšabêlo het die Kommissie meegedeel dat hulle hoegenaamd geen werkvolk van die stasie kon kry nie, aangesien die Bantoes so 'n hoë loon verlang het dat die boere dit eenvoudig nie kon bekostig nie. Trouens, selfs die sendelinge op Bothšabêlo het daaroor gekla. Die vrou van eerw. Gustav Mars het tevergeefs geprobeer om 'n "dienstmaid" vir haar kinders te huur, terwyl die Kommissie self nie 'n enkele jong Bantoe te huur kon kry om die esels te versorg nie. Die Bantoe-inwoners het hulle tydens die Eerste Vryheidsoorlog oor die algemeen stil en rustig gedra. Sommige inwoners het wel in Desember 1880 vir Merensky gehelp om skanse te bou ter verdediging van die stasie teen 'n moontlike aanval van die kant van die Boere. Aangesien Merensky tydens die Kommissie se besoek aan Bothšabêlo reeds in Duitsland was, kon hulle geen ondersoek met betrekking tot Merensky se gesindheid onderneem nie.[61]

Tydens die Kommissie se besoek aan die stasies Neu-Halle en Wallmannsthal het hulle vasgestel dat, net soos in die geval van Bothšabêlo, die onderwys aan die Bantoes van 'n baie hoë standaard was. Op Wallmannsthal is bevind dat daar meer Bantoes wat op die stasie gewoon het as wat die geval was op Bothšabêlo daagliks op boereplase gaan werk het. Op albei hierdie stasies het die inwoners hulle tydens die Eerste Vryheidsoorlog stil en rustig gedra. Afgesien van besonderhede met betrekking tot die aantal Bantoe-inwoners en die verpligtinge van dié inwoners teenoor die B.S.G., het die Kommissie geen verdere gegewens oor die stasie Pretoria verstrek nie.

Die bevindings en aanbevelings van die Kommissie val in nege hoofpunte uiteen, naamlik: Eerstens is bevind dat al die sendelinge die bekering van die Bantoes tot die Christelike geloof as hulle enigste oogmerk beskou het. Die wyse waarop die sendelinge die Bantoes gekersten het, het egter van genootskap tot genootskap verskil. Wat hierdie aspek betref, het die Kommissie beswaar aangeteken teen die feit dat die sendeling van die Ned. Geref. Kerk, ds. H. Gonin, op sy stasie Saulspoort van jong blanke dames gebruik gemaak het om te help met die onderrig van Bantoekinders, aangesien dié gebruik ongesond en te veel die inslag van "Exeter Hall" geopenbaar het. Volgens die Kommissie was die onderwysmetodes van die B.S.G. en die Hermannsburgse Sendinggenootskap, waar daar van blanke sendelinge en Bantoe-evangeliste gebruik gemaak is, veel gesonder.[62]

Tweedens het die Kommissie, tydens sy besoeke aan die verskillende sendingstasies, van geen persoon in die omgewing van die onderskeie stasies enige klag oor die persoonlike gedrag van die sendelinge verneem nie. Met die uitsondering van drie[63] is al die sendelinge gerespekteer.

Derdens het die Kommissie bevind dat die onderwys van die Bantoes op verskeie stasies van die Hermannsburgse Sendinggenootskap, die stasie Bothšabêlo en ds. Gonin se stasie, te ver bo die peil van die Bantoes se politieke en sosiale ontwikkeling was. Hierdie sendingskole het, na die mening van die Kommissie, die skole vir blankes in die distrikte wat deur die Kommissie besoek is, heeltemal oorskadu.

Vierdens het die Kommissie bevind dat sowel die Berlynse as die Hermannsburgse Sendinggenootskap "eene monarchische constitutie" besit het. Die onderskeie superintendente het, volgens die Kommissie, groot mag en invloed besit wat hulle na wille-

60. S.S. 647: R2815/82, S. J. Prinsloo – P. J. Joubert, d.d. Zwartruggens, 3.5.1882.
61. S.S. 647: R2445/82, Rapport van die Kommissie, d.d. Pretoria, 19.5.1882.
62. S.S. 647: R2445/82, Rapport van die Kommissie, d.d. Pretoria, 19.5.1882.
63. Die name van hierdie drie sendelinge word egter nie vermeld nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

keur kon aanwend en dit dikwels tot nadeel van die land. Gevolglik het die Kommissie aan die hand gedoen dat die Regering hierdie superintendente verantwoordelik moes hou vir alle ongerymdhede wat in hulle onderskeie sendingstreke sou voorkom. Dus het die Kommissie aanbeveel dat die superintendente 'n eed van getrouheid aan die staat moes aflê.

Aangesien dit die oorspronklike oogmerk van die B.S.G. was om slegs onder die groot Bantoestamme, wat buite blanke distrikte gewoon het, sendingwerk te doen, was die Kommissie vyfdens van mening dat daar in die distrikte wat hulle besoek het reeds meer as genoeg sendingstasies was.

Ten slotte het die Kommissie, met betrekking tot die B.S.G., bevind dat baie stasies die boere van arbeid ontneem het en dat verskeie sendelinge die Kommissie meegedeel het dat stappe geneem moes word om die Bantoes meer gehoorsaam te maak. Wat die Hermannsburgse Sendinggenootskap betref, het die Kommissie sterk bedenkinge oor die inkomste van die sendelinge gehad. Aangesien die Hermannsburgse sendelinge slegs 'n salaris van £60 per jaar ontvang het, was dit vir die Kommissie 'n raaisel dat die meeste sendelinge van hierdie Genootskap sulke vermoënde mense was.[64]

Met hierdie verslag het die Kommissie die eerste rondte van sy ondersoek afgesluit. In Oktober 1882 het Otto Sachse opdrag van die Regering ontvang om die ondersoek na sendingstasies te voltooi. Blykbaar het Sachse en Prinsloo nie goed oor die weg gekom nie, aangesien Sachse S. J. P. Kruger versoek het dat hy die ondersoek alleen moet voortsit.[65] Vermoedelik het die onenigheid tussen Sachse en Prinsloo die hele ondersoek laat skipbreuk ly, aangesien geen verslag oor die ander sendingstasie teruggevind kon word nie.

Die Komitee van die B.S.G. in Duitsland het veral teen vier punte van die Kommissie se bevindings na aanleiding van hulle ondersoek na die sendingstasies beswaar aangeteken. Eerstens is beswaar gemaak teen die bewering dat sendelinge van die B.S.G. hulle met politiek sou bemoei het. Tweedens teen die bewering dat die Bantoes slegs tot hoogmoedige, in plaas van Christelike, mense opgevoed sou word. Derdens dat sendelinge van hulle Genootskap handel sou dryf om hulleself te verryk en vierdens dat die B.S.G. in Transvaal 'n monargale grondwet sou besit het wat aanleiding sou kon gee tot die ondermyning van die staatsgesag.

In sy verweer teen die Kommissie se bevindinge het die Komitee dit ten seerste betreur dat daar mense in Transvaal was, en dan bedoel die Komitee heel waarskynlik hulle oud-sendeling Otto Sachse, wat lid van die Kommissie was, "welche nicht blosz die christlichen und menschenfreundlichen Absichten unsere Missionsgesellschaft verkennen und verdächtigen sondern auch über dieselben allerlei Unwahrheiten verbreiten".[66]

Die bevinding van die Kommissie, naamlik dat die B.S.G. 'n monargale grondwet, waarmee eintlik bedoel word die sending- en superintendentskapsreglemente, gehad het, en wat volgens die Kommissie 'n bedreiging vir die welsyn van die Z.A.R. sou ingehou het, was die een punt waarteen die Komitee die sterkste beswaar aangeteken het. Hulle het die Regering se aandag op die bepalings van die superintendenskapsreglement gevestig en daarop gewys dat die Komitee, wat uit 21 persone bestaan het, die hoogste gesag in die B.S.G. gehad het. Die persoon wat dus sou beweer dat 'n superintendent onbeperkte magte besit, het onder 'n valse indruk verkeer. Gevolglik het die Komitee die Regering versoek om, waar sulke onwaarhede oor die B.S.G. verkondig word, dit onmiddellik aan die kaak te stel. Met die oog hierop, en bes moontlik met Merensky se optrede in gedagte, het die Komitee onderneem om sonder aarseling 'n superintendent wat in stryd met die reglemente van die B.S.G. sou handel, of die

64. S.S. 647: R2445/82, Rapport van die Kommissie, d.d. Pretoria, 19.5.1882.
65. S.S. 647: R6028/82, O. Sachse – S. J. P. Kruger, d.d. Louwsbaken, 1.11.1882.
66. S.S. 647: R2445/82, Komitee van die B.S.G. – S. J. P. Kruger, d.d. Berlyn, 3.10.1882.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Regering in Transvaal probeer ondermyn het, tereg te wys of selfs te skors.

Ten slotte het die Komitee die wens uitgespreek dat die goeie verhouding wat daar tussen die B.S.G. en die Z.A.R. bestaan het, voortgesit sal word. Daar moet egter op gelet word dat Otto Sachse, voorheen in diens van die B.S.G. was. Sachse het juis in 1879 die diens van die B.S.G. verlaat, omdat hy beweer het dat die nuwe superintendentskapsreglement van die B.S.G. te veel magte aan superintendente sou gegee het. Op grond hiervan wil dit dus voorkom asof Sachse moontlik sy posisie as lid van die Kommissie wou gebruik om die superintendentskapsreglement van die B.S.G. verander te kry.

Die feit dat superintendent Merensky se optrede voor die anneksasie van Transvaal en gedurende die Engelse Tussenbewind weliswaar die indruk geskep het dat die superintendente nie altyd hulle posisie tot voordeel van die staat sal gebruik nie, was beslis faktore wat in Sachse se guns getel het. Die Komitee van die B.S.G. was moontlik daarvan bewus en gevolglik het hulle C. T. Nauhaus as nuwe superintendent vir die Suid-Transvaalse sinodale streek benoem. Om dus as 't ware te vergoed vir Merensky se optrede stuur die Komitee 'n man in sy plek in wie die Komitee groot vertroue het en wat na sy mening baie gou die vertroue van almal wat met hom in aanraking kom, sou wen.[67]

Die Kommissie van Ondersoek van 1882 het ongetwyfeld 'n positiewe uitwerking op die verhouding tussen die B.S.G. en die Z.A.R. gehad. Nadat die verhouding as gevolg van Merensky en ander sendelinge se optrede gedurende die Sekhukhune-oorlog, die anneksasie van Transvaal en die Engelse Tussenbewind aansienlik vertroebel is, het hierdie Kommissie weer eens die lug gesuiwer. Die Komitee het van sy kant af die weg vir goeie samewerking gebaan deur C. T. Nauhaus as superintendent te benoem en die Z.A.R. het op sy beurt sy goeie gesindheid teenoor die B.S.G. getoon toe pres. S. J. P. Kruger in 1884, tydens 'n besoek aan Berlyn, die Komitee versoek het om nog meer sendelinge na die Transvaal te stuur.[68]

4. Die B.S.G. en die Plakkerwette, 1887–96

Die goeie verhouding wat daar gaandeweg weer tussen die Z.A.R. en die B.S.G. ontstaan het kom, na oordeel van die skrywer, ook tot uitdrukking in die tegemoetkomende houding wat die Z.A.R. in die toepassing van Wet no. 11 van 1887 en Wet no. 21 van 1895 aan die dag gelê het ten einde die verskillende sendinggenootskappe in Transvaal, in staat te stel om, ongeag die bepalings van hierdie wette, hulle werksaamhede ongehinderd voort te sit. Veral twee belangrike faktore het tot die uitvaardiging van Wet no. 11 van 1887 aanleiding gegee, te wete die nypende arbeidsprobleem wat die Z.A.R. veral vanaf die begin van die tagtigerjare van die vorige eeu begin ondervind het, en die onrusbarende verspreiding van besmetlike en aansteeklike siektes. As gevolg daarvan was dit vir die Regering 'n noodsaaklikheid "om die plakken, wonen of samenhoopen van naturellen of andere kleurlingen op andere dan hun door de Regering aangewezen plekken, tegen te gaan . . ."[69] Volgens hierdie wet het die Regering hom die uitsluitlike reg voorbehou om Bantoes en ander nie-blankes sekere lokasies, wyke of ander woonplekke, soos deur die Regering bepaal, ter bewoning aan te wys. Hierbenewens sou boere nie toegelaat word om meer as vyf Bantoehuisgesinne op hulle plase te laat woon nie, terwyl die boere verplig was om na die gesondheidstoestand van die Bantoes op hulle plase om te sien. Indien 'n boer aan meer as vyf huisgesinne woonplek wou verskaf, moes hy die toestemming van die Naturellekommissaris in sy distrik verkry – ofskoon finale goedkeuring hiervoor by die Regering berus het.

67. S.S. 647: R2445/82, Komitee van die B.S.G. – S. J. P. Kruger, d.d. Berlyn, 3.10.1882.
68. S.S. 1622: R4320/88, Komitee van die B.S.G. – Regering van die Z.A.R., d.d. Berlyn, 14.8.1888; G. Sauberzweig-Schmidt: *Medingen*, p. 13.
69. Z.A.R. 25: *Locale Wetten der Z.A.R.*, Wet no. 11, van 1887, p. 151, inleiding.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Oortreders van hierdie wet is met 10/- vir elke huisgesin meer as die bepaalde vyf huisgesinne beboet. Origens het die Regering hom die reg voorbehou om die Bantoes van 'n boer wat die wet oortree het van sy plaas te verwyder en 'n ander woonplek aan te wys.[70]

In die wet word weliswaar geen regstreekse verwysing na sendingstasies gemaak nie, maar tog het sommige Naturellekommissarisse in die uitvoering van die wet, ooreenkomstig artikel 1, reëlings begin tref vir die verdeling van die Bantoebewoners op sendingstasies onder die boere van die distrik waarin die sendingstasie geleë was. Met hierdie doel voor oë het die Naturellekommissaris vir die distrik Lydenburg, Abel Erasmus, eerw. C. Bauling van die B.S.G. meegedeel dat sy stasie gesluit moes word, aangesien die Bantoebewoners onder die boere verdeel moes word. Die vyf huisgesinne wat op die stasie sou agterbly, sou nie die voortbestaan daarvan regverdig nie.[71] Onder hierdie omstandighede het Bauling Erasmus versoek om met die toepassing van die wet te wag totdat hy met superintendent Nauhaus in verbinding kon tree ten einde sy advies daaroor in te win.[72]

Die gebeure te Lydenburg het groot kommer in die geledere van die B.S.G. gewek, aangesien die toepassing van die wet kon meebring dat die sendingstasies wat buite die lokasies van Bantoes geleë was soos byvoorbeeld onder meer Lydenburg, Bothšabêlo en Woyenthin se Bantoebewoners tot vyf huisgesinne beperk sou word. Vanselfsprekend sou vyf huisgesinne nie die dienste van 'n heeltydse sendeling regverdig nie en gevolglik het eerw. Grünberger van Pretoria die vrymoedigheid geneem om die Regering namens die B.S.G. te versoek om nie die Plakkerwet op die sendingstasies van die B.S.G. van toepassing te maak nie.[73] In daardie stadium het die Regering egter nie sy weg oop gesien om aan eerw. Grünberger se versoek te voldoen nie en het aan die hand gedoen dat die B.S.G. sy sendingstasies, wat deur die wet geraak sou word, as lokasies aan die Regering moes oordra, waarna die sendelinge die reg sou ontvang om hulle sendingwerk op die stasies te mag voortsit.[74]

Hierdie voorstel van die Regering aan die B.S.G. is deur die twee superintendente, te wete Nauhaus vir Suid-Transvaal en Knothe vir Noord-Transvaal, as so 'n gewigtige saak beskou dat hulle geen uitsluitsel daaroor wou gee nie. Gevolglik is die hele aangeleentheid na die Komitee in Duitsland verwys.[75] Die Komitee was egter nie bereid om die Regering se voorstel te aanvaar nie, aangesien hy bevrees was dat die toepassing van die Plakkerwet die B.S.G. sy beheer oor sy sendingstasies sou ontneem. Dit was vir die B.S.G. van die uiterste belang om volle beheer oor hulle sendingstasies te behou, aangesien dit hulle enigste waarborg vir die suksesvolle kerstening van die Bantoes was.

Gesien in die lig van die Komitee se weiering om die voorstel van die Regering te aanvaar, het die Komitee die Regering terselfdertyd ook daarop gewys dat, indien daar voortgegaan sou word met die toepassing van die Plakkerwet, die sendingwerk van die B.S.G. tot stilstand gebring sou word en dat dit op sy beurt nie slegs weerklank in die beskaafde wêreld sou vind nie, maar ook in die hiernamaals.[76]

Die feit dat die Komitee se skrywe insake die toepassing van die Plakkerwet na die Staatsprokureur vir verdere aandag verwys is, dien as bewys dat die Regering die

70. Z.A.R. 25: *Locale Wetten der Z.A.R.*, Wet no. 11 van 1887, artikels 1–3, pp. 151–2.
71. B.A.: C. Bauling – C. T. Nauhaus, d.d. Lydenburg, 7.11.1888; *Berliner Missionsberichte, 1887*, p. 374.
72. *Berliner Missionsberichte, 1889*, p. 374.
73. S.S. 1622: R4320/88, F. Grünberger – S. J. P. Kruger en Uitvoerende Raad van die Z.A.R., d.d. Pretoria, 17.5.1888.
74. U.R. 8: U.R.B. artikel 280, d.d. 18.5.1888.
75. S.S. 1622: R4320/88, C. T. Nauhaus – Regering van die Z.A.R., d.d. Bothšabêlo, 11.6.1888; S.S. 1622: R4320/88, C. Knothe – E. Bok, d.d. Houtboschberg, 19.6.1888.
76. S.S. 1622: R4320/88, Komitee van die B.S.G. – Regering van die Z.A.R., d.d. Berlyn, 14.8.1888.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

B.S.G. se besware ter harte geneem het. Die Staatsprokureur het dan ook die Regering daarop gewys dat dit onnodig was om die sendingstasies in lokasies te omskep, aangesien die Plakkerwet juis voorsiening gemaak het dat die Regering na eie oordeel lokasies, wyke, plase en ander woonplekke vir die Bantoes kon aanwys. Derhalwe kon 'n sendingstasie as woonplek vir Bantoes aangewys word en kon die sendingwerk ongehinderd voortgesit word.[77] Die Superintendent van Naturelle, P. J. Joubert, was eweneens ten gunste daarvan dat die sendingstasies buite die bepalings van die Plakkerwet moes val omrede "het ons altyd zal voorgehouden worde als eene belemmernis van de leer onder de naturellen".[78]

Die gevolg was dus dat die sendingstasies buite die bepalings van die Plakkerwet geval het. Toe daar in 1895 'n tweede gewysigde Plakkerwet, Wet no. 21 van 1895, uitgevaardig is, het die B.S.G. weer eens gevrees dat die voortbestaan van sekere van hulle sendingstasies in gedrang sou kom.[79] Die vrees is egter uit die weg geruim toe die Staatsekretaris van die Z.A.R., dr. W. J. Leyds, aan die begin van Januarie 1896 Berlyn besoek het en aan die Duitse Staatsekretaris Von Jacobi, die direkteur van die B.S.G., Martin Gensichen, en sendinginspekteur Alexander Merensky die versekering gegee het dat die sendingstasies, ook dié van die B.S.G., nie deur die Plakkerwet geraak sou word nie.[80]

Die B.S.G. het sy sendingwerk in Transvaal ongehinderd voortgesit. Die tegemoetkomende houding van die Z.A.R. met betrekking tot die toepassing van die Plakkerwet moet myns insiens gesien word teen die agtergrond van 'n goeie verhouding wat daar tussen die B.S.G. en die Z.A.R. bestaan het. Trouens, met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog het die Berlynse sendelinge nie weer soos in 1877 die koms van die Engelse verwelkom nie, maar hulle simpatie was aan die kant van die Boere.[81]

77. S.S. 1622: R4320/88, Staatsprokureur – Staatsekretaris, d.d. 15.10.1888.
78. S.S. 1622: R4320/88, P. J. Joubert – Staatsekretaris, d.d. 3.2.1890.
79. S.N. 30: S.R. 1003/95, Gesamentlike Sinode van die B.S.G. – P. J. Joubert, d.d. Bothšabêlo, 7.6.1895.
80. M. Gensichen: *Bilder*, p. 243; H. Petrich: *Alexander Merensky*, pp. 192–4; J. Richter: *Missionsgesellschaft*, pp. 362–3.
81. J. Richter: *Missionsgesellschaft*, p. 364.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 9

PROBLEME IN VERBAND MET DIE KERSTENING VAN DIE BANTOES

Soos reeds daarop gewys is, het die B.S.G. met slegs een doel voor oë na die Transvaal gekom, naamlik om die evangelie aan die Bantoes te verkondig, en ofskoon die verkondiging van Gods Woord steeds die primêre taak van die sendelinge was, het hulle hul sendingtaak veel wyer gesien as slegs die verkondiging van Gods Woord, aangesien Christendom en beskawing vir die B.S.G. twee sinonieme begrippe was. Vir die B.S.G. was die kersteningsproses dus nie voltooi alvorens die Bantoes nie ook tot beskaafde en getroue onderdane van die staat waarin hulle gewoon het, opgevoed was nie.[1]

Die B.S.G. het sy sendingtaak drieledig beskou, te wete "Der Kaffer ist auch ein Mensch der für das Reich Gottes bestimmt ist, und bringt ihm das Evangelium, und durch dasselbe auch Civilization und mit der Civilization auch äusserliche Güter".[2] Dit was derhalwe soos Merensky dit by 'n geleentheid uitgedruk het die sendelinge se roeping om die "verdorwe menslike natuur" van die Bantoes te verander tot 'n sedelike, maatskaplike en sosiale vlak wat vir die blanke Christen aanvaarbaar was.[3]

Aan die hand van die voorafgaande het die sendelinge van die B.S.G. hulle taak in die volgende lig gesien: eerstens die erkenning van die feit dat die Bantoes ook mense was wat die genade van God deelagtig kon word en daarom met alle ander mense sowel blank as nie-blank gelykwaardig was. Tweedens dat hulle die verlossing deelagtig kon word deur geloof in Christus as Middelaar[4] en derdens dat die Bantoes die vermoë besit het om tot beskaafde mense opgevoed te kan word en derhalwe dieselfde beskawingspeil as die blankes te kon bereik.[5]

Om die Bantoes te kersten en dus die daarmee gepaardgaande beskawing tot hulle te bring, het die B.S.G. voor haas onoorkombare struikelblokke te staan gebring – in die meeste gevalle is dit deur die Bantoes self geskep.

Soos blyk uit die vorige hoofstukke, het die Berlynse sendelinge gedurende die beginjare van hulle werksaamhede in Transvaal ten opsigte van sielsbearbeiding nie veel vermag nie. Dit moet toegeskryf word aan die feit dat die Bantoes in Transvaal, met die moontlike uitsondering van enkeles, in algehele barbarisme geleef het. Selfs vanaf die eerste aanraking het daar probleme ontstaan aangesien daar selfs Bantoes was wat nog nooit 'n blanke gesien het nie en toe hulle die sendelinge sien, eenvoudig uit vrees weggevlug het.[6] Ofskoon die sendelinge hulle as evangeliedienaars voorgestel het, kon die Bantoes in die meeste gevalle aanvanklik geen onderskeid tussen die sendelinge en die Boere maak nie en is die sendelinge vir Boere aangesien.[7] Daarteenoor was daar Bantoes wat die sendelinge as boaardse wesens en selfs vir God aangesien het. Toe eerw. Koboldt van Modimulle oorlede is, het van sy gemeentelede hulle teleurstelling met die Christelike geloof te kenne gegee omdat hulle geglo het dat die sendelinge wat onsterflikheid verkondig het, self onsterflik moes wees.[8] Die enkele Bantoes wat wel voor die koms van die B.S.G. met sendelinge van die Londense Sendinggenootskap in aanraking gekom het, het die sendelinge, aldus Wangemann, as

1. S.S. 171: R802/74, H. Grützner – Uitv. Raad van die Z.A.R., d.d. Bothšabêlo, 1.6.1874.
2. *Berliner Missionsberichte, 1872*, p. 142.
3. S.N. 7: A. Merensky – S. J. P. Kruger, d.d. Bothšabêlo, 8.8.1881.
4. S. Knak: Deutsche Evangelische Mission in Südafrika (J. Richter (red.): *Das Buch der deutschen Weltmission*, p. 65).
5. S.N. 31: S.R. 795/95 gevoeg by S.R. 1415/95, O. Krause – P. J. Joubert, d.d. Houtboschdorp, 16.4.1895; S.N. 31: S.R. 338/95 gevoeg by S.R. 1415/95, H. Düring – P. J. Joubert, d.d. Woyenthin, 5.2.1895; S.N. 31 : S.R. 481/95, B. Köhler – P. J. Joubert, d.d. Potchefstroom, 9.3.1895.
6. *Berliner Missionsberichte, 1872*, p. 303.
7. W. Gründler: *Bawenda-Mission*, p. 29.
8. Onderhoud met mej. M. Krause.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geweersmouse en ammunisievervaardigers beskou.[9] Die meeste Bantoe-opperhoofde het gevolglik verwag dat die sendelinge aan hulle dienste sou lewer, soos byvoorbeeld die vervaardiging en herstel van vuurwapens of die verskaffing van handelsgoedere. In die beginjare het die sendelinge dus nie aan die Bantoes se verwagtinge voldoen nie.

Om derhalwe die steun en samewerking van die Bantoe-opperhoofde te verkry, en met die hoop gevestig op die feit dat die opperhoofde ook tot die Christendom bekeer sou word, het die sendelinge dit as noodsaaklik beskou om goeie betrekkinge met die opperhoofde te handhaaf. Hulle het voortdurend die opperhoofde na die kerkdienste uitgenooi, en sommige sendelinge, soos eerw. Kühl, het selfs aan opperhoof Mankoapane die geleentheid gebied om 'n preek waar te neem, maar dit was geen bevorderlike praktyk nie aangesien Mankoapane die gelowiges vermaan het om naas God ook hulle voorouers te vereer en te aanbid. Sulke "preke" het eintlik net die werk van die sendelinge bemoeilik.[10]

Omdat die sendelinge 'n leer aan die Bantoes verkondig het, wat in alle opsigte vreemd aan die Bantoes se kultuur en lewensopvatting was, is dit vanselfsprekend dat die Bantoe-opperhoofde, wat die beskermheer van die stam asook die skakel met die voorouerverering was,[11] die evangelie, wat 'n algehele verbreking met die tradisionele stamgebruike wat dit weerspreek het geëis het, sou teenstaan. Voortvloeiende hieruit kon die meeste Bantoe-opperhoofde hulle nie met die Christendom versoen nie en het dit vir die meeste van hulle onaanvaarbaar gebly. Selfs in die gevalle waar die sendelinge wel daarin geslaag het om van die Bantoe-opperhoofde te kersten, soos in die geval van Jan Kekana op Wallmannsthal, Joshua Ramapudu en Johannes Dinkwanyane op Bothšabêlo, het dit nogtans tot botsing tussen die sendelinge en hierdie opperhoofde gelei aangesien hulle nie bereid was om hulle gesag oor hulle onderdane met die sendelinge te deel nie. Gevolglik het hulle die onderskeie sendingstasies verlaat.

Ten einde hulle sendingwerk met sukses te kon uitvoer, het al die Berlynse sendelinge, met die uitsondering van eerw. Winter, die Bantoe-opperhoofde as 'n struikelblok vir hulle werksaamhede gesien en gevolglik was hulle ten gunste van 'n vermindering of selfs algehele afskaffing van die magte van Bantoe-opperhoofde. So byvoorbeeld het Merensky reeds in 1871 in 'n voorstel aan die kommissie wat Naturelle-aangeleenthede in Transvaal ondersoek het, gepleit vir die vermindering van die magte van Bantoe-opperhoofde.[12] Later, in 1875, het Grützner in antwoord op 'n vraelys van pres. T. F. Burgers eweneens die beperking van die magte van Bantoe-opperhoofde bepleit.[13] In Winter se geval het hy besluit dat die Christelike leerstellinge wel met die Bapedistamgebruike versoen kon word en sodoende het Winter sy steun aan die Bapedi-opperhoof, Kgolokoe, gegee tot voordeel van sy eie aansien, maar tot groot nadeel van die B.S.G..[14]

Dat die vermindering of die wegdoen van die magte van die Bantoe-opperhoofde herhaaldelik die innige begeerte van die B.S.G. was, blyk duidelik uit die voorstelle en memorandums van hulle wat op versoek of uit eie beweging aan die owerheid van Transvaal gestuur is. Na die anneksasie van Transvaal in 1877 het Merensky op versoek van die Engelse Tussenbewind sekere riglyne aan die hand gedoen om rus en vrede onder die Bantoebevolking van Transvaal te verseker. Volgens Merensky sou vrede slegs verseker kon word deur die algehele afskaffing van die Bantoe-opperhoofde, òf andersins 'n radikale inperking van hulle magte.[15] Hoewel daar in gedagte gehou

9. H. T. Wangemann: *Reise-Jahr*, p. 471.
10. *Berliner Missionsberichte, 1872*, pp. 118–19.
11. I. Schapera: Political Institutions (I. Schapera (red.): *The Bantu-Speaking Tribes of South Africa*, p. 179).
12. S.S. 139: Supplementêre Stukke, A. Merensky – M. de Vries, d.d. Bothšabêlo, 17.10.1871.
13. S.S. 184: R436/75, H. Grützner – T. F. Burgers, d.d. Bothšabêlo, 10.2.1875.
14. Kyk Hfst. 6, afd. 3.
15. C. J. Uys (red.): *Shepstone Papers*, VI, p. 1893, A. Merensky – T. Shepstone, Private d.d. Bothšabêlo, 11.9.1878.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

moet word dat Merensky hier in die eerste plek riglyne ten opsigte van 'n moontlike Bantoebeleid voorgestel het, was dit nietemin ook die hartewens van die Berlynse sendelinge gewees, want dit sou hulle taak aansienlik vergemaklik het. Merensky het gemeen dat die verbreking van die opperhoof se mag groter vryheid aan die individuele Bantoes sou gee, daar hulle in 'n mindere mate aan die gesag van die opperhoof onderwerp sou wees. Dit sou dan ook die taak van die sendelinge aansienlik vergemaklik.[16] Later in 1881, het Merensky in 'n memorandum oor die Naturellekwessie weer eens die inperking van die Bantoe-opperhoofde se magte bepleit.[17] In 1895 het superintendent O. Krause 'n soortgelyke wens uitgespreek toe die Superintendent van Naturelle die sendelinge in Transvaal versoek het om riglyne aan die hand te doen oor hoe die arbeidsvraagstuk in die Z.A.R. opgelos kon word.[18] Aangesien die Bantoe-opperhoofde die verkondiging van die evangelie dikwels aan bande gelê het, was dit die begeerte van die Berlynse sendelinge dat wetgewing uitgevaardig moes word wat alle opperhoofde sou belet om enigsins met die verkondiging van die evangelie in te meng.[19]

Uit die voorafgaande blyk dit dus duidelik dat die B.S.G. ten alle koste die mag van die Bantoe-opperhoofde wou vernietig, of dan ten minste aansienlik wou inkort. Tot tyd en wyl hulle egter daarin kon slaag, het hulle probeer om die samewerking van die opperhoofde te verkry. Hoewel hulle nie altyd daarin geslaag het nie, soos duidelik blyk uit die onsuksesvolle pogings van eerw. Sachse van Neu-Halle en sy opvolger eerw. Kahl om die samewerking van die opperhoof Andries Maubane te verkry,[20] het die sendelinge nietemin mettertyd wel daarin geslaag om die samewerking van verskeie opperhoofde te verkry. In Ba Vendaland het eerw. Beuster sy verblyf op die stasie Ha Schewasse grootliks te danke gehad aan die feit dat die opperhoof Tšhivhase Beuster as sy vriend beskou het.[21] In Modjadjiland het eerw. Reuter, wat reeds in 1881 'n sendingstasie daar aangelê het, eers na 1894 daarin geslaag om die samewerking van Modjadji te verkry.[22]

Naas die Bantoe-opperhoofde wat op sigself 'n struikelblok in die weg van die kerstening van die Bantoes was, was daar die Bantoegebruike soos poligamie, toordery, voorouerverering en dergelike ander wat teen die leer van die evangelie ingedruis het en gevolglik die taak van die sendelinge bemoeilik het. Wat hierdie gebruike betref, het die Berlynse sendelinge alles in hulle vermoë gedoen om dit uit die weg te ruim. So byvoorbeeld is geen heiden gedoop alvorens hy nie eers voldoende bewys kon lewer dat hy die stamgebruike wat teen die leer van Christus ingedruis het, afgesweer het nie.[23] Die doop was dus, benewens die sakramentele betekenis wat dit ingehou het, ook die eerste amptelike afswering van sekere stamgebruike, en om daardie afswering aan die heidense stamgenote te bevestig, het die dopeling gewoonlik 'n nuwe naam, verkieslik 'n Bybelse naam, ontvang. Verder was die doop ook die teken van opname in die Christelike gemeenskap wat op en om die onderskeie sendingstasies gekonsentreer was. Indien aan ongekerstende Bantoes woonreg op die sendingstasies verleen is, was hulle in alle gevalle verplig om volgens die Christelike leefwyse daar te leef.[24]

Die Berlynse sendelinge het egter nie net van die gelowiges verwag om sekere stamgebruike af te sweer nie, hulle het dit veel wyer gesien, nl. as deel van hulle sendingtaak om sekere heidense stamgebruike, wat teen die beginsels van menswees en die Westerse beskawing ingedruis het, te bekamp. So byvoorbeeld het eerw. Beuster die

16. C. J. Uys (red.): *Shepstone Papers*, VI, p. 1893, A. Merensky – T. Shepstone, d.d. Bothšabêlo, 11.9.1878.
17. S.N. 7: A. Merensky – S. J. P. Kruger, d.d. Bothšabêlo, 8.8.1881.
18. S.N. 31: S.R. 795/95 gevoeg by S.R. 1415/95, O. Krause – P. J. Joubert, d.d. Houtboschdorp, 16.4.1895.
19. Kyk S.N. 7: A. Merensky – S. J. P. Kruger, d.d. Bothšabêlo, 8.8.1881.
20. Kyk Hfst. 5, afd. 4(a) en Hfst. 6, afd. 4(f)(iii).
21. Kyk Hfst. 7, afd. 3(d).
22. F. Büttner: *Medingen*, p. 15.
23. Kyk H. T. Wangemann: *Motive und Erläuterungen*, pp. 48–50.
24. Kyk B.A.: Gesetze der Berliner Station, Lydenburg; B.A.: Regulaties van Kracht op de Zendingstatie Heidelberg.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gebruik van die Ba Venda om tweelinge om die lewe te bring baie sterk teengestaan en sy invloed uitgeoefen om hierdie gebruik verbied te kry.[25] In Modjadjiland het eerw. Reuter weer sy invloed gebruik om teregstellings op 'n minder wreedaardige wyse te laat geskied.[26]

Dat hierdie verset van die sendelinge teen sekere stamgebruike van die Bantoes tot botsing tussen sendelinge en die Bantoes aanleiding sou gee, is voor die hand liggend, aangesien nòg die sendeling nòg die Bantoes in dié verband bereid was om enige kompromis aan te gaan wat betref Christendom en stamgebruike.

Die twee groepe het derhalwe teenoor mekaar te staan gekom en het mekaar voortdurend daarvan beskuldig dat natuurrampe en ander dergelike teëspoed die skuld van die ander was. In die geval van die Bantoe-opperhoof Mankoapane byvoorbeeld is die Bantoe-Christene daarvan beskuldig dat hulle die oorsaak van die knellende droogte van 1871–2 was, daar hulle geweier het om, soos gebruiklik, hulle hare kort te skeer.[27] Op die sendingstasie Blauberg wou die opperhoof Matscheokoane eerw. Beyer om die lewe laat bring omdat Beyer lede van die koningshuis gedoop het en sodoende hulle verhouding tot die voorouerverering verander het.[28] Op die stasie Thutloane het stamvaste Bantoes eerw. Schubert herhaaldelik gewaarsku dat hulle stamgebruike nie verontagsaam moes word nie, aangesien dit 'n straf oor die hele stam sou bring wat sou meebring dat al die inwoners sou sterf.[29] Voorts wou die heidene op die stasie Makabêng 'n gelowige, Josef, om die lewe bring omdat Josef geweier het om sekere stamgebruike te eerbiedig en volgens hulle het dit tot gevolg gehad dat die gesaaides nie wou ontkiem nie.[30] Aan die ander kant het die sendelinge weer die Bantoes daarvan beskuldig dat God hulle gestraf het omdat hulle geweier het om die evangelie aan te neem. Nadat die leër van die Engelse Tussenbewind Sekhukhune in November 1879 verslaan het, het eerw. Merensky hom besoek en aan hom te kenne gegee dat, "ich sage Dir, dass Dein Land durch Deine Hartnäckigkeit, womit Du die Gläubigen verfolgst, vernichtet werden wird. Du streitest wider Gott und Gott lässt sein nicht spotten."[31]

In hulle stryd teen die Bantoestamgebruike wat onversoenbaar met die Christelike leerstellinge was, het die Berlynse sendelinge selfs van tyd tot tyd die hulp van die Regering ingeroep. In 'n memorandum met betrekking tot die Naturellekwessie het Merensky in 1881 voorgestel dat stamgebruike: "die tegen het Christendom stryden noem ik op alle toorery, regenmakery, besnydenisfeesten enzv." onwettig verklaar moes word en dat 'n Bantoe-opperhoof nie die reg moes besit om sodanige gebruike op sy onderdane af te dwing nie.[32] In gevalle[33] waar die heidene die Christene probeer dwing het om sekere stamgebruike te eerbiedig, het die Berlynse sendelinge sonder aarseling die Regering versoek om die Christene teen die heidene te beskerm. Hierin was die sendelinge egter nie so suksesvol nie, aangesien die Regering nie geneë was om in die huishoudelike aangeleenthede van die Bantoes in te meng nie en veral nie wat die stamgebruike betref nie. Inmenging in die stamgebruike van die Bantoes het die Regering as inmenging in hulle godsdienstige sake beskou.[34]

25. W. Gründler: *Bawenda-Mission*, p. 36.
26. H. F. G. Kuschke: Modjadji – 'n Vakansietoertjie naar die Noorde van Transvaal (*Die Kerkbode*, 26.3.1924, p. 403).
27. *Berliner Missionsberichte, 1872*, p. 118.
28. *Berliner Missionsberichte, 1872*, p. 353.
29. *Berliner Missionsberichte, 1876*, p. 338.
30. *Berliner Missionsberichte, 1876*, p. 340.
31. *Berliner Missionsberichte, 1880*, p. 117.
32. S.N. 7: A. Merensky – S. J. P. Kruger, d.d. Bothšabêlo, 8.8.1881. (Die Naturellen Kwestie.)
33. Vir enkele sulke gevalle kyk S.S. 156: R606/73, A. Merensky – Uitv. Raad van die Z.A.R., ongedat.; S.S. 318: R4401/78, O. Sachse – M. Osborn, d.d. Neu-Halle, 11.12.1878; S.S. 324: R101/79, O. Sachse – M. Osborn, d.d. Neu-Halle, 2.1.1879; S.N. 30: S.R. 847/95, D. Heese – P. J. Joubert, d.d. Makapaanspoort, 9.5.1895; S.N. 50: S.R. 1170/98, A. Herbst – O. Dahl, d.d. Doornhoek, 23.3.1898.
34. Kyk S.N. 50: S.R. 1170/98, O. Dahl – P. A. Cronjé, d.d. 13.4.1898; S.N. 30: S.R. 847/95, G. Grobler – P. J. Joubert, d.d. 8.6.1895; ook O. Dahl – P. J. Joubert, d.d. 8.6.1895.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die laaste struikelblok wat die Berlynse sendelinge ten opsigte van die uitvoering van hulle taak uit die weg moes ruim, was nie soseer godsdienstig van aard nie, maar meer prakties en wêrelds. Dit was om van die gekerstende Bantoes ook nuttige en beskaafde onderdane van die staat waarin hulle woonagtig was te maak. Die Bantoes moes opgevoed word om uiteindelik ook die verantwoordelikheid van kerklike bestuur en organisasie self oor te neem om sodoende 'n eie selfstandige kerk te word. Dat dit 'n langsame en moeitevolle proses sou wees, het die sendelinge deeglik besef.[35]

Omdat die Berlynse sendelinge egter vas geglo het dat die Bantoes wel vatbaar vir die Westerse beskawing was, het hulle ook geglo dat die Bantoes mettertyd 'n seën kon wees vir die staat waarin hulle woonagtig was.[36] As bewys daarvan het eerw. Nauhaus by geleentheid opgemerk dat die Bantoes op die sendingstasies na enkele jare se kontak met die evangelie reeds die deug van arbeidsaamheid aangeleer het, en dat hulle oor die algemeen baie meer vlytig as die heidene was.[37]

Hierbenewens het die Berlynse sendelinge hulle ook beywer vir die afskaffing van sekere gewoontes wat die Bantoes gehad het en na hulle mening die ontwikkeling van die Bantoes tot beskaafde mense in die weg gestaan het. Sekerlik die belangrikste probleem in daardie verband was die Bantoe se gewoonte om oormatig sterk drank en "Kafferbier" te gebruik. Indien hierdie gewoonte beëindig of oorkom kon word, was die sendelinge van mening dat die Bantoes oor die algemeen veel gouer tot die deugde van die beskawing opgevoed sou kon word. Gevolglik het die meeste Berlynse sendelinge by die Regering aangedring dat drankmisbruik onder die Bantoes met alle mag bestry moes word.[38] Daarnaas het die sendelinge ook geglo dat die Bantoes baie gouer tot 'n beskaafde lewenspeil opgevoed sou kon word indien hulle die deug van vlytigheid kon aanleer en aangesien die Berlynse sendelinge luiheid as sonde beskou het, het hulle alles in hulle vermoë gedoen om die Bantoes tot vlyt aan te spoor. Op geen sendingstasie van die B.S.G. is die Bantoes toegelaat om 'n luilekker bestaan te voer nie.[39]

Ten einde die Bantoes wat reeds gedeeltelik die Christelike en Westerse leefwyse aanvaar het aan te moedig om in dié leefwyse te volhard, het die Berlynse sendelinge daarop aangedring dat sekere toegewings en voordele hierdie Bantoes deelagtig moes word. Bantoes wat byvoorbeeld die stamgebruik van poligamie afgesweer het, moes deur wetgewing in 'n posisie geplaas word om, net soos die blankes, ook 'n wettige huwelik te sluit. Reeds in 1879 het die Suid-Transvaalse sinode van die B.S.G. die Engelse Tussenbewind versoek om 'n huwelikswet vir Bantoes uit te vaardig sodat die gebruik van poligamie ontmoedig kon word.[40] Met die uitvaardiging van 'n huwelikswet vir Bantoes in 1897[41] het die herhaalde vertoë van die Berlynse sendelinge vrugte afgewerp.

Verder het die Berlynse sendelinge die siening gehuldig dat Bantoes wat reeds gedeeltelik die Westerse leefwyse aanvaar het op een of ander wyse daarvoor vergoed moes word. In 1895 het eerw. Eiselen voorgestel dat Bantoes wat hulle huise op Westerse wyse gebou het minder belasting moes betaal as die Bantoes wat die tradisionele rondawels gebou het.[42] Daarbenewens het die sendelinge ook gemeen dat indien die Bantoes se lewenstandaard verhoog word hulle gouer in staat sou wees om 'n beskaafde lewenspeil te handhaaf. Gevolglik is aan die hand gedoen dat die Bantoes

35. S.N. 31: S.R. 795/95 gevoeg by S.R. 1415/95, O. Krause – P. J. Joubert, d.d. Houtboschdorp, 16.4.1895; S.N. 31: S.R. 338/95 gevoeg by S.R. 1415/95, H. Düring – P. J. Joubert, d.d. Woyenthin, 5.2.1895.
36. S.N. 31: S.R. 481/95 gevoeg by S.R. 1415/95, B. Köhler – P. J. Joubert, d.d. Potchefstroom, 9.3.1895.
37. S.N. 31: S.R. 467/95 gevoeg by S.R. 1415/95, C. T. Nauhaus – P. J. Joubert, d.d. Bothšabêlo, 6.2.1895.
38. S.N. 31: S.R. 531/95 gevoeg by S.R. 1415/95, R. Kühl – P. J. Joubert, d.d. Wallmannsthal, 16.3.1895; S.N. 31: S.R. 399/95 gevoeg by S.R. 1415/95, K. Sack – P. J. Joubert, d.d. Pretoria, 21.2.1895; S.N. 31: S.R. 544/95 gevoeg by S.R. 1415/95, C. Beuster – P. J. Joubert, d.d. Schewas Zendingstatie, Maart 1895.
39. S.N. 31: S.R. 338/95 gevoeg by S.R. 1415/95, H. Düring – P. J. Joubert, d.d. Woyenthin, 5.2.1895.
40. S.N. 2: Sinode Suid-Transvaal – W. O. Lanyon, d.d. Bothšabêlo, 26.10.1879.
41. Z.A.R. 25: *Locale Wetten der Z.A.R.*, Wet No. 3 van 1879, Inleiding.
42. S.N. 31: S.R. 727/95 gevoeg by S.R. 1415/95, G. Eiselen – P. J. Joubert, d.d. Magalie, 2.4.1895.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verplig moes word om Westerse klere te dra, aangesien dit by hulle die behoefte tot 'n hoër lewenstandaard sou laat posvat.[43]

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die sendingtaak van die Berlynse sendelinge beslis nie maklik was nie, en dat die weg na sukses met feitlik onoorkomelike struikelblokke besaai was. Die Berlynse sendelinge het nietemin, gerugsteun deur onwrikbare geloof in God en 'n besieling wat hulle geput het uit die Lutherse leerstelling dat die mens 'n vrye beskikking besit, huis en haard verlaat om aan die heidense barbare van Transvaal dít waaraan hulle onomwonde geglo het, te gaan verkondig. Dat hulle werk beslis ook vrugte gedra het, is vir geen oomblik te betwyfel nie, alhoewel 'n evaluering daarvan haas onmoontlik is aangesien die kersteningsproses nog steeds voortduur. Nogtans spreek die talle Bybels in verskeie Bantoetale, die Sothovertaling deur Knothe en Endemann, die Vendavertaling deur Beuster en Schwellnus, die gesangbundels en kategismus luid van hulle onverpoosde arbeid om die Bantoes te kersten en te beskaaf. Die Bantoes se aanname van die Westerse kleding, Westerse boustyl en die verbouing van vreemde gewasse moet beslis in hoë mate aan die ywer van die Berlynse sendelinge toegeskryf word.

43. Kyk o.a. S.N. 31: S.R. 581/95 gevoeg by S.R. 1415/95, C. Bauling – P. J. Joubert, d.d. Lydenburg, 20.3.1895; S.N. 31: S.R. 727/95 gevoeg by S.R. 1415/95, G. Eiselen – P. J. Joubert, d.d. Magalie, 2.4.1895.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 10

DIE B.S.G. EN ANDER KERKE EN SENDINGGENOOTSKAPPE IN TRANSVAAL

Direkteur Wangemann het 'n baie sterk standpunt ten opsigte van die verhouding tussen die B.S.G. en die ander Sendinggenootskappe ingeneem. Hy het dit diep betreur dat daar soveel mededinging tussen die verskillende sendinggenootskappe bestaan het, en hy het die oorsaak daarvan gesoek in die menslike egoïsme wat maar altyd te geneig is om eie belang op die voorgrond te stel. In 1880 het Wangemann tydens 'n algemene sendingkonferensie van sendinggenootskappe in Berlyn, Duitsland, sy Genootskap se standpunt ten opsigte van ander sendinggenootskappe uiteengesit. Volgens Wangemann was die B.S.G. sedert sy stigting in 1824 gekant teen die gedagte dat sendelinge van verskillende sendinggenootskappe teen mekaar moes meeding om te sien wie die grootste gemeentes kon opbou. So 'n mededinging het direk teen die basiese beginsels van sendingwerk ingedruis en moes dus te alle tye vermy word. Ten einde mededinging uit te skakel, was dit die plig van elke sendeling om toe te sien dat, wanneer hy 'n sendingstasie aanlê, dit nie binne die invloedsfeer van 'n ander genootskap geleë was nie. Elke sendeling van die B.S.G. was deur die altaarbelofte gebind om in vrede en vriendskap met die sendelinge van ander genootskappe te verkeer. Verder was dit vir sendelinge van die B.S.G. verbode om hulle enigsins in 'n polemiek met sendelinge van ander genootskappe te begewe, en hulle moes deurgaans daarna streef om die werk van ander genootskappe te respekteer, asook die feit in gedagte hou dat alle sendelinge een doel voor oë gehad het, te wete: die verkondiging van die evangelie.

Geen sendeling van die B.S.G. was geregtig om enige lidmaat wat tot 'n ander genootskap se gemeente behoort het tot sy gemeente toe te laat nie alvorens die attestaat van so 'n lidmaat nie eers sorgvuldig nagegaan is nie ten einde vas te stel of so 'n lidmaat wel gedoop was en of hy nie moontlik onder kerklike tug geplaas was nie.[1] Verder was dit as noodsaaklik beskou dat die sendelinge van die B.S.G. van tyd tot tyd samesprekings met die sendelinge van ander genootskappe moes voer sodat sake van gemeenskaplike belang bespreek kon word, en indien daar geskilpunte sou ontstaan, dit so gou doenlik uitgestryk kon word. Tydens sulke samesprekings moes daar ook getrag word om terreine van samewerking te ondersoek. Wat die houding van die B.S.G. moes wees teenoor genootskappe wat binne hulle invloedsfeer opgetree het, word nie vermeld nie.[2] Indien sulke gevalle sou voorkom, kan van die veronderstelling uitgegaan word dat elke sendeling volgens eie oordeel sou moes optree met inagneming van die algemene bepalings van die sendingreglement van die B.S.G.

In Transvaal het die B.S.G. in die eerste aantal jare van sy werksaamhede veral met twee belangrike sendinggenootskappe in aanraking gekom, nl. die Hermannsburgse Sendinggenootskap en die Ned. Geref. Kerk se sending. In albei gevalle het die B.S.G. sorg gedra dat hy nie die invloedsfeer van die ander genootskap betree nie, en ook dat die ander genootskap nie sy sendinggebied betree nie. So byvoorbeeld het Merensky reeds in 1860 ds. A. Murray van die Ned. Geref. Kerk versoek om nie sendelinge van sý genootskap na Sekwati te stuur nie, aangesien die Berlyners reeds met sendingwerk daar begin het.[3] Sewe jaar later het direkteur Wangemann en superintendent W. Behrens van die Hermannsburgse Sendinggenootskap die sendinggebied van die twee genootskappe in Transvaal formeel verdeel om sodoende enige moontlike botsings en onnodige mededinging te voorkom.

Dit was egter onmoontlik om alle kontak en dus moontlike botsings tussen die B.S.G. en ander sendinggenootskappe deur middel van sulke ooreenkomste te

1. H. T. Wangemann: *Motive und Erläuterungen*, pp. 34–6.
2. Kyk H. T. Wangemann: *Motive und Erläuterungen*, p. 37.
3. W. L. Maree: *Lig in Soutpansberg*, p. 19.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voorkom. Namate die onderskeie genootskappe se werk in Transvaal uitgebrei het, en daar steeds meer genootskappe op die toneel verskyn het, het die invloedsfere begin uitbrei sodat die genootskappe al hoe nader na mekaar toe beweeg het. Genootskappe soos die Wesleyaanse en Anglikaanse, en nog later die Bapedi-Lutherse Kerk het, soos aangedui sal word, hulle min aan mekaar se sendingstreke gesteur en sodoende het daar veel wrywing en onenigheid op die Transvaalse sendingveld ontstaan.

Naas die verskillende sendinggenootskappe was daar egter ook kerke met wie die B.S.G. in aanraking gekom het, en met wie die sendelinge van die B.S.G. saamgewerk maar ook by kere gebots het. Die twee kerke met wie die nouste in aanraking gekom is, was die Nederduitse Hervormde Kerk en die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

1. Die Nederduitse Hervormde Kerk

Hoewel die paaie van die B.S.G. en die Ned. Herv. Kerk, wat geen sendingwerk in Transvaal onderneem het nie, eintlik nooit gekruis het nie moet een insident tog nader toegelig word aangesien die B.S.G. 'n beskuldiging van die Ned. Herv. Kerk, wat nie aan die deur van die B.S.G. gerig was nie, foutief vertolk het.

Die Ned. Herv. Kerk het die sendeling van die Ned. Geref. Kerk se sending, eerw. S. Hofmeyr, daarvan beskuldig dat hy sy amp as sendeling te buite gegaan het deur die taak van 'n geordende predikant te doen. Derhalwe is Hofmeyr gemaan om hom tot sy "werkkring" te bepaal. Die sinode van die B.S.G. in Transvaal het foutiewelik gevoel dat die beskuldiging ook tot hulle gerig was, na aanleiding van die Ned. Herv. Kerk se skrywe aan die kerkraad van die Ned. Herv. Kerk in Soutpansberg en wou die presiese status van die sendelinge onder die aandag van die Kerkvergadering van die Ned. Herv. Kerk bring. Die sinode van die B.S.G. het daarop gewys dat hulle sendelinge die *licentia concionandi*, dit wil sê, die reg by hulle ordening ontvang het om op enige preekstoel van die Evangeliese Lutherse Landskerk van Pruise te mag preek, en dat hulle nie hul ordening van 'n sendinggenootskap ontvang het nie, maar wel van die Koninklike Pruisiese Konsistorium van die provinsie Brandenburg.[4] Die sendelinge van die B.S.G. was derhalwe volwaardige predikante en kon aan enige persoon wat tot die Evangeliese Lutherse Kerk behoort het die sakramente bedien. Die skriba van die Algemene Kerkvergadering het in sy antwoord aan die B.S.G. daarop gewys dat die skrywe hoegenaamd nie aan die deur van die B.S.G. gerig was nie.[5]

Andersins het die paaie van die B.S.G. en die Ned. Herv. Kerk nie weer gekruis nie. Ds. A. J. Begemann van die Ned. Herv. Kerk het direkteur Wangemann in 1867 egter die versekering gegee van sy kerk se goeie gesindheid teenoor die B.S.G..[6]

2. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk

Die verhouding tussen die B.S.G. en die Ned. Geref. Kerk kan met die uitsondering van een voorval as 'n verhouding van hartlike samewerking beskryf word. Reeds met die aankoms van die eerste sendelinge in Transvaal het 'n predikant van die Ned. Geref. Kerk, ds. P. A. C. van Heyningen, die pogings van Merensky en Grützner om toestemming van die Regering te verkry vir die oprigting van sendingstasies binne die grense van die Republiek met raad en daad heelhartig ondersteun. Die sendelinge het telkens met hulle probleme na Van Heyningen gegaan, en is altyd gasvry ontvang.[7] Nadat Merensky in November 1864 Sekhukhuneland moes verlaat, en dit wou voorkom asof Sekhukhune al die Pedi-Christene uit sy land gaan verjaag, het eerw. Nachtigal besluit dat, indien sy gemeente op Kchalatlolu ook die wyk sou moes neem, hy sonder aarseling die hulp en bystand van Van Heyningen sou inroep.[8] Toe Van

4. E.A.: Sinode van die B.S.G. – Algemene Kerkvergadering van die Ned. Herv. Kerk ongedat. *c.* 1869.
5. E.A.: ds. N. J. van Warmelo – C. Knothe d.d. Heidelberg, 18.8.1870.
6. H. T. Wangemann: *Ein Reise-Jahr*, p. 382.
7. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 9.
8. A. Nachtigal: Tagebuch I, p. 387.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Heyningen in 1865 die gemeente van Lydenburg verlaat het, het die sendelinge van die B.S.G. aldaar opgemerk dat hulle waarlik 'n vriend, op wie hulle te alle tye kon steun, verloor het.[9]

Ds. Van Heyningen se opvolger, ds. J. G. Kriel wat in 1871 as predikant van die gemeentes Lydenburg en Middelburg bevestig is,[10] het ook sy goeie gesindheid teenoor die B.S.G. betoon. Toe daar in 1871 besluit is dat Bantoes nie meer in blanke dorpe sou mag woon nie, was ds. Kriel een van 29 persone wat die Regering versoek het dat Nachtigal se sendingstasie in Lydenburg nie buite die dorp verskuif moes word nie, aangesien Nachtigal 'n voorbeeldige en nuttige mens vir die hele dorp was.[11]

By een geleentheid is die goeie verhouding tussen die B.S.G. en die Ned. Geref. Kerk wel aansienlik vertroebel as gevolg van die optrede van ds. F. Lion-Cachet teenoor eerw. Nachtigal. Die geskil wat tussen hulle ontstaan het, het voortgespruit uit 'n heel interessante gebeurtenis, wat volgens die aard daarvan 'n nadere beskouing verg. Aan die einde van Augustus 1867 het landdros C. Potgieter van Lydenburg dit onder die aandag van die Regering gebring dat die Swazi-opperhoof, Litonga, 'n "blanke" man, sy vrou en twee kinders aan hom uitgelewer het sodat "wij hom moesten laten leeren als ook zyne kinderen en hem mooi oppassen".[12]

Hierdie "blankes" was volgens inligting wat deur Litonga verstrek is, die kinders van Boere wat tot die trekgeselskap van Louis Trichardt behoort het. Hulle ouers is deur Bantoes vermoor, maar die kinders en hulle oppasser het aan die moord ontkom, en is deur die Bantoes grootgemaak.[13] Die twee kinders, 'n seun en dogter, was vermoedelik broer en suster wat later in die huwelik getree het en hulle onder die Swazi's gaan vestig het. Hulle het twee kinders gehad wat albei "blank" was.[14] Litonga het begeer dat hierdie "blankes" aan die Boere terugbesorg moes word, en aangesien hulle hoegenaand geen Nederlands kon praat of enige "blanke" lewenswyse geken het nie, het landdros Potgieter hulle voorlopig aan die sorg van eerw. Nachtigal toevertrou.

In regeringskringe het hierdie aangeleentheid groot belangstelling gewek, en is daar op bevel van die Staatsekretaris, J. W. Spruyt, opdrag gegee dat die inwoners van die Republiek bydraes aan landdros Potgieter moes stuur, "om de ongelukkige land- en stamgenooten van de noodige kleeding en voedsel te doen voorzien, en hun gelegenheid te verschaffen in de Christelyke leer onderwesen en tot beschaving gebracht te worden".[15] Daar was veral 'n besondere beroep gedoen op die predikante in die Republiek om hulle gemeentelede aan te spoor om bydraes te lewer.[16]

Die Regering het 'n goeie voorbeeld gestel deurdat M. W. Pretorius voorlopig £15 uit die staatskas bewillig het om in die belangrikste behoeftes van dié "blankes" te voorsien.[17] Intussen het ds. F. Lion-Cachet, die leidende figuur in die vroeë geskiedenis van die Ned. Geref. Kerk in Transvaal, Lydenburg besoek waar hy van die aankoms van hierdie merkwaardige "blanke" gesin verneem het. Lion-Cachet het hom die lot van die gesin so aangetrek dat hy Nachtigal gaan besoek het om met hom oor hulle toekoms te praat. Dit was egter nie hulle eerste kennismaking nie, want Lion-Cachet het Nachtigal reeds voorheen by verskeie geleenthede besoek. Aan die begin van 1867 het Nachtigal onder andere vir Lion-Cachet uitgenooi om die skooleksamen vir volwassenes by te woon en Lion-Cachet het op die wyse ook kennis gemaak met Nachtigal se sendingwerk. Volgens Nachtigal sou Lion-Cachet heeltemal tevrede gewees het met

9. A. Merensky: *Erinnerungen*, p. 9.
10. G. D. Scholtz: *Geskiedenis van die Ned. Herv. of Geref. Kerk, 1842–1885*, p. 223.
11. L.L. Band 2: A. F. Jansen, J. G. Kriel, C. von Brandis, T. MacLachlan en ander – Volksraad d.d. Lydenburg, 18.2.1872.
12. *Staats Courant der Z.A.R. No. 215*, Vol. X, Pretoria, 4.9.1867.
13. *Staats Courant der Z.A.R. No. 215*, Vol. X, 4.9.1867; *The Transvaal Argus*, 11.9.1867 (A Strange Tale).
14. *The Transvaal Argus*, 11.9.1867 (A Strange Tale).
15. *Staats Courant der Z.A.R. No. 215*, Vol. X, 4.9.1867.
16. *Staats Courant der Z.A.R. No. 215*, Vol. X, 4.9.1867.
17. A. Nachtigal: Tagebuch I, p. 383.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die gehalte van opvoeding wat die Bantoes op die sendingstasie ontvang het.

Wat betref die "blanke" gesin op Nachtigal se sendingstasie het Lion-Cachet dit sterk betwyfel of Potgieter wel die reg gehad het om sonder die toestemming van die kerkraad die "blankes" aan Nachtigal se sorg toe te vertrou het, en aangevoer dat die Ned. Geref. Kerk 'n verpligting teenoor hierdie "blankes" gehad het, en daarom kon hy (bedoelende hierdie "blanke" man, wat as Tsjaka bekend gestaan het) nie as blanke 'n lidmaat van die Lutherse Kafferkerk, wat slegs 'n Kafferkerk sou wees nie, word nie. Nachtigal was erg ontsteld oor hierdie houding wat Lion-Cachet teenoor die Lutherse Kerk ingeneem het, waarop hy Lion-Cachet meegedeel het dat hy die "blankes" so sou opvoed dat hulle op hulle beurt eendag sou weier om lidmate van die Ned. Geref. Kerk te word.[18]

Uit die gesprek wat daarop tussen Nachtigal en Lion-Cachet gevoer is, blyk dit dat Lion-Cachet geen kennis gedra het van die status wat Berlynse sendelinge gehad het nie. Hy was bevrees dat Nachtigal 'n "blanke" sou doop waartoe hy, volgens Lion-Cachet, as sendeling nie die reg gehad het nie. Verder het Lion-Cachet beswaar gemaak teen die feit dat "blankes" tot 'n gemeente behoort, wat ook deur heidene bygewoon is. Lion-Cachet het die B.S.G. daarvan beskuldig dat hulle te veel aandag aan die Bantoes gegee het, en dat die Bantoes as gevolg daarvan as te belangrike mense voorgekom het. Die besoek van direkteur Wangemann was na sy mening 'n groot fout, want juis daardeur het die Bantoes die gevoel gekry dat hulle baie belangrik was.

Ten spyte van Lion-Cachet se hewige aanval op eerw. Nachtigal en die B.S.G. het hy tog ten slotte Nachtigal die versekering gegee dat hy nie teen die Bantoes en die sendingwerk gekant was nie. Lion-Cachet se optrede het egter die goeie verhouding tussen die Ned. Geref. Kerk en die B.S.G. skade berokken aangesien die Ned. Geref. Kerk negatief in die *Missionsberichte* beoordeel is. Nachtigal het Lion-Cachet na hierdie voorval beskou as 'n persoon wat slegs na sy eie belange omgesien het, en hoewel hy voorgegee het dat hy die sendingsaak goedgesind was, moes hy beskou word as iemand wat uit en uit 'n vyand van die sending was.[19] Wat betref die berugte "blankes" oor wie die hele stryd tussen Lion-Cachet en Nachtigal gegaan het, is daar later vasgestel dat hulle nie werklik blankes was nie, maar wel albino's.

In Pretoria daarenteen het eerw. Grünberger baie goed met die ampsdraers van die Ned. Geref. Kerk oor die weg gekom; daar het veral tussen hom en ds. H. S. Bosman 'n goeie verhouding ontstaan. By twee geleenthede het hierdie twee geestelikes daadwerklik saamgewerk.[20] Ook op die stasie Potchefstoom het die B.S.G. en die Ned. Geref. Kerk 'n goeie verhouding met mekaar gehad.[21]

Aangesien die meeste Berlynse stasies vanweë hulle geografiese ligging vér buite die invloedsfeer van die meeste predikante van die Ned. Geref. Kerk geval het, was die kontak tussen hulle gering. Die B.S.G. het baie meer in aanraking gekom met die Ned. Geref. Kerk se sending.

3. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk se Sending

As gevolg van die Wangemann–Behrens ooreenkoms van 1867 sou die B.S.G. hulle werksaamhede in Transvaal beperk tot die oostelike helfte van die denkbeeldige verdelingslyn wat deur Wangemann en Behrens getrek is. Volgens hierdie verdeling sou die B.S.G. slegs in aanraking kom met die sendingwerk van die Ned. Geref. Kerk se sending in Noord-Transvaal. Die Ned. Geref. sending het hom hoofsaaklik toegespits op die gebied om Soutpansberg, waar hulle alreeds so vroeg as 1863 met sendingwerk

18. A. Nachtigal: Tagebuch I, pp. 355 en 383–4.
19. A. Nachtigal: Tagebuch I, pp. 385 en 407.
20. R. Peacock: Die Geskiedenis van Pretoria, 1855–1902, p. 108; E.V.R. 230: V.R.R. 107/83 Memorie van F. Grünberger, H. S. Bosman en P. Postma, ongedat.
21. *Berliner Missionsberichte, 1876*, p. 119.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

begin het, en waar eerw. Alexander MacKidd die stasie Goedgedacht onder die afstammelinge van Michael Buys aangelê het.[22] Vier jaar later het die Ned. Geref. sending onder leiding van eerw. S. Hofmeyr 'n tweede stasie, Bethesda, in Malietseland aangelê.

Ofskoon die B.S.G. na die Ned. Geref. Kerk se sending met die aanlê van stasies in Transvaal begin het, het hulle binne enkele jare reeds 14 stasies in Noord-Transvaal gehad teenoor die twee stasies van die Ned. Geref. sending. Die rede waarom die B.S.G. die Ned. Geref. sending so ver voor was, moet gesoek word in die feit dat die Ned. Geref. sending 'n ernstige tekort aan opgeleide sendelinge gehad het. So by-voorbeeld moes Hofmeyr in 1868 weens 'n tekort aan sendelinge die gebied van die opperhoof Malaboch by Blauberg aan die Berlyners afstaan, en in 1871 toe Hofmeyr Bethesda verlaat het, het die B.S.G. ook 'n vastrapplek in Malietseland gekry. Die Ned. Geref. sending sou wel later nog 'n hele aantal stasies aanlê, waarvan die belangrikstes sekerlik Mara, Kranspoort en Bethesda, waar die sendingwerk na enkele jare weer hervat is, was, maar hulle sou nooit daarin slaag om hulle agterstand in te haal nie. Hulle het ook nooit daarin geslaag om toegang tot die Ba Venda, waar die B.S.G. drie stasies gehad het, te verkry nie.[23] Reeds in 1868 het Hofmeyr gekla dat daar meer sendelinge moes kom, want "Die Duitse broeders neem ons veld in".[24]

Hofmeyr se aantyging dat die B.S.G. hulle veld ingeneem het, mag ietwat oordrewe klink daar die B.S.G. nooit sonder die nodige toestemming die sendinggebied van ander genootskappe betree het nie. Dit mag dus wees dat Hofmeyr met hierdie woorde eerder bedoel het dat, indien sy genootskap nie gou hulp stuur nie, daar kort voor lank geen verdere moontlikhede van sendingwerk vir die Ned. Geref. Kerk sou wees nie. Ten spyte van hierdie opmerking waarmee die verhouding tussen die B.S.G. en die Ned. Geref. sending 'n aanvang geneem het, was die beginjare van die twee genootskappe se werksaamhede sonder enige noemenswaardige botsings; inteendeel, daar het 'n goeie verhouding tussen hulle bestaan. In 1871 toe eerw. Grützner van Xa Matlala se kind gebore is, het die inspekteur van die Ned. Geref. sending, ds. J. H. Neethling, wat na eerw. Hofmeyr op pad was, sy reis onderbreek om die doopplegtigheid by te woon. Neethling het tydens sy besoek aan Xa Matlala die geleentheid gehad om benewens Grützner, ook die sendelinge Köhler, Kühl en Beuster te ontmoet, en sodoende meer kennis oor die werk van die B.S.G. in te win. Hier het ds. Neethling inderdaad die harde werklikheid van die sendingwerk leer ken. Tydens sy besoek het tien Bantoeseuns die kerkgebou gedurende die erediens met assegaaie binnegestorm, waarvan een byna vir eerw. Kühl noodlottig beseer het. Die seuns was besig met 'n inisiasieseremonie, en as deel daarvan is hulle beveel dat geen hindernis hulle moes stuit nie; derhalwe het hulle nie die kerkgebou wat in hulle pad was, probeer vermy nie.[25]

Gedurende die jare 1880–90 het 'n ernstige wrywing tussen die B.S.G. en die sending van die Ned. Geref. Kerk ontstaan wat die goeie verhouding vertroebel het. In Malietseland het die B.S.G. nie net baie las gehad van die Ned. Geref. sending se Bantoe-evangelis Melgisedek Molot nie, maar wat meer is albei sendinggenootskappe het mekaar oor en weer daarvan beskuldig dat hulle in mekaar se gemeentelike sake ingemeng het.[26] Ds. S. P. Helm van die Ned. Geref. sending het vermoedelik na aanleiding van hierdie beskuldigings tot die gevolgtrekking gekom dat die B.S.G. met sy genootskap begin meeding het.[27] Om hierdie wrywing en wedersydse beskuldiging uit die weg te ruim, het superintendent Knothe 'n reeks samesprekings met ds. Helm

22. W. L. Maree: *Lig in Soutpansberg*, pp. 70–1.
23. G. L. van Heerde: *Dag van Kleine Dinge*, p. 185.
24. G. L. van Heerde: *Dag van Kleine Dinge*, p. 152.
25. *Berliner Missionsberichte, 1872*, p. 162.
26. *Berliner Missionsberichte, 1889*, p. 443.
27. W. L. Maree: *Lig in Soutpansberg*, p. 112.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gevoer. Daaruit het geblyk dat albei genootskappe se Bantoe-evangeliste die oorsaak van al die moeilikhede was. Daar is vasgestel dat die evangeliste nie altyd die ware toedrag van sake aan hulle onderskeie sendelinge meegedeel het nie.[28] Die samesprekings het aan hulle doel beantwoord en die goeie verhouding tussen die twee genootskappe was daarna weer, volgens Knothe, herstel.[29]

Dat die B.S.G. bereid was om met die sending van die Ned. Geref. Kerk saam te werk laat geen twyfel nie al was dit soms heel indirek. 'n Enkele voorbeeld in dié verband is toe ds. H. Gonin van die Ned. Geref. sending se stasie Saulspoort in 1886 besoek ontvang het van 'n gewese Berlynse sendeling, E. B. Beyer. Aangesien Beyer sy dienste as sendeling aan die Ned. Geref. sending aangebied het, het die Sendingkommissie besluit om Beyer na hulle stasie Mochudi te beroep, op voorwaarde dat Beyer die leerstellinge van die Ned. Geref. Kerk onderskryf.[30] Die Ned. Geref. sending het die direkteur van die B.S.G. versoek om inligting oor Beyer aan hulle te stuur – 'n versoek waaraan Wangemann nie slegs voldoen het nie, maar ook deur 'n goeie getuigskrif verseker het dat Beyer wel beroep is.[31]

Kort voor die einde van die negentiende eeu het die verhouding tussen die B.S.G. en die Ned. Geref. sending 'n besondere moment van samewerking beleef, wat tereg as 'n ekumeniese gebeurtenis beskryf kan word. Sowel die B.S.G. as die Ned. Geref. sending het stasies naby Potgietersrus gehad. Die Berlyners op Makapaanspoort se stasie was nie ver van dié van ds. J. W. Daneel van Molopo se buitepos, Makapansgat, geleë nie. Eerw. Daniel Heese wat sedert 1891 op Makapaanspoort werksaam was, was goed met ds. Daneel bevriend.[32] Volgens Heese het die sendelinge steeds in opregte vrede saamgewerk, en derhalwe wou hulle hierdie samewerking nog verder uitbrei. Ds. Daneel, wat in Junie 1897 'n evangelistekonferensie op Makapansgat belê het, het daarop besluit om Heese se gemeente ook na die konferensie uit te nooi. Om nog meer luister aan die geleentheid te verleen, het Heese ook die plaaslike vrederegter en posmeester uitgenooi om die konferensie by te woon. Onderweg na die konferensie het Daneel se gemeente die Berlyners ontmoet waarna die konferensiegangers hulle werksaamhede begin het. Tydens die erediens wat hierna gevolg het, het Daneel slegs gesange uit die Lutherse gesangeboek laat sing. In sy rede het Heese die goeie samewerking tussen die twee genootskappe geloof, en veral die feit beklemtoon dat sulke sigbare tekens van samewerking 'n groot indruk sou laat op die gemoedere van die Bantoes. Dit sou aan hulle die voorbeeld van eensgesindheid in die Christelike geloof stel wat bevorderlik vir die uitbreiding van die sendingwerk in die algemeen sou wees.[33]

4. Die "La Suisse Romande"-Sending

Soos die naam aandui, was hierdie sending die onderneming van die Protestantse Kerke van die Franssprekende gedeelte van Switserland. In 1869 het twee jong teologiese studente Ernest Creux en Paul Berthoud hulle dienste as sendelinge aan die sinode van die Vrye Kerk in die Switserse kanton Vaud, wat in Lausanne in sitting was, aangebied. Die sinode het die aanbod aanvaar, en vanweë die feit dat die Vrye Kerk noue verbinding gehad het met die Paryse Sendinggenootskap is daar besluit om Creux en Berthoud aanvanklik na Lesotho te stuur om daar die geledere van die Paryse sendelinge te versterk.[34] Na drie jaar se werksaamhede in Lesotho het eerww. Mabille en Berthoud 'n verkenningstog na Noord-Transvaal onderneem om die moontlikhede

28. *Berliner Missionsberichte, 1889*, p. 443.
29. *Berliner Missionsberichte, 1889*, p. 443.
30. W. L. Maree: *Uit Duisternis Geroep*, pp. 99–100; Vgl. G. L. van Heerde: *Dag van Kleine Dinge*, p. 50.
31. G. L. van Heerde: *Dag van Kleine Dinge*, p. 50.
32. *Berliner Missionsberichte, 1898*, p. 609.
33. *Berliner Missionsberichte, 1898*, pp. 609–10.
34. J. du Plessis: *Christian Missions*, p. 330.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van 'n nuwe sendingveld daar te ondersoek.[35] Tot hulle teleurstelling moes Mabille en Berthoud vasstel dat die B.S.G. en die Ned. Geref. sending so te sê reeds die hele Soutpansbergdistrik beset het, waarna hulle verplig was om onder die Va-Tonga 'n sendingstasie aan te lê.[36]

Die Berlynse sendelinge was in twee kampe verdeel oor die koms van die Switsers na Noord-Transvaal. Daar was 'n groep wat teen die vestiging van die Switsers gekant was en wat gemeen het dat hulle koms slegs tot onnodige wrywing aanleiding sou gee, en dat die Switsers eintlik die invloedsfeer van ander reeds gevestigde genootskappe betree het. Aan die ander kant was sommige Berlynse sendelinge van mening dat die Switsers verwelkom moes word en die nodige ondersteuning van die B.S.G. moes ontvang.[37] Laasgenoemde groep het goed met die Switsers oor die weg gekom en aan hulle daadwerklike hulp verleen toe die Switsers die slagoffers van 'n uiters onaangename situasie was.

Op 2 Augustus 1876 is Creux en Berthoud in hegtenis geneem omdat hulle nie oor die nodige toestemming om sendingwerk in die Z.A.R. te mag doen, beskik het nie. Hoewel hulle skriftelike toestemming van die plaaslike veldkornet ontvang het om sendingwerk te mag doen, was dit blykbaar nie genoeg nie.[38] Die sendelinge is beveel om hulle werk sonder meer te staak en is kort daarna op bevel van pres. T. F. Burgers in hegtenis geneem, toe hulle geweier het om dit te doen.[39] Hulle is daarna na Marabastad geneem waar hulle vir ses weke lank aangehou was.[40] Onder aanvoering van eerw. Hofmeyr het die Boere van die omgewing protes teen die aanhouding van die Switsers aangeteken, en 22 van hulle het na Marabastad gegaan en geëis dat die Switsers dadelik op vrye voet geplaas moes word. Intussen het die Regering blykbaar besef dat sy optrede teenoor die Switsers te drasties was en het beveel dat Creux en Berthoud vrygelaat moes word.[41]

Tydens die Switsers se afwesigheid van hulle stasie Valdezia het die B.S.G. sy helpende hand tot hierdie geestelike broeders uitgesteek. Die jong Berlynse sendeling, Klaas Koen, is na Valdezia gestuur om toesig oor die stasie en die werk van die Switsers te hou.[42] Later het die Switsers weer 'n waardevolle diens aan die Berlynse sendelinge in Noord-Transvaal bewys deur hulle en hulle families teen pokke in te ent.[43] Superintendent Merensky het egter nooit gelukkig gevoel oor die koms van die Switsers nie, en het die vrees uitgespreek dat hulle koms na Transvaal 'n te groot verskeidenheid van genootskappe tot gevolg gehad het, en derhalwe eintlik nie 'n gunstige uitwerking op die gemoedere van die Bantoes kon hê nie. Dit sou die Bantoes eintlik net verwar om nog 'n siening van die Christendom te probeer assimileer.[44]

Merensky se vrees met betrekking tot die Switsers was heeltemal ongegrond, daar die Switsers hulle net tot die Va-Tongastam beperk het. Origens het hulle sendingstasie Elim, met sy goed toegeruste hospitaal, waardevolle dienste aan die B.S.G. gelewer. Soos dit later sou blyk, het die B.S.G. nie met die Switsers nie, maar wel met die Engelse, baie probleme gehad.

5. Sending van die Anglikaanse en Wesleyaanse Kerke

Hier word weliswaar na die Wesleyaanse Kerk verwys aangesien dit die benaming is wat die B.S.G. vir die Metodiste gebruik het. In die *Missionsberichte* word deurgaans

35. W. L. Maree: *Lig in Soutpansberg*, p. 94; J. du Plessis, *Christian Missions*, pp. 330–1.
36. W. L. Maree: *Lig in Soutpansberg*, p. 94.
37. E.A.: A. Merensky – E. Creux, d.d. Bothšabêlo, 4.1.1877.
38. W. L. Maree: *Lig in Soutpansberg*, p. 94; J. du Plessis, *Christian Missions*, p. 332.
39. W. L. Maree: *Lig in Soutpansberg*, pp. 94–5.
40. J. du Plessis: *Christian Missions*, p. 332.
41. W. L. Maree: *Lig in Soutpansberg*, p. 95.
42. B.M.A.: Personalakten, K. Koen.
43. *Berliner Missionsberichte, 1878*, p. 340.
44. E.A.: A. Merensky – E. Creux d.d Bothšabêlo, 4.1.1877.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

na die Weslane verwys, maar streng gesproke behoort die benaming Metodiste veel eerder vandag gebruik te word. Trouens, die B.S.G. het baie selde na die Anglikaanse Kerk verwys as Anglikaans en het verkies om van die "englische Hochkirche" te praat.[45]

Sowel die Anglikane as die Weslane het, in vergelyking met die B.S.G. en die Ned. Geref. sending, betreklik laat hulle verskyning op die Transvaalse sendingveld gemaak. In 1871 het George Blencowe van die Wesleyaanse Sending vlugtig 'n verkenningstog na die Transvaal onderneem en op Potchefstroom die eerste stasie van sy genootskap gestig. Die stasie is egter in dieselfde jaar aan die B.S.G. oorgedra, en eers in 1880 is die Transvaal as distrik van die Wesleyaanse Kerk ingelyf met eerw. Owen Watkins as eerste voorsitter.[46]

Nie-amptelik het die Weslane wel voor hierdie datum waarop hulle met hulle werksaamhede in Transvaal begin het, aanhangers in die Republiek gehad, maar hulle was hoofsaaklik Bantoe-evangeliste of Bantoes wat in die Kaapkolonie deur Wesleyaanse sendelinge gedoop is. Die bekendste aanhanger van die Weslane voor 1880 was die beroemde apostel van Matabata, Samuel Paditšane.[47] Samuel het beroemd geword as gevolg van die groot ophef wat die Lutherse teoloog en skrywer Gustav Warneck van hom gemaak het.[48] Die Weslane het nie die Transvaal as 'n sendingveld op sigself beskou nie, maar wou die gebied eerder as basis gebruik om die streke ten noorde van die Limpoporivier te bearbei. Dit wil voorkom asof hulle sommer gou die hele Transvaal wou "wen" en dan verder gaan. Hulle het dan ook op groot skaal van Bantoe-evangeliste, Bantoelekepredikers, hulpsendelinge en sendelinge gebruik gemaak om in hul doel te slaag.[49]

Die Weslane het hulle hoegenaamd nie aan die invloedsfere van ander sendinggenootskappe gesteur nie, en het op talle Berlynse stasies probeer om die gemeentelede van die B.S.G. tot hulle siening en hulle gemeentes oor te haal. Hulle het heelwat sukses met hierdie pogings van hulle behaal, aangesien hulle oor meer arbeidskragte as dié op die gemiddelde Berlynse stasie beskik het. In Johannesburg het eerw. Kuschke gekla dat die Weslane besig was om sy sendingpoging heeltemal te fnuik as gevolg van die feit dat hulle oor soveel arbeiders en geld beskik het.[50]

Daar is verskeie pogings aangewend om die Weslane oor te haal om buite die invloedsfere van die B.S.G. te bly en nie evangeliste daarheen te stuur nie. In Noord-Transvaal het superintendent Knothe wel die versekering van eerw. M. Lowe ontvang dat dit hoegenaamd nie die bedoeling van die Weslane was om lidmate van die B.S.G. af te rokkel nie.[51] Die oënskynlike skikking van die probleem van inmenging het egter nie lank geduur nie, want nog in dieselfde jaar, 1888, het die Wesleyaanse Bantoe-evangeliste begin om 'n vyandige gesindheid teenoor die B.S.G. in te neem. Op die stasie Blauberg het die Weslane, eerw. Sonntag se Bantoegemeente, die Duitsers (matoise) teen die Engelse (ma-ilisman), begin afspeel. Die Duitsers se Bantoegrammatikaboeke is verkleineer, en het selfs die gemeente opgesweep om nie hulle belasting aan die Regering te betaal nie.[52]

In Suid-Transvaal kon die B.S.G. eweneens nie daarin slaag om die Weslane te oorreed om nie in hulle gemeentes in te meng nie. In 1885 het die Wesleyaanse sinode 'n voorstel van eerw. Johannes Winter aan die B.S.G., nl. dat elke genootskap hom tot 'n

45. Kyk *Berliner Missionsberichte, 1888*, p. 451.
46. P. Hinchliff: *Die Kerk in Suid-Afrika*, pp. 107–8.
47. *Berliner Missionsberichte, 1885*, p. 357; J. M. Sales: *Planting of the Churches*, p. 129.
48. *Berliner Missionsberichte, 1885*, p. 357.
49. P. Hinchliff: *Die Kerk in Suid-Afrika*, p. 108.
50. *Berliner Missionsberichte, 1889*, p. 431.
51. *Berliner Missionsberichte, 1889*, p. 443.
52. *Berliner Missionsberichte, 1888*, pp. 508–9.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bepaalde gebied moes beperk, verwerp.[53] Winter en Sewušhane se pogings om 'n ooreenkoms met Samuel Paditšane te bereik om sodoende die verhouding tussen die twee genootskappe te probeer verbeter, het op 'n dooie punt uitgeloop.[54] In Sekhukhuneland het die optrede van Lot, 'n evangelis wat deur die Weslane gesteun was indirek gelei tot 'n splitsing in die geledere van die B.S.G. self. Op Neu-Halle het eerw. Kahl tevergeefs die Wesleyaanse evangeliste probeer oorreed om nie sý invloedsfeer van Maripjane te betree nie.[55] Op Woyenthin moes 'n Wesleyaanse Bantoe-evangelis versoek word om die stasie te verlaat weens 'n beweerde sedelike oortreding.[56]

Die enigste wyse waarop die B.S.G. wel die inmenging van die Weslane in hulle gemeentes kon uitskakel en aan bande kon lê, was deur hulle stasies streng onder hulle toesig te hou, en daarom was hulle onder andere nie bereid om hulle stasies in lokasies te laat omskep nie, aangesien dit sou meebring dat hulle hoegenaamd geen afweermiddel teen die inmenging van die Weslane sou gehad het nie. Dus die verhouding tussen die Weslane en die B.S.G. was nooit een van wedersydse respek en erkenning nie. Hulle het te fundamenteel van mekaar verskil in hulle benadering tot die sendingwerk. Die B.S.G. het die Weslane daarvan beskuldig dat hulle te veel klem gelê het op groot getalle bekeerlinge, en te min aandag aan die voorbereiding van doopkandidate geskenk het, en omdat die Weslane hulle nie binne sekere gebiede wou laat beperk nie, het die verhouding tussen hulle en die B.S.G. geensins bevorder nie.[57] Daar kon derhalwe ook geen geval van samewerking tussen hierdie twee genootskappe gevind word nie.

Hoewel die B.S.G. minder in aanraking gekom het met die Anglikaanse Kerk, wat in 1879 'n bisdom in Transvaal gevestig het, kan die verhouding tussen hierdie twee genootskappe nou nie juis as een van goeie samewerking beskryf word nie. Waar die meeste Berlynse stasies weliswaar met die kompetisie van die Weslane moes rekening hou, het eerw. Köhler uit Potchefstroom berig dat hy 'n stryd teen die Anglikaanse Kerk gevoer het. Die Anglikane het daar 'n Bantoe-evangelis, Jakob Apie, gestasioneer wat alles in sy vermoë gedoen het om lidmate van Köhler vir die Anglikane in te palm.[58] Eerw. Bauling het uit Lydenburg berig dat die koms van die Anglikane vir hom 'n nagmerrie was, aangesien hy hulle mededinging gevrees het.[59] Net soos in die geval van die Weslane was daar tussen die Anglikane en die B.S.G. onoorbrugbare fundamentele verskille wat samewerking buite die kwessie gemaak het.[60]

6. Ander Kerke en Christelike Denominasies

Oor die verhouding tussen die B.S.G. en ander kerke en denominasies kan daar slegs van enkele en uiterste geïsoleerde kontak gepraat word. Die belangrikste Christelike denominasie in hierdie kategorie, die Bapedi-Lutherse Kerk, is vanweë sy noue verbintenis met die B.S.G. reeds bespreek, en daar kan vervolgens slegs na 'n paar insidente verwys word waar die paaie van die B.S.G. met dié van ander kerke en denominasies gekruis het.

Met die inwyding van die nuwe sendingkerk van die B.S.G. in Pretoria, in Junie 1869, het ds. N. J. R. Swart, van die Gereformeerde Kerk, wat later Staatsekretaris van die Z.A.R. geword het, die feestelikhede bygewoon[61] – 'n gebaar wat eerw. Knothe hoog op prys gestel het. Net so sporadies was die kontak tussen die B.S.G. en die

53. P. Hinchliff: *Die Kerk in Suid-Afrika*, p. 109.
54. *Berliner Missionsberichte, 1885*, pp. 357–8.
55. *Berliner Missionsberichte, 1886*, pp. 163–5.
56. *Berliner Missionsberichte, 1889*, p. 353.
57. Kyk H. T. Wangemann: *Motive und Erläuterungen*, p. 37 en pp. 48–50.
58. *Berliner Missionsberichte, 1888*, p. 324; *Berliner Missionsberichte, 1888*, p. 451.
59. *Berliner Missionsberichte, 1894*, p. 307.
60. *Berliner Missionsberichte, 1888*, p. 324; H. T. Wangemann: *Motive und Erläuterungen*, p. 37 en pp. 48–50.
61. *Berliner Missionsberichte, 1870*, p. 25; Vgl. J. S. Bergh: Die Berlynse Sendinggenootskap, p. 187.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Rooms-Katolieke Kerk. Die enigste kontakpunt tussen dié instansies was in Lydenburg waar die Rooms-Katolieke Kerk aan die begin van 1893 'n kloosterskool vir blankes opgerig het. Dit het eerw. Bauling bevrees gemaak dat hulle weldra ook met sendingwerk onder die Bantoes sou begin.[62] Verder het eerw. Heese van Makapaanspoort in 1897 besoek ontvang van 'n Bantoe wat beweer het dat hy deur die Baptiste-Kerk gestuur was om weer die gedoopte Bantoes te doop. Hy het toe ook vir Heese uitgenooi om sy gemeente na hom te stuur, sodat hulle weer gedoop kon word. Heese het hom vriendelik dog ernstig versoek om sy stasie te verlaat.[63]

Die B.S.G. het voorts ook in aanraking gekom met Bantoes wat op stasies van die Londense Sendinggenootskap gedoop en as evangeliste opgelei was. Een van hierdie evangeliste het die stasie Medingen kort na die martelaarsdood van Khashane Mamathepa besoek. Volgens hom was Khashane se dood sy eie skuld, en volgens berigte sou hy gesê het dat die B.S.G. hulle geloof te ernstig opneem.[64]

Ten slotte moet daar melding gemaak word van die Ethiopiese Sending wat, naas die Bapedi-Lutherse Kerk, die tweede Separatistekerk in Transvaal geword het, en deel gevorm het van die groter Ethiopiese beweging wat soos reeds daarop gewys is, baie sterk anti-blank en teen blanke sendelinge gerig was. In hoeverre hulle anti-blank gerig was, spreek uit die optrede van een van hulle predikante, Makenna Mokone, wat onder toesig van eerw. P. M. Adams, in Mankoapane se gebied sendingwerk gedoen het.[65] Sy sendingwerk onder die volk van Hans en Hendrik Backeberg het hom ook in noue aanraking met die Berlynse stasie Malokong gebring en ten einde in voeling met die Bantoes te probeer kom, het Mokone die werk van die B.S.G. in 'n uiterste swak lig gestel.[66]

Mokone het op 6 Augustus 1894 'n besoek aan eerw. Herbst gebring en dadelik met hom oor politieke sake begin gesels en veral oor die pas afgelope oorlog teen Malaboch van Blauberg. Mokone sou aan Herbst gesê het dat eerw. Sonntag geen gevoel vir die Bantoes gehad het nie, dat hy Malaboch aan die Z.A.R. uitgelewer het en dat dit verraad teen die Bantoes was. Herbst het Mokone daarop gewys dat Sonntag alles in sy vermoë gedoen het om Malaboch tot vrede te probeer beweeg en dat hy op aandrang van Malaboch self as tussenganger tussen hom en die Boere opgetree het.[67] Mokone het daarop volkome met Herbst saamgestem maar nog dieselfde aand egter het Mokone 'n ander storie aan Backeberg[68] vertel oor Blauberg, en bygevoeg dat dit as bewys moes dien van die blanke sendelinge se vyandige gesindheid teenoor die Bantoes. Daarna het Mokone drie heidene gedoop wat nie 'n enkele dag se dooponderrig ontvang het nie. Herbst het dit as sy plig beskou om hierdie toedrag van sake onder die Regering se aandag te bring.[69] Hoewel die Ethiopiese Sending hierdie aanklag teen Mokone as ongegrond en as blote jaloesie van Herbst se kant af teenoor hulle beskou het,[70] het die Regering die voorval in 'n baie ernstige lig gesien en opdrag gegee dat Mokone dadelik sy werk as predikant onder Mankoapane se volk moes staak.[71] Die verhouding tussen die B.S.G. en die Ethiopiese Sending kan dus nie juis as gesond beskryf word nie; inteendeel, dit het aan vyandigheid gegrens.

62. *Berliner Missionsberichte, 1894*, p. 307.
63. *Berliner Missionsberichte, 1898*, p. 611.
64. *Berliner Missionsberichte, 1886*, p. 397.
65. S.N. 31: S.R. 1561/95 gevoeg by S.R. 793/95 M. Mokone – P. J. Joubert, d.d. Pretoria, Marabastad, 17.9.1895.
66. S.N. 31: S.R. 783/95, A. Herbst – P. J. Joubert d.d. Mp'hôme, 4.2.1895.
67. S.N. 31: S.R.. 793/95, A. Herbst – P. J. Joubert d.d. Mp'hôme, 4.2.1895.
68. Herbst sê nie of dit Hans of Hendrik Backeberg was nie.
69. S.N. 31: S.R. 793/95, A. Herbst – P. J. Joubert d.d. Mp'hôme, 4.2.1895.
70. S.N. 31: S.R. 1569/95 gevoeg by S.R. 793/95, A. A. Willemse – P. J. Joubert d.d. Pretoria, 18.9.1895.
71. S.N. 31: S.R. 793/95. Aantekening op Missiewe deur P. J. Potgieter, Naturellekommissaris d.d. 28.5.1895.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die probleem van samewerking en die verhouding onderling tussen verskillende sendinggenootskappe was 'n verskynsel wat die sending in die algemeen oor die hele wêreld gedurende die negentiende eeu besig gehou het. Die stryd wat die B.S.G. met sommige ander genootskappe gehad het, was dus geen uitsondering op die reël nie, en in hierdie hoofstuk is probeer om 'n aanduiding te gee van hoe hard die Berlynse sendelinge probeer het om botsings met ander genootskappe te vermy.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

SLOTBESKOUING

Deur 'n sameloop van omstandighede naamlik die weiering van die Swazi-opperhoof om eerww. Merensky en Grützner toe te laat om in sy hoofstat 'n sendingstasie aan te lê, en die goeie gesindheid van die Zuid-Afrikaansche Republiek teenoor Merensky en Grützner asook die B.S.G., het die B.S.G. in 1860 'n sendingveld betree waar die Genootskap soos dit teen 1900 sou blyk die "rykste oes" ingesamel het. 'n Geringer begin as wat die B.S.G. in Transvaal gehad het toe daar in 1860 die stasie Gerlachshoop onder die Bakopa van Maleo aangelê is, is nouliks denkbaar.

Die seën op die werk het egter nie uitgebly nie, want skaars 'n jaar later kon die B.S.G. met sendingwerk onder die Bapedi, een van die grootste Bantoestamme in Transvaal, begin. Hoe suksesvol sake hier verloop het, blyk uit die feit dat drie sendingstasies hier aangelê kon word, en teen 1864 was daar reeds ses sendelinge in Sekhukhuneland werksaam. Deur die vyandige gesindheid van Sekhukhune, die Bapedi-opperhoof, moes hierdie geseënde arbeidsveld in 1866 prysgegee word. Ander deure vir die sendingwerk is egter daarna geopen en het die B.S.G. mettertyd oor die grootste deel van Transvaal uitgebrei. Belangrike stasies soos Bothšabêlo, Lydenburg, Pretoria, Makapaanspoort, Xa Matlala, Modimulle en Tšhuaneng is hierna gestig. Onvermydelik het hierdie snelle uitbreiding nuwe probleme en uitdagings aan sowel die sendelinge as die Komitee in Duitsland gerig, sodat direkteur H. T. Wangemann in 1867 'n besoek aan die sendingveld as noodsaaklik beskou het. Met sy besoek is die tydperk van direkte beheer oor die sendingveld afgesluit, aangesien A. Merensky as eerste superintendent benoem is, en 'n sinode ingestel is wat hom moes bystaan.

Merensky se superintendentskap het 'n tydperk van ongekende bloei ingelui – 'n tydperk wat in Duitsland dikwels as die "Wangemannse imperialisme" beskryf word. As gevolg van 'n verdeling van die Transvaalse sendingveld in 1867 tussen die Berlynse en Hermannsburgse Genootskappe het die aksent van die B.S.G. se sendingwerk na Noord-Transvaal verskuif. Tussen 1867 en 1881 is van die belangrikste stasies, soos Ha Schewasse onder die Ba Venda, Thaba Mossegu en Lobethal onder die Bapedi en Medingen onder die Balobedu aangelê. As gevolg van hierdie uitbreiding het die omvang van die sendingwerk dit genoodsaak dat 'n tweede superintendent, C. Knothe, benoem is, en dat Transvaal in 1878 in 'n noordelike en suidelike sinodale streek verdeel is. Dit weer het op sy beurt 'n hersiening van die superintendentskaps- en sinodale reglemente meegebring wat onder sommige sendelinge soos O. Sachse, E. B. Beyer en T. Regler groot ontevredenheid uitgelok het met die gevolg dat hulle die diens van die B.S.G. verlaat het.

In die sinodale streek Suid-Transvaal het Merensky se optrede tydens die Sekhukhuneoorlog groot ontevredenheid onder die Boere tot gevolg gehad, en weens ongunstige toestande op die "modelstasie" Bothšabêlo, is Merensky volgens omstandigheidsgetuienis in 1881 na Duitsland teruggeroep. Sy opvolger, C. T. Nauhaus, het groot probleme ondervind om die goeie naam van Bothšabêlo in ere te herstel. Nauhaus het trouens nooit volkome daarin geslaag nie, sodat Bothšabêlo vroeg in die twintigste eeu sy posisie as die leidende Berlynse stasie verloor het. Gedurende Nauhaus se superintendentskap het die B.S.G. sy grootste terugslag in Transvaal beleef toe die belowende jong sendelingteoloog Johannes Winter van die B.S.G. weggebreek, en met behulp van die Bantoeleraar, M. Sewušhane, die Bapedi-Lutherse Kerk gestig het.

In Noord-Transvaal het Carl Knothe die sendingwerk op 'n stewige grondslag geplaas en na sy dood in 1892 het Oswald Krause die superintendentskap oorgeneem. Tydens Krause se ampstermyn is die sinodale hoofkwartier van Noord-Transvaal in 1896 vanaf Mp'hôme na Pietersburg verskuif. In die Z.A.R. se veldslae teen Malaboch, Modjadji en Mphephu het eerww. Sonntag, Reuter en Beuster onderskeidelik as informante en tussengangers tussen die Bantoes en die Z.A.R. opgetree. Ook in Noord-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Transvaal het die B.S.G. 'n terugslag beleef toe een van hulle belangrikste stasies onder die Ba Venda, Georgenholtz, in 1885 afgebrand het.

Net soos 1867 was ook 1885 'n belangrike keerpunt in die ontwikkeling van die sendingwerk van die B.S.G. in Transvaal. Probleme wat opgeduik het en beginselbesluite wat geneem moes word, soos byvoorbeeld die wenslikheid, al dan nie, om Bantoe-evangeliste as volwaardige pastore te orden, het 'n tweede besoek van Wangemann tot gevolg gehad. Tydens die gesamentlike sinode van Noord- en Suid-Transvaal wat op Wangemann se besoek gevolg het in Maart 1885 op die stasie Modimulle is die eerste twee Bantoe-evangeliste, T. Sello en M. Sewušhane, tot die predikamp georden. Die feit dat die lig tydens hierdie sinode geval het op probleme van 'n gemeenskaplike aard, het Nauhaus in 1895 daartoe gebring om 'n tweede gesamentlike sinode op Bothšabêlo te belê.

Reeds in 1860 is goeie samewerking met die Z.A.R. as 'n noodsaaklikheid vir die bestendige groei van die sendingwerk beskou. Deur die tegemoetkomendheid van die Z.A.R. het die B.S.G. die bepalings van die Plakkerwette van 1887 en 1895 vrygespring, en volgens die Komitee in Duitsland is 'n groot deel van die Transvaalse sending van 'n gewisse ondergang gered. In hul verhouding en skakeling met die Z.A.R. het die B.S.G. daarop aangedring dat die Bantoes gelykwaardig met die blankes behandel moes word, maar was nogtans uitdruklik teen gelykstelling van blank en nie-blank gekant. Die B.S.G. het hulle verder ook beywer vir die vermindering of selfs afskaffing van die magte van die onderskeie Bantoe-opperhoofde. Hierin was hulle egter minder susksesvol. Ten opsigte van die B.S.G. se pogings om die Bantoes tot Christelike en beskaafde mense op te voed, was hulle meer suksesvol soos blyk uit die feit dat die Regering op versoek van die Berlynse sending in 1897 'n huwelikswet vir die Bantoes ingestel het.

Op die sendingveld het die Berlynse sendelinge hulle uiterste bes gedoen om goeie betrekkinge en samewerking met ander sendinggenootskappe te verseker. In hierdie opsig was hulle met betrekking tot die Ned. Geref. Kerk se sending en die Switserse sending suksesvol, maar geheel en al onsuksesvol wat die Anglikaanse en Wesleyaanse sending betref.

Gedurende die 40 jaar wat in hierdie studie bestryk word, het die B.S.G. 'n geweldige groei beleef, en alhoewel algemeen erken word dat getalle alleen nooit werklik 'n weerspieëling van die ware toedrag van sake is nie, gee dit tog 'n aanduiding van die groei en ontwikkeling wat plaasgevind het. In 1860 was daar een sendingstasie en slegs twee sendelinge en minder as tien bekeerlinge, waarvan slegs een gedoop was. Aan die begin van 1900 was daar 30 hoofstasies en 105 buiteposte met ongeveer 20 206 gedoopte Bantoe-Christene, wat deur 36 sendelinge bearbei is. Die sendelinge is hierin deur 98 Bantoe-evangeliste en 'n verdere 282 Bantoehelpers bygestaan. In die sendingskole was daar 2 607 gedoopte leerlinge en na skatting is jaarliks gemiddeld tot 32 volwasse Bantoes gedoop.[1]

Ten slotte kan die volgende vier punte weer eens beklemtoon word: Die sendelinge van die B.S.G. was in die eerste plek sendelinge in die ware sin van die woord – in baie gevalle onder die moeilikste omstandighede denkbaar. Baie van hulle moes telkens die dood in die oë staar, en selfs onder die bekeerde Bantoes het dit aan martelare nie ontbreek nie. Hiervan sal die dood van Khašhane Mamathepa altyd getuig.

Tweedens was die Berlynse sendelinge geneeshere van blank sowel as nie-blank. Onverpoosd het hulle hul mediese kennis aan diegene wat daarom gevra het beskikbaar gestel. As geneeskundiges het hulle hoog aangeskryf gestaan en twee, Alexander Merensky en Friedrich Grünberger, is as mediese praktisyns in die Z.A.R. aangestel.

Derdens was die Berlynse sendelinge tussengangers en informante. Hulle het steeds

1. M. Gensichen: *Bilder*, p. 423.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

getrag om na 'n vreedsame oplossing van die Z.A.R. se Bantoeprobleem te streef. Dit is geen oordrywing om te beweer dat hulle destyds al besef het dat die rassevraagstuk die grootste probleem sou wees waarmee die Z.A.R. en die latere Unie asook Republiek van Suid-Afrika mee te kampe sou hê. Daarbenewens het hulle ook die probleem van verstedeliking erken en onder die aandag van die owerhede gebring, omdat baie van hulle reeds in Duitsland daarmee kennis gemaak het.

Vierdens was hulle kultuurdraers. Hulle het nie slegs vir die Bantoes die tegnieke van die Westerse beskawing geleer nie, maar as gevolg van hulle deeglike kennis van die Bantoe en sy leefwyse kon hulle 'n waardevolle bydrae tot die Bantoes se kultuur lewer. Terselfdertyd het hulle 'n bydrae tot die Afrikaner se kultuurlewe gemaak, deurdat baie sendelinge die land as hulle nuwe vaderland aangeneem het. Tydens die Tweede Vryheidsoorlog het verskeie Berlynse sendelinge se seuns vir die vryheid van Transvaal gesneuwel. Verder het baie van hulle kinders ook sendelinge geword en die werk van hul vaders voortgesit en as gevolg van hulle intieme kennis van die land en sy probleme sou die nageslag van die Berlynse sendelinge waardevolle diens aan Suid-Afrika lewer. Om slegs enkeles te noem, dr. W. M. M. Eiselen, seun van eerw. G. Eiselen, het Sekretaris van Naturellesake van die Unie van Suid-Afrika geword, dr. Hans Merensky, seun van A. Merensky, was 'n bekende geoloog, dr. Siegfried Kuschke, seun van eerw. Hermann Kuschke, was 'n vooraanstaande sakeman. Verder kan daar nog genoem word die name van dr. P. E. Schwellnus, teoloog en volkekundige, dr. F. Grünberger, geneesheer, prof. J. A. E. Leue, taalkundige, terwyl die lys nog aangevul kon word indien die sendelingkinders in Natal, die O.V.S. en die Kaap bygevoeg sou word.

Vandag nog staan baie van die sendingstasies van die B.S.G. daar as voortdurende herinnering aan die geloof, opoffering, wilskrag en deursettingsvermoë van die sendelinge om die Boodskap van die ewige lewe aan duisende uit te dra.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ENGLISH SUMMARY

The object of this dissertation was to investigate the history of the Berlin Missionary Society in the Transvaal from 1860–1900. However, in order to provide a complete picture of the activities of the Berlin Missionary Society in the Transvaal it was also necessary to give attention to the development, administration and organisation of the Society in Germany, as well as in the Transvaal. As the success of the Society was to a great extent dependent on the attitude of the government in the Transvaal, its relationship with the authorities was also scrutinised. Likewise a section on the contacts between the Berlin Missionary Society and other Missionary Societies in the Transvaal is also included.

The dissertation is based on extensive research of both primary and secondary sources. The material was systematically gathered and thematically divided into ten chapters. Apart from the sources consulted in the State Archives in Pretoria, valuable information was obtained in the archives of the Berlin Missionary Society in East Berlin. Locally extensive collections of documents at the mission stations Bothšabêlo and Edendale were consulted.

The Berlin Missionary Society originally wanted to undertake mission work among the Swazi, but as the Revs. Merensky and Grützner were refused permission by the Swazis to establish a mission station, the Society, with the approval of the South African Republic, established a station at Gerlachshoop among the Bakopa tribe in July 1860.

In 1861 the work of the Berlin Missionary Society in the Transvaal received a significant impetus when it extended its activities to include the Bapedi. Between 1861 and 1864 three mission stations, the most important being Kchalatlolu, were established among the Bapedi. Although the mission progressed favourably, all three mission stations had to be abandoned in 1866 when the Bapedi chief Sekhukhune adopted an antagonistic attitude towards mission work.

New avenues in which to continue their mission however eventually arose so that despite initial reverses the Berlin Missionary Society decided to retain the Transvaal as a permanent mission field. Mission stations were established under the Bantu chiefs Matlala, Mankoapane, Malaboch, Kgolokoe, Tšhivase, Madzivhandila, Makoarela, Modjadji, Jan Kekana, and Andries Maubane. In addition, mission stations were established at various towns in the Transvaal, such as Heidelberg, Johannesburg, Potchefstroom, Pretoria, Pietersburg, Lydenburg, Middelburg and Ermelo.

During the 40 years considered in this dissertation the Berlin Missionary Society achieved considerable success in its pastoral work. In 1860 there was one mission station with only two missionaries and one baptised Bantu member, as against the 30 mission stations, 105 outposts and 36 full-time missionaries in 1900. At the latter date there were also over 20 000 baptised Bantu members.

In this dissertation the following conclusions were arrived at: The Berlin missionaries considered their primary task to be the christianisation and education of the Bantu to become civilised and useful citizens of the state in which they lived. Consequently the Berlin missionaries enjoyed to a great degree the respect and esteem of the South African Republic and its inhabitants. In almost direct contrast to the London Missionary Society, the Berlin missionaries, with the exception of the Rev. Merensky, never became involved in the political affairs of the South African Republic. Although Merensky's activities during the annexation of the Transvaal in 1877 antagonised the Boers, there is nevertheless unambiguous evidence that the Committee of the Berlin Missionary Society in Germany condemned his actions.

Furthermore, it was ascertained that the Berlin missionaries sincerely strove to promote good race relations in the Transvaal. In this respect they stressed co-operation between white and non-white, and saw such co-operation as the basis for a progressive

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

community. Their attempts in this connection were, however, never characterised by a meddlesome philanthropism, but rather by a just and worthy attitude towards all population groups.

Indirectly the Berlin missionaries assisted the South African Republic in establishing its authority over recalcitrant Bantu tribes. Because the Berlin missionaries enjoyed the confidence of most of the Bantu chiefs they were used as informants and intermediaries between the government and the respective Bantu chiefs.

Their mission work enabled the Berlin missionaries to acquire an intimate knowledge of the Bantu, and they have made a valuable contribution to our knowledge of early Bantu history. Similarly, by means of their knowledge of the Bantu languages the missionaries enriched the Bantu's own cultural and national life.

In conclusion, it can be unequivocally stated that the Berlin missionaries played a positive and significant rôle in the history of the Transvaal, and although they were seldom in the forefront of affairs, their contribution is undoubtedly worthy of attention.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

BRONNE

I LITERATUUR

Arndt, W.: *Gedenkbüchlein Berliner Missionare und Missionarskinder, 1833–1933*. BNBM, 1930.
Bergh, J. S.: Die Berlynse Sendinggenootskap in Pretoria en Omgewing, 1866–1881 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UNISA, 1973).
Beyer, M.: *Geschichte der Missionstation Medingen*. Berlyn, 1913.
Bisschoff, P. H.: Die rol van die Middelburgse en die Lydenburgse Vrywilligerkorpse in die oorlog teen Sekukuni (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.P., 1954).
Briggs, D. R. en Wing, J.: *The Harvest and The Hope*. The Story of Congregationalism in Southern Africa. Johannesbrug, 1970.
Burrows, E. H.: *A History of Medicine in South Africa*. Kaapstad (ens.), 1958.
Büttner, F.: *Medingen in Nordtransvaal eine Stadt auf dem Berge*. Berlyn, 1924.
De Kock, W. J.: (hoofred.): *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, Deel I*. Kaapstad, 1968.
Du Plessis, J.: *A History of Christian Missions in South Africa*. Londen (ens.), 1911. (Faksimilee-herdruk deur C. Struik, Kaapstad, 1965.)
Du Toit, A. E.: *The Cape Frontier – A Study of Native Policy with Special Reference to the Years 1847–1866*. Elsiesrivier, 1954 (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1954 Deel I).
Du Toit, H. D. A.: *Die kerstening van die Bantoe*, Pretoria, 1967.
Engelbrecht, S. P.: *Thomas François Burgers – 'n Lewenskets*. Pretoria, 1933.
Gareis, R.: *Geschichte der evangelischen Heidenmission mit besonderer Berücksichtigung der deutschen*. Konstanz (ens.), 1901, 2de bygew. uitg.
Gerdener, G. B. A.: *Bouers van Weleer – Lewensketse van enkele groot figure uit die geskiedenis van die N.G. Kerk in Suid-Afrika*. Kaapstad (ens.), 1951.
Gerdener, G. B. A.: *Die Afrikaner en die Sending*. Kaapstad (ens.), 1959.
Gerdener, G. B. A.: *Ons Kerk in die Transgariep – Geskiedenis van die Ned. Geref. Kerke in Natal, Vrystaat en Transvaal*. Kaapstad, 1934.
Gerdener, G. B. A.: *Recent Developments in the South African Mission Field*. Kaapstad (ens.), 1958.
Grimsehl, H. W.: *Onluste in Modjadjiland, 1890–1894*. Elsiesrivier 1955 (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1955 Deel II).
Gründler, W.: *Geschichte der Bawenda-Mission in Nordtransvaal*. Berlyn, s.j.
Gründler, W.: *Hundert Jahre Berliner Mission*. Berlyn, 1924.
Gründler, W.: *Ein Sonntag in Medingen*. Berlyn, 1909.
Gurr, P.: *Daniel Heese: Ein Lebensbild aus der Mission in Makapaanspoort in Nordtransvaal – Nach den Tagebüchern des Missionars und privaten Mitteilungen*. Berlyn, 1906.
Heimbach, P.: *Neu-Georgenholtz im Wenda-Lande*. Berlyn, 1909.
Hinchliff, P.: *Die Kerk in Suid-Afrika*. Johannesburg (ens.), 1971.
Horne, A.: *The Fall of Paris: The Siege and the Commune, 1870–1871*. Londen, 1967.
Hunt, D. R.: *An Account of the Bapedi*. Bantu Studies, V, 1931.
Huyser, J. D.: Die naturellepolitiek van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1838–1877 (Ongepubliseerde D. Litt.-proefskrif, U.P., 1936).
Jordaan, J. T.: Die Ontwikkeling van die Sending van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Transvaal. (Ongepubliseerde D.D.-proefskrif, U.P., 1962.)
Kistner, W.: *The Anti-Slavery Agitation against the Transvaal Republic, 1852–1868*. Elsiesrivier, 1952 (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1952 Deel II).
Kratzenstein, E.: *Kurze Geschichte der Berliner Missionsgesellschaft in Süd- und Ostafrika*. Berlyn, 1893, 4de bygew. uitg.
Krige, E. J. en Krige, J. D.: *The Realm of a Rain-Queen – A Study of the Pattern of Lobedu Society*. Londen, 1956, 4de uitg.
Krüger, B. J.: Diskussies en Wetgewing rondom die Landelike Arbeidsvraagstuk in die Suid-Afrikaanse Republiek met besondere verwysing na die Plakkerwette, 1885–1899 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UNISA, 1965).
Kruger, L. S.: Die Makgoba (Magoeba)-Oorlog, 1894–1895 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.P., 1955).
Malan, D. M.: *The Chair of the Ramabulanas*. C.N.A., 1953.
Maree, W. L.: *Lig in Soutpansberg – Die Sendingwerk van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Transvaal, 1863–1963*. Johannesburg, 1962.
Maree, W. L.: *Uit Duisternis Geroep – Die Sendingwerk van die Ned. Geref. Kerk onder die Bakgatlavolk van Wes-Transvaal en Betsjoeanaland*. Johannesburg, 1966.
Merensky, A.: *Missions-Atlas über die Arbeitsgebiete der Berliner evangelischen Missionsgesellschaft*. Berlyn, 1900.
Mönnig, H. O.: *The Pedi*. Pretoria, 1967.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Mouton, J. A.: *Genl. Piet Joubert in die Transvaalse Geskiedenis*. Elsiesrivier, 1957 (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1957 Deel I).
Neill, S.: *A History of Christian Missions*. Penguin Books, 1964.
Oberholster, A. G.: Die Sendingaktiwiteite van die Ned. Geref. Kerk in die Oranje-Vrystaat tot 1910 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1970).
Peacock, R.: Die Geskiedenis van Pretoria, 1855–1902 (Ongepubliseerde D. Phil.-proefskrif, U.P., 1955).
Petrich, H.: *Alexander Merensky: ein Lebensbild aus der deutschen evangelischen Mission des letzten Jahrhunderts*. Berlyn, 1919.
Petrich, H.: *Hermann Theodor Wangemann, Sein Leben und Wirken*. Berlyn, 1895.
Richter, J. (red.): *Das Buch der deutschen Weltmission*. Gotha, 1935.
Richter, J.: *Geschichte der Berliner Missionsgesellschaft, 1824–1924*. Berlyn, 1924.
Sales, J. M.: *The Planting of the Churches in South Africa*. Michigan, 1971.
Sauberzweig-Schmidt, G.: *Die Festwoche zu Waterberg-Modimulle*. Berlyn, 1892.
Sauberzweig-Schmidt, G.: *Georgenholtz im Lande der Bawenda*. Berlyn, s.j.
Sauberzweig-Schmidt, G.: *Ha Schewasse, Eine Hütte Gottes unter den Bawenda*. Berlyn, s.j.
Sauberzweig-Schmidt, G.: *Medingen, eine Missionstation im lande der Heidenkönigin Motyatye*. Berlyn, s.j.
Schapera, I. (red.): *The Bantu-Speaking Tribes of South Africa*. Kaapstad, 1959.
Scholtz, G. D.: *Die Geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, 1842–1885*. Kaapstad (ens.), 1856.
Scholtz, G. D.: *Die Geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, 1885–1910*. Kaapstad (ens.), s.j.
Shepherd, R. H. W.: *Lovedale, South Africa, 1824–1955*. Lovedale, 1971.
Smith, K. W.: *The Campaigns against the Bapedi of Sekhukhune, 1877–1879*. Elsiesrivier, 1967 (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1967 Deel II).
Spies, F. J. du T.: *Hamelberg en die Oranje-Vrystaat*. Amsterdam, 1941.
Stals, W. A.: Die Kwessie van Naturelle-Eiendomsreg op Grond in Transvaal, 1838–1884 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.P., 1970).
Strassberger, E.: *The Rhenish Mission Society in South Africa, 1830–1950*. Kaapstad, C. Struik, 1969.
Sundkler, G. B. M.: *Bantu Prophets in South Africa*. Londen (ens.), 1948, 2de uitgawe 1961.
Uys, C. J.: *In the Era of Shepstone: Being a Study of British Expansion in South Africa, 1842–1877*. Lovedale, 1933.
Van Coller, H. P.: Mampoer in die Stryd om die Bapedi-troon [Die Mapoch-oorlog, 1882–1883] (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.P., 1941).
Van Heerde, G. L.: *Die Dag van Kleine Dinge – Beginjare van die Buitelandse sending van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika*. Kaapstad (ens.), 1955.
Van Jaarsveld, F. A.: *Die Eenheidstrewe van die Republikeinse Afrikaners, Deel I, Pioniershartstogte (1836–1864)*. Johannesburg, 1951.
Van Rooyen, T. S.: *Die Sendeling Alexander Merensky in die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1859–1882*. Elsiesrivier, 1954 (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1954 Deel II).
Van Rooyen, T. S.: *Die Verhoudinge tussen die Boere, Engelse en Naturelle in die Geskiedenis van die Oos-Transvaal tot 1882*. Elsiesrivier, 1951 (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1951 Deel I).
Van Zyl, H. J.: *Die Bakgatla van Mosêtlha*, Johannesburg, 1959.
Wangemann, H. T.: *Die evangelische Missionsarbeit in Süd-Afrika*. Berlyn, 1872.
Wangemann, H. T.: *Khaschane-Mamathepa. Ein Lebensbild aus Nord-Transvaal, Südafrika*. Berlyn, s.j.
Weidemann, N. C.: Die Malaboch-oorlog (1894) (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.P., 1944).

II LETTERKUNDIGE BRONNE

Becken, H. J. (red.): *Our Approach to the Independent Church Movement in South Africa*. Mapumulo, 1966.
Direktor Dr. Wangemann, *Ein Lebensbild: dargeboten in dankbarer Erinnerung von seinem ältesten Sohne*. Berlyn, 1899.
Gensichen, M.: *Bilder von unserem Missionsfelde in Süd- und Deutch-Ost-Afrika*. Berlyn, 1902.
Hoffmann, C.: *Mphome, sie das Heer, der Nebel flieht*, Berlyn, s.j.
Hofmeyr, S.: *Twintig Jaren in Zoutpansberg*. Kaapstad, 1890.
Merensky, A.: *Erinnerungen aus dem Missionsleben in Süd-Ost-Afrika (Transvaal), 1859–1882*. Bielefeld (ens.), 1888.
Munnik, G. G.: *Kronieke van Noordelike Transvaal. Die Herinneringe van Senator G. G. Munnik*. Pretoria, s.j.
Rae, C.: *Malaboch or Notes from my diary on the Boer campaign of 1894 against the chief Malaboch of Blaauwberg, district Zoutpansberg, South African Republic*. Kaapstad (ens.), 1898.
Reuter, F.: *Die Posaunen von Medingen*. Berlyn, s.j.
Reuter, F.: *Gewidmet zum Geburtstag meiner lieben Frau Elizabeth Reuter geborene Heese zur Erinnerung an die köstliche Zeit der gemeinsamen Arbeit so vieler Jahre im Dienste der Mission des Herrn Jesu, Medingen, Transvaal*. Berlyn, 1917.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Reuter, F.: *Leben und Treiben auf einem Häuptlingkraal in Nord-Transvaal.* Berlyn, s.j.
Reuter, F.: *Paulus Ndumbane, Wie aus einem Saulus ein Paulus wird.* Berlyn, s.j.
Reuter, F.: *Rundbriefe aus Medingen.* Berlyn, 1917.
Schiel, A.: *23 Jahre Sturm und Sonnenschein in Südafrika.* Leipzig, 1902.
Trümpelmann, G. P. J.: *Maléo en Sekoekoeni.* Kaapstad, 1957.
Wangemann, H. T.: *Ein Reise-Jahr in Südafrika. Ausführliches Tagebuch über eine in den Jahren 1866 und 1867 ausgeführte Inspectionsreise durch die Missions-Stationen der Berliner Missionsgesellschaft.* Berlyn, 1868.
Wangemann, H. T.: *Ein zweites Reisejahr in Süd-Afrika.* Berlyn, 1886.
Wangemann, H. T.: *Lebensbilder aus Südafrika.* Berlyn, 1876. (Faksimilee-herdruk deur Staatsbiblioteek, Pretoria, 1969.)
Wangemann, H. T.: *Motive und Erläuterungen zu der Missions-Ordnung der Berliner Gesellschaft zur Beförderung der evangelischen Missionen unter den Heiden.* Berlyn, 1882.
Wilde, M.: *Schwarz und Weiss in Südafrika: Bilder von einer Reise durch das Arbeitsgebiet der Beliner Mission in Südafrika.* Berlyn, 1913.

III PERIODIEKE PUBLIKASIES

Berliner Missionsberichte, 1860–1903, 1913–1914, 1925 en 1968.
Historia, No. 2, Junie, 1969.
Hoofstad, 11.2.1970.
Die Huisgenoot, 13.6.1930.
Die Kerkbode, 26.3.1924.
De Oude Emigrant, 3.4.1860.
Pretoriana, No. 3, April 1954 en No. 46, Desember 1964.
De Volksstem, 7.3.1877.
De Volksstem, 18.12.1877.
De Volksstem, 14.6.1882.

IV REGERINGSPUBLIKASIES

Department of Native Affairs: *Ethnological Publications No. 18, The Ndebele of J. Kekana.* Pretoria, 1944.
Imperiale Blouboeke:
C. 1748 Correspondence Respecting the War between the Transvaal Republic and Neighbouring Native Tribes. Londen, 1877.
C. 1776 Further Correspondence Respecting the War between the Transvaal Republic and Neighbouring Native Tribes. Londen, 1877.
C. 2374 Further Correspondence Respecting the Affairs of South Africa. Londen, 1879.
Native Affairs Department: *Short History of the Native Tribes of the Transvaal.* Pretoria, 1905.
Staats Courant der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1858–1877, 1881–1900.
Transvaalse Gouvernements Courant, 1877–1881.
War Office: *The Native Tribes of the Transvaal.* Londen, 1905.
Z.A.R. Dele 25–33: *De Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849–1899.*
Z.A.R. 117 Groenboek: *Jaarverslae van die Superintendent van Naturellesake, 1894–1898* (Faksimilee-herdruk No. 14. Staatsbiblioteek, Pretoria, 1969).

V. HISTORIESE MANUSKRIPTE

Hahn, J.: Gedenkschrift zur 100 Wiederkehr des Geburtstages unseres hochverdienten Missionsinspektors Gabriel Sauberzweig-Schmidt am 19. Juli 1959. Edendale-Argief.
Kadach, C.: Lobethaler Berichte, 1898–1903. UNISA-biblioteek.
Krause, W.: Ein Aussergewöhnlicher Besuch bei der Konigin Modjadji. UNISA-biblioteek.
Krause, W.: Herinneringe uit die Lewens van eerwaarde F. Reuter en eerwaarde W. Krause, die Grondleggers van die Sendingwerk van die Lutherse Berlynse Sendinggenootskap in die land van Koningin Modjadji. Besit van skrywer.
Kuschke, G.: Seventy Years of Pioneer Mission Work in the Low-Coutnry, 1881–1951. Besit van skrywer.
Müller, H.: Die Ausnutzung unseres Grundbesitzes in Südtransvaal. Bothšabêlo-Argief.
Nachtigal, A.: Nachrichten über die Familie Nachtigal. UNISA-biblioteek.
Nachtigal, A.: Tagebuch, II Dele. UNISA-biblioteek.
Posselt, Otto: Tagebuch. UNISA-biblioteek.
Reuter, F.: Tagebücher, 1894–1908. Pietersburgmuseum.
Trümpelmann, J.: Tagebuch während der Kriegszeit. Bothšabêlo-Argief.
Uys, C. J. (samesteller): Shepstone Papers. UNISA-biblioteek.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

VI ARGIVALE BRONNE

A. Gepubliseerde Bronne

Breytenbach, J. H.: *Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek* (Volledig met alle Bylae daarby), Deel III–VI, 1854–1867 (Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal, No. 3–6). Staatsdrukker, Pretoria, (voorwoorde 1951–1953 en 1956).

Gerdener, G. B. A.: *Boustowwe vir die Geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Transgariep*. Kaapstad, 1930.

Pretorius, H. S. en Kruger, D. W.: *Voortrekker-Argiefstukke, 1829–1849*. Staatsdrukker, Pretoria, 1937.

B. Ongepubliseerde Bronne

1. Transvaalse Staatsargiefbewaarplek, Pretoria

(*a*) Argief van die Staatsekretaris (S.S.).
S.S. 14 – S.S. 8000 Inkomende Stukke, 1860–1900.
S.S. 8611 – S.S. 8742 Brieweboeke, 1860–1900.

(*b*) Argief van die Sekretaris van die Eerste Volksraad (E.V.R.)
V.R.R. 105A – V.R.R. 212 Inkomende Stukke, 1867–1900.
V.R. 235 – V.R. 257 Uitgaande Stukke, 1850–1900.

(*c*) Argief van die Sekretaris van die Uitvoerende Raad (U.R.).
U.R. 1 – U.R. 17 Besluite van die Uitvoerende Raad, 1858–1899.
U.R. 18 – U.R. 47 Kladbesluite, 1860–1899.

(*d*) Argief van die Superintendent van Naturelle van die Suid-Afrikaanse Republiek (S.N.).
N. 1 – N. 6 Inkomende Stukke van Interim Regering, 1877–1881.
S.N. 7 – S.N. 74 Inkomende Stukke, 1881–1900.
S.N. 102 – S.N. 113 Brieweboeke, 1878–1901.
S.N. 177 – S.N. 180 Lokasie Kommissie, 1881–1897.

(*e*) Argief van die Republiek van Lydenburg (L.)
L.22 Ooreenkoms tussen die Republiek Lydenburg en die Suid-Afrikaanse Republiek.

(*f*) Argief van die Landdros van Lydenburg (L.L.)
L.L. 1 – L.L. 5 Inkomende Stukke, 1850–1899.

(*g*) Argief van die Landdros van Middelburg (L.M.)
L.M. 1 – L.M. 17 Inkomende Stukke, 1871–1900.
L.M. 18 – L.M. 59 Uitgaande Stukke, 1872–1900.

(*h*) Argief van die Landdros van Pretoria (L.P.).
L.P. 1 – L.P. 20 Inkomende Stukke 1857–1900.
L.P. 30 – L.P. 71 Uitgaande Stukke, 1857–1900.

(*i*) Argief van die Landdros van Zoutpansberg (L.Z.)
L.Z. 1 Inkomende Stukke, 1864–1900.
L.Z. 1 Uitgaande Stukke, 1887–1901.

(*j*) Argief van die Secretary of Native Affairs (S.N.A.)
S.N.A. 41 Algemene Korrespondensie, Februarie 1904.

(*k*) Argief van die Sekretaris van die Wetgewende Vergadering van die Transvaal Kolonie (L.A.)
L.A. 13, VI, 1908 Transvaal. Original annexures to the Votes and Proceedings of the Legislative Assembly, No. 198.

(*l*) Versamelings en Aanwinste
(i) E. H. D. Arndt-versameling (A. 491)
A. 491/1 Lewenskets van eerw. H. Grützner.
(ii) S. P. Engelbrecht-versameling (A. 371)
A. 371, III – A 371, IV Korrespondensie o.a. A. Merensky – T. F. Burgers.
(iii) L. E. Giesekke-versameling (A. 1278)
A. 1278, 1 – A. 1278, 28 Stukke na 1920 met betrekking tot die sendingstasies Tšhakoma, Ha Schewasse en Georgenholtz.
(iv) Joubert-versameling (A14)
A14, 1 – A14, 9 Korrespondensie o.a. tussen P. J. Joubert en Berlynse Sendelinge.
(v) M. S. D. Stahl-versameling (W. 87)
W. 87, 2 Regulasies van Skoolplaas.
(vi) C. Sonntag-versameling (A1281)
A1281 Dagboek van eerw. C. Sonntag.
(vii) Wypkema-versameling
W. 10 Briefwisseling tussen P. J. Joubert en F. Reuter.
W. 221 Duitse Evangeliese Kerk, Pretoria.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2. Argief van die Berlynse Sendinggenootskap, Oos-Berlyn, Oos-Duitsland (B.M.A.)

Personalakten: Carl Beuster, Otto Kahl, Carl Knothe, Heinrich Koboldt, Oswald Krause, Carl Nauhaus, Georg Parisius, Theodor Regler, Otto Sachse, Gustav Trümpelmann, Paul Schwellnus en Reinhold Wessmann.
Stationsakten: Wallmannsthal, Tšhakoma, Medingen, Georgenholtz en Ha Schewasse.

3. Bothšabêlo-Argief van die Sinodale Streek Suid-Transvaal van die Berlynse Sendinggenootskap (B.A.)

Amptelik bestaan hierdie argief nie meer nie en gevolglik is daar gepoog om dit wat nog van die argief bestaan sistematies byeen te bring. Die stukke wat gebruik is, kan verdeel word in die volgende:

(i) Kronieke van Sendingstasies.
(ii) Korrespondensie, *circa* 1861–1945.
(iii) Sirkulêres van die Komitee in Berlyn aan die Sendelinge.
(iv) Transportaktes.
(v) sendingstasie-inventarisse.
(vi) Doopregisters (Slegs Bothšabêlo).
(vii) Sinodale Besluite van die Suid-Transvaalse Sinode 1895–1918.

4. Edendale-Argief van die Berlynse Sendinggenootskap (E.A.)

Eweneens is Edendale geen amptelike argief nie en is slegs die bergplek van diverse stukke met betrekking tot die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal. Die indeling met die uitsondering van (vii) is dieselfde as Bothšabêlo.

VII ONDERHOUDE

Inligting is verkry van die volgende persone:

1. Dr. Johannes Althausen, hoof van die argief van die Berlynse Sendinggenootskap in Oos-Berlyn.
2. Mej. M. Krause van Pretoria, dogter van eerw. O. Krause.
3. Mev. W. Krause van Duiwelskloof, dogter van eerw. F. Reuter.
4. Biskop D. W. Giesekke van Pretoria, voorheen eerw. Giesekke van Tšhakoma.
5. Eerw. M. Sihlangu van Arkona.
6. Anna Mavusha van Alt-Georgenholtz.
7. Mev. Ilse von Dassel van Troisdorf, Wes-Duitsland, dogter van direkteur Wangemann.
8. Pastoor E. Wejwer van Pretoria.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

REGISTER

Adams, P. M.: 160.
Adamshoop (sendingstasie): 68.
Albasini, A. A.: 129, 130.
Albasini, J.: 54.
Allison, J.: 25, 27, 28, 118.
Anglikaanse Kerk: 96, 98, 152, 157, 158, 159, 163.
Anglo-Boereoorlog *kyk* Tweede Vryheidsoorlog.
Anhalt-Schmidt (sendingstasie): 56.
Anneksasie van Transvaal: 58, 62, 70, 105, 135–138, 142.
Amalienstein (sendingstasie): 4, 25, 113.
Apie, J. (evangelis): 96, 159.
Apiesrivier: 94.
Arkona (sendingstasie): 57, 58, 66, 74, 80, 81, 89, 90–92.
Avontuur: 76, 77.

Barberton: 87.
Backeberg, Hans: 117, 160.
Backeberg, Hendrik: 117, 160.
Bad Wilsnack (Duitsland): 5.
Bakenkommissie: 76.
Bakgatla baga Motsha: 46, 64, 94, 101.
Bakhudu: 94.
Bakoni: 42.
Bakopa: 4, 28, 29, 31, 32, 40, 41, 48, 60, 84, 85, 162.
Balobedustam: 106–108, 127–129, 130–132, 162.
Bantoes: 10, 12, 14, 25, 27, 30, 43, 49, 50, 54, 68, 74, 82, 84, 86, 93, 97, 136, 138, 140, 141, 142–149, 153–157, 160; evangeliste: 22, 23, 59, 85, 157, 163; kerstening van: 145–150; onderwysers: 23, 59, 60, 63, 85; opperhoofde: 14, 15, 45, 49–51, 146; stamme: 25–26.
Bapedi: 28, 32–36, 40, 41, 45, 48, 74–79, 82, 85, 86–89, 92, 136, 162.
Bapedi-afskeiding: 73–86, 90, 91, 99.
Bapedi-Lutherse Kerk: 73–79, 80–100, 104, 114, 115, 152, 159, 162.
Baptiste Kerk: 160.
Bapo: 43–47.
Barmen (Duitsland): 3.
Bauling, eerw. C. G.: 69, 86, 87, 91, 143, 159, 160.
Baumbach, eerw. M.: 68, 69, 117.
Baumhöfner, eerw. D.: 57, 123–124.
Ba Venda: 21, 28, 54–56, 123–126, 148, 155, 162–163.
Begemann, ds. A. J.: 152.
Behrens, eerw. W.: 46, 151, 154.
Bekane (buitepos): 99, 100.
Berlyn: 1, 3, 6, 32, 48, 60, 84–86, 131–132, 144; universiteit van: 5, 71.
Berthoud, eerw. P.: 156–157.
Bestuur en organisasie van BSG: 6, 7, 48, 59; direkte beheer: 16; konferensiestreke: 16, 18; konferensievoorsitter (*praesis*): 16–18; konferensies: 16, 17, 36, 40, 44; sinode: 19, 20, 21; sinodale streke: 21, 22; sinodesittings: 57; sinode op Modimulle (1885): 22, 24, 75, 112; sinode op Bothšabêlo (1895): 24, 72, 73, 86, 163.
Bethanie (sendingstasie): 3, 7, 17, 78.
Bethesda (sendingstasie): 120, 121, 155.
Beuster, eerw. C.: 54–57, 109, 123–126, 147–150, 155, 162.
Beyer, eerw. E. B.: 19, 43, 49, 65–68, 110, 111, 138, 148, 156, 162.
Blauberg (sendingstasie): 49, 54, 67, 68, 111, 115, 117–119, 126, 155, 158, 160.
Blencowe, eerw. G.: 52, 158.
Blouberg: 49, 50, 68.
Blyderiviervallei: 87.
Bodibe, E. (evangelis): 90.
Boere: 9, 26, 27, 31, 34, 44, 55, 57, 66, 70, 85 87, 100, 113, 115, 121, 127, 129, 131, 133, 134–145, 157, 162.
Booizendal (buitepos): 87.
Boshof, W.: 62.
Boshoek (buitepos): 96.
Bosman, ds. H. S.: 154.
Bothšabêlo (sendingstasie): 18, 24, 33, 40–50, 57–78, 83–90, 97, 105, 106, 110, 135–146, 162, 163; regulasies van: 41, 60; sinodale hoofkwartier: 59.
Botlokoa (buitepos): 106.
Bousfield, biskop H. B.: 98.
Buiteposte: 23, 51.
Brandenburg (Duitsland): 68.
Broedergemeente: 1, 72.
Bührmann, H. T.: 11, 45.
Burgers, pres. T. F.: 53, 61–63, 134–136, 146, 157.
Buys, M.: 46, 155.

Cammin (Duitsland): 5.
Carnarvon, lord: 136.
Champ d'Or Nime (buitepos): 97.
Christianenburg (sendingstasie): 26.
Coetzer, P. T.: 11.
Creux, eerw. E.: 156, 157.

Dahl, O.: 105, 115.
Daneel, ds. J. W.: 156.
De Beer, J.: 31, 36.
Demmin (Duitsland): 5.
Derben (buitepos): 118, 119.
Dikgale: 105, 106.
Dinkwanyane, J.: 37, 40, 41, 60, 61, 63, 74, 75, 80, 88, 89, 146.
Döhne, eerw. J. L.: 6.
Dranse (Duitsland): 114.
Drukpers: 60.
Duitse konsul: 85.
Durban: 26.
Düring, eerw. H.: 53, 54, 92, 94, 95.

Edendale (buitepos): 62, 98, 99, 100.
Eerste Vryheidsoorlog: 86, 92, 128, 138, 140.
Eiselen, eerw. G.: 78, 81, 85, 90, 149, 164.
Eiselen, W. W. M.: 164.
Elim (sendinghospitaal): 113, 157.
Emdiseni (sendingstasie): 72.
Endemann, eerw. C.: 32–40, 43, 67, 111, 150.
Engelse: 35, 58, 62, 73, 74, 83, 85, 87, 95, 100, 104, 112–115, 117, 123, 125–129, 135–139, 144.
Engelse Tussenbewind: 74, 105, 121, 123, 135, 138, 142, 146, 148–149.
Erasmus, A.: 77–81, 143.
Ermelo: 73.
Ethiopiese beweging: 74, 160.
Etembeni (sendingstasie): 72, 110.
Evangeliese Lutherse Kerk: 6, 7, 22, 24, 51, 108, 118, 152; vir Duitssprekendes in S.A.: 97, 99.
Evangeliese Verbond: 11.

Fort Weeber: 57.
Fort Wilhelm: 40, 137.
Frankfurt/Oder (Duitsland): 3.
Frans-Pruisiese Oorlog: 127.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Franse sendelinge *kyk ook* Paryse Sendinggenootskap: 25.
Franz, eerw. R.: 110, 111, 120, 126.
Fraser, W.: 76, 77, 89.
Frischgewaagd *kyk ook* Pretoria sendingstasie: 98, 100.

Gatsrand (buitepos): 96.
Gensichen, M.: 8, 71, 132, 144.
Georgenholtz (sendingstasie): 21, 54–57, 110, 111, 123–125, 163.
Gereformeerde Kerk: 159.
Gerlachshoop (sendingstasie): 4, 28–32, 40, 41, 48, 84, 85, 162.
Gernecke, eerw. C.: 124, 125.
Gertrudsburg (sendingstasie): 111, 124, 125.
Giesekke, eerw. L.: 126.
Goedgedacht (sendingstasie): 120.
Godow (Duitsland): 61.
Gonin, ds. H.: 140, 156.
Görlitz (Duitsland): 105.
Gossner, J.: 4.
Gottschling eerw. E.: 111, 125.
Grobler, J. H.: 11, 13, 14.
Grünberger, eerw. F. C. A.: 53, 61, 62, 93, 98, 99, 133, 134, 138, 139, 143, 154, 163.
Grünberger, dr. F.: 164.
Grünberger, Isaac en Eva: 61.
Gründler, W.: 55.
Grützner, eerw. H.: 4, 10–20, 26–32, 38, 40–43, 48, 54, 67, 80, 134, 146, 152, 155, 162.
Guben (Duitsland): 124.

Halle (Duitsland): 3, 46, 64; universiteit van: 5.
Halliese: 1.
Hartebeestfontein (buitepos): 122.
Ha Schewasse (sendingstasie): 54, 55, 109, 123–125, 147, 162.
Heese, eerw. D. (snr.): 113.
Heese, eerw. D. (jnr.): 108, 113, 156, 160; moord op: 113–114.
Heidelberg (sendingstasie): 52–54, 73, 92–94.
Heidelberg: 92, 94.
Heidelbergdistrik: 94.
Helm, ds. S.: 109, 122, 155.
Herbst, eerw. A.: 111, 112, 117, 119, 120, 126, 127, 160.
Hermannsburgse Sendinggenootskap: 10, 23, 46, 97, 98, 139, 140, 141, 151, 162.
Herrnhütter: 1.
Hocho: 26.
Hoffmann, eerw. C.: 90–92.
Hofmeyr: eerw. A.: 53.
Hofmeyr, eerw. S.: 60, 68, 120–122, 152, 155, 157.
Holtz, G.: 56, 94.
Holtzhausen, veldknt. J. C.: 29, 30.
Houtbosberge, 105, 126, 138.
Huet, ds. P. D. M.: 52, 53.
Hulpverenigings van BSG: 1, 6.
Hutbelasting: 63.
Huwelikswet vir Bantoes: 149, 163.

Ibis: 35.
Inboekstelsel: 13.

Jameson, dr. L. S.: 97.
Jänicke, J.: 1.
Jensen, eerw. R.: 112, 121, 122, 129.
Johannesburg: 72, 73, 158.
Johannesburg (sendingstasie): 73, 95–98.
Jonas, eerw. H.: 122, 123.
Joubert, kmdt.-genl. P. J.: 81, 82, 112, 139, 144.
Jukskei (buitepos): 98.

Kaalfontein (buitepos): 100.
Kaapkolonie: 4, 9, 25, 28, 29, 56, 107, 113, 158.
Kaapstad: 26, 125.
Kabu: 37.
Kabu (buitepos): 89, 91.
Kadach, eerw. C.: 74–77, 89, 91, 92.
Kahl, eerw. O.: 56, 83, 101–104, 147, 159.
Kalkbank (buitepos): 122.
Kalkberg (buitepos): 99, 100.
Kalkbult (buitepos): 122.
Kalksloot (buitepos): 100.
Kallenberg, eerw. H.: 62, 99.
Kanton Vaud (Switserland): 156.
Kapoena: 26, 27.
Kchalatlolu (sendingstasie): 31–41, 45, 48, 59, 70, 74–83, 89, 90 91, 105, 152.
Kekana, baga: 45.
Kekana, J.: 45, 61, 63, 100, 146.
Kekana, K.: 100.
Kgogoentso, J.: 63.
Kgolokoe: 75–83, 88–92, 146.
Khopeng (buitepos): 117.
Kiwi: 119.
Klatt, eerw. O.: 125.
Klerksdorp: 96.
Kleurlinge: 25, 86.
Knak, G.: 48.
Knopneuse: 87.
Knothe, eerw. C.: 4, 20, 23, 35, 38–39, 43–45, 59, 61–63, 99, 100, 105–111, 116, 120, 126–129, 143, 150, 155–159, 162.
Koata, S. (evangelis): 115, 116.
Koen, eerw. N. T.: 56, 57, 123, 157.
Koboldt, eerw. H. A.: 35–39, 47, 50, 65, 111, 145.
Köhler, eerw. B.: 53, 68, 96, 155, 159.
Komitee van die BSG: 2–4, 16–19, 21–24, 32, 42, 45, 48–51, 59, 60, 61, 65, 66, 70, 79, 80, 81, 87, 89, 93, 94, 99, 105, 106, 109, 111, 115, 120, 125, 131, 137, 141–143, 162, 163.
Kommissieverslag oor sendingstasies: 139–142.
Koninklike Pruisiese Konsistorium: 2, 152.
Koranas: 2, 25.
Kranskop: 46, 47.
Kratzenstein, E.: 6, 53, 126.
Kratzenstein (sendingstasie): 126, 127, 132.
Krause, eerw. O.: 24, 108–113, 122, 126, 147, 162.
Kreuzburg (sendingstasie) *kyk ook* Makotopong: 111.
Kriel, ds. J. G.: 153.
Kruger, pres. S. J. P.: 96, 112, 113, 121, 141, 142.
Krugersdorp: 73.
Krugersdorp (buitepos): 98.
Krugerspost (buitepos): 86, 87.
Kühl, eerw. R. T. F.: 66, 67, 100, 114, 146, 155.
Kuschke, eerw. H.: 72, 92, 93, 97, 98, 158, 164.
Kuschke, S.: 164.
Kutumo, P. (evangelis): 87.

Lanyon, Owen: 138.
La Suisse Romande Sending *kyk* Switserse Sendinggenootskap.
Leballo, E.: 82.
Lekurêng (buitepos): 114.
Lequapa, A.: 119.
Lesega, W.: 93.
Lesoane (buitepos): 106, 110, 126.
Leyds, dr. W. J.: 144.
Leeubank (buitepos): 93.
Leeuwkraal: 63, 100, 139.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Legolwane: 57, 58, 61, 88.
Lekale: 43, 66.
Lesotho: 156.
Leue, prof. J. A. E.: 164.
Leutlane, T.: 85.
Liebenwalde (Duitsland): 54, 125.
Liegnitz (Duitsland): 48.
Limpoporivier: 109, 124, 158.
Lion-Cachet, ds. F.: 153, 154.
Litonga: 153.
Livingstone, D.: 25.
Lobethal (Marishane) sendingstasie: 72–80, 90–92, 162.
Londen: 60.
Londense Sendinggenootskap: 1, 10, 145, 160.
Losberg (buitepos): 96.
Lot (Loto), evangelis: 75, 91, 159.
Lottering, G.: 46, 65.
Louis Trichardt: 111, 113.
Lowe, eerw. M.: 109, 118, 158.
Löwenbruch (Duitsland): 127.
Ludorf, eerw. J.: 52.
Lutherane, rasionale en belydende: 3, 5; Lutherse geloof: 97, 150, 154.
Lutkomanscheit (Litaue): 55.
Lydenburg, Republiek van: 10, 11, 16, 25, 26, 32; Lydenburg (sendingstasie): 45, 47, 50, 57, 67, 69, 74, 83, 86, 87, 91, 143, 153, 159, 162; Lydenburg (dorp): 28, 45, 61, 86, 160; Lydenburgdistrik: 87, 135.

Maatregelen van voorzorg tegen bedrog en misleiding by de uitbreiding van het Evangelie onder de Heidenen: 14, 15, 44, 133–135.
Mabhogo: 30–32, 40, 87, 88.
Mabuse, J. (evangelis): 87.
MacKidd, eerw. A.: 46, 155.
Mac-Mac: 87.
Madingoane, J.: 93, 114, 115.
Madzivhandila: 55, 111, 123.
Magoeba: 126.
Mahlare, L.: 90.
Makabêng (sendingstasie): 50, 67–69, 99, 115–120, 148.
Makapaanspoort (sendingstasie): 43–46, 65–67, 108, 111–114, 117, 133, 156, 160, 162.
Makapansgat (buitepos): 156.
Makgoba, P.: 65.
Makhabo: 54, 111, 123, 125.
Makhane: 124.
Makoarela: 56, 57, 111, 124.
Makotopong (sendingstasie): 110, 111.
Malaboch (Matscheokoane): 49, 68, 112, 119, 120, 148, 155, 160, 162.
Malabochoorlog: 117, 119, 122, 160, 162.
Malakong (sendingstasie): 43, 53, 67, 108, 115–117, 120, 160.
Maleo: 29, 30, 31, 44, 162.
Malok: 32.
Mamabola: 105, 106, 127.
Mamakobe (buitepos): 132.
Mamaila (buitepos): 132.
Mamathepa, Khashane: 107, 108, 128–132, 160, 163.
Mametsi: 32.
Mampuru: 35, 60, 78, 88, 121.
Mankoapane *kyk* Mapela.
Mankoapane, K.: 108, 113, 115, 146, 148.
Mankupane (buitepos): 90.
Manow (Duitsland): 94.
Mantladi, J.: 33.
Mampe, H. (evangelis): 73.
Mapena: 68, 118.
Mapela (Mankoapane): 40–44, 49, 65–67, 92.
Mapoch *kyk* Mabhogo.
Mapulanastam: 87.
Marishane: 74, 75, 89, 91.
Markert, eerw. M.: 85.
Mars, eerw. G.: 58, 66, 89, 90, 108, 140.
Mars-la-Tour, slag van: 127, 129.
Marumo, P.: 93.
Masadi, J.: 33.
Maseleng: 88.
Maserumule: 34, 38, 58, 90.
Mashupi: 37.
Masibi, H.: 67, 115–117.
Matlala: 42, 43, 65, 67, 114, 115, 121.
Matschie, A. (evangelis): 90.
Maubane, A.: 64, 101–104, 147.
Mavhusha, A.: 124.
Medingen (sendingstasie): 108, 126, 127, 130–132, 160, 162.
Metz (Frankryk): 127.
Merensky, Albert: 48.
Merensky, eerw. A.: 4, 10–29, 31–46, 48–78, 84, 89, 91, 106–109, 132–148, 151, 157, 162–164.
Merensky, H.: 164.
Meyer, eerw. C.: 48.
Middelburg: 73, 85, 153.
Middelburgdistrik: 70, 135, 138–139.
Middelfontein: 65.
Missionsberichte: 6, 101, 137, 154, 157.
Modati, F.: 90.
Modderfontein (buitepos): 96.
Modiba, P. (evangelis): 132.
Modibe, S. (evangelis): 118, 119.
Modikischeng: 36, 38.
Modibane, D.: 52.
Modimulle (sendingstasie): 19, 21–24, 45–47, 50, 65, 75, 88, 102, 108–112, 138, 145, 162, 163.
Modipane: 43, 67, 68.
Modjadji: 107, 108, 127–131, 147, 148, 162.
Modjadji-oorlog: 131.
Modubêng: 107, 108, 128, 130, 131.
Moëpi: 63.
Moëpi, R. (Siwish): 104.
Mogobokoane, F. (evangelis): 99.
Mokone, M.: 160.
Moletlane (buitepos): 106.
Molepo: 107.
Moletsi (sendingstasie): 19, 110, 117–122.
Moletsistam: 114, 120–123, 155.
Moll, landdros C. P.: 133.
Moloi, A.: 35.
Molot, M. (evangelis): 121, 122, 155.
Moloto: 120–122.
Monjebodi: 68, 119.
Mönnig, eerw. A.: 48.
Mooiloop (buitepos): 73.
Motlane, S.: 80.
Morachi, J.: 53–54, 94.
Motsoeri, S. (evangelis): 120, 121.
Moreoanes: 89.
Moretêle (buitepos): 45, 61, 62.
Moschütz, eerw. W.: 35, 40, 42, 49, 52, 53, 66, 76, 96, 108, 133, 134.
Moshesh: 42.
Motalane (buitepos): 117.
Motsheni, J.: 54.
Motshoêre, P. (evangelis): 114.
Mpahlele: 105.
Mphafudi: 56.
Mphephu: 111, 125, 162.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Mp'hôme (sendingstasie): 24, 72, 86, 105, 106, 109–111, 126, 128, 130, 138, 162.
Müller, eerw. H.: 93.
Munye, T. (evangelis): 120.
Murray, ds. A.: 151.

Nachtigal, eerw. J. A.: 20, 32–39, 45, 50, 59, 61, 69, 70, 74, 76, 78, 89, 134, 135, 152–154.
Nain (buitepos): 82, 83, 104.
Nakampe, J.: 130.
Napondo, P.: 107.
Naturellekommissaris: 77, 80, 81, 142, 143.
Naturellelokasiekommissie: 75.
Nauhaus, eerw. C. T.: 24, 32, 48, 72–78, 83–85, 91, 96, 98, 100–103, 110, 142, 143, 149, 162, 163.
Nauhaus, F. W.: 72.
Ndebele: 117.
Neander, prof. A.: 1, 5, 6.
Ned. Ger. Kerk: 4, 12, 21–26, 46, 60, 68, 86, 109, 120–122, 139, 140, 151–158, 163.
Ned. Herv. Kerk: 9, 13, 21, 152.
Neethling, H. J.: 86.
Neitz, eerw. J.: 114, 122, 123.
Nel, kmdt. P.: 29, 30, 31.
Neu-Halle (Maripjane), sendingstasie: 19, 61, 64, 82, 83, 101–104, 139, 140, 147, 159.
Niabel: 88, 121.
Niederdorla (Duitsland): 47.
Nkoane, J. (evangelis): 101.
Nkopodi: 91.
Noord-Duitse Bond: 134.
Ntobong, J. (evangelis): 98.
Nylstroom: 44.

Ohrigstad: 26.
Olifantsrivier: 40.
Oos-Londen: 107.
Opvoeding, van Bantoes: 50, 51, 112.
Organisasie en bestuur van BSG *kyk ook* Bestuur en organisasie: 6, 7.

Paditsane, S. (apostel van Matabata): 158, 159.
Panten (Duitsland): 48.
Palmietfontein (buitepos): 93.
Parisius, eerw. G.: 114, 115.
Paryse Sendinggenootskap: 42, 120, 156.
Pasewalk (Duitsland): 120.
Passoane (buitepos): 90.
Patametsane (sendingstasie): 34–43, 57, 58, 74, 88, 89, 90.
Pedi-Engelse Oorlog: 58, 86, 90, 123, 138.
Pehmöller, eerw. F. H.: 17.
Pelgrimsrust: 87.
Pienaarsrivier: 45, 61.
Pietersburg (dorp): 42, 105, 110, 114, 120, 126, 127, 162; Pietersburg (sendingstasie): 110, 122, 162.
Plakkerwette: 24, 142–144, 163.
Phokanoka, J. (evangelis): 90.
Phuphutu, D. (evangelis): 93.
Pniel (sendingstasie): 62, 117.
Poke: 128, 129.
Pokwani: 61, 89, 91, 92.
Polkwitz (Duitsland): 110.
Posselt, eerw. O.: 57–59, 66, 75, 88, 89, 90.
Posselt, eerw. W.: 6, 26.
Potchefstroom (dorp): 42, 52, 53, 158; Potchefstroom (lokasie): 96; Potchefstroom (sendingstasie): 21, 53, 95, 96, 154, 159.
Potgieter, landdros C.: 11, 26, 40, 45, 153, 154.
Potgietersrus (Makapaanspoort): 42, 65, 108, 113, 156.

Pretoria (dorp): 44, 45, 61, 62, 71, 75, 81, 87, 88, 101, 104, 112, 123, 127, 133–139, 143, 154; Pretoria (sendingstasie): 44–47, 50, 61, 62, 93, 98, 99, 100, 105, 120, 133, 139, 140, 162.
Pretorius, H. P. N.: 139.
Pretorius, pres. M. W.: 9, 10, 14, 43–46, 133, 153.
Pretorius, veldk. T.: 101.
Prietsch, eerw. F.: 25, 56.
Prinsloo, S. J.: 139, 141.
Prozesky, eerw. A.: 4, 93.
Pudomo, J. (evangelis): 45, 57, 74.
Pududo, J.: 88.
Pusompe (buitepos): 117.

Quedlinburg (Duitsland): 3, 118.
Quedlinburg (buitepos): 118.

Ramapudu, J.: 31, 32, 40, 41, 84, 85, 146.
Ramasodi, H. (evangelis): 100.
Randfontein: 73.
Rathenow (Duitsland): 72.
Ratz (Duitsland): 66.
Rawitsch (Duitsland): 101.
Reëndankoffer: 102, 103; reënmaakfees: 128.
Regler, eerw. T.: 19, 65, 66, 110, 120, 121, 162.
Reuter, eerw. F.: 108, 127–132, 147, 148, 162.
Richter, eerw. C.: 114, 121.
Richter, J.: 15, 29, 53, 59.
Rietfontein (buitepos): 98.
Rietkloof: 84, 85.
Röhrsdorf (Duitsland): 67.
Roodepoort: 73; Roodepoort (buitepos): 111.
Rooms-Katolieke Kerk: 160.
Rügen (Duitsland): 58.
Rustenburgdistrik: 139.
Rynse Sendinggenootskap: 3.

Sachse, eerw. O.: 19, 34, 35, 38, 39, 46, 63–65, 101, 103, 133, 139, 141, 142, 147, 162.
Sack, eerw. C.: 99, 100, 119, 120, 127.
Sandfontein (buitepos): 111.
Sauberzweig-Schmidt, G.: 56.
Saul: 28.
Saul (opperhoof): 46, 63, 64, 94.
Saulspoort (sendingstasie): 140, 156.
Schiel, A.: 132.
Schilpadfontein: 64, 101, 103.
Schindler-weeshuis: 48.
Schloemann, eerw. H.: 73, 100, 108, 115–117.
Schoeman, G.: 28.
Schoeman, S.: 14.
Schoonoord: 76–78, 89.
Schubert, eerw. E. T.: 57, 67, 115, 121, 122, 148.
Schultheiss, eerw. C. F.: 18, 48.
Schwellnus, eerw. E.: 55, 109, 123, 124, 129, 150.
Schwellnus, dr. P. E.: 164.
Schwellnus, eerw. T.: 125–126.
Séboko, J.: 53–54, 94.
Sechele: 9, 10.
Sééle, J.: 42.
Sekhukhune: 32–41, 43, 48, 55–58, 60, 69, 74, 88, 92, 121, 123, 135–137, 148, 162.
Sekhukhune II: 83.
Sekhukhuneland: 36–38, 43, 45, 54, 57, 58, 66, 69, 74, 75, 79, 80–82, 88, 91–92, 99, 105, 123, 135, 138, 152, 159, 162.
Sekhukhune-oorlog: 57, 61, 69, 70, 74, 88, 135, 142, 162.
Sekoto, A.: 29.
Sekwati: 28, 29, 32–34, 37, 39, 151.
Selape: 63.
Selepe, T. (evangelis): 91.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sello, T. (Swart leraar): 22–24, 59, 63, 66, 106, 111, 126, 163.
Seminarie (Berlyn): 1–2; seminarie (Bothšabêlo): 24,59, 72, 85, 86, 106, 110; seminarie (Mp'hôme): 24, 72, 106, 110.
Sendinginspekteur: 3.
Sendingreglement: 2, 22.
Sepeke: 34, 91.
Serote, A. (evangelis): 71, 84–86.
Setlane, J. (evangelis): 116, 117.
Sewushane, M. (Swart leraar): 7, 23, 24, 33–35, 58, 73–81, 84, 85, 88, 89, 90–92, 159, 162–163.
Shepstone, sir Theophilus: 136–138.
Skoolfonds: 84.
Sonntag, eerw. C.: 114, 117–120, 158, 160, 162.
Soutpansbergdistrik: 21, 55, 105, 133, 152, 154, 157.
Spruyt, J. W.: 153.
Staatskoerant (ZAR): 10.
Stech, eerw. H. C.: 68, 118, 119.
Stendal (sendingstasie): 72.
Stettin (Duitsland): 5.
Steyn, H.: 28, 37.
Superintendentskapsreglement: 19, 20, 70, 101, 141, 142.
Superintendent van Naturelle: 76, 77, 81, 82, 103, 144, 147.
Swart, ds. N. J. R.: 159.
Swazi's: 10–11, 16, 25–27, 31, 34, 36, 48, 54, 126, 153.
Swaziland: 73.
Switserse Sendinggenootskap: 113, 156, 163.

Taurat, eerw. W.: 85.
Temboekerk: 74.
Tile, N.: 74.
Tisane: 90.
Thaba Mossegu (Bapedihoofstat): 34, 58, 74.
Thaba Mossegu (sendingstasie): 57, 58, 74, 78, 80–83, 88, 138, 162.
Thoke, J. (evangelis): 73.
Thutloane (sendingstasie): 43, 65–67, 115–117, 148.
Tlakale: 36, 38.
Tomasov (Pole): 105.
Toordokter: 30.
Transvaal *kyk* Zuid-Afrikaansche Republiek.
Transvaaluitstalling: 131.
Trichardt, L.: 153.
Trichardt, kmdt. S. P. E.: 111.
Trümpelmann, eerw. G.: 50, 68, 85, 86, 129.
Tshakoma (sendingstasie): 54, 55, 109, 123–126.
Tshivhase: 54, 55, 111, 123, 124, 147.
Tshuaneng (sendingstasie): 45, 46, 63, 64, 162.
Tulloane, P. (evangelis): 91.
Tweede Vryheidsoorlog: 73, 85, 87, 92–101, 104, 112–117, 122–127, 132, 144, 164.

Ulzen (Duitsland): 129.
Umswaz': 26–29, 34, 35.
Umzoet: 32.

Vaalrivier: 53, 73, 94.
Valdezia (sendingstasie): 157.
Va-Tonga: 28, 54, 157.
Van Heyningen, ds. P. A. C.: 11, 12, 26, 29, 40, 152, 153.
Vendaland: 56, 125, 147.
Ventershoek: 87.
Verdoorn, G. J.: 44.
Viljoen, C.: 11.
Volkmarsdorf (Duitsland): 65.
Von Meding, C.: 129.
Von Bethmann Hollweg, M.: 1.
Von Gerlach, genl. L.: 1–3, 17, 29.
Voorouergeeste: 27.
Von Zinsendorf, graaf N. L.: 1.

Wallmann, inspekteur J. C.: 3, 4, 16, 18, 25, 26, 62.
Wallmannsthal (sendingstasie): 4, 62, 63, 83, 100, 101, 105–106, 133, 136, 139, 140, 146.
Walter, eerw. J.: 73, 93.
Wangemann, E.: 78.
Wangemann, J. T.: 5.
Wangemann, direkteur H. T.: 5–8, 17, 18, 20, 22, 23, 29, 41, 43–48, 57, 58, 65, 69, 70, 71, 74, 75, 78, 83, 92, 98, 102–103, 119, 121, 123, 124, 129, 133, 134, 145, 151–156, 162, 163.
Wangemannshöh (sendingstasie): 71.
Warmbad (buitepos): 111.
Warneck, G.: 158.
Waterbergdistrik: 21, 41–44, 46, 65, 67, 112.
Watervalrivier: 87.
Watkins, eerw. O.: 75, 158.
Wesleyaanse Kerk: 22–25, 52, 75, 91, 93, 97, 100, 109, 111, 118, 139, 152, 157–159, 163.
Wessmann, eerw. R.: 124–126, 131.
Westphal, eerw. G.: 125–126.
Wilgeboom (buitepos): 96.
Windvogel: 38, 39.
Winter, eerw. A. W.: 78.
Winter, eerw. J.: 58, 60, 73, 75, 77–79, 82, 83, 85, 88, 92, 115, 129, 146, 158, 159, 162.
Witpoort (buitepos): 96.
Wolseley, sir Garnet: 58, 81.
Wonderboomspoort: 99.
Woyenthin (sendingstasie): 72, 94, 95, 143, 159.
Wupperthal (Duitsland): 3.
Wuras, eerw. C. F.: 17.

Xa Matlala (sendingstasie): 21, 43, 47, 54, 65–68, 111, 114, 115, 117, 121, 155, 162.
Xa Ratau (sendingstasie): 34–41, 48, 84, 135.
Xhosas: 25.

Zoar (sendingstasie): 4.
Zebedeus (evangelis): 41.
Ziekietie: 129, 130.
Zoeloes: 25–27.
Zuid-Afrikaansche Republiek (Transvaal): 4, 9, 10, 16, 17, 25, 28, 31–33, 36, 39, 41, 42, 55, 107, 111, 115, 119, 122, 125, 127, 131, 133, 142–145, 151, 157, 159, 160, 162; sendingbeleid van: 9, 10; verhouding met BSG: 23, 64, 70, 76, 82, 133–145.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

REGISTER VAN VERHANDELINGE GEPUBLISEER IN DIE ARGIEFJAARBOEK VIR SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS TOT OP DATUM

* * *

INDEX OF THESES PUBLISHED IN THE ARCHIVES YEAR BOOK FOR SOUTH AFRICAN HISTORY TO DATE

* * *

Arkin, dr. M.	*John Company at the Cape. A History of the Agency under Pringle (1794–1815), based on a study of the "Cape of Good Hope Factory Records."* (1960/II).
Arkin, dr. M.	*Supplies for Napoleon's Gaolers. John Company and the Cape – St. Helena Trade during the Captivity, 1815–1821.* (1964/I).
Arkin, dr. M.	*Agency and Island. John Company and the Twilight Years of the Cape – St. Helena Trade, 1822–1836.* (1965/I).
Attree, Eileen M.	*The Closer Union Movements between the Orange Free State, South African Republic and Cape Colony (1838–1863).* (1949/I).
Backeberg, dr. H. E. W.	*Die betrekkinge tussen die Suid-Afrikaanse Republiek en Duitsland tot na die Jameson-inval (1852–1896).* (1949/I).
Bakkes, C. M.	*Die Militêre Situasie aan die Benede-Tugela op die Vooraand van die Britse Deurbraak by Pietershoogte (26 Februarie 1900).* (1967/I).
Barnard, B. J.	*'n Lewensbeskrywing van Majoor Henry Douglas Warden.* (1948/I).
Barnard, C. J.	*Robert Jacob Gordon se Loopbaan aan die Kaap.* (1950/I).
Basson, dr. M. A.	*Die Britse Invloed in die Transvaalse Onderwys, 1836–1907.* (1956/II).
Bergh, J. S.	*Die lewe van Charles Pacalt Brownlee tot 1857.* (1981).
Beyers, dr. C.	*Die Groot Trek met betrekking tot ons nasiegroei.* (1941/I).
Beyers, dr. C.	*Laaste Lewensjare en heengaan van President Kruger.* (1941/I).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Beyers, dr. C.	*Die Wapen van die Suid-Afrikaanse Republiek*. (1950/I).
Beyers, dr. C. J.	*Die Indiërvraagstuk in Natal, 1870–1910*. (1971/II).
Blommaert, dr. W.	*Het invoeren van de slavernij aan de Kaap*. (1938/I).
Böeseken, dr. Anna J.	*Die Nederlandse Kommissarisse en die 18de Eeuse Samelewing aan die Kaap*. (1944).
Booyens, dr. B.	*Kerk en Staat, 1795–1843*. (1965/II).
Bosch, D. W.	*The Wilgefontein Settlement, 1880*. (1964/I).
Botha, H. C.	*Die rol van Christoffel J. Brand in Suid-Afrika, 1820–1854*. (1977).
Boucher, M.	*The Frontier and Religion. A Comparative Study of the United States of America and South Africa in the Nineteenth Century*. (1968/II).
Boucher, dr. M.	*The University of the Cape of Good Hope and the University of South Africa, 1873–1946*. (1972/I).
Bradlow, Edna	*The Cape Government Rule of Basutoland, 1871–1883*. (1968/II).
Breitenbach, J. J.	*The Development of the Secretaryship to the Government at the Cape of Good Hope under John Montagu, 1845–1852*. (1959/II).
Breytenbach, J. H.	*Andries Francois du Toit, sy Aandeel in die Transvaalse Geskiedenis*. (1942/II).
Campbell, dr. W. B.	*The South African Frontier, 1865–1885. A Study in Expansion*. (1959/I).
Cilliers, J. H.	*Die Slag van Spioenkop (24 Jan. 1900)*. (1960/II).
Cloete, dr. J. J. N.	*Die Ontstaan en Ontwikkeling van die Munisipale Bestuur en Administrasie van Pretoria tot 1910*. (1960/I).
Coetzee, C. G.	*Die Kompanjie se besetting van Delagoabaai*. (1948/II).
Cory, sir Geo. E.	*The Rise of South Africa, Vol. VI, Chapters One to Six*. (1939/I).
Davey, A. M.	*The Siege of Pretoria, 1880–1881*. (1956/I).
Davies, Joan	*Palgrave and Damaraland*. (1942/II).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

De Kock, dr. W. J.	*Ekstra-Territoriale Vraagstukke van die Kaapse Regering, 1872–1885.* (1948/I).
De Vaal, dr. J. B.	*Die Rol van Jaoa Albasini in die Geskiedenis van die Transvaal.* (1953/I).
De Villiers, C. J.	*Die Britse Vloot aan die Kaap, 1795–1803.* (1969/I).
De Villiers, J.	*Hottentot-regimente aan die Kaap, 1781–1806.* (1970/II).
Dicke, B. H.	*The Northern Transvaal Voortrekkers.* (1941/I).
Diehl, H. H.	*Carl Hugo Hahn in Suidwes-Afrika, 1842–1872.* (1980/II).
Duminy, A. H.	*The Role of Sir Andries Stockenström in Cape Politics, 1848–1856.* (1960/II).
Du Plessis, dr. A. J.	*Die Republiek Natalia.* (1942/I).
Du Plessis, dr. J. S.	*Die Ontstaan en Ontwikkeling van die Amp van die Staatspresident in die Zuid-Afrikaansche Republiek (1858–1902).* (1955/I).
Du Toit, dr. A. E.	*The Cape Frontier: A study of Native Policy with special reference to the years 1847–1866.* (1954/I).
Duvenage, G. D. J.	*Willem Hendrik Jacobsz se rol in die Onafhanklikheid- en Eenheidstrewe van die Voortrekkers op die Hoëveld (1847–1852).* (1956/I).
Eloff, C. C.	*Die verhouding tussen die Oranje-Vrystaat en Basoetoland, 1878–1884.* (1980/II).
Forbes, V. S.	*Beutler's Expedition into the Eastern Cape, 1752.* (1953/I).
Fourie, J. J.	*Die koms van die Bantoe na die Rand en hulle posisie aldaar, 1886–1899.* (1979/I).
Fourie, P. C.	*Die Administrasie van die Oranje-Vrystaat tot 1859.* (1963/II).
Franken, dr. J. L. M.	*'n Kaapse Huishoue in die 18de Eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal.* (1940/I).
Franken, dr. J. L. M.	*Die Hugenote aan die Kaap.* (1978).
Fryer, dr. A. K.	*The Government of the Cape of Good Hope, 1825–1854: The Age of Imperial Reform.* (1964/I).
Garson, N. G.	*The Swaziland Question and a Road to the Sea (1887–1895).* (1957/II).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gericke, F. W.	*Die Ontwikkeling van Pos- en Telegraafwese in die Oranje-Vrystaat, 1854–1886*. (1971/II).
Geyser, dr. O.	*Die Bantoebeleid van Theophilis Shepstone, 1865–1875*. (1968/I).
Giliomee, H. B.	*Die Administrasietydperk van Lord Caledon (1807–1811)*. (1966/II).
Grimsehl, H. W.	*Onluste in Modjadjiland, 1890–1894*. (1955/II).
Grobbelaar, dr. J. J. G.	*Die Vrystaatse Republiek en die Basoeto-vraagstuk*. (1939/II).
Grundlingh, dr. M. A. S.	*The Parliament of the Cape of Good Hope with special reference to party politics, 1872–1910*. (1969/II).
Harington, A. L.	*The Graham's Town Journal and the Great Trek, 1834–1843*. (1969/II).
Hattingh, J. L.	*Die Irenekonsentrasiekamp*. (1967/I).
Heyns, H. A.	*Die Kerklike Werksaamhede van Abraham Faure*. (1950/I).
Hoge, dr. J.	*Die Geskiedenis van die Lutherse Kerk aan die Kaap*. (1938/II).
Hoge, dr. J.	*Personalia of the Germans at the Cape, 1652–1806*. (1946).
Hugo, dr. Maria	*Die Stemregvraagstuk in die Zuid-Afrikaansche Republiek*. (1947).
Hunt, K. S.	*The Development of Municipal Government in the Eastern Province of the Cape of Good Hope, with special reference to Grahamstown (1827–1862)*. (1961).
Jacobs, D. J.	*Landbou en Veeteelt in die Oranje-Vrystaat, 1864–88*. (1969/I)
Jacobs, dr. D. S.	*Abraham Fischer in sy Tydperk (1850–1913)*. (1965/II).
Kistner, dr. W.	*The anti-slavery agitation against the Transvaal Republic, 1852–1868*. (1952/II).
Koeman, Ir. C.	*Landgiften uit de eerste helft van de XVIIIe eeuw op een manuscriptkaart uit het archief der V.O.C.* (1955/II).
Kotze, D. J.	*Die Eerste Amerikaanse Sendelinge onder die Matabeles*. (1950/I).
Kotze, dr. D. J.	*Die Eerste Amerikaanse Sendelinge onder die Zoeloes (1835–38)*. (1958/I).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kriel, J. D.	*Die verhouding tussen Kerk en Staat in die Republiek van die Oranje-Vrystaat (1854–1902).* (1953/I).
Krüger, dr. D. W.	*Die Weg na die See.* (1938/I).
Le Cordeur, B. A.	*Robert Godlonton as Architect of Frontier Opinion (1850–1857).* (1959/II).
Le Cordeur, dr. B. A.	*The Relations between the Cape and Natal (1846–1879).* (1965/I).
Leverton, B. J. T.	*Government Finance and Political Development in the Cape (1806–1834).* (1961).
Leverton, dr. B. J. T.	*Government Finance and Political Development in Natal, 1843–1893.* (1970/I).
Lewsen, Phyllis	*The First Crisis in Responsible Government in the Cape Colony.* (1942/II).
Lombard, P. J.	*Die Stigting en Vroeë Geskiedenis van Queenstown, 1853–1859.* (1952/II).
Longland, H. D.	*Die Geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Colesberg, 1825–1875.* (1967/I).
Mackenzie, N. H.	*South African Travel Literature in the Seventeenth Century.* (1955/II).
Malan, S. F.	*Die rol van J. Geo. Fraser in die Vrystaat, 1863–1927.* (1974).
Marais, A. H.	*Die Ontstaan en Ontwikkeling van Partypolitiek in die Oranjerivier-Kolonie, 1902–1912.* (1970/II).
Marais, Maria M.	*Armesorg aan die Kaap onder die Kompanjie, 1652–1795.* (1943).
Midgley, dr. J. F.	*The Orange River Sovereignty, 1848–1854.* (1949/II).
Moll, dr. J. C.	*Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje-Vrystaat.* (1973).
Mossop, dr. E. E.	*Lives of the earlier Krugers told in a revised genealogical table.* (1947).
Mouton, dr. J. A.	*Genl. Piet Joubert in die Geskiedenis van Transvaal.* (1957/I).
Muller, C. F. J.	*Die Geskiedenis van die Vissery aan die Kaap tot aan die middel van die Agtiende Eeu.* (1942/I).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Naidoo, B.	*David Dale Buchanan as Editor of the Natal Witness, 1846–1856*. (1977).
Naude, S. D.	*Willem Cornelis Boers*. (1950/II).
Nel, H. F.	*Die Britse Verowering van die Kaap in 1795*. (1972/II).
Nobbs, dr. E. A.	*A Note on the History of the Karakul Breed of Sheep in South West Africa*. (1942/II).
Nobbs, dr. E. A.	*William Duckitt's Diary*. (1942/II).
Nöthling, dr. F. J.	*Die Vestiging van Gekleurdes in en om Pretoria, 1900–1915*. (1982/1).
Oberholster, dr. J. J.	*Die Anneksasie van Griekwaland-Wes*. (1945).
Pachai, B.	*The History of the "Indian Opinion" (1903–1914)*. (1961).
Park, Margaret	*The History of Early Verulam, 1850–1860*. (1953/II).
Pieterse, D. J.	*Transvaal en Britse Susereiniteit, 1881–1884*. (1940/I).
Pieterse, dr. D. J.	*Die Geskiedenis van die Mynindustrie in Transvaal, 1836–1886*. (1943).
Ploeger, dr. J.	*Onderwys en Onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S. J. du Toit en dr. N. Mansveldt (1881–1900)*. (1952/I).
Potgieter, dr. F. J.	*Die Vestiging van die Blanke in Transvaal (1837–86) met spesiale verwysing na die verhouding tussen die mens en die omgewing*. (1958/II).
Reynecke, G. J.	*Utrecht in die Geskiedenis van die Transvaal tot 1877*. (1958/II).
Reynolds, R. D.	*The Struggle against the Introduction of Convict and reformatory Labour into Natal*. (1967/II).
Roberts, Prof. M.	*Lord Charles Somerset and the "Beaufort Influence"*. (1951/II).
Rossouw, P. J.	*Die Arbeidskolonie Kakamas*. (1951/II).
Saunders, dr. C. C.	*The Annexation of the Transkeian Territories, 1872–1895*. (1976).
Scholtz, dr. P. L.	*Die Historiese Ontwikkeling van die Onder-Olifantsrivier (1660–1902): 'n Geskiedenis van die Distrik Vanrhynsdorp*. (1966/II).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Schutte, C. E. G.	*Dr. John Phillip's Observations regarding the Hottentots of South Africa*. (1940/I).
Smith, K. W.	*The Campaigns against the Bapedi of Sekhukhune, 1877–1879*. (1967/II).
Snyman, J. H.	*Rebelle-verhoor in Kaapland gedurende die Tweede-Vryheidsoorlog met Spesiale Verwysing na die Militêre Howe (1899–1902)*. (1962).
Snyman, dr. J. H.	*Die Afrikaner in Kaapland, 1899–1902*. (1979/II).
Spoelstra, B.	*Die Bewindsaanvaarding van die Botha-regering oor Transvaal as Selfregerende Britse Kolonie in 1907*. (1953/II).
Stals, E. L. P.	*Die Geskiedenis van die Beesteelt in Suidwes-Afrika tydens die Duitse tydperk (1884–1915)*. (1962).
Stals, dr. E. L. P.	*Die aanraking tussen Blankes en Ovambo's in Suidwes-Afrika, 1850–1915*. (1968/II).
Stals, W. A.	*Die Kwessie van Naturelle-eiendomsreg op Grond in Transvaal, 1838–1884*. (1972/II).
Stander, dr. H.	*Die verhouding tussen die Boere en Zoeloe tot die dood van Mpande in 1872*. (1964/II).
Stead, J. L.	*The Development and Failure of the Eastern Cape Separatist Movement*. (1982/11).
Thompson, L. M.	*Indian Immigration into Natal, 1860–1872*. (1952/II).
Trümpelmann, dr. G. P. J.	*Die Boer in Suidwes- Afrika*. (1948/II).
Van Aswegen, dr. H. J.	*Die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranje-Vrystaat, 1854–1902*. (1971/I).
Van den Bergh, dr. G. N.	*Die Polisiediens in die Zuid-Afrikaansche Republiek*. (1975).
Van der Merwe, dr. D. W.	*Die Geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal, 1860–1900*. (1983/1).
Van der Poel, J.	*Basutoland as a Factor in South African Politics (1852–1870)*. (1949/I).
Van der Schyff, E. P.	*Maatskaplike Versorging deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Kaapstad, 1795–1843*. (1972/II).
Van der Vyver, W. B.	*Die Geskiedenis van die Stellenbosse Gemeente (1800–1830)*. (1958/I).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Van der Walt, dr. H. R. — *Die Suid-Afrikaanse Republiek in die Britse Buitelandse en Koloniale Beleid (1881–1899)*. (1963/I).

Van der Westhuizen, dr. W. S. — *Onderwys onder die Algemene Skoolkommissie: die Periode 1804–39*. (1953/II).

Van Heerden, dr. J. J. — *Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek*. (1964/II).

Van Heyningen, E. B. — *The relations between Sir Alfred Milner and W. P. Schreiner's Ministry, 1898–1900*. (1976).

Van Jaarsveld, F. A. — *Die Veldkornet en sy aandeel in die opbou van die Suid-Afrikaanse Republiek tot 1870*. (1950/II).

Van Niekerk, dr. L. E. — *Dr. W. J. Leyds as Gesant van die Zuid-Afrikaansche Republiek*. (1980/I).

Van Niekerk, M. — *Adolf Schiel en die Duitse Kommando*. (1951/II).

Van Rensburg, A. P. J. — *Die Rol deur Landdroste, Vrederegters en Veldkornette in die distrik Bloemfontein vanaf 1854–1880 gespeel.* (1954/II).

Van Rensburg, dr. A. P. J. — *Die Ekonomiese Herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-Kolonie, 1902–1907*. (1967/II).

Van Rensburg, J. I. J. — *Die Geskiedenis van die Wingerdkultuur in Suid-Afrika tydens die Eerste Eeu, 1652–1752*. (1954/II).

Van Rooyen, T. S. — *Die Sendeling Alexander Merensky in die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1859–1882*. (1954/II).

Van Rooyen, dr. T. S. — *Die Verhoudinge tussen die Boere, Engelse en Naturelle in die Geskiedenis van die Oos-Transvaal tot 1882*. (1951/I).

Van Schoor, M. C. E. — *Politieke Groeperinge in Transgariep*. (1950/II).

Van Schoor, dr. M. C. E. — *Die Nasionale en Politieke Bewuswording van die Afrikaner in Migrasie en sy Ontluiking in Transgariep tot 1854*. (1963/II).

Van Wyk, A. J. — *Dinuzulu en die Usutu-opstand van 1888*. (1979/I).

Van Zyl, D. J. — *Die Geskiedenis van die Graanbou, 1795–1826*. (1968/I).

Van Zyl, M. C. — *Luitenant-goewerneur Martin West en die Natalse Voortrekkers*. (1955/II).

Van Zyl, dr. M. C. — *Die Uitbreiding van Britse Gesag oor die Natalse Noordgrensgebiede (1879–1897)*. (1966/I).

Venter, P. J. — *The Destruction of Records in South Africa*. (1938/I).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Venter, dr. P. J.	*Landdros en Heemrade (1682–1827).* (1940/II).
Venter, dr. P. J.	*The Control of Modern Departmental Records and their Relation to the Archives.* (1941/I).
Venter, dr. P. J.	*An Early Botanist and Conservationist at the Cape, The Reverend John Croumbie Brown, LL.D., F.R.G.S., F.L.S.* (1952/II).
Venter, W. A.	*Die Geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Bloemfontein gedurende die Pioniersjare (1848–1880).* (1962).
Vermooten, dr. F.	*Transvaal en die Totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika.* (1957/II).
Visagie, J. C.	*Willem Fredrik Hertzog, 1792–1847.* (1974).
Wagenaar, E. J. C.	*A forgotten Frontier Zone – Settlement and Reactions in the Stormberg Area between 1820–60.* (1982/11).
Wichmann, dr. F. A. F.	*Die Wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1838–1860.* (1941/II).
Wilde, dr. R. H.	*Joseph Chamberlain and the South African Republic, 1895–1899.* (1956/I).
Young, dr. L. M.	*The Native Policy of Benjamin Pine in Natal, 1850–1855.* (1951/II).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026